# DIE GROOT STRYD

## Ellen G White

## 1911

**Kopiereg © 2017**
**Ellen G White Estate Inc**

# Voorwoord

Hierdie boek, geagte leser, is nie uitgegee om ons te vertel dat daar sonde, wee en ellende in die wêreld is nie. Ons weet dit maar alte goed. Hierdie boek is ook nie uitgegee om ons mee te deel dat daar 'n onversoenbare stryd tussen duisternis en lig, sonde en geregtigheid, verkeerd en reg, dood en lewe is nie. In die diepte van ons wese weet ons dit en ons weet dat ons deelnemers, akteurs, in die stryd is.

Maar by elkeen van ons is daar soms 'n verlange om meer van die groot stryd te wete te kom. Hoe het dit begin? Of was dit maar altyd daar? Watter elemente is by hierdie uiters komplekse aspek betrokke? Hoe is ek daaraan verwant? Wat is my verantwoordelikheid? Ek bevind myself in hierdie wêreld deur geen keuse van my eie nie. Hou dit vir my goed of kwaad in?

Wat is die belangrikste beginsels hierby betrokke? Hoe lank sal die stryd voortduur? Wat sal die einde daarvan wees? Sal hierdie aarde, soos sommige wetenskaplikes beweer, in die dieptes van 'n sonlose, bevrore, ewige nag wegsink? Of wag daar 'n beter toekoms?

Die vraag gaan nog dieper: Hoe kan die stryd in my eie hart, die stryd tussen die instroom van selfsug en uitgaande liefde, in die oorwinning van die goeie en vir ewig besleg word? Wat sê die Bybel? Wat wil God ons aangaande hierdie vraag van ewige belang leer?

Dit is die doel van hierdie boek, leser, om die verontruste siel te help met die regte oplossing vir al hierdie vraagstukke. Dit is geskryf deur iemand wat gevind het dat God goed is en wat in gemeenskap met God en die bestudering van sy Woord gevind het dat die verborgenheid van die Here met diegene is wat Hom vrees en dat Hy Sy verbond aan hulle sal openbaar.

Sodat ons die beginsels van hierdie allerbelangrikste stryd waarin die lewe van 'n heelal betrokke is, beter kan verstaan, het die skryfster aan ons die groot konkrete voorwerplesse van die afgelope twintig eeue voorgelê.

Die boek begin met die tragiese slottonele van die geskiedenis van Jerusalem, die stad van God se uitverkore volk, na hulle verwerping van die Man van Golgota, wat gekom het om hulle te verlos. Vandaar verder, op die groot snelweg van die nasies en beskryf dit die vervolging van God se kinders in die eerste eeue; die groot afvalligheid wat in Sy kerk gevolg het, die wêreld-ontwaking deur die hervorming waarin sommige van die groot beginsels van die stryd duidelik geblyk het; die skrikwekkende les van die verwerping van regte beginsels deur Frankryk; die herlewing en die verheffing van die Skrif en die weldadige, lewensreddende invloed daarvan; die godsdienstige ontwaking van die laaste dae; die stralende fontein van God se Woord ontseël, met sy wonderlike openbarings van lig en kennis om die dreigende uitborreling van die bron van elke dwaling van die duisternis te konfronteer.

Die huidige dreigende konflik, met die belangrike beginsels daaraan verbonde, waarin niemand neutraal kan wees nie, word eenvoudig, duidelik en kragtig uiteengesit.

Laastens, word ons vertel van die ewige en heerlike oorwinning van goed oor kwaad, reg oor verkeerd, lig oor duisternis, vreugde oor droefheid, hoop oor wanhoop, heerlikheid oor skande, lewe oor dood en ewige, lankmoedige liefde oor wraaksugtige haat.

Vanaf die eerste uitgawe (1888), gevolg deur 'n hersiene weergawe van die skryfster (1911), het hierdie uitmuntende werk wêreldwye sirkulasie behaal, deur baie uitgawes en vertalings. Die leser sal agterkom dat die outeur openhartig en kragtig skryf, foute uitwys en oplossings wat op die onfeilbare Woord van God gebaseer is voorstel. En hoewel daar die afgelope paar dekades verskuiwings en aanpassings in die sosiaal-godsdienstige wêreld plaasgevind het, behou die hooftema en die toekomstige projeksies wat in hierdie boek aangebied word, die volle tydigheid en absorberende belangstelling.

Voormalige uitgawes van hierdie boek het al baie siele na die Ware Herder gebring; en dit is die gebed van die uitgewers dat hierdie uitgawe nog meer vrugbaar tot ewige deug mag wees.

Die Uitgewers

# Inleiding

Voor die sondeval het Adam regstreekse gemeenskap met sy Skepper geniet; maar sedert die mens homself deur oortreding van God geskei het, is hy van hierdie groot voorreg afgesny. Deur die verlossingsplan is daar egter 'n weg geopen waardeur die bewoners van die aarde steeds verbinding met die hemel kon hê. God het deur Sy Heilige Gees met mense gekommunikeer en Goddelike lig is aan die wêreld deur openbarings aan Sy uitverkore dienaars gegee. “Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Pet 1:21).

Gedurende die eerste tweeduisend-vyfhonderd jaar van die mensegeskiedenis, was daar geen skriftelike openbaring nie. Diegene wat deur God geleer is, het hul kennis aan ander meegedeel en dit is deur die opeenvolgende geslagte van vader na seun oorgedra. Die voorbereiding van die geskrewe woord het in die tyd van Moses begin. Geïnspireerde openbarings is toe in 'n geïnspireerde boek vervat. Hierdie werk het gedurende die lang periode van sestienhonderd jaar, vanaf Moses, die geskiedskrywer van die skepping en die wet, tot Johannes, die skrywer van die mees verhewe waarhede van die evangelie, voortgeduur.

Die Bybel verwys na God as die Outeur; tog is dit deur mensehande geskrywe; en in die afwisselende styl van die verskillende boeke word die karaktereienskappe van verskeie skrywers geopenbaar. Hierdie waarhede is almal “...deur God ingegee..." (2 Tim 3:16); tog is dit in die woorde van mense uitgedruk. Die Oneindige het, deur Sy Heilige Gees, lig in die gedagtes en harte van Sy dienaars gewerp. Hy het drome en visioene, simbole en figure gegee; en diegene aan wie die waarheid aldus geopenbaar is, het self die gedagte in mensetaal vergestalt.

Die tien gebooie is deur God self gespreek en met Sy eie hand geskryf. Hulle is van Goddelike en nie van menslike samestelling nie. Maar die Bybel, met sy Godgegewe waarhede in die taal van mense uitgedruk, bied 'n samesmelting van die Goddelike en die menslike. Hierdie eenheid bestaan in die natuur van Christus, wat die Seun van

God en ook die Seun van die mens was. Dit is dus net so waar van die Bybel, soos van Christus: “Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon" (Joh 1:14).

In verskillende eeue geskryf, is die boeke van die Bybel deur mense wat grootliks in rang en beroep, sowel as in verstandelike en geestelike gawes verskil, geskryf en bied 'n wye kontras in styl, sowel as 'n verskeidenheid in die aard van die onderwerpe. Verskillende vorms van uitdrukking word deur verskillende skrywers gebruik; dieselfde waarheid word dikwels meer opvallend deur die een as deur die ander aangebied. En aangesien verskeie skrywers 'n onderwerp onder uiteenlopende aspekte en verhoudings aanbied, mag dit vir die oppervlakkige, onverskillige, of bevooroordeelde leser as foutief of teenstrydig voorkom, waar die bedagsame, eerbiedige student met duideliker insig, die onderliggende harmonie sal onderskei.

Soos dit deur verskillende individue aangebied word, word die waarheid in sy uiteenlopende aspekte na vore gebring. Een skrywer word sterker deur een fase van die onderwerp aangegryp; hy begryp die punte wat met sy eie ervaring of met sy vermoë van persepsie en waardering ooreenstem; 'n ander word deur 'n ander fase aangegryp; en elkeen, onder leiding van die Heilige Gees, bied dít aan wat die treffendste indruk op sy gemoed maak – 'n verskillende aspek van die waarheid in elkeen, maar in perfekte harmonie met almal. En die waarhede wat so geopenbaar word, verenig in 'n volmaakte geheel en word aangepas om in die behoeftes van mense in alle omstandighede en ervaring van die lewe te voldoen.

Dit het God behaag om Sy waarheid aan die wêreld deur menslike middelaars te kommunikeer en Hyself, deur Sy Heilige Gees, het mense gekwalifiseer en in staat gestel om hierdie werk te verrig. Hy het die denke in die keuse van wat om te sê en wat om te skryf gelei. Hoewel hierdie skat aan aardse wesens toevertrou is, is dit nieteenstaande van die hemel afkomstig. Die getuienis word deur die onvolmaakte taal van mense oorgedra, maar tog is dit die getuienis van God; en die gehoorsame, gelowige kind van God sien die heerlikheid van Goddelike krag daarin, vol genade en waarheid.

In Sy woord, het God die nodige kennis vir redding aan mense, toegewy. Die Heilige Skrif moet as die gesaghebbende, onfeilbare openbaring van Sy wil aanvaar word. Dit is die maatstaf van karakter, die openbaarmaking van leerstellings en die toets van ervaring. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim 3:16,17).

Tog het die feit dat God Sy wil deur Sy Woord aan die mens geopenbaar het, nie die voortgesette teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees onklaar gemaak nie. Inteendeel, die Gees is deur ons Verlosser belowe om die Woord aan Sy dienaars te openbaar en die leerstellings daarvan toe te lig en toe te pas. En aangesien die Bybel deur die Gees van God geïnspireer is, is dit onmoontlik vir die lering van die Gees om ooit in stryd met die Woord te wees.

Die Gees is nie gegee nie en kan ook nooit gegee word, om die Bybel te vervang nie; want die Skrif sê uitdruklik dat die Woord van God die maatstaf is waarvolgens alle onderrig en ervaring getoets moet word. Die apostel Johannes sê: “...glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.” (1 Joh 4:1). En Jesaja verklaar: “Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.”(Jes. 8:20).

Groot oneer, deur die dwaling van 'n klas wat beweer dat hulle geen verdere leiding uit die woord van God nodig het nie, is op die werk van die Heilige Gees gewerp. Hulle word deur indrukke wat hulle as die stem van God in die siel beskou, gelei. Maar die gees wat hulle beheer is nie die Gees van God nie. Hierdie navolging van indrukke tot die verwaarlosing van die Skrifte, kan slegs tot verwarring, misleiding en vernietiging lei. Dit dien slegs om die oogmerke van Satan te bevorder. Aangesien die bediening van die Heilige Gees van kardinale belang vir die kerk van Christus is, is dit een van die instrumente van Satan om, deur die dwalinge van ekstremiste en fanatici, minagting op die werk van die Gees te werp en te veroorsaak dat die volk van God hierdie Bron van krag wat ons Here self voorsien het, te verwaarloos.

In ooreenstemming met die woord van God, moes Sy gees gedurende die volle periode van die bediening van die evangelie met die werk voortgaan. Gedurende die eeue, waartydens die Skrifte van beide die Ou- en Nuwe Testament gegee is, het die Heilige Gees nie opgehou om lig aan die individuele denke oor te dra nie, uitgesonderd die openbarings wat in die Heilige Kanon vervat moes word. Die Bybel vertel self hoe mense deur die Heilige Gees waarskuwing, teregwysing, raad en onderrig ontvang het in sake wat geensins verband hou met die gee van die Skrif nie. En daar word van profete in verskillende eeue melding gemaak, van wie se uitsprake daar niks opgeteken is nie. Net so moes die Heilige Gees na die afsluiting van die kanon van die Skrif, steeds met Sy werk voortgaan om die kinders van God te verlig, te waarsku en te vertroos.

Jesus het Sy dissipels belowe: “Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei ... en die toekomstige dinge aan julle verkondig." (Joh 14:26;16:13). Die Skrif leer duidelik dat hierdie beloftes nie tot die apostoliese era beperk was nie, maar van toepassing is op die kerk van Christus in alle eeue. Die Heiland het Sy volgelinge verseker: “Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matt 28:20). En Paulus verklaar dat die gawes en openbaringe van die Gees in die kerk opgestel is “...om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man en die mate van die volle grootte van Christus." (Ef 4:12,13).

Vir die gelowiges in Éfese het die apostel gebid: “…dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van Sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van Sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van Sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van Sy sterkte.” (Ef 1:17-19). Dit was dus die seën wat Paulus vir die gemeente in Éfese gesmeek het, die bediening van die Goddelike Gees om die begrip te verlig en die diep dinge van God se heilige Woord oop te maak.

Na die wonderbaarlike manifestasie van die Heilige Gees op Pinksterdag het Petrus, die mense vermaan om hulle te bekeer en hulle in die naam van Christus te laat doop, vir die kwytskelding van sondes en gesê: “En julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom toe sal roep." (Hand 2:38,39).

In regstreekse verband met die tonele van die groot dag van God, het die Here deur die profeet Joël, 'n spesiale manifestasie van Sy Gees belowe (sien Joël 2:28). Hierdie profesie is gedeeltelik met die uitstorting van die Gees op Pinksterdag vervul; maar dit sal ten volle vervul word in die openbaring van Goddelike genade met die sluiting van die werk van die evangelie.

Die groot stryd tussen goed en kwaad sal tot aan die einde van tyd in intensiteit toeneem. Die toorn van Satan is deur al die eeue heen teen die kerk van Christus geopenbaar; en God het Sy genade en Gees aan Sy volk geskenk om hulle te versterk om teen die mag van die bose staande te bly. Toe die apostels van Christus Sy evangelie aan die wêreld moes oordra en vir alle toekomstige eeue moes opteken, is hulle spesiaal met die lig van die Gees bedeel. Maar namate die kerk haar finale bevryding nader, sal Satan met groter krag werk. Hy sal “...na julle [neerdaal] met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.” (Openb 12:12). Hy sal “...met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen...” werk. (2 Tes 2:9). Vir sesduisend jaar is hierdie meesterbrein, wat eens die hoof van die engele van God was, ten volle op die bewerking van misleiding en ondergang ingestel wees. En al die dieptes van die sataniese vaardigheid en subtiliteit wat verwerf is, al die wreedhede wat gedurende hierdie stryd van die eeue ontwikkel is, sal in die finale konflik teen God se volk te berde gebring word. En in hierdie tyd van gevaar moet die volgelinge van Christus die waarskuwing van die Here se tweede koms aan die wêreld oordra; en 'n volk moet voorbereid wees om met Sy koms “...vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind ... word.” (2 Pet 3:14). Die spesiale skenking van Goddelike genade en krag vir die kerk word nie minder in hierdie tyd as in die apostoliese era benodig nie.

Die tonele van die langdurige stryd tussen goed en kwaad is deur die lig van die Heilige Gees, aan die skryfster van hierdie bladsye geopenbaar. Van tyd tot tyd was ek toegelaat om die werking van die groot stryd tussen Christus, die Vors van die lewe en die Outeur van ons redding, in die verskillende eeue en Satan, die vors van die bose en die outeur van die sonde, die eerste oortreder van God se heilige wet te aanskou. Satan openbaar sy vyandigheid teenoor Christus teen Sy volgelinge. Dieselfde haat vir die beginsels van God se wet, dieselfde beleid van misleiding wat dwaling as waarheid laat voorkom, waardeur God se wet met menslike wette vervang word en mense gelei word om die skepsel eerder as die Skepper te aanbid, kan in die geskiedenis van die verlede nagespoor word. Satan se pogings om te veroorsaak dat mense 'n wanvoorstelling van die karakter van God koester en Hom aldus eerder met vrees en haat as met liefde beskou, sy pogings om die Goddelike wet ter syde te stel en die mense onder die indruk te bring dat hulle vry van die vereistes daarvan is en sy vervolging van diegene wat dit waag om sy misleiding te weerstaan, is onwrikbaar deur al die eeue heen gevolg. Dit kan in die geskiedenis van die aartsvaders, profete en apostels, van martelare en hervormers, nagespeur word.

In hierdie groot, finale stryd, sal Satan dieselfde beleid volg, dieselfde gees openbaar en dieselfde doel nastreef as in alle voorafgaande eeue. Dit wat was, sal weer wees, behalwe dat die komende stryd gekenmerk sal word met 'n vreeswekkende intensiteit soos die wêreld nog nooit ervaar het nie. Satan se misleidings sal meer subtiel wees en sy aanvalle meer vasberade, "...om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei." (Mark 13:22).

Namate die Gees van God die groot waarhede van Sy Woord en die tonele van die verlede en die toekoms aan my geopenbaar het, is ek gelas om dit wat geopenbaar is aan ander bekend te maak – om die geskiedenis van die stryd in vorige eeue na te speur en dit veral aan te bied om lig op die vinnig-naderende stryd van die toekoms te werp. Om hierdie doel te bereik, het ek gepoog om gebeure in die geskiedenis van die kerk op so 'n wyse te selekteer en saam te groepeer, dat dit die ontplooiing van die groot toetse van waarheid wat in verskillende tydperke aan die wêreld gegee is, wat die toorn van Satan en die

vyandskap van 'n wêreld-liefhebbende kerk ontketen het en wat deur die getuienis van diegene wat "...tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie..." (Openb 12:11) gehandhaaf word, na te speur.

In hierdie verslae, kan ons 'n voorafskaduwing van die stryd voor ons sien. Deur hulle in die lig van God se Woord en in die lig van Sy Heilige Gees te aanskou, kan ons die listigheid van die Bose sien, asook die gevare wat diegene, wat onberispelik voor die Here tydens Sy koms wil staan, moet vermy.

Die groot gebeure wat die vooruitgang van hervorming in die afgelope eeue gekenmerk het, is bekende geskiedenis, wat algemeen deur die Protestantse wêreld erken word; dit is feite wat niemand kan betwis nie. Hierdie geskiedenis het ek kortliks, in ooreenstemming met die omvang van hierdie boek en met die bondigheid wat noodwendig in ag geneem moet word deur die feite in so min moontlik ruimte, konsekwent met 'n behoorlike verstaan van hul toepassing saam te vat. In sommige gevalle waar die geskiedskrywer die feite so gegroepeer het dat hy kortliks, 'n omvattende oorsig van die onderwerp kon bied, of die gegewens op 'n gerieflike wyse saamgevat het, word sy woorde aangehaal; maar in sommige gevalle is geen spesifieke krediet verleen nie, omdat die woorde nie aangehaal is om daardie skrywer as gesag te siteer nie, maar omdat sy verklaring 'n gepaste en kragdadige aanbieding van die onderwerp bied. In die beskrywing van die ervarings en sienings van diegene wat die werk van hervorming in ons tyd voortsit, is soortgelyke gebruik van hul gepubliseerde werke gemaak.

Dit is nie soseer die doel van hierdie boek om nuwe waarhede aangaande die stryd van vroeëre tydperke aan te bied nie, as om feite en beginsels na vore te bring wat op toekomstige gebeure betrekking het. Maar, beskou as deel van die stryd tussen die magte van lig en duisternis, word 'n nuwe betekenis aan al hierdie verslae van die verlede verleen en deur hulle word daar lig op die toekoms gewerp, wat die weg van diegene verlig wat, soos die hervormers van die verlede, geroep sal word om selfs teen die grootste gevaar te getuig vir die "...Woord van God en die getuienis van Jesus Christus."

Die doel van hierdie boek is om die tonele van die groot stryd tussen waarheid en dwaling te ontvou; om die listigheid van Satan en die wyse

waarop hy suksesvol weerstaan kan word te openbaar; om 'n bevredigende oplossing vir die groot probleem van boosheid aan te bied, deur só 'n lig op die oorsprong en die uiteindelike gesindheid van sonde te werp, om die welwillendheid van God in al Sy handelinge met Sy skepsels ten volle te openbaar; en om die heilige, onveranderlike aard van Sy wet te toon. Die ernstige gebed van die skryfster, is dat siele deur die invloed hiervan uit die mag van duisternis verlos mag word "...om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig..." tot lof van Hom wat ons liefgehad het en Homself vir ons gegee het.

EGW

# Inhoud


Voorwoord ........................................................................ (i)
Inleiding ........................................................................ (iii)
Hoofstuk 1 - Vernietiging van Jerusalem ........................................ 1
Hoofstuk 2 - Vervolging in die Eerste Eeue ...................................... 24
Hoofstuk 3 - 'n Tydperk van Geestelike Duisternis .......................... 35
Hoofstuk 4 - Die Waldense ........................................................ 48
Hoofstuk 5 - John Wycliffe ........................................................ 67
Hoofstuk 6 - Huss en Hieronymus ................................................ 86
Hoofstuk 7 - Luther se Skeiding van Rome .................................. 112
Hoofstuk 8 - Luther Voor die Ryksdag ........................................ 140
Hoofstuk 9 - Die Switserse hervormer ........................................ 168
Hoofstuk 10 - Vooruitgang van die Hervorming in Duitsland .......... 183
Hoofstuk 11 - Protes van die Vorste ............................................ 196
Hoofstuk 12 - Die Franse Hervorming .......................................... 212
Hoofstuk 13 - Nederland en Skandinawië ..................................... 242
Hoofstuk 14 - Latere Engelse hervormers .................................... 251
Hoofstuk 15 - Die Bybel en die Franse Revolusie ........................... 273
Hoofstuk 16 - Die Pelgrimvaders ................................................ 299
Hoofstuk 17 - Tekens van die Wederkoms .................................... 311
Hoofstuk 18 - 'n Amerikaanse hervormer ...................................... 330
Hoofstuk 19 - Lig in die Duisternis .............................................. 358
Hoofstuk 20 - 'n Groot Godsdienstige Ontwaking ........................... 371
Hoofstuk 21 - Waarskuwing Verwerp ........................................... 393
Hoofstuk 22 - Profesieë Vervul .................................................. 411
Hoofstuk 23 - Wat is die Heiligdom? ........................................... 431
Hoofstuk 24 - In die Allerheiligste .............................................. 446
Hoofstuk 25 - God se Onveranderlike Wet .................................... 456
Hoofstuk 26 - 'n Werk van Hervorming ........................................ 475
Hoofstuk 27 - Hedendaagse Herlewings ........................................ 486
Hoofstuk 28 - Die Ondersoekende Oordeel .................................... 505
Hoofstuk 29 - Die Oorsprong van Boosheid ................................... 519
Hoofstuk 30 - Vyandskap Tussen die Mens en Satan ....................... 533
Hoofstuk 31 - Werkinge van Bose Geeste ...................................... 540
Hoofstuk 32 - Strikke van Satan .................................................. 547

Hoofstuk 33 - Die Eerste Groot Misleiding .................................... 561
Hoofstuk 34 - Kan die Afgestorwenes met ons Kommunikeer? ...... 583
Hoofstuk 35 - Gewetensvryheid Bedreig ....................................... 595
Hoofstuk 36 - Dreigende Konflik .................................................. 616
Hoofstuk 37 - Die Skrif as Beskerming .......................................... 628
Hoofstuk 38 - Die Finale Waarskuwing .......................................... 638
Hoofstuk 39 - 'n Tyd van Groot Benoudheid .................................. 649
Hoofstuk 40 - God se Volk Verlos .................................................. 672
Hoofstuk 41 - Verwoesting van die Aarde ...................................... 691
Hoofstuk 42 - Die Stryd Beëindig .................................................. 701

Bylaag - ............................................................................. 719

## Hoofstuk 1 17

# Vernietiging van Jerusalem

"As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom, dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie." (Luk 19:42-44).

Jesus het vanaf die kruin van die Olyfberg oor Jerusalem 18
uitgekyk. Die toneel wat voor Hom uitgestrek het was mooi en vreedsaam. Dit was die tyd van die Pasga en die kinders van Jakob het uit alle lande daar saamgekom om die groot nasionale fees te vier. Te midde van die tuine en wingerde en groen hellings, besaai met die tente van pelgrims, het die heuwels, die statige paleise en massiewe skanse van Israel se hoofstad uitgestyg. Dit het gelyk asof die dogter van Sion in haar hoogmoed gesê het: "Ek sit as koningin ... en droefheid sal ek nooit sien nie...", in skoonheid en haarself as veilig in die guns van die Hemel beskou, soos toe die Psalmdigter gesing het: "Skoon deur sy verhewendheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion ... die stad van die groot Koning!" (Ps 48:3). Die manjifieke geboue van die tempel was duidelik sigbaar. Die strale van die ondergaande son het die sneeuagtige wit marmermure opgehelder en verlig en vanaf die goue poorte en torings, tot aan hul toppunt, laat glinster. Dit het as "...die volkomenheid van skoonheid..." en die trots van die Joodse nasie gestaan. Watter kind van Israel kon hierdie toneel sonder vreugde en bewondering aanskou! Maar baie ander gedagtes het die gedagtes van Jesus beset. "En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween." (Luk 19:41). Te midde van die universele vreugde van die triomfantlike intog, terwyl palmtakke gewaai is, blye hosannas deur die berge weerklink het en duisende stemme Hom tot koning verklaar het, is die Verlosser

van die wêreld deur ‘n skielike en misterieuse droefheid oorweldig. Hy, die Seun van God, die Beloofde van Israel, wie se mag die dood oorwin het en die gevangenes uit die grafte geroep het, was in trane, nie die trane van gewone hartseer nie, maar van intense, onbedwingbare sielsangs.

Sy trane was nie vir Homself nie, hoewel Hy ten volle bewus was van waarheen Sy voete geneig het. Voor Hom was Getsémané, die toneel van Sy naderende lyding. Die Skaappoort, waardeur die slagoffers eeue lank gelei is om geoffer te word en wat vir Hom sou oopgaan wanneer Hy “...soos ‘n lam wat na die slagplek gelei word...” (Jes 53:7) sou gaan, was ook in sig. Nie ver daarvandaan nie was Golgota, die plek van kruisiging. Op die pad wat Christus binnekort sou betree, sou groot duisternis Hom oorval wanneer Hy Sy siel as ‘n offer vir die sonde sou bring. Tog was dit nie die bepeinsing van hierdie tonele wat in hierdie uur van vreugde die skaduwee oor Hom gewerp het nie. Geen voorbode van Sy eie bomenslike lyding het Sy onselfsugtige gees vertroebel nie. Hy het oor die verdoemde duisende van Jerusalem, oor die blindheid en onboetvaardigheid van diegene wat Hy gekom het om te seën en te red geween.

Die geskiedenis van meer as 'n duisend jaar van God se 19
spesiale guns en beskermende sorg wat aan de uitverkore volk bewys is, was oop voor die oë van Jesus. Daar was die berg Moria, waar die seun van belofte as gewillige slagoffer op die altaar gebind is, ‘n embleem van die offer van die Seun van God. (Gen 22:9,16-18). Daar het die vlamme van die offer wat na die hemel vanaf die dorsvloer van Ornan opgegaan het, die swaard van die engel van vernietiging weggedraai, 'n simbool van die offer en bemiddeling van die Heiland vir die skuldige mensdom. Jerusalem is bo die hele aarde deur God vereer. Die Here het Sion uitgekies en “...Hy het dit as woonplek vir Hom begeer.” (Ps 132:13). Daar het heilige profete vir eeue hulle boodskappe van waarskuwing uitgespreek. Daar het die priesters hul vuurpanne geswaai en het die wolk van wierook met die gebede van die aanbidders na God opgestyg. Daar is die bloed van die geslagte

lammers wat na die Lam van God gewys het, geoffer. Daar is Jehova se teenwoordigheid in die wolk van heerlikheid bokant die versoendeksel geopenbaar. Daar het die basis van die mistieke leer wat die aarde met die hemel verbind gerus. (Gen 28:12; Joh 1:51) – dieselfde leer waarop die engele van God op en af beweeg het en wat vir die wêreld die weg na die allerheiligste geopen het. Indien Israel as 'n nasie, hulle trou aan die hemel gehandhaaf het, sou Jerusalem vir ewig as die uitverkorenes van God bly staan het. (Jer 17:21-25). Maar die geskiedenis van daardie bevoorregte nasie was ‘n rekord van afvalligheid en opstand. Hulle het die genade van die hemel weerstaan, hulle voorregte misbruik en hulle geleenthede geminag.

Alhoewel Israel “...die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met sy profete gespot het...” (2 Kron 36:16), het die Here Homself steeds aan hulle as die “...Here, ‘n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou...” geopenbaar en het Hy in Sy genade, nieteenstaande herhaaldelike verwerping, steeds met hulle gepleit. (Ex 34:6). Met ‘n meer as 'n vader se deernisvolle liefde vir die seun van sy sorg, het God “...vroeg en laat na hulle gestuur deur Sy boodskappers; want Hy het medelyde met Sy volk en met Sy woning gehad.” (2 Kron 36:15). Toe vermaning, smeking en teregwysing nie geslaag het nie, het Hy Sy grootste Geskenk van die hemel aan hulle gestuur; nee, Hy het die ganse hemel in daardie een Geskenk uitgestort.

Die Seun van God self is gestuur om met die onboetvaardige 20
stad te pleit. Dit was Christus wat Israel as ‘n goeie wingerdstok uit Egipte uitgebring het. (Ps 80:9). Sy eie Hand het die heidene voor hulle uitgedryf. Hy het “...'n wingerd op 'n vrugbare heuwel...” geplant. (Jes 5:1). Sy voogdyskap het dit verskans. Sy dienaars is gestuur om dit te versorg. “Wat is daar meer te doen aan My wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie?” het Hy gevra. (Jes 5:4.) En toe Hy verwag het “...dat dit druiwe sou dra...” het dit “...wilde druiwe voortgebring.” (Jes 5:2). Alhoewel

Hy uitgesien het dat dit druiwe moes voortbring, het dit wilde druiwe voortgebring, maar tog, met 'n steeds smagtende hoop of vrugbaarheid, het Hy persoonlik na Sy wingerd gekom om dit, indien moontlik, van ondergang te red. Hy het dit omgespit; Hy het dit gesnoei en gekoester; Hy was onvermoeid in Sy pogings om hierdie wingerdstok wat Hy self geplant het, te red.

Drie jaar lank het die Here van lig en heerlikheid in-en-uit tussen sy volk beweeg. Hy het rondgegaan en "...goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was." (Hand 10:38; Luk 4:18; Matt 11:5). Hy het "...die wat verbryseld van hart was ... genees ... aan die gevangenes vrylating ... verkondig en aan blindes herstel van gesig..." (Luk 4:18,19); Hy het die kreupeles herstel, die dowes laat hoor, die melaatses gereinig, die dooies opgewek en die evangelie aan die armes verkondig. (Sien Matt 11:5). Aan alle mense is die uitnodiging gegee: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." (Matt 11:28).

Hoewel Hy met kwaad vir goed beloon is en haat vir Sy liefde (Ps 109:5), het Hy Sy sending van barmhartigheid onwrikbaar nagestreef. Nooit is diegene wat Sy genade gesoek het weggewys nie. 'n Hawelose swerwer, met verwyt en armoede as Sy daaglikse lot, het Hy gelewe om in die behoeftes van die mensdom te voorsien, hulle ellende te verlig en met hulle te pleit om die geskenk van die lewe aan te neem. Die golwe van genade, teruggedryf deur daardie wederstrewige harte, het in 'n sterker gety van deernisvolle, onuitspreeklike liefde teruggevloei. Maar Israel het van hul beste Vriend en enigste Helper afgewyk. Die smekinge van Sy liefde is verag, Sy raad versmaai en Sy waarskuwings bespot.

Die uur van hoop en kwytskelding was vinnig besig om uit te 21
loop; die beker van God se lank-uitgestelde toorn was amper vol. Die wolke wat deur eeue van afvalligheid en opstand saamgepak het, nou swart van wee, was op die punt om oor 'n skuldige volk los te bars; en Hy wat hulle alleen van hulle dreigende lot kon

red, is verag, mishandel, verwerp en sou binnekort gekruisig word. Wanneer Christus aan die kruis van Golgota sou hang, sou Israel se dag, as die geseënde en begunstigde volk van God, beëindig wees. Die verlies van slegs een siel is 'n ramp wat oneindig swaarder weeg as al die winste en skatte van die wêreld; maar, terwyl Christus Jerusalem aanskou het, het die ondergang van 'n hele stad, die hele volk, voor Hom opgedoem – dié stad, dié volk wat eens die uitverkorenes van God was, Sy eiesoortige skat.

Profete het geween oor die afvalligheid van Israel en die verskriklike verwoesting wat as gevolg van hulle sondes besoek is. Jeremia het gewens dat sy oë 'n fontein van trane was, dat hy dag en nag kon ween oor die gesneuweldes van die dogter van sy volk en oor die kudde van die Here wat as gevangenes weggevoer is. (Jer 9:1;13:17). Hoe groot was dus die droefheid van Hom wie se profetiese blik nie slegs deur jare nie, maar deur die eeue heen gesien het! Hy het die engel van verwoesting met sy swaard teen die stad opgehef, wat vir soveel jare die woonplek van Jehova was, gesien. Vanaf die rant van die Olyfberg, dieselfde plek wat later deur Titus en sy leër beset is, het Hy oor die vallei na die heilige voorhowe en suilegange met traanverdofte oë gekyk en met 'n vreeslike perspektief die mure, deur 'n vyandige leërskare omring gesien. Hy het gehoor hoe die leërmag vir oorlog opmarsjeer. Hy het moeders en kinders om brood in die beleërde stad hoor huil. Hy het gesien hoedat die heilige geboue, paleise en torings, in vlamme opgaan en waar hulle eenmaal gestaan het, het net smeulende puinhope oorgebly het.

Met sy blik ver in die toekoms, het Hy die verbondsvolk in alle 22
lande verstrooi gesien "...soos wrakke op 'n verlate kus." In die tydelike vergelding wat op die punt was om oor die volk te kom, het Hy die eerste teug uit die beker van grimmigheid gesien wat met die finale oordeel tot die bodem toe geledig sou word. Goddelike deernis en verlangende liefde het uiting in die hartseer woorde gevind: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die

profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ’n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak en julle wou nie!” (Mat 23:37). O dat jy, 'n nasie bevoorreg bo alle ander, as jy tog maar die dag van jou besoeking geken het en die dinge wat tot jou vrede dien! Ek het die engel van geregtigheid teëgehou; Ek het jou tot bekering geroep, maar tevergeefs. Dit is nie slegs diensknegte, afgevaardigdes en profete wat jy geweier en verwerp het nie, maar die Heilige van Israel, jou Verlosser. As jy vernietig word dan is jy alleenlik verantwoordelik. “Julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie.” (Joh 5:40).

Christus het in Jerusalem 'n simbool van die wêreld, wat in ongeloof en opstand verhard is en haastig op pad na die vergeldende oordele van God, gesien. Die ellendes van ‘n gevalle ras wat op Sy siel gedruk het, het daardie bittere uitroep uit Sy lippe gepers. Hy het gesien hoe die sonde in menslike ellende, trane en bloed nagespoor word; Sy hart was diep ontroer met 'n oneindige deernis vir die geteisterde en lydende mense op die aarde. Hy het daarna verlang om hulle almal te verlos. Maar selfs Sy hand kon nie die gety van menslike wee keer nie; min sou na hul enigste Bron van hulp soek. Hy was bereid om Sy siel tot die dood toe uit te stort om redding binne hul bereik te bring; maar min sou na Hom kom sodat hulle die lewe kon hê!

Die Majesteit van die hemel in trane! Die Seun van die Oneindige God, in Sy gees bekommerd en neergeboë van sielesmart! Hierdie toneel het die ganse hemel met verwondering gevul. Dit openbaar aan ons die uitermate sondigheid van sonde; dit wys hoe moeilik dit is, selfs vir Oneindige Mag, om die skuldiges van die gevolge van die oortreding van God se wet te red. Soos Jesus neergekyk het na die laaste geslag, het hy gesien hoe die wêreld betrokke sou wees by misleiding, soortgelyk aan dit wat die vernietiging van Jerusalem veroorsaak het. Die groot sonde van die Jode was hulle verwerping van Christus; die groot sonde van die Christenwêreld sou wees dat hulle die wet van God, die grondslag van Sy

regering in die hemel en op die aarde, verwerp. Die voorskrifte van Jehova sou verag en van nul en geen waarde gemaak word. Miljoene in die slawerny van sonde, slawe van Satan, gedoem tot die tweede dood, sou weier om na die woorde van waarheid op die dag van hul besoeking te luister. Verskriklike blindheid! Vreemde versotheid!

Twee dae voor die Pasga, toe Christus vir die laaste keer die 23
tempel verlaat het, nadat Hy die geveinsdheid van die Joodse owerstes veroordeel het, het Hy weer met Sy dissipels na die Olyfberg gegaan, waar hulle teen die helling wat oor die stad uitgekyk het, op die gras gaan sit het. Weer het Hy na die stadsmuur, die torings en die paleise gekyk en het Hy die skitterende prag van die tempel soos 'n sierlike kroon op die heilige berg, aanskou.

Duisend jaar tevore het die psalmis God geloof vir Sy guns aan Israel, deur haar heilige huis Sy woonplek te maak: "Ook het in Salem Sy tent verrys en Sy woning in Sion." Hy het "...die stam van Juda uitverkies, die berg van Sion wat Hy liefhet. En Hy het Sy heiligdom soos hemelhoogtes gebou." (Ps 76:3;78:68,69). Die eerste tempel is gedurende die voorspoedigste tydperk van Israel se geskiedenis opgerig. Groot hoeveelhede skatte is vir hierdie doel deur Koning Dawid bymekaargemaak en die planne vir die oprigting daarvan is deur Goddelike Ingewing opgetrek. (Sien 1 Kron 28:12,19). Salomo, die wysste van Israel se vorste, het die werk voltooi. Hierdie tempel was die manjifiekste gebou wat die wêreld ooit gesien het. Tog het die Here, deur die profeet Haggai, aangaande die tweede tempel verklaar: "Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as van die vroeëre ... Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die Here van die leërskare" (Hag 2:9,7).

Na die vernietiging van die tempel deur Nebukadnésar, is dit 24
ongeveer vyfhonderd jaar voor die geboorte van Christus herbou deur 'n volk wat uit lewenslange gevangenskap na 'n verwoeste

en byna verlate land teruggekeer het. Onder hulle was daar destyds bejaarde mans wat die heerlikheid van Salomo se tempel gesien het en wat by die grondlegging van die nuwe gebou geween het omdat dit so minderwaardig in vergelyking met eersgenoemde was. Die gevoel wat geheers het, word kragtig deur die profeet beskryf: "Wie is onder julle nog oor wat hierdie huis in sy vroeëre heerlikheid gesien het? En hoedanig sien julle dit nou? Lyk dit nie net soos niks in julle oë nie?" (Hag 2:3; Esra 3:12). Toe is die belofte gegee dat die heerlikheid van hierdie laasgenoemde huis, dié van die eersgenoemde ver sou oortref.

Maar die tweede tempel was nie te vergelyk met die glansrykheid van die eerste nie; ook was dit nie deur die sigbare tekens van Goddelike teenwoordigheid wat die eerste tempel gekenmerk het, geheilig nie. Daar was geen manifestasie van bonatuurlike Mag om die toewyding daarvan aan te dui nie. Geen wolk van heerlikheid is gesien om die pas opgerigte heiligdom te vul nie. Geen vuur uit die hemel het neergedaal om die offer op die altaar te verteer nie. Die Sjekina was nie meer tussen die gerubs in die Allerheiligste plek nie; die verbondsark, die versoendeksel en die tafels van die wet is nie daarin gevind nie. Geen stem het uit die hemel opgeklink om die wil van Jehova aan die vraende priester bekend te maak nie.

Eeue lank het die Jode tevergeefs gepoog om aan te dui in watter opsigte die belofte van God wat deur Haggai gegee is, vervul is; maar hoogmoed en ongeloof het hulle verstand vir die ware betekenis van die profeet se woorde verblind. Die tweede tempel is nie met die wolk van die heerlikheid van Jehova vereer nie, maar met die lewende teenwoordigheid van Een in wie die volheid van die Godheid liggaamlik gewoon het – wat God self in die vlees gemanifesteer was. Die Begeerte van alle nasies het waarlik na Sy tempel gekom toe die Man van Nasaret in die heilige voorhowe geleer en genees het. In die teenwoordigheid van Christus en alleenlik hierin , het die tweede tempel die eerste in heerlikheid oortref. Maar Israel het die aangebode Gawe van die hemel verwerp. Met die nederige Leermeester wat daardie

dag vir die laaste keer deur die goue poort uitgegaan het, het die heerlikheid vir ewig uit die tempel gewyk. Toe reeds is die Heiland se woorde vervul: “Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!” (Matt 23:38).

Die dissipels is met ontsag en verwondering deur Christus se 25
voorspelling van die omverwerping van die tempel vervul en hulle wou die betekenis van Sy woorde beter verstaan. Rykdom, arbeid en argitektoniese vaardighede is vir meer as veertig jaar aangewend om die prag daarvan te verhoog. Herodes die Grote het beide Romeinse en Joodse skatte daaraan bestee en selfs die keiser van die wêreld het dit met sy geskenke verryk. Massiewe blokke wit marmer van byna fabelagtige grootte wat vir hierdie doel uit Rome gestuur is, het deel van die struktuur uitgemaak; hierop het die dissipels die aandag van hulle Meester gevestig en gesê: “Meester, kyk watter klippe en watter geboue!” (Mark 13:1).

Op hierdie woorde het Jesus die plegtige en ontstellende antwoord gegee: “Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie heeltemal afgebreek sal word nie.” (Mat 24:2).

Met die omverwerping van Jerusalem, het die dissipels die gebeure van Christus se persoonlike koms met tydelike glorie vereenselwig, om die troon van die universele ryk in te neem, om die onboetvaardige Jode te straf en om die Romeinse juk van die volk te verbreek. Die Here het aan hulle gesê dat Hy die tweede keer sou kom. Daarom, met die melding van die oordele oor Jerusalem, het hulle gedagtes na daardie koms teruggekeer; en toe hulle om die Verlosser op die Olyfberg vergader het, het hulle gevra: “Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?” (Mat 24:3).

Die toekoms was genadiglik vir die dissipels verberg. Indien hulle op daardie stadium die twee skrikwekkende feite, naamlik die lyding en dood van die Verlosser en die verwoesting van hul

stad en die tempel ten volle begryp het, sou hulle met afgryse oorweldig gewees het. Christus het aan hulle 'n uiteensetting van die belangrike gebeure wat voor die einde van tyd sou plaasvind gegee. Sy woorde was nie toe ten volle begryp nie; maar de betekenis daarvan moes ontvou word, aangesien Sy volk 'n behoefte aan die onderrig daarin vervat, sou hê. Die profesie wat Hy uitgespreek het, was tweeledig in die betekenis daarvan; terwyl dit die verwoesting van Jerusalem voorspel het, het dit ook die verskrikking van die laaste groot dag voorafgeskadu.

Jesus het aan Sy luisterende dissipels die oordele wat oor die 26
afvallige Israel sou kom verklaar en veral die vergeldende wraak wat as gevolg van hulle verwerping en kruisiging van die Messias oor hulle sou kom. Onmiskenbare tekens sou hierdie verskriklike klimaks voorafgaan. Die gevreesde uur sou skielik en spoedig kom. En die Verlosser het Sy volgelinge gewaarsku: "Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judea is, na die berge vlug." (Mat 24:15,16). (Sien ook Luk 21:20,21). Wanneer die afgodiese vaandels van die Romeine, wat 'n paar lengtes buite die stadsmure gestrek het, op die heilige grond opgestel word, moes die volgelinge van Christus na veiligheid vlug. Wanneer die waarskuwingstekens gesien word, moes diegene wat sou vlug, nie aarsel nie. Dwarsdeur die land van Judea, asook in Jerusalem, moes die teken om te vlug onmiddellik gehoorsaam word. Die een wat op die dak was, mag nie afgaan na sy huis om eers sy waardevolste skatte te red nie. Diegene wat op die lande of in die wingerde gewerk het, moes geen tyd verkwis om vir hul bokleed wat hulle uitgetrek het terwyl hulle in die hitte geswoeg het, terug te keer nie. Hulle moes nie vir 'n oomblik huiwer nie, sodat hulle nie by die algehele vernietiging betrokke sou raak nie.

Tydens die regering van Herodes is Jerusalem nie net baie mooi versier nie, maar deur die oprigting van torings, mure en vestings wat tot die natuurlike sterkte van die stad bygedra het,

was dit blykbaar onneembaar gemaak. Hy wat in hierdie tyd die vernietiging daarvan in die openbaar sou voorspel het sou, soos Noag in sy tyd, as 'n geklike alarmis beskou word. Maar Christus het gesê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.” (Mat 24:35). Vanweë hul sondes, is die toorn teen Jerusalem uitgespreek en hul hardnekkige ongeloof het hulle ondergang verseker.

Die Here het deur die profeet Miga verklaar: “Hoor tog dit, hoofde van die huis van Jakob en owerstes van die huis van Israel! Julle wat van die reg ‘n afsku het en al wat reg is, verdraai; julle wat Sion bou met bloed en Jerusalem met onreg! Sy hoofde spreek vonnisse uit vir ‘n geskenk en sy priesters gee onderrig vir loon en sy profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun hulle op die Here en sê: Is die Here nie in ons midde nie? Geen onheil sal ons wedervaar nie!” (Miga 3:9-11).

Hierdie woorde was 'n getroue beskrywing van die korrupte 27
en eiegeregtige inwoners van Jerusalem. Terwyl hulle beweer het dat hulle die voorskrifte van God se wet getrou nagekom het, het hulle al die beginsels daarvan oortree. Hulle het Christus gehaat omdat Sy reinheid en heiligheid hulle ongeregtighede aan die kaak gestel het; en hulle het Hom beskuldig dat Hy die oorsaak van al die moeilikhede was wat as gevolg van hulle sondes oor hulle gekom het. Alhoewel hulle geweet het dat Hy sondeloos was, het hulle verklaar dat Sy dood noodsaaklik vir hulle veiligheid as volk was. “As ons Hom so laat begaan...” het die Joodse leiers gesê, “...sal almal in Hom glo; en die Romeine sal kom en ons land en ons nasie albei afneem.” (Joh 11:48). As Christus geoffer word, kon hulle weer ‘n sterk en verenigde volk word. So het hulle geredeneer en met die beslissing van hul hoëpriester saamgestem, dat dit beter sou wees vir een man om te sterf as dat die hele volk vergaan.

So het die Joodse leiers dus Sion met bloed en Jerusalem met ongeregtigheid opgehou. (Sien Miga 3:10). En tog, terwyl hulle hul Verlosser gedood het omdat Hy hulle sondes bestraf het, was

hulle so eiegeregtig, dat hulle hulleself as die bevoorregte volk van God beskou het en verwag het dat die Here hulle van hul vyande sou verlos. "Daarom..." het die profeet voortgegaan, "...sal Sion om julle ontwil soos 'n land omgeploeg en Jerusalem puinhope word en die tempelberg bos-rante" (Miga 3:12).

Vir byna veertig jaar nadat Christus die verwoesting van Jerusalem voorspel het, het die Here Sy oordele oor die stad en die nasie vertraag. Wonderbaarlik was die lankmoedigheid van God teenoor die verwerpers van Sy evangelie en die moordenaars van Sy Seun. Die gelykenis van die onvrugbare boom het God se handelinge met die Joodse volk verteenwoordig. Die opdrag het uitgegaan: "Kap hom uit. Waarom maak hy die grond nog onvrugbaar?" (Luk 13:7), maar Goddelike genade het dit vir nog 'n kort tyd gespaar. Daar was nog baie onder die Jode wat onkundig aangaande die karakter en werk van Christus was. En die kinders het nie die geleenthede geniet en ook nie die lig wat hul ouers versmaai het, ontvang nie. Deur die prediking van die apostels en hul medewerkers sou God lig op hulle laat skyn; hulle sou toegelaat word om te sien hoe die profesie vervul is, nie slegs in die geboorte en lewe van Christus nie, maar ook in Sy dood en opstanding. Die kinders is nie weens die sonde van die ouers veroordeel nie; maar toe die kinders met kennis van al die lig wat aan hulle ouers gegee is, die addisionele lig wat aan hulle verleen is verwerp het, het hulle die ouers se sondes deelagtig geword en die maat van hul ongeregtigheid gevul. 28

Die lankmoedigheid van God teenoor Jerusalem het die Jode net in hul hardkoppige onboetvaardigheid laat volhard. In hulle haat en wreedheid teenoor die dissipels van Jesus, het hulle die laaste aanbod van genade verwerp. Toe het God Sy beskerming van hulle onttrek en Sy mag van beheer oor Satan en sy engele weggeneem en die volk is aan die mag van die leier wat hulle gekies het oorgelaat. Sy kinders het die genade van Christus wat hulle in staat sou stel om hulle bose drange te onderwerp, versmaai en nou het dit die oorwinnaars geword. Satan het die

felste en mees verlagende hartstogte van die siel opgewek. Mense het nie redenasievermoë gebruik nie; hulle was redeloos, beheer deur impuls en blinde woede. Hulle het satanies in hulle wreedheid geword. In die gesin en die nasie, onder die hoogste en laagste klasse, was daar agterdog, afguns, haat, twis, rebellie en moord. Daar was nêrens veiligheid nie. Vriende en familie het mekaar verraai. Ouers het hul kinders doodgemaak en kinders hul ouers. Die heersers van die volk het geen mag gehad om oor hulself te heers nie. Onbeteuelde hartstogte het tiranne van hulle gemaak. Die Jode het valse getuienis aanvaar ten einde die onskuldige Seun van God te veroordeel. Nou het valse beskuldigings hulle eie lewens onseker gemaak. Lank reeds het hulle deur hul optrede gesê: "Laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!" (Jes 30:11). Nou is daar aan hul begeerte voldoen. Die vrees vir God het geen invloed meer oor hulle gehad nie. Satan was aan die hoof van die volk en die vernaamste burgerlike en godsdienstige owerhede was onder sy heerskappy.

Die leiers van opponerende faksies het soms verenig om hul 29
ellendige slagoffers te plunder en te martel en dan het hulle weer mekaar se magte aangeval en sonder genade geslag. Selfs die heiligheid van die tempel kon die felheid van hul woede nie in bedwang hou nie. Aanbidders is voor die altaar neergevel en die heiligdom is met die lyke van die gesneuweldes besoedel. Maar, in hul blinde en lasterlike aanmatiging, het die stigters van hierdie helse werk in die openbaar verklaar dat hulle geen vrees gehad het dat Jerusalem vernietig sou word nie, want dit was God se eie stad. Om hulle mag te verstewig, het hulle valse profete omgekoop om te verkondig dat die volk, selfs terwyl Romeinse leërs die tempel beleër het, op die verlossing van God moes wag. Tot op die laaste het menigtes aan die oortuiging dat die Allerhoogste vir die nederlaag van hul teëstanders sou intree vasgehou. Maar Israel het die Goddelike beskerming versmaai en nou het hulle geen verdediging gehad nie. Ongelukkige Jerusalem, verskeur deur interne verdeeldheid, die bloed van hul kinders wat deur mekaar se hande vergiet is en in die strate vloei,

terwyl vyandige leërs hulle vestings vernietig en hul krygsmanne dood!

Al die voorspellings van Christus aangaande die verwoesting van Jerusalem is tot op die letter vervul. Die Jode het die waarheid van Sy woorde van waarskuwings ervaar: "Met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." (Matt 7:2).

Tekens en wonders het verskyn – voorbodes van rampspoed 30
en verdoemenis. In die middel van die nag het 'n onnatuurlike lig oor die tempel en die altaar geskyn. Teen sononder is daar op die wolke oorlogswaens en manne wat vir 'n geveg saamtrek uitgebeeld. Die priesters wat snags in die heiligdom bedien het, is deur geheimsinnige geluide verskrik; die aarde het gebewe en 'n menigte stemme is gehoor wat uitroep: "Laat ons die plek verlaat." Die groot Oospoort se hek, wat so swaar was dat dit skaars deur 'n twintigtal mans gesluit kon word en wat aan groot ysterstawe wat diep in die soliede rots ingeplant is beveilig is, was om middernag, sonder enige sigbare bemiddeling, oopgemaak. – Milman, *History of the Jews*, vol 13.

Sewe jaar lank het 'n man voortgegaan om op en af in die strate van Jerusalem die ellende wat oor die stad sou kom te verkondig. Bedags en snags het hy die klaaglied uitgeroep: "'n Stem uit die ooste! 'n Stem uit die weste! 'n Stem uit die vier winde! 'n Stem teen Jerusalem en teen die tempel! 'n Stem teen bruidegomme en bruide! 'n Stem teen die hele volk!" – *Ibid.* Hierdie vreemde wese is in die gevangenis gewerp en gegesel, maar geen klagte het oor sy lippe gekom nie. Op belediging en mishandeling het hy slegs gereageer: "Wee, wee Jerusalem! Wee, wee aan die inwoners daarvan!" Sy waarskuwingskreet het eers opgehou toe hy in die beleg wat voorspel is gedood is.

Nie een Christen het met die verwoesting van Jerusalem omgekom nie. Christus het Sy dissipels gewaarsku en almal wat Sy woorde geglo het, het uitgekyk vir die beloofde teken: "Wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingel sien..." het Jesus

gesê, "...dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is. Dan moet dié wat in Judéa is, na die berge vlug; en die wat in die stad is, moet uitgaan; en die wat in die buitewyke is, moet nie daar inkom nie." (Luk 21:20,21). Nadat die Romeine onder Cestius die stad omsingel het, het hulle, toe alles gunstig vir 'n onmiddellike aanval voorgekom het, die beleg onverwags laat vaar. Die beleërdes, wanhopig oor suksesvolle verset, was op die punt van oorgawe toe die Romeinse generaal sy magte sonder enige skynbare rede onttrek het. Maar God se barmhartige voorsienigheid het hierdie gebeure tot voordeel van Sy eie mense gerig. Die beloofde teken is aan die wagtende Christene gegee en daar was geleentheid vir almal wat sou wou, om die waarskuwing van die Heiland te gehoorsaam. Die gebeure was so oorheers dat nie Jode of Romeine die ontvlugting van die Christene sou belemmer nie. Met die onttrekking van Cestius, het die Jode uit Jerusalem sy terugtrekkende leër agtervolg; en terwyl albei die magte ten volle hierby betrek was, het die Christene geleentheid gehad om uit die stad te vlug. Op hierdie tydstip was die land ook vry van vyande wat moontlik sou probeer om hulle te onderskep. Ten tye van die beleg was die Jode in Jerusalem byeen om die Huttefees te vier en sodoende kon die Christene dwarsdeur die land ongehinderd ontsnap. Hulle het sonder versuim na 'n veilige plek gevlug – die stad van Pella in die land Perea, anderkant Jordanië.

Die Joodse magte wat Cestius en sy leër agternagesit het, het 31
hulle aan die agterkant met sulke heftigheid aangeval, dat hulle met totale vernietiging bedreig is. Dit was met groot moeite dat die Romeine daarin kon slaag om terug te trek. Die Jode het met byna geen verlies ontsnap en triomfantlik met hul buit na Jerusalem teruggekeer. Maar hierdie skynbare sukses het slegs onheil oor hulle gebring. Dit het hulle met 'n gees van hardnekkige verset teen die Romeine besiel, wat spoedig onuitspreeklike wee oor die gedoemde stad gebring het.

Verskriklik was die rampe wat oor Jerusalem gekom het toe die beleg deur Titus hervat is. Die stad is ten tye van die Pasga

beleër, toe miljoene Jode binne die mure bymekaargekom het. Hulle voedselvoorrade wat die inwoners, indien hulle dit verstandig bewaar het, jare lank sou voorsien het, is vroeër deur die jaloesie en wraak van die vegtende faksies vernietig en nou het hulle al die verskrikkinge van honger ervaar. ‘n Maat koring is vir ‘n talent verkoop. Die hongerpyne was so fel, dat mans aan die leer van hul gordels en sandale en die bedekking van hul skilde geknaag het. Baie mense het snags uitgesluip om wilde plante wat buite die stadsmure gegroei het te versamel, al was baie van hulle gevang en met wrede marteling om die lewe gebring; en dikwels is diegene wat veilig teruggekeer het, beroof van dit wat hulle met soveel gevaar bekom het. Die mees onmenslike marteling is deur die gesaghebbendes toegedien om die gebrekkige mense te dwing om die laaste, geringe voorrade wat hulle moontlik kon wegsteek, oor te lewer. En hierdie wreedhede is dikwels deur mense, wat welgevoed was, maar wat graag 'n voorraad vir die toekoms wou opbou, toegepas.

Duisende het van honger en pessiektes omgekom. Die 32
natuurlike liefde het geblyk totaal vernietig te wees. Mans het hul vrouens beroof en vrouens hulle mans. Kinders is gesien dat hulle die voedsel voor die mond van hulle bejaarde ouers wegraap. Die vraag van die profeet: “Kan ‘n vrou haar suigeling vergeet?” (Jes 49:15), is binne die mure van die gedoemde stad beantwoord: “Die hande van teerhartige vroue het hulle eie kinders gekook; dit het hulle voedsel geword in die verbreking van die dogter van my volk.” (Klaagl 4:10). Weer is die profesie wat veertien eeue tevore gegee is vervul: “Die vertroetelde en verwende vrou by jou wat van verwendheid en weekheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie – haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter skeef aankyk ... en haar kinders wat sy baar; want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan alles in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in jou poorte sal bring.” (Deut 28:56,57).

Die Romeinse leiers het probeer om terreur onder die Jode te saai en hulle sodoende tot oorgawe te dwing. Die gevangenes

wat hulle teen hul gevangeneming verset het, is voor die muur van die stad gegesel, gemartel en gekruisig. Honderde is daagliks op hierdie wyse tereggestel en hierdie afskuwelike dade het voortgeduur totdat die kruise in sulke groot getalle langs die Vallei van Josafat en op Golgota opgerig was, dat daar nouliks beweegruimte tussen hulle was. Só verskriklik was die vervloeking wat voor die regterstoel van Pilatus uitgespreek is, besoek: “Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!” (Mat 27:25).

Titus sou gewilliglik 'n einde aan hierdie skrikbewind gemaak 33
het en Jerusalem so van die volle maat van hul ondergang gespaar het. Hy was met afgryse gevul toe hy die lyke van die dooies in hope in valleie sien lê. Soos iemand wat betower was het hy oor die kruin van die Olyfberg na die manjifieke tempel gekyk en bevel gegee dat geen steen daarvan aangeraak moes word nie. Voor sy poging om hierdie vesting in besit te neem, het hy 'n ernstige beroep op die Joodse leiers gedoen om hom nie te dwing om hierdie heilige plek met bloed te verontreinig nie. Indien hulle sou uitkom en op enige ander plek veg, mag geen Romein die heiligheid van die tempel skend nie. Josefus self, het ‘n mees welsprekende beroep op hulle gedoen om hulself, hul stad en hul plek van aanbidding te red; maar sy woorde is met bitter vloeke beantwoord. Terwyl hy, hulle laaste menslike middelaar, besig was om hulle te smeek, is pyle na hom geslinger. Die Jode het die smekinge van die Seun van God verwerp en nou het vertoë en smekinge hulle net meer vasbeslote gemaak om tot die laaste weerstand te bied. Titus se pogings om die tempel te red was tevergeefs; Een groter as hy het verklaar dat nie een steen op die ander gelaat sou word nie.

Die blinde hardnekkigheid van die Joodse leiers en die verfoeilike misdade wat in die beleërde stad plaasgevind het, het die verskrikking en verontwaardiging van die Romeine opgewek en Titus het uiteindelik besluit om die tempel te bestorm. Hy het egter besluit dat dit, indien moontlik, van vernietiging gered moes word; maar sy opdragte is verontagsaam. Nadat hy vir die nag na sy tent teruggekeer het, het die Jode uit die tempel

gestorm en die soldate buite aangeval. In die worsteling is 'n brandende fakkel deur een van die soldate deur 'n opening in die poort geslinger en onmiddellik het die sederhout-kamers rondom die heilige tempel aan die brand geslaan. Titus het hom daarheen gehaas, gevolg deur sy generaals en die soldate beveel om die vlamme te blus. Sy woorde is verontagsaam. In hulle woede het die soldate brandende fakkels in die kamers langs die tempel geslinger en toe het hulle diegene wat daar skuiling gevind het, met hulle swaarde om die lewe gebring. Bloed het soos water tussen die tempeltrappe gevloei. Duisende der duisende Jode het omgekom. Bokant die geluid van die stryd, is stemme gehoor wat geskree het: "Ikabod" – weg is die heerlikheid.

"Titus het dit onmoontlik gevind om die woede van die 34
soldate in bedwang te hou; met sy offisiere het hy die binnekant van die heilige gebou gaan besigtig. Die luisterrykheid het hulle met verwondering gevul; en aangesien die vlamme nog nie die heilige plek binnegedring het nie, het hy 'n laaste poging aangewend om dit te red en die soldate weer aangespoor om die brand te blus. Die hoofman oor honderd, Liberalis, het gepoog om gehoorsaamheid by sy ampspersoneel af te dwing; maar selfs respek vir die keiser het plek gemaak vir die woedende vyandigheid teen die Jode, vir die hewige opwinding van die stryd en vir hulle onversadigbare lus om te plunder. Die soldate het alles rondom hulle wat in die lig van die vlamme geskitter het, sien blink van die goud; hulle was van mening dat daar onberekenbare skatte in die heiligdom weggebêre is. 'n Soldaat het onopgemerk 'n brandende fakkel tussen die skarniere van die deur gesteek en die hele gebou was spoedig in vlamme. Die verblindende rook en vlamme het die offisiere gedwing om te onttrek en die edele gebou is aan sy lot oorgelaat.

"Vir die Romeine was dit 'n ontsettende skouspel – wat was dit nie vir die Jode nie? Die hele kruin van die heuwel bokant die stad het soos 'n vulkaan gebrand. Een na die ander het die geboue met 'n verskriklike slag ineengestort en is deur die vuur

verswelg. Die plafonne van sederhout was soos plate van vlamme; die vergulde torings het soos spikkels in die rooi lig geblink; die torings by die poorte het hoë kolomme vlamme en rook laat opstyg. Die naburige heuwels is verlig en daar was donker groepe mense wat met afgryslike angs die vordering van die vernietiging dopgehou het. Die mure en die hoogtes van die boonste stad was vol gesigte, sommige bleek van angs en wanhoop en ander het dit met onwrikbare wraaksug gadegeslaan. Die geskreeu van die Romeinse soldate soos hulle heen en weer gehardloop het en die gekerm van die opstandelinge wat in die vlamme omgekom het, het met die gedreun van die vuur en die donderslae van vallende hout gemeng. Die eggo's van die berge het die krete van die mense op die hoogtes laat weergalm; al langs die mure is gille en 'n geweeklaag gehoor; mense wat besig was om van honger te sterf, het hul oorblywende krag bymekaargeskraap om 'n uitroep van angs en verlatenheid te uiter.

"Die slagting van binne was selfs meer ontsettend as die 35
skouspel van buite. Manne en vroue, oud en jonk, opstandelinge en priesters, die wat geveg het en diegene wat om genade gesmeek het, is neergevel in 'n onoordeelkundige slagting. Die aantal gesneuweldes het die moordenaars oortref. Die soldate moes oor hope dooies klim om hulle vernietigingswerk voort te sit." — Milman, *History of the Jews*, vol 16.

Na die vernietiging van die tempel het die hele stad spoedig in die hande van die Romeine geval. Die Joodse leiers het hul ondeurdringbare torings verlaat en Titus het dit verlate aangetref. Hy het dit met verbasing aangestaar en verklaar dat God dit in sy hande oorgegee het, want geen oorlogstuig, hoe kragtig ook al, kon daardie verstommende vestings inneem nie. Beide die stad en die tempel is tot op hulle fondasie gelykgemaak en die grond waar die tempel gestaan het, is "...soos 'n land omgeploeg." (Jer 26:18). In die beleg en slagting wat daarop gevolg het, het meer as 'n miljoen mense omgekom; die oorlewendes is as gevangenes weggevoer, as slawe verkoop, na

Rome geneem om die veroweraar se triomf te laat pryk , vir die wilde diere in die amfiteater gegooi, of hulle is as hawelose swerwers oor die hele aarde versprei.

Die Jode het hulle eie kettings gesmee; hulle het vir hulself die beker van grimmigheid gevul. In die totale vernietiging wat hulle as volk getref het en in al die ellendes wat hulle in hulle verstrooiing agtervolg het, het hulle slegs 'n oes gemaai wat hulle self gesaai het. Die profeet het gesê: “Dit is jou verderf, o Israel ... want jy het gestruikel deur jou ongeregtigheid.” (Hos 13:9;14:2). Hulle lyding is dikwels as ‘n straf wat op die regstreekse bevel van God oor hulle gekom het beskryf. Dit is op hierdie wyse dat die groot bedrieër poog om sy eie werk te verberg. Deur hulle hardnekkige verwerping van Goddelike liefde en genade, was die Jode self die oorsaak dat die beskerming van God van hulle onttrek is en Satan is toegelaat om na willekeur oor hulle te heers. Die verskriklike wreedhede tydens die verwoesting van Jerusalem is ‘n voorbeeld van Satan se wraakgierige mag oor diegene wat hulle aan sy beheer onderwerp.

Ons kan nooit weet hoeveel ons aan Christus verskuldig is vir 36
die vrede en beskerming wat ons geniet nie. Dit is die weerhoudende krag van God wat verhoed dat die mensdom volledig onder Satan se beheer kom. Die ongehoorsames en ondankbares het baie stof tot dankbaarheid vir God se genade en lankmoedigheid om die wrede, kwaadwillige mag van die bose in toom hou. Maar wanneer die mens die perke van Goddelike verdraagsaamheid oorskry, word daardie weerhoudende krag onttrek. God staan nie teenoor die sondaar as Voltrekker van die vonnis teen oortreding nie; maar Hy laat die verwerpers van Sy genade aan hulleself oor om dit wat hulle gesaai het te oes. Elke ligstraal wat verwerp word, elke waarskuwing wat geminag of verontagsaam word is, elke hartstog waaraan toegee word en elke oortreding van die wet van God, is saad wat gesaai word en sal ‘n gewisse oes lewer. Die Gees van God wat voortdurend weerstaan word, word

uiteindelik van die sondaar onttrek en dan is daar geen krag meer om die bose hartstogte van die siel te beheer nie en geen beskerming teen die kwaadwilligheid en vyandskap van Satan nie. Die vernietiging van Jerusalem is ‘n skrikwekkende en plegtige waarskuwing aan almal wat die aanbod van Goddelike barmhartigheid ligtelik opneem en die smekinge van Goddelike genade weerstaan. Nooit was 'n meer beslissende getuienis van God se haat vir die sonde en die gewisse straf wat op die skuldiges sal val gelewer nie.

Die Heiland se profesie aangaande die besoeking van oordele 37
oor Jerusalem sal egter ‘n ander vervulling hê waarvan daardie skrikwekkende verwoesting slegs ‘n dowwe skaduwee was. In die lotgeval van die gekose stad, kan ons die ondergang van ‘n wêreld wat God se genade verwerp en Sy wet vertrap het aanskou. Donker is die verslae van menslike ellende wat op die aarde plaasgevind het gedurende die lang eeue van misdaad. Die hart word siek en die gees verflou in die besinning daarvan. Skrikwekkend was die gevolge van die verwerping van die gesag van die hemel. Maar nog 'n donkerder toneel word in die openbarings van die toekoms voorspel. Die verslae van die verlede – die lang opeenvolging van oproer, konflik en revolusies, is niks in vergelyking met die verskrikkinge van daardie dag, wanneer die weerhoudende Gees van God geheel en al van die goddelose onttrek sal word, om nie meer die uitbarsting van menslike hartstogte en sataniese toorn in toom te hou nie! Die wêreld sal dan soos nooit tevore nie, die uitwerking van Satan se heerskappy aanskou.

Maar in daardie dag, net soos in die tyd van die vernietiging van Jerusalem, sal die volk van God verlos word, almal wat by die lewendes opgeskryf is. Christus het verklaar dat Hy die tweede keer sal kom om Sy getroues by Hom te versamel: “En dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal Sy engele uitstuur met 'n harde trompetgeluid en hulle sal Sy uitverkorenes bymekaarmaak uit

die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.” (Mat 24:30,31). Dan sal Hy diegene wat nie die evangelie gehoorsaam het nie, “...met die asem van Sy mond ... verdelg en deur die verskyning van Sy wederkoms tot niet ... maak.” (2 Thes 2:8). Soos Israel van ouds, vernietig die goddelose hulleself; hulle val as gevolg van hul ongeregtigheid. Deur ‘n lewe van sonde het hulle hulself so uit harmonie met God geplaas, hulle karakters so deur die bose afgetakel, dat die openbaring van Sy heerlikheid 'n verterende vuur vir hulle sal wees.

Laat mense oplet dat hulle nie die les, wat aan hulle in die woorde van Christus oorgedra is, verwaarloos nie. Net soos Hy Sy dissipels aangaande die verwoesting van Jerusalem gewaarsku het en aan hulle ‘n teken van die naderende ondergang gegee het sodat hulle kon vlug; so het Hy ook die wêreld oor die uiteindelike verwoesting gewaarsku en aan hulle tekens gegee van die dag van finale vernietiging wat nader, sodat diegene wat wil, van die toekomstige toorn kan vlug. Jesus het gesê: “Daar sal tekens wees aan son en maan en sterre en op die aarde benoudheid van nasies.” (Luk 21:25; Matt 24:29; Mark 13:24-26; Openb 6:12-17). Diegene wat op hierdie tekens van Sy koms let, moet weet “...dat dit naby is, voor die deur.” (Mat 24:33). “Waak dan...” het Hy hulle vermaan. Diegene wat ag gee op hierdie waarskuwing, “...is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie.” Maar oor diegene wat nie waak nie, sal die “...dag van die Here kom net soos ‘n dief in die nag.” (1 Thes 5:2-5). 38

Die wêreld is nie méér bereid om kredietwaardigheid aan hierdie boodskap te skenk as wat die Jode aan die Heiland se waarskuwing aangaande Jerusalem wou skenk nie. Wanneer dit ook al kom, sal die dag van die Here onverwags oor die goddelose kom. Terwyl die lewe in sy onveranderlike kringloop voortgaan, terwyl die mens opgeneem is in plesier, in sake, handel, in verkeer, in winsbedryf; terwyl godsdienstige leiers die vooruitgang en verligting van die wêreld verhef en die mense in

‘n valse gerustheid gesus word, dan, net soos die middernagtelike dief die onbewaakte woning binnesluip, sal skielike verderf oor die onverskilliges en goddelose kom, “...en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.” (1 Thes 5:3).

## Hoofstuk 2 39

# Vervolging in die Eerste Eeue

Toe Jesus die lot van Jerusalem en die tonele van Sy tweede koms aan Sy dissipels geopenbaar het, het Hy ook die ervarings van Sy volk, vanaf die tyd wanneer Hy van hulle weggeneem sou word, tot met Sy terugkeer in krag en glorie vir hulle verlossing, voorspel. Vanaf die Olyfberg het die Verlosser die storms wat die apostoliese kerk sou tref gesien; en terwyl Hy die toekoms dieper binnegedring het, het Sy oog die hewige, vernietigende storms wat Sy volgelinge in die komende eeue van duisternis en vervolging sou tref waargeneem. In ‘n paar kort uitsprake van skrikwekkende betekenis, het Hy die porsie wat die regeerders van hierdie wêreld aan die kerk van God sou uitmeet, voorspel. (Sien Mat 24:9,21,22). Die volgelinge van Christus sou dieselfde pad van vernedering, smaad en lyding wat hul Meester geloop het, volg. Die vyandigheid wat teen die Verlosser van die wêreld uitgebreek het, sou teen almal wat in sy Naam glo, geopenbaar word.

Die geskiedenis van die vroeë kerk het van die vervulling van 40
die Heiland se woorde getuig. Die magte van die aarde en die hel het in slagorde teen Christus in die persoon van Sy volgelinge opgekom. Die heidendom het voorsien dat indien die evangelie sou seëvier, hulle tempels en altare weggevee sou word; daarom het hulle al hul kragte ingespan om die Christendom te vernietig. Die vure van vervolging is aangesteek. Christene is van hul besittings beroof en uit hulle huise verdryf. Hulle het “...groot lydensworsteling deurstaan.” (Heb 10:32). Hulle moes “...die proef van bespottinge en geseling deurstaan, ook van boeie en gevangenis.” (Heb. 11:36). Groot getalle het hul getuienis met hul bloed verseël. Edelman en slaaf, ryk en arm, geleerd en ongeletterd, is almal genadeloos gedood.

Hierdie vervolgings wat onder Nero ‘n aanvang geneem het, ongeveer in die tyd van Paulus se marteldood, het vir eeue met

minder of meer woede voortgeduur. Christene is valslik van die aakligste misdade beskuldig en dat hulle die oorsaak van die groot rampe soos hongersnood, pessiektes en aardbewings was. Hulle was die voorwerpe van haat en agterdog en informante was altyd gereed om onskuldiges vir eie gewin te verraai. Hulle is as opstandelinge teen die ryk veroordeel, as vyande van die godsdiens en ‘n pes vir die samelewing. Groot getalle is vir wilde diere gegooi of lewendig in die amfiteaters verbrand. Sommige is gekruisig, ander is met die velle van wilde diere bedek en in die arena geplaas om deur honde verskeur te word. Hulle straf het dikwels op openbare feesdae gedien as die vernaamste vermaak. Groot menigtes het saamgedrom om die toneel te aanskou en het die doodsangs van die Christene met gelag en applous begroet.

Oral waar hulle skuiling gesoek het, is die volgelinge van Christus soos die prooi van roofdiere gejag. Hulle moes noodgedwonge in verlate en eensame plekke skuiling soek. “Hulle het gebrek gely, hulle is verdruk, mishandel — die wêreld was hulle nie werd nie — hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.” (Heb 11:37,38). Die ondergrondse grafkelders het skuiling aan duisende verleen. Onder die heuwels buite die stad Rome, is lang galerye deur die grond en rotse getonnel; hierdie donker en ingewikkelde netwerk van gange het kilometers ver buite die stadsmure gestrek. In hierdie ondergrondse skuilplekke het die volgelinge van Christus hulle dooies begrawe; en hulle het ook hier, wanneer hulle verdink of verban is, skuiling gevind. Wanneer die Lewegewer eendag diegene wat die goeie stryd gevoer het opwek, sal menige martelaar wat om Christus ontwil gesterf het, uit hierdie somber grotte voortkom.

Onder die hewigste vervolging, het hierdie getuies van Jesus 41
hulle geloof onbevlek bewaar. Hoewel hulle van alle geriewe beroof is, weg van die sonlig opgesluit en hulle in die donker, maar vriendelike skoot van die aarde ‘n tuiste moes vind, het hulle nooit gekla nie. Met woorde van geloof, lydsaamheid en

hoop het hulle mekaar bemoedig om die ontbering en ellende te verdra. Die verlies van alle aardse seëninge kon hulle nie dwing om hulle geloof in Christus te verloën nie. Beproewing en vervolgings was slegs enkele stappe wat hulle nader aan hul rus en hul beloning gebring het.

Soos God se diensknegte van ouds, is baie van hulle gemartel en hulle "...wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te kan verkry." (Heb 11:35). Hulle het die woorde van hul Meester in herinnering geroep wat gesê het dat as hulle om Sy ontwil vervolg word, hulle verheug moes wees omdat hulle loon in die hemel groot sou wees; want so is die profete voor hulle ook vervolg. Hulle was verheug dat hulle waardig geag is om vir die waarheid te ly en te midde van die knetterende vlamme, het daar oorwinningsliedere opgestyg. Terwyl hulle in geloof opgekyk het, het hulle gesien hoe Christus en engele oor die kantele van die hemel met diep belangstelling na hulle kyk en hul standvastigheid met goedkeuring aanskou. 'n Stem is van die troon van God gehoor: "Wees getrou tot die dood toe en Ek sal jou die kroon van die lewe gee." (Openb 2:10).

Satan se pogings om die kerk van Christus deur geweld te vernietig was tevergeefs. Die groot stryd waarin die dissipels van Jesus hulle lewens opgeoffer het, het nie opgehou toe hierdie getroue vaandeldraers in hul pos geval het nie. Deur hul neerlaag het hulle oorwin. God se werkers is gedood, maar sy werk het bestendig voortgegaan. Die evangelie het steeds uitgebrei en die aantal aanhangers daarvan het toegeneem. Dit het tot plekke deurgedring wat selfs vir die arende van Rome ontoeganklik was. Aan die heidense regeerders wat aangedring het op die voortsetting van die vervolging, het 'n Christen gesê: Julle mag "...ons doodmaak, ons martel, ons veroordeel ... Julle onregverdigheid is bewys van ons onskuld ... Julle wreedheid ... sal julle niks help nie." Die vervolging het slegs gedien as 'n sterker uitnodiging om ander van hulle geloof te oortuig. "Hoe

meer julle ons afmaai, hoe meer sal ons getalle uitbrei; die bloed van Christene is saad.” — Tertullianus, *Apology*, par 50.

Duisende is gevange geneem en gedood; maar ander het hul plekke ingeneem. En diegene wat weens hul geloof gemartel is, was veilig in Christus en is deur Hom as oorwinnaars gereken. Hulle het die goeie stryd van geloof gestry en sal die kroon van heerlikheid ontvang wanneer Christus kom. Die lyding wat hulle verduur het, het die Christene nader aan mekaar en aan hulle Verlosser gebring. Hulle lewende voorbeeld en sterwende getuienis was 'n voortdurende getuienis vir die waarheid; en waar dit die minste verwag is, het die onderdane van Satan sy diens verlaat en hulle onder die vaandel van Christus geskaar. 42

Om hierdie rede het Satan sy planne om meer suksesvol teen die regering van God te veg, beraam deur sy vaandel in die Christelike kerk te plant. As die volgelinge van Christus mislei kon word en dit daartoe sou lei dat hulle God mishaag, sou hulle krag, volharding en standvastigheid hulle in die steek laat en sou hulle ‘n maklike prooi word.

Die groot teëstander het nou probeer om deur listigheid te bekom wat hy nie met geweld kon verkry nie. Die vervolging is gestaak en met gevaarlike aanloklikhede van tydelike voorspoed en wêreldse eer vervang. Afgodedienaars is gelei om die Christelike geloof gedeeltelik aan te neem, terwyl hulle sommige van die noodsaaklike waarhede verwerp het. Hulle het bely dat hulle Jesus as die Seun van God aanvaar en in Sy dood en opstanding te glo, maar hulle het geen oortuiging van sonde gehad nie en het geen behoefte aan bekering of verandering van die hart gehad nie. Met 'n paar toegewings aan hulle kant, het hulle voorgestel dat die Christene ook toegewings moet maak, sodat hulle almal op die platform van geloof in Christus kon verenig.

Die kerk het nou in groot gevaar verkeer. Die gevangeskap, 43
marteling, vuur en swaard was seëninge in vergelyking hiermee. Sommige van die Christene het vasgestaan en verklaar dat geen

kompromie aangegaan kon word nie. Ander was ten gunste daarvan om sommige eienskappe van hulle geloof te wysig of aan te pas en met diegene wat die Christelike geloof gedeeltelik aangeneem het te verenig en het daarop aangedring dat dit die middel tot hulle volle bekering kon wees. Dit was 'n tyd van groot sieleangs vir die getroue volgelinge van Christus. Onder 'n dekmantel van beweerde Christelikheid, het Satan homself in die kerk geïnsinueer om hul geloof te verdorwe en hul gedagtes weg van die woord van waarheid te keer.

Uiteindelik het meeste van die Christene ingestem om hul standaard te verlaag en die Christendom en die heidendom het verenig. Hoewel die aanbidders van afgode voorgegee het dat hulle tot bekering gekom en met die kerk verenig is, het hulle steeds aan hulle afgodsdiens vasgehou en slegs die voorwerpe van hul aanbidding verander na beelde van Jesus en selfs van Maria en die heiliges. Hierdie besoedelde suurdeeg van afgodediens wat in die kerk ingebring is, het die kwaadwillige werk voortgesit. Ongesonde leerstellings, bygelowige rituele en afgodiese seremonies is in haar geloof en aanbidding opgeneem. Namate die volgelinge van Christus met afgodedienaars verenig het, het die Christelike godsdiens korrup geraak en die kerk het haar reinheid en krag verloor. Sommiges was egter nie deur hierdie dwalinge mislei is nie. Hulle het steeds hul trou aan die Outeur van die waarheid gehandhaaf en God alleen aanbid.

Daar was altyd twee klasse onder diegene wat bely dat hulle 44
volgelinge van Christus is. Terwyl die een klas die lewe van die Heiland bestudeer en ernstig gepoog het om hul gebreke reg te stel en aan die Patroon te voldoen, het die ander klas die duidelike, praktiese waarhede wat hulle dwalings blootlê, verwerp. Selfs op haar beste, is die kerk nooit geheel en al uit ware, suiwer en opregte gelowiges saamgestel nie. Ons Verlosser het geleer dat diegene wat opsetlik aan sonde toegee, nie in die kerk ontvang moes word nie; tog het Hy mense met gebrekkige karakters met Homself verbind en aan hulle die voordele van Sy leerstellings en voorbeeld gegee, sodat hulle 'n

geleentheid kon kry om hulle eie foute raak te sien en reg te stel. Onder die twaalf apostels was ‘n verraaier. Judas is aanvaar, nie vanweë die gebreke in sy karakter nie, maar ten spyte daarvan. Hy was met die dissipels verbind, sodat hy deur die onderrig en voorbeeld van Christus kon leer wat die Christelike karakter is en sodoende gelei kon word om sy dwalinge in te sien, hom te bekeer en deur Goddelike genade sy siel te reinig “...deur gehoorsaamheid aan die waarheid.” Maar Judas het nie in die lig wat so genadiglik op hom geskyn het gewandel nie. Deur toe te gee aan sonde, het hy die versoekings van Satan uitgelok. Sy bose karaktertrekke het die oorhand gekry. Hy het sy gedagtes aan die magte van die duisternis onderwerp, kwaad geword wanneer sy foute bestraf is en sodoende is hy daartoe gelei om die vreesagtige misdaad te pleeg om sy Meester te verraai. Almal wat boosheid onder ‘n dekmantel van godsaligheid koester, haat ook diegene wat hulle sondes veroordeel. Wanneer ‘n gunstige geleentheid hom voordoen, sal hulle, net soos Judas, diegene wat hulle ten goede probeer teregwys, verraai.

In die kerk het die apostels mense teëgekom wat godvrugtigheid bely het, terwyl hulle heimlik ongeregtigheid gekoester het. Ananias en Saffira was bedrieërs wat voorgegee het dat hulle 'n volle offer vir God gebring het, terwyl hulle hebsugtig ‘n deel vir hulleself teruggehou het. Die Gees van waarheid het die ware karakter van hierdie voorgee aan die apostels geopenbaar en die oordele van God het die kerk van hierdie klad op sy reinheid bevry. Hierdie belangrike bewys van die onderskeidende Gees van Christus in die kerk, was 'n verskrikking vir huigelaars en kwaaddoeners. Hulle kon nie lank onder diegene bly wat in gewoonte en gesindheid, konstante verteenwoordigers van Christus was nie; en toe beproewinge en vervolging oor Sy volgelinge gekom het, was slegs diegene wat gewillig was om alles ter wille van die waarheid op te offer, bereid om Sy dissipels te word. Vir solank as wat die vervolging voortgeduur het, het die kerk relatief suiwer gebly. Maar toe die vervolging opgehou het, is daar bekeerlinge tot die kerk

toegevoeg wat minder opreg en toegewyd was en die weg was oop vir Satan om ’n vastrapplek te kry.

Maar daar is geen verbintenis tussen die Vors van die lig en 45
die vors van die duisternis nie en daar kan ook geen verbintenis tussen hulle volgelinge wees nie. Toe die Christene ingestem het om met diegene wat slegs halfhartig van die heidendom bekeerd was te verenig, het hulle 'n weg betree wat hulle al hoe verder van die waarheid weggelei het. Satan was verheug dat hy daarin geslaag het om so ‘n groot aantal van die volgelinge van Christus te mislei. Toe het hy al sy kragte ingespan en dit op hierdie mense uitgeoefen om hulle te beweeg om diegene wat getrou aan God gebly het te vervolg. Niemand het so goed verstaan hoe om die ware Christelike geloof te bestry as diegene wat vroeër die verdedigers daarvan was nie; en hierdie afvallige Christene, in samewerking met hulle half-heidense Christene, het die stryd teen die belangrikste kenmerke van die leerstellings van Christus gevoer.

Dit het ‘n desperate stryd van diegene wat getrou wou bly geverg om vas te staan teen die misleiding en gruwels wat in die vermomming van heilige gewaad in die kerk ingebring is. Die Bybel is nie as die maatstaf van geloof aanvaar nie. Die leerstelling van godsdiensvryheid is as kettery bestempel en die handhawers daarvan is gehaat en verban.

Na ‘n lang en felle stryd het die geringe groep getroues besluit om alle verbintenis met die afvallige kerk te ontbind, indien laasgenoemde steeds sou weier om haar van valsheid en afgodediens te vrywaar. Hulle het besef dat skeiding absoluut noodsaaklik was as hulle die Woord van God wou gehoorsaam. Hulle het nie durf toelaat dat dwalinge wat noodlottig vir hulle eie siele was en ’n voorbeeld sou stel wat die geloof van hul kinders en kindskinders sou belemmer, langer geduld word nie. Om vrede en eenheid te verseker, was hulle bereid om enige toegewing in ooreenstemming met wat getrou aan God was, te maak; maar hulle was van mening dat die prys van vrede te duur

was as dit ten koste van opoffering van beginsel moes geskied. Indien eenheid slegs deur die kompromie van waarheid en geregtigheid beveilig kon word, laat daar dan geskille en selfs oorlog wees.

Dit sou goed vir beide die kerk en die wêreld wees as die 46
beginsels wat daardie standvastige siele besiel het, weer in die harte van God se belydende volk herleef. Daar is 'n onrusbarende onverskilligheid ten opsigte van die leerstellings wat die pilare van die Christelike geloof vorm. Die mening, dat dit per slot van sake nie van lewensbelang is nie, is besig om veld te wen. Hierdie ontaarding is besig om die hande van die werkkragte van Satan te versterk, sodat valse teorieë en noodlottige dwalinge wat deur gelowiges in die verlede met lewensgevaar weerstaan en aan die kaak gestel is, tans deur duisende wat beweer dat hulle volgelinge van Christus is, goedgunstiglik beskou word.

Die vroeë Christene was inderdaad 'n besondere volk. Hulle onberispelike optrede en onwrikbare geloof was 'n voortdurende teregwysing wat die vrede van die sondaars versteur het. Alhoewel hulle min in getal was, sonder rykdom, posisie of eretitels, was hulle 'n verskrikking vir boosdoeners oral waar hulle karakter en leerstellings bekend was. Daarom is hulle deur die goddelose gehaat net soos Abel deur die goddelose Kain gehaat is. Om dieselfde rede wat Kain vir Abel doodgemaak het, het diegene wat gepoog het om die inperking van die Heilige Gees van hulle weg te werp, die volk van God doodgemaak. Dit was om dieselfde rede dat die Jode die Verlosser verwerp en gekruisig het, omdat die reinheid en heiligheid van Sy karakter 'n voortdurende bestraffing van hul selfsug en verdorwenheid was. Van die dae van Christus af tot nou toe, het Sy getroue dissipels die haat en teenkanting van diegene wat die weë van sonde liefhet en volg, ontketen.

Hoe kan die evangelie dan 'n boodskap van vrede genoem 47
word? Toe Jesaja die geboorte van die Messias voorspel het, het

hy die titel van "Vredevors" aan Hom toegeken. Toe die engele die geboorte van Christus aan die herders bekendgemaak het, het hulle op die vlaktes van Betlehem gesing: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!" (Luk 2:14). Daar is 'n skynbare teenstrydigheid tussen hierdie profetiese verklarings en die woorde van Christus: "Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard." (Mat 10:34). Maar, as dit reg verstaan word, is hierdie twee in perfekte harmonie. Die evangelie is 'n boodskap van vrede. Die Christelike geloof is 'n stelsel wat, indien dit aangeneem en gehoorsaam word, vrede, harmonie en geluk oor die aarde sou versprei. Die godsdiens van Christus sal almal wat die leringe daarvan aanvaar, in 'n hegte broederskap saamsnoer. Die sending van Jesus was om mense met God en dus met mekaar, te versoen. Maar die hele wêreld is onder die beheer van Satan, Christus se bitterste vyand. Die evangelie bied aan hulle lewensbeginsels wat geheel en al teenstrydig met hulle gewoontes en begeertes is en hulle kom in opstand daarteen. Hulle haat die reinheid wat hul sondes openbaar en veroordeel en hulle vervolg en vernietig diegene wat by hulle aandring om die regverdige en heilige aansprake daarvan te aanvaar. In hierdie sin, omdat die verhewe waarhede haat en twis veroorsaak, word die evangelie 'n swaard genoem.

Die heimlike voorsienigheid wat toegelaat het dat regverdiges vervolging deur die goddelose ondergaan, was 'n oorsaak van groot benoudheid vir baie wat swak in die geloof was. Sommige was selfs bereid om hul vertroue in God te laat vaar omdat Hy toegelaat het dat selfs die sondigste mense voorspoedig was, terwyl die beste en reinste Christene deur hul wrede mag geteister word. Hoe, het hulle gevra, kan Iemand wat regverdig en barmhartig is en wat oneindig magtig is, sulke onreg en verdrukking verdra? Dit is 'n vraag waarmee ons niks te doen het nie. God het aan ons voldoende bewyse van Sy liefde gegee en ons moet nie Sy goedheid betwyfel omdat ons nie die werking van Sy voorsienigheid verstaan nie. Die Verlosser, wat die twyfel wat in die dae van beproewing en donkerheid hulle siele sou

oorval vooruitgesien het, het aan Sy dissipels gesê: “Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: ‘n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg.” (Joh 15:20). Jesus het meer vir ons gely as wat enige van Sy volgelinge ooit deur die wreedheid van goddelose mense, sou ly. Diegene wat geroep is om marteling te verduur en 'n marteldood te sterf, het slegs in die voetstappe van God se geliefde Seun gevolg.

“Die Here vertraag nie die belofte" nie. (2 Pet 3:9). Hy vergeet 48
of verwaarloos nie Sy kinders nie; maar Hy laat die goddelose toe om hul ware karakter te openbaar, sodat niemand wat begeer om sy wil te doen, aangaande hulle mislei word nie. En die regverdiges word dan weer in die smeltkroes geplaas, sodat hulle self gereinig kan word; sodat hulle voorbeeld ander van die werklikheid van geloof en godsvrug kan oortuig; en hulle deur hul standvastige lewe, die goddelose en ongelowiges kan veroordeel.

God laat die goddelose toe om voorspoedig te wees en hul vyandigheid teenoor Hom te openbaar, sodat wanneer hulle beker van ongeregtigheid vol is, almal Sy geregtigheid en genade in hul volkome vernietiging kan sien. Die dag van Sy wraak kom vinnig nader, wanneer almal wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het, die regverdige vergelding vir hulle dade sal ontvang; wanneer elke daad van wreedheid en onreg teenoor God se getroues gestraf sal word asof dit aan Christus self gedoen is.

Daar is egter ‘n ander en belangriker vraag wat die aandag van die kerke van vandag in beslag moet neem. Die apostel Paulus verklaar dat: “Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word.” (2 Tim 3:12). Waarom is dit dan asof vervolging in ‘n groot mate sluimerend blyk te wees? Die enigste rede is dat die kerk aan die wêreld se standaard voldoen en daarom geen teëstand opwek nie. Die hedendaagse godsdiens is nie van die suiwer en heilige aard wat die Christelike geloof in die dae van Christus en Sy apostels gekenmerk het nie. Dit is slegs as gevolg van 'n gees van kompromie wat met die

sonde aangegaan is, dat die groot waarhede van die Woord van God met soveel onverskilligheid bejeën word, dat daar so min lewensbelangrike godsaligheid in die kerk is en dat die Christelike geloof so gewild in die wêreld blyk te wees. Sodra die geloof en krag van die vroeë kerk herleef, sal die gees van vervolging weer herleef en die vure van vervolging sal weer aangesteek word.

Hoofstuk 3 49

# 'n Tydperk van Geestelike Duisternis

In sy tweede sendbrief aan die Thessalonicense, het Paulus die groot afvalligheid wat tot die opkoms van die mag van die pousdom sou lei, voorspel. Hy het verklaar dat die dag van Christus nie sou kom voordat die groot afval gekom het nie: “Want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.” (2 Thes 2:3,4). En verder waarsku die apostel sy broeders: “Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk.” (2 Thes 2:7). Selfs op daardie vroeë stadium het hy gesien hoedat dwaalleringe wat die weg vir die ontwikkeling van die pousdom sou voorberei die kerk binnesluip.

Bietjie vir bietjie, eers skelm en stilweg en toe meer openlik 50
en namate dit in krag toegeneem en beheer oor die verstand van mense verkry het, het die verborgenheid van ongeregtigheid die misleidende en godslasterlike werk voortgesit. Byna onopmerklik het die gebruike van die heidendom hul weg in die Christelike kerk gevind. Die gees van kompromie en gelykvormigheid is vir ’n tyd deur die hewige vervolging wat die kerk onder die heidendom verduur het ingeperk. Maar toe die vervolging gestaak is en die Christendom die voorhowe en paleise van konings betree het, het die kerk die nederige eenvoud van Christus en Sy apostels verruil vir die prag en praal van heidense priesters en heersers; en in plaas van die vereistes van God, is dit met menslike teorieë en tradisies vervang. Die sogenaamde bekering van Konstantyn aan die begin van die vierde eeu, het groot vreugde veroorsaak; en die wêreld, bedek met ‘n vorm van geregtigheid, het in die kerk ingetree. Korrupsie het nou vinnig toegeneem. Die heidendom, terwyl dit voorgekom het asof dit oorwin is, het die oorwinnaar geword. Haar gees het die kerk beheer. Haar leerstellings, seremonies en

bygelowe is in die geloof en aanbidding van die beweerde volgelinge van Christus opgeneem.

Hierdie kompromie tussen die heidendom en die Christendom, het gelei tot die ontwikkeling van die “......mens van sonde...” wat, volgens die profesie voorspel is dat hy homself bo God verhef en Hom teëstaan. Hierdie reuse-stelsel van valse godsdiens is ‘n meesterstuk van Satan se mag — ‘n monument vir sy pogings om homself op die troon te plaas om die aarde volgens sy wil te regeer.

Satan het voorheen probeer om ‘n kompromie met Christus te sluit. Hy het in die woestyn van versoeking na die Seun van God gekom en terwyl hy aan Hom al die koninkryke van die wêreld en die heerlikheid daarvan getoon het, aangebied om alles in Sy hande oor te gee as Hy net die oppergesag van die vors van duisternis sou erken. Christus het die vermetel versoeker bestraf en hom gedwing om weg te gaan. Maar Satan behaal groter sukses deur dieselfde versoekings aan mense te rig. Ten einde wêreldse winste en eerbewyse te verseker, is die kerk gelei om die guns en steun van die groot manne van die aarde te soek; en nadat sy Christus verwerp het, is sy beweeg om haar trou aan die verteenwoordiger van Satan, die biskop van Rome, te skenk.

Dit is een van die vernaamste leerstellings van die Roomse geloof dat die pous die sigbare hoof van die universele kerk van Christus is, beklee met oppergesag oor biskoppe en predikante in alle dele van die wêreld. Meer as dit, is die titel van Godheid aan hom toegedien. Hy word genoem, “Here God die pous” *[sien bylae vir bl 50]* en is onfeilbaar verklaar. Hy maak aanspraak op die eerbetoon van alle mense. Dieselfde aanspraak wat Satan in die woestyn van versoeking aangespoor het, word steeds deur die Kerk van Rome aangespoor en groot menigtes is bereid om aan hom hulde te bring.

Maar diegene wat God vrees en eerbiedig, konfronteer 51
hierdie hemeltergende aanmatiging soos Christus die versoekinge van die sluwe vyand beantwoord het met: “Die Here

jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." (Luk 4:8). God het nêrens in Sy Woord melding gemaak dat Hy ‘n mens as hoof van die kerk aangestel het nie. Die leerstelling van pouslike heerskappy is regstreeks in teenstelling met die leerstellings van die Skrif. Die pous kan geen mag oor die kerk van Christus verkry nie, behalwe deur ongeoorloofde oorname.

Rome het volhard om die beskuldiging teen Protestante van dwaalleringe en moedswillige skeiding van die ware kerk te bring, maar hierdie beskuldigings was eerder op hulleself van toepassing. Dit is hulle wat die vaandel van Christus neergelê het en afgewyk het van die "...geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." (Judas 3).

Satan het goed geweet dat die Heilige Skrif mense in staat sou stel om sy misleidings te onderskei en sy mag te weerstaan. Dit was deur die Woord dat selfs die Verlosser van die wêreld sy aanvalle weerstaan het. Met elke aanval het Christus die skild van ewige waarheid voorgehou en gesê: "Daar is geskrywe." Elke voorstel wat die vyand gemaak het, het Hy met die wysheid en krag van die Woord teëgestaan. Vir Satan om sy beheer oor die mense te handhaaf en die gesag van die pouslike indringer te vestig, moes hy hulle onkundig aangaande die Skrif hou. Die Bybel verhef God en plaas die sterflike mens in sy ware posisie; daarom moes die heilige waarhede daarvan verswyg en onderdruk word. Hierdie logika is deur die Roomse Kerk aanvaar. Die verspreiding van die Bybel was vir honderde jare verbode. Die mense was verbied om dit te lees of in hulle huise te hê en beginsellose priesters en prelate het die leerstellings daarvan op 'n wyse vertolk wat hulle eie aanmatigings staaf. So is die pous byna universeel as die plaasvervanger van God op aarde erken, bedeel met gesag oor kerk en staat.

Met die ontbloter van dwaling uit die weg geruim, kon Satan 52
na willekeur werk. Die profesie het verklaar dat die pousdom sou dink "...om tye en wet te verander." (Dan 7:25). Hy was nie traag om dit in werking te stel nie. Om aan die bekeerlinge uit die

heidendom 'n plaasvervanger vir die aanbidding van afgode te kon bied en sodoende hul nominale aanvaarding van die Christendom te bevorder, is die aanbidding van beelde en relikwieë geleidelik in die Christelike godsdiens ingebring. ‘n Dekreet van ‘n algemene raadsvergadering *[sien bylaag]* het hierdie stelsel van afgodery uiteindelik bekragtig. Om hierdie werk van heiligskending te voltooi, het Rome hulle aangematig om die tweede gebod van die wet van God wat die aanbidding van beelde verbied te verwyder en die tekort aan te vul deur die tiende gebod in twee te deel om sodoende tien gebooie te behou.

Hierdie gees van toegewing aan die heidendom het die weg vir ‘n verdere miskenning van die Hemel se gesag gebaan. Satan, wat deur ongewyde leiers van die kerk gewerk het, het ook met die vierde gebod gepeuter en dit so bewerk dat die eertydse Sabbat, die dag wat God geseën en geheilig het (Gen 2:2,3), met die feesdag wat deur die heidene as “...die eerbiedwaardige dag van die son..” gevier is, te vervang. Aanvanklik was hierdie verandering nie openlik aangewend nie. In die eerste eeue was die ware Sabbat deur alle Christene onderhou. Hulle was ywerig vir die eer van God en omdat hulle geglo het dat Sy wet onveranderlik is, het hulle ywerig oor die heiligheid van die gebooie gewaak. Maar met groot subtiliteit het Satan deur sy werkkragte gewerk om sy doelwit te bereik. Om die aandag van die mense op Sondag te vestig, is dit as 'n feesdag ter ere van die opstanding van Christus ingestel. Godsdienstige dienste is op daardie dag gehou; tog was dit as 'n dag van ontspanning beskou, terwyl die Sabbat steeds as heilig waargeneem is.

Om die weg voor te berei vir die werk wat hy beplan het om te verrig, het Satan die Jode, voor die eerste koms van Christus, beweeg om die Sabbat te belaai met die strengste eise wat die onderhouding daarvan ‘n las gemaak het. En, terwyl hy voordeel uit die valse lig waarin hy dié dag gestel het getrek het, het hy dit as ‘n Joodse instelling laat minag. Terwyl die Christene Sondag oor die algemeen steeds as 'n vreugdevolle dag gevier het, het

hy hulle gelei om haat teenoor Judaïsme te betoon, om die Sabbat 'n vasdag, 'n dag van hartseer en somberheid te maak.

Aan die begin van die vierde eeu het die keiser, Konstantyn, 53
‘n dekreet uitgevaardig wat Sondag as 'n openbare feesdag in die hele Romeinse Ryk *[sien bylaag]* verklaar het. Die dag van die son is deur sy heidense onderdane eerbiedig en deur Christene vereer; dit was die keiser se beleid om die botsende belange van die heidendom en die Christendom te verenig. Hy het dit op aandrang van die biskoppe van die kerk gedoen wat, besiel met ambisie en ‘n dors na mag, gesien het dat indien dieselfde dag deur beide Christene en heidene vereer word, dit die nominale aanname van die Christelike geloof deur die heidene sou bevorder en sodoende die mag en heerlikheid van die kerk sou laat toeneem. Maar hoewel baie godvresende Christene geleidelik gelei is om Sondag met ‘n mate van heiligheid te beskou, het hulle steeds die ware Sabbat as die heilige dag van die Here onderhou en dit in gehoorsaamheid aan die vierde gebod waargeneem.

Die aartsbedrieër het egter nog nie sy werk voltooi nie. Hy was vasbeslote om die Christendom onder sy vaandel te versamel en om sy mag deur sy plaasvervanger, die trotse pous wat aanspraak daarop maak dat hy die verteenwoordiger van Christus is, uit te oefen. Deur middel van half-bekeerde heidene, ambisieuse prelate en wêreldliefhebbende kerkmense, het hy sy doel bereik. Belangrike raadsvergaderings waar die waardigheidsbekleërs van die kerk uit alle dele van die wêreld byeengeroep is, is van tyd tot tyd gehou. Op byna elke vergadering is die Sabbat wat God ingestel het, steeds laer afgedruk terwyl Sondag dienooreenkomstig verhoog is. As gevolg hiervan is die heidense feesdag uiteindelik as ‘n goddelike instelling vereer, terwyl die Bybelse Sabbat as ‘n oorblyfsel van Judaïsme bestempel is en diegene wat dit gevier het, is as vervloek verklaar.

Die groot afvallige het daarin geslaag om homself te "...verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is." (2 Thes 2:4). Hy het dit gewaag om die enigste voorskrif van die Goddelike wet wat die mensdom onmiskenbaar op die ware en lewende God gewys het, te verander. In die vierde gebod word God as die Skepper van die hemel en die aarde geopenbaar en word daardeur van alle valse gode onderskei. Dit was as 'n gedenkteken van die skeppingswerk dat die sewende dag as rusdag vir die mens geheilig is. Die doel daarvan was om die lewende God altyd in die gedagtes van mense as die Bron van die wese en die voorwerp van eerbied en aanbidding voor te hou. Satan streef daarna om mense van hulle trou aan God en gehoorsaamheid aan Sy wet weg te keer; daarom is sy pogings veral op daardie gebod wat God as die Skepper aanwys, gerig. 54

Protestante voer nou aan dat die opstanding van Christus op Sondag hierdie dag die Christelike Sabbat gemaak het. Maar daar is geen skriftuurlike bewys daarvoor nie. Geen sulke eer is deur Christus of Sy apostels aan hierdie dag toegeken nie. Die viering van Sondag as 'n Christelike instelling, het sy oorsprong in die "...verborgenheid van die ongeregtigheid..." (2 Thes 2:7), wat selfs in Paulus se tyd reeds aan die werk was. Waar en wanneer, het die Here hierdie kind van die pousdom aangeneem? Watter geldige rede kan aangevoer word vir 'n verandering wat nie deur die Skrif bevestig word nie?

In die sesde eeu is die pousdom ferm gevestig. Sy setel is in die keiserlike stad gevestig en die biskop van Rome is as hoof van die hele kerk verklaar. Die heidendom het plek vir die pousdom gemaak. Die draak het aan die dier "...sy krag gegee en sy troon en grote mag." (Openb 13:2). En nou het die 1 260 jaar van pouslike onderdrukking, soos in die profesieë van Daniël en Openbaring voorspel, 'n aanvang geneem. (Sien Dan 7:25; Openb 13:5-7). *[Sien bylaag]*. Christene moes noodgedwonge kies om óf hul integriteit in te boet en die pouslike seremonies en godsdiens te aanvaar, óf om in kerkers weg te kwyn, óf op die pynbank te sterf, óf op die brandstapel, óf deur die byl van die laksman. Die

volgende woorde van Jesus is aldus vervul: “Julle sal oorgelewer word ook deur ouers en broers en bloedverwante en vriende; en hulle sal van julle doodmaak. En julle sal gehaat wees deur almal ter wille van my Naam.” (Luk 21:16,17). Vervolging is op die getroues met groter woede as ooit tevore losgelaat en die wêreld het ‘n uitgestrekte slagveld geword. Die kerk van Christus het vir honderde jare in afsondering en onopsigtelikheid skuiling gevind. Daarom het die profeet gesê: “En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar kan onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.” (Openb 12:6).

Die toetrede van die mag van die Roomse Kerk, het die begin 55
van die Donker Eeue ingelei. Namate haar krag toegeneem het, het die duisternis verdiep. Geloof in Christus, die ware fondament, is op die pous van Rome oorgedra. In plaas daarvan om op die Seun van God vir vergifnis van sonde en verlossing te vertrou, het die mense na die pous en na priesters en prelate aan wie hy sy gesag oorgedra het, opgesien. Hulle is geleer dat die pous hulle aardse middelaar is en dat niemand tot God kon nader behalwe deur hom nie; en verder, dat hy in die plek van God staan vir hulle en daarom implisiet gehoorsaam moes word. Afwyking van sy vereistes was voldoende rede om die liggame en siele van die oortreders met die swaarste straf te besoek. So is die denke van die volk van God afgewend na feilbare, dwalende en wrede mense; nee, meer as dit, na die vors van die duisternis self wat sy mag deur hulle uitgeoefen het. Sonde was in ‘n gewaad van heiligheid verbloem. Wanneer die Skrif onderdruk word en die mens homself as oppermag beskou, kan ons slegs bedrog, misleiding en afbrekende ongeregtigheid verwag. Met die verheffing van menslike wette, word die korrupsie wat altyd die gevolg van die tersydestelling van die wet van God is gemanifesteer.

Dit was dae van gevaar vir die kerk van Christus. Getroue vaandeldraers was inderdaad in die minderheid. Alhoewel die waarheid nie sonder getuies gelaat is nie, het dit soms gelyk asof

dwaling en bygeloof sou oorheers en dat ware godsdiens van die aarde verban sou word. Die evangelie is uit die oog verloor, maar vormgodsdiens het toegeneem en die mense is met streng vereistes belas.

Nie alleen is hulle geleer om na die pous as hulle middelaar 56
op te sien nie, maar om ook op hul eie werke om versoening vir sonde te doen, te vertrou. Lang pelgrimsreise, dade van boetedoening, aanbidding van relikwieë, oprigting van kerke, heilige grafte en altare, die betaling van groot bedrae geld aan die kerk — dit en soortgelyke dade, is voorgeskryf om die wraak van God te bevredig of om Sy guns te verseker; asof God soos mense is, wat oor onbenullighede kwaad word, of deur dade van boetedoening versoen word!

Ondanks die ondeug, selfs onder die leiers van die Roomse Kerk, het dit geblyk asof haar invloed steeds toegeneem het. Ongeveer teen die einde van die agste eeu, het papiste die bewering aangevoer dat die biskoppe van Rome in die eerste eeue van die kerk, oor dieselfde geestelike mag beskik het as wat hulle nou vir hulself toegeëien het. Om hierdie eis te bevestig, moes die een of ander middel gevind word om daaraan ‘n skyn van gesag te gee en dit is geredelik deur die vader van die leuen voorgestel. Antieke geskrifte is deur monnike vervals. Dekrete van raadsvergaderings waarvan nooit voorheen gehoor is nie, is ontdek, wat die universele oppergesag van die pous vanaf die vroegste tye bevestig het. En ‘n kerk wat die waarheid verwerp het, het hierdie misleiding gretig aanvaar. *[Sien bylaag]*

Die paar getroue bouers op die ware Fondament, (Sien 1 Kor 3:10,11) is verwar en verhinder toe die rommel van valse leerstellings die werk belemmer het. Soos die bouers aan die muur van Jerusalem in Nehemia se tyd, was sommige gereed om te sê: “Die krag van die lasdraers beswyk en die puinhoop is groot, sodat ons nie aan die muur kan bou nie.” (Neh 4:10). Uitgemergel deur die voortdurende stryd teen vervolging, bedrog, ongeregtigheid en elke ander struikelblok wat Satan kon

bedink om hulle vooruitgang te belemmer, het sommige van die getroue bouers moedeloos geraak; en ter wille van vrede en veiligheid van hulle eiendom en hul lewens, het hulle van die ware Fondament weggedraai. Ander, nie deur die teenkanting van hul vyande afgeskrik nie, het onverskrokke verklaar: "Julle moet nie bang wees vir hulle nie; dink aan die grote en gedugte HERE..." (Neh 4:14) en hulle het met hulle werk voortgegaan elkeen met sy swaard aan sy sy gegord. (Sien Efe 6:17).

Dieselfde gees van haat en teëstand teen die waarheid het 57
die vyande van God in elke eeu besiel en dieselfde waaksaamheid en getrouheid word van sy diensknegte vereis. Die woorde van Christus aan die eerste dissipels is tot die einde van tyd op Sy volgelinge van toepassing: "En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!" (Mark 13:37).

Die donkerte het geblyk al digter te word. Aanbidding van beelde het meer algemeen geword. Kerse is voor die beelde gebrand en daar is tot hulle gebid. Die mees absurde en bygelowige gebruike het geheers. Die gemoed van die mense is so volkome deur bygeloof oorheers dat dit gelyk het asof alle rede van mag ontneem is. Omdat priesters en biskoppe self genotsugtig, wellustig en verdorwe was, kon niks anders verwag word as dat mense wat vir leiding na hulle opgesien het, in onkunde en ondeug sou wegsink.

'n Ander stap in pouslike aanmatiging is geneem toe Pous Gregorius VII in die elfde eeu die volmaaktheid van die Roomse Kerk verklaar het. Een van die aansprake wat hy voorgehou het, het verklaar dat die kerk, volgens die Skrif, nooit gedwaal het nie en ook nooit sou dwaal nie. Maar skriftuurlike bewyse vir hierdie bewering het ontbreek. Die trotse pous het ook op die mag aanspraak gemaak om keisers te onttroon en verklaar dat geen vonnis wat hy uitgespreek het deur enigiemand omgekeer kon word nie, maar dat dit sy voorreg was om die besluite van alle ander om te keer. *[Sien bylaag].*

‘n Treffende voorbeeld van die tiranniese karakter van hierdie voorstander van onfeilbaarheid sien ons in sy optrede teen die Duitse keiser, Hendrik IV. Vanweë die veronderstelling dat hy die gesag van die pous verontagsaam het, is hierdie monarg geëkskommunikeer en onttroon. Vreesbevange as gevolg van die dreigemente en verlating van sy eie vorste, wat deur die pouslike mandaat in opstand teen hom aangemoedig is, het Hendrik genoodsaak gevoel om vrede met Rome te sluit. Vergesel van sy vrou en ‘n getroue dienskneg het hy die Alpe in die middel van die winter oorgesteek om homself voor die pous te gaan verneder. Toe hy by die kasteel aankom waarheen Gregorius hom onttrek het, is hy sonder ‘n lyfwag in die buitenste voorhof gebring en daar, in die bittere winterkoue, met onbedekte hoof, kaalvoet en skamele kleding aan, het hy op toestemming van die pous om in sy teenwoordigheid te verskyn gewag. Nie voordat hy drie dae lank gevas en belydenis gedoen het, het die pous ingewillig om hom te vergewe nie. Selfs toe was dit slegs op voorwaarde dat die keiser op die toestemming van die pous moes wag voordat hy weer sy koninklike amp kon hervat en sy gesag uitoefen. En Gregorius, ekstaties oor sy oorwinning, het daarmee gespog dat dit sy plig was om die trots van konings te verneder. 58

Hoe opvallend is die kontras tussen die oorheersende trots van hierdie hoogmoedige pous en die nederigheid en sagmoedigheid van Christus wat Homself verteenwoordig as pleitend by die deur van die hart om toegelaat te word om binne te kom, om vergifnis en vrede te bring en wat Sy dissipels geleer het dat: “Elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees!” (Mat 20:27).

Met verloop van eeue was daar 'n konstante toename van dwalinge in die leerstellings wat uit Rome voorgehou is. Reeds voor die totstandkoming van die pousdom, het die leerstellings van heidense filosowe aandag geniet en 'n invloed op die kerk uitgeoefen. Baie wat beweer het dat hulle tot bekering gekom het, het steeds aan die beginsels van hul heidense filosofie

vasgehou en dit nie net verder bestudeer nie, maar dit op ander afgedwing om hul invloed onder die heidene uit te brei. Ernstige dwaling is aldus op hierdie wyse in die Christelike geloof ingebring. Die belangrikste hieronder, was die geloof in die mens se natuurlike onsterflikheid en sy voortgaande bewustheid na die dood. Hierdie leerstelling het die grondslag gelê waarop Rome die aanroep van heiliges en die aanbidding van die Maagd Maria gevestig het. Hieruit het ook die dwaalleer van ewige foltering van sondaars gespruit, wat vroeg reeds in die pouslike geloofsbelydenis opgeneem is.

Daarna is die weg vir die bekendstelling vir 'n verdere 59
versinsel van die heidendom voorberei, wat Rome die vagevuur genoem het en wat aangewend was om die goedgelowige en bygelowige massas met vrees te vul. Deur hierdie dwaalleer word die bestaan van 'n plek van pyniging verklaar waarin die siele van diegene wat nie die ewige verdoemenis verdien het nie, die straf vir hul sondes moes ly en waaruit hulle, nadat hulle van hul onreinheid gereinig is, in die hemel toegelaat sou word. *[Sien bylaag].*

Nog 'n versinsel was nodig om Rome in staat te stel om voordeel uit die vrese en die ondeugde van haar aanhangers, te trek. Dit is voorsien deur die leerstelling van aflaatbriewe. Volle vergifnis van sondes van die verlede, die hede en die toekoms en vrylating van al die pyne en boetedoening is aan almal beloof wat by die oorlog van die pous sou aansluit om sy vyande te straf, of om diegene wat dit gewaag het om sy geestelike oppergesag te misken, uit te wis. Die mense is ook geleer dat deur die betaling van geld aan die kerk, hulle hulself van sonde kon bevry, asook die siele van hul oorlede vriende wat in die pynigende vlamme opgesluit was kon bevry. Op hierdie wyse het Rome haar koffers gevul en kon sy die prag, weelde en ondeug van die beweerde verteenwoordigers van Hom wat geen plek gehad het om Sy hoof neer te lê nie, onderhou. *[Sien bylaag].*

Die skriftuurlike ordening van die Nagmaal is deur die afgodiese offer van die mis vervang. Pouslike priesters het deur hul maskerades voorgegee om die brood en die wyn in die werklike “...liggaam en bloed van Christus...” te omskep. — Kardinaal Wiseman se lesings oor “*The Real Presence...”*, lesing 8, art 3, par 26. Met godslasterlike aanmatiging het hulle openlik aanspraak gemaak op die mag om God, die Skepper van alle dinge, te herskep. Van Christene is geëis om onder bedreiging van die dood, hul geloof in hierdie verskriklike, hemeltergende dwaalleer, te betuig. Menigtes wat geweier het, is aan die vlamme oorgegee. *[Sien bylaag].*

In die dertiende eeu is die mees vreesaanjaende van alle 60
dryfkragte van die pousdom ingestel, naamlik die Inkwisisie. Die vors van die duisternis het saam met die leiers van die pouslike hiërargie gewerk. In hul geheime rade het Satan en sy engele die harte van bose mense beheer, terwyl 'n engel van God ongesiens in hul midde gestaan het om 'n verslag van hul ongeregtige verordeninge en die geskiedenis van hul dade, te afskuwelik vir die oë van die mens, op te skryf “Die groot Babilon...” was “...dronk met die bloed van die heiliges.” Die verminkte liggame van miljoene martelare het tot God geroep om wraak teen daardie afvallige mag te neem.

Die pousdom het die despoot van die wêreld geword. Konings en keisers het voor die verordeninge van die Roomse pous gebuig. Dit het geblyk asof die lotgevalle van mense vir tyd en ewigheid onder sy beheer was. Vir honderde jare is die leerstellings van Rome omvattend en implisiet aanvaar, sy rituele eerbiedig uitgevoer en die feeste oor die algemeen gevier. Sy geestelikes is vereer en mildelik ondersteun. Sedertdien het die Roomse Kerk nog nooit groter waardigheid, heerlikheid, of mag bereik nie.

Maar “...die middag van die pousdom was die middernag van die wêreld.” — Wylie, *The History of Protestantism*, vol 1, hfst 4. Die Heilige Skrifte was byna onbekend, nie alleen aan die volk

nie, maar ook aan die priesters. Soos die Fariseërs van ouds, het die pouslike leiers die lig wat hul sondes sou openbaar gehaat. Met God se wet, die maatstaf van geregtigheid, uit die weg geruim, het hulle onbeperkte mag uitgeoefen en goddeloosheid sonder beperking bedryf. Bedrog, gierigheid en losbandigheid het die oorhand gekry. Mense het geen misdaad waardeur hulle welvaart of aansien kon verwerf ontsien nie. Die paleise van biskoppe en prelate was tonele van die laagste losbandigheid. Sommige van die heersende biskoppe was skuldig aan misdade wat so afskuwelik was, dat sekulêre heersers gepoog het om van hierdie hooggeplaastes van die kerk ontslae te raak, as monsters wat te laag was om geduld te word. Europa het eeue lank geen vordering in geleerdheid, die kunste of die beskawing gemaak nie. Die Christendom het 'n morele en intellektuele verlamming ondergaan.

Die toestand van die wêreld onder die Roomse mag het ’n skrikwekkende en treffende vervulling van die woorde van die profeet Hosea verteenwoordig: “My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp ... omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet ... Want die Here het ‘n regsaak met die inwoners van die land, omdat daar geen trou en geen liefde en geen kennis van God in die land is nie. Hulle sweer en lieg en moor en steel en pleeg owerspel; hulle breek in, sodat bloedbad aan bloedbad raak.” (Hosea 4:6,1,2). Dit was die gevolge van die verbanning van die Woord van God.

## Hoofstuk 4 61

# Die Waldense

Te midde van die somberheid gedurende die lang tydperk van pouslike heerskappy op die aarde, kon die lig van die waarheid nie heeltemal uitgedoof word nie. In elke eeu was daar getuies vir God — mense wat geloof in Christus as die enigste Middelaar tussen God en mens gekoester het, wat die Bybel as die enigste reël vir die lewe beskou het en wat die ware Sabbat geheilig het. Hoeveel die wêreld aan hierdie mense verskuldig is, sal die nageslag nooit weet nie. Hulle was as ketters gebrandmerk, hul motiewe is verdink, hul karakters verguis en hul geskrifte onderdruk, verkeerdelik voorgestel of vernietig. Tog het hulle vasgestaan en van eeu tot eeu het hulle hul geloof in die suiwerheid daarvan as ‘n heilige erfdeel vir die toekomstige geslagte gehandhaaf.

Die geskiedenis van God se volk gedurende die donker eeue wat op Rome se oppergesag gevolg het, is in die hemel opgeteken, maar min daarvan kom in menslike geskrifte voor. Behalwe vir die beskuldigings van hulle vervolgers, is daar min spore van hulle bestaan. Dit was die beleid van Rome om elke spoor van afwyking van haar leerstellings of dekrete uit te wis. Alles wat ketters was, hetsy dit mense of geskrifte was, het Rome probeer vernietig. Uitdrukkings van twyfel, of vrae oor die gesag van pouslike dogmas, was genoeg om die lewe van ryk of arm, vernaam of eenvoudig te verbeur. Rome het ook gepoog om elke verslag van haar wreedheid teenoor andersdenkendes te vernietig. Pouslike rade het besluit dat boeke en geskrifte wat sulke verslae bevat verbrand moes word. Voordat die drukpers uitgevind is, was boeke min in getal en nie gunstig vir bewaring nie; daarom was daar nie veel wat die Romeine verhinder het om hul doel te verwesenlik nie.

Geen kerk binne die perke van die Romeinse jurisdiksie is lank 62
ongehinderd gelaat om vryheid van gewete te geniet nie. Sodra

die pousdom mag verkry het, het sy haar arms uitgesteek om almal wat geweier het om haar heerskappy te erken te verpletter en een na die ander kerk het hulle aan haar onderwerp.

In Groot-Brittanje het die primitiewe Christendom baie vroeg wortelgeskiet. Die evangelie wat in die eerste eeu deur die Britte ontvang is, was toe nog onbedorwe deur Roomse afvalligheid. Vervolging van heidense keisers wat selfs tot by hierdie verre oewers gestrek het, was die enigste geskenk wat die eerste kerke van Brittanje van Rome ontvang het. Baie van die Christene wat weens vervolging uit Engeland moes vlug, het hul toevlug in Skotland gevind; daarvandaan is die waarheid na Ierland oorgedra en in al hierdie lande is dit met blydskap ontvang.

Toe die Sakse Brittanje binnegeval het, het die heidendom die beheer oorgeneem. Die oorwinnaars het minagtend geweier om deur hul slawe onderrig te word en die Christene moes noodgedwonge na die berge en die wilde heivelde onttrek. Tog het die lig, wat vir ‘n tyd lank verberg was, voortgegaan om te brand. ‘n Eeu later in Skotland, het dit met 'n helderheid geskyn wat na verre lande uitgebrei het. Uit Ierland het die vrome Columbanus en sy medewerkers gekom, wat die verstrooide gelowiges op die eensame eiland Iona bymekaargebring het en dit die middelpunt van hul sendingwerk gemaak het. Onder hierdie evangeliste was 'n waarnemer van die Bybelse Sabbat en hierdie waarheid is so onder die volk bekendgestel. Daar is 'n skool in Iona gestig, waarvandaan sendelinge uitgegaan het, nie slegs na Skotland en Engeland nie, maar ook na Duitsland, Switserland en selfs Italië.

Maar Rome het haar visier op Brittanje gevestig en het besluit 63
om dit aan haar oppermag te onderwerp. In die sesde eeu het haar sendelinge onderneem om die heidense Sakse te bekeer. Hulle is goedgunstiglik deur die trotse barbare ontvang en het duisende mense oorgehaal om die Roomse geloof te bely. Soos die werk gevorder het, het die pouslike leiers en hulle bekeerlinge in aanraking met die primitiewe Christene gekom.

Die teenstelling was opvallend. Laasgenoemdes was eenvoudig, nederig en Skriftuurlik van karakter, leerstellings en optrede, terwyl eersgenoemdes die bygeloof, prag en arrogansie van die pousdom geopenbaar het. Die gesant van Rome het geëis dat hierdie Christelike kerk die oppergesag van die soewereine pous moes erken. Hierop het die Britte sagmoedig geantwoord dat hulle alle mense wou liefhê, maar dat die pous nie op oppergesag in die kerk geregtig was nie en dat hulle slegs daardie onderwerping aan hom kon betoon wat elke volgeling van Christus aan hom kon gee. Herhaaldelike pogings is aangewend om hulle lojaliteit aan Rome te verseker, maar hierdie nederige Christene, verbaas oor die trots wat die afgevaardigdes openbaar het, het onwrikbaar geantwoord dat hulle geen ander meester behalwe Christus erken nie. Toe is die ware gees van die pousdom geopenbaar. Die Roomse leier het gesê: "As julle nie broeders wil ontvang wat vrede aan julle bring nie, sal julle vyande ontvang wat oorlog teen julle sal voer. As julle nie met ons wil saamwerk om die weg van die lewe aan die Sakse te openbaar nie, sal julle van hulle die doodslag ontvang." — JH Merle D'Aubigne, *History of the Reformation of the Sixteenth Century*, vol 17, hfst 2. Dit was geen ydele dreigemente nie. Oorlog, intriges en misleiding is teen hierdie getuies van Bybelse geloof gebruik totdat die kerke in Brittanje vernietig of gedwing was om hulle aan die gesag van die pous te onderwerp.

In lande buite die jurisdiksie van Rome het daar eeue lank liggame van Christene bestaan wat feitlik heeltemal vry van pouslike verdorwenheid was. Hulle was deur die heidendom omring en met verloop van die eeue is hulle deur hulle dwalinge geaffekteer; maar hulle het voortgegaan om die Bybel as die enigste maatstaf van geloof te beskou en het baie van die waarhede daarvan aangehang. Hierdie Christene het in die ewigheid van die wet van God geglo en die Sabbat van die vierde gebod onderhou. Die kerke wat hierdie geloof en gebruik gehandhaaf het, was in Sentraal-Afrika en onder die Armeniërs in Asië.

Maar onder diegene wat die inbraak van die pouslike mag 64
weerstaan het, was die Waldense vooraan. In die einste land waar die pousdom haar setel gevestig het, is valsheid en korrupsie onwrikbaar weerstaan. Eeue lank het die kerke van Piedmont hul onafhanklikheid gehandhaaf; maar uiteindelik het die tyd aangebreek dat Rome op hulle onderwerping aangedring het. Na 'n ondoeltreffende stryd teen haar tirannie, het die leiers van hierdie kerke onwillig die oppergesag van die mag waaraan die hele wêreld geblyk het hulde te betoon, erken. Daar was egter sommige wat geweier het om toe te gee aan die gesag van pous of prelaat. Hulle was vasbeslote om hul trou aan God te handhaaf en om die suiwerheid en eenvoud van hul geloof te bewaar. 'n Skeiding het plaasgevind. Diegene wat die antieke geloof aangehang het, het nou onttrek; sommige het hul vaderland in die Alpe verlaat en die vaandel van waarheid in vreemde lande opgehef; ander het skuiling in die afgeleë klowe en rotsvestings in die berge gaan soek en daar het hul vryheid om God te dien, behoue gebly.

Die geloof wat eeue lank deur die Waldensiese Christene behoue gebly en geleer is, het ‘n groot kontras met die valse leerstellings wat deur Rome verkondig is gevorm. Hulle geloofsoortuiging was op die geskrewe Woord van God en die ware stelsel van die Christendom gegrond. Maar hierdie nederige landbouers, in hul verborge skuilplekke, van die wêreld afgesluit en daagliks gebonde aan hul geswoeg met hul kuddes en wingerde, het nie vanself tot die waarheid in teenstelling met die dogmas en ketterye van die afvallige kerk gekom nie. Hulle geloof was nie 'n nuutgevonde geloof nie; hulle godsdienstige oortuiging was hul erfenis van hul vaders. Hulle het vir die geloof van die apostoliese kerk gestry, naamlik “...die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” (Judas 3). “Die kerk in die woestyn...” en nie die trotse hiërargie wat op die troon in die groot hoofstad van die wêreld gesit het nie, was die ware kerk van Christus, die bewaker van die skatte van die waarheid wat God aan Sy volk toegewy het om aan die wêreld te verkondig.

Van die vernaamste oorsake wat tot die skeiding tussen die 65
ware kerk en die kerk van Rome gelei het, was die haat wat laasgenoemde teen die Sabbat van die Bybel gekoester het. Soos in die profesieë voorspel, het die pouslike mag die waarheid teen die grond gewerp; die wet van God is in die stof vertrap, terwyl die tradisies en gebruike van mense verhef is. Die kerke wat onder die heerskappy van die pousdom was, is vroeg gedwing om Sondag as heilige dag te vereer. Te midde van die heersende dwaling en bygeloof het baie, selfs van die getroue volk van God, so verward geraak dat hulle, terwyl hulle die Sabbat onderhou het, hulself ook op Sondag van arbeid weerhou. Maar dit het die pouslike leiers nie tevrede gestel nie. Hulle het geëis dat nie alleen die Sondag geheilig moes word nie, maar dat die Sabbat ontheilig moes word; en hulle het diegene wat dit gewaag het om die Sabbat te eerbiedig, in die sterkste taal veroordeel. Slegs deur die mag van Rome te ontvlug kon iemand God se wet in vrede gehoorsaam. *[Sien bylaag].* Die Waldense was een van die eerste volke in Europa wat 'n vertaling van die Heilige Skrif ontvang het. *[Sien bylaag].* Honderde jare voor die hervorming het hulle ‘n manuskrip van die Bybel in hul moedertaal besit. Hulle het die onvervalste waarheid gehad en dit het hulle die besondere voorwerp van haat en vervolging gemaak. Hulle het die kerk van Rome as die afvallige Babilon van Openbaring van die Apokalips verklaar en in gevaar van hul lewens, het hulle opgestaan om haar verdorwenheid te weerstaan. Hoewel sommige, onder die langdurige vervolging hul geloof in gevaar gestel en stelselmatig die onderskeidende beginsels daarvan versaak het, het ander aan die waarheid vasgehou. Gedurende die eeue van duisternis en afvalligheid, was daar van die Waldense wat die oppergesag van Rome ontken het, wat die aanbidding van beelde as afgodediens verwerp het en die ware Sabbat onderhou het. Onder die hewigste storms van teëstand het hulle hul geloof gehandhaaf. Ofskoon hulle deur die spies van die Savojaarde deurpriem en op die Roomse brandstapel

verbrand is, het hulle onwrikbaar vir God se Woord en Sy eer gestaan.

Agter die hoë skanse van die berge — deur die eeue heen die 66
toevlugsoord van die vervolgdes en verdruktes — het die Waldense ‘n skuilplek gevind. Hier is die lig van die waarheid te midde van die duisternis van die Middeleeue brandend gehou. Hier het getuies vir die waarheid vir ‘n duisend jaar hul antieke geloof bewaar.

God het vir Sy volk ‘n heiligdom van ontsagwekkende grootsheid voorsien, wat by die magtige waarhede wat Hy aan hulle toevertrou het gepas het. Vir hierdie getroue bannelinge was die berge ‘n simbool van die onveranderlike geregtigheid van Jehova. Hulle het hul kinders na die hoogtes wat in hul onveranderlike majesteit bo hulle uitgetroon het, gewys en met hulle oor Hom gepraat, by wie daar geen veranderlikheid of skaduwee van omkering is nie en wie se Woord net so blywend as die ewige berge is. God het die berge gegrondves en hulle met krag omgord; geen arm, behalwe die van Oneindige Krag, kon hulle uit hulle plekke versit nie. Op dieselfde wyse het Hy Sy wet, die grondslag van Sy regering in die hemel en op die aarde, gevestig. Die arm van die mens mag sy medemens bereik en hom vernietig; maar net so min as wat hulle die berge van hul fondamente kan ontwortel en in die see werp, kan hulle een voorskrif van die wet van Jehova verander of een van Sy beloftes aan diegene wat Sy wil doen, uitwis. In hulle getrouheid aan Sy wet moet God se diensknegte net so onwrikbaar soos die onveranderlike berge wees.

Die berge wat hulle valleie omgord het, was 'n voortdurende getuie van God se skeppingsmag en 'n onfeilbare versekering van Sy beskermende sorg. Hierdie pelgrims het geleer om hierdie stil simbole van Jehova se teenwoordigheid lief te hê. Hulle het nie gekla oor die ontberinge van hulle lot nie; te midde van die afsondering van die berge, was hulle nooit eensaam nie. Hulle het God gedank omdat Hy vir hulle ‘n toevlugsoord, weg van die

toorn en wreedheid van mense voorsien het. Hulle was verheug oor hul vryheid om Hom te aanbid. Dikwels wanneer hulle deur hul vyande vervolg was, was die berge vir hulle 'n veilige beskutting. Vanaf baie hoë kranse het hulle die lof van God besing en die leërs van Rome kon nie hulle dankliedere stilmaak nie.

Rein, eenvoudig en vurig was die vroomheid van hierdie 67
volgelinge van Christus. Hulle het die beginsels van die waarheid bo huise en lande, vriende, familie en selfs die lewe self gewaardeer. Hulle het ernstig gepoog om hierdie beginsels op die harte van die jeug te druk. Van jongs af is die kinders uit die Skrif onderrig en geleer om die aansprake van die wet van God as heilig te beskou. Afskrifte van die Bybel was skaars; daarom het hulle die kosbare woorde gememoriseer. Baie van hulle kon groot dele van die Ou- en die Nuwe Testament herhaal. Gedagtes aan God is met die verhewe natuurskoon en die nederige seëninge van hul daaglikse lewe vereenselwig. Kinders het geleer om met dankbaarheid na God as die Gewer van elke guns en gerief op te sien.

Ouers, teer en liefdevol soos hulle was, het hulle kinders met te veel wysheid liefgehad om hulle aan 'n lewe van selfbevrediging gewoond te maak. Voor hulle was 'n lewe van beproewing en swaarkry en moontlik 'n marteldood. Hulle is van kindsbeen opgelei om swaarkry te verduur, om onderdanig te wees, maar tog vir hulself te dink en op te tree. Hulle is baie vroeg geleer om verantwoordelikhede te dra, om oor hul tong te waak en die wysheid van stilswye te besef. Een onoordeelkundige woord ten aanhore van hulle vyande, kon nie slegs die lewe van die spreker in gevaar stel nie, maar ook die lewens van honderde van sy broers; want net soos wolwe wat hulle prooi jag, het die vyande van die waarheid diegene wat dit gewaag het om op vryheid van godsdienstige geloof aanspraak te maak agtervolg.

Die Waldense het hul wêreldse voorspoed ter wille van die waarheid opgeoffer en met volhardende geduld vir hul brood geswoeg. Elke kol bewerkbare land tussen die berge is sorgvuldig bewerk; die valleie en die minder vrugbare berghellings moes hulle oeste lewer. Spaarsaamheid en streng selfverloëning was deel van die opvoeding wat die kinders as hul enigste nalatenskap ontvang het. Hulle is geleer dat God die lewe as 'n dissipline ontwerp het en dat daar slegs deur persoonlike arbeid, bedagsaamheid, sorgsaamheid en geloof in hul behoeftes voorsien kon word. Die proses was moeisaam en uitputtend, maar dit was heilsaam en presies wat die mens in sy gevalle toestand nodig gehad het, die skool wat God vir sy opvoeding en ontwikkeling voorsien het. Terwyl die jeug geswoeg en swaargekry het, was die intellektuele kultuur nie verwaarloos nie. Hulle is geleer dat al hul kragte aan God behoort en dat almal vir Sy diens ontwikkel en verbeter moes word. 68

Die gemeentes van die Vaudois in hul eenvoud en reinheid was gelykstaande aan die kerk in die apostoliese tyd. Hulle het die oppergesag van die pous en prelaat verwerp en die Bybel as die enigste, hoogste en onfeilbare gesag beskou. Hulle predikante het, in teenstelling met die heerssugtige priesters van Rome, die voorbeeld van hulle Meester gevolg wat gekom het, "...nie om gedien te word nie, maar om te dien." Hulle het die kudde van God gevoed en hulle na die groen weivelde en lewende fonteine van Sy Heilige Woord gelei. Ver weg van die monumente van menslike prag en praal, het die mense nie in pragtige kerke of grootse katedrale vergader nie, maar in die skadu's van die berge in die Alpe-valleie, of in tye van gevaar in een of ander rotsvesting, om na die woorde van waarheid deur die diensknegte van Christus, te luister. Die predikante het nie alleen die evangelie verkondig nie, maar hulle het siekes besoek, die kinders gekatkiseer, die dwalende vermaan en hulle het hulle beywer om geskille te besleg en harmonie en broederliefde te bevorder. In tye van vrede is hulle deur die vrywillige offergawes van die volk onderhou; maar soos Paulus, die tentmaker, het

elkeen die een of ander ambag of beroep geleer waardeur hy, indien nodig, in sy eie behoeftes kon voorsien.

Die jeug is deur hulle predikante onderrig. Terwyl aandag aan alle fasette van algemene opvoeding geskenk is, was die hoofstudie die Bybel. Die Evangelies van Mattheus en Johannes is gememoriseer, asook baie van die Sendbriewe. Hulle was ook ingespan om die Skrif te kopieer. Sommige van die manuskripte het die hele Bybel bevat, ander slegs uitgesoekte dele waarby 'n paar eenvoudige verklarings van die teks deur diegene wat die Skrif kon uitlê, gevoeg is. So is die skatte van die waarheid wat so lank deur diegene wat hulself bo God wou verhef weggesteek was, na vore gebring.

Deur geduldige, onvermoeide arbeid, soms in die diep, 69
donker spelonke van die aarde, by die lig van fakkels, is die Heilige Skrifte, teks vir teks, hoofstuk vir hoofstuk, neergeskryf. So het die werk voortgegaan en het die geopenbaarde wil van God soos suiwer goud geblink; hoeveel helderder, duideliker en heerliker dit geblink het as gevolg van die beproewings wat ter wille daarvan ondergaan is, kon slegs diegene wat met die werk besig was besef. Engele uit die hemel het hierdie getroue werkers omring.

Satan het die pouslike priesters en prelate aangehits om die Woord van waarheid onder die vullis van dwaling, kettery en bygeloof te begrawe; maar op 'n wonderbaarlike wyse is dit onbedorwe deur al die donker eeue bewaar. Dit het nie die stempel nie van die mens gedra nie, maar die afdruk van God. Mense was onvermoeid in hul pogings om die duidelike, eenvoudige betekenis van die Skrif te verdoesel en met hul eie getuienis te weerspreek; maar soos die ark op die onstuimige waters, het die Woord van God die storms wat dit met vernietiging bedreig het, getrotseer. Soos ryk are van goud en silwer onder die oppervlak van ‘n myn verborge is, sodat daar gedelf moet word om die kosbare goud te ontdek, so is daar in die Heilige Skrif skatte van waarheid wat slegs aan die ernstige,

nederige, biddende soeker geopenbaar word. God het die Bybel as ’n lesboek vir die hele mensdom, gedurende sy kinderjare, jeug- en volwassenheid bestem om deur alle tye bestudeer te word. Hy het sy Woord aan die mens as ‘n openbaring van Homself gegee. Elke nuwe waarheid wat ontdek word, is ‘n vars openbaarmaking van die karakter van die Outeur daarvan. Die bestudering van die Skrifte is die middel wat deur God bestem is om die mens in 'n nouer verband met sy Skepper te bring en om aan hulle ‘n duideliker begrip van Sy wil te gee. Dit is die medium van kommunikasie tussen God en die mens.

Terwyl die Waldense die vrees van die Here as die beginsel 70
van wysheid beskou het, was hulle nie blind vir die belangrikheid van kontak met die wêreld, ‘n kennis van mense en van 'n aktiewe lewe om die verstand te ontwikkel en die begrip te verskerp nie. Van die skole in die berge, is sommige van die jeug na die opvoedingsinrigtings van Frankryk of Italië gestuur, waar daar 'n meer uitgebreide veld vir studie, bepeinsing en waarneming, as in hulle geboorteplek in die Alpe was. Die jeug wat aldus weggestuur is, was aan versoeking blootgestel; hulle was getuies van ondeug, hulle het in aanraking met Satan se sluwe werkkragte gekom, wat die mees subtiele ketterye en gevaarlikste misleidings aangehits het. Maar hulle opvoeding van kleins af was van so aard, om hulle vir hierdie dinge voor te berei.

In die skole waarheen hulle gestuur is, moes hulle niemand hul vertrouelinge maak nie. Hulle klere was so gemaak, dat dit hul grootste skat kon versteek – die kosbare manuskripte van die Skrif. Hierdie, die vrug van maande en jare se geswoeg, het hulle met hulle saamgedra en wanneer dit, sonder om agterdog te wek, vir hulle moontlik was, het hulle versigtig 'n gedeelte daarvan oor die pad van diegene wie se harte geblyk het oop vir die waarheid te wees, gebring. Vanaf die moederskoot is die Waldensiese jeug met hierdie doel voor oë opgelei; hulle het hulle werk verstaan en dit getrou uitgevoer. In hierdie opvoedingsinrigtings is bekeerlinge tot die waarheid gewen en dikwels is daar bevind dat die beginsels van die waarheid die hele

skool deurtrek het en die pouslike leiers, selfs deur die mees sorgvuldigste ondersoek, kon nie die oorsprong van die sogenaamde korrupterende dwaalleer naspeur nie.

Die Gees van Christus is ‘n Sendinggees. Die heel eerste 71
impuls van die nuwe hart is om ander ook na die Verlosser te bring. Dit was die gees van die Vaudois-Christene. Hulle was van mening dat God meer van hulle vereis het as om die suiwer waarheid slegs in hul eie kerke te bewaar en dat daar ‘n ernstige verantwoordelikheid op hulle gerus het om hulle lig op diegene wat in duisternis was, te laat skyn. Deur die magtige krag van God se Woord het hulle gepoog om die slawerny wat Rome afgedwing het te verbreek. Die Vaudois-predikante is as sendelinge opgelei en almal wat verwag het om in die bediening te tree, moes eers ervaring as 'n evangelis opdoen. Elkeen moes drie jaar in die sendingveld dien voordat hy die leiding in 'n gemeente tuis kon neem. Hierdie diens, wat van meet af selfverloëning en opoffering vereis het, was 'n gepaste inleiding tot die lewe van 'n predikant in tye wat mense se siel beproef het. Die jeug wat tot die heilige amp georden is, het nie ‘n lewe van aardse rykdom en glorie tegemoetgegaan nie, maar 'n lewe van swoeg, gevaar en moontlik die lot van 'n martelaar. Die sendelinge het twee-twee uitgegaan, soos Jesus Sy dissipels uitgestuur het. Elke jongman was gewoonlik van ‘n ouer man met ervaring vergesel, terwyl die jeugdige onder leiding van sy metgesel was, wat verantwoordelik vir sy opleiding was en wie se opdragte hy moes volg. Hierdie medewerkers was nie altyd bymekaar nie, maar het gereeld vir gebed en raadpleging saamgekom en sodoende mekaar in die geloof versterk.

Om die doel van hulle sending bekend te maak, sou die nederlaag daarvan verseker het; daarom het hulle hul ware karakter van hulle werk sorgvuldig verberg. Elke predikant het kennis van die een of ander handel of beroep gehad en die sendelinge het hulle werk onder die dekmantel van 'n sekulêre beroep voortgesit. Gewoonlik het hulle dié van 'n handelaar of smous gekies. “Hulle het juweliersware en ander artikels wat nie

vrylik plaaslik beskikbaar was nie verkoop en is as handelaars verwelkom, waar hulle as sendelinge verwerp sou word.” — *Wylie*, vol 1, hfst 7. Maar hulle harte was voortdurend na tot God opgehef vir wysheid, om 'n kosbaarder skat as goud of edelstene, aan te bied. Hulle het heimlik eksemplare van die Bybel of gedeeltes daarvan saam met hulle gedra en elke keer wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, het hulle die aandag van hul klante op hierdie manuskripte gevestig. Die belangstelling om God se woord te lees is dikwels op hierdie wyse gewek en 'n gedeelte is by diegene wat dit graag wou ontvang agtergelaat.

Die werk van hierdie sendelinge het in die vlaktes aan die voet 72
van hul eie berge begin, maar dit het veel verder as hierdie grense uitgebrei. Kaalvoet en met klere van growwe stof en reisbevlek, net soos dié van hulle Meester, het hulle deur die groot stede gereis en na verre lande deurgedring. Hulle het die kosbare saad oral gesaai. Kerke het op hul pad verrys en die bloed van martelare het vir die waarheid getuig. Op die dag van die Here sal ‘n ryk oes van siele as gevolg van die arbeid van hierdie getroue mense ingesamel word. Stil en verskans, was die Woord van God besig om deur die Christendom te beweeg en is met blydskap in die huise en harte van mense ontvang.

Vir die Waldense was die Skrif nie slegs ‘n verslag van God se handelinge met die mense in die verlede en ‘n openbaring van verantwoordelikhede en pligte vir die hede nie, maar ‘n ontvouing van die gevare en heerlikheid van die toekoms. Hulle het geglo dat die einde van alle dinge nie meer ver in die toekoms was nie en namate hulle die Bybel biddend en met trane bestudeer het, het hulle nog meer onder die indruk van die kosbare uitsprake daarvan gekom en van hul plig om die reddende waarhede daarvan aan ander bekend te maak. Hulle het die plan van verlossing duidelik op die heilige bladsye gesien en hulle het vertroosting, hoop en vrede, deur geloof in Jesus gevind. Namate die lig hulle begrip verlig en hul harte verbly het,

het hulle daarna verlang om die strale daarvan op diegene wat in die duisternis van pouslike dwaling verkeer het, te laat skyn.

Hulle het gesien dat menigtes tevergeefs gepoog het om, onder leiding van die pous en priesters vergifnis te ontvang ,deur hul liggame vir die sondes van hulle siele te pynig. Geleer om op hul goeie werke te vertrou vir hulle redding, was hulle oë voortdurend op hulself gevestig, terwyl hulle gedagtes by hul sondige toestand vasgesteek het en hulle hulself aan die toorn van God, wat siel en liggaam beproef het, oorgelaat gesien het en geen verligting gevind nie. Sodoende was pligsgetroue siele aan die leerstellings van Rome vasgebind. Duisende het vriende en familie verlaat en hul lewens in kloosterselle deurgebring. Deur dikwels herhaalde vaste en wrede pynigings, deur middernagwake, deur uitputtende ure op die koue, klam stene van hul somber verblyf, deur lang pelgrimstogte, deur vernederende boetedoening en verskriklike marteling, het duisende vergeefs probeer om vrede vir hulle gewete te verkry. Terneergedruk deur 'n besef van sonde en agtervolg deur 'n vrees vir God se vergeldende wraak, het baie op hierdie wyse voortgegaan totdat die uitgeputte natuur meegegee het en hulle sonder een ligstraal of hoop in die graf weggesak het.

Die Waldense het verlang om die brood van die lewe vir 73
hierdie hongerige siele te breek, om die boodskappe van vrede in die beloftes van God oop te maak en hulle na Christus as hul enigste hoop op verlossing te wys. Die leerstelling dat goeie werke versoening kan doen vir die oortreding van God se wet, het hulle voorgehou dat dit op valsheid gegrond was. Vertroue op menslike verdienste onderskep die siening van Christus se oneindige liefde. Jesus het as offer vir die mens gesterf, omdat die gevalle ras niks kon doen om hulself by God aan te beveel nie. Die verdienste van 'n gekruisigde en opgestane Verlosser is die grondslag van die Christen se geloof. Die siel se afhanklikheid van Christus is net so werklik en die verbintenis met Hom moet

net so innig wees soos die ledemate aan die liggaam of die tak aan die wingerdstok.

Die leringe van biskoppe en priesters het daartoe gelei dat mense die karakter van God en selfs van Christus, as streng, somber en onverbiddelik beskou. Die Verlosser is voorgestel dat Hy sonder meegevoel met die mens in sy gevalle toestand is en dat daar 'n beroep op die bemiddeling van priesters en heiliges gedoen moet word. Diegene wie se gedagtes deur die Woord van God verlig is, het verlang om hierdie siele na Jesus as hul medelydende, liefdevolle Verlosser te wys, wat met uitgestrekte arms staan en almal uitnooi om met hul sondelas, sorge en vermoeienis na Hom te kom. Hulle wou graag die struikelblokke wat Satan opgestapel het om mense te verhoed om die beloftes raak te sien, uit die weg ruim en om hulle regstreeks na God te lei om hul sondes te bely en vergifnis en vrede te ontvang.

Met gretigheid het die Vaudois-sendeling die kosbare 74
waarhede van die evangelie aan soekende siele geopenbaar. Hy het die geskrewe dele van die Skrif versigtig te voorskyn gehaal. Dit was sy grootste vreugde om hoop aan die ernstige, sondegeteisterde siel, wat slegs ‘n God van wraak wat gewag het om reg te laat geskied, raakgesien het, te bring. Met bewende lippe en betraande oë het hy, dikwels op sy neergeboë knieë, die kosbare beloftes vir sy broers oopgestel, wat die sondaar se enigste hoop openbaar. So het die lig van die waarheid tot menige verduisterde verstande deurgedring en die wolk van somberheid verdryf, totdat die Son van Geregtigheid met genesing in sy strale in die hart geskyn het. Dit het dikwels gebeur dat ‘n sekere skrifgedeelte herhaaldelik gelees is, omdat die hoorder dit so begeer het, so asof hy homself wou verseker dat hy reg gehoor het. Daar was veral 'n begeerte dat die volgende woorde herhaal moes word: “Die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde.” (1 Joh 1:7). “Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie

verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (Joh 3:14,15).

Baie het uit hul misleiding ten opsigte van die aansprake van Rome gekom. Hulle het gesien hoe tevergeefs die bemiddeling van mense of engele ten behoewe van die sondaar is. Namate die ware lig in hulle harte opgegaan het, het hulle met vreugde uitgeroep: “Christus is my priester; Sy bloed is my offerande; Sy altaar is my biegstoel.” Hulle het hulself heeltemal op die verdienste van Jesus beroep en die woorde herhaal: “Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.” (Heb 11:6). “Want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie. (Hand 4:12).

Die versekering van 'n Verlosser se liefde het vir sommige van hierdie arme, storm-geteisterde siele te oorweldigend gelyk. Die verligting wat dit gebring het was so groot, dat so 'n vloed van lig, wat geblyk het hulle na die hemel te voer, op hulle geskyn het. Hulle hande is met vertroue in die hand van Christus gelê en hulle voete op die Rots van Eeue geplant. Alle vrees vir die dood het verdwyn. Hulle kon nou die gevangenis en die brandstapel begeer as hulle daardeur die Naam van hul Verlosser kon vereer.

So is die Woord van God is in geheime plekke te voorskyn 75
gebring en gelees, soms vir ‘n enkele siel en soms vir ‘n groep wat na lig en waarheid verlang het. Dikwels is die hele nag op hierdie wyse deurgebring. So groot was die verwondering en bewondering van die hoorders, dat die boodskapper van genade dikwels verplig was om op te hou lees, totdat die verstand die boodskap van verlossing kon begryp. Dikwels sou vrae soos hierdie gevra word: “Sal God regtig my offerande aanneem? Sal Hy vir my glimlag? Sal Hy my vergewe?” Op hierdie vrae is die volgende antwoord gelees: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee.” (Matt 11:28).

Geloof het die belofte aangegryp en die blye reaksie is gehoor: “Geen verdere lang bedevaarte om te maak nie; geen pynlike reise na heiligdomme nie. Ek kan na Jesus kom net soos

ek is, sondig en onheilig en Hy sal nie die boetvaardige gebed minag nie. 'Jou sondes is vergewe.' Myne, ja ook myne, kan vergewe word!"

'n Gloed van heilige vreugde het die hart vervul en die Naam van Jesus is deur lof en danksegging groot gemaak. Daardie gelukkige siele het na hul huise teruggekeer om die lig te versprei; en om so goed as moontlik, hul nuwe ervaring met ander te deel; dat hulle die ware en lewende Weg gevind het. Daar was vreemde en plegtige krag in die woorde van die Skrif, wat direk tot die harte van diegene wat na die waarheid verlang, gespreek het. Dit was die stem van God en dit het diegene wat dit gehoor het, oortuig.

Die boodskapper van waarheid het verder op sy weg gegaan, maar sy nederige voorkoms, sy opregtheid, sy erns en ywer, was gereeld die onderwerp van bespreking. In baie gevalle het sy toehoorders hom nie gevra waar hy vandaan kom of waarheen hy gaan nie. Hulle was so oorweldig, eerstens deur verbasing en daarna met dankbaarheid en vreugde, dat hulle nooit daaraan gedink het om hom te ondervra nie. Wanneer hy gevra is om hulle na hul huise te vergesel, het hy geantwoord dat hy die verlore skape van die kudde moes besoek. Sou hy 'n engel van die hemel wees? het hulle gevra.

In baie gevalle is die boodskapper van waarheid nie weer 76
gesien nie. Hy het sy weg na ander lande gevind, of hy het sy lewe in die een of ander onbekende kerker geslyt, of miskien het sy beendere op een of ander plek waar hy vir die waarheid getuig het, verbleik. Maar die woorde wat hy agtergelaat het, kon nie vernietig word nie. Hulle het hul werk in die harte van mense verrig; die geseënde resultate sal eers op die oordeelsdag volkome bekend wees.

Die Waldensiese sendelinge het die koninkryk van Satan binnegedring en die magte van duisternis is tot groter waaksaamheid gewek. Die vors van die bose het alle pogings om die waarheid te bevorder gadegeslaan en hy het die vrees van sy

werkkragte aangewakker. Die pouslike leiers het 'n potensiaal van gevaar vir hul saak in die werk van hierdie nederige reisigers gesien. Indien die lig van die waarheid toegelaat sou word om ongehinderd te skyn, sou dit die dik wolke van dwaling wat die mense omhul het, verdryf. Dit sou die gedagtes van mense tot God alleen rig en uiteindelik die oppergesag van Rome vernietig.

Die bestaan van hierdie mense alleen, wat die geloof van die vroeë kerk gehad het, was ‘n konstante getuienis teen Rome se afvalligheid en het daarom die bitterste haat en vervolging ontketen. Hulle weiering om die Skrif op te gee, was ook ‘n oortreding wat Rome nie kon verdra nie. Sy het besluit om hulle van die aarde te verdelg. Die felste kruistogte het nou teen die volk van God in hul bergwonings begin. Inkwisiteurs is op hul spoor geplaas en die toneel van die onskuldige Abel wat voor die moorddadige Kain geval het, is gereeld herhaal.

Keer op keer is hulle vrugbare lande verwoes en hulle woonhuise en kerke vernietig, sodat waar daar eers welige landerye en die wonings van die onskuldige, vlytige mense was, het daar net ‘n woesteny oorgebly. Soos ‘n uitgehongerde dier steeds woedender deur die smaak van bloed word, is die woede van die papiste deur die lyding van hulle slagoffers aangevuur. Baie van hierdie getuies vir 'n suiwer geloof is oor die berge en in die valleie waar hulle tussen woude en agter rotse weggekruip het, agtervolg.

Geen klag kon teen die sedelike karakter van hierdie verbode 77
klas ingebring word nie. Selfs hulle vyande het hulle as 'n vreedsame, stil en vroom volk verklaar. Hulle grootste oortreding was dat hulle God nie volgens die wil van die pous wou aanbid nie. Vir hierdie misdaad is elke vernedering, belediging en marteling wat deur mense of duiwels uitgedink kon word, teen hulle opgestapel.

Toe Rome op 'n stadium besluit het om hierdie gehate sekte te verdelg, het die pous ‘n bevelskrif uitgevaardig wat hulle as ketters veroordeel het en hulle aan slagting oorgelewer het.

*[Sien bylaag nota vir bl 59].* Hulle is nie beskuldig dat hulle leeglêers, oneerlik of wanordelik was nie, maar daar is aangevoer dat hulle ‘n skyn van vroomheid en heiligheid gehad het, wat “...die skape van die ware kudde...” verlei het. Daarom het die pous beveel dat “...hierdie kwaadwillige en afskuwelike sekte van kwaadwilliges...” as hulle “...weier om afstand van hulle geloof te doen, soos giftige slange vermorsel moet word.” — *Wylie*, vol 16, hfst 1. Het hierdie hooghartige potentaat geweet dat hierdie woorde weer sou moes konfronteer? Het hy geweet dat hulle in die boeke van die hemel opgeskryf is, om hom in die oordeel te konfronteer? “Vir sovêr julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My...” het Jesus gesê, “...het julle dit aan My gedoen.” (Matt 25:40).

Hierdie bevelskrif het ‘n beroep op al die lede van die kerk gedoen om aan die kruistog teen die ketters deel te neem. As 'n aansporing om aan hierdie wrede werk deel te neem, het dit “...almal vrygespreek van kerklike straf en marteling, algemeen en in die besonder; dit het almal wat by die kruistog aangesluit het vrygestel van enige eed wat hulle afgelê het; dit het hulle die wettige eienaars van alle eiendom wat hulle op onwettige wyse bekom het gemaak; en dit het die kwytskelding van alle sondes van diegene wat enige ketter sou doodmaak, belowe. Dit het alle kontrakte wat ten gunste van die Vaudois aangegaan is, nietig verklaar; hulle huishoudings is gelas om hulle te verlaat, alle persone is verbied om enige bystand aan hulle te verleen en alle persone is gemagtig om hulle besittings in besit te neem.” — *Wylie*, vol 16, hfst 1. Hierdie dokument het die meesterbrein agter die skerms duidelik geopenbaar. Dit was die gebrul van die draak en nie die stem van Christus wat daarin gehoor is.

Die pouslike leiers wou nie hulle karakters in 78
ooreenstemming met die maatstaf van God se wet bring nie, maar hulle het hul eie maatstaf opgestel om hulle te pas en was vasbeslote om almal te dwing om hieraan te voldoen omdat Rome dit so wou hê. Die verskriklikste tragedies het afgespeel. Korrupte en godslasterlike priesters en biskoppe het die werk

waarvoor Satan hulle aangestel het, gedoen. Daar was geen plek vir genade in hul aard nie. Dieselfde gees wat Christus gekruisig en sy apostels om die lewe gebring het; dieselfde gees wat die bloeddorstige Nero in sy tyd teen die gelowige begeester het, was nou aan die werk om die aarde van diegene vir wie God lief was, te bevry.

Die vervolging wat baie eeue lank deur hierdie Godvresende volk besoek is, is deur hulle met geduld en bestendigheid wat hul Verlosser vereer het, verdra. Ondanks die kruistogte teen hulle en die onmenslike slagting waaraan hulle onderwerp is, het hulle steeds hulle sendelinge uitgestuur om die kosbare waarheid te versprei. Hulle is tot die dood toe gejag; tog het hulle bloed die gesaaide saad benat en dit het nie gefaal om vrugte te dra nie. So het die Waldense eeue voor die geboorte van Luther vir Christus getuig. Verstrooi in baie lande het hulle die saad van die hervorming geplant wat in die tyd van Wycliffe begin het, in die dae van Luther wyd en diep gegroei het en wat tot die einde van tyd voortgesit moet word deur diegene wat bereid is om alle dinge te ly vir "...die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus." (Openb 1:9).

Hoofstuk 5 79

# John Wycliffe

Voor die hervorming was daar met tye min eksemplare van die Bybel beskikbaar, maar God het nie toegelaat dat sy Woord heeltemal vernietig word nie. Die waarhede daarvan sou nie vir altyd verborge wees nie. Hy kon die woorde van lewe net so maklik vrystel, soos wat Hy gevangenisdeure en ysterpoorte kon oopmaak om Sy dienaars te bevry. In die verskillende lande van Europa is mense deur die Gees van God beweeg om, soos na verborge skatte, na die waarheid te soek. Deur Voorsienigheid na die Heilige Skrif gelei, het hulle die gewyde bladsye met groot belangstelling bestudeer. Hulle was bereid om die lig ten alle koste vir hulleself, te aanvaar. Alhoewel hulle nie alles duidelik gesien het nie, was hulle in staat gestel om waarhede wat lank bedek was, waar te neem. Soos hemelse boodskappers het hulle voortgegaan, die kettings van dwaalleer en bygeloof verbreek en diegene wat lank verslaaf was, geroep om op te staan en hul vryheid te laat geld.

Behalwe onder die Waldense, was die Woord van God eeue lank in tale opgesluit wat slegs aan geleerdes bekend was; maar die tyd het aangebreek dat die Skrif vertaal en aan die mense van verskillende lande in hul eie taal beskikbaar gestel word. Die middernag van die wêreld was verby. Die ure van duisternis was besig om uit te loop en in baie lande het die tekens van die komende dagbreek verskyn.

In die veertiende eeu het die "môrester van die hervorming" 80
in Engeland, John Wycliffe, verrys. Hy was die voorloper van die hervorming, nie alleen in Engeland nie, maar vir die hele Christendom. Die groot protes wat hy geoorloof was om teen Rome uit te spreek, is nooit stilgemaak nie. Hierdie protes het die stryd geopen wat tot die bevryding van individue, kerke en nasies sou lei.

Wycliffe het ‘n liberale opvoeding ontvang en by hom was die vrees van die Here die beginsel van wysheid. Hy was op kollege bekend vir sy vroomheid, sowel as vir sy merkwaardige talente en nougesette studie. In sy dors na kennis het hy gepoog om met alle takke van geleerdheid vertroud te raak. Hy is in die skolastiese filosofie onderrig, in die kerkwette en in die burgerlike regte, veral van sy eie land. In sy latere lewe het die waarde van sy vroeë opleiding duidelik geblyk. ‘n Deeglike kennis van die spekulatiewe filosofie van sy tyd het hom in staat gestel om die foute daarvan bloot te lê; en deur sy studie van nasionale en kerklike reg, was hy bereid om die groot stryd vir burgerlike- en godsdiensvryheid aan te pak. Terwyl hy die wapens wat uit die Woord van God gekom het kon aanwen, het hy die intellektuele dissipline van die skole verwerf en die taktiek van die geleerdes verstaan. Die krag van sy genialiteit en die omvang en deeglikheid van sy kennis het die respek van beide vriende en vyande afgedwing. Sy aanhangers het met genoegdoening gesien dat hulle kampvegter saam met die leiers van die nasie voor gestaan het en sy vyande is verhoed om minagting op die saak van hervorming te werp deur onkunde of swakhede aan die voorstander daarvan toe te skryf.

Terwyl Wycliffe nog op kollege was, het hy die Skrif begin 81
bestudeer. In daardie vroeë tyd toe die Bybel slegs in antieke tale beskikbaar was, was geleerdes in staat gestel om hul weg na die fontein van waarheid, wat vir die onopgevoede klasse gesluit was, te vind. Sodoende was die weg reeds vir Wycliffe se toekomstige werk as hervormer voorberei. Geleerdes het die Woord van God bestudeer en het gevind dat die groot waarheid van Sy vrye genade daarin geopenbaar word. In hulle leringe het hulle 'n kennis van hierdie waarheid versprei en ander daartoe gelei om hulle tot die lewende orakels te wend.

Toe Wycliffe se aandag op die Skrif gevestig is, het hy die bestudering daarvan met dieselfde deeglikheid wat hom in staat gestel het om die skoolvakke te bemagtig, betree. Tot dusver het hy ’n groot gebrek ervaar wat nie deur sy skolastiese studies of

die leer van die kerk bevredig kon word nie. In die Woord van God het hy gevind waarna hy so lank tevergeefs gesoek het. Hierin het hy die plan van verlossing geopenbaar gesien en dat Christus die enigste Voorspraak vir die mens was. Hy het homself aan die diens van Christus oorgegee en besluit om die waarhede wat hy ontdek het, te verkondig.

Soos die hervormers ná hom, het Wycliffe nie aanvanklik gesien waarheen sy werk hom sou lei nie. Hy het homself nie doelbewus teen Rome in opstand gebring nie. Maar toegewydheid aan die waarheid kon nie anders as om hom in konflik met valsheid te bring nie. Hoe duideliker hy die dwalinge van die pousdom opgemerk het, hoe ernstiger het hy die leer van die Bybel verkondig. Hy het gesien dat Rome die Woord van God vir menslike tradisie versaak het; hy het die priesterskap onverskrokke beskuldig dat hulle die Skrif verban het en geëis dat die Bybel aan die volk beskikbaar gestel word en die gesag daarvan weer in die kerk gehandhaaf word. Hy was ‘n bekwame en ernstige onderwyser, asook ‘n welsprekende prediker en sy daaglikse lewe was ‘n bewys van die waarhede wat hy verkondig het. Sy kennis van die Skrif, die krag van sy redenasies, die reinheid van sy lewe en sy onbuigsame moed en integriteit, het algemene agting en vertroue vir hom gewen. Baie van die mense het, omdat hulle die ongeregtigheid gesien het wat in die Roomse Kerk heers, ontevrede met hul eertydse geloof geraak en hulle het die waarhede wat Wycliffe openbaar het met onbeperkte vreugde gehuldig; maar die pouslike leiers was woedend toe hulle besef dat hierdie hervormer groter invloed as hulle uitoefen.

Wycliffe was 'n skerp ontdekker van dwaalleer en hy het 82
vreesloos te velde getrek teen die veelvuldige misbruike wat die gesag van Rome goedgekeur het. Terwyl hy as kapelaan vir die koning opgetree het, het hy 'n blatante standpunt teen die betaling van huldeblyke wat die pous van die Engelse monarge geëis het ingeneem en het getoon dat die pouslike aanname van gesag oor sekulêre heersers in stryd is met beide rede en

openbaring. Die eise van die pous het groot verontwaardiging uitgelok en Wycliffe se leerstellings het die leiers van die land beïnvloed. Die koning en die adellikes het saamgespan om die pous se aanspraak op wêreldse gesag te ontken en die betaling van huldeblyke te weier. So is die pouslike oppergesag in Engeland ‘n 'n effektiewe slag toegedien.

Nog ‘n euwel waarteen die hervormer ‘n lang en vasberade stryd gevoer het, was die instelling van die orde van bedelmonnike. Hierdie monnike het in Engeland gewemel en was 'n plaag vir die grootheid en vooruitgang van die nasie. Nywerheid, onderwys, sedes, alles het die verwelkende invloed hiervan ervaar. Die monnik se lewe van ledigheid en bedelary was nie net 'n swaar dreinering op die hulpbronne van die volk nie, maar dit het nuttige arbeid in veragtelik gemaak. Die jongmense is gedemoraliseer en gekorrupteer. Onder die invloed van die monnike is baie oorgehaal om hulle tot ‘n kloosterlewe te begewe en nie alleen sonder die toestemming van hulle ouers nie, maar ook sonder hulle kennisname en in stryd met hulle opdragte. Een van die vroeëre vaders van die Roomse Kerk wat die aansprake van die lewe van 'n monnik bo die liefde en plig van kinders teenoor hulle ouers gestel het, het verklaar: “Al sou jou vader voor jou ween en jou moeder haar liggaam aan jou toon waaruit jy gebore is en die borste wat jou gesoog het, vertrap hulle onder jou voete en gaan voort op jou weg na Christus.” Deur sulke “...monsteragtige onmenslikheid...” soos Luther dit later uitgedruk het, “...wat meer na die aard van die wolf en die tiran as van die Christen en die mens is, is die harte van die kinders teen hulle ouers verhard.” — Sears en Barnes, *Life of Luther*, bl 69,70. So het die pouslike leiers, net soos die Fariseërs van ouds die gebod van God deur hulle tradisies tot niet gemaak. Op hierdie wyse is huise verlate gemaak en ouers die samesyn van hul seuns en dogters ontneem.

Selfs die studente aan die universiteite is deur die valse 83
voorstellings van die monnike mislei en is oortuig om by hulle

ordes aan te sluit. Baie het later berou oor die stap gehad, want hulle het hul eie lewens verwoes en hul ouers verdriet aangedoen; maar eenmaal in hierdie strik vasgevang, was dit onmoontlik om daarvan bevry te word. Baie ouers, uit vrees vir die invloed van die monnike, het geweier om hul seuns na die universiteite te stuur. Die aantal studente wat die groot sentrums van onderwys bygewoon het, het aansienlik afgeneem. Die skole het gekwyn en onkunde het geheers.

Die pous het aan hierdie monnike die mag verleen om belydenisse aan te hoor en vergifnis te verleen. Dit het 'n bron van groot onheil geword. Die monnike was daarop ingestel om hul winste te verbeter en was so bereid om kwytskelding toe te staan, dat misdadigers van alle beskrywings hul toevlug na hulle geneem het en veroorsaak dat die ergste euwels vinnig toeneem. Die siekes en armes is aan hul lyding oorgelaat, terwyl die gawes wat hulle behoeftes moes verlig, na die sakke van die monnike gegaan het, wat met dreigemente die aalmoese van die mense geëis het, terwyl hulle die goddeloosheid van diegene wat die vereiste gawes weerhou het, veroordeel het. Ondanks hulle aanspraak op armoede, het die rykdom van die monnike steeds toegeneem en hulle mooi geboue en luukse tafels het sterk teen die toenemende armoede van die volk afgesteek. En terwyl hulle hul tyd in weelde en plesier deurgebring het, het hulle onkundige manne in hul plek uitgestuur, wat slegs wonderlike verhale, legendes en grappies kon vertel om die mense te vermaak, wat hulle groter slagoffers van die monnike gemaak het. Die monnike het egter steeds hul greep op die bygelowige skares behou en hulle laat glo dat alle godsdienstige pligte uit die erkenning van die oppergesag van die pous bestaan het en dat die aanbidding van die heiliges en die gee van gawes aan die monnike voldoende was om vir hulle 'n plek in die hemel te verseker.

Geleerde en vroom manne het tevergeefs gewerk om 84
hervorming in hierdie kloosterordes te bewerkstellig; maar Wycliffe met duideliker insig, het die wortel van die kwaad getref en verklaar dat die stelsel self vals was en afgeskaf moet word.

Besprekings oor die saak is aangewakker. Soos die monnike die land deurreis het om pouslike aflate te verkoop, is baie gelei om die moontlikheid om vergifnis met geld te bekom, te begin betwyfel en het verneem of hulle nie eerder vergifnis van God moes vra in plaas van by die pous van Rome nie. Baie was bekommerd oor die hebsug van die monnike wie se geldgierigheid nooit tevrede gestel kon word nie. “Die Roomse priesters en monnike...” het hulle gesê, “...verteer ons soos ‘n kanker. God moet ons verlos of ons sal vergaan.” — *D ’Aubigne*, vol 17, hfst 7. Om hulle gierigheid te bedek, het hierdie bedelende monnike beweer dat hulle die voorbeeld van die Heiland volg en verklaar dat Jesus en Sy dissipels deur die liefdegawes van die volk onderhou is. Hierdie bewering het hulle saak benadeel omdat baie mense daartoe gelei is om die Bybel self te ondersoek — 'n gevolg wat Rome die minste van alles begeer het. Die harte van die mense was op die Bron van die waarheid gerig, wat Rome haarself juis ten doen gestel het om te verberg.

Wycliffe het traktate teen die monnike begin skryf en uitgegee, nie soseer om in ‘n twis met hulle betrokke te raak nie, maar om die aandag van die volk op die leerstellings van die Bybel en die Outeur daarvan te vestig. Hy het verklaar dat die pous net so min die mag van vergifnis of van ekskommunikasie besit as die priesters en dat niemand werklik uit die kerk geban kan word, tensy hy die oordeel van God op homself gebring het nie. Op geen meer effektiewe wyse kon hy onderneem het om daardie magtige weefsel van geestelike en wêreldse heerskappy wat deur die pous opgerig is en waarin die siele en liggame van miljoene gevange gehou is, omver te werp nie.

Wycliffe is weer geroep om die regte van die Engelse kroon 85
teen die insprake van Rome te verdedig; hy is as 'n koninklike ambassadeur aangestel en hy het twee jaar in Nederland in konferensie met die kommissarisse van die pous deurgebring. Hier is hy in aanraking met die geestelikes uit Frankryk, Italië en Spanje gebring en hy het die geleentheid gehad om agter die

skerms te kyk en kennis op te doen van baie dinge wat in Engeland vir hom verborge sou gebly het. Hy het baie geleer wat sy latere arbeid doeltreffend sou maak. In hierdie verteenwoordigers van die pouslike hof het hy die ware karakter en doelwitte van die hiërargie gelees. Hy het na Engeland teruggekeer om sy vorige leerstellings meer openlik en met groter ywer te herhaal en verklaar dat hebsug, trots en misleiding die gode van Rome was.

In een van sy traktate, het hy aangaande die pous en sy insamelaars gepraat en gesê: "Hulle neem uit ons land die lewensbestaan van die arm man en ook jaarliks duisende mark van die koning se geld vir sakramente en geestelike dinge; wat die vervloekte kettery van simonie is en hy laat die hele Christendom instem en hierdie kettery handhaaf. En voorwaar, al sou ons Ryk 'n groot berg van goud besit en niemand behalwe die insamelaar van hierdie trotse, wêreldse priester sou daarvan neem nie, sou hierdie berg met verloop van tyd uitgeput raak, want hy neem voortdurend geld uit ons land en stuur niks in die plek daarvan terug nie, behalwe God se vervloeking vir sy simonie." — Eerw John Lewis, *History of the Life and Sufferings of J Wycliffe*, bl 37.

Kort na sy terugkeer na in Engeland is Wycliffe deur die koning as predikant van Lutterworth aangestel. Dit was 'n versekering dat die monarg ten minste nie ontevrede was omdat hy so reguit gepraat het nie. Wycliffe se invloed is in die vorming van die optrede van die hof, asook in die vorming van die geloof van die nasie gesien.

Die pouslike donderstorms het spoedig teen hom losgebars. 86
Drie bevelskrifte is na Engeland gestuur — na die universiteit, die koning en die prelate – alles met die bevel dat onmiddellike en beslissende maatreëls ingestel word om die leraar van kettery die swye op te lê. (Augustus Neander, *General History of the Christian Religion and Church*, per 6, art 2, vol 1, par 8). *[Sien ook bylaag vir bl 86].* Voor die aankoms van die bevelskrifte, het die

biskoppe in hul ywer, Wycliffe gedaag om voor hulle te verskyn om verhoor te word. Maar twee van die magtigste vorste in die ryk het hom na die tribunaal vergesel en die mense wat die gebou omsingel en ingestorm het, het die regters so geïntimideer, dat die verrigtinge voorlopig opgeskort is en hy toegelaat is om in vrede sy gang te gaan. ‘n Rukkie later het Eduard III, wie die prelate op sy ou dag teen die hervormer probeer beïnvloed het, gesterf en Wycliffe se voormalige beskermheer het regent van die koninkryk geword.

Maar met die aankoms van die pouslike bevelskrifte, is die hele Engeland 'n verpligte opdrag opgelê vir die arrestasie en gevangenisstraf van die ketter. Hierdie maatreëls het regstreeks op die brandstapel gewys. Dit was byna seker dat Wycliffe binnekort die prooi van die wraak van Rome sou word. Maar Hy, wat in die dae van die voortyd verklaar het: “Vrees nie, Abram, Ek is vir jou ‘n skuld...” (Gen 15:1), het weereens Sy hand uitgesteek om Sy dienskneg te beskerm. Die dood het nie vir die hervormer gekom nie, maar vir die pous wat sy vernietiging gelas het. Gregorius XI het gesterf en die geestelikes wat vir die verhoor van Wycliffe byeengekom het, is uiteen.

Die voorsienigheid van God het die gebeure nog verder oorheers om geleentheid vir die groei van die hervorming te bied. Die dood van Gregorius is gevolg deur die verkiesing van twee mededingende biskoppe. Twee teenstrydige magte wat beide beweer het onfeilbaar te wees en nou gehoorsaamheid geëis het. *[Sien bylaag notas vir bl 50 en 85].* Albei het 'n beroep op die getroues gedoen om hom te help om oorlog teen die ander te voer, deur sy eise van verskriklike vervloekings teen sy teëstanders af te dwing en beloftes van beloning in die hemel aan sy ondersteuners. Hierdie gebeurtenis het die mag van die pousdom grootliks verswak. Die mededingende faksies het alles in hul vermoë gedoen om mekaar aan te val en Wycliffe het ‘n tyd lank rus gehad. Vervloekings en beskuldigings het van pous na pous gevlieg en strome bloed het gevloei om hul teenstrydige bewerings te ondersteun. Misdade en skandale het die kerk

oorstroom. Intussen het die hervormer, in die rustige aftrede van sy gemeente in Lutterworth, ywerig gewerk om mense van die strydende biskoppe na Jesus, die Vredevors te wys.

Die skeuring met al die stryd en korrupsie wat daardeur 87
veroorsaak is, het die weg vir die hervorming berei deur die mense in staat te stel om te sien wat die pousdom werklik was. In een traktaat wat hy uitgegee het oor "*Die Skeuring Tussen die Biskoppe*," het Wycliffe die volk gevra om te besin of hierdie twee priesters nie die waarheid praat deur mekaar as die Antichris te veroordeel nie. "God..." het hy gesê, "...sou die Satan nie langer toelaat om slegs oor een priester te heers nie, maar ... het die verdeeldheid tussen die twee veroorsaak sodat mense, in die Naam van Christus, albei makliker kon oorwin." — Neander, *History of the Christian Religion and Church*, per 6, art 2, vol 1, par 8.

Wycliffe het, soos sy Meester, die evangelie aan die armes verkondig. Hy was nie tevrede om slegs die lig in hul nederige wonings in sy eie gemeente in Lutterworth te versprei nie, maar het besluit dat dit na elke deel van Engeland geneem moes word. Om dit te bewerkstellig, het hy 'n aantal predikers, eenvoudige, vroom manne, wat die waarheid liefgehad het en niks meer begeer het as om dit te versprei nie, georganiseer. Hierdie manne het oral heen gegaan en op die markpleine, in die strate van die groot stede en op die platteland onderrig. Hulle het die bejaardes, siekes en armes opgesoek en die blye boodskap van die genade van God aan hulle gebring.

As professor in teologie aan Oxford het Wycliffe die Woord van God in die sale van die universiteit verkondig. So getrou het hy die waarheid aan die studente onder sy onderrig verkondig, dat hulle aan hom die titel van "Die Evangelie-dokter" gegee het. Maar die grootste werk van sy lewe sou die vertaling van die Skrif in die Engelse taal wees. In 'n werk getiteld *On the Truth and Meaning of Scripture*, het hy sy voorneme om die Bybel te vertaal

uitgespreek, sodat elke mens in Engeland die wonderbaarlike werke van God in sy eie moedertaal kon lees.

Maar skielik is sy arbeid gestaak. Hoewel hy nog nie sestig 88
jaar oud was nie, het onophoudelike geswoeg, studie en die aanvalle van sy vyande, hulle tol op sy krag geëis en hom voortydig oud gemaak. Hy is deur 'n gevaarlike siekte aangetas. Hierdie tyding het groot vreugde vir die monnike ingehou. Nou, het hulle gedink, sal hy bitter berou hê oor die kwaad wat hy die kerk aangedoen het en hulle na hom gehaas om sy belydenis aan te hoor. Verteenwoordigers van die vier godsdienstige ordes, vergesel van vier burgerlike beamptes, het om die vermeende sterwende man geskaar. "Die dood is op jou lippe..." het hulle gesê; "...word deur jou foute aangeraak en trek alles wat jy tot ons skade gesê het terug." Die hervormer het in stilte geluister; toe het hy sy oppasser beveel om hom in sy bed op te lig en, terwyl hulle staan en wag het vir sy terugtrekking, het hy stip na hulle gekyk het en met die vaste, sterk stem wat hulle so dikwels laat sidder het, gesê: "Ek sal nie sterwe nie, maar lewe; en weer die bose dade van die monnike verklaar." — *D 'Aubigne*, vol 17, hfst 7. Verbaas en verslae het die monnike uit die kamer gehaas.

Wycliffe se woorde is bewaarheid. Hy het gelewe om die magtigste van alle wapens teen Rome in die hande van sy landgenote te plaas, naamlik die Bybel, die hemelse werktuig vir die bevryding, verligting en evangelisasie van die mens. Daar was baie en groot struikelblokke om te oorkom in die uitvoering van hierdie werk. Wycliffe het gebuk gegaan onder liggaamlike ongesteldhede; hy het geweet dat slegs 'n paar jaar van arbeid vir hom oorgebly het; hy het die teëstand wat hy moes konfronteer gesien, maar aangemoedig deur die beloftes van God se Woord, het hy deurgedruk en hom deur niks laat afskrik nie. In die volle krag van sy intellektuele vermoëns, ryk aan ervaring, is hy deur God se spesiale voorsiening hiervoor, vir die grootste van sy arbeid bewaar en voorberei. Terwyl die hele Christendom in oproer verkeer het, het die hervormer in sy

pastorie op Lutterworth, sonder om ag op die storm wat buite gewoed het, homself aan sy gekose taak gewy.

Uiteindelik was die werk voltooi – die eerste Engelse vertaling van die Bybel wat ooit beskikbaar gestel is. Die Woord van God is aan Engeland geopen. Die hervormer het nou nie meer die gevangenis of die brandstapel gevrees nie. Hy het lig in die hande van die Engelse volk geplaas wat nooit gedoof sou word nie. Deur die Bybel aan sy landgenote te gee, het hy meer gedoen om die boeie van onkunde en ondeug te verbreek en om sy land te bevry en te verhef, as wat ooit deur die briljantste oorwinnings op die slagveld behaal is.

Die drukkuns was nog onbekend en dit was slegs deur 89
langsame en moeisame arbeid dat eksemplare van die Bybel kon vermenigvuldig. Die belangstelling om die boek te bekom was so groot, dat baie gewilliglik met die transkripsie daarvan besig was, maar dit was moeilik vir die kopieerders om in die aanvraag te voorsien. Sommige van die meer welvarende kopers wou die hele Bybel hê. Ander het slegs gedeeltes daarvan aangeskaf. In baie gevalle het verskeie gesinne saam 'n afskrif gekoop. So het Wycliffe se Bybel spoedig sy weg tot die huise van die mense gevind.

Die beroep op die mens se rede het hulle uit hul passiewe onderwerping aan pouslike dogmas gewek. Wycliffe het nou die kenmerkende leerstellings van Protestantisme verkondig, naamlik verlossing deur geloof in Christus en onfeilbaarheid van die Skrif alleen. Die predikers wat hy uitgestuur het, het die Bybel saam met die geskrifte van die hervormer met soveel sukses versprei, dat die nuwe geloof deur byna die helfte van die bevolking van Engeland aangeneem is.

Die verskyning van die Skrifte het die owerhede van die kerk ontstel. Hulle het nou met 'n magtiger werktuig as Wycliffe te doen gehad — 'n werktuig waarteen hulle wapens magteloos was. Op daardie stadium was daar geen wetgewing in Engeland wat die Bybel verbied het nie, want dit was nog nie tevore in die

volkstaal gepubliseer nie. Sulke wette is agterna uitgevaardig en streng toegepas. Intussen, ondanks die pogings van die priesters, was daar geleentheid vir die verspreiding van die Woord van God.

Weereens het die pouslike leiers beplan om die hervormer se stem stil te maak. Hy is voor drie geregshowe gedaag maar dit het niks gehelp nie. Eerstens het ‘n sinode van biskoppe sy geskrifte as kettery verklaar en nadat hulle die jong koning, Richard II, na hulle kant oorgehaal het, het hulle ‘n koninklike dekreet verkry wat almal wat aan die veroordeelde leerstellings vasgehou het, tot gevangenisstraf veroordeel het.

Wycliffe het hom vanaf die sinode op die Parlement beroep; 90
het hy die hiërargie onverskrokke voor die nasionale raad gedaag en 'n hervorming van die enorme wanpraktyke wat die kerk goedgekeur het, geëis. Met oortuigende krag het hy die aanmatigings en korrupsie van die pouslike setel geskilder. Dit het sy vyande verwar. Die vriende en ondersteuners van Wycliffe moes noodgedwonge toegee en daar is met volle vertroue verwag dat die hervormer self op sy oudag, alleen en vriendeloos, voor die gesamentlike gesag van die kroon en die myter sou buig. Maar in stede hiervan het die Roomsgesindes hulself verslaan gevind. Die Parlement, wakker geskud deur die roerende appèlle van Wycliffe, het die vervolgingsbevel herroep en die hervormer was weer vry.

Hy is vir 'n derde keer verhoor en hierdie keer voor die hoogste, kerklike tribunaal in die koninkryk. Hier sou geen genade aan kettery betoon word nie. Hier sou Rome uiteindelik kon seëvier en die werk van die hervormer gestaak word. So het die Roomsgesindes gedink. As hulle net hul doel kon bereik, sou Wycliffe gedwing word om sy leerstellings af te sweer, of hy sou die hof vir die vlamme verlaat.

Maar Wycliffe het niks teruggetrek nie; hy sou nie huigel nie. Vreesloos het hy sy leerstellings verdedig en die beskuldigings van sy vervolgers weerlê. Hy het homself, sy posisie en die

geleentheid vergeet en sy toehoorders voor die Goddelike regterstoel gedaag en die drogredes en hulle misleidings in die weegskaal van ewige waarheid geweeg. Die krag van die Heilige Gees is in die raadsaal gevoel. ‘n Betowerende krag van God was op die hoorders. Dit het gelyk asof hulle geen mag gehad het om die plek te verlaat nie. Die pyle uit die Here se pylkoker, naamlik die hervormer se woorde, het hul harte deurboor. Die aanklag van dwaalleer wat hulle teen hom ingebring het, het hy met oortuigende krag op hulle teruggewerp. Waarom, het hy geëis, het hulle dit gewaag om hul dwaalleer te versprei? Was dit ter wille van winsbejag om met die genade van God handel te dryf?

“Teen wie, dink julle...” het hy ten slotte gevra, “...stry julle? Teen ‘n ou man op die randjie van die graf? Nee! teen Waarheid — Waarheid wat sterker as julle is en wat julle sal oorwin.” — *Wylie* vol 2, hfst 13. Met hierdie woorde het hy die vergadering verlaat en nie een van sy teëstanders het hom probeer keer nie.

Wycliffe se werk was byna voltooi; die vaandel van die 91
waarheid wat hy so lank omhoog gehou het, sou eerlank uit sy hand val; maar weereens sou hy vir die evangelie getuig. Die waarheid sou vanuit die vesting van die koninkryk van dwaling self verkondig word. Wycliffe is gedaag om voor die pouslike tribunaal in Rome te verskyn waar die bloed van die heiliges so dikwels gestort is. Hy was nie blind vir die gevaar wat hom bedreig het nie, maar hy sou nogtans die dagvaarding gehoorsaam het, as ‘n aanval van beroerte dit nie vir hom onmoontlik gemaak het om die reis te onderneem nie. Maar hoewel sy stem nie in Rome gehoor sou word nie, kon hy per brief kommunikeer en hy het besluit om dit te doen. Vanaf sy pastorie het die hervormer ‘n brief aan die pous geskryf wat, hoewel dit hoflik en in ‘n Christelike gees was, ‘n skerp teregwysing vir die prag en praal van die pouslike stoel was.

“Ek verheug my voorwaar...” het hy gesê, “...om aan alle mense die geloof wat ek huldig, te open en te verklaar, veral aan die biskop van Rome wat, omdat ek meen dat hy standvastig en

getrou is, maar te gewillig sou wees om my genoemde geloof te bevestig, of indien dit verkeerd is, dit te verbeter.

"Eerstens neem ek aan dat die evangelie van Christus die volle wet van God omvat... Ek glo dat die biskop van Rome, aangesien hy die plaasvervanger van Christus op aarde is, meer as alle mense gebind is aan die wet van die evangelie. Want die grootheid onder die dissipels van Christus het nie bestaan uit wêreldse waardigheid of eer nie, maar uit 'n nougesette en presiese navolging van Christus in Sy lewe en optrede ... Christus was, tydens sy pelgrimstog op aarde, 'n baie arm man, wat alle wêreldse heerskappy en eer van die hand gewys het...

"Geen gelowige mag óf die pous homself, óf enige van die heiliges navolg nie, behalwe op die punte waarop hulle die Here Jesus Christus navolg; want Petrus en die seuns van Sebedeüs, deur wêreldse eer in teenstelling met die voorbeeld van Christus te begeer, het aanstoot gegee en daarom moet hulle nie in hierdie dwalinge nagevolg word nie...

"Die pous behoort alle tydelike heerskappy en beheer aan die 92
sekulêre mag oor te laat en ook al sy geestelikes daartoe te beweeg en te vermaan, want so het Christus, veral deur Sy apostels, gedoen. Daarom, as ek op enige van hierdie punte fouteer het, wil ek myself nederig aan teregwysing, of selfs die dood onderwerp as dit nodig is; en as ek volgens my wil of begeerte, in my eie persoon kon optree, sou ek myself sekerlik voor die biskop van Rome gestel het, maar die Here het my andersins besoek en my geleer om God eerder as die mens te gehoorsaam."

Ter afsluiting het hy gesê: "Laat ons tot ons God bid, dat Hy ons Pous, Urbanis VI, soos aan die begin, sal opwek sodat hy met sy geestelikes die Here Jesus Christus in lewe en sedes mag navolg; en dat hulle die volk kragdadig kan onderrig, sodat laasgenoemdes hulle eweneens getrou daarin mag navolg." — *Foxe, Acts and Monuments*, vol 3, bl 49,50.

Sodoende het Wycliffe aan die pous en sy kardinale die sagmoedigheid en nederigheid van Christus voorgehou en nie net aan hulle nie, maar ook aan die hele Christendom, die kontras tussen hulle en die Meester wie se verteenwoordigers hulle beweer het om te wees, getoon.

Wycliffe het ten volle verwag dat hy met sy lewe vir sy getrouheid sou moes boet. Die koning, die pous en die biskoppe het saamgespan om sy ondergang te bewerk en dit het gelyk asof dit ‘n uitgemaakte saak was dat hy binne ‘n paar maande na die brandstapel sou gaan. Maar sy moed was onverstoorbaar. “Waarom praat julle van die kroon van martelaarskap ver te gaan soek?” het hy gesê. “Verkondig die evangelie van Christus aan arrogante prelate en die marteldood sal gewis wees. Wat! Moet ek lewe en swyg? ... Nooit nie! Laat die slag val, ek wag op die koms daarvan.” — *D’Aubigne*, vol 17, hfst 8.

Maar God se voorsienigheid het steeds sy dienskneg beskerm. Die man wat vir 'n hele leeftyd met vrymoedigheid gestaan het om die waarheid te verdedig, met sy lewe daagliks in gevaar, sou nie 'n slagoffer van die vyand se haat word nie. Wycliffe het nooit probeer om homself te beskerm nie, maar die Here was sy beskermer; en nou, toe sy vyande seker van hulle prooi was, het God se hand hom buite hulle bereik verwyder. In sy kerk op Lutterworth, terwyl hy besig was om die nagmaal te bedien, het ‘n beroerte aanval hom verlam en hy is kort daarna oorlede.

God het Wycliffe vir hierdie werk aangestel. Hy het die woord 93
van waarheid in sy mond gelê en Hy het oor hom gewaak sodat hierdie woord na die volk kon uitgaan. Sy lewe is beskerm en sy arbeid verleng, totdat die grondslag vir die groot werk van die hervorming gelê is.

Wycliffe het uit die duisternis van die Donker Eeue gekom. Daar was niemand wat hom voorafgegaan het, uit wie se werk hy sy stelsel vir hervorming kon skep nie. Hy is, soos Johannes die Doper, vir 'n spesiale taak verwek en was die aankondiger van

'n nuwe era. In die stelsel van waarheid wat hy verkondig het, was daar ‘n eenheid en volledigheid wat nie deur hervormers wat hom opgevolg het, oorskry is nie en wat sommige van hulle selfs nie 'n honderd jaar later kon bereik nie. Die grondslag was so breed en diep gelê en die raamwerk was so vas en waar, dat dit nie vir diegene wat hom opgevolg het, nodig was om dit te herbou nie.

Die groot beweging wat deur Wycliffe ingelei is, wat die gewete en intellek moes bevry en die nasies wat vir so lank aan die segetog van Rome gebonde was sou bevry, het sy oorsprong in die Bybel gehad. Hier was die bron van daardie stroom van seën wat sedert die veertiende eeu, deur die eeue heen soos water van die lewe gevloei het. Wycliffe het die Heilige Skrif met onwrikbare geloof as die geïnspireerde openbaring van God se wil aanvaar, ‘n onfeilbare maatstaf van geloof en praktyk. Hy was opgelei om die Kerk van Rome as die Goddelike, onfeilbare gesag te beskou en om die leerstellings en gebruike van ‘n duisend jaar met onvoorwaardelike eerbied te aanvaar; maar hy het van al hierdie dinge afgewyk om na God se heilige Woord te luister. Dit was die gesag wat hy die volk aangespoor het om te erken. In plaas daarvan dat die kerk deur die pous praat, het hy verklaar dat die enigste ware gesag die stem van God is wat deur Sy woord spreek. En nie alleen het hy geleer dat die Bybel 'n perfekte openbaring van God se wil is nie, maar dat die Heilige Gees die enigste Vertolker daarvan is en dat elke mens sy eie plig, deur die bestudering daarvan, moet leer ken. So het hy die gedagtes van mense van die pous en die kerk van Rome weggelei en dit op die woord van God gerig.

Wycliffe was een van die grootste hervormers. In omvang van 94
intellek, helderheid van denke, standvastigheid in die handhawing van die waarheid en vrymoedigheid om dit te verdedig, is hy deur min wat ná hom gekom het geëwenaar. Reinheid van lewe, onvermoeide ywer in studie en arbeid, onkreukbare integriteit, Christelike liefde en getrouheid in hul bediening, was 'n kenmerk van die eerste van die hervormers en

dit, ten spyte van die intellektuele duisternis en morele korrupsie waarin hy geleef het.

Wycliffe se karakter is ‘n getuienis van die opvoedende, transformerende krag van die Heilige Skrif. Dit was die Bybel wat hom gemaak het wat hy was. Die poging om die groot waarhede van Openbaring te begryp het al die verstandelike vermoëns verkwik en krag daaraan verleen. Dit verbreed die verstand, verskerp die waarnemingsvermoë en gee rypheid van oordeel. ‘n Studie van die Bybel sal elke gedagte, gevoel en strewe veredel, soos wat geen ander studie kan nie. Dit gee stabiliteit van doel, geduld, moed en deursettingsvermoë; dit verfyn die karakter en heilig die siel. ‘n Ernstige, eerbiedige studie van die Skrif wat die denke van die student in regstreekse kontak met die oneindige verstand bring, sal aan die wêreld manne van sterker en meer aktiewe intellek besorg, sowel as van 'n edeler beginsel as wat die beste menslike filosofie bied. “Die opening van U woorde gee lig...” sê die psalmis, “...dit maak die eenvoudiges verstandig.” (Ps 119:130).

Die leerstellings wat deur Wycliffe geleer is, het 'n tyd lank 95
voortgeduur om uit te brei; sy volgelinge, bekend as Wycliffiete en Lollarde, het nie alleen Engeland deurkruis nie, maar ook na ander lande uitgebrei, waarheen ‘n kennis van die evangelie uitgedra is. Nadat hulle leier van hulle weggeneem is, het die predikers met nog groter ywer as voorheen gewerk en menigtes het saamgestroom om na hulle leringe te luister. Sommige van die adel, waaronder ook die koningin, was onder die bekeerlinge. Op baie plekke was daar ‘n duidelike hervorming in die optrede van die volk en die afgodiese simbole van Romanisme is uit die kerke verwyder. Maar spoedig het die meedoënlose storm van vervolging op diegene wat dit gewaag het om die Bybel as hul riglyn aan te neem, losgebars. Die Engelse vorste was gretig om hulle mag deur die steun van Rome te versterk en het nie gehuiwer om die hervormers op te offer nie. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Engeland is die dekreet van die brandstapel teen die dissipels van die evangelie uitgevaardig.

Martelaarskap het op martelaarskap gevolg. Die voorstanders van die waarheid, verban en gemartel, kon slegs tot die Here van die leërskare uitroep. Vervolg as vyande van die kerk en verraaiers van die koninkryk, het hulle in verborge plekke gepreek en so goed as hulle kon, skuiling in die nederige wonings van die armes gevind en dikwels in kuile en grotte wegkruip.

Ondanks die woede van vervolging, is daar eeue lank kalme, vroom, ernstige en geduldige protes teen die heersende korrupsie van godsdienstige geloof uitgespreek. Die Christene van daardie vroeë tyd het slegs ‘n gedeeltelike kennis van die waarheid gehad, maar hulle het geleer om God se Woord te gehoorsaam en lief te hê en hulle het geduldig daarvoor gely. Soos die dissipels in die tyd van die apostels, het baie hulle wêreldse besittings vir die saak van Christus opgeoffer. Diegene wat toegelaat was om in hul huise te woon, het herberg aan hul verbanne broers in hul huise verleen en wanneer hulle self verdryf is, het hulle die lot van uitgeworpenes met blymoedigheid aanvaar. Duisende wat weliswaar deur die woede van hul vervolgers afgeskrik was, het hul vryheid ten koste van hul geloof gekoop en hul tronke in 'n kleed van boetedoening verlaat om die verloëning van hul geloof aan te dui. Maar daar was ‘n groot aantal, waaronder ook mense, adellik van oorsprong, wat onverskrokke vir die waarheid in kerkers, in die Lollard-torings, in marteling en in die vlamme, met blydskap getuig het dat hulle waardig geag is om “...in Sy lyde...” te deel.

Die Roomsgesindes het nie daarin geslaag om hulle doel met 96
Wycliffe gedurende sy lewe, te bereik nie en hulle haat kon nie deur sy liggaam wat rustig in die graf gerus het, bevredig word nie. Kragtens ‘n dekreet van die Konsilie van Konstanz, is sy bene meer as veertig jaar ná sy dood opgegrawe, in die openbaar verbrand en die as in ‘n naburige spruit gegooi. “Hierdie stroom...” het ‘n ou skrywer gesê, “...het die as na die Avon gevoer, van Avon na die Severn, van die Severn na die kleiner see en vandaar na die groot oseaan. En so het die as van Wycliffe ‘n

embleem van sy leer, wat nou oor die hele wêreld versprei is, geword." — T Fuller, *Church History of Britain*, vol 4, art 2, par 54. Sy vyande was onbewus van die betekenis van hul kwaadwillige daad.

Dit is deur die geskrifte van Wycliffe dat Johannes Huss, van Boheme, gelei is om afstand van baie van die dwalinge van Romanisme te doen en met die werk van hervorming voort te gaan. Aldus is die saad van die waarheid in hierdie twee lande, wat so ver van mekaar geleë is, gesaai. Van Boheme het die werk na ander lande uitgebrei. Die aandag van die mense is op die lank vergete Woord van God gevestig. 'n Goddelike Hand was besig om die weg vir die groot hervorming voor te berei.

Hoofstuk 6 97

# Huss en Hieronymus[*]

Die evangelie het reeds in die negende eeu in Boheme wortelgeskiet. Die Bybel is vertaal en die openbare godsdiens is in die taal van die volk beoefen. Maar namate die mag van die pous toegeneem het, is die Woord van God uitgedoof. Gregorius VII wat dit op homself geneem het om die trots van konings te verneder, was nie minder vasberade om die volk te verslaaf nie en gevolglik is ‘n bevelskrif uitgereik wat openbare aanbidding in die Boheemse taal verbied het. Die pous het verklaar dat “...dit die Almagtige behaag het dat Sy aanbidding in 'n onbekende taal moes geskied en dat baie euwels en ketterye ontstaan het as gevolg van die feit dat hierdie reël nie nagekom is nie.”— *Wylie*, vol 3, hfst 1. So het Rome beveel dat die lig van God se Woord geblus en die mense in duisternis opgesluit moes word. Maar die Here het ander agentskappe vir die bewaring van die kerk voorsien. Baie van die Waldense en Albigense, wat as gevolg van vervolging uit hulle wonings in Frankryk en Italië verdryf is, het na Boheme gevlug. Alhoewel hulle dit nie gewaag het om in die openbaar te onderrig nie, het hulle ywerig in die geheim gewerk. So het die ware geloof van eeu tot eeu behoue gebly.

Voor die dae van Huss, was daar manne in Boheme wat 98
verreis het en die verdorwenheid van die kerk en die losbandigheid van die mense openlik veroordeel het. Hulle arbeid het groot belangstelling gewek. Die vrese van die hiërargie is gewek en vervolging teen die dissipels van die evangelie het begin. Hulle was genoodsaak om in die woude en die berge te aanbid, deur soldate agtervolg en baie is om die lewe gebring. Na 'n tyd is daar 'n dekreet uitgevaardig dat almal wat van die Romeinse vorm van aanbidding afwyk, verbrand

[*] *Jerome*

moes word. Maar terwyl Christene met hul lewens geboet het, het hulle uitgesien na die oorwinning van hul saak. Een van die wat "...geleer het dat verlossing alleen deur geloof in die gekruisigde Heiland verkry kon word..." het op sy sterfbed verklaar: "Die woede van die vyande van die waarheid het nou die oorhand teen ons, maar dit sal nie vir ewig so wees nie; daar sal een uit die gewone volk opstaan, sonder swaard of gesag en hulle sal nie die oorhand oor hom kry nie." — *Wylie*, vol 3, hfst 1. Die koms van Luther was nog ver in die toekoms, maar daar het reeds een opgestaan wie se getuienis teen Rome die nasies sou roer.

Johannes Huss is uit 'n nederige huis gebore en is vroeg as gevolg van die dood van sy vader as 'n weeskind agtergelaat. Sy vroom moeder wat opvoeding en die vrees van God as die mees waardevolste bates beskou het, het gepoog om hierdie erfenis vir haar seun te beveilig. Huss het in 'n provinsiale skool onderrig ontvang en is later na die Universiteit van Praag waar hy as 'n liefdadigheids-student toelating verkry het. Op sy reis na Praag is hy deur sy moeder vergesel; as arm weduwee, het sy geen aardse rykdom gehad om aan haar seun te gee nie, maar toe hulle die groot stad nader, het sy langs die vaderlose jeug neergekniel en vir die seën van hul hemelse Vader oor hom gebid. Weinig het daardie moeder besef hoe haar gebed verhoor sou word.

By die universiteit het Huss homself spoedig deur sy 99
onvermoeide ywer en vinnige vordering onderskei, terwyl sy onberispelike lewe en sagmoedige, innemende houding algemene agting afgedwing het. Hy was 'n opregte aanhanger van die Roomse Kerk en 'n ernstige soeker na die geestelike seëninge wat die kerk beweer het te kan skenk. By geleentheid van 'n jubeljaar het hy belydenis afgelê, die laaste paar muntstukke uit sy karige beursie betaal en by die optog aangesluit sodat hy in die beloofde vergifnis kon deel. Nadat hy sy opleiding aan die universiteit voltooi het, het hy die priesteramp betree, spoedig 'n naam vir homself gemaak en 'n

plek aan die hof van die koning verkry. Hy is ook as professor en later as rektor van die universiteit waar hy sy opleiding ontvang het, aangestel. Binne ‘n paar jaar was die nederige, liefdadigheids-student die trots van sy land en sy naam was regdeur Europa bekend.

Maar dit was in ‘n ander veld wat Huss met sy hervormingswerk begin het. 'n Paar jaar nadat hy sy priesterskap ontvang het, is hy as prediker van die kapel van Betlehem aangestel. Die stigter van hierdie kapel het die prediking van die skrif in die taal van die volk sterk voorgestaan. Ondanks Rome se teenkanting teen hierdie gebruik, was dit nie heeltemal in Boheme gestaak nie. Daar was egter groot onkunde aangaande die Bybel en die ergste ondeugde het onder alle geledere van die samelewing geheers. Hierdie euwels het Huss genadeloos aan die kaak gestel en 'n beroep op die Woord van God gedoen om die beginsels van waarheid en reinheid wat hy ingeskerp het, af te dwing.

‘n Burger van Praag, Hieronymus, wat later baie nou met Huss geassosieer was, het met sy terugkeer uit Engeland, die geskrifte van Wycliffe saam met hom gebring. Die koningin van Engeland, wat ‘n bekeerling van die leer van Wycliffe was, was ‘n Boheemse prinses en deur haar invloed is die werke van die hervormer ook wyd in haar geboorteland versprei. Huss het hierdie werke met belangstelling gelees; hy het geglo dat die skrywer daarvan ‘n opregte Christen was en hy was geneig om die hervormings wat Wycliffe voorgestaan het, in ‘n gunstige lig te beskou. Alhoewel hy dit nie geweet het nie, was Huss reeds op die pad wat hom ver weg van Rome sou lei.

Ongeveer hierdie tyd, het daar twee vreemdelinge uit 100
Engeland in Praag aangekom, manne van geleerdheid wat die lig ontvang het en dit in hierdie ver land kom versprei het. Hulle het begin met ’n openlike aanval op die oppergesag van die pous, maar hulle is gou deur die owerhede stilgemaak. Onwillig om van hul doel af te sien, het hulle hul tot ander maatreëls

gewend. Aangesien hulle kunstenaars sowel as predikers was, het hulle hul vaardighede aangewend. Op 'n plek wat oop vir die publiek was, het hulle twee skilderye geskilder. Die een was ‘n voorstelling van Christus se intog in Jerusalem, “...sagmoedig, sittende op ‘n esel...” (Mat 21:5), gevolg deur Sy dissipels in verslete klere en kaalvoet en die ander skildery was ‘n voorstelling van ‘n pouslike optog; die pous was geklee in sy duursame kleed en trippel-kroon, gemonteer op 'n perd wat pragtig versier is, voorafgegaan deur trompetspelers en gevolg deur kardinale en prelate in 'n skitterende vertoon.

Hier was ‘n preek wat die aandag van alle klasse gevange gehou het. Skares het na die skilderye kom kyk. Hulle kon nie anders as om die sedeles op te merk nie en baie was diep onder die indruk van die kontras tussen die sagmoedigheid en nederigheid van Christus die Meester en die prag en praal van die pous, Sy beweerde dienskneg. Daar het groot beroering in Praag ontstaan en die vreemdelinge het dit na ‘n tyd nodig geag om veiligheidshalwe te vertrek. Maar die les wat hulle geleer het, is nie vergeet nie. Die skilderye het ‘n diep indruk op Huss gemaak en hom gelei tot ‘n dieper studie van die Bybel en die geskrifte van Wycliffe. Ofskoon hy nie op daardie stadium bereid was om die hervorming wat Wycliffe voorgestaan het te aanvaar nie, het hy die ware karakter van die pousdom duideliker gesien en met groter ywer die hoogmoed, eersugtigheid en verdorwenheid van die hiërargie aan die kaak gestel.

Vanuit Boheme het die lig na Duitsland versprei, want die ontwrigting aan die Universiteit van Praag het die onttrekking van honderde Duitse studente veroorsaak. Baie van hulle het hul eerste kennis van die Bybel van Huss ontvang en met hul terugkeer na hul vaderland, die evangelie versprei.

Berigte aangaande die werk in Praag het Rome bereik en Huss is spoedig voor die pous gedaag. Om te gehoorsaam sou beteken dat hy hom aan 'n gewisse dood blootstel. Die koning

en koningin van Boheme, die universiteit, lede van die adelstand, regeringsamptenare, het almal saam 'n beroep op die pous gedoen dat Huss toegelaat word om in Praag te bly en deur 'n adjunk in Rome verantwoording te doen. In stede van hierdie versoek toe te staan, het die pous met die verhoor en veroordeling van Huss voortgegaan en verder Praag onder interdik verklaar.

Op daardie stadium het hierdie vonnis, waar dit ook al 101
uitgespreek is, wydverspreide alarm ontketen. Die seremonies waarmee dit gepaard gegaan het, was goed aangepas om die volk skrik op die lyf te jaag, wat die pous as die verteenwoordiger van God en in besit van die sleutels van die hemel en hel beskou het, asook met die mag om tydelike sowel as geestelike oordele op te roep. Daar is geglo dat die poorte van die hemel vir die streek wat met 'n interdik getref word gesluit was; dat, totdat die pous tevrede gestel word om die verbod op te roep, die afgestorwenes uit die plekke van saligheid uitgesluit is. As ‘n teken van hierdie verskriklike ramp, is alle godsdienstige dienste opgeskort. Die kerke is gesluit. Huwelike is in die kerkhof voltrek. Daar is geweier dat afgestorwenes in gewyde grond begrawe word en hulle is sonder 'n lyksrede in die slote of in die veld begrawe. Op hierdie wyse het Rome, deur maatreëls wat aanspraak op die verbeelding van die volk gemaak het, die gewetens van die volk beheer.

Die stad van Praag was in oproer. ‘n Groot menigte het Huss as die oorsaak van hulle rampe veroordeel en hulle het geëis dat hy aan die wraak van Rome oorgelewer moes word. Om die storm te stil, het die hervormer ‘n tyd lank na sy geboortedorp onttrek. In ‘n brief aan sy vriende wat hy in Praag agtergelaat het, het hy geskryf: “As ek my uit julle midde teruggetrek het, is dit om die voorskrif en die voorbeeld van Jesus Christus na te volg, om geen ruimte vir kwaadwilliges te laat om die ewige oordeel oor hulleself te bring nie en sodat ek nie die oorsaak van beproewing en vervolging vir die vromes sal wees nie. Ek

het my ook onttrek as gevolg van vrees dat goddelose priesters sou voortgaan om die prediking van die woord van God onder julle te verbied; maar ek het julle nie verlaat om die Goddelike waarheid, waarvoor ek met God se hulp bereid is om te sterf, te ontken nie.” — Bonnechose, *The Reformers Before the Reformation*, vol 1, bI 87. Huss het nie sy werk gestaak nie, maar het deur die omliggende lande gereis waar hy vir gretige skares gepreek het. Sodoende was die maatreëls wat die pous getref het om die evangelie te onderdruk, juis die oorsaak dat dit verder versprei het. “Want ons kan niks doen teen die waarheid nie, maar wel vir die waarheid.” (2 Kor 13:8).

“Dit wil voorkom asof die gedagtes van Huss op hierdie 102
stadium van sy loopbaan, die toneel van pynlike konflik was. Alhoewel die kerk hom deur haar donderslae wou oorweldig, het hy nie haar gesag verwerp nie. Die Roomse Kerk was vir hom nog steeds die bruid van Christus en die pous die verteenwoordiger en plaasvervanger van God. Huss se stryd was nie teen die beginsel van gesag self nie, maar teen die misbruik daarvan. Dit het 'n groot konflik tussen die oortuigings van sy begrip en die aansprake van sy gewete ontketen. As die owerheid regverdig en onfeilbaar was, soos hy geglo het, hoekom was dit dan dat hy verplig gevoel het om ongehoorsaam daaraan te wees? Om te gehoorsaam, het hy ingesien, was om te sondig; maar waarom moet gehoorsaamheid aan ‘n onfeilbare kerk dan tot so 'n kwessie lei? Dit was 'n probleem wat hy nie kon oplos nie; dit was die twyfel wat hom uur na uur gemartel het. Die naaste benadering tot 'n oplossing waartoe hy kon kom, was om te aanvaar dat daar ‘n herhaling van toestande soos in die dae van die Verlosser was, toe die priesters van die kerk goddelose mense geword het en hulle wettige gesag vir onwettige doeleindes aangewend het. Dit het hom gelei dat hy ter wille van sy eie leiding en dit vir ander voor te hou, dat die beginsel van die voorskrifte van die Skrif wat deur die begrip oorgedra word, die gewete moet regeer; met ander woorde, dat die woorde van

God in die Bybel en nie die kerk wat deur die priesterskap praat nie, die enigste onfeilbare riglyn is." — *Wylie*, vol 3, hfst 2.

Toe die opwinding in Praag na 'n tyd bedaar het, het Huss na sy kapel van Betlehem teruggekeer om met groter ywer en moed met die prediking van die Woord van God voort te gaan. Sy vyande was baie en bedrywig en magtig, maar die koningin en baie van die adel was sy vriende en die volk het hulle in groot getalle by hom geskaar. In vergelyking met sy suiwer en opheffende leerstellings en heilige lewe en die vernederende dogmas wat die Roomsgesindes verkondig het en die gierigheid en losbandigheid wat hulle uitgeoefen het, het baie dit as 'n eer beskou om aan sy kant te wees.

Tot dusver het Huss alleen in sy arbeid gestaan, maar nou 103
het Hieronymus wat, terwyl hy in Engeland was, die leerstellings van Wycliffe aanvaar het, ook by die werk van hervorming aangesluit. Die twee is hierna in hul lewens verenig en in die dood sou hulle nie verdeeld wees nie. Briljantheid van genialiteit, welsprekendheid en geleerdheid, gawes wat gewilde guns gewen het, was eienskappe wat Hieronymus tot 'n groot mate besit het, maar in die eienskappe wat sterkte van karakter uitmaak, het Huss uitgeblink. Sy kalm oordeel het die impulsiewe gees van Hieronymus, wat met opregte nederigheid sy waarde besef het, beteuel en hy het aan sy raad toegegee. Deur hul gesamentlike arbeid, het die werk van hervorming vinniger uitgebrei.

God het toegelaat dat groot lig in die harte van hierdie uitverkore manne skyn en het baie dwalinge van Rome aan hulle geopenbaar; maar hulle het nie al die lig ontvang wat aan die wêreld gegee sou word nie. Deur hierdie, sy diensknegte, het God die volk uit die duisternis van Romanisme uitgelei; maar daar was heelwat en groot struikelblokke wat hulle moes oorkom en Hy het hulle, stap vir stap, namate hulle dit kon verduur, voortgelei. Hulle was nie gereed om al die lig gelyktydig te ontvang nie. Soos die volle glorie van die

middagson vir diegene wat in duisternis gewoon het, sou dit, indien dit ten volle aan hulle gebied was, hulle laat wegdraai het. Daarom het Hy dit geleidelik aan die leiers, namate dit deur die mense ontvang kon word, geopenbaar. Van eeu tot eeu sou ander getroue werkers hulle opvolg om die volk nog verder op die pad van hervorming voort te lei.

Die skeuring in die kerk het steeds voortgeduur. Drie biskoppe het nou om oppergesag gewedywer en hulle stryd het die Christendom met misdaad en oproer gevul. Nie tevrede met vervloekings nie, het hulle hul tot verganklike wapens gewend. Elkeen van hulle het rondgekyk om wapens en soldate te bekom. Natuurlik moes geld hiervoor verkry word en om dit te bekom, is die geskenke, ampte en seëninge van die kerk te koop aangebied. *[Sien bylaag nota vir bl 59].* Ook die priesters wat hulle meerderes nagedoen het, het hulle tot die verkoop van kerklike voorregte en oorlog begeef om hulle teëstanders te verneder en hul eie mag te versterk. Met daaglikse toenemende onverskrokkenheid het Huss teen die gruwels wat in die naam godsdiens toegelaat is, te velde getrek en die volk het die Roomse leiers openlik as die oorsaak van die ellendes wat die Christendom oorweldig het, beskuldig.

Weer het dit geblyk of die stad Praag op die punt van ‘n 104
bloedige konflik was. Soos in vroeër eeue, is God se dienskneg beskuldig dat hy “...die beroerder van Israel...” was. (1 Kon 18:17). Die stad is weer onder 'n interdik geplaas en Huss het na sy geboortedorp onttrek. Die getuienis wat hy so getrou in sy geliefde kapel van Betlehem gegee het, is beëindig. Voordat hy sy lewe as getuie vir die waarheid neergelê het, sou hy tot die hele Christendom vanaf ‘n wyer verhoog spreek.

Om die euwels wat Europa se aandag in beslag geneem het uit die weg te ruim, is daar ‘n algemene raad byeengeroep om in Konstanz te vergader. Hierdie raad is op versoek van Keiser Sigismund deur een van die drie mededingende biskoppe, Johannes XXIII, byeengeroep. Die eis vir 'n raad is nie deur pous

Johannes verwelkom nie, wie se karakter en beleid die ondersoek onmoontlik sou kon deurstaan, selfs deur die prelate wie se sedes net so los soos die kerkmanne van daardie tyd was. Hy het egter nie durf weier om die versoek van Sigismund teë te gaan nie. *[Sien bylaag].*

Die hoofoogmerke van die raad was om die skeuring in die kerk te heel en kettery met wortel en tak uit te roei. Daarom is die twee anti-biskoppe, ontbied of voor hulle te verskyn, asook die voorste verspreider van die nuwe sienings, Johannes Huss, ontbied. Eersgenoemde het, in ag genome hul eie veiligheid, nie die vergadering persoonlik bygewoon nie, maar is deur afgevaardigdes verteenwoordig. Hoewel Pous Johannes skynbaar die sameroeper van die raad was, het hy met baie bedenkinge daar aangekom en vermoed dat dit die keiser se geheime doel was om hom te onttroon; en hy was ook bevrees dat hy verantwoording sou moes doen vir die euwels wat die tiara onteer het, sowel as vir die misdade waardeur dit beveilig is. Tog het hy sy intrede met groot prag en praal in die stad Konstanz gemaak, vergesel van kerklikes van die hoogste rang en gevolg deur ’n stoet van hofdienaars. Al die geestelikes en hoogwaardigheidsbekleërs van die stad, met ‘n groot menigte burgers, het uitgegaan om hom te verwelkom. Bokant sy kop was ‘n goue gewelf, wat deur vier van die hooflanddroste omhoog gehou is. Die hostie is voor hom gedra en die duursame gewaad van die kardinale en edeles het ‘n imposante vertoning gemaak.

Intussen het iemand anders Konstanz genader. Huss was 105
bewus van die gevare wat hom bedreig het. Hy het afskeid van sy vriende geneem, asof hy hulle nooit weer sou ontmoet nie en het sy reis met ‘n gevoel dat dit hom na die brandstapel sou lei, onderneem. Ondanks die feit dat hy ’n geleibrief van die koning van Boheme, sowel as een van Keiser Sigismund vir sy reis verkry het, het hy al sy reëlings met die oog op die waarskynlikheid dat hy sou sterf, getref.

In ‘n brief wat aan sy vriende in Praag gerig is, het hy geskryf: “My broers ... ek vertrek met 'n geleibrief van die koning om my talryke en dodelike vyande te gaan ontmoet ... Ek vertrou volkome op die almagtige God, my Verlosser; ek vertrou dat Hy u vurige gebede sal verhoor; dat Hy Sy omsigtigheid en wysheid in my mond sal lê, sodat ek hulle kan weerstaan; en dat Hy my Sy Heilige Gees sal skenk om my in Sy waarheid te versterk, sodat ek moedig versoekings, gevangenisstraf en, indien nodig, ’n wrede dood in die gesig kan staar. Jesus Christus het vir sy geliefdes gely en moet ons dan verbaas wees dat Hy ons Sy voorbeeld nagelaat het, sodat ons self met alle geduld, alles tot ons eie saligheid sal kan verdra? Hy is God en ons is Sy skepsels; Hy is die Here en ons is Sy diensknegte; Hy is Meester van die wêreld en ons is veragtelike sterflinge – tog het Hy gely! Waarom dan sou ons nie ook ly nie, veral as die lyding vir ons loutering is? Daarom, geliefdes, as my dood tot Sy heerlikheid sal bydra, bid dat dit vinnig kan kom en dat Hy my in staat sal stel om al die onheil wat oor my mag kom met standvastigheid te verduur. Maar indien dit beter sou wees dat ek na julle moet terugkom, laat ons tot God bid dat ek sonder vlek mag terugkeer – dit wil sê, dat ek nie een titteltjie van die waarheid van die evangelie sal onderdruk nie, om aan my broers 'n uitstekende voorbeeld te gee om na te volg. Julle sal my gesig waarskynlik nooit weer in Praag aanskou nie; maar as dit die almagtige God behaag om my aan julle terug te besorg, laat ons dan met ‘n standvastiger hart in die kennis en liefde van Sy wet voortgaan.” — *Bonnechose*, vol 1, bl 147,148.

In ‘n ander brief aan ‘n priester wat ‘n dissipel van die 106
evangelie geword het, het Huss met diepe nederigheid oor sy eie dwalinge geskryf en homself beskuldig “...dat dit hom genoeë verskaf het om duursame klere te dra en ure aan ligsinnige dinge verspil het.” Verder het hy die volgende roerende vermanings bygevoeg: “Mag die heerlikheid van God en die heil van siele jou gedagtes in beslag neem en nie die van rykdom en grondbesit nie. Waak daarteen om nie jou huis meer

as jou siel te versier nie en gee veral aandag aan jou geestelike gebou. Wees vroom en nederig teenoor die behoeftiges en moenie jou besittings met feesmaaltye verteer nie. Indien jy nie jou lewe verander en jou van oordadigheid weerhou nie, is ek bevrees dat jy, net soos ek, ernstige getugtig sal word ... Jy is bekend met my leer want jy het my onderrig vanaf jou kinderjare ontvang; dit sou dus nutteloos vir my wees om verder aan jou te skryf. Maar ek doen 'n beroep op jou deur die genade van onse Here, om my nie in enige van die ydelhede waarin jy my gesien verval het, na te volg nie.” Op die buiteblad van die brief het hy bygevoeg: “Ek doen 'n beroep op jou my vriend om nie hierdie seël te verbreek voordat jy sekerheid van my dood verkry het nie.” — *Bonnechose*, vol 1, bl 148,149.

Op sy reis het Huss oral bewyse van die verspreiding van sy leerstellings en die guns waarmee sy bejeën is, gesien. Die mense het om hom saamgedrom en in sommige dorpe het die landdroste hom deur die strate vergesel.

Met sy aankoms in Konstanz het Huss volle vryheid geniet. By die keiser se geleibrief, is 'n persoonlike versekering van beskerming deur die pous gevoeg. Maar, in weerwil van hierdie plegtige en herhaaldelike versekerings, is die hervormer binne ‘n kort tydjie op bevel van die pous en die kardinale in hegtenis geneem en in ‘n weersinswekkende kerker opgesluit. Hy is later na ‘n sterk kasteel oorkant die Ryn oorgeplaas en daar is hy gevange gehou. Die pous, wat min voordeel uit sy verraad getrek het, is kort daarna in dieselfde gevangenis opgesluit. — *Id*, bI 247. Op die konsilie is daar bewys dat hy aan die vernaamste misdade, bo en behalwe moord, simonie en owerspel, (sondes wat nie genoem kan word nie) skuldig was. Dit was die verklaring van die raad self en hy is eindelik die tiara ontneem en in die gevangenis gewerp. Die anti-biskoppe is ook omvergewerp en ‘n nuwe pous is gekies.

Alhoewel die pous homself aan groter misdade skuldig 107
gemaak het as dié waarvan Huss die priesters beskuldig het en

waarvoor hy op hervorming aangedring het, het dieselfde raad wat die pous verneder het, voortgegaan om die hervormer te verpletter. Die gevangenskap van Huss het groot verontwaardiging in Boheme ontketen. Magtige adellikes het sterk by die raad teen hierdie wandaad geprotesteer. Die keiser, wat onwillig was om die skending van die geleibrief te gedoog, het hom teen hierdie optrede verset. Maar die vyande van die hervormer was kwaadwillig en vasberade. Hulle het 'n beroep op die keiser se vooroordele, sy vrese en op sy ywer vir die kerk gedoen. Hulle het lang uitgerekte argumente aangevoer om te bewys dat "...beloftes aan ketters en aan persone wat van kettery verdink word, nie nagekom behoort te word nie, ten spyte van die feit dat hulle van briewe van veilige geleide van keisers en konings voorsien is." — Lenfant, *History of the Council of Constance*, vol 1, bl 516. So het hulle die oorhand verkry.

Verswak deur siekte en die gevangenisstraf – omdat die klam, vuil lug van sy kerker 'n koors veroorsaak het wat byna sy lewe beëindig het – is Huss eindelik voor die raad gebring. Belas met kettings, het hy voor die keiser, wat in goedere trou beloof het om hom te beskerm, gestaan. Gedurende sy lang verhoor, het hy onwrikbaar aan die waarheid vasgehou en in die teenwoordigheid van die vergaderde hooggeplaastes van Kerk en Staat, plegtige en getroue protes teen die korrupsie van die hiërargie uitgespreek. Toe hy tussen die herroeping van sy leerstellings en die dood moes kies, het hy die weg van 'n martelaar gekies.

Die genade van God het hom onderskraag. Gedurende die weke van lyding voor sy finale vonnis voltrek is, het die vrede van die hemel sy siel gevul. "Ek skryf hierdie brief..." het hy aan 'n vriend geskryf, "...in die gevangenis en met my geboeide hand en ek verwag my doodvonnis môre ... Wanneer ons, met die hulp van Jesus Christus, weer in die heerlike vrede van die lewe in die hiernamaals sal ontmoet, sal u leer hoe genadig God Homself aan my betoon het en hoe doeltreffend Hy my, te

midde van my versoekings en beproewinge ondersteun het."—*Bonnechose*, vol 2, bl 67.

In die somberheid van sy kerker, het hy die triomf van die 108
ware geloof vooruitgesien. Terwyl hy in sy drome na die kapel in Praag waar hy die evangelie verkondig het teruggekeer het, het hy gesien hoe die pous en sy biskoppe die uitbeeldings van Christus wat hy teen die mure geskilder het, uitwis. "Hierdie visioen het hom baie ontstel; maar die volgende dag het hy gesien hoe baie skilders besig was om hierdie uitbeeldings in groter hoeveelheid en helderder kleure te herstel. Toe hul taak beëindig is, het die skilders, wat deur 'n groot menigte omring was, uitgeroep: 'Laat die biskoppe en pouse nou kom; hulle sal dit nooit weer kan uitwis nie!'" Terwyl hy van sy droom vertel het, het die hervormer gesê: "Ek is vas oortuig daarvan dat die beeld van Christus nooit vernietig sal word nie. Hulle wou dit vernietig, maar dit sal opnuut in alle harte geskilder word deur beter predikers as ek." — *D' Aubigne*, vol 1, hfst 6.

Huss is vir die laaste keer voor die raad gebring. Dit was 'n uitgebreide en skitterende vergadering, naamlik die keiser, die vorste van die ryk, die koninklike afgevaardigdes, die kardinale, biskoppe, priesters en 'n groot menigte wat as toeskouers van die gebeure van die dag gekom het. Uit alle dele van die Christendom het die getuies vir die eerste groot offer in die lang stryd waardeur gewetensvryheid verkry moes word, byeengekom.

Toe hy geroep word om sy finale besluit aan die raad te gee, het Huss sy weiering om terug te trek verklaar en met sy deurvorsende blik op die monarg wie se plegtige woord so onbeskaamd geskend is, het hy verklaar: "Ek het uit my eie vry wil besluit om voor hierdie raad te verskyn onder die openbare beskerming en belofte van die keiser hier teenwoordig." — *Bonnechose*, vol 2, bl 84. 'n Diep rooi gloed het oor die gelaat van Sigismund gespoel toe die oë van almal op hom gevestig is.

Nadat die vonnis uitgespreek is, het die seremonie van vernedering begin. Die biskoppe het die gevangene in priesterlike gewaad beklee en terwyl hy die kleed aantrek, het hy gesê, "Onse Here Jesus is met 'n wit kleed bedek om Hom te beledig, toe Herodes Hom voor Pilatus laat bring het." — *D'Aubigne*, vol 2, bI 86. Toe hy weer vermaan is om te herroep, het hy hom tot die volk gewend en geantwoord: "Met watter aangesig moet ek dan die hemel aanskou? Hoe moet ek die menigte mense aan wie ek die suiwer evangelie verkondig het in die gesig kyk? Nee; ek ag hulle redding van meer belang as hierdie armsalige liggaam, wat nou vir die dood bestem is." Die kledingstukke is een vir een verwyder elke biskop het 'n vloek uitgespreek terwyl hy sy deel van die seremonie uitgevoer het. Eindelik het hulle die piramied-vormige myter op sy hoof geplaas waarop skrikwekkende gestaltes van duiwels was, met die woord "Aartsketter" opvallend voorop vir almal. "Met vreugde..." het Huss gesê, "...sal ek hierdie kroon van skande vir U ontwil dra, o Jesus, wat vir my 'n doringkroon gedra het." 109

Nadat hy so uitgedos is, "...het die prelate gesê: 'Nou wy ons jou siel aan die duiwel.' 'En ek...' het Johannes Huss geantwoord, met sy oë hemelwaarts gerig, '...beveel my gees in U hande, o Here Jesus, want U het my verlos.'" — *Wylie*, vol 3, hfst 7.

Daarna is hy aan die sekulêre owerhede oorgelewer en na die plek van teregstelling gelei. 'n Ontsaglike optog van honderde gewapende soldate, priesters en biskoppe in hulle kleurvolle drag en die inwoners van Konstanz het gevolg,. Nadat hy aan die brandstapel vasgebind is en alles gereed was om die vuur aan die brand te steek, is die martelaar weereens vermaan om homself te red deur sy dwaling af te sweer. "Watter dwalings..." het Huss gevra, "...moet ek afsweer? Ek vind myself aan niks skuldig nie. Ek roep God om te getuig dat alles wat ek geskryf en gepreek het, gedoen is om siele van sonde en die verderf te red; en daarom sal ek met vreugde die waarheid wat ek geskryf en verkondig het, met my bloed bevestig." —

*D'Aubigne*, vol 3, hfst 7. Toe die vlamme rondom hom begin brand, het hy begin sing: "Jesus, Seun van Dawid, wees my genadig..." en so het hy aangehou totdat sy stem vir ewig stil was.

Selfs sy vyande is deur sy heldhaftige optrede getref. 'n Ywerige pousgesinde, in 'n beskrywing van die marteldood van Huss en Hieronymus, wat kort daarna gesterf het, het gesê: "Beide van hulle het onwrikbaar vasgestaan toe hulle laaste uur aangebreek het. Hulle het hulself vir die brandstapel voorberei asof hulle op pad na 'n huweliksfees was. Hulle het geen uitroep van pyn geuiter nie. Toe die vlamme opskiet, het hulle lofliedere gesing en die heftigheid van die vuur kon skaars hulle singery uitdoof." — *Wylie*, deel 3, hfst 7. 110

Nadat die liggaam van Huss heeltemal verteer was, is sy as, met die grond waarop dit gelê het, bymekaargeskraap en in die Ryn gegooi wat dit na die oseaan weggevoer het. Sy vervolgers het tevergeefs gehoop dat hulle die waarhede wat hy verkondig het, uitgeroei het. Min het hulle gedroom dat die as wat daardie dag na die see gevoer is soos saad wat in al die lande van die aarde gesaai is, sou wees; dat dit in lande wat tot nog toe onbekend was, oorvloedige vrugte deur getuies vir die waarheid sou lewer. Die stem wat in die raadsaal van Konstanz gespreek het, het deur al die toekomstige eeue weerklink. Huss was nie meer daar nie, maar die waarhede waarvoor hy gesterf het, sou nooit uitgedelg word nie. Sy voorbeeld van geloof en bestendigheid sou menigtes aanmoedig om, te midde van marteling en dood, vas vir die waarheid te staan. Sy teregstelling het die volslae wreedheid van Rome aan die hele wêreld getoon. Die vyande van die waarheid het, alhoewel hulle dit nie geweet het nie, die saak wat hulle tevergeefs gepoog het om te vernietig, bevorder.

Daar sou nog 'n ander brandstapel op Konstanz opgerig word. Die bloed van nog 'n getuie moes van die waarheid getuig. Hieronymus het, toe hy van Huss afskeid geneem het, 111

hom tot moedigheid en fermheid aangespoor het en verklaar dat hy self tot sy hulp sou haas indien hy in enige gevaar sou verkeer. Toe hy van die hervormer se gevangeneming hoor, het hierdie getroue dissipel hom dadelik klaargemaak om sy belofte na te kom. Sonder ‘n geleibrief en met 'n enkele metgesel, het hy na Konstanz vertrek. Met sy aankoms in Konstanz was hy oortuig dat hy homself bloot in gevaar gestel het sonder enige moontlikheid om iets vir die vrylating van Huss te kan doen. Hy het uit die stad gevlug, maar op sy reis huiswaarts is hy in hegtenis geneem en onder toesig van ‘n groep soldate is hy in boeie teruggeneem. Met sy eerste verskyning voor die raad is Hieronymus se pogings om op die beskuldigings teen hom te antwoord, met uitroepe beantwoord: “Na die vlamme met hom, na die vlamme!” — *Bonnechose*, vol 1, bl 234. Hy is in die gevangenis gewerp, vasgeketting op ‘n wyse wat vir hom groot lyding veroorsaak het en hy is met brood en water gevoed. Na etlike maande het die wreedhede van sy gevangenskap veroorsaak dat Hieronymus 'n siekte wat sy lewe bedreig het opgedoen en sy vyande, uit vrees dat hy, as gevolg van die dood, van hulle sou ontsnap, het hom met minder wreedheid behandel, alhoewel hy vir ‘n jaar in die gevangenis gebly het.

Die dood van Huss het nie die uitwerking gehad wat die Roomsgesindes op gehoop het nie. Die skending van sy geleibrief het ‘n storm van protes by die volk ontketen en as ‘n veiliger weg, het die raad besluit om Hieronymus, in stede van hom te verbrand, hom te dwing om indien moontlik te herroep. Hy is voor die vergadering gebring en die alternatief is aan hom gebied om te herroep, of op die brandstapel te sterf. Aan die begin van sy gevangenskap, sou die dood ‘n seën gewees het vergeleke met die verskriklike lyding wat hy moes verduur; maar nou, verswak deur siekte, deur die uitmergelende ontberings van sy gevangenskap en die marteling van angs en spanning, geskei van sy vriende en deur die dood van Huss ontmoedig, het Hieronymus se krag ingegee en hy het ingestem om hom aan die raad te onderwerp. Hy het hom daartoe

verbind om vas aan die Katolieke geloof te hou en hy het die optrede van die raad in die veroordeling van die leerstellings van Wycliffe en Huss aanvaar, met uitsondering van die "...heilige waarhede...." wat hulle verkondig het. — *D'Aubigne*, vol 2, bl 141.

Deur hierdie redmiddel het Hieronymus gepoog om die stem van sy gewete stil te maak en aan sy lot te ontkom. Maar in die eensaamheid van sy kerker het hy meer werklik tot die besef gekom van wat hy gedoen het. Hy het aan die moed en getrouheid van Huss gedink, in teenstelling met sy eie verloëning van die waarheid. Hy het aan sy Goddelike Meester gedink wat hy belowe het om te dien en wat ter wille van hom die kruisdood verduur het. Voor sy herroeping het hy te midde van sy lyding, troos gevind in die versekering van God se guns; maar nou het berou en twyfel sy siel gemartel. Hy het geweet dat daar nog ander herroepings gemaak sou moes word voordat hy in vrede met Rome kon verkeer. Die weg wat hy ingeslaan het, kon slegs in volkome afvalligheid eindig. Sy besluit is geneem: Hy sou nie sy Here verloën, om vir 'n kort tydjie van sy lyding te ontsnap nie.

Hy is gou weer voor die raad gebring. Sy voorlegging het nie 112
sy regters tevrede gestel nie. Hulle dors na bloed, geprikkel deur die dood van Huss, het uitgeroep na meer slagoffers. Slegs deur 'n onvoorwaardelike versaking van die waarheid kon Hieronymus sy lewe behou. Maar hy was vasbeslote om sy geloof te handhaaf en sy broer in marteling na die vlamme te volg.

Hy het afstand gedoen van sy vorige herroeping en as sterwende, het hy plegtig 'n geleentheid om homself te verdedig versoek. Uit vrees vir die uitwerking van sy woorde, het die prelate daarop aangedring dat hy bloot die waarheid van die aanklagte teen hom moes bevestig of ontken. Hieronymus het teen hierdie wreedheid en onreg geprotesteer. "Julle het my vir driehonderd-en-veertig dae in hierdie vreeslike

gevangenis opgesluit...” het hy gesê, “...te midde van vuilheid, lawaaierigheid, stank en in die grootste gebrek aan alles; dan bring julle my voor julle en terwyl julle my dodelikste vyande aanhoor, weier julle om my te hoor... As julle regtig wyse manne en die ligte van die wêreld is, moet julle versigtig wees dat julle nie teen geregtigheid sondig nie. Wat my betref, ek is net ‘n swak sterfling; my lewe is van min belang; en wanneer ek julle vermaan om nie 'n onregverdige vonnis oor my uit te spreek nie, spreek ek minder vir myself as vir julle.” — *D’Aubigne*, vol 2, bl 146,147.

Sy versoek is uiteindelik toegestaan. In die teenwoordigheid van sy regters het Hieronymus neergekniel en gebid dat die Goddelike Gees sy gedagtes en woorde mag beheer, sodat hy niks mag spreek wat in stryd met die waarheid, of sy Meester onwaardig sou wees nie. Op daardie dag is die belofte van God aan die eerste dissipels vervul: “Ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word om my ontwil... Maar wanneer hulle julle oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie; want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek.” (Mat 10:18,19).

Die woorde van Hieronymus het die verbasing en 113
bewondering van selfs sy vyande ontketen. Vir ‘n volle jaar is hy in groot liggaamlike lyding en geestelike angs in 'n kerker opgesluit, nie in staat om te lees of selfs te sien nie. Tog was sy argumente so duidelik en kragtig aangebied, asof hy ongestoorde geleentheid vir studie gehad het. Hy het sy hoorders op die lang reeks heilige manne gewys wat deur onregverdige regters veroordeel is. In byna elke generasie was daar diegene wat, terwyl hulle gepoog het om die mense van hulle tyd op te hef, gesmaad en verwerp is, maar wat op 'n later stadium bewys is dat hulle eer verdien het. Christus was self as boosdoener deur ‘n onregverdige tribunaal veroordeel.

Tydens sy herroeping het Hieronymus toegegee aan die regverdigheid van die vonnis oor Huss; maar nou het hy sy

berou verklaar en getuig van die onskuld en heiligheid van die martelaar. “Ek ken hom van kleins af...” het hy gesê. “Hy was ‘n voortreflike man, regverdig en heilig; ondanks sy onskuld is hy veroordeel ... Ek is ook gereed om te sterf; ek sal nie terugdeins vir die pyniging wat my vyande en valse getuies vir my voorberei het nie, wat eendag voor God, wat deur niemand bedrieg kan word nie, verantwoording sal moet doen vir hulle valsheid.” — *Bonnechose*, vol 2, bl 151.

In selfverwyt oor sy eie ontkenning van die waarheid, het Hieronymus voortgegaan: “Van al die sondes wat ek sedert my jeug gepleeg het, weeg niks so swaar en veroorsaak vir my sulke aangrypende berou, soos dit wat ek op hierdie noodlottige plek gepleeg het, toe ek die onregverdige vonnis teen Wycliffe en teen die heilige martelaar, Johannes Huss, my meester en my vriend, goedgekeur het nie. Ja! Ek bely dit uit my hart en verklaar met afgryse dat ek skandelik gesidder het toe ek deur vrees vir die dood hulle leerstellings veroordeel het. Daarom smeek ek ... die Almagtige God om my vir my sondes en veral hierdie een, die afskuwelikste van almal, te vergewe.” Hy het na sy regters gewys en ferm gesê: “Julle het Wycliffe en Johannes Huss veroordeel, nie omdat hulle die leerstellings van die kerk geskud het nie, maar bloot omdat hulle die bandeloosheid en skandelike dade van die geestelikes met verwerping gebrandmerk het — hul prag en praal, hoogmoed en al die ondeugde van die prelate en die priesters. Die dinge wat hulle bevestig het en wat onweerlegbaar is, dink en verklaar ek ook soos hulle.”

Sy woorde is onderbreek. Die prelate, bewend van woede, 114
het uitgeroep: “Watter behoefte is daar aan verdere bewys? Ons sien met ons eie oë die hardnekkigste van alle ketters!”

Onverstoor deur hierdie storm, het Hieronymus uitgeroep: “Wat! Dink julle ek is bang om te sterf? Julle het my vir ‘n hele jaar lank in ‘n vieslike kerker opgesluit, aakliger as die dood self. Julle het my met groter wreedheid behandel as ‘n Turk, Jood,

of heiden en my vlees het letterlik van my bene afgevrot; en nogtans het ek nie gekla nie, want ‘n klaaglied pas nie by ‘n man van hart en gees nie; maar ek kan nie anders as om my verbasing oor sulke groot barbaarsheid teenoor ‘n Christen uit te spreek nie.” — *D’Aubigne*, vol 2, bl 151-153.

Weer het die storm van hulle woede losgebars en Hieronymus is inderhaas na die gevangenis verwyder. Tog was daar sommige in die raad op wie sy woorde ‘n diep indruk gemaak het en wat sy lewe wou red. Hy is deur hooggeplaastes van die kerk besoek en versoek om homself aan die raad te onderwerp. Die aanloklikste vooruitsigte is aan hom as beloning voorgehou, indien hy sou afstand doen van sy opposisie t teen Rome. Maar, net soos sy Meester toe die heerlikheid van die wêreld aan Hom voorgehou is, het hy standvastig gebly.

“Bewys aan my uit die Heilige Skrif dat ek dwaal...” het hy gesê, “...en ek sal dit afsweer.”

“Die Heilige Skrifte!” het een van sy uitdagers uitgeroep, “Moet alles dan deur hulle beoordeel word? Wie kan hulle verstaan totdat die kerk dit vertolk het?”

“Is die tradisies van mense meer geloofwaardig as die evangelie van ons Verlosser?” het Hieronymus gevra. “Paulus het diegene aan wie hy geskryf het, nie vermaan om na die oorlewerings van mense te luister nie, maar het gesê: ‘Ondersoek die Skrifte.’”

“Ketter!” was die antwoord. “Ek is jammer dat ek so lank by jou gepleit het. Ek sien dat jy deur die duiwel aangespoor word.” — *Wylie*, vol 3, hfst 10.

Eerlank is die doodvonnis oor hom uitgespreek. Hy is na 115
dieselfde plek gelei waar Huss sy lewe afgelê het. Hy het al singende geloop, sy gesig verlig met vreugde en vrede. Sy blik was op Christus gerig en vir hom het die dood geen verskrikking ingehou nie. Toe die laksman op die punt was om die vuur agter hom aan die brand te steek, het die martelaar uitgeroep, “Kom

openlik voor my; steek die vuur voor my aan die brand. As ek bang was, sou ek nie hier gewees het nie.”

Sy laaste woorde, uitgespreek terwyl die vlamme om hom opskiet, was ‘n gebed. “Here, Almagtige Vader...” het hy uitgeroep, “...ontferm U oor my en vergewe my my sondes; want U weet dat ek U waarheid altyd liefgehad het.” — *Bonnechose*, vol 2, bl 168. Sy stem is nie meer gehoor nie, maar sy lippe het nog in gebed beweeg. Nadat die vuur sy werk verrig het, is die as van die martelaar met die grond waarop dit gelê het, bymekaargeskraap en soos dié van Huss, is dit in die Ryn gewerp.

So het God se getroue ligdraers gesterf. Maar die lig van die waarhede wat hulle verkondig het — die lig van hul heldhaftige voorbeeld — kon nie uitgedoof word nie. Mense kon net sowel probeer het om die son in sy baan te laat omdraai as om die koms van die dagbreek wat toe reeds oor die wêreld gebreek het te verhoed.

Die teregstelling van Huss het ‘n vlam van verontwaardiging en afgryse in Boheme aangesteek. Die ganse volk het gevoel dat hy die slagoffer van die kwaadwilligheid van die priesters en die verraad van die keiser was. Hulle het verklaar dat hy ‘n getroue leraar van die waarheid was en dat die raad wat sy doodvonnis bepaal het, aan moord skuldig was. Sy leerstellings het nou groter aandag as ooit tevore getrek. Op bevel van die pous is die geskrifte van Wycliffe tot die vlamme veroordeel. Maar die wat vernietiging vrygespring het, is nou uit hulle wegsteekplekke gehaal en saam met die Bybel, of die dele daarvan wat die mense in die hande kon kry, bestudeer en baie is daartoe gelei om die hervormde geloof aan te neem.

Die moordenaars van Huss het nie stilgestaan om die triomf van sy saak te aanskou nie. Die pous en die keiser het saamgewerk om die beweging te vernietig en die leërs van Sigismund het Boheme binnegeval.

Maar ‘n bevryder is opgewek. Ziska, wat kort na die aanvang van die oorlog totaal blind geword het, maar tog een van die vaardigste generaals van sy tyd was, was die leier van die Bohemers. Met hulle vertroue in God en die regverdigheid van hulle saak, het die volk die magtigste leërs wat teen hulle gebring kon word, weerstaan. Keer op keer het die keiser met nuwe leërs Boheme binnegeval, om net weer op 'n skandalige wyse afgeweer te word. Die Hussiete was bo vrees vir die dood verhewe en niks kon voor hulle staan nie. ‘n Paar jaar na die aanvang van die oorlog, is die dappere Ziska oorlede; maar sy plek is deur Procopius wat ‘n ewe dapper en bekwame generaal was en in seker opsigte ’n meer bekwame leier, gevul. 116

Die vyande van die Bohemers, wetende dat die blinde generaal dood was, het dit as 'n gunstige geleentheid beskou om alles wat hulle verloor het, te herwin. Die pous het nou ‘n kruistog teen die Hussiete aangekondig en weer is ‘n geweldig mag teen die Bohemers uitgestuur, om net weer ‘n verskriklike nederlaag te ly. Nog ‘n kruistog is uitgeroep. In al die pousgesinde lande van Europa is manne, geld en oorlogswapens ingesamel. Menigtes het hulle onder die pouslike banier geskaar met die versekering dat daar uiteindelik ‘n einde aan die Hussitiese ketters gemaak sal word. Met volle vertroue van 'n groot oorwinning, het die groot mag Boheme binnegeval. Die volk het saamgestaan om hulle terug te dryf. Die twee leërs het mekaar genader totdat net ‘n rivier tussen hulle was. “Die kruisvaarders was baie sterk, maar in stede daarvan dat hulle die rivier oorsteek en teen die Hussiete te veg, wat hulle so ver gekom het om aan te val, het hulle daardie krygers stilswyend aangestaar.” — *Wylie*, vol 3, hfst 17. Toe word hulle deur 'n skielike vrees oorval. Sonder om ‘n slag te slaan, het daardie magtige leër uitmekaar gespat en gevlug asof hulle deur ‘n onsigbare mag verdryf is. Groot getalle is deur die leër van die Hussiete wat die vlugtelinge agterna gesit het, gedood en ‘n geweldige buit het in die hande van die

oorwinnaars geval, sodat die oorlog die mense van Boheem verryk het in plaas van te verarm.

’n Paar jaar later, onder ‘n nuwe pous, is nog ‘n kruistog 117
opgeroep. Net soos voorheen, is manne en middele uit al die pousgesinde lande van Europa ingevorder. Aantreklike lokmiddels is aan diegene wat aan hierdie gevaarlike onderneming sou deelneem, voorgehou. Volle vergifnis vir die mees afskuwelikste misdade is aan elke kruisvaarder belowe. Aan almal wat in die oorlog sou sterf, is ‘n ryk beloning in die hemel beloof en diegene wat oorleef het, sou eer en rykdom op die slagveld verkry. Weer is ‘n groot leër op die been gebring en hulle het Boheme binnegeval. Die Hussitiese magte het voor hulle teruggeval en die invallers het sodoende al verder die land geïnfiltreer, wat hulle gelei het om reeds op die gewenste oorwinning staat te maak. Uiteindelik het die leër van Procopius stelling ingeneem en die vyand aangedurf. Die kruisvaarders wat nou hulle fout ontdek het, het die aanval in hulle kamp afgewag. Terwyl die geluid van die naderende mag gehoor is en nog voordat die Hussiete in sig was, het daar weer paniek oor die kruisvaarders losgebars. Vorste, generaals en soldate het hulle wapenrusting neergegooi en in alle rigtings gevlug. Die pouslike legaat, wat die aanvoerder van die inval was, het gepoog om sy verskrikte en ongeorganiseerde mag te bymekaar te maak. Ten spyte van sy beste pogings, is hy self saam met die stroom vlugtelinge. Die nederlaag was volkome en weer het ‘n groot buit in die hande van die oorwinnaars geval.

Vir die tweede keer het 'n groot leër, wat deur die magtigste nasies van Europa gestuur is, 'n leër van dapper, oorlogsugtige manne, opgelei en toegerus vir oorlog, sonder 'n slag voor die verdedigers van ‘n klein en tot dusver swak volk, gevlug. Hier was ‘n manifestasie van Goddelike mag. Die kruisvaarders is deur ‘n bonatuurlike vrees verslaan. Hy wat die leërs van Farao in die Rooi See omvergewerp het, wat die leërs van Midian voor Gideon en sy driehonderd man op die vlug gejaag het, wat in

een nag die magte van die trotse Assiriërs neergevel het, het weer Sy hand uitgestrek om die mag van die onderdrukker te vernietig. "Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was; want God het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het; jy het *hulle* beskaamd gemaak, want God het hulle verwerp." (Ps 53:6).

Die pouslike, leiers wat gewanhoop het om met geweld te 118
oorweldig, het uiteindelik hul toevlug tot diplomasie geneem. Daar is 'n kompromie aangegaan dat hulle, terwyl hulle beweer het dat hulle aan die Bohemers vryheid van gewete verleen, hulle eintlik aan die mag van Rome uitgelewer het. Die Bohemers het vier punte as voorwaardes vir vrede met Rome gespesifiseer: Die ongehinderde prediking van die Bybel; die reg van al die gelowiges op gebruik van die brood en wyn by die Nagmaal; en die gebruik van die moedertaal by die godsdiens; die uitsluiting van die geestelikes van alle sekulêre ampte en gesag; en, in gevalle van misdaad, die jurisdiksie van die burgerlike howe oor geestelikes en leke. Die pouslike gesaghebbendes het eindelik "...ooreengekom om die vier punte van die Hussiete te aanvaar, maar dat die reg om dit aan hulle te verduidelik, dit wil sê die reg om die presiese belang daarvan te bepaal, is vir die raad voorbehou — met ander woorde, die pous en die keiser." — *Wylie*, vol 3, hfst 18. Op hierdie grondslag is 'n verdrag gesluit en deur huigelary en bedrog het Rome verkry wat sy nie deur konflik kon verkry nie; want deur hul eie vertolking van die vier artikels van die Hussiete, asook van die Bybel, kon hulle die betekenis daarvan verdraai om by hul eie doeleindes aan te pas.

'n Groot gelid in Boheme, wat gesien het dat dit hulle van hul vryhede ontneem, kon nie tot die verdrag toestem nie. Onenigheid en verdeeldheid het ontstaan, wat tot twis en bloedvergieting onder mekaar gelei het. In hierdie stryd het die edele Procopius geval en die vryheid van Boheme is vernietig.

Sigismund, die verraaier van Huss en Hieronymus, het nou koning van Boheme geword en ongeag sy eed om die regte van die Bohemers te beskerm, het hy die pousdom daar gevestig. Maar hy het min deur sy ondergeskiktheid aan Rome verdien. Vir twintig jaar was sy lewe gevul met arbeid en gevare. Sy leërs en skatkamers is deur ‘n lang en vrugtelose stryd uitgeput en nou, nadat hy vir een jaar regeer het, het hy gesterf, sy koninkryk was op die rand van 'n burgeroorlog en sy nageslag is met 'n berugte naam agtergelaat.

Oproerigheid, stryd en bloedvergieting is uitgerek. Weer het buitelandse leërs Boheme binnegeval en die interne onenigheid het die land bly ontwrig. Diegene wat getrou aan die evangelie gebly het, is aan bloedige vervolging onderwerp.

Terwyl hulle voormalige broers, wat die verdrag met Rome 119
aangegaan het, haar dwaalleer aanvaar het, het diegene wat die antieke geloof aangehang het, ‘n afsonderlike kerk onder die naam van Verenigde Broeders gestig. Hierdie optrede het vir hulle die vervloeking op die hals gehaal, maar hulle was standvastig en onverskrokke. Gedwing om skuiling in die bosse en spelonke te soek, het hulle steeds vergader om God se Woord te lees en in aanbidding tot Hom te verenig.

Deur boodskappers wat hulle heimlik na verskillende lande gestuur het, het hulle verneem dat daar hier en daar “...geïsoleerde belyers van die waarheid was; 'n paar in hierdie stad en ‘n paar in daardie stad wat, net soos hulleself, die voorwerpe van vervolging was; en dat daar tussen die berge van die Alpe, 'n ou kerk was wat op die fondamente van die Skrif berus het en teen die afgodiese korrupsie van Rome geprotesteer het.” — *Wylie*, vol 3, hfst 19. Hulle het hierdie nuus met groot vreugde ontvang en korrespondensie is met die Waldensiese Christene gewissel.

Standvastig aan die evangelie, het die Bohemers deur die nag van hul vervolging gewag en in die donkerste uur het hulle steeds hul oë na die horison gedraai, soos mense wat vir die

dagbreek wag. “Hulle lot is in bose dae gewerp, maar ... hulle het die woorde wat eers deur Husse uitgespreek is en later deur Hieronymus herhaal is onthou, dat die eeu moes draai voordat die dag sou aanbreek. Hierdie woorde was vir die Taboriete [Hussiete], soos die woorde van Josef vir die stamme in slawerny: “Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek.” — *D’Aubigne,* vol 3, hfst 19. “Aan die einde van die vyftiende eeu was daar getuienis van 'n stadige, maar sekere toename van gemeentes van die Broeders te bespeur. Hulle is egter nie gemolesteer nie, maar het ‘n taamlike mate van vrede geniet. Aan die begin van die sestiende eeu het hulle sowat tweehonderd gemeentes in Boheme en Morawië gehad.” — Gillett, *Life and Times of John Huss*, derde uitg, vol 2, bI 570. “Die oorblyfsel wat die vernietigende woede van vuur en swaard ontkom het, was van so aard, dat hulle toegelaat was om die aanbreek van die dag wat Huss voorspel het, te sien.”— *Wylie*, vol 3, hfst 19.

Hoofstuk 7 120

# Luther se Skeiding van Rome

Op die voorgrond van diegene wat geroep is om die kerk uit die duisternis van die pousdom na die lig van 'n suiwerder geloof te lei, was Martin Luther. Ywerig, vurig en toegewyd, met geen vrees behalwe die vrees van God en wat geen grondslag vir godsdienstige geloof erken het nie, behalwe die Heilige Skrif, was Luther 'n man vir sy tyd; deur hom het God 'n groot werk vir die hervorming van die kerk en die verligting van die wêreld volbring.

Soos die eerste verkondigers van die evangelie, het Luther uit die geledere van armoede ontstaan. Sy vroeë jare is in die nederige huis van ‘n Duitse landbewoner deurgebring. Deur sy daaglikse geswoeg as mynwerker, het sy vader die middele vir sy opleiding verdien. Hy was bedoel om vir 'n regsgeleerde te studeer, maar dit was God se doel om hom ‘n bouer van die groot tempel wat deur die eeue so stadig verrys het, te maak. Swaarkry, ontbering en streng dissipline was die skool waarin Oneindige Wysheid Luther vir die belangrike sending van sy lewe voorberei het.

Luther se vader was ‘n man met ‘n sterk, aktiewe verstand, forse krag van karakter, eerlik, vasberade en reguit. Hy was getrou aan sy pligsbesef, wat die gevolge daarvan ook al sou wees. Sy uitnemende goeie verstand het daartoe gelei dat hy die klooster-stelsel met wantroue bejeën het. Hy was baie ontevrede toe Luther, sonder sy toestemming, tot ‘n klooster toegetree het en dit het twee jaar geneem voordat die vader met sy seun versoen is; en selfs toe het hy nie van sienswyse verander nie.

Luther se ouers het groot sorg aan die opvoeding van hulle 121
kinders bestee. Hulle het gepoog om hulle in die kennis van God en in die beoefening van Christelike deugde te onderrig. Die vader se gebede het dikwels ten aanhore van sy seun opgegaan,

sodat die kind die naam van die Here sou onthou en dat dit hom eendag sou help vir die bevordering van Sy waarheid. Hierdie ouers het van elke geleentheid vir morele of intellektuele kultuur wat hul swaar lewe toegelaat het, gebruik gemaak om hulle kinders te bevoordeel. Hulle het ernstig en volhardend gepoog om hulle vir 'n lewe van vroomheid en bruikbaarheid voor te berei. In hul fermheid en sterkte van karakter, was hulle soms te streng; maar die hervormer self, hoewel hy daarvan bewus was dat hulle in sommige opsigte gefouteer het, het meer in hul dissipline gevind om goed te keur as om te veroordeel.

Op skool, waarheen hy op 'n vroeë ouderdom gestuur is, is Luther hardhandig en selfs met geweld behandel. Die armoede van sy ouers was van so aard, dat hy van die skool wat in 'n ander dorp geleë was, op pad huis toe vir ‘n tyd lank verplig was om van deur tot deur vir sy voedsel te sing en hy het dikwels honger gely. Die somber, bygelowige idees aangaande godsdiens wat toe geheers het, het hom met vrees gevul. Hy sou in die nag met hartseer gaan lê en met bewing vooruitsien na 'n donker toekoms en 'n voortdurende vrees aan die gedagte van God as 'n streng, onverbiddelike regter, 'n wrede tiran, eerder as 'n liefdevolle Vader.

Tog, onder soveel en sulke groot ontmoedigings, het Luther vasberade voortgebeur na die hoë standaard van morele en intellektuele uitnemendheid wat sy siel aangetrek het. Hy het gedors na kennis en die ernstige en praktiese aard van sy verstand het by hom 'n begeerte gewek vir die vaste en deugsame, eerder as pronkerigheid en oppervlakkigheid.

Toe hy op agtienjarige ouderdom die Universiteit van Erfurt 122
betree, was sy situasie en vooruitsigte gunstiger as in sy vroeëre jare. Sy ouers, wat deur hul bekwame vaardigheid nou beter daaraan toe was, kon alle nodige hulp aan hom verleen. En die invloed van oordeelkundige vriende het die somber effekte van sy vorige opleiding ietwat verminder. Hy het hom toegelê op

die bestudering van die beste outeurs en ywerig hul waardevolste idees en die wysheid van die wyse sy eie gemaak. Selfs onder die streng dissipline van sy voormalige leermeesters het hy vroeg reeds blyke van skranderheid getoon en onder die gunstige invloede het sy verstand vinnig ontwikkel. ‘n Goeie geheue, lewendige verbeelding, sterk redenasievermoë en onvermoeide ywer het hom spoedig in die voorste rang van sy medestudente geplaas. Intellektuele dissipline het sy begripsvermoë versterk en dit het in hom ’n vaardigheid van gees en ‘n skerp waarnemingsvermoë gekweek wat hom op die konflikte in sy lewe voorberei het.

Die vrees van die Here was blywend in die hart van Luther, wat hom in staat gestel het om sy standvastigheid van voorneme te handhaaf en hom tot diepe nederigheid voor God te lei. Hy het ‘n diepe besef van sy afhanklikheid van Goddelike hulp gehad en hy het nooit nagelaat om elke dag met gebed te begin nie, terwyl sy hart voortdurend 'n gebed om leiding en ondersteuning geuiter het. “Om goed te kan bid...” het hy dikwels gesê, “...is die beste deel van die studie.” — D’Aubigne, *History of the Reformation of the Sixteenth Century*, vol 2, hfst 2.

Onderwyl hy eendag in die biblioteek van die universiteit besig was om boeke deur te kyk, het Luther ‘n Latynse Bybel ontdek. Nog nooit tevore het hy ‘n boek soos hierdie gesien nie. Hy was selfs onkundig oor die bestaan daarvan. Hy het gedeeltes van die evangelies en sendbriewe wat tydens openbare aanbidding aan die mense voorgelees is gehoor en hy was onder die indruk dat dit die hele Bybel was. Nou het hy vir die eerste keer die hele Woord van God voor hom gesien. Met gemengde gevoelens van ontsag en verwondering, het hy deur die heilige bladsye geblaai; met ‘n vinnige pols en ‘n kloppende hart het hy vir homself die woorde van die lewe gelees en kort-kort verpoos en uitgeroep: “O, dat God vir my so ‘n boek vir myself sou gee!” — *D’Aubigne vol 2, hfst 2*. Engele van die hemel was aan sy sy en ligstrale vanaf die troon van God het die

skatte van die waarheid vir sy begrip geopenbaar. Hy was altyd bevrees om God te mishaag, maar nou het die diep oortuiging van sy toestand as sondaar, hom soos nog nooit tevore nie, aangegryp.

‘n Opregte begeerte om vry van sonde te wees en vrede by 123
God te vind, het hom uiteindelik daartoe gelei om ‘n klooster te betree en homself aan ‘n kloosterlewe te wy. Hier moes hy die laagste sleurwerk verrig en van huis tot huis bedel. Hy was op 'n ouderdom wanneer daar gretiglik gesmag word na respek en waardering en hierdie slaafse take was diep vernederend vir sy natuurlike gevoelens; maar hy het sy vernedering geduldig verduur en geglo dat dit vanweë sy sondes, noodsaaklik was.

Elke oomblik wat hy van sy daaglikse pligte onthef was het hy vir studie aangewend, homself van slaap beroof en selfs die tyd wat hy aan sy karige maaltye bestee het, misgun. Bo alles het hy homself in die bestudering van die Woord van God verlustig. Hy het 'n Bybel wat aan die muur van die klooster vasgeketting was ontdek en dikwels daarna verwys. Namate sy oortuiging van sonde verdiep het, het hy gepoog om deur sy eie werke vergifnis en vrede te verkry. Hy het ‘n baie streng lewe gely en deur te vas, waaksaamheid en met 'n geswoeg probeer om die euwels van sy natuur, waarvan die kloosterlewe hom nie kon bevry nie, te onderwerp. Geen opoffering, waardeur hy die suiwerheid van hart sou bereik wat hom in staat sou stel om die goedkeuring van God te bekom nie, was vir hom te veel nie. “Ek was inderwaarheid ‘n vrome monnik...” het hy later gesê, “...en het die reëls van my orde strenger nagevolg as wat ek kan uitdruk. As ‘n monnik ooit die hemel sou kon verwerf deur sy werke as monnik, sou ek beslis daarop geregtig gewees het ... As dit langer sou voortgaan, sou ek my selfkastyding tot die dood toe gedra het.” — *D’ Aubigne*, vol 2, hfst 3. As gevolg van hierdie streng dissipline het sy kragte afgeneem en hy het aan spasmas van floutes gely, waarvan hy nooit weer heeltemal herstel het nie. Maar met al sy pogings het sy beswaarde siel

geen verligting gevind nie. Hy is uiteindelik tot die punt van wanhoop gedryf.

Toe dit vir Luther voorgekom het asof alles verlore was, het 124
God vir hom ‘n vriend en helper verwek. Die vrome Staupitz het die Woord van God vir Luther se denke oopgestel en hom weg van homself laat kyk, hom te laat staak met die bepeinsing van oneindige straf vir die oortreding van God se wet en na Jesus, Sy sonde-vergewende Verlosser, te kyk. “In plaas van jouself te martel as gevolg van jou sondes, werp jouself in die arms van die Verlosser. Vertrou op Hom, op die geregtigheid van Sy lewe, op die versoening van sy dood... Luister na die Seun van God. Hy het mens geword om jou die versekering van Goddelike guns te gee. Wees lief vir Hom wat jou eerste liefgehad het.” — *D’Aubigne*, vol 2, hfst 4. So het hierdie boodskapper van genade gepraat. Sy woorde het ‘n diep indruk op Luther gemaak. Na vele worsteling met sy lank-gekoesterde dwalings, was hy in staat om die waarheid in te neem en het hy vrede vir sy ontstelde siel gevind.

Luther is as priester georden en is vanuit die klooster tot 'n professoraat aan die Universiteit van Wittenberg geroep. Hier het hy homself op ‘n studie van die Skrif in die oorspronklike tale toegelê. Hy het die Bybel begin doseer; en die Psalms, die Evangelies en die Sendbriewe is vir die begrip van menige verheugde luisteraars oopgestel. Staupitz, sy vriend en meerdere, het hom aangespoor om die kansel te bestyg en die Woord van God te verkondig. Luther het geaarsel omdat hy onwaardig gevoel het om namens Christus met die mense te praat. Eers na ‘n lang stryd het hy aan die versoeke van sy vriende toegegee. Hy was alreeds goed met die Skrif bemagtig en die genade van God het op hom gerus. Sy welsprekendheid het sy toehoorders geboei; die duidelikheid en krag waarmee hy die waarheid voorgehou het, het hulle oortuig en sy ywer het hulle harte aangeraak.

Tot dusver was Luther ‘n getroue volgeling van die Roomse Kerk en hy het nie gedink dat hy ooit iets anders sou wees nie. In die voorsienigheid van God is hy gelei om Rome te besoek. Hy het die reis te voet afgelê en onderweg by die kloosters tuisgegaan. In ‘n klooster in Italië was hy verwonderd oor die rykdom, prag en weelde wat hy gesien het. Die monnike is met ‘n vorstelike inkomste bedeel en het in pragtige wooneenhede gewoon, geklee in die rykste en mees duursaamste klere en het aan 'n weelderige tafel gesmul. Met pynlike bedenkinge het Luther hierdie toneel met die selfverloëning en ontbering van sy eie lewe vergelyk. Sy gemoed was verward.

Uiteindelik het hy die stad op die sewe heuwels in die verte 125
gesien. Diep ontroerd het hy op die grond neergeval en uitgeroep: “Heilige Rome, ek groet jou!” — *D’Aubigne*, vol 2, hfst 6. Hy het die stad binnegegaan, die kerke besoek, na die wonderlike verhale van priesters en monnike geluister en aan al die vereiste seremonies deelgeneem. Oral waar hy gekyk het, het hy tonele aanskou wat hom met verbasing en afsku vervul het. Hy het gesien dat daar verdorwenheid onder alle klasse van die geestelikes bestaan het. Hy het onwelvoeglike grappies van prelate gehoor en was met afgryse gevul oor hul vreeslike godslastering, selfs tydens die mis. Soos hy met die monnike en burgers gemeng het, het hy oral losbandigheid en onmatigheid gesien. Waar hy hom ook gedraai het, het hy in die plek van heiligheid, lastering gevind. “Niemand kan hom voorstel nie...” het hy geskryf, “...watter sondes en berugte dade in Rome gepleeg word nie; dit moet gesien en gehoor word om geglo te word. Dit is hoekom daar gesê word: As daar 'n hel is, is Rome daarvoor gebou; dit is 'n afgrond waaruit elke soort sonde voortkom.”. — *D’Aubigne*, vol 2, hfst 6.

Deur 'n onlangse dekreet is 'n aflaat deur die pous aan almal belowe wat op hul knieë “Pilatus se trap” sou bestyg, waarvan gesê word dat dit die trap was waarmee die Verlosser afgekom het nadat Hy die Romeinse geregsaal verlaat het en dat dit deur 'n wonderwerk van Jerusalem na Rome “oorgeplaas” is. Luther

het op 'n dag hierdie trappies met volle toegewydheid bestyg, toe dit skielik geklink het asof 'n stem wat soos donderweer klink aan hom sê: “Die regverdige sal uit die geloof lewe.” (Rom 1:17). Hy het opgestaan en in skaamte en met afgryse van die plek af weggehaas. Daardie teks het nooit sy mag oor sy siel verloor nie. Van toe af het hy duideliker as ooit tevore die dwaling om op mense vir verlossing te vertrou gesien en die noodsaaklikheid van voortdurende geloof in die verdienste van Christus. Sy oë is geopen en sou nooit weer vir die dwalinge van die pousdom gesluit word nie. Toe hy sy aangesig van Rome afgewend het, het hy ook sy hart afgewend en van toe af het die skeiding steeds wyer geword totdat hy alle verbintenisse met die Roomse Kerk verbreek het.

Na sy terugkeer uit Rome het Luther van die Universiteit van 126
Wittenberg 'n Doktoraat in Teologie verwerf. Hy was nou vry om, soos nooit tevore nie, homself aan die Skrifte wat hy liefgehad het te wy. Hy het ‘n plegtige gelofte afgelê om al die dae van sy lewe die Woord van God sorgvuldig te bestudeer en getrou te verkondig en nie die woorde en leerstellings van die pous nie. Hy was nie langer slegs ‘n monnik of professor nie, maar die gemagtigde verkondiger van die Bybel. Hy is as herder geroep om die kudde van God wat honger en dors na die waarheid, te voed. Hy het vasbeslote verklaar dat Christene geen ander leerstellings moes aanvaar as dit wat op die gesag van die Heilige Skrif berus nie. Hierdie woorde het die fondament van die pouslike oorheersing getref. Dit het die belangrikste beginsel van die hervorming bevat.

Luther het die gevaar om menslike teorieë bo die Woord van God te verhef ingesien. Onverskrokke het hy die spekulatiewe ontrouheid van die geletterdes aangeval en die filosofie en teologie wat vir so lank 'n invloed op die volk gehad het, teëgestaan. Hy het sulke studies as nie slegs waardeloos nie, maar verderflik aan die kaak gestel en gepoog om die gedagtes van sy toehoorders weg van die misleiding van filosowe en

teoloë te lei na die ewige waarhede wat deur die apostels en profete verkondig is.

Die boodskap wat hy aan die gretige skares wat aan sy woorde gehang het, oorgedra het, was kosbaar. Nog nooit het hulle sulke leringe aangehoor nie. Die blye boodskap van ’n Verlosser se liefde en die versekering van vergifnis en vrede deur Sy versoenende bloed, het hulle harte verbly en hulle met ‘n onsterflike hoop besiel. In Wittenberg is daar ‘n lig aangesteek waarvan die strale tot aan die uiterste dele van die aarde sou reik en wat tot die einde van tyd in helderheid sou toeneem.

Maar lig en duisternis kan nie harmonieer nie. Tussen 127
waarheid en dwaling is daar ‘n onversoenbare konflik. Om die een te handhaaf en te verdedig, is om die ander aan te val en omver te werp. Ons Verlosser het self verklaar: “Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.” (Matt 10:34). Enkele jare na die aanvang van die hervorming, het Luther gesê: “God lei my nie, Hy stoot my vorentoe, Hy dra my weg. Ek is nie meester van myself nie. Ek begeer om in rus te lewe; maar ek is in die middel van oproer en omwentelinge gewerp.” — *D’Aubigne*, vol 5, hfst 2. Hy was nou op die punt om tot die stryd aangespoor te word.

Die Roomse Kerk het handelsware van die genade van God gemaak. Die tafels van die geldwisselaars (sien Matt 21:12), is langs haar altare opgeslaan en die lug het weergalm van die geskree van kopers en verkopers. Onder voorwendsel dat daar geld vir die oprigting van die St Peters-kerk in Rome ingesamel word, is aflate vir sonde, op gesag van die pous, in die openbaar te koop aangebied. Met die prys van misdaad sou ‘n tempel vir die aanbidding van God opgerig word — die hoeksteen sou met die loon van ongeregtigheid gelê word! Maar juis die middels wat vir Rome se verheerliking aangewend is, het die dodelikste slag vir haar mag en grootsheid uitgelok. Hierdeur was die mees vasberade en suksesvolste vyande van die pousdom opgewek

en dit het aanleiding gegee tot die stryd wat die pouslike troon geskud en die trippel-kroon van die pous se hoof laat tuimel het.

Die amptenaar wat amptelik aangestel is om aflate in Duitsland te verkoop, naamlik Tetzel, is skuldig aan een van die grootste oortredings teen die samelewing en teen die wet van God bevind; maar, nadat hy die straf vir sy misdade vrygespring het, is hy in diens geneem om die pous se huursoldaat te wees en sy gewetenlose projekte te bevorder. Met die grootste vermetelheid het hy die mees opvallendste leuens en verwante wonderbaarlikste verhale verkondig, om 'n onkundige, goedgelowige en bygelowige volk te mislei. Indien hulle die Woord van God besit het, sou hulle nie so mislei gewees het nie. Dit was om hulle onder die beheer van die pousdom te hou, om die mag en rykdom van haar ambisieuse leiers aan te vul, dat die Bybel van hulle weerhou is. (Sien John C Gieseler, *Ecclesiastical History*, per 4, art 1, par 5).

Wanneer Tetzel 'n dorp binnegekom het, het 'n 128
boodskapper voor hom uitgegaan en aangekondig: "Die genade van God en van die heilige vader is by julle poorte." – D'Aubigne, vol 3, hfst 1. En die volk het hierdie godslasterlike huigelaar verwelkom asof hy God self was wat uit die hemel na hulle neergedaal het. Hierdie berugte handel het in die kerk plaasgevind en Tetzel, wat die kansel bestyg het, het die aflate as die kosbaarste gawe van God opgevyl. Hy het verklaar dat op grond van sy sertifikate van vergifnis, enige sonde wat 'n koper agterna sou pleeg hom vergewe sou word en dat "berou nie eens nodig was nie." — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 1. Meer nog, het hy sy toehoorders verseker dat die aflate die mag gehad het om nie net die lewendes nie, maar ook die dooies te red; dat op dieselfde oomblik wat die geld onder op die bodem van sy kis klink, die siel vir wie dit betaal is, uit die vagevuur sou ontsnap en sy weg na die hemel vind. (Sien K R Hagenbach se *History of the Reformation*, vol 1, bl 96).

Toe Simon Magus aangebied het om die mag om wonderwerke te verrig van die apostels te koop, het Petrus aan hom gesê: “Mag jou geld saam met jou vergaan, omdat jy gedink het om die gawe van God deur geld te verkry.” (Hand 8:20). Maar Tetzel se aanbod is gretiglik deur duisende aangeneem. Goud en silwer het in sy skatkis ingestroom. ‘n Verlossing wat met geld gekoop kon word, was makliker verkrygbaar as dit wat berou, geloof en ywerige inspanning geverg het om sonde te weerstaan en te oorwin. *[Sien bylaag nota vir bl 59].*

Die leer van aflate is in die Roomse Kerk deur mense met geleerdheid en vroomheid teëgestaan en daar was baie wat geen vertroue in voorgee gehad het nie, wat in stryd was met rede en die openbaring. Geen prelaat het dit gewaag om sy stem teen hierdie verderflike handel te verhef nie, maar die gemoedere van die mense was verontrus en ongemaklik en baie het gretig verneem of God nie deur een of ander bemiddeling die suiwering van Sy kerk sou bewerkstellig nie.

Luther, hoewel hy steeds 'n Katoliek van die strengste soort 129
was, is met afgryse gevul deur die godslasterlike aannames van die aflaathandelaars. Baie van sy eie gemeentelede het aflaatbriewe gekoop en eerlank het hulle na hul predikant begin kom, hulle verskillende sondes bely en kwytskelding verwag, nie omdat hulle berou gehad en wou hervorm nie, maar op grond van die aflate. Luther het hulle kwytskelding geweier en hulle gewaarsku dat tensy hulle tot bekering kom en hul lewens hervorm, hulle in hul sondes sou vergaan. In groot verwarring het hulle hul na Tetzel gewend en gekla dat hulle biegvader sy sertifikate geweier het en sommige het summier hulle geld teruggeëis. Die monnik het woedend geword. Hy het die verskriklikste vloeke uitgespreek, brande op die openbare pleine laat aansteek en verklaar dat hy “... 'n opdrag van die pous gehad het om alle ketters wat vermoedelik

sy allerheiligste aflate teëstaan, te verbrand." — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 4.

Luther het nou met vrymoedigheid as voorstander van die waarheid begin optree. Sy stem is in 'n ernstige, plegtige waarskuwing vanaf die kansel gehoor. Hy het aan die mense die afstootlike aard van sonde voorgehou en hulle geleer dat dit onmoontlik vir 'n mens was om deur sy eie werke die skuld daarvan te verminder of die straf daarvan te ontduik. Niks anders as berou teenoor God en geloof in Christus kan die sondaar red nie. Die genade van Christus kan nie gekoop word nie; dit is 'n gratis geskenk. Hy het die mense aangeraai om nie aflate te koop nie, maar in geloof na 'n gekruisigde Verlosser te kyk. Hy het van sy eie pynlike ervaring vertel, toe hy tevergeefs gepoog het om deur vernedering en boetedoening saligheid te verkry; en hy het sy toehoorders verseker dat hy vrede en vreugde gevind het deur weg van homself te kyk en in Christus te glo.

Terwyl Tetzel sy handel en goddelose bedrog voortgesit het, het Luther op 'n meer doeltreffende protes teen hierdie gruwelike misbruike besluit. Baie gou het die geleentheid hom voorgedoen. Die kasteelkerk van Wittenberg het baie relikwieë besit wat op sekere heilige dae aan die mense ten toon gestel is en volle vergifnis van sondes is aan almal wat op daardie stadium die kerk besoek en belydenis gedoen het verleen. Gevolglik het die mense op hierdie dae in groot getalle daarheen gereis. Een van die belangrikste van hierdie geleenthede, naamlik "die Fees van alle Heiliges," het nader gekom. Op die voorafgaande dag het Luther, saam met die skare wat reeds na die kerk op pad was, 'n referaat op die deur geplaas wat vyf-en-negentig stellings teen die leer van aflate bevat het. Hy het verklaar dat hy bereid was om hierdie stellings die volgende dag by die universiteit, teen almal wat dit nodig geag het om dit aan te val, te verdedig.

Sy voorstelle het universele aandag getrek. Hulle is gelees en herlees en in alle rigtings herhaal. Groot opgewondenheid het in die universiteit sowel as in die hele stad geheers. Deur hierdie tesisse is aangetoon dat die mag om sonde te vergewe en die straf daarvoor kwyt te skeld, nooit aan die pous of aan enige ander man verleen is nie. Die hele plan was ‘n klug, 'n misleiding om geld af te pers deur die bygelowe van mense uit te buit, 'n hulpmiddel van Satan om die siele van almal wat op sy leuenagtige aanmatigings vertrou te vernietig. Daar is ook duidelik getoon dat die evangelie van Christus die waardevolste skat van die kerk is en dat die genade van God wat daarin geopenbaar word, vryelik aan almal wat dit deur berou en geloof soek, toegeken word. 130

Luther se tesisse het bespreking uitgelok, maar niemand het die uitdaging durf aanvaar nie. Die vrae wat hy geopper het, het binne ‘n paar dae deur die hele Duitsland versprei en binne ‘n paar weke het dit deur die ganse Christendom weerklink. Baie toegewyde Roomsgesindes, wat die verskriklike goddeloosheid wat in die kerk geheers het, gesien en betreur het, maar nie geweet het hoe om die vordering daarvan te stuit nie, het die stellings met groot vreugde gelees en die stem van God daarin herken. Hulle het gevoel dat die Here genadiglik Sy hand uitgestrek het om die vinnig stygende vloedgolf van korrupsie wat vanuit die stoel van Rome gevloei het, te stuit. Vorste en magistrate het hulle heimlik verbly dat daar ‘n beperking op hierdie arrogante mag geplaas sou word, wat die reg van appèl teen sy uitsprake ontken.

Maar die sonde-liefhebbende en bygelowige skare was verskrik toe die misleidings wat hulle vrese gestil het, weggevee is. Listige geestelikes, wat in hul werk om misdade te bedryf verstoor is en gesien het dat hul winste in gevaar verkeer het, was woedend en het saamgedrom om hul voorwendsels te handhaaf. Die hervormer het teen bitter beskuldigers te staan gekom. Sommige het hom daarvan beskuldig dat hy oorhaastig en impulsief opgetree het. Ander het hom van aannames 131

beskuldig en verklaar dat hy nie deur God gelei is nie, maar uit hoogmoed en voortvarendheid optree. "Wie weet nie..." het hy geantwoord, "...dat 'n mens selde enige nuwe idee voortbring, sonder die skyn van trots en sonder om die beskuldiging dat hy twis uitlok nie? ... Waarom is Christus en al die martelare gedood? Omdat dit gelyk het asof hulle trotse vervolgers van die wysheid van die tyd was en omdat hulle nuwighede bevorder het sonder om eers met nederigheid die orakels van die antieke menings te raadpleeg."

Weer het hy gesê: "Wat ek ook al doen, sal nie deur die wysheid van mense nie, maar deur die raad van God geskied. En as dit die werk van God is, wie sal dit beëindig? As dit nie is nie, wie kan dit bevorder? Nie my wil nie en ook nie hulle s'n nie; maar U wil o Heilige Vader wat in die hemel is." — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 6.

Alhoewel Luther deur die Gees van God beweeg is om met sy werk te begin, sou hy dit nie sonder ernstige konflik voortsit nie. Die verwyte van sy vyande, hulle wanvoorstelling van sy voornemens en hulle onregverdige en kwaadwillige refleksies op sy karakter en motiewe, het soos 'n oorweldigende vloed gekom; en hulle was nie sonder gevolge nie. Hy was vol vertroue dat die leiers van die volk, beide van die kerk en die skole, met hom in sy pogings vir hervorming sou verenig. Woorde van aanmoediging van diegene in hoë posisies het hom met vreugde en hoop besiel. Hy het reeds in afwagting 'n helder dag vir die kerk sien aanbreek. Maar aanmoediging het verander in verwyt en veroordeling. Baie hooggeplaastes, van beide die kerk en staat, was oortuig van die waarheid van sy tesisse; maar hulle het gou ontdek dat die aanvaarding van hierdie waarhede groot verandering sou behels. Om die volk te verlig en te hervorm, sou feitlik op die ondermyning van die gesag van Rome neerkom, wat duisende kanale wat tans in haar skatkis gevloei het sou weglei en sodoende die uitspattigheid en weelde van die pouslike leiers beperk. Verder sou die volk die troon van die pous omvêrwerp en uiteindelik hul eie gesag

vernietig, deur die volk te leer om soos verantwoordelike mense te dink en op te tree en slegs na Christus vir hul verlossing te kyk. Om hierdie rede het hulle die kennis wat van God aan hulle gebied is geweier en hulle teen Christus en die waarheid geskaar deur hulle teëstand teen die man wat Hy gestuur het om hulle te verlig.

Luther het gesidder toe hy na homself kyk – een man teen 132
die magtigste magte op aarde. Hy het soms getwyfel of hy werklik deur God gelei is om hom teen die gesag van die kerk te verset. "Wie is ek..." het hy geskryf, "...om die majesteit van die pous teë te staan, voor wie ... die konings van die aarde en die hele wêreld sidder? ... Niemand sal ooit weet wat my hart gedurende die eerste twee jaar gely het nie en in watter moedeloosheid — ek mag sê wanhoop — ek weggesink het nie." — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 6. Maar hy is nie aan totale moedeloosheid oorgelaat nie. Toe menslike ondersteuning hom in die steek gelaat het, het hy na God alleen opgekyk en geleer dat hy in volkome veiligheid op daardie almagtige Arm kon steun.

Aan 'n vriend van die hervorming het Luther geskryf: "Ons kan nie die verstaan van die Skrif deur studie of intellek bereik nie. Jou eerste plig is om met gebed te begin. Smeek die Here om, in Sy genade, aan jou 'n ware begrip van Sy Woord te gee. Daar is geen ander vertolker van die Woord van God as die Outeur van hierdie woorde nie, soos Hy self gesê het: 'Hulle sal almal deur God geleer word.' Hoop op niks van jou eie werke of van jou eie verstand nie; vertrou op God alleen en op die invloed van Sy Gees. Neem dit aan van 'n man wat hierdie ervaring deurgemaak het." — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 7. Hier is 'n belangrike les vir diegene wat voel dat God hulle geroep het om die plegtige waarhede vir hierdie tyd aan ander aan te bied. Hierdie waarhede sal die vyandigheid van Satan en mense wat die versinsels wat hy uitgedink het liefhet, opwek. In die konflik

met die magte van die bose, word meer as die krag van intellek en die wysheid van die mens benodig.

Wanneer sy vyande hulle op gebruike en tradisie beroep 133
het, of op die bewerings en gesag van die pous, het Luther hulle met die Bybel en die Bybel alleen geantwoord. Hier was argumente wat hulle nie kon weerlê nie; daarom het die slawe van formalisme en bygeloof uitgeroep vir sy bloed, soos die Jode uitgeroep het vir die bloed van Christus. "Hy is 'n ketter," het die Roomse yweraars uitgeroep. "Dit is hoogverraad teen die kerk om so 'n afskuwelike ketter 'n uur langer te laat lewe. Laat die steier onmiddellik vir hom opgerig word!" — *D'Aubigne*, vol 3, hfst 9. Maar Luther het nie hul woede ten prooi geval nie. God het 'n werk vir hom gehad om te verrig en engele van die hemel is gestuur om hom te beskerm. Baie wat egter die kosbare lig van Luther ontvang het, het die voorwerpe van Satan se toorn geword en ter wille van die waarheid, het hulle onbevrees marteling en die dood verduur.

Luther se leerstellings het die aandag van denkende mense deur die hele Duitsland getrek. Uit sy preke en geskrifte het daar ligstrale geskyn wat duisende wakker gemaak en verlig het. 'n Lewende geloof het die plek van die dooie formalisme, waarin die kerk vir so lank vasgevang is, ingeneem. Die mense het daagliks hul vertroue in die bygelowe van Romanisme verloor. Die hindernisse van vooroordeel het begin wyk. Die Woord van God, waaraan Luther elke leerstelling en elke bewering getoets het, was soos 'n tweesnydende swaard, wat sy weg na die harte van die volk oopgesny het. Oral was daar 'n ontwakende begeerte na geestelike vooruitgang. Oral was daar so 'n honger en dors na geregtigheid soos wat eeue lank nie geken is nie. Die oë van die mense wat vir so lank op menslike rituele en aardse bemiddelaars gerig was, het nou in berou en geloof na Christus en Hom gekruisig, gedraai.

Hierdie wydverspreide belangstelling het die vrese van die pouslike owerheid nog verder opgewek. Luther is gelas om in

Rome op aanklag van kettery te verskyn. Die opdrag het sy vriende met vrees vervul. Hulle was baie bewus van die gevaar wat hom in daardie korrupte stad bedreig het, wat reeds dronk met die bloed van die martelare van Jesus was. Hulle het teen die feit dat hy na Rome moes gaan beswaar aangeteken en gevra dat hy in Duitsland verhoor moes word.

Hierdie reëling is uiteindelik in werking gestel en die pous se 134
legaat is aangestel om die saak aan te hoor. In die opdragte wat die pous aan hierdie amptenaar gegee het, is daar verklaar dat Luther reeds tot ketter verklaar is. Die legaat is dus aangesê "...om hom sonder enige vertraging te vervolg en gevange te neem ." Indien hy standvastig sou bly en die legaat versuim om hom as persoon gevange te neem, was hy gemagtig om "...hom in elke deel van Duitsland voëlvry te verklaar; om almal wat hom aanhang, te verban, te vervloek en te ekskommunikeer." — *D'Aubigne*, vol 4, hfst 2. Verder het die pous sy legaat aangesê ten einde die verpestelike kettery wortel en tak uit te roei, om almal, ongeag hulle waardigheid in die kerk of staat, te ekskommunikeer, behalwe die keiser, wat sou versuim om Luther en sy aanhangers te gryp en hulle aan die wraak van Rome oor te lewer.

Hier is die ware gees van pousdom vertoon. Geen spoor van Christelike beginsels of selfs van gemeenskaplike geregtigheid is in die hele dokument te vinde nie. Luther was 'n lang afstand van Rome; hy het geen geleentheid gehad om sy standpunt te stel of te verdedig nie; nog voordat sy saak ondersoek is, is hy summier as ketter verklaar en op dieselfde dag vermaan, beskuldig en veroordeel; en dit alles deur die selfgemaakte heilige vader, die enigste en hoogste, onfeilbare gesag in die kerk en staat!

In hierdie tyd, toe Luther soveel medelye en raad van 'n ware vriend nodig gehad het, is Melanchthon deur die voorsienigheid van God, na Wittenberg gestuur. Jonk in jare, beskeie en bedees van houding, het Melanchthon se gesonde

oordeel, uitgebreide kennis, en oorredende welsprekendheid, gekombineer met die suiwerheid en opregtheid van sy karakter, universele bewondering en agting afgedwing. Sy uitstekende talente was nie meer opvallend as sy sagmoedige geaardheid nie. Hy het gou 'n ernstige dissipel van die evangelie geword, asook Luther se mees betroubare vriend en gewaardeerde ondersteuner. Sy sagmoedigheid, versigtigheid en deeglikheid het as aanvulling vir Luther se moed en ywer gedien. Hulle samewerking het krag aan die hervorming verleen en dit was vir Luther 'n groot bron van bemoediging.

Augsburg was die plek wat vir die verhoor aangewys is en 135
die hervormer het per voet daarheen gereis. Ernstige vrese vir sy veiligheid is gekoester. Daar is openlik gedreig dat hy onderweg na Augsburg onderskep en vermoor sou word en sy vriende het by hom gepleit om dit nie te waag nie. Hulle het hom selfs gesmeek om Wittenberg 'n tyd lank te verlaat en skuiling by diegene wat hom graag wou beskerm te soek. Maar hy sou nie die posisie waar God hom geplaas het verlaat nie. Hy moes getrou voortgaan om die waarheid te handhaaf, ongeag die storms wat teen hom gewoed het. Hy het gesê: "Ek is soos Jeremia, 'n man van stryd en twis; hoe meer hulle dreigemente toeneem, hoe meer neem my vreugde toe ... Hulle het reeds my eer en reputasie vernietig. Nog net een ding bly oor; dit is my ellendige liggaam; laat hulle dit neem; hulle sal slegs my lewe met 'n paar uur verkort. Maar wat my siel betref, dit kan hulle nie neem nie. Hy wat die Woord van Christus aan die wêreld wil verkondig, moet elke oomblik die dood verwag." — *D'Aubigne*, vol 4, hfst 4.

Die tyding van Luther se aankoms in Augsburg het groot tevredenheid aan die pouslike legaat verskaf. Die lastige ketter wat die aandag van die hele wêreld aangewakker het, was nou in die mag van Rome en die legaat was vasbeslote dat hy nie moes ontsnap nie. Die hervormer het nagelaat om 'n geleibrief te verkry. Sy vriende het by hom aangedring om nie daarsonder voor die pouslike legaat te verskyn nie en hulle het self

onderneem om dit vanaf die keiser te verkry. Die legaat was van plan om Luther, indien moontlik, te dwing om te herroep, of, indien hy daarin misluk het, hom na Rome te laat vervoer om dieselfde lot as Huss en Hieronymus te deel. Daarom het hy deur sy agente gepoog om Luther aan te spoor om sonder 'n geleibrief te verskyn en op sy genade te vertrou. Dit het die hervormer beslis geweier om te doen. Eers nadat hy die dokument wat hom van die beskerming van die keiser verseker het, het hy in die teenwoordigheid van die pouslike ambassadeur verskyn.

As 'n saak van beleid het die Katolieke besluit om Luther 136
deur 'n skyn van sagmoedigheid oor te wen. Die legaat het in sy onderhoude met hom groot vriendelikheid betoon; maar hy het daarop aangedring dat Luther hom implisiet aan die gesag van die kerk onderwerp en elke punt sonder teëstribbeling of vraag moes toegee. Hy het nie die karakter van die man met wie hy te doen gehad het na regte geskat nie. Luther het as antwoord, sy agting vir die kerk uitgespreek, sy begeerte na die waarheid, sy bereidheid om alle besware teen sy leer te beantwoord en om sy leerstellings aan die beslissing van sekere vooraanstaande universiteite te onderwerp. Maar terselfdertyd het hy beswaar gemaak teen die kardinaal se optrede wat hom versoek het om te herroep sonder om hom verkeerd te bewys.

Die enigste antwoord was: “Herroep, herroep!” Die hervormer het daarop gewys dat sy stellings deur die Skrif onderskraag word en hy het vasbeslote verklaar dat hy nie die waarheid kan verloën nie. Die legaat, wat nie in staat was om Luther se argumente te weerlê nie, het hom met ‘n vloed van verwyte, bespotting en vleiery oorweldig, afgewissel met aanhalings uit die oorlewerings en die woorde van die vaders, wat aan die hervormer geen geleentheid gebied het om te praat nie. Toe dit geblyk het dat die konferensie, indien dit so voortgaan, heeltemal nutteloos sou wees, het Luther

uiteindelik teësinnig toestemming gekry om sy repliek skriftelik voor te lê.

"Sodoende..." het hy in 'n brief aan 'n vriend geskryf, "...vind die onderdruktes dubbele gewin; eerstens, kan dit wat geskrywe is vir ander se oordeel voorgelê word; en tweedens, het 'n mens 'n groter kans om te werk aan die vrese, indien nie die gewete nie, van 'n arrogante en babbelende despoot, wat 'n mens andersins deur sy hooghartige taal sal oorweldig."—Martyn, *The Life and Times of Luther*, bl 271, 272.

Met die volgende onderhoud, het Luther 'n duidelike, bondige en kragtige uiteensetting van sy sienswyses aangebied, volledig deur baie aanhalings uit die Skrif ondersteun. Nadat hy hierdie dokument hardop gelees het, het hy dit aan die kardinaal oorhandig, wat dit egter minagtend opsy gesit het, met die verklaring dat dit 'n massa ledige woorde en irrelevante aanhalings was. Luther, nou ten volle opgewerk, het die hoogmoedige prelaat op sy eie grond ontmoet — die tradisies en die leerstellings van die kerk — en sy aannames totaal omvergewerp.

Toe die prelaat sien dat Luther se argumente onweerlegbaar 137
is, het hy alle selfbeheersing verloor en woedend uitgeroep: "Herroep, of ek sal jou na Rome stuur om daar voor die regters wat opdrag ontvang het om jou saak te ondersoek, te verskyn. Ek sal jou en al jou aanhangers ekskommunikeer, asook almal wat jou te eniger tyd gedoog en hulle uit die kerk werp." En uiteindelik het hy in 'n hooghartige en woedende toon bygevoeg: "Herroep of keer nooit weer terug nie." — *D'Aubigne*, Londen uitgawe, vol 4, hfst 8.

Die hervormer het dadelik saam met sy vriende onttrek en sodoende duidelik te kenne gegee dat geen herroeping van hom verwag kon word nie. Dit was nie wat die kardinaal in gedagte gehad het nie. Hy het homself gevlei dat hy Luther deur geweld tot onderwerping sou dwing. En nou, alleen agtergelaat

met sy ondersteuners, het hy uiters vererg oor die onverwagse mislukking van sy planne, van die een na die ander gekyk.

Luther se pogings by hierdie geleentheid was nie sonder goeie resultate nie. Die groot skare wat teenwoordig was, het die geleentheid gehad om die twee mans met mekaar te vergelyk en self oor die gees wat deur hulle geopenbaar is, asook die krag en waarheid van hulle stellings te oordeel. Hoe kenmerkend was die kontras! Die hervormer, eenvoudig, nederig, standvastig, het in die krag van God gestaan met waarheid aan sy kant; die pous se verteenwoordiger, vol eiebelang, aanmatigend, hoogmoedig en onredelik, was sonder 'n enkele argument uit die Skrif, maar het nogtans heftig uitgeroep: "Herroep, of word na Rome gestuur vir straf."

Ondanks die feit dat Luther van 'n veilige geleide verseker 138
was, het die Roomsgesindes beplan om hom te gryp en gevange te neem. Sy vriende het by hom aangedring dat dit nutteloos was om sy verblyf te verleng, dat hy sonder versuim na Wittenberg moes terugkeer en dat die uiterste versigtigheid aan die dag gelê moes word om sy voorneme te verberg. Hy het Augsburg gevolglik te perd voor dagbreek verlaat, vergesel slegs van 'n gids wat die landdros tot sy beskikking gestel het. Met talle voorgevoelens het hy in die geheim deur die donker strate van die stad beweeg. Vyande, waaksaam en wreed, het sy dood beplan. Sou hy van die strikke wat vir hom gestel is ontsnap? Dit was oomblikke van angs en ernstige gebed. Hy het 'n klein hekkie in die stadsmuur bereik. Dit is vir hom oopgemaak en met sy gids is hy sonder hindernis daardeur. Toe hulle veilig buitekant die stad was, het die vlugtelinge hul vlug verhaas en voordat die legaat van Luther se vertrek verneem het, was hy buite die bereik van sy vervolgers. Satan en sy handlangers is verslaan. Die man wat hulle gedink het in hulle mag is, was weg. Hy het soos 'n voël uit die strik van die voëlvanger ontsnap.

By die aanhoor van Luther se ontsnapping, is die gesant met verbasing en woede oorweldig. Hy het verwag dat hy groot eer vir sy wysheid en standvastigheid in sy hantering van hierdie kerkversteurder sou ontvang; maar sy hoop is verydel. In 'n brief aan Frederick, die keurvors van Sakse, het hy uitdrukking aan sy woede gegee, Luther bitterlik veroordeel en geëis dat Frederick die hervormer na Rome moet stuur of uit Sakse verban.

Ter verdediging het Luther dringend daarop aangedring dat die legaat of die pous sy dwalings aan hom uit die Skrif moes toon en plegtig belowe dat hy sy leerstellings sou herroep as dit sou blyk dat dit die teenstrydig met die Woord van God was. En hy het sy dank aan God uitgespreek dat hy waardig geag was om vir so 'n heilige saak te ly.

Tot dusver het die keurvors min kennis van die hervormde leerstellings gehad, maar die openhartigheid, kragdadigheid en duidelikheid van Luther se woorde het ‘n diep indruk op hom gemaak; en totdat bewys kon word dat die hervormer verkeerd was, het Frederik besluit om as Luther se beskermer op te tree. In antwoord op die eis van die gesant, het hy geskryf: “�.Aangesien Doktor Martin voor jou in Augsburg verskyn het, moet jy tevrede te wees. Ons het nie verwag dat jy hom sou probeer dwing om te herroep sonder om hom van sy dwalinge te oortuig nie. Nie een van die geleerde manne in ons prinsdom het my meegedeel dat Martin se leerstellings goddeloos, antichristelik of ketters is nie.’ Die vors het boonop geweier om Luther na Rome te stuur of hom uit sy state te verban.” — *D’Aubigne*, vol 4, hfst 10.

Die keurvors het besef dat daar ‘n algemene agteruitgang in 139
die morele beperkings van die samelewing was. Daar was behoefte aan ’n groot hervormingswerk. Die ingewikkelde en duur reëlings om misdaad te bekamp en te straf, sou onnodig wees indien mense die vereistes van God en die voorskrifte van ‘n verligte gewete sou erken en gehoorsaam. Hy het gesien dat

Luther homself bearbei het om hierdie doelwit te bereik en was heimlik verheug dat 'n beter invloed in die kerk sigbaar was.

Hy het ook gesien dat Luther as professor aan die universiteit by uitstek suksesvol was. Slegs ‘n jaar het verloop sedert Luther sy proefskrifte op die deur van die kasteelkerk geplaas het en reeds was daar ‘n groot afname in die aantal pelgrims wat die kerk tydens die Fees van Alle Heiliges besoek het. Rome is van aanbidders en offergawes ontneem, maar hulle plek is deur ‘n ander klas wat nou na Wittenberg gekom het ingeneem, nie as pelgrims om die relikwieë te aanbid nie, maar as studente om haar sale van geleerdheid te vul. Die geskrifte van Luther het oral nuwe belangstelling in die Heilige Skrif laat opvlam en nie alleen uit alle dele van Duitsland nie, maar ook vanuit ander lande het studente na die universiteit gestroom. Jong mans wat Wittenberg vir die eerste keer gesien het, “...het hulle hande na die hemel opgehef en God geprys omdat Hy die lig van die waarheid uit hierdie stad laat skyn het, soos uit Sion van ouds waarvandaan dit selfs na die verste lande versprei het.” — *D’Aubigne*, vol 4, hfst 10.

Luther was tot dusver slegs gedeeltelik van die dwalinge van Katolisisme bekeer. Maar toe hy die Heilige Orakels met die pouslike verordeninge en grondwette vergelyk, was hy met verbasing vervul. “Ek lees...” het hy geskryf, “...die verordeninge van die biskoppe en ... ek weet nie of die pous self die Antichris is, of sy apostel nie, so verkeerdelik word Christus daarin voorgestel en gekruisig.” – *D’Aubigne* vol 5, hfst 1. Op hierdie stadium was Luther nog ‘n voorstander van die Katolieke Kerk en hy het nie gedink dat hy ooit van sy gemeenskap met haar sou skei nie.

Die hervormer se geskrifte en sy leerstellings het na elke nasie in die Christendom uitgebrei. Die werk het na Switserland en Holland versprei. Eksemplare van sy geskrifte het hul weg na Frankryk en Spanje gevind. In Engeland is sy leerstellings as die woord van die lewe ontvang. Ook het die waarheid na België en

Italië uitgebrei. Duisende het uit hul dodelike bedwelming ontwaak tot die vreugde en hoop van 'n lewe in geloof.

Rome het as al hoe meer vertoornd deur die aanvalle van Luther geraak en sommige van sy fanatiese teëstanders, selfs doktore in Katolieke universiteite, het verklaar dat die een wat hierdie opstandige monnik doodmaak, sonder sonde sou wees. Op 'n dag het 'n vreemdeling, met 'n pistool onder sy mantel versteek, die hervormer genader en gevra waarom hy so alleen rondloop. "Ek is in God se hande..." het Luther geantwoord. "Hy is my krag en my skild. Wat kan 'n mens aan my doen?" — *D'Aubigne*, vol 6, hfst 2. Toe die vreemdeling hierdie woorde hoor, het hy bleek geword en gevlug asof hy uit die teenwoordigheid van die engele van die hemel wegvlug. 140

Rome was vasbeslote om Luther te vernietig, maar God was sy beskutting. Sy leerstellings is oral gehoor — "...in huise en kloosters ... in die kastele van die edeles, in die universiteite en paleise van konings..." en edele mense van alle kante het opgestaan om hom in sy pogings te onderskraag. — *Id* vol 6, hfst 2.

Dit was ongeveer hierdie tyd dat Luther, deur die werke van Huss te lees, ontdek het dat die groot waarheid van regverdiging deur die geloof wat hy self wou handhaaf en onderrig, deur die Boheemse hervormer gehandhaaf is. "Ons almal..." het hy gesê, "...ek, Paulus en Augustinus, was Hussiete sonder om dit te weet! ... God sal dít sekerlik aan die wêreld besoek..." het hy voortgegaan, "...naamlik dat die waarheid reeds 'n eeu gelede verkondig en verbrand is!" — *Wylie*, vol 6, hfst 1.

In 'n beroep op die keiser en adel van Duitsland ten behoewe van die hervorming van die Christendom, het Luther aangaande die pous geskryf: "Dit is vreeslik om die man wat homself in Christus se plek stel, 'n manjifieke vertoon te sien lewer wat geen keiser hom kan nadoen nie. Is dit om soos die arm Jesus, of die nederige Petrus te wees? Hy is, sê hulle, die

heer van die wêreld! Maar Christus, wie se plaasvervanger hy beweer om te wees, het gesê: 'My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.' Kan die gesag van 'n plaasvervanger die van sy meerdere oortref?" — *D'Aubigne*, vol 6, hfst 3.

Hy het soos volg aangaande die universiteite geskryf: "Ek is 141
bevrees dat die universiteite sal getuig die groot poorte van die hel te wees, tensy hulle ywerig werk om die Heilige Skrif te verduidelik en dit op die harte van die jeug te graveer. Ek raai niemand aan om sy kind te plaas waar die Skrif nie die belangrikste plek inneem nie. Elke instelling waarin mense nie onophoudelik met die studie van God se Woord besig is nie moet korrup word." — *D'Aubigne*, vol 6, hfst 3.

Hierdie oproep is vinnig deur die hele Duitsland versprei en dit het 'n kragtige invloed op die volk uitgeoefen. Die hele nasie was in beroering en menigtes is opgewek om onder die vaandel van hervorming saam te trek. Luther se teenstanders, deur wraaksug aangevuur, het by die pous aangedring om beslissende maatreëls teen hom te neem. Daar is besluit dat sy leerstellings onmiddellik veroordeel moet word. Sestig dae is aan die hervormer en sy aanhangers toegestaan, waarna hulle almal, indien hulle nie herroep nie, geëkskommunikeer sou word.

Dit was 'n verskriklike krisis vir die hervorming. Eeue lank het Rome se vonnis van ekskommunikasie vrees in die harte van magtige monarge ontketen; dit het magtige ryke met ellende en verwoesting gevul. Diegene wat onder die oordeel daarvan gekom het, is universeel met vrees en afgryse bejeën; hulle is van gemeenskap met hulle medemens afgesny en is voëlvry verklaar om vir uitwissing gejag te word. Luther was nie blind vir die storm wat oor hom sou losbars nie; maar hy het onwrikbaar gestaan en op Christus as sy steun en skild vertrou. Met die geloof en moed van 'n martelaar het hy geskryf: "Wat gaan gebeur weet ek nie en ek gee nie om om te weet nie ... Laat gebeur wat moet, ek is nie bevrees nie. Nie een blaar sal

val sonder die wil van onse Vader nie. Hoeveel te meer sal Hy vir ons sorg! Dit is 'n geringe ding om vir die Woord te sterf, aangesien die Woord wat vlees geword het, self gesterf het. As ons met Hom sterf, sal ons met Hom lewe; en om dit te deurstaan wat Hy vir ons deurstaan het, sal ons wees waar Hy is en vir ewig by Hom woon." — *D'Aubigne*, 3de Londense uitgawe, Walther, 1840, vol 6, hfst 9.

Toe die pouslike bevelskrif Luther bereik, het hy gesê: "Ek 142
verag dit en val dit aan as goddeloos, vals ... Dit is Christus self wat daarin veroordeel word ... Ek is verheug dat ek hierdie onregte moet verduur vir die beste van redes. Ek ervaar al groter vryheid in my hart; want uiteindelik weet ek dat die pous die Antichris is en dat sy troon die troon van Satan self is." — *D'Aubigne*, vol 6, hfst 9.

Die mandaat van Rome was egter nie sonder effek nie. Die gevangenis, marteling en die swaard was magtige wapens om gehoorsaamheid af te dwing. Die swakkes en bygelowiges het voor die besluit van die pous gesidder; en hoewel daar algemene simpatie met Luther was, het baie mense gevoel dat die lewe te kosbaar was om vir die saak van hervorming in gevaar te stel. Alles het geblyk daarop te dui dat die hervormer se werk binnekort beëindig sou word.

Maar Luther was steeds onbevrees. Rome het haar vloeke oor hom uitgespreek en die wêreld het toegekyk en nie daaraan getwyfel dat hy sou vergaan of gedwing sou word om toe te gee nie. Maar met bomenslike krag het hy die vonnis van veroordeling teen Rome teruggewerp en in die openbaar sy vasberadenheid om haar vir altyd te laat vaar verklaar. In die teenwoordigheid van 'n skare studente, doktore en burgers van alle geledere, het Luther die pous se bevelskrif, saam met die kanonieke, die dekrete en sekere geskrifte wat die pouslike gesag onderskraag het, verbrand. Hy het gesê: "My vyande het daarin geslaag om my boeke te verbrand om die saak van die waarheid in die gemoed van gewone mense te benadeel en hul

siele te vernietig; om hierdie rede verbrand ek hulle boeke in ruil daarvoor. 'n Ernstige stryd het pas begin. Tot dusver het ek net met die pous gespeel. Ek het hierdie werk in God se Naam begin; dit sal sonder my en deur Sy mag beëindig word." — *D'Aubigne,* vol 6, hfst 10.

Op die beskuldigings van sy vyande wat hom oor die 143
swakheid van sy saak getart het, het Luther geantwoord: "Wie weet of God my nie uitverkies en geroep het nie en of hulle nie behoort te vrees dat hulle, deur my te verag, God self verag nie? Moses was alleen met die uittog uit Egipte; Elia was alleen tydens die regering van koning Agab; Jesaja was alleen in Jerusalem; Eségiël was alleen in Babilon ... God het nooit die hoëpriester of 'n ander belangrike persoon as profeet gekies nie; maar Hy het gewoonlik nederige en veragte mense gekies en eenkeer selfs 'n veewagter, Amos. In elke eeu moes die heiliges, in lewensgevaar, die grootstes, konings, vorste, priesters en wyse manne teregwys ... Ek sê nie dat ek 'n profeet is nie; maar ek sê dat hulle juis bevrees behoort te wees omdat ek alleen is en hulle baie is. Hiervan is ek seker, dat die Woord van God met my en nie met hulle is nie." — *D'Aubigne* vol 6, hfst 10.

Tog was dit nie sonder 'n verskriklike stryd met homself dat Luther besluit het om finaal van die kerk te skei nie. Dit was in gedurende hierdie tyd dat hy geskryf het: "Ek voel elke dag meer en meer hoe moeilik dit is om van die gewetensbesware wat vanaf jou kinderjare by jou ingeboesem is, ontslae te raak. O, hoeveel pyn het dit my nie veroorsaak nie, al het ek ook die Skrif aan my kant, om dit vir myself te regverdig om te waag om alleen teen die pous te staan te kom en hom as die Antichris voor te hou! Hoeveel keer het ek myself nie met bitterheid die vraag wat so dikwels op die lippe van die Roomsgesindes was, gevra nie: 'Is jy alleen wys?' Kan al die ander verkeerd wees? Hoe sou dit was indien, na alles, dit jy self is wat verkeerd is en soveel siele in jou dwaling betrek het, wat dan vir ewig verdoem sal wees? Dit was hoe ek met myself en met Satan geveg het,

totdat Christus, deur Sy onfeilbare woord, my teen hierdie twyfel versterk het." — Martyn, *Life and Times of Luther*, bl 372, 373.

Die pous het Luther met ekskommunikasie gedreig as hy sou weier om te herroep en die dreigement is nou vervul. 'n Nuwe bevelskrif is uitgevaardig wat die hervormer se finale skeiding van die Roomse Kerk verklaar het en hom as die vervloekte van die hemel veroordeel het en almal wat sy leerstellings aanvaar het by dieselfde oordeel ingesluit het. Die groot stryd het nou met alle erns 'n aanvang geneem.

Teëstand is die lot van almal wat God gebruik om waarhede 144
wat spesifiek op hulle tyd van toepassing is, aan te bied. Daar was 'n huidige waarheid in die dae van Luther, 'n waarheid wat vir daardie tyd van besondere belang was; daar is 'n huidige waarheid vir die kerk vandag. Dit behaag Hom wat alles volgens die raadsbesluite van Sy wil doen, om mense in verskillende omstandighede te plaas en pligte wat eie is aan die tye en die omstandighede waaronder hulle leef, aan hulle op te lê. Indien hulle die lig wat aan hulle gegee is sou waardeer, sou breër beskouings van die waarheid aan hulle oopgestel word. Maar die waarheid is nie méér begeerlik vandag as wat dit vir die Roomsgesindes wat Luther teengestaan was nie. Daar is dieselfde ingesteldheid, soos in vorige eeue, om die teorieë en tradisies van mense in plaas van die Woord van God te aanvaar. Diegene wat die waarheid vir hierdie tyd voorhou, moet nie verwag om met groter guns ontvang te word as wat die vroeëre hervormers was nie. Die groot stryd tussen waarheid en dwaling tussen Christus en Satan, sal in intensiteit toeneem tot aan die einde van hierdie wêreld se geskiedenis.

Jesus het aan Sy dissipels gesê: "As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou die woord wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My

vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle My woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar." (Joh 15:19, 20). En aan die ander kant het ons Here duidelik verklaar: "Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen." (Luk 6:26). Die gees van die wêreld is vandag net so min in harmonie met die Gees van Christus as vroeër en diegene wat die Woord van God in die suiwerheid daarvan verkondig, sal nie met groter guns as destyds ontvang word nie. Die vorms van teëstand teen die waarheid mag verander, die vyandigheid mag minder openlik wees, omdat dit meer subtiel is; maar dieselfde vyandigheid bestaan steeds en sal tot die einde van tyd gemanifesteer word.

## Hoofstuk 8 145

# Luther Voor die Ryksdag

'n Nuwe keiser, Karel V, het die troon van Duitsland bestyg en die afgevaardigdes van Rome het hulle na die monarge gehaas met gelukwensinge en om hom te oorreed om sy mag teen die hervorming aan te wend. Aan die anderkant, het die keurvors van Sakse, aan wie Karel baie dank vir sy kroon verskuldig was, hom versoek om geen stappe teen Luther te neem voordat 'n verhoor aan hom toegestaan is nie. Dit het die keiser in 'n posisie van groot verwarring en verleentheid geplaas. Die Roomsgesindes sou met niks minder as ‘n keiserlike edik wat Luther ter dood veroordeel tevrede wees nie. Die keurvors het beslis verklaar “... nie sy vorstelike majesteit of enige ander persoon het getoon dat Luther se geskrifte weerlê is nie...” daarom het hy versoek “...dat Doktor Luther van ‘n geleibrief voorsien moes word, sodat hy voor ‘n tribunaal van geleerde, vroom en onpartydige regters kon verskyn.” — *D’Aubigne*, vol 6, hfst 11.

Die aandag van alle partye was nou op die vergadering van 146
die Duitse state gevestig, wat kort na die toetrede van Karel tot die ryk in Worms sou plaasvind. Daar was belangrike politieke vrae en belange wat deur die nasionale raad oorweeg moes word; die vorste van Duitsland sou vir die eerste keer hul jeugdige monarg op ’n raadsvergadering ontmoet. Hoogwaardigheidsbekleërs van kerk en staat het uit alle dele van die vaderland gekom. Sekulêre here uit die adelstand, magtig en jaloers op hul oorgeërfde regte; vorstelike geestelikes ingestel op hul hoë rang en gesag; ridders van die hof en hul gewapende geleide; en ambassadeurs uit vreemde en verre lande, het almal in Worms byeengekom. Maar die saak wat die grootste belangstelling in hierdie groot vergadering opgewek het, was die saak van die Saksiese hervormer.

Karel het die keurvors vroeër die opdrag gegee om Luther saam met hom na die Ryksdag te bring, om hom van beskerming te verseker en 'n vrye bespreking met bekwame persone aangaande die vrae in geskil te belowe. Luther was gretig om voor die keiser te verskyn. Sy gesondheid was op daardie stadium verswak, maar tog het hy aan die keurvors geskryf: “As ek nie in goeie gesondheid na Worms kan gaan nie, sal ek my daarheen laat dra, siek soos ek is. Want as die keiser my roep, kan ek nie betwyfel dat dit die roepstem van God self is nie. As hulle geweld teen my wil gebruik en dit is heelwaarskynlik so, (want dit is nie vir hulle voorligting dat hulle my gelas het om te verskyn nie), dan plaas ek die saak in die Here se hande. Hy wat die drie jong mans in die brandende vuuroond bewaar het, lewe en regeer steeds. As Hy my nie red nie, is my lewe min werd. Laat ons slegs voorkom dat die evangelie aan die smaad van die goddelose blootgestel word en laat ons ons bloed daarvoor vergiet uit vrees dat hulle mag seëvier. Dit is nie vir my om te besluit of my lewe, oftewel my dood, die meeste sal bydra tot die redding van almal nie ... U kan alles van my verwag ... behalwe om te vlug en om te herroep. Vlug kan ek nie, en herroep nog minder.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 1.

Toe dit in Worms rugbaar word dat Luther voor die Ryksdag 147
sou verskyn, het dit algemene opgewondenheid veroorsaak. Aleander, die pouslike legaat aan wie die saak spesiaal toevertrou is, was verontrus en woedend. Hy het gesien dat die gevolge rampspoedig vir die pouslike saak sou wees. Om weer ‘n saak te ondersoek waaroor die pous reeds 'n vonnis van veroordeling uitgespreek het, was om minagting op die gesag van die soewereine pous te werp. Verder was hy bang dat die welsprekende en kragtige argumente van hierdie man baie van die vorste van die saak van die pous sou laat wegdraai. Hy het derhalwe dringend by Karel beswaar aangeteken teen Luther se verskyning in Worms. Omstreeks hierdie tyd is die bevelskrif wat Luther se ekskommunikasie verklaar het, gepubliseer; en

dit, tesame met die vertoë van die gesant, het die keiser beweeg om toe te gee. Hy het aan die keurvors geskrywe dat indien Luther nie herroep nie, hy in Wittenberg moes bly.

Geensins tevrede met hierdie oorwinning nie, het Aleander met al die mag en lis waaroor hy beskik het, hom beywer om Luther se veroordeling te verseker. Met volharding wat ‘n beter saak waardig was, het hy die saak onder die aandag van die vorste, prelate en ander lede van die vergadering gebring en die hervormer beskuldig van “...opruiing, rebellie, goddeloosheid en godslastering.” Maar die heftigheid en passie wat deur die legaat geopenbaar is, het die gees waardeur hy aangedryf is, te duidelik geopenbaar. “Hy is met haat en wraak besiel...” was die algemene opmerking, “...veel meer as deur ywer en vroomheid.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 1. Die meerderheid van die Ryksdag was nou meer as ooit tevore geneig om Luther se saak in 'n gunstige lig te beskou.

Met verdubbelde ywer het Aleander die keiser op sy plig gewys om die pouslike dekrete uit te voer. Maar onder die wetgewing van Duitsland kon dit nie sonder die instemming van die vorste gedoen word nie en uiteindelik deur die opdringerigheid van die legaat oorwin, het Karel hom gelas om sy saak voor die Ryksdag te lê. “Dit was ‘n trotse dag vir die legaat. Dit was ‘n belangrike vergadering; maar hierdie saak was nog belangriker. Aleander sou vir Rome pleit ... die moeder en meesteres van alle kerke.” Hy sou die vorstelike mag van Petrus voor die vergaderde prinsdom van die Christendom regverdig. “Hy het oor die gawe van welsprekendheid beskik en die belangrikheid van die geleentheid het hom besiel. Voorsienigheid het bestem dat Rome deur die beste van haar sprekers in die teenwoordigheid van die mees verhewe tribunaal verdedig sou word voordat sy veroordeel word.” — *Wylie*, vol 6, hfst 4. Met 'n mate van bedenkinge, het diegene wat ten gunste van die hervormer was, uitgesien na die uitwerking van Aleander se toespraak. Die keurvors van Sakse was nie teenwoordig nie, maar op sy bevel het sommige van sy

raadslede dit bygewoon om aantekeninge van die legaat se toespraak te maak.

Met al die mag van geleerdheid en welsprekendheid, was 148
Aleander ingestel om die waarheid omver te werp. Hy het beskuldiging op beskuldiging teen Luther, as 'n vyand van die kerk en staat, die lewendes en die dooies, geestelikes en leke, rade en privaat Christene ingebring. “In Luther se dwalinge...” het hy verklaar, “...is daar genoeg regverdiging om ‘honderde duisende ketters’ te verbrand.

Ten slotte het hy gepoog om minagting op die aanhangers van die hervormde geloof te plaas. “Wat is al hierdie Lutherane? ‘n Bemanning van domastrante opvoedkundiges, korrupte priesters, bandelose monnike, onkundige wetsgeleerdes en ontaarde adellikes, tesame met die gewone mense wat hulle mislei en gekorrupteer het. Hoe ver bo hulle is die Katolieke Kerk wat getal, bekwaamheid en mag betref! ‘n Eenparige besluit van hierdie gesaghebbende vergadering sal die eenvoudiges verlig, die onverstandiges waarsku, die twyfelaars tot beslissing bring en die swakkes versterk.” — *D’Aubigne*, Vol 7, hfst 3.

Met sulke wapens is die voorstanders van die waarheid in alle eeue aangeval. Dieselfde argumente word steeds aangevoer teen almal wat dit waag om die duidelike leerstellings van God se Woord in direkte teenstelling met gevestigde dwalinge aan te bied. “Wie is hierdie verkondigers van nuwe leerstellings?” word deur diegene wat 'n populêre godsdiens begeer uitgeroep. “Hulle is ongeleerd, gering in getal en van die arm klas. Tog beweer hulle dat hulle die waarheid het en dat hulle die uitverkore volk van God is. Hulle is onkundig en mislei. Hoe superieur is ons kerk nie bo hulle wat ledetal en invloed betref nie! Hoeveel groter en geleerde manne is daar nie onder ons nie! Hoeveel mag is daar steeds aan ons kant!” Dit is die argumente wat 'n sprekende invloed op die wêreld

het; maar hulle is tans nie minder afdoende as in die dae van die hervormer nie.

Die hervorming het nie, soos baie dink, met Luther geëindig nie. Dit moet tot aan die einde van hierdie wêreld se geskiedenis voortduur. Luther het ‘n groot werk gehad om te verrig, om die lig wat God toegelaat het om op hom te skyn, aan ander weer te gee; tog het hy nie al die lig wat aan die wêreld gegee sou word ontvang nie. Van toe af tot nou skyn daar voortdurend nuwe lig op die Skrif en nuwe waarhede word voortdurend ontvou.

Die legaat se toespraak het ‘n diep indruk op die Ryksdag 149
gemaak. Luther met sy duidelike en oortuigende waarhede van God se Woord, was nie teenwoordig om die pouslike kampvegter te verslaan nie. Geen poging is aangewend om die hervormer te verdedig nie. Daar was ‘n algemene ingesteldheid om nie slegs die leerstellings wat hy geleer het te veroordeel nie, maar ook die kettery te ontwortel. Rome het die mees gunstigste geleentheid gehad om haar saak te verdedig. Alles wat sy tot haar eie regverdiging kon sê, is gesê. Maar hierdie skynbare oorwinning was die teken van 'n nederlaag. Die kontras tussen waarheid en dwaling sou voortaan duideliker onderskei word, aangesien hulle mekaar openlik die stryd sou aansê. Rome sou nooit weer vanaf daardie dag, so sterk staan soos wat sy voorheen gestaan het nie.

Terwyl die meeste lede van die Ryksdag nie sou aarsel om Luther aan die wraak van Rome oor te lewer nie, het baie van hulle die heersende verdorwenheid in die kerk gesien en betreur en verlang na 'n onderdrukking van die misbruike waaronder die Duitse volk as gevolg van die korrupsie en gierigheid van die hiërargie gely het. Die legaat het die pouslike heerskappy in die mees gunstigste lig gestel. Maar die Here het nou ‘n lid van die Ryksdag beweeg om ‘n ware omskrywing van die gevolge van pouslike tirannie te gee. Met edele fermheid het die Hertog Georg van Sakse in daardie vorstelike

byeenkoms opgestaan en met treffende akkuraatheid die misleidings en gruwels van die pousdom en die haglike gevolge daarvan gespesifiseer. Ter afsluiting het hy gesê:

"Hierdie is sommige van die misbruike wat uitskree teen Rome. Alle skaamte is ter syde gestel en hulle enigste doelwit is ... geld, geld, geld ... sodat die predikers wat die waarheid moet verkondig, niks anders as valshede uiter nie en nie alleen word hulle gedoog nie, maar beloon, want hoe groter hulle leuens, hoe groter is hulle wins. Dit is uit hierdie verderflike bron waaruit sulke besoedelde water vloei. Losbandigheid steek die hand na gierigheid uit ... Helaas, dit is die skande van die geestelikes wat so baie arme siele in die verderf stort. 'n Algemene hervorming moet geskied." — *D'Aubigne,* vol 7, hfst 4.

Selfs Luther kon nie 'n meer bekwame en dwingende 150
veroordeling van die pouslike misbruike aangebied het nie en die feit dat die spreker 'n vasberade vyand van die hervormer was, het nog groter invloed aan sy woorde verleen.

Indien die oë van die vergadering geopen was, sou hulle engele van God in hul midde gewaar het, wat ligstrale deur die duisternis van dwaling laat skyn het en die verstand en harte vir die ontvangs van die waarheid oopgemaak het. Dit was die mag van die God van waarheid en wysheid wat selfs die teëstanders van die hervorming beheer het en sodoende die weg vir die groot werk wat sou plaasvind voorberei het. Martin Luther was nie teenwoordig nie; maar die stem van Een groter as Luther is in daardie vergadering gehoor.

Daar is dadelik 'n komitee deur die Ryksdag aangestel om 'n opsomming van al die pouslike onderdrukkings wat so swaar op die Duitse volk geweeg het, op te stel. Hierdie lys wat honderd-en-een spesifikasies bevat het is aan die keiser voorgelê met die versoek dat hy onmiddellike maatreëls sou tref om hierdie misbruike reg te stel. "Wat 'n verlies aan Christen siele..." het die ondertekenaars gesê, "...watter ontberinge, watter

afpersing weens die skandale waardeur die geestelike hoof van die Christendom omring word! Dit is ons plig om die ondergang en oneer van ons volk te voorkom. Om hierdie rede versoek ons u nederig, maar dringend, om 'n algemene hervorming te beveel en die uitvoering daarvan te onderneem." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 4.

Die raad het nou geëis dat die hervormer voor hulle moet verskyn. Ondanks die versoekings, betogings en dreigemente van Aleander, het die keiser uiteindelik ingestem en Luther is opgeroep om voor die Ryksdag te verskyn. Met die dagvaarding is 'n geleibrief gegee wat verseker het dat hy na 'n plek van veiligheid sou terugkeer. Dit is deur 'n boodskapper na Wittenberg geneem, wat die opdrag ontvang het om Luther na Worms te begelei.

Die vriende van Luther was angsbevange en bekommerd. 151
Bewus van die vooroordeel en vyandigheid teenoor hom, was hulle bevrees dat selfs sy geleibrief nie gerespekteer sou word nie en hulle het by hom gepleit om nie sy lewe in gevaar te stel nie. Sy antwoord was: "Die Roomsgesindes begeer nie dat ek na Worms moet kom nie, maar verlang my veroordeling en my dood. Dit maak nie saak nie; moenie vir my bid nie, maar vir die Woord van God ... Christus sal my Sy Gees gee om hierdie bedienaars van dwaling te oorwin. Ek verag hulle gedurende my leeftyd; deur my dood sal ek oor hulle seëvier. In Worms is hulle besig om my te dwing om te herroep; en dit sal my herroeping wees: Ek het vroeër gesê dat die pous die plaasvervanger van Christus was; nou beaam ek dat hy die teëstander van ons Here is en die apostel van die duiwel." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 6.

Luther sou nie sy gevaarlike reis alleen onderneem nie. Behalwe die keiserlike boodskapper, was drie van sy getrouste vriende vasbeslote om hom te vergesel. Melanchthon wou graag by hulle aansluit. Sy hart was aan Luther s'n gebonde en hy was het daarna gesmag om hom, indien nodig, na die tronk of die dood te volg. Maar sy smekinge is geweier. Indien Luther

sou omkom, sou die hoop op die hervorming op sy jeugdige medewerker gefokus wees. Toe die hervormer van Melanchthon afskeid neem, het hy aan hom gesê: “As ek nie terugkom nie en my vyande my om die lewe bring, moet jy aanhou om te onderrig en vasstaan in die waarheid. Werk in my plek ... As jy oorleef, sal my dood weinige gevolge hê.” — *Id*, hfst 7. Die studente en burgers wat byeengekom het om Luther af te sien, was diep ontroer. ‘n Menigte, wie se harte deur die evangelie aangeraak is, het met 'n geween van hom afskeid geneem. Sodoende het die hervormer en sy metgeselle van Wittenberg vertrek.

Onderweg het hulle opgemerk dat die gedagtes van die volk deur somber gevoelens verdruk was. Op sommige dorpe is daar geen eerbewyse aan hulle gebied nie. Terwyl hulle vir die nag stilgehou het, het 'n vriendelike priester sy vrees uitgespreek deur ‘n portret van ‘n Italiaanse hervormer wat martelaarskap gely het, voor te hou. Die volgende dag het hulle verneem dat Luther se geskrifte in Worms veroordeel is. Imperiale boodskappers het die keiser se dekreet verkondig en ‘n beroep op die mense gedoen om die verbode geskrifte aan die magistrate oor te lewer. Die bode van die keiser, wat Luther begelei het en vir sy veiligheid by die raad gevrees het, het gedink dat sy voorneme begin wankel het en gevra of hy steeds wil voortgaan. Hy het geantwoord: “Alhoewel ek in elke stad verbied is, sal ek voortgaan.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 7.

In Erfurt is Luther met eerbetoon ontvang. Omring deur 152
bewonderende skares, het hy deur die strate wat hy dikwels met sy bedelaarsbeurs deurkruis het, gegaan. Hy het sy kloostersel besoek en besin oor die stryd waardeur die lig, wat Duitsland nou oorstroom, in sy siel gewoed het. Daar is by hom aangedring om te preek. Dít was hom verbied, maar die bode van die koning wat hom begelei het, het sy toestemming gegee en toe het die monnik wat eenmaal die werkesel van die klooster was, die kansel bestyg.

Aan 'n stampvol vergadering, het hy die woorde van Christus gepreek: "Vrede vir julle." "Filosowe, doktore en skrywers..." het hy gesê, "...het probeer om die mense die weg tot die ewige lewe te leer en nie daarin geslaag nie. Ek sal dit nou aan julle verduidelik: God het een Man uit die dood opgewek, die Here Jesus Christus, sodat Hy die dood sou vernietig, die sonde sou uitwis en die poorte van die hel sou sluit. Dit is die werk van verlossing ... Christus het oorwin! Dit is die blye tyding; en ons word gered deur Sy werk en nie deur ons eie nie ... Ons Here Jesus Christus het gesê: 'Vrede vir julle! ... Kyk na my hande.' Dit wil sê, Kyk, o mens! Dit is Ek alleen wat jou sonde weggeneem het en jou losgekoop het; en nou het jy vrede, spreek die Here."

Hy het voortgegaan en daarop gewys dat ware geloof deur 'n heilige lewe geopenbaar sal word. "Aangesien God ons gered het, laat ons ons werke so rig dat dit vir Hom aanneemlik is. Is julle ryk? Laat julle besittings in die behoeftes van die armes voorsien. Is julle arm? Laat julle dienste vir die rykes welgevallig wees. Maar as julle net vir julleself van nut is, is die diens wat julle voorgee om aan God te lewer, 'n leuen." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 7.

Die volk het vasgenael geluister. Die brood van die lewe is vir daardie honger siele gebreek. Christus is voor hulle bo die pous, legate, keisers en konings verhef. Luther het geen verwysing na sy eie gevaarlike situasie gemaak nie. Hy het nie probeer om homself die voorwerp van gedagtes of medelye te maak nie. In die oordenking van Christus, het hy die eie-ek uit die oog verloor. Hy het agter die Man van Golgota geskuil en slegs gepoog om Jesus as die Verlosser van die sondaar aan te bied.

Soos die hervormer verder gegaan het, is hy met groot 153
belangstelling begroet. 'n Gretige skare het om hom saamgedrom en vriendelike stemme het hom aangaande die doel van die Roomsgesindes gewaarsku. "Hulle sal jou

verbrand...” het sommige gesê; “...en jou liggaam tot as reduseer, net soos hulle met Johannes Huss gemaak het.” Hierop het Luther geantwoord, “Al sou hulle ‘n vuur vanaf Worms tot in Wittenberg aansteek, waarvan die vlamme tot aan die hemel reik, sou ek in die Naam van die Here daardeur loop; ek sal voor hulle verskyn; ek sal in die kake van hierdie behemot inloop, sy tande breek en die Here Jesus Christus bely.” — *D’Aubigne,* vol 7, hfst 7.

Die tyding dat hy Worms nader, het groot opspraak verwek. Sy vriende het vir sy veiligheid gesidder; sy vyande het vir die sukses van hulle saak gevrees. Daar is ernstige pogings aangewend om hom te ontmoedig om die stad binne te kom. Op aandrang van die Roomsgesindes is hy aangespoor om na die kasteel van ‘n goedgesinde ridder te gaan waar, volgens hulle verklaring, hulle alle probleme op 'n vriendskaplike wyse kon oplos. Vriende het probeer om sy vrese te wek deur die gevare wat hom bedreig aan hom te beskryf. Maar al hul pogings het misluk. Luther, steeds onwrikbaar, het verklaar: “Al was daar soveel duiwels in Worms soos teëls op die huise se dakke, sou ek dit steeds binnegaan.” — *D’Aubigne,* vol 7, hfst 7.

Met sy aankoms by Worms het ‘n groot menigte na die poorte gestroom om hom te verwelkom. Selfs met die aankoms van die keiser was daar nie so ‘n groot samekoms van mense om hom te begroet nie. Die opgewondenheid was groot en te midde van die skare het ‘n deurdringende, klaerige stem ‘n begrafnislied gesing as waarskuwing aan Luther oor die lot wat hom gewag het. “God sal my beskerming wees...” het hy, terwyl hy van sy wa afklim, gesê.

Die Roomsgesindes het nie geglo dat Luther werklik dit sou 154
waag om in Worms te verskyn nie en sy aankoms het hulle met ontsteltenis gevul. Die keiser het dadelik sy raadslede ontbied om te oorweeg watter weg gevolg moet word. Een van die biskoppe, ‘n streng katoliek, het verklaar: “Ons het al lank oor hierdie saak beraadslaag. Laat u keiserlike majesteit dadelik van

hierdie man ontslae raak. Het Sigismund nie veroorsaak dat Johannes Huss verbrand word nie? Ons is nie verplig om veilige geleide aan 'n ketter te gee of te eer nie. “Nee...” het die keiser gesê, “...ons moet ons belofte nakom.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 8. Daar is dus besluit dat die hervormer aangehoor moes word.

Die hele stad was gretig om hierdie merkwaardige man te sien en 'n menigte besoekers het spoedig sy herberg gevul. Luther het nog nie behoorlik van sy siekte herstel nie; hy was uitgeput deur die reis wat twee volle weke geduur het. Hy moes vir die belangrike gebeure van die volgende dag voorberei en het stilte en rus nodig gehad. Maar die begeerte om hom te sien was so groot, dat hy slegs 'n paar uur se rus geniet het toe edeles, ridders, priesters en burgers gretig om hom vergader het. Hieronder was baie van die adellikes wat so blatant van die keiser 'n hervorming ten opsigte van kerklike mishandeling geëis het en wat volgens Luther, “...almal deur my evangelie bevry is.”— Martyn, *The Life and Times of Luther*, bl 393. Vyande, sowel as vriende het gekom om die onverskrokke monnik te sien; maar hy het hulle met onverstoorde kalmte ontvang en almal met waardigheid en wysheid geantwoord. Sy houding was standvastig en moedig. Sy bleek, maer gesig, gekenmerk deur die spore van swoeg en siekte, het ‘n vriendelike en selfs vreugdevolle uitdrukking gehad. Die plegtigheid en diepe erns van sy woorde het aan hom ‘n krag gegee wat selfs sy vyande nie volkome kon weerstaan nie. Beide vriende en vyande was verwonderd. Sommige was daarvan oortuig dat 'n Goddelike invloed hom bygestaan het; ander het, net soos die Fariseërs van Christus gesê het, gesê: “Hy het ‘n duiwel.”

Die volgende dag is Luther voor die Ryksdag gedaag. ‘n Keiserlike offisier is aangestel om hom na die geregsaal te begelei; tog was dit moeilik vir hom om die plek te bereik. Elke straat was vol toeskouers wat gretig was om die monnik, wat die gesag van die pous uitgedaag het te sien.

Toe hy op die punt was om in die teenwoordigheid van sy regters te verskyn, het ‘n ou generaal, die held van baie gevegte, vriendelik aan hom gesê: “Arme monnik, arme monnik, jy gaan nou 'n edeler standpunt inneem as wat ek of enige ander kaptein in die bloedigste van ons gevegte ingeneem het. Maar as jou saak regverdig is en jy daarvan seker is, gaan dan voort in die Naam van God en wees vir niks bevrees nie! God sal jou nie verlaat nie.” — D’Aubigne, deel 7, hfst. 8. 155

Uiteindelik het Luther voor die raad gestaan. Die keiser het die troon beset. Hy was omring deur die roemrykste persone in die ryk. Nog nooit het iemand voor ‘n meer imposante vergadering verskyn as waarvoor Luther vir sy geloof sou antwoord nie. “Hierdie verskyning was op sigself ‘n sinvolle oorwinning oor die pousdom. Die pous het hierdie man reeds veroordeel en nou het hy voor ‘n tribunaal wat, deur hierdie juiste daad hom bo die pous gestel het, gestaan. Die pous het 'n interdik teen hom ingebring en hom van die hele samelewing afgesny; en tog is hy met respekvolle taal ontbied en voor die grootste vergadering in die wêreld ontvang. Die pous het hom tot ewige stilswye veroordeel en nou was hy op die punt om voor duisende aandagtige toehoorders, wat uit die vêrste uithoeke van die Christendom saamgetrek het, te praat. ‘n Ontsaglike omwenteling is dus deur die toedoen van Luther teweeggebring. Rome was reeds besig om van haar troon af te kom en dit was die stem van 'n monnik wat hierdie vernedering veroorsaak het.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 8.

In die teenwoordigheid van hierdie magtige en getitelde vergadering, het die nederige hervormer oorbluf en verleë gelyk. Verskeie van die vorste wat sy ontroering opgemerk het, het hom genader en een van hulle het gefluister, “Moenie hulle vrees wat die liggaam kan dood, maar die siel nie kan dood nie.” ‘n Ander het een het gesê: “Wanneer hulle julle voor goewerneurs en konings bring om my ontwil, sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek.” So is die woorde van

Christus deur die wêreld se hoëlui aangehaal om Sy dienskneg in die uur van beproewing te versterk.

Luther is na 'n plek direk voor die keiser se troon gelei. ‘n Doodse stilte het oor die oorvol vergadering gedaal. Toe het ‘n keiserlike offisier opgestaan, na ‘n versameling van Luther se geskrifte gewys en geëis dat die hervormer twee vrae moet beantwoord: Of hy die geskrifte as syne erken; en of hy van plan was om die menings wat dit bevat het te herroep. Nadat die titels van die boeke voorgelees is, het Luther geantwoord dat aangaande die eerste vraag, hy erken het dat dit sy boeke was. “Wat die tweede vraag betref...” het hy gesê, “...aangesien dit ‘n vraag is wat betrekking het op geloof en die verlossing van siele en waarby die Woord van God, die grootste en kosbaarste skat in hemel en op aarde, betrokke is, sou ek onverstandig optree as ek sonder om te besin sou antwoord. Ek sou moontlik minder bevestig as wat die omstandighede vereis, of meer as wat die waarheid vereis en so teen hierdie woorde van Christus sondig: ‘Elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is’. (Matt 10:33). Om hierdie rede pleit ek by u keiserlike majesteit, in alle nederigheid, om my tyd te gee sodat ek kan antwoord sonder om teen die Woord van God te sondig.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 8. 156

Met hierdie versoek het Luther verstandig opgetree. Sy handelswyse het die vergadering oortuig dat hy nie uit hartstog of impulsief opgetree het nie. Sy kalmte en selfbeheersing wat nie van iemand wat homself as vrymoedig en onwrikbaar getoon het verwag is nie, het tot sy krag bygedra en hom in staat gestel om met omsigtigheid, vasbeslotenheid, wysheid en waardigheid te antwoord, wat sy teëstanders verras en teleurgestel het en wat 'n teregwysing vir hul hovaardigheid en hoogmoed was.

Hy moes die volgende dag verskyn om sy finale antwoord te gee. Vir ‘n tyd het sy moed hom begewe terwyl hy oor die

kragte wat teen die waarheid verenig was, nagedink het. Sy geloof het gewankel; vrees en bewing het oor hom gekom en verskrikking het hom oorweldig. Gevare het voor hom vermenigvuldig; dit het geblyk asof sy vyande op die punt was om te seëvier en dat die magte van duisternis sou oorwin. Wolke het om hom saamgepak en dit het gelyk of hy van God geskei was. Hy het gesmag na die versekering dat die Here van die leërskare by hom sou wees. In angs van gees het hy homself op die vloer neergewerp en gebroke, hartverskeurende uitroepe geuiter wat niemand anders as God ten volle kon verstaan nie.

"O Almagtige en Ewige God..." het hy gepleit, "...hoe 157
verskriklik is hierdie wêreld! Kyk, dit maak sy mond oop om my te verswelg en my geloof in U is so swak ... As ek slegs die krag van hierdie wêreld moet vertrou, is alles verlore ... My laaste uur het gekom, die oordeel is oor my uitgespreek ... O God, help U my teen al die wysheid van die wêreld. Doen U dit ... U alleen; ... want dit is nie my werk nie, maar U werk. Ek het niks om hier te doen nie, niks om met hierdie magtiges van die wêreld mee te ding nie ... Maar dit is U saak ... en dit is 'n regverdige en ewige saak. O Here, help my! Getroue en onveranderlike God, ek plaas my vertroue in geen mens nie ... Alles wat van die mens is, is onseker; alles wat van die mens kom, misluk ... U het my gekies vir hierdie werk ... Staan aan my sy, ter wille van U geliefde Jesus Christus, wat my verdediging, my skild en my sterk toring is. " — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 8.

'n Alwyse Voorsienigheid het Luther in staat gestel om sy gevaar te besef, dat hy nie op sy eie krag sou vertrou en aanmatigend in gevaar sou instorm nie. Tog was dit nie 'n vrees vir persoonlike lyding, marteling, of die dood wat hom onmiddellik bedreig het, wat hom met skrik oorweldig het nie. Hy het die krisis bereik en hy het sy onwaardigheid om dit te konfronteer besef. Die waarheid kan, as gevolg van sy swakheid, verlies ly. Hy het met God geworstel, nie vir sy eie veiligheid nie, maar vir die oorwinning van die evangelie. Soos

Israel in sy nagstryd langs die eensame stroom, was die angs en konflik van sy siel. Soos Israel het hy geseëvier. In sy algehele hulpeloosheid het hy sy geloof in Christus, die magtige Verlosser, gevestig. Hy is versterk met die versekering dat hy nie alleen voor die raad sou verskyn nie. Die vrede het na sy siel teruggekeer en hy was verheug dat hy toegelaat was om die woord van God voor die heersers van die nasies te verhef.

Met sy gedagtes op God gerig, het Luther hom op die stryd 158
voor hom voorberei. Hy het gedink oor die antwoord wat hy beplan het, gedeeltes in sy eie geskrifte ondersoek en geskikte bewyse uit die Heilige Skrif getrek om sy stellings te handhaaf. Toe, met sy linkerhand op die Heilige Skrif wat voor hom oop was het, het hy sy regterhand na die hemel opgehef en 'n eed geneem om "...getrou aan die evangelie te bly en om sy geloof met vrymoedigheid te bely, selfs al sou hy sy getuienis met sy bloed verseël." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 8.

Toe hy weer in die teenwoordigheid van die Ryksdag ingelei is, was daar geen teken van vrees of verleentheid op sy gelaat nie. Rustig en vreedsaam, maar tog dapper en edel, het hy as getuie van God te midde van die grotes van die aarde gestaan. Die keiserlike offisier het nou van hom geëis of hy sy leerstellings wil herroep. In 'n gedempte en nederige toon, sonder geweld of drif, het Luther sy antwoord gegee. Sy houding was beskeie en respekvol; tog het hy 'n vertroue en vreugde geopenbaar wat die vergadering verras het.

"Deurlugtige keiser, roemryke vorste, genadige here..." het Luther gesê, "...ek verskyn vandag voor julle, ooreenkomstig die bevel wat gister aan my gegee is en deur die genade van God doen ek 'n beroep op u majesteit en u vooraanstaande hoogwaardiges om goedgunstiglik te luister na die verdediging van 'n saak waarvan ek oortuig is dat dit regverdig en waar is. As ek, as gevolg van onkunde, die gebruike en korrektheid van die hof oortree het, versoek ek u om my te vergewe; want ek is

nie in die paleise van konings grootgemaak nie, maar in die afsondering van 'n klooster.” — *D’Aubigne,* vol 7, hfst 8.

Vervolgens, aangaande die vraag aan hom gestel, het hy verklaar dat sy gepubliseerde werke nie almal van dieselfde aard was nie. In sommige het hy geloof en goeie werke behandel en selfs sy vyande het dit nie slegs as skadeloos nie, maar ook nuttig verklaar. Om dit te herroep, sou wees om die waarhede wat deur alle partye erken word, te veroordeel. Die tweede klas het bestaan uit geskrifte wat die korrupsie en misbruik van die pousdom blootgelê het. Die herroeping van hierdie werke sou die tirannie van Rome versterk en die deur wyer oopmaak vir baie en groter goddeloosheid. In die derde klas van sy boeke het hy individue aangeval wat die huidige euwels verdedig het. Aangaande hierdie dinge het hy vryelik erken dat hy meer heftiger opgetree het as wat gepas was. Hy het nie beweer dat hy vry van skuld was nie; maar selfs hierdie boeke kon hy nie herroep nie, want dit sou die vyande van die waarheid aanmoedig en hulle sou dan van die geleentheid gebruik maak om God se volk met nog groter wreedheid te verdruk.

“Maar ek is maar net ‘n mens en nie God nie...” het hy 159
voortgegaan; “...ek sal my dus verdedig soos Christus gedoen het: ‘As ek kwaad gespreek het, getuig van die kwaad.’ ... Deur die genade van God versoek ek u, deurlugtige keiser en u hoogwaardige vorste en alle mense uit alle geledere, om uit die Geskrifte van die profete en die apostels te bewys dat ek gedwaal het. Sodra ek hiervan oortuig is, sal ek elke dwaling terugtrek en die eerste wees om my boeke te neem en in die vuur te gooi.

“Wat ek so pas gesê het, toon duidelik dat ek die gevare waaraan ek myself blootstel noukeurig oorweeg en heroorweeg het; maar ver van verslaentheid, is ek verheug om te sien dat die evangelie nou, soos vroeër, 'n oorsaak van moeilikheid en onenigheid is. Dit is die karakter en die

bestemming van die Woord van God. ‘Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard,’ het Jesus Christus gesê. God is wonderlik en vreeslik is Sy raad; wees versigtig dat u nie, deur aan te neem dat u onenigheid blus, die heilige Woord van God vervolg en 'n skrikwekkende stortvloed van onoorkomelike gevare, huidige rampe en ewige verwoesting oor u bring nie ... Ek kan baie voorbeelde uit die Woord van God aanhaal: Ek kan praat van die Farao’s, die konings van Babilon en dié van Israel, wie se arbeid nooit meer daadwerklik tot hul eie vernietiging bygedra het nie, as toe hulle gepoog het om hul heerskappy te versterk deur raadgewinge wat in alle waarskynlikheid baie wys was, te volg nie. God ‘...versit berge, sonder dat hulle dit merk.’” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 8.

Luther het Duits gepraat; nou is hy versoek om dieselfde woorde in Latyn te herhaal. Hoewel hy uitgeput deur sy vorige poging was, het hy gehoor gegee en weer sy toespraak met dieselfde helderheid en kragdadigheid as die eerste keer herhaal. God se voorsienigheid het in hierdie saak die leiding gegee. Die verstand van baie van die vorste was so verblind deur dwaling en bygeloof, dat hulle met die eerste toespraak nie die krag van Luther se redenasie ingesien het nie; maar die herhaling het hulle in staat gestel om die voorgestelde punte duidelik in te sien.

Diegene wat hulle oë hardnekkig vir die lig gesluit het en 160
geen voorneme gehad het om deur die waarheid oortuig te word nie, was woedend oor die krag van Luther se woorde. Toe hy ophou praat, het die woordvoerder van die Ryksdag woedend gesê: “Jy het nie die vraag beantwoord wat aan jou gestel is nie ... Jy word versoek om ‘n duidelike en presiese antwoord te gee ... Sal jy, of sal jy nie herroep nie?”

Die hervormer het geantwoord: “Aangesien u deurlugtige majesteit en u hoogedeles van my ‘n duidelike, eenvoudige en presiese antwoord vereis, sal ek u een gee en dit is soos volg: Ek kan nie my geloof aan die pous óf aan die konsilies

onderwerp nie, want dit is so duidelik soos daglig dat hulle dikwels gedwaal en mekaar weerspreek het. Tensy ek dus deur die getuienis van die Skrif of deur die duidelikste redenasie, oortuig word en tensy ek deur die skrifgedeeltes wat ek aangehaal het oorreed kan word en my gewete aldus deur die Woord van God gebonde is, kan ek nie en sal ek nie herroep nie, want dit is onveilig vir 'n Christen om teen sy gewete te spreek. Hier staan ek, ek kan nie anders nie; mag God my help. Amen." — *Id,* vol 7, hfst 8.

So het hierdie regverdige man op die vaste fondament van die Woord van God gestaan. Die lig van die hemel het sy aangesig verlig. Sy grootheid en reinheid van karakter, sy vrede en vreugde van hart was duidelik vir almal toe hy teen die krag van die dwaling getuig het en van die voortreflikheid van die geloof wat die wêreld oorwin.

Die hele vergadering was vir 'n tyd sprakeloos van verbasing. 161
Met sy eerste antwoord het Luther op 'n lae toon gepraat, met 'n respekvolle, byna onderdanige houding. Die Katolieke het dit vertolk as 'n bewys dat sy moed hom begin begewe het. Hulle het die versoek vir 'n vertraging as bloot die aanloop tot sy herroeping beskou. Karel self het, toe hy half minagtend die monnik se verslete gedaante, sy gewone kleredrag en die eenvoud van sy toespraak opmerk, verklaar dat "...hierdie monnik nooit 'n ketter van my sal maak nie." Die moed en standvastigheid wat hy nou aan die dag gelê het, asook die krag en helderheid van sy redenasie, het al die partye met verbasing gevul. Die keiser, met bewondering gevul, het uitgeroep: "Hierdie monnik spreek met 'n onverskrokke hart en onwrikbare moed." Baie van die Duitse vorste het met trots en vreugde na hierdie verteenwoordiger van hulle land gekyk.

Die ondersteuners van Rome het aan die kortste ent getrek; hulle saak het nou in 'n baie ongunstige lig verskyn. Hulle het gepoog om hulle mag te handhaaf, nie deur op die Skrif aanspraak te maak nie, maar deur hulle toevlug na dreigemente

- Rome se onfeilbare argument – te neem. Die woordvoerder van die Ryksdag het gesê, “As jy nie herroep nie, sal die keiser en die state van die ryk beraadslaag watter weg teen 'n onverbeterlike ketter gevolg moet word.”

Luther se vriend, wat met groot vreugde na sy edele verdediging geluister het, het vir hierdie woorde gesidder; maar die doktor self het kalm gesê: “Mag God my help, want ek kan niks herroep nie.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 8.

Hy is gelas om die Ryksdag te verlaat terwyl die vorste saam beraadslaag het. Daar is gevoel dat ‘n groot krisis aangebreek het. Luther se volgehoue weiering om hom te onderwerp, kan die geskiedenis van die kerk vir eeue in die toekoms beïnvloed. Daar is besluit om hom nog ’n geleentheid te bied om te herroep. Vir die laaste keer is hy voor die vergadering gebring. Weereens is die vraag gestel of hy van sy leerstellings afstand sou doen. “Ek het geen ander antwoord nie...” het hy gesê, “...as die wat ek reeds gegee het.” Dit was duidelik dat hy, nie deur beloftes of dreigemente, oorgehaal kon word om aan die mandaat van Rome toe te gee nie.

Die pouslike leiers was vertoornd dat hulle mag, wat konings 162
en edeles laat sidder het, aldus deur ’n nederige monnik verag is; hulle het daarna verlang om hom hul toorn te laat ervaar deur sy lewe uit hom te martel. Maar Luther, wat ten volle die gevaar waarin hy verkeer besef het, het almal met Christelike waardigheid en kalmte aangespreek. Sy woorde was vry van hoogmoed, drif en wanvoorstelling. Hy het van homself en die invloedryke manne om hom vergeet en slegs die teenwoordigheid van Een, oneindig hoër as die pous, prelate, konings en keisers, ervaar. Christus het deur Luther se getuienis met ‘n mag en grootsheid gespreek wat beide vriende en vyande van daardie tyd met ontsag en verwondering geïnspireer het. Die Gees van God was in die raad teenwoordig en het die harte van die hoofde van die ryk beïndruk. Verskeie van die vorste het met vrymoedigheid die regverdigheid van

Luther se saak erken. Baie was oortuig van die waarheid; maar by sommige was die indrukke wat ontvang is, nie blywend nie. Daar was ‘n ander klas wat nie op daardie stadium hulle oortuigings uitgespreek het nie, maar wat, nadat hulle die Skrifte self deursoek het, onverskrokke aanhangers van die hervorming geword het.

Die keurvors Frederik, het angstig na Luther se verskyning voor die Ryksdag uitgesien en met groot aandoening het hy na sy toespraak geluister. Met vreugde en trots het hy die doktor se moed, fermheid, selfbeheersing en vasbeslotenheid gesien en hy het besluit om meer vas in sy verdediging te staan. Hy het die partye in die stryd vergelyk en gesien dat die wysheid van pous, konings en prelate deur die krag van die waarheid tot niet gemaak is. Die pousdom het ‘n nederlaag gely wat onder alle nasies in alle eeue gevoel sou word.

Terwyl die legaat die effek van Luther se toespraak waargeneem het, het hy, soos nog nooit tevore nie, vir die veiligheid van die Romeinse mag gevrees en besluit om alle middels tot sy beskikking aan te wend om die omverwerping van die hervormer te bewerkstellig. Met al die welsprekendheid en diplomatieke vaardigheid waarvoor hy so by uitstek onderskei is, het hy die jeugdige keiser op die dwaasheid en gevaar gewys om die vriendskap en ondersteuning van die magtige stoel van Rome op te offer vir die saak van ‘n niksbeduidende monnik.

Sy woorde was nie sonder effek nie. Die dag na Luther se 163
repliek, het Karel ‘n boodskap aan die Ryksdag laat voorlê, waarin hy sy voorneme aangekondig het om die beleid van sy voorgangers uit te voer om die Katolieke godsdiens te handhaaf en te beskerm. Aangesien Luther geweier het om sy dwalings te herroep, moes die kragtigste maatreëls teen hom en die dwaalleer wat hy geleer het, toegepas word. “Een enkele monnik, mislei deur sy eie dwaasheid, het teen die geloof van die Christendom opgestaan. Om sulke goddeloosheid te staak,

sal ek my koninkryke, my skatte, my vriende, my liggaam, my bloed, my siel en my lewe opoffer. Ek staan op die punt om hierdie Augustynse Luther te laat gaan en hom te verbied om die geringste oproer onder die volk te veroorsaak. Ek sal dan teen hom en teen sy aanhangers as aanstootlike ketters optree, deur ekskommunikasie, deur interdik en op alle maniere om hulle te vernietig. Ek doen 'n beroep op die lede van die state om hulle soos getroue Christene te gedra." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 9. Nietemin het die keiser verklaar dat Luther se geleibrief gerespekteer word en dat hy toegelaat moes word om sy huis veilig te bereik alvorens stappe teen hom geneem word.

Twee teenstrydige menings is nou onder die lede van die Ryksdag afgedwing. Die afgevaardigdes en verteenwoordigers van die pous het weer daarop aangedring dat die geleibrief van die hervormer verontagsaam moes word. "Die Ryn..." het hulle gesê, "...moet sy as ontvang net soos dié van Johannes Huss 'n honderd jaar gelede." — *D'Aubigne*, vol 7, hfst 9. Maar die vorste van Duitsland, hoewel self papiste en vyande van Luther, het teen so 'n skending van openbare vertroue geprotesteer as 'n vlek op die eer van die nasie. Hulle het op die rampspoed wat op die dood van Huss gevolg het gewys en verklaar dat hulle nie durf 'n herhaling van die verskriklike euwels wat oor Duitsland gekom het op die hoof van hul jeugdige keiser durf bring nie.

In antwoord op hierdie grondige voorstel het Karel self gesê: "Al sou eer en vertroue uit die hele wêreld verban word, moet hulle 'n toevlug in die harte van vorste vind."— *Id* vol 7, hfst 9. Hy is nog verder deur sommige van Luther se bitterste vyande aangespoor om met die hervormer te handel soos Sigismund met Huss gehandel het, naamlik om hom aan die genade van die kerk oor te lewer; maar gedagtig aan die toneel toe Huss in die openbare vergadering na sy kettings gewys het en die keiser aan sy troubreuk herinner het, het Karel V verklaar: "Ek wil nie graag soos Sigismund bloos nie." (Sien Lenfant se *History of the Council of Constance*, vol 1, bl 422).

Tog het Karel die waarhede wat Luther aangebied het, doelbewus verwerp. “Ek is vasbeslote om die voorbeeld van my voorouers na te volg” het die vors geskrywe. — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 9. Hy het besluit om nie die weg van gewoonte te verlaat om in die weë van waarheid en geregtigheid te wandel nie. Omdat sy vaders dit gedoen het, sou hy die pousdom, met al sy wreedheid en korrupsie, beskerm. Dit is die standpunt wat hy ingeneem het en geweier om enige lig wat sy vaders nie ontvang het te aanvaar, of om enige plig te vervul wat hulle nie vervul het nie. 164

Daar is tans baie mense wat op dieselfde wyse aan die gebruike en tradisies van hulle vaders vashou. Wanneer die Here aan hulle addisionele lig stuur, weier hulle om dit te aanvaar, omdat dit nie aan hulle vaders gegee is nie en dus ook nie deur hulle aanvaar word nie. Ons word nie geplaas waar ons vaders was nie; gevolglik is ons pligte en verantwoordelikhede nie dieselfde as hulle s’n nie. Ons sal God nie behaag deur na die voorbeeld van ons vaders te kyk om ons plig te bepaal nie, in plaas daarvan om self die woord van die waarheid te ondersoek nie. Ons verantwoordelikheid is groter as dié van ons voorouers. Ons is verantwoordelik vir die lig wat hulle ontvang het en wat vir ons as 'n erfenis oorgelewer is en ons is ook verantwoordelik vir die bykomende lig wat nou uit die Woord van God oor ons skyn.

Van die ongelowige Jode het Christus gesê: “As Ek nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie.” (Joh 15:22). Dieselfde Goddelike mag het deur Luther tot die keiser en vorste van Duitsland gespreek. En toe die lig uit God se Woord geskyn het, het sy Gees vir die laaste keer met baie in daardie vergadering gepleit. Soos Pilatus eeue tevore trots en gewildheid toegelaat het om sy hart teen die Verlosser van die wêreld te sluit; soos die bewende Felix aan die boodskapper van die waarheid gesê het: “Gaan vir hierdie keer heen en as ek geleentheid vind, sal ek jou laat roep”; en soos die trotse

Agrippa erken het: “Jy beweeg my amper om ‘n Christen te word...” (Hand 24:25;26:28) en hom nogtans van die hemelse boodskap weggedraai het, so ook het Karel V wat aan die stem van hoogmoed en wêreldse beleid toegegee het, besluit om die lig van die waarheid te verwerp.

Gerugte aangaande die planne teen Luther was wyd 165
verspreid en het groot opgewondenheid in die stad veroorsaak. Die hervormer het baie vriende gemaak wat, omdat hulle die verraderlike wreedheid van Rome teenoor almal wat haar korrupsie uitgedaag het geken het, het besluit dat Luther nie geoffer sou word nie. Honderde edelmanne het hulself verbind om hom te beskerm. Baie van hulle het die koninklike boodskap, wat 'n swak onderwerping aan die beherende mag van Rome ontbloot het, veroordeel. Aan die hekke van huise, en op openbare plekke is plakkate aangebring, waarvan sommige Luther veroordeel het, terwyl ander hom ondersteun het. Op een van hierdie plakkate was die volgende betekenisvolle woorde van ‘n wyse geskryf: “Wee jou, o land, as jou koning ‘n kind is.” (Pred 10:16). Die gewilde geesdrif ten gunste van Luther in die hele Duitsland, het sowel die keiser as die Ryksdag oortuig dat enige onreg wat teenoor hom gepleeg sou word, die vrede van die ryk en selfs die stabiliteit van die troon in gevaar sou stel.

Frederik van Sakse het 'n beheerde terughoudendheid gehandhaaf en sy werklike gevoelens jeens die hervormer versigtig verberg, terwyl hy hom terselfdertyd met onvermoeide waaksaamheid bewaak en al sy bewegings en die van sy vyande dopgehou het. Maar daar was baie wat geen poging aangewend het om hul simpatie met Luther te verberg nie. Hy is deur vorste, grawe, baronne en ander persone van onderskeiding, leke sowel as kerklikes besoek. “Die kamertjie van die doktor...” het Spalatinus geskryf, “...kon nie al die besoekers wat hulself aangemeld het huisves nie.” — *Martyn*, deel 1, bl 404. Die mense het hom aangestaar asof hy iets bomenslik was. Selfs diegene wat geen vertroue in sy

leerstellings gehad het nie, kon nie anders as om die verhewe integriteit wat hom daartoe gelei het om die dood aan te durf eerder as om sy gewete te skend, te bewonder nie.

Ernstige pogings is aangewend om Luther se toestemming tot ‘n kompromie met Rome te verkry. Adellikes en vorste het hom daarop gewys dat indien hy sou volhard met die veroordeling van die kerk en die konsilies, hy binnekort uit die ryk verban sou word en geen verdediging sou hê nie. Hierop het Luther geantwoord: “Die evangelie van Christus kan nie sonder aanstoot verkondig word nie ... Waarom sou vrees of die vrees vir gevaar my dan van die Here skei en van die Goddelike Woord wat alleen die waarheid is? Nee; ek sal eerder my liggaam, my bloed en my lewe prysgee.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 10.

Weer is daar by hom aangedring om hom aan die oordeel 166
van die keiser te onderwerp en dan sou hy niks te vrees hê nie. “Met my hele hart stem ek in...” het hy gesê, “...dat die keiser, die vorste en selfs die gemeenste Christen my werke moet ondersoek en oordeel; maar op een voorwaarde, dat hulle die Woord van God as maatstaf gebruik. 'n Mens hoef niks anders te doen as om dit te gehoorsaam nie. Moenie my gewete, wat aan die Heilige Skrif gebind en vasgeketting is, geweld aandoen nie.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 10.

Op ‘n ander versoek het hy geantwoord: “Ek is gereed om my geleibrief te verloën. Ek plaas my persoon en my lewe in die keiser se hande, maar die Woord van God — nooit!” — *Id* vol 7, hfst 10. Hy het verklaar dat hy gewillig was om hom aan die besluit van 'n algemene raad te onderwerp, maar slegs op voorwaarde dat die raad volgens die Skrif moes besluit. “Wat die Woord van God en die geloof betref...” het hy gesê, “...kan elke Christen net so ‘n goeie regter soos die pous vir hom wees, al word dié ook deur ‘n miljoen konsilies ondersteun.” — *Martyn*, vol 1, bl 410. Beide vriende en vyande was uiteindelik oortuig dat verdere pogings tot versoening nutteloos sou wees.

As die hervormer aan een enkele punt toegegee het, sou Satan en sy leërskare die oorwinning behaal het. Maar sy onwrikbare standvastigheid was die manier waarop die kerk bevry is en 'n nuwe en beter era begin is. Die invloed van hierdie een man wat dit durf waag het om vir homself te dink en in godsdienstige aangeleenthede op te tree, het die kerk en die hele wêreld beïnvloed, nie net in sy eie tyd nie, maar ook in alle toekomstige geslagte. Sy standvastigheid en getrouheid sou, tot aan die einde van tyd, almal wat ‘n soortgelyke ervaring sou deurmaak, versterk. Die mag en majesteit van God het bo die raad van mense en die mag van Satan uitgestaan.

Luther is spoedig op gesag van die keiser beveel om terug te 167
keer huis toe en hy het geweet dat hierdie kennisgewing vinnig deur sy veroordeling opgevolg sou word. Dreigende wolke het oor sy pad saamgepak; maar met sy vertrek uit Worms, was sy hart vol lof en blydskap. “Die duiwel self...” het hy gesê, “...het die pous se vesting bewaak; maar Christus het ‘n wye deurbraak daarin gemaak en Satan was gedwing om te bely dat die Here magtiger as hy is.” — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 11.

Na sy vertrek, nog steeds begerig dat sy fermheid nie as rebellie vertolk moes word nie, het Luther aan die keiser geskryf: “God, wat die harte deursoek, is my getuie dat ek opreg bereid is om u majesteit te gehoorsaam, in eer of oneer, in lewe of in dood en sonder enige uitsondering, behalwe die Woord van God, waardeur die mens lewe. In al die aangeleenthede van hierdie huidige lewe, sal my getrouheid onwankelbaar wees, want hierin is geen verlies of verlossing nie. Maar wat ewige belange betref, wil God nie dat die mens hom aan 'n mens moet onderwerp nie, want sulke onderwerping in geestelike aangeleenthede is ware aanbidding en moet slegs aan die Skepper gegee word.” — *Id,* vol 7, hfst 11.

Op sy terugreis vanaf Worms, was Luther se ontvangs nog meer vleiend as tydens sy reis daarheen. Vorstelike geestelikes het die geëkskommunikeerde monnik verwelkom en burgerlike

owerhede het die man wat die keiser aan die kaak gestel het, vereer. Hy is aangespoor om te preek en ondanks die keiserlike verbod, het hy weer die preekstoel bestyg. “Ek het nooit my woord gegee om die Woord van God vas te ketting nie en ek sal ook nie” het hy gesê. — *Martyn*, vol 1, bI 420.

Hy was nie lank uit Worms weg nie toe die Roomsgesindes 168
die keiser oorgehaal het om ‘n edik teen hom uit te reik. In hierdie dekreet is Luther as “Satan self in die vorm van ‘n mens en geklee in 'n monnikskleed” veroordeel. — *D’Aubigne*, vol 7, hfst 11. Daar is beveel dat, sodra sy geleibrief verstryk het, maatreëls ingestel moes word om sy werk te beëindig. Alle mense is verbied om hom te huisves, hom van voedsel of drank te voorsien, of deur 'n woord of daad, in die openbaar of privaat, hom te help of by te staan. Waar hy hom ook al mag bevind, moes hy gevange geneem en aan die owerheid oorgelewer word. Sy aanhangers moes ook gevange geneem word en beslag op hulle eiendom gelê word. Sy geskrifte moes vernietig word en uiteindelik moes almal wat teen hierdie dekreet sou optree, by die veroordeling daarvan ingesluit word. Die keurvors van Sakse en die vorste wat Luther goedgesind was, het Worms kort na Luther se vertrek verlaat en die keiser se dekreet het die goedkeuring van die Ryksdag weggedra. Die Roomsgesindes was nou verheug. Hulle het die lot van die hervorming as verseël beskou.

In hierdie uur van gevaar het God vir sy dienaar ‘n uitweg voorsien. ‘n Waaksame oog het Luther se bewegings gevolg en ’n opregte en edele hart het besluit om hom te red. Dit was duidelik dat Rome met niks minder as sy dood tevrede sou wees nie; slegs deur hom te versteek kon hy uit die bek van die leeu gered word. God het wysheid aan Frederik van Sakse verleen om ‘n plan vir die behoud van die hervormer te beraam. Met die samewerking van troue vriende is die keurvors se planne uitgevoer en is Luther vir vriend en vyand weggesteek. Op sy reis huiswaarts, is hy gevang, van sy medereisigers geskei en vinnig deur die woud na die kasteel van Wartburg, ‘n afgeleë

bergvesting, ontvoer. Beide sy beslaglegging en verberging, het op so ‘n geheimsinnige wyse geskied, dat selfs Frederik vir ‘n lang tyd nie geweet het waar hy was nie. Hierdie onkunde was nie sonder doel nie, want solank die keurvors nie geweet het waar Luther was nie, kon hy niks verklap nie. Hy het homself tevrede gestel dat die hervormer veilig was en met hierdie kennis was hy tevrede.

Die lente, somer en herfs het verbygegaan en die winter het aangebreek en Luther was steeds ‘n gevangene. Aleander en sy ondersteuners was verheug toe dit geblyk het dat die lig van die evangelie geblus was. Maar in plaas hiervan, het die hervormer sy lamp uit die voorraadkamer van die waarheid gevul; en die lig daarvan sou met helderder strale voortskyn.

In die vriendelike veiligheid van Wartburg, was Luther vir 'n 169
tyd lank verheug oor sy ontkoming van die hitte en beroering van die stryd. Maar hy kon nie lank tevredenheid in stilte en rus vind nie. Gewoond aan ‘n lewe van aktiwiteit en streng konflik, kon hy die onaktiwiteit nie verduur nie. In daardie eensame dae het die toestand van die kerk voor sy gees opgedoem en hy het moedeloos uitgeroep: “Helaas! daar is niemand in hierdie laaste dae van Sy toorn om soos ‘n muur voor die Here te staan en Israel te red nie!” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 2. Weereens het sy gedagtes na homself teruggekeer en hy het gevrees dat hy van lafhartigheid beskuldig sou word omdat hy hom van die stryd onttrek het. Toe het hy homself oor sy traagheid en selfgenoegsaamheid verwyt. Maar terselfdertyd het hy daagliks meer bereik as wat vir een mens moontlik was om te doen. Sy pen was nooit ledig nie. Terwyl sy vyande hulself gevlei het dat hy die swye opgelê is, was hulle verbaas en verward deur die tasbare bewys dat hy steeds aktief was. 'n Hele aantal traktate wat deur sy pen uitgereik is, het dwarsdeur Duitsland versprei. Ook het hy ‘n belangrike diens vir sy landgenote verrig deur die Nuwe Testament in Duits te vertaal. Vanuit sy rotsagtige

Patmos, het hy vir byna ‘n hele jaar lank die evangelie verkondig en die sondes en dwalinge van die tyd bestraf.

Maar dit was nie slegs om Luther van die toorn van sy vyande te bewaar, of vir hom ‘n rustige tyd vir hierdie belangrike werk te skenk, dat God sy dienaar uit die openbare lewe onttrek het nie. Daar was baie meer kosbare resultate wat verkry moes word. In die eensaamheid en geborgenheid van sy skuilplek in die berg, was Luther van sy aardse steun verwyder en van menslike lof uitgesluit. Op hierdie wyse is hy van die hoogmoed en selfvertroue wat so dikwels deur sukses veroorsaak word, gered. Deur lyding en vernedering was hy weer voorberei om veilig op die duiselige hoogtes waartoe hy so skielik verhef is, te wandel.

Soos mense hulle oor die vryheid wat die waarheid bied 170
verheug, is hulle geneig om diegene wat God gebruik het om die kettings van dwaling en bygeloof te verbreek, te verhoog. Satan poog altyd om mense se gedagtes en geneenthede van God weg te lei en dit op menslike instrumente te vestig; hy lei hulle om die blote instrument te vereer en die Hand wat al die gebeure van voorsienigheid rig, te ignoreer. Te dikwels verloor godsdienstige leiers wat op hierdie wyse geprys en vereer word, hulle afhanklikheid van God uit die oog en word tot vertroue in hulleself gelei. As gevolg hiervan, poog hulle om die gedagtes en gewetes van die mense, wat geneig is om na hulle vir leiding te kyk in plaas daarvan om na die Woord van God te kyk, te beheer. Dikwels word die werk van hervorming vertraag as gevolg van hierdie gees van sy ondersteuners. Dit was van hierdie gevaar dat God die saak van die hervorming wou bewaak. Hy wou nie hê dat die werk die stempel van die mens in plaas van dié van God moes dra nie. Die oë van die mense was op Luther as die verklaarder van die waarheid gerig; en nou is hy verwyder sodat alle oë op die ewige Outeur van die waarheid gerig kon word.

# Hoofstuk 9 171

## Die Switserse hervormer

In die keuse van instrumente vir die hervorming van die kerk, word dieselfde Goddelike plan soos met die stigting van die kerk gesien. Die hemelse Leraar het die groot manne van die aarde, die getiteldes en die rykes wat gewoond was om lof en eerbetoon as leiers van die volk te ontvang, oorgeslaan. Hulle was so trots en selfversekerd in hul spoggerige meerderwaardigheid, dat hulle nie gevorm kon word om medelye met hul medemens te hê en om medewerkers van die nederige Man van Nasaret te word nie. Die oproep is aan die ongeleerde, swoegende vissers van Galilea gerig: "Kom hier agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak." (Matt 4:19). Hierdie dissipels was nederig en leerbaar. Hoe minder hulle deur die valse leer van hulle tyd beïnvloed is, hoe meer suksesvol kon Christus hulle onderrig en oplei vir Sy diens. So ook in die dae van die groot hervorming. Die voorste hervormers was nederige mense – mense wat oor die algemeen vry van die trots van rang en van die invloed en dweepsug van die priesterskap was. Dit is God se plan om nederige instrumente te gebruik om groot resultate te behaal. Dan sal die eer nie aan mense gegee word nie, maar aan Hom wat deur hulle werk om na Sy eie welbehae te wil en te doen.

Enkele weke ná die geboorte van Luther, in 'n 172
mynwerkershut in Sakse, is Ulrich Zwingli in 'n herders-huisie in die Alpe gebore. Die omgewing van Zwingli se kinderjare en sy vroeë opleiding, sou hom vir sy toekomstige sending voorberei. Opgevoed te midde van natuurtonele van ontsagwekkende grootsheid, skoonheid en verhewenheid, was hy vroeg reeds onder die indruk van die grootheid, die mag en die majesteit van God. Die geskiedenis van die heldhaftige dade in die berge van sy geboorteland, het sy jeugdige lewe besiel. En aan die sy van sy vroom grootmoeder, het hy na die paar kosbare Bybelverhale wat sy uit die legendes en tradisies van die kerk

opgediep het, geluister. Hy het met gretige belangstelling gehoor van die groot dade van die patriarge en profete, van herders wat hulle kleinvee op die heuwels van Palestina opgepas het, waar engele met hulle gepraat het van die Baba van Betlehem en die Man van Golgota.

Soos Johannes Luther, wou Zwingli se vader ‘n opleiding vir sy seun hê en die seun is reeds vroeg uit die vallei van sy geboorteplek weggestuur. Sy verstand het vinnig ontwikkel en die vraag het spoedig ontstaan oor waar bekwame onderwysers was om hom te onderrig. Op dertienjarige ouderdom is hy na Bern, wat op daardie stadium oor die mees vooraanstaande skool in Switserland gespog het. Hier het egter ‘n gevaar ontstaan wat sy veelbelowende lewe bedreig het. Die monnike het vasberade pogings aangewend om hom na ‘n klooster te lok. Dominikaanse en Franciskaanse monnike het met mekaar om gewilde guns gewedywer. Dit het hulle probeer verkry deur die aanskoulike versierings van hul kerke, die luisterrykheid van hul seremonies en die aantrekkingskrag van beroemde relikwieë en wonderwerkende beelde.

Die Dominikaners van Bern het gesien dat indien hulle 173
hierdie talentvolle jong leerling kon wen, dit vir hulle ‘n aanwins sowel as ‘n eer sou wees. Die jonkheid van sy jeug en sy natuurlike begaafdheid as spreker en skrywer, sy aanleg vir musiek en die digkuns, sou meer doeltreffend as al hul prag en vertoon wees om die mense na hulle dienste te lok en die inkomste van hul orde aan te vul. Deur bedrog en vleiery, het hulle gepoog om Zwingli oor te haal om na hulle klooster te kom. Terwyl Luther ‘n student op skool was, het hy homself in ‘n kloostersel opgesluit en hy sou verlore vir die wêreld gewees het as hy nie deur die Voorsienigheid van God bevry is nie. Zwingli was nie toegelaat om aan dieselfde gevaar blootgestel te word nie. Sy vader het inligting aangaande die voornemens van die monnike ontvang. Hy was nie van plan om sy seun toe te laat om die ledige en waardelose lewe van die monnike te ly nie. Hy het gesien dat sy toekomstige bruikbaarheid op die spel

was en het hom opdrag gegee om sonder versuim terug te keer huis toe.

Die opdrag is gehoorsaam, maar die jeugdige was nie lank tevrede in sy geboorte vallei nie en hy het gou weer sy studies voortgesit en na 'n tyd na Basel vertrek. Dit was hier waar Zwingli vir die eerste keer van die vrye genade van God gehoor het. Wittenbach, ‘n dosent in antieke tale, is tydens die bestudering van Grieks en Hebreeus na die Heilige Skrif gelei en sodoende is strale van Goddelike lig in die gedagtes van die studente onder sy onderrig gestort. Hy het verklaar dat hier ’n waarheid was, wat ouer en van oneindig meer waarde as die teorieë wat die geleerdes en filosowe geleer het was. Hierdie antieke waarheid was, dat die dood van Christus die enigste losprys vir die sondaar was. Vir Zwingli was hierdie woorde die eerste ligstraal wat die dagbreek voorafgegaan het.

Zwingli is spoedig van Basel beroep om sy lewenstaak te onderneem. Sy eerste arbeidsveld was in ‘n Alpynse gemeente nie ver van die vallei van sy geboorteplek nie. Nadat hy as priester georden is, “...het hy hom met sy hele siel aan die soektog na Goddelike waarheid gewy; want hy was deeglik bewus...” het ‘n mede-hervormer gesê, “...hoeveel kennis hy, aan wie ‘n kudde van Christus toevertrou is, moet dra.” — *Wylie*, vol 8, hfst 5. Hoe meer hy die Skrif deursoek het, hoe duideliker was die kontras tussen hierdie waarhede en die dwaalleer van Rome. Hy het homself aan die Bybel, as die Woord van God en enigste onfeilbare reël, onderwerp. Hy het besef dat die Bybel homself moet vertolk. Hy het dit nie durf waag om die Skrif te verklaar om ‘n vooropgestelde teorie of leerstelling te handhaaf nie, maar het dit as sy plig beskou om te leer wat die direkte en voor-die-hand-liggende lering daarvan is. Hy het gepoog om van alle hulp gebruik te maak om ‘n volledige en korrekte begrip van die betekenis daarvan te verkry en hy het hom op die hulp van die Heilige Gees beroep

wat, volgens sy verklaring, dit in opregtheid en deur gebed aan almal sou openbaar.

"Die Skrif..." het Zwingli gesê, "...is van God afkomstig en nie van die mens nie en dieselfde God wat lig gee, sal jou help om die woorde wat van God kom, te verstaan. Die Woord van God ... kan nie faal nie; dit skyn helder, dit leer homself, dit openbaar homself en dit verlig die siel met alle saligheid en genade, vertroos die siel in God, verneder dit, sodat dit van homself vergeet en selfs verbeur en God omhels." — *Wylie*, vol 8, hfst 6. Zwingli het self die waarheid van hierdie woorde bewys. Toe hy oor sy eie ervaring in hierdie tyd gepraat het, het hy agterna geskryf: "Toe ... ek myself heeltemal aan die Heilige Skrif oorgegee het, het filosofie en teologie (skolastiese) altyd strydvrae aan my voorgehou. Uiteindelik het ek tot die gevolgtrekking gekom dat, '...ek alles moet laat vaar en die bedoeling van God, suiwer uit Sy eenvoudige Woord, moet leer ken.' Toe het ek begin om God om Sy lig te vra en die Skrif het begin om veel makliker verstaanbaar vir my te word." — *Wylie*, vol 8, hfst 6. 174

Die leerstellings wat Zwingli verkondig het, het hy nie van Luther ontvang nie. Dit was die leer van Christus. "As Luther Christus verkondig..." het die Switserse hervormer gesê, "...doen hy wat ek doen. Diegene wat hy na Christus gebring het, is meer as diegene wat ek gelei het. Maar dit maak nie saak nie. Ek sal geen ander naam as die van Christus bely nie, wie se soldaat ek is en wie alleen my Opperhoof is. Daar is nog nooit een woord deur my aan Luther geskryf nie en ook nie deur Luther aan my nie. En waarom? ... Dat aangetoon kan word hoeveel die Gees van God in harmonie met Homself is, aangesien albei van ons, sonder enige samespanning, die leer van Christus met sulke eenvormigheid leer." — *D'Aubigne,* vol 8, hfst 9.

In 1516 is Zwingli as predikant na die klooster van Einsiedeln 175
beroep. Hier sou hy die korrupsie van Rome van naderby

aanskou en sou hy 'n invloed as hervormer uitoefen, wat veel verder as sy geboorteland in die Alpe gevoel sou word. Een van die belangrikste trekpleisters van Einsiedeln, was 'n beeld van die maagd, wat na bewering oor die mag beskik het om wonderwerke te verrig. Bokant die poort van die klooster was die opskrif: “Hier kan volkome vergifnis van sondes verkry word.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 5. Pelgrims het te alle tye hul toevlug tot die beeld van die heilige maagd geneem, maar tydens die jaarlikse fees van die wyding daarvan, het menigtes uit alle dele van Switserland en selfs uit Frankryk en Duitsland gekom. Zwingli, grootliks gekwel deur hierdie gesig, het die geleentheid aangegryp om vryheid deur die evangelie aan hierdie slawe van bygeloof te verkondig.

“Moet u nie verbeel...” het hy gesê, “...dat God meer in hierdie tempel as in enige ander deel van Sy skepping is nie. Hoe dit ook al sy in die land waar jy woon, God is om jou en hoor jou ... Kan nuttelose werke, lang pelgrimsreise, offers, beelde, die aanroep van die maagd of die heiliges, vir julle die genade van God verseker? ... Wat baat 'n vloed van woorde waarmee ons ons gebede aanbied? Wat se voordeel is daar in ‘n blink monnik-kap, ‘n glad geskeerde hoof, ‘n lang en vloeiende kleed, of goud-geborduurde pantoffels? ... God sien die hart en ons harte is ver van Hom af ... Christus...” het hy gesê, “...wat eenmaal aan die kruis geoffer is, is die offer en slagoffer wat tot in alle ewigheid versoening vir die sondes van die gelowiges gedoen het.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 5.

Vir baie luisteraars was hierdie leer onwelkom. Dit was vir hulle ‘n bittere teleurstelling om te hoor dat hulle moeisame reis tevergeefs was. Hulle kon nie die vryspraak wat vrylik deur Christus aan hulle gebied is begryp nie. Hulle was tevrede met die ou pad na die hemel wat deur Rome vir hulle aangedui is. Hulle het van die verwarring om na iets beter te soek teruggedeins. Dit was vir hulle makliker om vir hulle saligheid

op die priesters en die pous te vertrou as om na reinheid van hart te soek.

Maar ‘n ander klas het die boodskap van verlossing deur Christus, met blydskap ontvang. Die vieringe wat deur Rome voorgeskryf is, het nie daarin geslaag om rus vir die siel te bring nie en in geloof het hulle die bloed van die Heiland as hul versoening aangeneem. Hulle het na hul huise teruggekeer om die kosbare lig wat hulle ontvang het, aan ander mee te deel. Op hierdie wyse is die waarheid van dorpie tot dorpie en van stad tot stad oorgedra en die aantal pelgrims na die heiligdom van die maagd, het afgeneem. Daar was ook 'n afname in die offergawes en gevolglik ook Zwingli se salaris. Maar dit het hom slegs met vreugde vervul toe hy sien dat die mag van fanatisme en bygeloof verbreek word. 176

Die owerhede van die kerk was nie blind vir die werk wat Zwingli verrig het nie; maar vir die oomblik het hulle hul weerhou om in te meng. In die hoop om hom steeds vir hul saak oor te wen, het hulle gepoog om hom met vleitaal te oorreed; en intussen het die waarheid 'n stewige houvas op die harte van die volk verkry.

Zwingli se arbeid in Einsiedeln het hom vir ‘n wyer veld voorberei en dit sou hy binnekort betree. Na drie jaar hier, is hy tot predikant van die katedraal in Zürich beroep. Dit was op daardie stadium die belangrikste stad van die Switserse konfederasie en die invloed wat daar uitgeoefen is, sou wyd gevoel word. Die geestelikes deur wie hy na Zürich beroep is, wou egter enige vernuwings voorkom en hulle het hom gevolglik opdrag aangaande sy pligte gegee.

“Jy moet alles inspan...” het hulle gesê, “...om die inkomste van die gemeente in te vorder sonder om die geringste oor die hoof te sien. Jy moet die gelowiges vanaf die kansel en die biegstoel aanmoedig om alle tiendes en gelde te betaal en om deur hul offergawes hulle liefde vir die kerk te betoon. Jy moet jou beywer om die inkomste wat van die siekes en die misse

verkry word en oor die algemeen van alle geestelike verordeninge, te verhoog ... Wat die bediening van die sakramente betref, die prediking en die versorging van die kudde...” het sy instrukteurs bygevoeg, “...is dit ook die pligte van die kapelaan. Maar jy kan 'n plaasvervanger hiervoor gebruik, veral vir die prediking. Jy moet die sakramente slegs aan vooraanstaande persone bedien en dit alleen op versoek; jy word verbied om dit sonder aansien van persoon te doen.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6.

Zwingli het in stilte na hierdie opdrag geluister en in 177
antwoord, nadat hy sy dank vir die eer van die beroep na hierdie belangrike plek betuig het, het hy hulle aangaande die weg wat hy van plan was om te volg, toegelig. “Die lewe van Christus...” het hy gesê, “...is te lank vir die mense verberg. Ek sal oor die hele evangelie van Mattheüs preek ... en slegs uit die fontein van die Skrif put, die diepte daarvan laat peil, die een gedeelte met die ander vergelyk en deur voortdurende en ernstige gebed, na begrip soek. Ek sal my bediening tot eer van God, tot lof van Sy enigste Seun, tot die ware redding van siele en tot hulle opbou in die ware geloof, heilig.”— *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6. Alhoewel sommige van die geestelikes sy plan nie goedgekeur het nie en probeer het om hom daarvan af te raai, het Zwingli vasgestaan. Hy het verklaar dat hy nie van voorneme was om ‘n nuwe metode in te bring nie, maar slegs die ou metode wat vroeër met suiwerheid deur die kerk beoefen is, te volg.

Belangstelling in die waarhede wat hy verkondig het was reeds opgewek en die volk het in groot getalle gekom om na sy preke te luister. Baie van diegene wat lankal nie meer die dienste bygewoon het nie, was nou onder sy gehoor. Hy het sy bediening begin deur die Evangelies te open en die geïnspireerde verhaal van die lewe, leringe en dood van Christus aan sy toehoorders voor te lees en te verduidelik. Hier, soos in Einsiedeln, het hy die Woord van God as die enigste onfeilbare gesag voorgehou en die dood van Christus as die

enigste volledige offer. “Dit is na Christus...” het hy gesê, “...wat ek julle wil lei — na Christus, die ware Bron van verlossing.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6. Mense uit alle geledere het om die prediker saamgedrom, vanaf staatsmanne en geleerdes, tot ambagsmanne en gewone arbeiders. Met innige belangstelling het hulle na sy woorde geluister. Hy het nie alleen die aanbod van vrye saligheid verkondig nie, maar ook die euwels en korrupsie van die tyd vreesloos bestraf.

Baie het van die katedraal teruggekeer en God geprys. “Hierdie man...” het hulle gesê, “...is ‘n prediker van die waarheid. Hy sal ons Moses wees om ons uit hierdie Egiptiese duisternis te lei.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6.

Maar hoewel sy arbeid aanvanklik met groot geesdrif 178
ontvang is, het daar na 'n tyd teenstand ontstaan. Die monnike was daarop ingestel om sy werk te belemmer en sy leringe te veroordeel. Baie het hom gehoon en bespot; ander het hulle tot onbeskoftheid en dreigemente gewend. Maar Zwingli het alles geduldig verdra en gesê: “As ons die goddelose vir Jesus Christus wil wen, moet ons ons oë vir baie dinge sluit.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6.

Omstreeks hierdie tyd, het ‘n nuwe werkkrag om die hervormingswerk te bevorder op die toneel verskyn. Ene Lucian is met sommige van Luther se geskrifte, deur ‘n vriend van die hervormde geloof in Basel na Zürich gestuur, wat voorgestel het dat die verkoop van hierdie boeke ‘n kragtige manier sou wees om die lig te versprei. “Maak seker...” het hy aan Zwingli geskryf, “...of hierdie man oor voldoende omsigtigheid en vaardigheid beskik; indien wel, laat hy van stad tot stad, van dorp tot dorp en selfs van huis tot huis, die werke van Luther en veral sy uiteensetting van die Onse Vader wat vir die leke geskryf is, onder die Switsers versprei. Hoe meer hulle bekend raak, hoe meer sal hulle verkoop word.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 6. Op hierdie wyse het die lig ingang gevind.

Op die stadium wanneer God hom voorberei om die boeie van onkunde en bygeloof te verbreek, is dit dan wanneer Satan met sy grootste krag werk om mense met duisternis te omhul en die bande nog stewiger vas te bind. Terwyl manne in verskillende lande opgestaan het om vergifnis en regverdiging deur die bloed van Christus aan die mense voor te lê, het Rome met nuwe krag voortgegaan om haar handelsmark in die hele Christendom te open en vergifnis vir geld aan te bied.

Elke sonde het sy prys gehad en solank die skatkis van die kerk goed gevul was, het mense 'n gratis vergunning vir misdaad verkry. So het die twee bewegings voortgegaan – een wat vergifnis van sonde vir geld aangebied het en die ander vergifnis deur Christus – Rome, wat vergunning van sonde verleen het en dit haar bron van inkomste gemaak het; en die hervormers wat sonde veroordeel het en die mense na Christus vir versoening en as Verlosser gewys het.

In Duitsland is die verkoop van aflate aan die Dominikaanse 179
broeders toevertrou en is dit deur die berugte Tetzel verkoop. In Switserland was hierdie handel in die hande van die Fransiskane onder toesig van Samson, ‘n Italiaanse monnik, geplaas. Samson het reeds goeie dienste vir die kerk gelewer, nadat hy groot bedrae uit Duitsland en Switserland ingesamel het om die pousdom se skatkis te vul. Hy het nou deur Switserland gereis, waar hy groot menigtes gelok het, die arme boere van hulle karige inkomste beroof het en kosbare geskenke van die gegoede klasse geëis het. Maar die invloed van die hervorming het hom reeds in die afname van hierdie handel laat geld, hoewel dit nie heeltemal gestaak kon word nie. Zwingli was nog op Einsiedeln toe Samson, kort nadat hy Switserland binnegekom het, op ‘n naburige dorp met sy ware daar aangekom het. Verwittig van sy sending, het die hervormer dadelik daarheen gegaan om hom teë te staan. Die twee het mekaar nie ontmoet nie, maar Zwingli het die valse

voorwendsels van die monnik so goed aan die kaak gestel dat hy verplig was om na ander kwartiere te vertrek.

In Zürich het Zwingli ywerig teen die aflaat-verkopers gepreek en toe Samson die plek nader, is hy deur ‘n boodskapper van die stadsraad ontmoet wat hom meegedeel het dat hy verby moes hou. Hy het uiteindelik geslaag om deur strategie die stad binne te kom, maar hy is weggestuur sonder om ’n enkele aflaat te verkoop en kort daarna het hy Switserland verlaat.

Die hervorming het ‘n kragtige hupstoot gekry deur die uitbreek van die pes, of die “Swart Dood,” wat in die jaar 1519 deur Switserland versprei het. Toe die mense die dood in die aangesig staar, het baie ervaar hoe nutteloos die aflate wat hulle so pas gekoop het was en hulle het na ‘n sekerder fondament vir hulle geloof gesmag. In Zürich is Zwingli deur die pes neergevel; hy was so ernstig siek, dat alle hoop op sy herstel laat vaar is en die gerug dat hy dood is het wyd versprei. In daardie uur van beproewing, was sy hoop en moed onwrikbaar. Hy het in geloof na die kruis van Golgota gekyk en op die algehele versoening vir sonde vertrou. Toe hy uit die poorte van die dood terugkeer, was dit om die evangelie met groter ywer as ooit tevore te verkondig en sy woorde het 'n ongeëwenaarde mag uitgeoefen. Die volk het hul geliefde predikant wat van die randjie van die graf na hulle teruggekom het, met vreugde verwelkom. Hulle het self van die versorging van siekes en sterwendes teruggekeer en meer as ooit tevore die waarde van die evangelie besef.

Zwingli het tot 'n duideliker begrip van die waarhede van die 180
evangelie gekom en het meer volledig die vernuwende krag daarvan in homself ervaar. Die val van die mens en die verlossingsplan was die onderwerpe waarby hy stilgestaan het. “In Adam...” het hy gesê, “...is ons almal dood, versink in verderf en veroordeling. Christus ... het vir ons ‘n ewige verlossing verkry ... Sy dood is ‘n ewige offer om vir ewig te genees; dit

bevredig vir ewig die Goddelike regverdigheid ten behoewe van almal wat met ’n onwankelbare geloof daarop vertrou.” — *Wylie*, vol 8, hfst 9. “Waar ook al geloof in God is, daar is God; en oral waar God woon, is daar ’n ywer wat die mense tot goeie werke aanspoor en dring.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 9.

Die belangstelling in die prediking van Zwingli was van so aard, dat die katedraal tot oorlopens toe gevul was met die skare wat na hom kom luister het. Namate hulle dit kon verdra, het hy die waarheid aan sy toehoorders oopgestel. Hy was versigtig om nie aanvanklik punte aan te roer wat hulle kon afskrik of wat vooroordeel sou verwek nie. Sy werk was om harte vir die leer van Christus te wen, om hulle te versag deur Sy liefde en Sy voorbeeld aan hulle voor te hou; en soos hulle die beginsels van die evangelie ontvang, sou hulle bygelowige oortuigings en praktyke noodwendig omvergewerp word.

Stap vir stap het die hervorming in Zürich gevorder. In alarm 181
is sy vyande tot daadwerklike teëstand opgewek. ‘n Jaar tevore het die monnik van Wittenberg aan die pous en aan die keiser in Worms “nee” gesê; en nou het dit geblyk asof alles gedui het op ‘n soortgelyke weerstand teen die pouslike aansprake in Zürich. Herhaalde aanvalle is teen Zwingli geloods. In die pouslike distrik is dissipels van die evangelie van tyd tot tyd na die brandstapel gebring; maar dit was nie genoeg nie; die verkondiger van kettery moes stilgemaak word. Gevolglik het die biskop van Konstanz drie afgevaardigdes na die Raad van Zürich gestuur wat Zwingli daarvan beskuldig het dat hy die volk geleer het om die wette van die kerk te oortree en sodoende die vrede en die goeie orde van die samelewing in gevaar gestel het. Daar is aangevoer dat as die gesag van die kerk tersyde gestel word, dit universele anargie tot gevolg sou hê. Zwingli het geantwoord dat hy vier jaar reeds die evangelie in Zürich verkondig het en “...dat hierdie stad stiller en vreedsamer is as enige ander stad in die konfederasie. Is die Christelike geloof

dan nie...” het hy gesê, “...die beste waarborg vir algemene veiligheid nie?” — *Wylie*, vol 8, hfst 11.

Die afgevaardigdes het die raadslede gemaan om in die kerk voort te gaan, waarbuite, volgens hulle, daar geen verlossing was nie. Zwingli het geantwoord: “Moenie dat hierdie beskuldiging julle in beroering bring nie. Die fondament van die kerk is dieselfde Rots, dieselfde Christus, wat aan Petrus sy naam gegee het omdat hy getrouheid aan Hom bely het. In elke nasie word elkeen wat met sy hele hart in die Here Jesus glo, deur God aangeneem. Dit is waarlik die kerk waarbuite niemand gered kan word nie.” — *D’Aubigne*, vol 8, hfst 11. As gevolg van hierdie konferensie, het een van die afgevaardigdes van die biskop die hervormde geloof aangeneem.

Die Raad het geweier om teen Zwingli op te tree en Rome het gereed gemaak vir ‘n nuwe aanval. Toe die hervormer van die sameswerings van sy vyande kennis neem, het hy uitgeroep: “Laat hulle maar kom; ek vrees hulle net so min as wat die oorhangende krans die golwe wat aan sy voete woed, vrees.” — *Wylie*, vol 8, hfst 11. Die pogings van die geestelikes het die saak wat hulle omver wou werp, slegs bevorder. Die waarheid het steeds uitgebrei. In Duitsland het die aanhangers, wat deur die verdwyning van Luther neergewerp is, weer moed geskep toe hulle die vordering van die evangelie in Switserland sien.

Namate die hervorming in Zürich gevestig is, is die vrugte daarvan meer duidelik in die onderdrukking van ondeug en die bevordering van orde en eensgesindheid gesien. “Vrede woon in ons stad...” het Zwingli geskryf; “...daar is geen twis, geen huigelary, geen nyd en geen stryd nie. Vanwaar kan sulke eenheid kom, behalwe van die Here en van ons leer wat ons met die vrugte van vrede en vroomheid vervul?” — *Wylie*, vol 8, hfst 15.

Die oorwinnings wat deur die hervorming behaal is, het die 182
Roomsgesindes tot meer vasberade pogings vir die omverwerping daarvan aangespoor. Toe hulle sien hoe min

deur vervolging en onderdrukking bereik is om Luther se werk in Duitsland te onderdruk, het hulle besluit om die hervorming met sy eie wapens te bestry. Hulle sou ‘n redetwis met Zwingli voer en aangesien die reëling van sake in hulle eie hande was, sou hulle seker maak van die oorwinning, deur nie alleen die plek te kies nie, maar ook die regters wat tussen die partye moes beslis. En as hulle Zwingli eenkeer in hulle mag kon kry, sou hulle seker maak dat hy hulle nie ontsnap nie. As hulle die leier kon stilmaak sou die beweging spoedig verpletter word. Hierdie doel is egter sorgvuldig verberg.

Die redetwis is beplan om in Baden plaas te vind; maar Zwingli was nie teenwoordig nie. Die Konsilie van Zürich, wat 'n vermoede gehad het aangaande die planne van die Roomsgesindes en wat deur die brandstapels wat in die pousgesinde provinsies vir die belyers van die evangelie aan die brand gesteek is gewaarsku is, het hulle predikant verbied om homself aan hierdie gevaar bloot te stel. In Zürich was hy gereed om al die aanhangers wat Rome mag stuur te konfronteer, maar om na Baden te gaan, waar die bloed van die martelare vir die waarheid pas gestort is, sou ‘n gewisse dood beteken. Oecolampadius en Haller is gekies om die hervormers te verteenwoordig, terwyl die beroemde Dr Eck, bygestaan deur ‘n magdom geleerde doktore en prelate, die saak van Rome sou verdedig.

Hoewel Zwingli nie by die konferensie teenwoordig was nie, is sy invloed gevoel. Die sekretariaat is almal deur die pouslike party gekies en ander is verbied om aantekeninge, op straf van die dood, te maak. Desnieteenstaande, het Zwingli daagliks ‘n getroue verslag van wat in Baden gesê is ontvang. ‘n Student wat die dispuut bygewoon het, het elke aand ‘n opsomming van die argumente wat deur die dag aangevoer is, gemaak. Hierdie dokumente is deur twee ander studente aan Zwingli in Zürich afgelewer, tesame met daaglikse briewe van Oecolampadius. Die hervormer het daarop geantwoord met raadgewing en voorstelle. Sy briewe is snags geskryf en die studente het dit in

die oggend met hulle terugkeer na Baden, saam met hulle geneem. Om die waaksaamheid van die wag by die stadspoorte te ontduik, het hierdie boodskappers mandjies met pluimvee op hulle koppe gedra en hulle is toegelaat om die stad ongehinderd binne te gaan.

So het Zwingli die stryd teen sy slinkse antagoniste 183
gehandhaaf. "Hy het meer gedoen..." het Myconius gesê, "...deur sy oorpeinsings, sy slapelose nagte en die raad wat hy na Baden gestuur het, as wat hy deur 'n persoonlike bespreking te midde van sy vyande sou gedoen het." — *D'Aubigne*, vol 11, hfst 13.

Die Roomsgesindes, met verwagtinge van oorwinning gevul, het in hul rykste gewade en glinsterende juwele na Baden gekom. Hulle het weelderig gelewe, hulle tafels met die geurigste voedsel en die kieskeurigste wyne gedek. Die las van hul kerklike pligte is deur vrolikheid en swelgpartye verlig. Daar was 'n duidelike kontras tussen hulle en die hervormers, wat deur die volk as weinig beter as bedelaars beskou is en wie se maaltye deur hul spaarsaamheid van korte duur was. Die verhuurder van Oecolampadius, wat van hierdie geleentheid gebruik gemaak het om Zwingli in sy kamer dop te hou, was baie verwonderd om te vind dat hy gedurigdeur besig was om te studeer of in gebed en het berig dat die ketter ten minste baie vroom was.

By die konferensie "...het Eck trots 'n kansel wat pragtig versier was bestyg, terwyl die nederige Oecolampadius, armoedig geklee, verplig was om voor sy teëstander op 'n ruwe ou stoel te sit." — *D'Aubigne*, vol 11, hfst 13. Eck se forse stem en onbegrensde selfvertroue het hom nooit in die steek gelaat nie. Sy ywer is deur die hoop op goud sowel as beroemdheid aangevuur; want die verdediger van die geloof sou goed beloon word. Waar sy argumente tekortgeskiet het, het hy sy toevlug tot beledigings en selfs beswerings geneem.

Oecolampadius, beskeie en sonder selfvertroue, het aanvanklik van die stryd weggekrimp , maar nou het hy dit met die plegtige verklaring betree: “Ek erken geen ander maatstaf as die oordeel van die Woord van God nie.” — *D’Aubigne*, vol 11, hfst 13. Hoewel hy saggeaard en hoflik was, het hy homself as bekwaam en onbevrees bewys. Terwyl die Katolieke, volgens hulle gewoonte, 'n beroep op die gesag van die kerk gedoen het, het die hervormer die Heilige Skrif onwrikbaar aangehang. “Gewoonte...” het hy gesê, “...het geen krag in ons Switserland nie, tensy dit volgens die grondwet is; nou, in geloofsake, is die Bybel ons grondwet.” — *D’Aubigne*, vol 11, hfst 13.

Die kontras tussen die twee disputante was nie sonder effek 184
nie. Die kalm, duidelike redenasie van die hervormer, so sagmoedig en beskeie gelewer, het ‘n indruk op die denke van diegene wat Eck se spoggerige en lawaaierige aanmatigings verafsku het, gemaak.

Die bespreking het agtien dae voortgeduur. Na afsluiting daarvan, het die pouslike afvaardiging met groot vertroue die oorwinning opgeëis. Die meeste van die afgevaardigdes was aan die kant van Rome en die Ryksdag het die uitspraak gelewer dat die hervormers verslaan is en verklaar dat hulle, saam met, Zwingli, hulle leier, van die kerk afgesny is. Maar die vrugte van die konferensie het getoon aan watter kant die voordeel gelê het. Die stryd het 'n sterk stukrag aan die Protestante verleen en belangrike stede soos Bern en Basel het nie lank daarna nie, hulleself ten gunste van die hervorming verklaar.

Hoofstuk 10 185

# Vooruitgang van die Hervorming in Duitsland

Luther se misterieuse verdwyning het ontsteltenis regdeur Duitsland veroorsaak. Navrae aangaande hom is oral gehoor. Die wildste gerugte was in omloop en baie het geglo dat hy vermoor is. Daar was groot geweeklaag, nie slegs deur sy erkende vriende nie, maar ook deur duisende wat nie openlik standpunt vir die hervorming ingeneem het nie. Baie is deur ‘n plegtige eed verbind om sy dood te wreek.

Die Roomse leiers het met vrees aanskou hoe hoog die gevoelens teen hulle opgeloop het. Alhoewel hulle aanvanklik verheug oor die vermeende dood van Luther was, het hulle spoedig begeer om van die woede van die volk weg te kruip. Sy vyande was nie so bekommerd oor sy moedige dade terwyl hy onder hulle was, soos wat hulle deur sy verdwyning was nie. Diegene wat in hulle woede die onverskrokke hervormer wou vernietig was, noudat hy 'n hulpelose gevangene geword het, met vrees gevul. “Die enigste manier wat oorbly om onsself te red...” het een gesê, “...is om fakkels aan te steek en die hele wêreld vir Luther te deursoek sodat ons hom aan die nasie wat na hom roep, kan teruggee.” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 1. Dit het gelyk asof die dekreet van die keiser kragteloos was. Die pouslike legate is met verontwaardiging gevul toe hulle sien dat dit veel minder aandag as die lot van Luther geniet.

Die tyding dat hy veilig was, hoewel ‘n gevangene, het die 186
vrese van die mense laat bedaar, terwyl dit die entoesiasme in sy guns steeds laat toeneem het. Sy geskrifte is met groter gretigheid as ooit tevore gelees. Toenemende getalle het hulle by die saak van hierdie heldhaftige man, wat teen sulke onwaarskynlike omstandighede die Woord van God verdedig het, gevoeg. Die hervorming het voortdurend in krag toegeneem. Die saad wat Luther gesaai het, het oral ontkiem. Sy afwesigheid het ‘n werk verrig wat sy teenwoordigheid nie

sou kon doen nie. Ander arbeiders het, noudat hul groot leier verwyder was, 'n nuwe verantwoordelikheidsbesef ervaar. Met nuwe geloof en erns is hulle gedring om alles in hulle mag te doen, sodat die werk wat so edel begin is, nie verhinder sou word nie.

Maar Satan was nie ledig nie. Hy het nou probeer wat hy in elke ander hervormings-bewegings probeer het, naamlik om die mense te mislei en te vernietig deur die valse in die plek van die ware werk op hulle af te palm. Net soos daar valse Christusse in die eerste eeu van die Christelike kerk was, het daar in die sestiende eeu valse profete ontstaan.

‘n Paar manne, diep geraak deur die opwinding in die godsdienstige wêreld, het hulle verbeel dat hulle spesiale openbarings uit die hemel ontvang het en beweer dat hulle Goddelike opdrag gekry het om die hervorming wat, volgens hulle verklaring, swak deur Luther begin is, te voltooi. In werklikheid het hulle die werk wat hy verrig het, ongedaan gemaak. Hulle het die groot beginsel dat die Woord van God die enigste maatstaf van die geloof en lewe is, wat die grondslag van die hervorming was, verwerp; en in die plek van hierdie onfeilbare gids, het hulle die verraderlike, onsekere maatstaf van hulle eie gevoelens en indrukke gestel. Deur hierdie daad van die groot aanwyser van dwaalleer en leuens ter syde te stel, is die weg vir Satan oopgestel om die verstand van mense te beheer soos dit hom die meeste behaag.

Een van die profete het beweer dat hy 'n opdrag deur die 187
engel Gabriël ontvang het. ‘n Student wat by hom aangesluit het, het sy studies laat vaar en verklaar dat hy van God self wysheid ontvang het om Sy Woord te verklaar. Ander wat van nature tot fanatisme geneig was, het by hulle aangesluit.

Die optredes van hierdie dwepers het groot opwinding veroorsaak. Die prediking van Luther het die volk oral aangespoor om die noodsaaklikheid van hervorming te besef

en nou is sommige eerlike persone deur die valse bewerings van die nuwe profete mislei.

Die leiers van die beweging het na Wittenberg gegaan om Melanchthon en sy medewerkers van hulle aansprake te oortuig. Hulle het gesê: "Ons is deur God gestuur om die volk te onderrig. Ons het 'n persoonlike gesprekke met die Here gehad; ons weet wat gaan gebeur; met ander woorde, ons is apostels en profete en ons beroep ons op Doktor Luther." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 7.

Die hervormers was verbaas en verward. Dit was 'n element wat hulle nooit voorheen teëgekom het nie en hulle het nie geweet watter weg om in te slaan nie. Melanchthon het gesê: "Daar is voorwaar buitengewone geeste in hierdie manne; maar watter geeste? ... Laat ons enersyds daarop let om nie die Gees van God te blus nie en andersyds, om nie deur die gees van Satan gelei te word om af te dwaal nie." — *Id*.

Die vrugte van hierdie nuwe leer het spoedig duidelik geword. Die mense is gelei om die Bybel te verwaarloos of dit heeltemal opsy te sit. Die skole is in verwarring gebring. Studente wat alle selfbeheersing oorboord gegooi het, het hul studies laat vaar en die universiteite verlaat. Die manne wat hulself bekwaam geag het om die werk van die hervorming te laat herleef en te beheer, het slegs daarin geslaag om dit tot op die rand van ondergang te bring. Die Roomsgesindes het weer hul vertroue herwin en het verheug uitgeroep, "Een laaste stryd en alles sal aan ons behoort." — *Id*.

Toe Luther in Wartburg hoor wat gebeur het, het hy met 188
diep kommer gesê: "Ek het altyd verwag dat Satan hierdie plaag vir ons sou stuur." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 7. Hy het die ware karakter van daardie gewaande profete raakgesien, asook die gevaar wat die saak van die waarheid bedreig het. Die teëstand van die pous en die keiser het hom nie soveel onthuts en ontstel soos wat hy nou ervaar het nie. Van die grootste vyande van die hervorming het nou vanuit die beweerde vriende van die

hervorming ontstaan. Dieselfde waarhede wat vir hom sulke groot vreugde en troos besorg het, is nou aangewend om twis te ontketen en verwarring in die kerk te skep.

In die hervormingswerk is Luther deur die Gees van God geïnspireer en buite homself weggevoer. Hy het nie beplan om sulke posisies in te neem soos hy het nie, of om sulke radikale veranderinge aan te bring nie. Hy was slegs die instrument in die hand van Oneindige Mag. Tog het hy gereeld vir die gevolge van sy werk gesidder. Op 'n keer het hy gesê: "As ek geweet het dat my leer een man, slegs een enkele man, hoe nederig of onbekend, sou seermaak – wat dit nie kan doen nie, want dit is die evangelie self – sou ek eerder tien keer sterf as om dit nie te herroep nie." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 7.

En nou het selfs Wittenberg, die middelpunt van die hervorming, vinnig onder die mag van fanatisme en wetteloosheid verval. Hierdie haglike toestand was nie die gevolg van die leer van Luther nie; maar regdeur Duitsland het sy vyande die skuld op hom geplaas. In bitterheid van siel het hy soms gevra: "Kan dit dan die einde van hierdie groot hervormingswerk wees?" — *Id*. Maar nadat hy weer met God in gebed geworstel het, het daar vrede in sy hart gekom. "Hierdie werk is nie myne nie, maar U werk;" het hy gebid; "U sal nie toelaat dat dit deur bygeloof of fanatisme bederf word nie." Maar die gedagte om langer uit die stryd van hierdie krisis weg te bly, het ondraaglik geword. Hy het besluit om na Wittenberg terug te keer.

Sonder verwyl, het hy op hierdie gevaarlike reis vertrek. Hy was nog steeds onder die verbod van die ryk. Vyande was vry om sy lewe te neem; vriende is verbied om hom te help of skuiling aan hom te bied. Die keiserlike regering het die strengste maatreëls teen sy aanhangers getref. Maar hy het gesien dat die werk van die evangelie in gevaar verkeer het en in die Naam van die Here het hy vreesloos uitgegaan om vir die waarheid te veg.

Luther het in 'n brief aan die keurvors, nadat hy gesê het dat hy van plan was om Wartburg te verlaat, gesê: “Laat dit aan u hoogheid bekend wees dat ek na Wittenberg gaan onder Beskerming wat veel hoër as prinse en keurvorste is. Ek dink nie daaraan om u hoogheid se steun te verwerf nie en ver is dit van my om beskerming van u te verlang, maar ek sal u eerder self wil beskerm. As ek weet dat u hoogheid my kan of wil beskerm, sal ek glad nie na Wittenberg gaan nie. Daar is geen swaard wat hierdie saak kan bevorder nie. God alleen moet alles sonder die hulp of goedkeuring van mense doen. Hy wat die sterkste geloof het, is die een wat die meeste in staat is om te beskerm.” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 8. 189

In ‘n tweede brief, geskryf op pad na Wittenberg, het Luther toegevoeg: “Ek is bereid om die misnoeë van u hoogheid en die woede van die hele wêreld op my te neem. Is die Wittenbergers nie my skape nie? Het God hulle nie aan my toevertrou nie? En moet ek my nie, indien nodig, ter wille van hulle aan die dood blootstel nie? Buitendien vrees ek om 'n verskriklike uitbraak, waardeur God ons volk sal straf, in Duitsland te sien.” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 7.

Met groot omsigtigheid en nederigheid, maar tog beslis en ferm, het hy sy werk betree. “Deur die Woord...” het hy gesê, “...moet ons dit wat deur geweld ingestel is, omverwerp en vernietig. Ek sal nie geweld teen die bygelowiges en ongelowiges gebruik nie ... Niemand mag ingeperk word nie. Vryheid is die kern van geloof.” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 8.

Dit het spoedig in Wittenberg rugbaar geword dat Luther teruggekom het en dat hy sou preek. Uit alle rigtings het die mense ingestroom en die kerk was tot oorlopens toe vol. Hy het die kansel bestyg en met groot wysheid en sagmoedigheid die mense onderrig, vermaan en bestraf. Aangaande sommige wat geweld gebruik het om die mis af te skaf, het hy gesê:

“Die mis is ‘n slegte ding; God is daarteen gekant; dit moet 190
afgeskaf te word; en ek sou wou hê dat dit deur die hele wêreld

met die nagmaal van die evangelie vervang word. Laat niemand egter deur geweld daarvan losgeskeur word nie. Ons moet die saak in God se hande laat. Sy Woord moet optree en nie ons nie. En hoekom so, sal jy vra? Omdat ek nie die harte van mense in my hand hou soos die pottebakker die klei nie. Ons het die reg om te praat; maar ons het nie die reg om op te tree nie. Laat ons preek; die res moet aan God oorgelaat word. Wat sou ek wen indien ek geweld sou gebruik? 'n Grynslag, formaliteit, na-apery, menslike verordeninge en huigelary ... Maar daar sou geen opregtheid van hart of geloof of liefde wees nie. Waar hierdie drie dinge ontbreek, ontbreek alles en ek sal nie die stam van 'n peer gee vir so 'n resultaat nie ... God kan meer deur Sy Woord alleen vermag, as wat jy en ek en die hele wêreld deur ons gesamentlik krag kan vermag. God lê beslag, op die hart; en wanneer die hart gewen is, is alles gewen...

“Ek sal preek, bespreek en skryf; maar ek sal niemand beperk nie, want geloof is ‘n vrywillige daad. Let op wat ek gedoen het. Ek het teen die pous, aflate en Roomsgesindes opgestaan, maar sonder geweld of oproer. Ek het God se Woord voorgehou; ek het gepreek en geskryf — dit was al wat ek gedoen het. En tog, terwyl ek geslaap het ... het die Woord wat ek verkondig het, die pouslike mag omvergewerp sodat geen vors of 'n keiser dit veel skade kon berokken nie. As ek my op geweld beroep het, sou die hele Duitsland miskien in ‘n bloedbad omskep gewees het. Maar wat sou die gevolge gewees het? Vernietiging en verlatenheid van beide liggaam en siel. Daarom het ek stilgebly en die Woord alleen toegelaat om deur die wêreld te versprei.” — *D’Aubigne* , vol 9, hfst 8.

Dag na dag, vir ‘n hele week, het Luther voortgegaan om vir gretige skares te preek. Die Woord van God het die betowering van fanatiese opwinding verbreek. Die krag van die evangelie het die misleide mense weer op die weg van waarheid gebring.

Luther het geen begeerte gehad om die fanatici, wat soveel onheil veroorsaak het, teë te kom nie. Hy het geweet dat hulle manne van ongesonde oordeel en ongedissiplineerde drifte was wat, hoewel hulle beweer het dat hulle deur spesiale lig uit die hemel verlig is, nie die geringste weerspreking of selfs die vriendelikste teregwysing of raad sou gedoog nie. Op verwaande wyse, het hulle op oppergesag aanspraak gemaak en vereis dat almal, sonder enige vrae, hulle aansprake moes erken. Maar aangesien hulle op 'n onderhoud met hom aangedring het, het hy ingestem om hulle te ontmoet; en hy het hulle aanmatigings so suksesvol blootgelê, dat die bedrieërs onmiddellik uit Wittenberg vertrek het.

Die fanatisme is vir ‘n tyd aan bande gelê; maar 'n paar jaar 191
later het dit weer met hernude geweld en verskriklike gevolge uitgebreek. Luther het aangaande die leiers van hierdie beweging gesê: “Vir hulle was die Heilige Skrif slegs ‘n dooie woord en hulle het almal begin uitroep: ‘Die Gees! Die Gees! Maar verseker sal ek nie volg waarheen hulle gees lei nie. Mag God in Sy genade my van ‘n kerk behoed waarin daar niemand anders as heiliges is nie. Ek begeer om by die nederiges, swakkes en siekes te woon, wat hulle sondes ken en voel en wat voortdurend by God sug en pleit vir Sy vertroosting en ondersteuning.” — *D’Aubigne*, vol 10, hfst 10.

Thomas Münzer, die aktiefste van die fanatici, was ‘n man met aansienlike vermoëns wat hom, tereg gelei, in staat sou stel om goed te doen; maar hy het nie die eerste beginsels van ware godsdiens geken nie. “Hy was besiel met ‘n begeerte om die hele wêreld te hervorm en het, soos alle dwepers, vergeet dat die hervorming by homself moes begin.” — *D’Aubigne*, vol 9, hfst 8. Hy was ambisieus vir posisie en invloed en was nie bereid om tweede te wees nie, selfs nie vir Luther nie. Hy het verklaar dat die hervormers, deur die gesag van die pous met die gesag van die Skrif te vervang, slegs ‘n ander vorm van pousdom bewerkstellig het. Hy homself, so het hy geëis, het Goddelike opdrag ontvang om die ware hervorming in te stel.

"Hy wie hierdie die gees besit..." het Münzer gesê, "...besit die ware geloof, al sou hy nooit in sy lewe die Skrif sien nie." — *D'Aubigne*, vol 10, hfst 10.

Die fanatiese leraars het hulself oorgegee om deur indrukke beheer te word en hulle het elke gedagte en impuls as die stem van God beskou; gevolglik het hulle tot uiterstes oorgegaan. Sommige van hulle het selfs hul Bybels verbrand en uitgeroep: "Die letter maak dood maar die Gees gee lewe." Münzer se leer het 'n beroep op mense se begeerte na die buitengewone gedoen, terwyl dit hul trots bevredig het deur menslike idees en opinies bo die Woord van God te plaas. Sy leer is deur duisende aangeneem. Hy het spoedig alle orde in die openbare erediens veroordeel en verklaar dat om vorste te gehoorsaam, was om te probeer om beide God en Belial te dien.

Die gemoedere van die mense, wat reeds die juk van die 192
pousdom begin afgooi het, het ook ongeduldig onder die beperkings van die burgerlike owerheid geraak. Münzer se rewolusionêre leerstellings wat aanspraak op Goddelike goedkeuring gemaak het, het daartoe gelei dat hulle van alle beheer weggebreek en vrye teuels aan hulle vooroordele en drifte gegee het. Die verskriklikste tonele van aanhitsing tot oproer en opstand het gevolg en die velde van Duitsland is met bloed deurdrenk.

Die sieleangs wat Luther so lank tevore in Erfurt ervaar het, het nou met verdubbelde krag op hom gedruk toe hy die gevolge van fanatisme sien wat aan die hervorming toegeskryf word. Die pousgesinde vorste het verklaar — en baie was bereid om dit te aanvaar — dat die opstand die onmiskenbare vrugte van Luther se leerstellings was. Alhoewel hierdie beskuldiging sonder die minste grondslag was, kon dit nie anders as om groot ontsteltenis vir die hervormer te veroorsaak nie. Dat die saak van die waarheid so beskaam kon word deur dit op gelyke voet met die laagste soort fanatisme te plaas, was meer as wat hy kon verduur. Aan die ander kant, het die leiers

van die opstand Luther gehaat omdat hy nie slegs hul leerstellings teëgestaan het en hul aansprake op Goddelike inspirasie ontken het nie, maar hulle ook as rebelle teen die burgerlike owerheid bestempel het. As vergelding het hulle hom as 'n lae bedrieër veroordeel. Dit het geblyk asof hy die vyandigheid van beide vorste en mense oor homself gebring het.

Die Roomsgesindes het gejuig en verwag om die spoedige ondergang van die hervorming te sien; hulle het Luther die skuld gegee, selfs vir die dwalings wat hy ywerig probeer regstel het. Deur valslik te beweer dat hulle met groot onreg behandel is, het die fanatici daarin geslaag om die medelye van 'n groot groep mense te verkry en soos dikwels gebeur, is diegene wat aan die verkeerde kant staan, as martelaars beskou. Diegene wat al hul kragte in stryd met die hervorming ingespan het, is dus bejammer en geprys as slagoffers van wreedheid en verdrukking. Dit was die werk van Satan, aangevoer deur dieselfde gees van opstand wat die eerste keer in die hemel geopenbaar is.

Satan strewe voortdurend om mense te mislei en lei hulle 193
om sonde geregtigheid en geregtigheid sonde te noem. Hoe suksesvol was sy werk nie! Hoe dikwels word sensuur en smaad op God se getroue dienaars gewerp omdat hulle vreesloos staan om die waarheid te verdedig! Mense wat slegs werkkragte van Satan is word geprys en gevlei en selfs as martelare beskou, terwyl diegene wat weens hul getrouheid aan God gerespekteer en ondersteun moet word, dikwels gelaat word om alleen onder verdenking en wantroue te staan.

Vervalste heiligheid en voorgee-heiligmaking verrig vandag steeds die werk van misleiding. In verskillende vorms openbaar dit dieselfde gees as in die dae van Luther, wat die aandag van die Skrif weglei en mense mislei om hul eie gevoelens en indrukke te volg, eerder as om gehoorsaam aan die wet van

God te wees. Dit is een van Satan se suksesvolste liste om reinheid en waarheid onder verdenking te plaas.

Luther het die evangelie vreesloos teen die aanslae wat vanaf alle kante gekom het, verdedig. Die Woord van God het getuig 'n magtige wapen in elke konflik te wees. Met hierdie Woord het hy die stryd teen die gesag wat die pous homself aangematig het en die rasionalistiese filosofie van die geleerdes gewen, terwyl hy ook rotsvas gestaan het teen die fanatisme wat gepoog het om met die hervorming verbind te word.

Elkeen van hierdie teenstrydige elemente het die Heilige Skrif op sy eie manier probeer ter syde stel en menslike wysheid as die bron van geloofwaardige waarheid en wysheid te verhef. Rasionalisme verafgod die rede en maak dit die maatstaf van godsdiens. Romanisme, wat namens haar soewereine pous aanspraak maak op inspirasie wat in 'n ononderbroke lyn van die apostels afkomstig is en deur alle eeue onveranderlik is, bied genoeg geleentheid om elke soort uitspattigheid en korrupsie onder die heiligheid van die apostoliese opdrag te verberg. Die ingewing waarop Münzer en sy aanhangers aanspraak gemaak het, het uit geen hoër bron as die vaaghede van die verbeelding gekom nie en die invloed daarvan was ondermynend vir alle gesag, menslik of Goddelik.. Ware Christendom neem die Woord van God as die groot skatkamer van ingegewe waarheid aan en die toets van alle ingewing.

Met sy terugkeer uit Wartburg het Luther sy vertaling van 194
die Nuwe Testament voltooi en die evangelie is kort daarna aan die Duitse volk in hul eie taal gegee. Hierdie vertaling is met groot vreugde deur almal wat die waarheid liefgehad het ontvang; maar dit is met minagting deur diegene wat menslike tradisies en die gebooie van mense verkies het, verwerp.

Die priesters was ontstel deur die gedagte dat die gewone mense nou in staat sou wees om die voorskrifte van God se Woord met hulle te bespreek en dat hulle eie onkunde aan die kaak gestel sou word. Die wapens van hulle vleeslike redenasie

was magteloos teen die swaard van die Gees. Rome het haar kragte ingespan om die verspreiding van die Skrif te voorkom, maar dekrete, vervloeking en marteling was alles tevergeefs. Hoe meer Rome die Bybel veroordeel en verbied het, hoe groter was die begeerte van die volk om te weet wat dit werklik geleer het. Almal wat kon lees, was gretig om die Woord van God self te bestudeer. Hulle het dit met hulle saamgedra, gelees en herlees en hulle was nie tevrede voordat hulle groot gedeeltes van die Skrif gememoriseer het nie. Toe Luther sien hoe gunstig die Nuwe Testament ontvang is, het hy dadelik begin met die vertaling van die Ou Testament en gedeeltes daarvan en sodra dit voltooi was, gepubliseer.

Luther se geskrifte is in die stede sowel as in die klein dorpies verwelkom. "Wat Luther en sy vriende saamgestel het, het ander versprei. Monnike, oortuig van die onwettigheid van klooster-verpligtinge wat 'n lang lewe van ledigheid wou verruil vir daadwerklike inspanning, maar te onkundig was om die woord van God te verkondig, het deur die provinsies gereis en klein dorpies en wonings besoek, waar hulle die boeke van Luther en sy vriende verkoop het. Duitsland het spoedig gewemel van hierdie waagmoedige kolporteurs." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 11.

Hierdie geskrifte is met groot belangstelling deur rykes en armes, geleerdes en onkundiges bestudeer. Saans het die onderwysers van die dorpskole dit aan groepies voor die kaggelvuur voorgelees. Met elke poging is siele van die waarheid oortuig en het hulle die Woord met blydskap ontvang, om die goeie nuus weer op hulle beurt aan ander oor te dra.

Die woorde van Inspirasie is geverifieer: "Die opening van U 195
woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig" (Ps 119:130). Die bestudering van die Skrif het 'n groot verandering in die denke en harte van die mense teweeggebring. Die pouslike bewind het 'n yster juk op die skouers van sy

onderdane geplaas wat hulle in onkunde en agterlikheid vasgehou het. Die bygelowige nakoming van vormgodsdiens is noukeurig gehandhaaf; maar in al hulle dienste het die hart en verstand 'n geringe aandeel gehad. Die prediking van Luther, wat die duidelike waarhede van God se Woord uiteengesit het en die Woord self wat in die hande van die gewone mense geplaas is, het hulle sluimerende kragte opgewek om nie slegs die geestelike karakter te suiwer en te veredel nie, maar om ook nuwe lewenskrag en energie aan die intellek te verleen.

Persone uit alle geledere was met die Bybel in hulle hande gesien, besig om die leerstellings van die hervorming te verdedig. Die Roomsgesindes wat die ondersoek van die Skrifte aan priesters en monnike oorgelaat het, het hulle nou opgeroep om na vore te tree en die nuwe leerstellings te weerlê. Maar, onkundig aangaande die Skrif en krag van God, is die priesters en monnike totaal deur diegene wat deur hulle as ongeleerde ketters veroordeel is, verslaan. "Ongelukkig..." het 'n Katolieke skrywer gesê, "...het Luther sy navolgers oorgehaal om geen ander orakel as die Heilige Skrif te vertrou nie." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 11. Menigtes het byeengekom om die waarheid van manne met min opleiding te hoor en selfs deur hulle bespreek te word met geleerde en welsprekende teoloë. Die skandelike onkunde van hierdie vername manne het duidelik geblyk wanneer hulle argumente deur die eenvoudige leer van God se Woord beantwoord is. Arbeiders, soldate, vroue en selfs kinders was beter bekend met die leringe van die Bybel as die priesters en die geleerde doktore.

Die kontras tussen die dissipels van die evangelie en die 196
voorstanders van pouslike bygeloof was nie minder sigbaar in die geledere van die geleerdes as onder die gewone mense nie. "Teenoor die ou kampvegters van die hiërargie, wat die studie van tale en die ontwikkeling van literatuur verwaarloos het, was vrygewige jeugdiges, toegewy aan studie, die ondersoek van die Skrif en vertroud met die meesterwerke van die antieke tyd. Hierdie jongmense het 'n aktiewe verstand, verhewe siel en 'n

vreeslose hart gehad en het spoedig sodanige kennis opgedoen dat, vir 'n lang tyd, niemand met hulle kon meeding nie. Gevolglik, toe hierdie jeugdige verdedigers van die hervorming die Romeinse doktore in enige vergadering teëgekom het, het hulle hul met soveel gemak en vertroue aangeval, dat hierdie onkundige manne gehuiwer het, verleë geraak het en is met minagting, wat in die oë van almal verdien is, bejeën." — *D'Aubigne*, vol 9, hfst 11.

Toe die Katolieke geestelikes opmerk hoe die ledetal in gemeentes afneem, het hulle die hulp van die magistrate ingeroep en op alle maniere gepoog om hul toehoorders terug te bring. Maar die mense het bevind dat die nuwe leringe in die behoeftes van hul siele voorsien en hulle het van diegene wat hulle vir so lank met die waardelose doppe van bygelowige rituele en menslike tradisies gevoed het, weggedraai.

Toe die vervolging teen die leraars van die waarheid ontketen is, het hulle die woorde van Christus gehoorsaam: "Wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe." (Mat 10:23). Die lig het oral deurgedring. Die vlugtelinge sou êrens 'n gasvrye deur vind en terwyl hulle daar gebly het, sou hulle Christus preek, soms in die kerk of, indien hulle daardie voorreg ontneem is, in privaat huise of in die buitelug. Waar hulle ook al 'n gehoor bymekaar kon bring, was 'n heilige tempel. Die waarheid, verkondig met sulke ywer en vertroue, het met onweerstaanbare krag versprei.

Tevergeefs is beide kerklike en burgerlike owerhede opgeroep om die dwaalleer te vernietig. Tevergeefs het hulle van gevangenisstraf, marteling, vuur en swaard gebruik gemaak. Duisende gelowiges het hul geloof met hul bloed verseël en steeds het die werk voortgegaan. Vervolging het slegs gedien om die waarheid te versprei en die fanatisme wat Satan daarmee probeer vereenselwig het, het tot gevolg gehad dat die kontras tussen die werk van Satan en die werk van God duideliker onderskei is.

## Hoofstuk 11 197

# Protes van die Vorste

Een van die edelste getuienisse vir die hervorming ooit, was die protes van die Christelike vorste van Duitsland in die Ryksdag te Speyer in 1529. Die moed, geloof en standvastigheid van hierdie manne van God het vir die daaropvolgende eeue vryheid van denke en gewete verkry. Hulle protes het aan die hervormde kerk die naam van *Protestant* gegee; die beginsels daarvan was "...die kern van Protestantisme." — *D'Aubigne*, vol 13, hfst 6.

'n Donker en dreigende dag het vir die hervorming aangebreek. Ondanks die Edik van Worms, wat Luther voëlvry verklaar en die leer van en geloof in sy leerstellings verbied het, het godsdienstige verdraagsaamheid tot dusver in die ryk geheers. God se voorsienigheid het die magte wat die waarheid teëgestaan het, in toom gehou. Karel V was ingestel om die hervorming te verpletter, maar dikwels wanneer hy sy hand vir die slag gelig het, moes hy die slag afweer. Die onmiddellike vernietiging van almal wat dit gewaag het om hulself teen Rome te verset, het telkens onvermydelik voorgekom; maar elke keer op die kritieke oomblik, het die leërs van die Turk aan die oostelike grens verskyn, of die koning van Frankryk, of soms selfs die pous, jaloers op die toenemende mag van die keiser, teen hom oorlog gevoer; en dus, te midde van die stryd en oproer van die nasies, is die hervorming gelaat om te versterk en uit te brei.

Uiteindelik het die Katolieke soewereine egter hul vete in 198
die kiem gesmoor om 'n algemene saak teen die hervormers te maak. Die Ryksdag van Speyer in 1526 het aan elke staat volle vryheid in godsdienstelike sake gegee tot met die vergadering van 'n algemene raad; maar die gevare wat aanleiding gegee het tot hierdie toegewing, was nog skaars verby, of die keiser het 'n tweede Ryksdag byeengeroep wat te Speyer in 1529 sou

plaasvind met die doel om kettery te onderdruk. Die vorste moes, indien moontlik op vreedsame wyse teen die hervorming oorgehaal word; maar ingeval dit sou misluk, was Karel bereid om die swaard aan te wend.

Die Roomsgesindes was verheug. Hulle het in groot getalle na Speyer gekom en openlik hul vyandigheid teenoor die hervormers en almal wat hulle ondersteun het te betoon. Melanchthon het gesê: “Ons is die uitvaagsels en vullis van die wêreld; maar Christus sal op sy arme mense neersien en hulle bewaar.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5. Die evangeliese vorste wat die Ryksdag bygewoon het, was verbied om die evangelie selfs in hulle huise te laat verkondig. Maar die mense van Speyer het na die Woord van God gesmag en ondanks die verbod, het duisende na die dienste in die kapel van die keurvors van Sakse gestroom.

Dit het die krisis verhaas. ‘n Keiserlike boodskap het aan die Ryksdag aangekondig, dat aangesien die besluit wat vryheid van gewete gegee het, tot groot wanordelikheid aanleiding gegee het, die keiser versoek het dat dit herroep moet word. Hierdie willekeurige daad het verontwaardiging en kommer by die evangeliese Christene opgewek. Een het gesê: “Christus het weer in die hande van Kajafas en Pilatus geval.” Die Roomsgesindes het meer gewelddadiger geword. Een Roomse dweper het verklaar: “Die Turke is beter as die Lutherane, want die Turke onderhou vasdae, maar die Lutherane oortree dit. As ons moet kies tussen die Heilige Skrifte van God en die ou dwalinge van die kerk, sou ons eersgenoemde verwerp.” Melanchthon het gesê: “Elke dag, in die volle vergadering, gooi Faber ons evangelie-gesindes met ‘n nuwe klip.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

Godsdienstige verdraagsaamheid is wettiglik ingestel en die 199
evangeliese state het hulle voorgeneem om die skending van hul regte teë te gaan. Luther, nog steeds onder die verbod wat deur die Edik van Worms ingestel is, was nie by Speyer

toegelaat nie, maar sy plek is deur sy medewerkers en die vorste wat God opgewek het om sy saak in hierdie tyd van nood te verdedig, ingeneem. Die edele, Frederik van Sakse, Luther se voormalige beskermer, is deur die dood weggeneem; maar Johannes, sy broer en opvolger, het die hervorming met blymoedigheid verwelkom en hoewel hy vredeliewend was, het hy groot ywer en moed in alle aangeleenthede rakende die belange vir die geloof aan die dag gelê.

Die priesters het geëis dat state wat die hervorming aanvaar het, hulle onvoorwaardelik aan die Roomse jurisdiksie moes onderwerp. Die hervormers, daarenteen, het aanspraak op die vryheid wat voorheen toegestaan is gemaak. Hulle kon nie toestem dat Rome die state wat die Woord van God met sulke groot vreugde ontvang het, weer onder haar beheer moes bring nie.

As 'n kompromis is uiteindelik voorgestel dat die Edik van Worms streng toegepas moes word, op plekke waar die hervorming nog nie gevestig was nie en dat "...op daardie plekke waar die volk daarvan afgewyk het en waar hulle nie sonder gevaar van opstand, daaraan voldoen het nie, hulle geen nuwe hervorming moes inbring nie, geen strydpunte moes aanroer nie, die viering van die mis nie moes teëstaan nie en dat hulle geen Rooms-Katoliek sou toelaat om die leer van Luther aan te neem nie." — *D'Aubigne*, vol 13, hfst 5. Hierdie maatreël is, tot groot vreugde van die pousgesinde priesters en prelate deur die Ryksdag goedgekeur.

Indien hierdie edik afgedwing sou word, "...kon die hervorming nie uitgebrei word nie ... waar dit tot nog toe onbekend was en ook nie op vaste fondasies gevestig word ... waar dit reeds bestaan het nie." — *Id* vol 13, hfst 5. Vryheid van spraak sou verbied word. Geen bekering sou toegelaat word nie. En die vriende van die hervorming moes hulle onmiddellik aan hierdie beperkings en vereistes van die verbod onderwerp. Dit het geblyk asof die hoop van die wêreld uitgewis sou word.

“Die herbevestiging van die Roomse hiërargie ... sou gewis weer die ou misbruike terugbring;” en daar sou maklik weer geleentheid gevind kon word om “...die vernietiging van 'n werk wat reeds so hewiglik...” deur fanatisme en verdeeldheid “...geskud is...” te voltooi. — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

Terwyl die evangeliese gesindes vir beraadslaging vergader 200
het, het hulle ontsteld na mekaar gekyk: “Wat staan ons te doen?” het hulle gevra. Magtige sake van wêreldbelang was op die spel. “Moet die owerstes van die hervorming hulle aan die edik onderwerp en dit aanvaar? Hoe maklik sou die hervormers tydens hierdie krisis, wat werklik geweldig was, hulself in 'n verkeerde rigting beredeneer! Hoeveel waarskynlike voorwendsels en billike redes sou hulle nie kon vind om aan te voer nie! Die Lutherse vorste is vrye beoefening van hulle godsdiens gewaarborg. Dieselfde voorreg is uitgebrei na al die onderdane wat voor die aanvaarding van die maatreël, die sienings van die hervorming aangeneem het. Moet dit hulle nie tevrede te stel nie? Hoeveel gevare sou hulle deur onderwerping vermy! Aan watter onbekende gevare en konflik sou weerstand hulle blootstel! Wie weet watter geleenthede die toekoms kan bied? Laat ons vrede omhels; laat ons die olyftak wat Rome aanbied aanneem en die wonde van Duitsland heel. Met argumente soos hierdie kon die hervormers hul aanvaarding van ‘n weg wat verseker binnekort hulle saak omver sou werp, geregverdig het.

“Gelukkig het hulle die beginsel waarop hierdie reëling 201
gegrond is besef en in geloof opgetree. Wat was hierdie beginsel? Dit was die reg van Rome om die gewete te dwing en vrye ondersoek te verbied. Maar sou hulle en hul Protestantse onderdane dan nie godsdiensvryheid geniet nie? Ja hulle sou, maar as 'n guns wat spesiaal in die reëling bepaal is, maar nie as ‘n reg nie. Alles buite daardie ooreenkoms, was die groot beginsel van gesag om te heers; gewete het buite die hof gestaan; Rome was die onfeilbare regter en moes gehoorsaam word. Die aanvaarding van die voorgestelde reëling sou 'n

feitelike erkenning gewees het dat godsdiensvryheid tot die hervormers van Sakse beperk moes word; en wat die res van die Christendom betref, sou vrye ondersoek en belydenis van die hervormde geloof ‘n misdaad wees, strafbaar tot die kerker en die brandstapel. Kon hulle instem om godsdiensvryheid te lokaliseer; om te laat verkondig dat die hervorming sy laaste bekering gemaak het, sy laaste akker onderwerp het en dat oral waar Rome haar op hierdie uur gewend het, haar heerskappy verewig sou word? Kon die hervormers gepleit het dat hulle onskuldig was aan die bloed van die honderde en duisende, wat as gevolg van hierdie reëling, hul lewens in pousgesinde lande sou moes opoffer? Dit sou wees om in hierdie gewigtige uur, die saak van die evangelie en die vryhede van die Christendom te verraai.” — *Wylie*, vol 9, hfst 15. Inteendeel, hulle sou eerder “...alles opoffer, hulle state, hulle krone en hulle lewens.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

“Laat ons hierdie dekreet verwerp...” het die vorste gesê. “Sover dit die gewete aangaan, het die meerderheid geen mag nie.” Die afgevaardigdes het verklaar: “Die vrede wat die ryk geniet is te danke aan die dekreet van 1526: die afskaffing daarvan sal Duitsland met probleme en verdeeldheid vul. Die Ryksdag is onbevoeg om meer te doen as om godsdiensvryheid te bewaar totdat die raad vergader.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5. Om vryheid van gewete te beskerm, is die staat se plig en dit is die perk van sy gesag in godsdienssake. Elke sekulêre regering wat poog om die beoefening van godsdiens deur burgerlike gesag te reguleer of af te dwing, offer die beginsel waarvoor die evangeliese Christen so edelmoedig gestry het op.

Die Roomsgesindes was vasbeslote om, wat hulle as “waaghalsige hardnekkigheid” beskou het, te onderdruk. Hulle het begin om verdeeldheid onder die ondersteuners van die hervorming te saai en almal wat nie openlik ten gunste daarvan was nie, te intimideer. Die verteenwoordigers van die vrystede is uiteindelik voor die Ryksdag gedaag om te verklaar of hulle die bepalings van die voorstel sou aanvaar. Hulle het vir uitstel

gepleit, maar tevergeefs. Toe hulle op die proef gestel is, het byna helfte van die getal hulle by die hervormers geskaar. Diegene wat aldus geweier het om gewetensvryheid en die reg van persoonlike oordeel op te offer, het goed geweet dat hulle gebrandmerk is vir toekomstige kritiek, veroordeling en vervolging. Een van die afgevaardigdes het gesê: “Ons moet die Woord van God verloën, of verbrand word.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

Koning Ferdinand, die keiser se verteenwoordiger by die 202
Ryksdag, het besef dat die dekreet ernstige verdeeldheid sou veroorsaak, tensy die vorste oorgehaal kon word om dit aanvaar en te handhaaf. Daarom het hy die kuns van oortuiging probeer, omdat hy goed besef het dat om sulke manne met geweld te oorreed, hulle net meer vasbeslote sou maak. “Hy het die vorste gesmeek om die dekreet te aanvaar en hulle verseker dat die keiser uitermate tevrede met hulle sou wees.” Maar hierdie getroue manne het ‘n Gesag hoër as die van aardse heersers erken en hulle het kalm geantwoord: “Ons sal die keiser in alles wat kan bydra tot die behoud van vrede en die eer van God, gehoorsaam.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

Uiteindelik het die koning, in die teenwoordigheid van die Ryksdag, aan die keurvors en sy vriende aangekondig dat die edik “...op die punt was om opgestel te word in die vorm van 'n keiserlike besluit...” en dat “...die enigste weg wat vir hulle oorgebly het, was om hulle aan die meerderheid te onderwerp.” Nadat hy dit gesê het, het hy hom aan die vergadering onttrek en die hervormers geen geleentheid gebied het om dit te bespreek of daarop te antwoord nie. “Tevergeefs het hulle ‘n afvaardiging gestuur wat die koning versoek het om terug te keer.” Op hul betogings het hy slegs geantwoord: “Die saak is afgehandel; onderwerping is al wat oorbly.” — *D’Aubigne*, vol 13, hfst 5.

Die keiserlike party was daarvan oortuig dat die Christelike vorste die Heilige Skrifte sou gehoorsaam bo menslike

leerstellings en vereistes; en hulle het geweet dat oral waar hierdie beginsel aanvaar word, die pousdom uiteindelik omvergewerp sou word. Maar, soos duisende na hulle, het hulle hul oë slegs op sigbare dinge gevestig het en hulself gevlei dat die saak van die keiser en die pous sterk was en dié van die hervormers swak. Indien die hervormers van menslike hulp alleen afhanklik was, sou hulle net so magteloos gewees het as wat die Roomsgesindes gemeen het. Maar hoewel hulle gering in getal in teenstelling met Rome was en met hulle verskil het, het hulle hul krag gehad. "Teen die bevinding van die Ryksdag, het hulle hul op die Woord van God beroep en teen die keiser Charles, op Jesus Christus, Koning van die konings en Here van die here." — *Id*, deel 13, hfst 6.

Aangesien Ferdinand geweier het om hul gewetensbesware in ag te neem, het die vorste besluit om hulle nie aan sy afwesigheid te steur nie, maar om sonder versuim hulle protes voor die nasionale raad te lê. 'n Plegtige verklaring is dus opgestel en aan die Ryksdag voorgelê:

"Ons betoog met hierdie voorleggings, voor God, ons 203
enigste Skepper, Beskermer, Saligmaker en Verlosser, die Een wat eendag ons Regter sal wees, sowel as voor alle mense en skepsels, dat ons, vir ons en ons volk die voorgestelde dekreet nie goedkeur of op geen enkele wyse aanvaar, in enigiets wat teenstrydig is met God, met Sy Heilige Woord, ons vrye gewete en die redding van ons siele nie.

"Wat! Hierdie dekreet bekragtig! Moet ons beweer dat wanneer die Almagtige God 'n mens volgens Sy kennis roep, dat hierdie man desnieteenstaande nie die kennis van God kan ontvang nie! ... Daar is geen betroubare leerstelling behalwe wat ooreenkomstig die Woord van God is nie ... Die Here verbied die leer van enige ander leerstelling ... Die Heilige Skrif moet deur ander en duideliker tekste verklaar word ... Hierdie heilige Boek is, in alle dinge wat vir die Christen nodig is, maklik om te verstaan en bedoel om die duisternis te verdryf. Ons is

vasbeslote om deur die genade van God, die suiwer en uitsluitlike prediking van Sy Woord alleen, soos dit in die Bybelse boeke van die Ou en Nuwe Testamente vervat is, te handhaaf, sonder dat daar enigiets wat in stryd daarmee is bygevoeg word. Hierdie Woord is die enigste waarheid; dit is die betroubare reël van alle leerstellings en van alle lewe en kan ons nooit begewe of mislei nie. Hy wat op hierdie fondament bou, sal teen al die magte van die hel staande bly, terwyl alle menslike nietighede wat daarteen opgerig word, voor die aangesig van God sal val."

"Om hierdie rede verwerp ons die juk wat ons opgelê is. Terselfdertyd verwag ons dat sy keiserlike majesteit teenoor ons sal optree soos 'n Christen-vors wat God bo alles liefhet; en ons verklaar ons bereid om aan hom, sowel as aan u, genadige here, alle liefde en gehoorsaamheid volgens ons regverdige en wettige plig te bewys." — *D'Aubigne*, deel 13, hfst. 6.

Dit het 'n diep indruk op die Ryksdag gemaak. Die meerderheid was met verbasing en ontsteltenis oor die stoutmoedigheid van die protesteerders vervul. Die toekoms het vir hulle stormagtig en onseker gelyk. Onmin, stryd en bloedvergieting het vir hulle onvermydelik gelyk. Maar die hervormers, verseker van die regverdigheid van hul saak en met vertroue op die Arm van die Almagtige, was "...vol moed en standvastigheid."

"Die beginsels vervat in hierdie gevierde protes ... vorm die 204
kern van Protestantisme. Hierdie protes het twee misbruike van die mens in geloofsake weerstaan: Die eerste was die inmenging van die burgerlike landdros; en die tweede die arbitrêre gesag van die kerk. In plaas van hierdie misbruike het Protestantisme die mag van die gewete bo die mag van die landdros gestel en die gesag van die Woord van God bo die sigbare kerk. In die eerste plek verwerp dit die burgerlike mag in godsdienstige sake en verklaar saam met die profete en apostels: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die

mense." In die teenwoordigheid van die kroon van Karel V, het dit die kroon van Jesus Christus verhef. Maar dit gaan verder: Dit lê die beginsel neer dat alle menslike leerstellings aan die Woord van God ondergeskik moet wees." — *D'Aubigne*, vol 13, hfst 6. Die protesteerders het ook hulle reg om hul oortuigings van die waarheid vryelik uit te spreek, bevestig. Hulle sou nie slegs glo en gehoorsaam nie, maar ook leer wat die Woord van God voorstel en hulle het die reg van priester of landdros om tussenbeide te tree, ontken. Die Protes van Speyer was 'n plegtige getuienis teen godsdienstige onverdraagsaamheid en 'n verklaring van die reg van alle mense om God volgens die voorskrifte van hul eie gewete te aanbid.

Die verklaring is gedoen. Dit is in die geheue van duisende geskryf en in die boeke van die hemel opgeteken waar geen poging van die mens dit kan uitwis nie. Die hele evangeliesgesinde Duitsland het die protes as 'n uitdrukking van hulle geloof aangeneem. Oral het mense in hierdie verklaring die belofte van 'n nuwe en beter era gesien. Een van die vorste het aan die Protestante in Speyer gesê: "Mag die Almagtige wat julle genade gegee het om op so 'n kragdadige, vrye en vreeslose wyse te getuig, julle in daardie Christelike standvastigheid tot in ewigheid bewaar." — *D'Aubigne*, vol 13, hfst 6.

Indien die hervorming, nadat dit 'n mate van sukses behaal 205
het, ingestem het om tyd te wen om guns by die wêreld te verseker, sou dit ontrou aan God en hulself gewees het en sou dit sy eie vernietiging verseker het. Die ervaring van hierdie edele hervormers bevat 'n les vir alle daaropvolgende eeue. Satan se wyse van optrede teen God en Sy Woord het nie verander nie; hy is nog steeds net so teen die Skrif as gids vir die lewe gekant, as wat hy in die sestiende eeu was. In ons tyd is daar 'n groot afwyking van die leerstellings en voorskrifte van die Skrif en daar moet na die Protestantse beginsel, naamlik die Bybel en die Bybel alleen, as die reël van geloof en plig, teruggekeer word. Satan werk steeds met alle middele tot sy

beskikking om godsdiensvryheid te vernietig. Die antichristelike mag wat deur die protesteerders van Speyer verwerp is, is nou met hernude ywer besig om sy verlore oppergesag te herstel. Dieselfde onwrikbare handhawing van die Woord van God wat tydens die krisis van die hervorming geopenbaar is, is die enigste hoop op hervorming vir vandag.

Daar was tekens van gevaar vir die Protestante; daar was ook tekens dat die Goddelike Hand uitgesteek is om die gelowiges te beskerm. Dit was ongeveer hierdie tyd dat "Melanchthon haastig sy vriend, Simon Grynaeus, deur die strate van Speyer na die Ryn vergesel het en by hom aangedring om dringend die rivier oor te steek. Laasgenoemde was verbaas oor sulke haastige optrede. ''n Ou man met 'n ernstige en plegtige houding, maar wat vir my onbekend is...' het Melanchthon gesê, '...het voor my verskyn en gesê: binne 'n minuut sal geregsdienaars deur Ferdinand gestuur word om Grynaeus in hegtenis te neem.'"

Gedurende daardie dag, is Grynaeus in 'n preek deur Faber, 'n vooraanstaande pousgesinde doktor, belaster; na afloop daarvan het hy hom skerp berispe omdat hy "...sekere verfoeilike dwalings..." verdedig het. "Faber het sy toorn verberg, maar het onmiddellik daarna na die koning gegaan van wie hy 'n bevel teen hierdie opdringerige professor van Heidelberg verkry het. Melanchthon het nie daaraan getwyfel dat God sy vriend, deur een van Sy heilige engele te stuur om hom te waarsku, gered het nie.

"Roerloos het hy aan die oewer van die Ryn gewag totdat die water van die stroom Grynaeus van sy vervolgers gered het. 'Uiteindelik...' het Melanchthon uitgeroep toe hy hom aan die oorkant sien, '...eindelik is hy weggeskeur uit die wrede kake van diegene wat dors na onskuldige bloed.' Toe Melanchthon na sy huis teruggekeer het, is hy meegedeel dat beamptes wat op soek na Grynaeus was, sy hele huis van bo tot onder geplunder het." — *D'Aubigne*, vol 13, hfst 6.

Die hervorming sou nog groter prominensie voor die magtiges van die aarde verwerf. Die vorste is 'n verhoor deur koning Ferdinand geweier, maar hulle is 'n geleentheid gebied om hul saak in die teenwoordigheid van die keiser en die saamgestelde hooggeplaastes van kerk en staat voor te lê. Om die verdeeldheid wat die ryk versteur het te onderdruk, het Karel V in die jaar ná die Protes van Speyer, die Ryksdag by Augsburg byeengeroep waar hy aangekondig het dat hy self as voorsitter sou optree. Die Protestantse leiers is daarheen ontbied. 206

Groot gevare het die hervorming bedreig, maar die voorstanders daarvan het steeds hulle saak aan God toevertrou en hulle verbind om vas te staan vir die evangelie. Die keurvors van Sakse is deur sy raadslede versoek om nie by die Ryksdag te verskyn nie. Die keiser, het hulle gesê, het die teenwoordigheid van die vorste verlang om hulle in ‘n strik te lei. “Is dit nie 'n groot risiko om jouself saam met ‘n magtige vyand binne die mure van ‘n stad op te sluit nie?” Maar ander het edelmoedig verklaar: “Laat die vorste hulle slegs moedig gedra en die saak van God sal gered wees ... God is getrou; Hy sal ons nie verlaat nie” was Luther se kommentaar. — *D’Aubigne*, vol 14, hfst 2. Die keurvors het met sy gevolg na Augsburg vertrek. Almal was bekend met die gevare wat hom bedreig het en baie het met ‘n sombere gelaat en ‘n besorgde hart daarheen gegaan. Maar Luther, wat hulle tot by Coburg vergesel het, het hulle weifelende geloof versterk deur die lied wat op die reis geskryf is, te sing: “‘n Vaste Burg is Onse God.” Menige angstige voorgevoelens is verdryf en menige beswaarde hart is onder die klank van die inspirerende sang verlig.

Die hervormde prinse het besluit om 'n verklaring van hul standpunte in sistematiese vorm, met bewyse uit die Skrif aan Ryksdag voor te lê; en die werk van voorbereiding is aan Luther, Melanchthon en hulle medewerkers opgedra. Hierdie belydenis is deur die Protestante as ‘n uiteensetting van hul geloof 207

aanvaar en hulle het byeengekom om hulle handtekening op hierdie belangrike dokument aan te bring. Dit was ‘n plegtige en beproewende tyd. Die hervormers was begerig dat hulle saak nie met politieke vrae verwar moes word nie; hulle was van mening dat die hervorming geen ander invloed moes uitoefen as wat van die Woord van God uitgaan nie.

Toe die Christelike vorste na vore kom om die belydenis te onderteken, het Melanchthon tussenbeide getree en gesê: “Dit is vir die teoloë en predikante om hierdie dinge voor te stel; laat ons die gesag van die magtiges van die aarde vir ander sake bewaar.” “God verhoed...” het Johannes van Sakse geantwoord, “...dat julle my sal uitsluit. Ek is vasbeslote om te doen wat reg is, sonder om my oor my kroon te bekommer. Ek wil die Here bely. My keurvorstelike hoed en kleed is nie vir my so kosbaar soos die kruis van Jesus Christus nie.” Nadat hy dit gesê het, het hy sy naam geteken. Een van die ander vorste het, terwyl hy die pen opgeneem het, gesê: “As die eer van my Here Jesus Christus dit vereis, is ek gereed ... om my besittings en lewe agter te laat.” Hy het voortgegaan: “Ek sal liewer van my onderdane en my state afstand doen, eerder my vaderland met ‘n staf in die hand verlaat, as om enige ander leerstelling wat nie in hierdie belydenis vervat is nie, aan te neem.” — *D’Aubigne*, vol 14, hfst 6. Dit was die geloof en durf van hierdie manne van God.

Die aangewese tyd om voor die keiser te verskyn het aangebreek. Karel V, wat op sy troon gesit het, omring deur keurvorste en prinse, het ‘n oudisie aan die Protestantse hervormers toegestaan. Die belydenis van hulle geloof is gelees. Op daardie deurlugtige vergadering is die waarhede van die evangelie duidelik uiteengesit en die dwaalleer van die pouslike kerk geopenbaar. Tereg word daardie dag “...die grootste dag van die hervorming en een van die glorierykste dae in die geskiedenis van die Christendom en die mensdom” genoem. — *Id*, vol 14, hfst 7.

Slegs ‘n paar jaar het verloop sedert die tyd toe die monnik van Wittenberg alleen voor die nasionale raad in Worms gestaan het. Nou het die edelste en magtigste vorste van die ryk in sy plek gestaan. Luther was belet om in Augsburg te verskyn, maar hy was teenwoordig deur sy woorde en gebede. “Ek is verheug...” het hy geskryf, “...dat ek tot hierdie uur gespaar is, waarin Christus in die openbaar deur sulke roemryke belyers en in so ‘n glorieryke vergadering verhoog is.” — *Id*, vol 14, hfst 7. So is die Skrif vervul wat lui: “Ook wil ek voor konings van U getuienisse spreek.” (Ps 119:46).

In die dae van Paulus is die evangelie waarvoor hy gevange 208
geneem is, op hierdie wyse voor die vorste en adel van die keiserlike stad gebring. Dit wat die keiser verbied het om van die preekstoel af gepreek te word, is aldus by hierdie geleentheid vanuit die paleis verkondig; wat baie as ongeskik beskou het om na te luister, selfs vir bediendes, is met verbasing deur die meesters en here van die ryk gehoor. Konings en vername manne het die gehoor uitgemaak; bekroonde vorste was die predikers en die preek was die bekroonde waarheid van God. “Sedert die apostolies era...” het ‘n skrywer gesê, “...was daar nog nooit ‘n groter werk of ‘n meer manjifieke belydenis nie.” — *D’Aubigne*, vol 14, hfst 7.

“Alles wat die Lutherane gesê het, is waar; ons kan dit nie ontken nie” het ‘n pouslike biskop verklaar. “Kan u met grondige rede, die Belydenis wat deur die keurvors en sy bondgenote gemaak is, weerlê?” het 'n ander van dr Eck gevra. Die antwoord was: “Met die geskrifte van die apostels en profete — nee! Maar met dié van die Vaders en die rade, ja!” “Ek verstaan...” het die vraer daarop gesê, “...dat die Lutherane, volgens u, binne die Skrifte staan en ons is buite.” — *Id*, vol 14, hfst 8.

Sommige van die vorste van Duitsland is tot die hervormde geloof gewen. Die keiser het self verklaar dat die Protestantse artikels maar net die waarheid was. Die Belydenis is in baie tale

vertaal en deur die hele Europa versprei en is deur miljoene in die daaropvolgende geslagte as die uitdrukking van hul geloof aanvaar.

Die getroue diensknegte van God het nie alleen geswoeg nie. Terwyl "...owerhede en magte en bose geeste..." teen hulle saamgestaan het, het die Here sy volk nie verlaat nie. Indien hulle oë kon oopgaan, sou hulle die duidelike bewys van die Goddelike teenwoordigheid en hulp gesien het soos wat aan 'n profeet van ouds verleen is. Toe Elisa se dienskneg sy meester op die vyandige leër wat hulle omsingel het en hulle van alle geleenthede vir ontsnapping afgesny het gewys het, het die profeet gebid: "Here open tog sy oë dat hy kan sien." (2 Kon 6:17). En meteens was die berg omring met strydwaens en perde van vuur; die leër van die hemel was gereed om die man van God te beskerm. So het engele ook die werkers van die hervorming beskerm.

Een van die beginsels wat die sterkste deur Luther 209
gehandhaaf is, was dat daar geen beroep op 'n sekulêre mag gedoen moes word om die hervorming te ondersteun nie en geen beroep op wapens vir die verdediging daarvan nie. Hy was verheug dat die evangelie deur die vorste van die ryk bely is; maar toe hulle voorgestel het om 'n bondgenootskap aan te gaan, het hy verklaar dat "...die doktrine van die evangelie deur God alleen verdedig moes word... Hoe minder die mens in die werk ingemeng het, hoe meer opvallend sou God se ingryping ten behoewe daarvan wees. Al die politieke voorsorgmaatreëls wat voorgestel is, was na sy mening, toe te skryf aan onwaardige vrees en sondige wantroue." — *D'Aubigne*, vol 10, hfst 14, Londense uitgawe.

Toe magtige vyande saamgespan het om die hervormde geloof omver te werp en dit gelyk het of duisende swaarde daarteen ontbloot word, het Luther geskryf: "Satan se woede is ontketen; goddelose priesterhoofde het saamgesweer en ons word met oorlog bedreig. Vermaan die volk om heldhaftig voor

die troon van God met geloof en gebed te stry, sodat ons vyande, oorwin deur die Gees van God, tot vrede gedwing kan word. Ons grootste behoefte, ons grootste werk, is gebed; laat die volk verstaan dat hulle nou aan die skerpte van die swaard en aan die woede van Satan blootgestel word en laat hulle bid." — *D'Aubigne*, vol 10, hfst 14.

Weer, op 'n later stadium, met verwysing na die verbond wat die hervormde vorste beoog het, het Luther weer verklaar dat die enigste wapen wat in hierdie oorlog gebruik mag word, "...die swaard van die Gees..." moet wees. Hy het aan die keurvors van Sakse geskryf: "Ons kan nie met 'n rein gewete die voorgestelde alliansie goedkeur nie. Ons sal eerder tien keer sterf as om toe te laat dat die evangelie een druppel bloed vergiet. Ons deel is om soos lammers ter slagting te wees. Die kruis van Christus moet gedra word. Laat u hoogheid sonder vrees wees. Ons sal meer deur ons gebede doen as al ons vyande met hulle grootpratery. Laat u hande net nie met die bloed van u broers bevlek word nie. As die keiser versoek dat ons aan sy tribunale oorgegee moet word, is ons gereed om te verskyn. U kan nie ons geloof verdedig nie; elkeen moet op sy eie risiko en gevaar glo." — *Id*, vol 14, hfst 1.

Vanuit die heimlike plek van gebed, het die krag wat die 210
wêreld in die groot hervorming geskud het, gekom. Daar, met heilige kalmte, het die diensknegte van die Here hul voete op die rots van Sy beloftes geplaas. Gedurende die stryd in Augsburg "...het Luther nie 'n dag deurgebring sonder om minstens drie uur aan gebed te wy nie en dit was ure wat in die mees gunstigste tyd vir studie afgestaan is." In die privaatheid van sy kamer kon daar gehoor word hoe hy sy siel voor God uitstort in woorde "...vol aanbidding, vrees en hoop soos wanneer 'n mens met 'n vriend praat." "Ek weet dat U onse Vader en ons God is..." het hy gesê, "...en dat U die vervolgers van U kinders sal verstrooi; want Uself is saam met ons in gevaar. Al hierdie aangeleenthede is van U en dit is slegs deur

U aandrang dat ons ons hande daarop gelê het. Verdedig ons dan, o Vader!" — *D'Aubigne*, vol 14, hfst 6.

Aan Melanchthon, wat verpletter was onder die las van angs en vrees, het hy geskryf: "Genade en vrede in Christus — in Christus sê ek en nie in die wêreld nie. Amen. Ek haat uitermate daardie oorweldigende sorge wat jou verteer. As die saak onregverdig is, laat dit vaar; as die saak regverdig is, waarom moet ons dan die beloftes van Hom wat ons beveel om sonder vrees te gaan slaap ontken? ... Christus sal ons nie in die werk van geregtigheid en waarheid begewe nie. Hy leef, Hy regeer; watter vrees kan ons dan hê?" — *D'Aubigne*, vol 14, hfst 6.

God het wel na die geroep van Sy dienaars geluister. Hy het aan die vorste en predikante genade en moed geskenk om die waarheid teen die heersers van die duisternis van hierdie wêreld te handhaaf. Die Here het gesê: "Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie." (1 Pet 2:6). Die Protestantse hervormers het op Christus voortgebou en die poorte van die hel kon hulle nie oorweldig nie.

## Hoofstuk 12 211

# Die Franse Hervorming

Die Protes van Speyer en die Belydenis van Augsburg wat die oorwinning van die hervorming in Duitsland gekenmerk het, is deur jare van konflik en duisternis gevolg. Verswak deur verdeeldheid onder sy ondersteuners en aangeval deur magtige vyande, het dit gelyk asof Protestantisme heeltemal vernietig sou word. Duisende het hulle belydenis met hulle bloed verseël. Burgeroorlog het uitgebreek; die Protestantse saak is deur een van die voorste aanhangers daarvan verraai; die edelste van die gereformeerde prinse, het as gevangenes in die hande van die keiser geval en hulle is van stad tot stad gesleep. Maar op die oomblik van sy oënskynlike oorwinning is die keiser met 'n nederlaag geslaan. Hy het gesien hoe sy slagoffers uit sy hande geruk word en eindelik is hy gedwing om verdraagsaamheid teenoor die leerstellings wat hy so graag wou vernietig te betoon. Hy het sy koninkryk, sy skatte en die lewe self in die skaal gewerp om die kettery uit te roei. Nou het hy gesien hoedat sy leërs in gevegte vernietig word, sy skatkamers leegloop en sy veelvuldige koninkryke met opstand bedreig word, terwyl die geloof wat hy tevergeefs probeer onderdruk het, oral uitgebrei het. Karel V was besig om teen die Almagtige te veg. God het gesê: “Laat daar lig wees...” maar die keiser het gepoog om die duisternis ononderbroke te hou. Hy het nie in sy doelwit geslaag nie; en op voortydige ouderdom, uitgeput as gevolg van die lang stryd, het hy afstand van die troon gedoen en homself in ‘n klooster begrawe.

In Switserland, soos in Duitsland, het daar donker dae vir die 212
hervorming aangebreek. Terwyl baie van die distrikte die hervormde geloof aangeneem het, het ander blindelings aan die geloofsbelydenis van Rome vasgehou. Hulle vervolging van diegene wat die waarheid voorgestaan het, het eindelik tot burgeroorlog aanleiding gegee. Zwingli en baie wat met hom in die hervorming verenig het, het op die bloedige slagveld van

Kappel geval. Oecolampadius, oorweldig deur die verskriklike rampe, is kort daarna oorlede. Rome was triomfantlik en op baie plekke het dit gelyk asof sy alles wat sy verloor het sou herwin. Maar Hy, wie se raadsbesluite ewig is, het nie Sy saak of Sy volk verlaat nie. Sy hand sou vir hulle bevryding bring. Hy het in ander lande werkers opgerig om die hervorming voort te sit. In Frankryk het die dag reeds begin breek, nog voor die naam van Luther as hervormer gehoor is. Een van die eerstes wat die lig gesien het, was die bejaarde Lefèvre, 'n geleerde, 'n professor aan die Universiteit van Parys en 'n opregte en ywerige Katoliek. In sy navorsing oor antieke literatuur, is sy aandag op die Bybel gevestig en hy het die studie daarvan aan sy studente bekendgestel.

Lefèvre was 'n geesdriftige aanbidder van die heiliges en hy het onderneem om die geskiedenis van die heiliges en die martelare, soos in die legendes van die kerk uiteengesit, op te stel. Dit was 'n veeleisende taak; hy het reeds aansienlike vordering daarmee gemaak, toe hy gedink het dat hy nuttige inligting uit die Bybel sou bekom en met hierdie doel voor oë, het hy begin om 'n studie daarvan te maak. Hier het hy inderwaarheid heiliges aangetref, maar nie soos dié wat in die Roomse kalender voorgekom het nie. 'n Vloed van Goddelike lig het sy verstand verlig en het hom van sy selfopgelegde taak laat wegdraai om hom aan die Woord van God te wy. Die kosbare waarhede wat hy daarin ontdek het, het hy spoedig begin verkondig.

In 1512, nog voordat Luther of Zwingli met die werk van die 213
hervorming begin het, het Lefèvre geskryf: "Dit is God wat aan ons, deur geloof, die geregtigheid gee wat deur genade alleen die ewige lewe regverdig." — *Wylie*, vol 13, hfst 1. Terwyl hy die verborgenhede van die verlossing oorpeins het, het hy uitgeroep: "O, die onuitspreeklike grootheid van daardie verwisseling — die sondelose Een is veroordeel en hy wat skuldig is, gaan vry; die Geseënde dra die vloek en die vervloekte ontvang die seën; die Lewe sterf en die dooies lewe;

die Heerlikheid word met duisternis omhul en diegene wat niks behalwe verwarring geken het nie, word met heerlikheid beklee." — *D'Aubigne* vol 12, hfst 2, Londense uitgawe.

En terwyl hy geleer het dat die heerlikheid van die saligheid aan God alleen behoort, het hy ook verklaar dat die plig van gehoorsaamheid by die mens berus. "As jy 'n lid van die kerk van Christus is..." het hy gesê, "...is jy 'n lid van Sy liggaam; as jy 'n lid van Sy liggaam is, dan is jy vol van die Goddelike natuur... O, as mense maar net die volle begrip van hierdie voorreg kon begryp, hoe rein, kuis en heilig sou hulle nie lewe nie en hoe veragtelik, in vergelyking met die heerlikheid binne hulle – daardie heerlikheid wat die vleeslike oog nie kan sien nie – sou hulle die heerlikheid van hierdie wêreld nie beskou nie." — *Id* vol 12, hfst 2.

Daar was sommige onder Lefèvre se studente, wat gretig na sy woorde geluister het en wat lank ná die leraar se stem stil was, sou voortgaan om die waarheid te verkondig. Een van hulle was William Farel. Die seun van vroom ouers en wat geleer is om die leerstellings van die kerk met implisiete geloof te aanvaar, kon hy, saam met die apostel Paulus, oor homself verklaar het dat ek: "...volgens die strengste party van ons godsdiens as Fariseër geleef het." (Hand 26:5). Hy was 'n toegewyde Katoliek het met ywer gebrand om almal wat dit sou waag om die kerk te opponeer te vernietig. "Ek het my tande soos 'n woedende wolf gekners..." het hy later met verwysing na hierdie tydperk van sy lewe gesê, "...as ek enigeen teen die pous hoor praat het." — *Wylie*, vol 13, hfst 2. Hy was onvermoeid in sy aanbidding van die heiliges en het saam met Lefèvre 'n rondte by al die kerke van Parys gedoen, voor hulle altare aanbid en die beelde van die heiliges met geskenke versier. Maar hierdie gebruike kon nie vir hom sielerus bring nie. 'n Oortuiging van sonde het van hom besit geneem wat al sy boetedoening nie in staat was om te verdryf nie. Soos na 'n stem uit die hemel, het hy na die hervormer se woorde geluister: "Die saligheid is uit genade ... Die Onskuldige is

veroordeel en die misdadiger vrygespreek ... Dit is die kruis van Christus alleen wat die poorte van die hemel oopmaak en die poorte van die hel sluit." — *Wylie*, vol 13, hfst 2.

Farel het die waarheid met blydskap aanvaar. Deur 'n bekering soos dié van Paulus, is hy uit die slawerny van tradisie tot die vryheid van die seuns van God verlos. "In stede van die moordlustige hart van 'n verskeurende wolf, het hy teruggekom..." het hy gesê, "...stil, soos 'n sagmoedige en skadelose lam, met 'n hart heeltemal van die pous afgewend en aan Jesus Christus oorgegee." — *D'Aubigne*, vol 12, hfst 3. 214

Terwyl Lefèvre voortgegaan het om die waarheid onder sy studente te versprei, het Farel, nou net so ywerig vir die saak van Christus as wat hy vir dié van die pous was, voortgegaan om die waarheid in die openbaar te verkondig. 'n Hoogwaardigheidsbekleër van die kerk, die biskop van Meaux, het kort daarna by hulle aangesluit. Ander leraars wat hoog aangeskrewe vir hulle bekwaamheid en geleerdheid was, het ook die evangelie begin verkondig en daar is aanhangers vanuit alle geledere, uit die huise van ambagsmanne en arbeiders en selfs die paleis van die koning, gewerf. Die suster van Francis I, die heersende vors, het die hervormde geloof aangeneem. Die koning self en die koningin-moeder het die geloof vir 'n tyd gunstig bejeën en met groot hoop het die hervormers uitgesien na die tyd wanneer Frankryk vir die evangelie gewen sou word.

Maar hulle hoop sou nie verwesenlik word nie. Beproewing en vervolging het op die dissipels van Christus gewag. Dit was egter genadiglik vir hulle oë verberg. 'n Tyd van vrede het intussen aangebreek sodat hulle kragte versterk kon word om die storm te trotseer en die hervorming het vinnig vooruitgang gemaak. Die biskop van Meaux het ywerig in sy eie bisdom gearbei om geestelikes sowel as leke te onderrig. Onkundige en onsedelike priesters is verwyder en, sovêr moontlik, met mense van geleerdheid en vroomheid vervang. Die biskop was baie begerig dat sy mense vir hulleself toegang tot die Woord van

God moes hê en dit is spoedig volbring. Lefèvre het onderneem om die Nuwe Testament te vertaal; en op dieselfde tydstip toe Luther se Duitse Bybel deur die pers in Wittenberg uitgegee is, is die Franse Nuwe Testament in Meaux uitgegee. Die biskop het geen arbeid of onkoste ontsien om die Bybel in sy gemeentes te versprei nie en die kleinboere van Meaux was weldra in besit van die Heilige Skrifte.

Soos reisigers, wat besig was om te vergaan van die dors, 'n 215
lewende fontein van water met vreugde verwelkom, so het hierdie siele die hemelse boodskap ontvang. Die arbeiders op die lande en die ambagsmanne in die werkswinkels, het hulle daaglikse arbeid met vreugde verlig deur oor die heerlike waarhede van die Bybel te praat. Saans, in plaas van na die kroeë te gaan, het hulle in mekaar se huise vergader om die Woord van God te lees en in gebed en lofsange te verenig. 'n Groot verandering het spoedig in hierdie gemeenskappe gemanifesteer. Hoewel hulle aan die nederigste klas behoort het, ‘n ongeletterde maar hardwerkende boerestand, is die hervormende, opheffende krag van Goddelike genade in hulle lewens te sien. Nederig, liefdevol en heilig het hulle as getuies van wat die evangelie kan vermag vir diegene wat dit in opregtheid aanneem, gestaan.

Die lig wat in Meaux aangesteek is, het sy strale ver uitgeskiet. Die getal bekeerlinge het daagliks toegeneem. Die woede van die hiërargie is vir ‘n tyd in bedwang gehou deur die koning, wat die enge dwepery van die monnike verag het, maar die pouslike leiers het uiteindelik die oorhand verkry. Die brandstapel is opgerig. Die biskop van Meaux, gedwing om tussen die brandstapel en herroeping te kies, het die makliker uitweg gekies; maar ten spyte van die val van hul leier, het sy volgelinge onwrikbaar gestaan. Baie het vir die waarheid in die vlamme getuig. Deur hulle moed en getrouheid op die brandstapel, het hierdie nederige Christene tot duisende, wat

in die dae van vrede nooit hulle getuienis gehoor het nie, gespreek.

Dit was nie alleen die nederiges en armes wat te midde van lyding en veragting vir Christus getuig het nie. In die pragtige sale van die kasteel en die paleis was daar koninklike siele wat die waarheid bo rykdom, stand of selfs die lewe gekoester het. Koninklike wapenrusting het ‘n edeler en getrouer gees bedek as die biskop se kleed en mus. Lodewyk de Berquin was van adellike afkoms. ‘n Dapper en hoflike ridder, was hy toegewy aan studie, beskaafd en van onbesproke sedes. “Hy was...” het 'n outeur gesê, “...'n ywerige volgeling van die pouslike instellings en ‘n getroue bywoner van die mis en die preke; ... en hy het al sy ander deugde bekroon deur ‘n besondere afsku vir Lutheranisme.” Maar soos soveel ander wat deur die Voorsienigheid na die Bybel gelei is, was hy verbaas om daar te vind “...nie die leerstellings van Rome nie, maar die leerstellings van Luther.” — *Wylie*, vol 13, hfst 9. Voortaan het hy homself volkome aan die saak van die evangelie toegewy. 216

“As een van die geleerdste adellikes van Frankryk...” het sy genialiteit, welsprekendheid, onwrikbare moed, heroïese ywer en sy invloed aan die koninklike hof — want hy was ‘n gunsteling van die koning — veroorsaak dat hy deur baie as een wat bestem was om die hervormer van sy land te wees, beskou. Van hom het Beza gesê: “Berquin sou ‘n tweede Luther gewees het as hy in Francis I 'n tweede keurvors gevind het ... Hy is erger as Luther...” het die Roomsgesindes uitgeroep. — *Id* vol 13, hfst 9. Hy is inderdaad meer deur die Roomsgesindes van Frankryk gevrees. Hulle het hom as 'n ketter in die gevangenis gewerp, maar hy is deur die koning vrygelaat. Vir jare het die stryd voortgeduur. Francis, wat tussen Rome en die hervorming gewankel het, het alternatiewelik die vurige ywer van die monnike geduld en teruggehou. Berquin is drie keer deur die pouslike owerhede in die gevangenis gewerp om net weer deur die koning vrygelaat te word, wat sy genialiteit en edel karakter

bewonder het en geweier het om hom aan die kwaadwilligheid van die hiërargie oor te lewer.

Berquin is herhaaldelik teen die gevaar wat hom in Frankryk bedreig het gewaarsku en daar is by hom aangedring om diegene wat veiligheid in vrywillige ballingskap verkry het, te volg. Die skugter en besluitelose Erasmus wat met al die luister van sy geleerdheid tekort geskiet het aan daardie morele grootsheid wat lewe en eer ondergeskik aan waarheid hou, het aan Berquin geskryf: "Vra om as ambassadeur na 'n vreemde land gestuur te word; gaan reis in Duitsland. Jy ken vir Beda en ander soos hy — hy is 'n duisend-koppige monster wat gif in alle rigtings uitskiet. Jou vyande is legio. Al was jou saak beter as die van Jesus Christus, sal hulle jou nie laat gaan totdat hulle jou ellendiglik vernietig het nie. Moenie te veel op die beskerming van die koning vertrou nie. In alle geval, moet my nie by die fakulteit van teologie in gevaar bring nie" — *Wylie*, vol 13, hfst 9.

Maar namate die gevare toegeneem het, het Berquin se 217
ywer net sterker geword. Inteendeel, ver van die politiese en selfsugtige raad van Erasmus aan te neem, het hy op nog meer blatante maatreëls besluit. Nie alleen sou hy die waarheid verdedig nie, maar hy sou dwaalleer aanval. Die beskuldiging van kettery wat die Roomsgesindes gepoog het om teen hom te bring, sou hy op hulle vaspen. Sy mees bedrywige en bitterste opponente, was die geleerde doktore en monnike van die teologiese afdeling aan die Universiteit van Parys, een van die gesaghebbendste kerklike beheerliggame, beide in die stad en die volk. Uit die geskrifte van hierdie doktore het Berquin twaalf stellings gehaal wat hy in die openbaar verklaar het as "...teenstrydig met die Bybel en ketters..." en hy het 'n beroep op die koning gedoen om in hierdie teenstrydige saak as regter op te tree.

Die koning wat nie ongeneë was om die krag en skranderheid van die strydende partye teenoor mekaar te stel

nie en ook bly was vir die geleentheid om die trots en hoogmoed van die monnike te verneder, het die Roomsgesindes beveel om hulle saak met die Bybel te verdedig. Hulle het goed geweet dat hierdie wapen hulle weinig sou baat; gevangenisstraf, marteling en die brandstapel was wapens wat hulle baie beter verstaan het om te hanteer. Nou was die skoen aan die ander voet en hulle het hulself gesien val in die put waarin hulle gehoop het om Berquin te gooi. Met ontsteltenis het hulle na ‘n uitweg gesoek.

“Juis in daardie tyd is ‘n beeld van die Maagd op een van die straathoeke beskadig.” Daar was groot opgewondenheid in die stad. Menigtes het na die plek gestroom met uitinge van roubetoon en verontwaardiging. Die koning was ook diep geroer. Hier was 'n voordeel wat die monnike tot goeie voordeel kon aanwend en hulle was vinnig om dit te benut. “Dit is die vrugte van die leerstellings van Berquin...” het hulle uitgeroep. “Alles is besig om omver gewerp te word – godsdiens, die wette, selfs die troon – deur hierdie Lutheraanse sameswering.” — *Wylie,* vol 13, hfst 9.

Weereens is Berquin aangekeer. Die koning het Parys 218
verlaat en die monnike was sodoende toegelaat om hul eie wil te volg. Die hervormer is verhoor en tot die dood veroordeel; en om te verhoed dat Francis weer tussenbeide tree om hom te red, is die vonnis op dieselfde dag wat dit uitgespreek is voltrek. Op die middaguur is Berquin na die plek van veroordeling gelei. ‘n Geweldige skare het vergader om die toneel te aanskou en daar was baie wat met verbystering en wantroue gesien het dat die slagoffer uit een van die beste en dapperste adellike families van Frankryk geneem is. Verbasing, verontwaardiging, minagting en bittere haat het die harte van daardie saamgedromde menigte gevul; maar daar was een gesig waarop geen skaduwee gerus het nie. Die martelaar se gedagtes was ver van hierdie oproerige toneel verwyderd; hy was alleenlik bewus van die teenwoordigheid van sy Here.

Die lamlendige kar waarop hy gery het, die fronsende gesigte van sy vervolgers, die verskriklike dood wat hy tegemoetgegaan het — hierop het hy geen ag geslaan nie; Hy wat dood was en lewe, wat tot in alle ewigheid sal lewe en wat die sleutels van die dood en die hel het, was aan sy sy. Berquin se gelaat het gestraal van die lig en vrede van die hemel. Hy het homself goed geklee, met "...'n mantel van fluweel, 'n onderbaadjie van satyn en damas en met goudgeel kouse." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 2, hfst 16. Hy sou voor die Koning van die konings en die getuigende heelal vir sy geloof getuig en geen teken van rou sou sy vreugde weerspreek nie.

Terwyl die stoet stadig deur die besige strate beweeg het, het die mense met verwondering die rustige vrede en vreugdevolle triomf van sy uitdrukking en houding opgemerk. "Hy is..." het hulle gesê, "...soos een wat in 'n tempel sit en oor heilige dinge peins." — *Wylie*, vol 13, hfst 9.

Op die brandstapel het Berquin probeer om die mense met 'n paar woorde toe te spreek; maar die monnike, bevrees vir die gevolge, het begin skreeu en die soldate het hulle wapens laat kletter en hulle lawaai het die martelaar se stem uitgedoof. So het in 1529, die hoogste letterkundige en geestelike gesag van beskaafde Parys, "...aan die volk van 1793 die lae voorbeeld om op die skavot die heilige woorde van sterwendes stil te maak, gestel." — *Wylie*, vol 13, hfst 9.

Berquin is verwurg en sy liggaam is deur die vlamme verteer. 219
Die tyding van sy dood het deur die hele Frankryk groot verdriet onder die vriende van die hervorming veroorsaak. Maar sy voorbeeld was nie tevergeefs nie. "Ons is ook gereed..." het die getuies van die waarheid gesê, "...om die dood met blymoedigheid tegemoet te gaan, met ons oë op die hiernamaals gevestig." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 2, hfst 16.

Tydens die vervolging in Meaux, is die leraars van die hervormde geloof van hulle lisensie om te preek ontneem en hulle het na ander arbeidsvelde vertrek. Lefèvre het na 'n tyd na Duitsland gegaan, Farel het na sy geboortedorp in Oos-Frankryk teruggekeer om die lig van die waarheid in die plek van sy kinderdae te versprei. Tyding van wat in Meaux gebeur het is reeds daar ontvang en die waarheid wat hy met vreeslose ywer geleer het, het luisteraars bygekry. Die owerheid is spoedig opgewek om hom stil te maak en hy is uit die stad verban. Hoewel hy nie langer in die openbaar kon arbei nie, het hy die vlaktes en dorpe deurkruis, onderrig in privaat wonings gegee en skuiling in die woude en tussen die rotsagtige grotte wat hy in sy kinderjare opgesoek het, gevind. God was besig om hom op groter beproewings voor te berei. "Die kruise, vervolgings en bedrog van Satan waarteen ek gewaarsku is, het nie uitgebly nie..." het hy gesê; "...hulle is selfs erger as wat ek uit my eie sou kon verduur; maar God is my Vader; Hy het voorsien en sal my altyd van die krag wat ek nodig het voorsien." — *D'Aubigne*, vol 12, hfst 9.

Net soos in die dae van die apostels, het vervolging "...eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop." (Fil 1:12). Verdryf uit Parys en Meaux, het "...die wat verstrooi was, die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig." (Han 8:4). Sodoende het die lig tot in baie van die afgeleeë provinsies van Frankryk deurgedring.

God was steeds besig om arbeiders voor te berei om Sy saak 220
uit te brei. In een van die skole van Parys was daar 'n bedagsame, stil jeugdige, wat reeds blyke van 'n kragtige en ondersoekende gees getuig het en nie minder vir die onbesprokenheid van sy lewe as vir sy intellektuele ywer en godsdienstige toewyding gekenmerk is nie. Sy genialiteit en toepassing het hom spoedig die trots van die skool gemaak en met vertroue is daar verwag dat Johannes Calvyn een van die bekwaamste en mees geërde verdedigers van die kerk sou word. Maar 'n straal van Goddelike hoop het selfs deur die

mure van die skolastiek en bygeloof wat Calvyn omsluit het, gedring. Met ‘n siddering het hy van die nuwe leerstellings gehoor en nie daaraan getwyfel dat die ketters die vuur waarvan hulle die slagoffers geword het verdien het nie. Maar, onwetend is hy van aangesig tot aangesig met kettery gebring en gedwing om die mag van die Roomse teologie, om die Protestantse lering te bestry, te toets.

‘n Neef van Calvyn wat by die hervormers aangesluit het, was in Parys. Hierdie twee bloedverwante het mekaar dikwels ontmoet en die dinge wat die Christelike geloof in beroering gebring het, bespreek. “Daar is slegs twee godsdienste in die wêreld...” het Olivétan, die Protestant, gesê: “...die een is die godsdiens wat deur mense uitgedink is, waardeur die mens homself red deur seremonies en goeie werke; die ander is die godsdiens wat in die Bybel geopenbaar is en wat die mens leer om alleenlik in die vrye genade van God na redding te soek.”

“Ek wil niks van jou nuwe leerstellings weet nie...” het Calvyn uitgeroep; “...dink jy dat ek al my dae in dwaling deurgebring het?” — *Wylie*, vol 13, hfst 7.

Maar gedagtes is in hom ontketen wat hy nie so maklik kon afskud nie. Alleen in sy kamer, het hy oor sy neef se woorde gepeins. Hy was oortuig van sonde; hy het homself gesien, sonder 'n bemiddelaar, voor die heilige en regverdige Regter. Die bemiddeling van heiliges, goeie werke, die seremonies van die kerk, al hierdie dinge was magteloos om versoening vir sonde te doen. Voor hom kon hy niks anders as net die duisternis van ewige wanhoop sien nie. Tevergeefs het die doktore van die kerk probeer om sy wee te verlig. Vergeefs het hy hom tot belydenis en boetedoening gewend; dit kan nie die siel met God versoen nie.

Terwyl hy nog in hierdie vrugtelose stryd gewikkel was, het 221
Calvyn, wat op 'n dag besluit het om een van die openbare pleine te besoek, gesien het hoedat ‘n ketter verbrand word. Hy was met verwondering vervul oor die uitdrukking van vrede

wat op die martelaar se aangesig gerus het. Te midde van die foltering van daardie skrikwekkende dood en onder die meer skrikwekkende veroordeling van die kerk, het hy ‘n geloof en heldhaftigheid gemanifesteer wat die jong student pynlik met die smart van sy eie wanhoop en duisternis, terwyl hy in die strengste gehoorsaamheid aan die kerk geleef het, vergelyk het. Hy het geweet dat die ketters hulle geloof op die Bybel gegrond het. Hy het besluit om dit te bestudeer en indien moontlik, die geheim van hul vreugde te ontdek.

In die Bybel het hy Christus gevind. “O Vader...” het hy uitgeroep, “...Sy offer het U toorn bevredig; Sy bloed het my onreinheid afgewas; Sy kruis het my vloek gedra; Sy dood het vir my versoening gedoen. Ons het vir onsself baie nuttelose dwaashede uitgedink, maar U het U Woord soos ‘n fakkel voor my geplaas en U het my hart aangeraak, sodat ek alle verdienstes, behalwe die van Jesus, verafsku.” — *Martyn*, vol 3, hfst 13.

Calvyn is as priester opgelei. Toe hy slegs twaalf jaar oud was, het hy die kapelaan van ‘n klein kerkie geword en sy hoof is deur die biskop, ooreenkomstig die wet van die kerk, kaal geskeer. Hy is nie georden nie en het ook nie die pligte van ‘n priester vervul nie, maar hy het ‘n lid van die geestelikes geword, die titel van sy amp gedra en 'n toelaag uit hoofde daarvan, ontvang.

Aangesien hy nou gevoel het dat hy nooit ‘n priester kan word nie, het hy in die regte begin studeer; maar uiteindelik het hy hierdie doel laat vaar en besluit om sy lewe aan die evangelie te wy. Maar hy het gehuiwer om 'n openbare leraar te word. Hy was van nature skugter en belas met 'n sin vir die gewigtige verantwoordelikheid van die posisie en besluit om homself steeds aan sy studies te wy. Op ernstige aandrang van sy vriende het hy egter toegegee. “Dit is wonderlik...” het hy gesê, “...dat iemand van so ‘n nederige afkoms tot sulke groot waardigheid verhef kan word.” — *Wylie*, vol 13, hfst 9.

Stil het Calvyn sy werk aanvaar en sy woorde was soos vars doudruppels wat die aarde verfris. Hy het Parys verlaat en was in een van die provinsiale dorpe onder beskerming van Prinses Margaretha wat, omdat sy die evangelie liefgehad het, die dissipels daarvan beskerm het. Calvyn was nog 'n jeugdige met ‘n sagmoedige, onpretensieuse voorkoms. Sy werk het met die mense by hulle huise begin. Omring deur die lede van die huisgesin, het hy die Bybel gelees en die waarhede van die saligheid verduidelik. Diegene wat die boodskap gehoor het, het die goeie tyding aan ander gebring en eerlank het die leraar buite die stad na afgeleë en klein dorpies gegaan. Hy het toegang tot beide die kasteel en die hut ontvang en het voortgegaan en die fondasie van kerke gelê wat vreeslose getuies vir die waarheid sou voortbring. 222

Na slegs ’n paar maande later, was hy weer terug in Parys. Daar was ‘n ongewone oproer onder die geleerdes. Die studie van antieke tale het mense na die Bybel gelei en baie wie se harte onaangeraak deur die waarhede daarvan was, het dit gretig bespreek en selfs 'n stryd met die kampvegters van die Roomse geloof gevoer. Hoewel Calvyn ‘n bekwame vegter in teologiese geskille was, het hy ‘n hoër roeping gehad om te vervul as dié van die luidrugtige geleerdes. Die denke van die mense is aangewakker en dit was nou die tyd om die waarheid vir hulle oop te stel. Terwyl die sale van die universiteite met die geraas van teologiese dispute weerklink het, het Calvyn van huis tot huis gegaan, die Bybel vir die mense oopgestel en met hulle oor Christus en Hy gekruisig, gepraat.

In die voorsienigheid van God, sou Parys weer ‘n uitnodiging 223
ontvang om die evangelie aan te neem. Die oproep van Lefèvre en Farel is verwerp, maar weer sou die boodskap deur alle klasse in daardie hoofstad gehoor word. Die koning, deur politiese oorwegings beïnvloed, het nog nie homself volkome aan die kant van Rome teen die hervorming geskaar nie. Margaretha het steeds aan die hoop bly vaskleef dat Protestantisme in Frankryk sou seëvier. Sy het haar

voorgeneem dat die hervormde geloof in Parys gepreek moes word. In die afwesigheid van die koning, het sy 'n Protestantse predikant beveel om in die kerke van die stad te preek. Maar aangesien dit deur die pouslike hoogwaardigheidsbekleërs verbied is, het die prinses die paleisdeure oopgegooi en daar is aangekondig dat daar elke dag op 'n spesifieke uur, 'n preek gepreek sal word en dat mense van alle range en geledere genooi is om dit by te woon. Skares het die dienste bygewoon. Nie slegs die kapel nie, maar ook die sykamers en sale is toegestroom. Elke dag het duisende byeengekom — adellikes, staatsmanne, wetgeleerdes, handelaars en ambagsmanne. Die koning, in plaas van die byeenkomste te verbied, het beveel dat twee van die kerke in Parys geopen moes word. Nooit voorheen was die stad so deur die Woord van God aangeroer nie. Dit het geblyk asof die Gees van die lewe uit die hemel op die mense neergedaal het. Matigheid, reinheid, ordelikheid en arbeid het die plek van dronkenskap, ontug, oproer en ledigheid ingeneem.

Maar die hiërargie het nie stilgesit nie. Die koning het steeds geweier om in te meng om die prediking te verbied en hulle het hulle na die volk gewend. Geen moeite is ontsien om die vrees, vooroordele en fanatisme van die onkundiges en bygelowiges op te wek nie. Deur ‘n blindelingse oorgawe aan valse leraars het Parys, net soos Jerusalem van ouds, nie die tyd van hul besoeking of die dinge wat tot hul vrede gedien het, herken nie. Vir twee jaar is die Woord van God in die hoofstad verkondig; maar terwyl daar baie was wat die evangelie aangeneem het, het die meerderheid van die volk dit verwerp. Francis het 'n vertoon van verdraagsaamheid gelewer, slegs om sy eie belange te bevorder en die Roomsgesindes het daarin geslaag om die opkoms te herwin. Weer is die kerke gesluit en brandstapels opgerig.

Calvyn was nog steeds in Parys, besig om homself deur 224
studie, oorpeinsing en gebed vir sy toekomstige lewenstaak voor te berei en hy het steeds die lig versprei. Uiteindelik het

hy egter onder verdenking gekom. Die owerhede het besluit om hom aan die vlamme oor te gee. Omdat hy homself veilig in sy afsondering beskou het, het hy geen besef van gevaar gehad totdat vriende na sy kamer gehaas het met die berig dat geregsdienaars op pad was om hom te arresteer nie. Op daardie selfde oomblik is daar 'n harde geklop by die buitenste ingang gehoor. Daar was nie ‘n oomblik om te verkwis nie. Sommige van sy vriende het die dienaars by die deur besig gehou, terwyl ander die hervormer gehelp het om deur ‘n venster af te sak en hy het na die buitewyke van die stad gehaas. Hy het skuiling in die woning van ’n arbeider wat die hervorming goedgesind was gevind, die klere van sy gasheer aangetrek en met ‘n skoffel op sy skouer sy reis voortgesit. Hy het suidwaarts gereis en in die gebied van Margaretha skuiling gevind. (Sien D’Aubigne se *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 2, hfst 30).

Hier het hy vir ‘n paar maande onder beskerming van invloedryke vriende gebly waar hy sy vorige studies voortgesit het. Maar sy hart was ingestel op die evangelisasie van Frankryk en hy kon nie lank onaktief bly nie. Nadat die storm effens bedaar het, het hy ’n nuwe arbeidsveld in Poitiers gesoek, waar daar ‘n universiteit was en waar die nuwe leer reeds met guns bejeën is. Persone van alle stande het blymoedig na die evangelie geluister. Daar was geen openbare dienste gehou nie, maar in die huis van die hoof landdros, in sy eie herberg en soms in ‘n openbare tuin, het Calvyn die woorde van die ewige lewe aan diegene wat dit graag wou hoor, verkondig. Na 'n tyd het die getal hoorders toegeneem en hulle het dit veiliger geag om buite die stad bymekaar te kom. In ‘n spelonk aan die kant van 'n diep en nou kloof, waar bome en oorhangende rotse dit nog meer afgesonder het, is byeenkomste gehou. Klein groepies wat die stad met verskillende paaie verlaat het, het hulle weg soontoe gevind. In hierdie afgeleë plek is die Bybel hardop gelees en verduidelik. Hier is die Here se Avondmaal vir

die eerste keer deur die Protestante van Frankryk gevier. Van hierdie klein kerkie is verskeie getroue evangeliste uitgestuur.

Weereens het Calvyn na Parys teruggekeer. Selfs toe kon hy nie die hoop laat vaar dat Frankryk, as 'n nasie, die hervorming sou aanvaar nie. Maar hy het byna elke deur teen hom gesluit gevind. Om die evangelie te verkondig, was om die direkte roete na die brandstapel te volg en uiteindelik het hy besluit om na Duitsland te vertrek. Hy het Frankryk skaars agtergelaat toe 'n storm oor die Protestante losgebars het wat, indien hy daar gebly het, gewis sy ondergang saam met die res sou beteken het.

Die Franse hervormers, gretig om te sien dat hulle land tred 225
met Duitsland en Switserland hou, het besluit om die bygeloof van Rome ‘n blatante slag toe te dien wat die hele volk sou wakker skud. Gevolglik is daar een nag oor die hele Frankryk plakkate aangebring waarin die mis aangeval is. In plaas daarvan dat dit die hervorming aangehelp het, het hierdie ywerige, maar onverstandige daad, die ondergang van nie alleen die leiers nie, maar ook van al die vriende van die hervormde geloof in Frankryk beteken. Dit het aan die Roomsgesindes die kans gegee waarop hulle lank reeds gewag het — ‘n voorwendsel om die totale uitroeiing van alle ketters as oproermakers te eis wat gevaarlik vir die bestendigheid van die troon en die vrede van die land was.

Deur ‘n onbekende hand — of dit dié van ’n listige vyand of ‘n onverstandige vriend was, is nooit vasgestel nie — is een van die plakkate aan die deur van die koning se private kamer geplak. Die koning was met afsku vervul. In hierdie dokument is bygelowe wat vir eeue lank vereer is, ongenadiglik aangeval. En die ongeëwenaarde blatantheid om hierdie duidelike en ontsettende uitinge aan die aandag van die koning op te dring, het sy toorn opgewek. In sy verbasing het hy vir 'n kort tyd bewend en sprakeloos gestaan. Toe het sy woede uiting in die volgende verskriklike woorde gevind: “Laat almal wat van

Luther se kettery verdink word, sonder onderskeid, in hegtenis geneem word. Ek sal hulle almal verdelg." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 4, hfst 10. Hulle lot was verseël. Die koning het besluit om homself geheel en al aan die kant van Rome te skaar.

Stappe is onmiddellik geneem om alle Lutherane in Parys te 226
arresteer. 'n Arm ambagsman, 'n aanhanger van die hervormde geloof, wat gewoond daaraan was om die gelowiges na hul geheime byeenkomste te ontbied, is aangekeer en met 'n dreigement van dood op die brandstapel, is hy beveel om elke pouslike gesant na die huis van elke Protestant in die stad te begelei. Hy het met afsku van hierdie lae opdrag teruggedeins, maar uiteindelik het die vrees vir die vlamme die deurslag gegee en hy het ingestem om die verraaier van sy broeders te word. Voorafgegaan deur die hostie en omring deur 'n stoet van priesters, wierookdraers, monnike en soldate, het Morin, die koninklike speurder, saam met die verraaier langsaam en swygend deur die strate van die stad gestap. Die demonstrasie was oënskynlik ter ere van die "heilige sakrament," en 'n versoening vir die belediging wat deur die plakkate aan die mis gedoen is. Maar agter die prag en praal van hierdie optog was daar 'n dodelike doel verberg. Toe hulle voor die huis van 'n Lutheraan gekom het, het die verraaier 'n teken gegee sonder om 'n woord te uiter. Die optog het tot stilstand gekom, die huis binnegegaan, die gesin uitgesleep en geketting en daarna het die vreesaanjaende optog voortgegaan op soek na verdere slagoffers. "Geen huis, groot of klein, selfs nie die kolleges van die Universiteit van Parys is oorgeslaan nie... Morin het die stad laat sidder... Dit was inderdaad 'n skrikbewind." — *Id,* vol 4, hfst 10.

Die slagoffers is deur wrede marteling om die lewe gebring, omdat daar spesifiek beveel is dat die vuur stadiger moes brand om hulle foltering uit te rek. Maar hulle het soos oorwinnaars gesterf. Hulle getrouheid was onverskrokke, hulle vrede onbewolk. Hulle vervolgers was magteloos om hulle

onbeweeglike standvastigheid te laat wankel en het hulself oorwonne gevoel. “Die skavotte is oor al die kwartiere van Parys versprei en die verbrandings, met die doel om die verskrikking van kettery deur die teregstellings te versprei het op elke opeenvolgende dag geskied. Die voordeel was egter op die ou einde aan die kant van die evangelie. Die hele Parys is in staat gestel om te sien watter tipe mense die nuwe geloof kon oplewer. Daar was geen preekstoel soos die martelaar se brandstapel nie. Die rustige vreugde wat die aangesigte van hierdie mense, op pad na die plek van teregstelling verlig het, hulle heldhaftigheid terwyl hulle te midde van die vlamme gestaan het, hulle sagmoedige vergifnis vir die leed wat hulle aangedoen is, het in baie gevalle die toorn in meegevoel en die haat in liefde verander en met onweerstaanbare welsprekendheid namens die evangelie gepleit.” — *Wylie*; vol 13, hfst 20.

Die priesters was daarop uit om die woede van die volk op 227
'n hoogtepunt te hou en het die verskriklikste beskuldigings teen die Protestante gesirkuleer. Hulle is beskuldig van sameswering om die Katolieke in 'n bloedbad te verdelg, die regering omver te werp en om die koning te vermoor. Nie die geringste bewys kon aangevoer word om hierdie bewerings te staaf nie. Tog sou hierdie bose profesieë onder heelwat ander omstandighede en as gevolg van oorsake van 'n heel ander aard, vervul word. Die wreedhede wat teenoor onskuldige Protestante deur die Katolieke gepleeg is, het in 'n gewig van vergelding opgehoop en eeue daarna is dieselfde naderende ondergang van die koning, sy regering en sy onderdane wat deur hulle voorspel is, oor hulle gebring; maar dit was deur ongelowiges en deur die Roomsgesindes self bewerkstellig. Dit was nie die vestiging nie, maar die onderdrukking van Protestantisme wat driehonderd jaar later hierdie vreeslike rampe oor Frankryk sou bring.

Agterdog, wantroue en vrees het nou tot alle klasse deurgedring. Te midde van algemene onrus, kon die sterk

houvas van die Lutherse leer op die gemoedere van mense wat bekend was vir hulle geleerdheid, invloed en voortreflike karakter, gesien word. Posisies van vertroue en eerbaarheid was skielik vakant. Ambagsmanne, drukkers, studente, professore aan universiteite, skrywers en selfs howelinge het verdwyn. Honderde het uit Parys gevlug; selfgemaakte bannelinge uit hulle geboorteland, in baie gevalle die eerste aanduiding dat hulle ten gunste van die hervormde geloof was. Die Roomsgesindes het om hulle gekyk en was verbaas oor die onverdagte ketters wat in hulle midde gedoog is. Hulle woede is op die menigte nederiger slagoffers wat binne hulle bereik was afgekoel. Die tronke was oorvol en dit het gelyk asof die lug deur die rook van die brandstapels, wat vir die belyers van die evangelie aangesteek is, verduister is.

Francis I het hom verlustig in die feit dat hy 'n leier in die groot beweging vir die herlewing van geleerdheid was, wat die begin van die sestiende eeu gekenmerk het. Hy was verheug om manne van geletterdheid uit alle lande in sy hof te versamel. Sy verdraagsaamheid teenoor die hervorming, was ten minste gedeeltelik te danke aan sy liefde vir geleerdheid en sy minagting van die onkunde en bygeloof van die monnike. Maar, besiel met ‘n ywer om kettery uit te delg, het hierdie beskermer van geleerdheid, ‘n edik uitgereik wat die drukkuns oor die hele Frankryk afgeskaf het! Francis I bied een van die vele voorbeelde, wat toon dat intellektuele kultuur geen beskerming teen godsdienstige onverdraagsaamheid en vervolging is nie.

Frankryk sou, tydens 'n plegtige en openbare seremonie haar ten volle verbind tot die vernietiging van Protestantisme. Die priesters het geëis dat die belediging wat aan die Hemel deur die veroordeling van die mis gebring is, deur bloed versoen moes word en dat die koning, namens sy volk, sy goedkeuring in die openbaar vir hierdie verskriklike daad moes gee.

21 Januarie 1535 is vasgestel vir hierdie gruwelike plegtigheid. Die bygelowige vrese en die dweepsieke haat van die hele nasie is opgewek. Parys was oorvol van die menigtes wat uit alle dele van die omliggende streke in haar strate saamgedrom het. Die verrigtinge van die dag sou met 'n groot en imposante optog 'n aanvang neem. "Die huise in die strate waarlangs die optog sou beweeg, is met rou-drapering behang en altare is met tussenposes opgerig." Voor elke deur was 'n brandende fakkel ter ere van die "heilige sakrament." Die optog het voor dagbreek 'n aanvang by die paleis van die koning geneem. "Eerste was die baniere en kruise van die verskillende bisdomme; daarna was die burgers, wat twee-twee met brandende fakkels geloop het. Die vier monnik-ordes het gevolg, elke orde in hul spesifieke drag. Daarna het 'n groot versameling van beroemde relikwieë gevolg. Hierna het adellike geestelikes in hulle purper en skarlaken klere, versier met juwele, gevolg, 'n aanskoulike en skitterende vertoning. 228

"Die hostie is deur die biskop van Parys onder 'n sierlike gewelf gedra ... deur vier bloedverwante vorste ondersteun.... Agter die hostie het die koning geloop... Francis I het op daardie dag geen kroon of koninklike kleed gedra nie." Met "...ontblote hoof, sy oë op die grond gerig en met 'n brandende kers in sy hand..." het die koning van Frankryk "...in die hoedanigheid van 'n boetvaardige..." verskyn. — *Wylie*, vol 13, hfst 21. By elke altaar het hy in verootmoediging neergebuig, nie vir die sondes wat sy siel verontreinig het nie, ook nie vir die onskuldige bloed wat sy hande bevlek het nie, maar vir die dodelike sonde van sy onderdane wat dit gewaag het om die mis te veroordeel. Na hom het die koningin en die hoogwaardigheidsbekleërs van die staat gevolg wat ook twee-twee geloop het, elk met 'n brandende fakkel.

As deel van die verrigtinge van die dag, het die monarg self die hoë beamptes van die ryk in die groot saal van die biskop se paleis toegespreek. Met 'n droewige gelaat, het hy voor hulle verskyn en in woorde van aangrypende welsprekendheid, het 229

hy "...die misdaad, die godslastering en die dag van droefheid en skande..." wat oor die volk gekom het, betreur. En hy het 'n beroep op elke getroue onderdaan gedoen om met die uitwissing van die verpestelike kettery wat Frankryk met ondergang bedreig het, te help. "Sowaar as wat ek julle koning is here..." het hy gesê, "...as ek weet dat een van my eie ledemate besmet of met hierdie verfoeilike verdorwenheid aangesteek is, sou ek dit aan julle gee om af te sny ... En verder, as ek sou opmerk dat een van my kinders daarmee besoedel is, sou ek hom nie spaar nie ... Ek sou hom self uitlewer en aan God offer." Trane het hom in sy woorde laat stik en die hele vergadering het saam met hom geween en eendragtig uitgeroep: "Ons sal lewe en sterwe vir die Katolieke godsdiens." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 4, hfst 12.

Verskriklik was die duisternis van die nasie wat die lig van die waarheid verwerp het. Die genade wat redding bring het, het verskyn; maar Frankryk, nadat hy die krag en heiligheid daarvan aanskou het, nadat duisende deur die Goddelike skoonheid daarvan getrek is, nadat stede en dorpe deur die strale daarvan verlig is, het hom daarvan weggedraai en het die duisternis eerder as die lig verkies. Hulle het die hemelse gawe verwerp toe dit aan hulle gebied is. Hulle het kwaad goed en goed kwaad genoem, totdat hulle die slagoffers van hulle eie moedswillige selfbedrog geword het. En al sou hulle werklik geglo het dat hulle 'n diens aan God bewys het deur Sy volk te vervolg, sou hulle opregtheid hulle nie verontskuldig het nie. Die lig wat hulle van die misleiding om hul siele met bloedskuld te bevlek sou red, het hulle opsetlik verwerp.

'n Plegtige eed om kettery uit te roei, is in die groot katedraal, waar die godin van rede byna drie eeue later deur 'n volk wat die lewende God vergeet het bekroon sou word, afgelê. Weereens is die optog gevorm en die verteenwoordigers van Frankryk het begin met die werk wat hulle 'n eed afgelê het om te verrig. "Op kort afstande is daar

skavotte opgerig waarop sekere Protestantse Christene lewendig verbrand sou word en daar is gereël dat die brandstapels aan die brand gesteek sou word sodra die koning die plek genader het en dat die optog daar sou stilhou om die teregstelling te aanskou." — *Wylie*, vol 13, hfst 21. Die besonderhede van die marteling wat hierdie getuies vir Christus verduur het, is te ontstellend om te beskryf; maar daar was geen wankeling aan die kant van die slagoffers nie. Iemand by wie daar aangedring is om te herroep, het geantwoord: "Ek glo slegs wat die profete en die apostels vroeër verkondig het en wat die hele gemeenskap van die heiliges geglo het. My geloof het 'n vertroue in God wat al die magte van die hel sal weerstaan." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 4, hfst 12.

Telkens het die optog by die plekke van marteling tot 230
stilstand gekom. Nadat hulle weer die beginpunt by die koninklike paleis bereik het, het die skare uiteengegaan en die koning en die prelate het hulle onttrek, baie tevrede met die dag se verrigtinge en hulself gelukgewens dat die werk wat nou begin is, tot met die algehele vernietiging van kettery sou voortgaan.

Die evangelie van vrede, wat Frankryk verwerp het, sou sekerlik uitgeroei word en die gevolge sou verskriklik wees. Op 21 Januarie 1793, presies tweehonderd-agt-en-vyftig jaar vanaf die dag waarop Frankryk hom ten volle aan die vervolging van die hervormers verbind het, het 'n ander optog, met 'n heel ander doel, deur die strate van Parys beweeg. "Weer was die koning die hooffiguur; weer was daar oproer en geskree; weer is die uitroep na nog slagoffers gehoor; weer was daar swart skavotte; en weer is die tonele van die dag afgesluit met afskuwelike teregstellings. Lodewyk XVI, in 'n handgemene stryd met sy tronkbewaarders en laksmanne gewikkel, is na die blok gesleep en daar is hy vasgedruk totdat die byl geval het en sy kop op die skavot gerol het." — *Wylie*, vol 13, hfst 21. Die koning was ook nie die enigste slagoffer nie; op dieselfde plek

het tweeduisend-agthonderd mense deur die guillotine gedurende die bloedige tydperk van die Skrikbewind omgekom.

Die hervorming het 'n oop Bybel aan die wêreld, wat die voorskrifte van die wet van God ongedaan gemaak het en Sy aansprake op die gewete van die volk aangespoor het, voorgehou. Oneindige Liefde het die insettinge en beginsels van die hemel aan mense ontvou. God het gesê: “Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is ‘n wyse en verstandige volk.” (Deut 4:6). Toe Frankryk die gawe van die hemel verwerp het, het hy die saad van anargie en ondergang gesaai; en die onvermydelike uitwerking van oorsaak en gevolg, het die rewolusie en die skrikbewind tot gevolg gehad.

Lank voor die vervolging wat deur die plakkate opgewek is, 231
moes die waaghalsige en ywerige Farel noodgedwonge uit sy geboorteland vlug. Hy het na Switserland gegaan en deur sy arbeid wat die werk van Zwingly gesekondeer het, het hy gehelp om die skaal ten gunste van die hervorming te draai. Sy latere jare sou hier deurgebring word, maar hy het tog 'n besliste invloed op die hervorming uitgeoefen. Gedurende die eerste jare van sy ballingskap was sy pogings veral op die verspreiding van die evangelie in sy geboorteland gerig. Hy het baie tyd aan die prediking onder sy landgenote naby die grens deurgebring, vanwaar hy met onvermoeide waaksaamheid die konflik gadegeslaan en deur woorde van bemoediging en raadgewing aangehelp het. Met die hulp van ander bannelinge is die geskrifte van die Duitse hervormers in Frans vertaal en saam met die Franse Bybel in groot hoeveelhede gedruk. Hierdie werk is deur kolporteurs in Frankryk op groot skaal verkoop. Hulle is teen 'n lae prys aan die kolporteurs voorsien en die opbrengs daarvan het hulle in staat gestel om die werk voort te sit.

Farel het sy werk in Switserland in die nederige gedaante van 'n skoolmeester aangepak. Hy het hom na 'n afgesonderde gemeente begeef en hom aan die onderrig van die kinders gewy. Behalwe vir die gewone vakke, het hy ook met versigtigheid Bybelse waarhede geleer, met die hoop dat die ouers deur die kinders bereik sou word. Daar was sommige wat geglo het, maar die priesters het na vore getree om die werk te staak en die bygelowige, plattelandse bevolking is opgestook om hulle daarteen te verset. “Dit kan nie die evangelie van Christus wees nie...” het die priesters gesê, “...aangesien die prediking daarvan nie vrede bring nie, maar oorlog.” — *Wylie*, vol 14, hfst 3. Net soos die eerste dissipels, het hy, wanneer hy in een stad vervolg is, na ’n ander stad gevlug. Van dorp tot dorp en stad tot stad, het hy te voet gereis en honger, koue en moegheid verduur en was oral in gevaar van sy lewe. Hy het op die markpleine gepreek, in die kerke en soms vanaf die kansels van die katedrale. Soms het hy ‘n leë kerk teëgekom; soms is sy prediking deur uitroepe en bespotting onderbreek; en ander kere is hy met geweld uit die preekstoel geruk. Meer as een keer, het die gepeupel hom toegetakel en byna doodgeslaan. Maar hy het deurgedruk. Hoewel hy dikwels teëgestaan is, het hy met onvermoeide volharding weer na die aanval teruggekeer en een na die ander het hy gesien hoe dorpe en stede, wat die vestings van die pousdom was, hulle poorte vir die evangelie oopstel. Die klein gemeente waar hy eerste begin werk het, het die hervormde geloof spoedig aanvaar. Die stede Morat en Neufchâtel het ook van die Roomse rituele afstand gedoen en die afgodsbeelde uit hulle kerke verwyder. 232

Farel het lank reeds ‘n begeerte gehad om die Protestantse vaandel in Genève te plant. As hierdie stad gewen kon word, sou dit die sentrum vir die hervorming in Frankryk, Switserland en Italië word. Met hierdie doel voor oë, het hy sy werk voortgesit, totdat baie van die omliggende dorpe en nedersettings gewen is. Daarna is hy met 'n enkele metgesel na Genève. Maar daar was hy slegs toegelaat om twee preke te

lewer. Nadat die priesters tevergeefs probeer het om deur die burgerlike owerhede sy veroordeling te bewerkstellig, het hulle hom voor 'n kerklike raad ontbied, waarheen hulle met wapens onder hulle klere verberg gekom het, vasbeslote om hom om die lewe te bring. Buite die saal het 'n woedende skare met knuppels en swaarde saamgedrom om seker te maak van sy dood indien hy daarin sou slaag om van die raad te ontsnap. Die teenwoordigheid van magistrate en 'n gewapende mag het egter sy lewe gered. Vroeg die volgende oggend is hy en sy metgesel oor die meer na 'n veilige plek gelei. En so het sy eerste poging om die Genève te evangeliseer, geëindig.

Vir die volgende beproewing is 'n nederiger instrument gekies — 'n jongman, so nederig van voorkoms, dat hy selfs deur die bekende vriende van die hervorming koel behandel is. Maar wat kon so iemand kon doen waar Farel verwerp is? Hoe kon iemand met min moed en ervaring die storm trotseer waarvoor die sterkste en die dapperste gedwing was om te vlug? "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My gees, sê die Here van die leërskare." (Sag 4:6). "Wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam ... Want wat dwaas is by God, is wyser as die mense; en wat swak is by God, is sterker as die mense." (1 Kor 1:27,25).

Froment het sy werk as 'n skoolmeester begin. Die 233
waarhede wat hy aan die kinders op skool geleer het, het hulle by hulle huise herhaal. Baie gou het die ouers na die verduideliking van die Bybel kom luister, totdat die klaskamer vol aandagtige toehoorders was. Nuwe Testamente en traktate is vryelik uitgedeel en hulle het baie mense wat dit nie durf waag het om openlik na die nuwe leerstellings te kom luister nie bereik. Na 'n tyd, is hierdie arbeider ook gedwing om te vlug, maar die waarhede wat hy geleer het, het die gemoedere van die mense aangegryp. Die hervorming is geplant en het voortgegaan om te groei en uit te brei. Die predikers het

teruggekeer en deur hulle arbeid, is die Protestantse godsdiens uiteindelik in Genève gevestig.

Die stad het hom reeds ten gunste van die hervorming verklaar toe Calvyn, na verskeie omswerwinge en wisselvalligheid, die stad se poorte binnegegaan het. Terug van 'n laaste besoek aan sy geboorteplek, was hy op pad na Basel, toe hy gevind het dat die direkte pad deur die leërs van Karel V beset is en hy genoodsaak was om met 'n ompad deur Genève te reis.

Tydens hierdie besoek het Farel die hand van God erken. Hoewel Genève die hervormde geloof aanvaar het, moes daar nog ’n groot werk verrig word. Dit was nie as gemeenskappe nie, maar as individue, dat mense hulle tot God bekeer het; die werk van wedergeboorte moet in die hart en die gewete deur die krag van die Heilige Gees verrig word en nie deur verordeninge van die rade nie. Terwyl die inwoners van Genève, die gesag van Rome verwerp het, was hulle nie so gereed om van die ondeugde wat onder haar heerskappy gefloreer het, afstand te doen nie. Om die suiwer beginsels van die evangelie hier te vestig en hierdie mense voor te berei om die posisie waartoe die Voorsienigheid hulle geroep het met waardigheid te vul, was geen ligte taak nie.

Farel was vol vertroue dat hy in Calvyn iemand gevind het 234
wat hy met homself in hierdie werk kon verenig. In die Naam van God het hy die jong evangelis plegtig aangeraai om hier te bly en te werk. Calvyn het hiervoor teruggedeins. Bedeesd en vredeliewend het hy van kontak met die waaghalsige, onafhanklike en selfs gewelddadige gees van die inwoners van Genève weggedeins. Sy swak gesondheid, tesame met sy leergierige gewoontes, het hom beweeg om na afsondering te soek. Omdat hy geglo het dat hy die hervorming die beste met sy pen sou kon dien, wou hy 'n stil toevlug vir sy studies vind en daar, deur middel van die pers, die kerke onderrig en opbou. Maar Farel se plegtige vermaning, het soos ‘n roepstem uit die

hemel tot hom gekom en hy het dit nie durf weier nie. Dit het vir hom gelyk, het hy gesê, "...asof die hand van God uit die hemel uitgestrek het, hom beetgekry het en hom onherroeplik op die plek wat hy so ongeduldig wou agterlaat, gevestig het." — D'Aubigne, *History of the Reformation, in the Time of Calvin*, vol 9, hfst 17.

In hierdie tyd het groot gevare die Protestantse saak bedreig. Die vervloekings van die pous is soos donderslae teen Genève gewerp en magtige nasies het dit met vernietiging gedreig. Hoe sou hierdie klein stadjie die magtige hiërargie, wat so dikwels konings en keisers tot onderwerping gedwing het, weerstaan? Hoe kon dit teen die leërs van die wêreld se magtige oorwinnaars staan?

Dwarsdeur die Christendom was Protestantisme deur formidabele vyande bedreig. In die eerste oorwinnings van die hervorming van die verlede, het Rome 'n nuwe mag byeengebring in die hoop om die vernietiging daarvan te bewerkstellig. In hierdie tyd is die orde van die Jesuïete geskep, die wreedste, mees gewetenlose en kragtigste van al die kampvegters van die pousdom. Afgesny van aardse bande en menslike belange, dood vir die aansprake van natuurlike liefde, met rede en gewete wat heeltemal afgestomp was, het hulle geen reël geken nie, geen band gehad nie en geen plig behalwe om die mag van hulle orde uit te brei nie. *[Sien bylaag].* Die evangelie van Christus, het Sy aanhangers in staat gestel om gevaar en lyding, koue, honger, geswoeg en armoede te verduur en om die vaandel van die waarheid in die aangesig van die rekbank, die selle en die brandstapel, omhoog te hou. Om hierdie magte te bestry, het die Jesuïete hulle aanhangers geïnspireer met 'n fanatisme wat hulle in staat gestel het om dergelike gevare te verduur en met al die wapens van misleiding die krag van die waarheid teë te staan. Geen misdaad was te groot vir hulle om te pleeg nie, geen bedrog te laag vir hulle om uit te oefen nie en geen vermomming te moeilik om aan te neem nie. Met 'n gelofte tot voortdurende

armoede en nederigheid, was dit hulle listige doel om rykdom en mag te verkry, wat aan die omverwerping van Protestantisme en die hervestiging van die pouslike heerskappy toegewy is.

Wanneer hulle as lede van hulle orde verskyn het, was hulle 235
in 'n gewaad van heiligheid geklee en het gevangenisse en hospitale besoek, siekes en armes bedien en beweer dat hulle die wêreld versaak het en die heilige naam van Jesus, wat rondgegaan en goed gedoen het, gedra het. Maar onder hierdie onberispelike uiterlike, is die mees kriminele en dodelike doeleindes dikwels verberg. Dit was 'n fundamentele beginsel van die orde dat die doel die middele regverdig. Volgens hierdie kode was leuens, diefstal, meineed en sluipmoord nie slegs verskoonbaar nie, maar wanneer dit die kerk se belange dien, prysenswaardig. Onder verskillende vermommings, het die Jesuïete hulself in staatsampte ingewerk, raadslede van konings geword en die staatsbeleid van nasies gevorm. Hulle het as diensknegte gewerk om as spioene teen hulle meesters op te tree. Hulle het kolleges vir die seuns van vorste en adellikes gestig en skole vir gewone mense; en die kinders van Protestantse ouers is in die nakoming van Roomse rituele ingetrek. Al die uiterlike praal en vertoon van die Roomse geloof is aangewend om die verstand te verwar en die verbeelding te verblind en te boei en so is die vryheid waarvoor die vaders geswoeg en gebloei het, deur die seuns verraai. Die Jesuïete het vinnig deur Europa versprei en waar hulle hul ook al begeef het, het ’n herlewing van die pousdom gevolg.

Om groter mag aan hulle te verleen, is ‘n bevelskrif uitgereik wat die inkwisisie hervestig het. *[Sien bylaag].* Ondanks die algemene afsku waarmee dit bejeën is, selfs in Katolieke lande, is hierdie skrikwekkende tribunaal weer deur die pouslike heersers ingestel en gruweldade wat te verskriklik was om die daglig te verduur, is in geheime kerkers herhaal. In baie lande is duisende en duisende van die fleur van die land, die reinste en edelste, die mees intellektuele en hoogs opgeleide, vroom en

toegewyde leraars, vlytige en vaderlandse burgers, briljante geleerdes, talentvolle kunstenaars, bekwame ambagsmanne, gedood of gedwing om na ander lande te vlug.

Dit was die middele wat deur Rome aangewend is om die lig 236
van die hervorming te blus, die Bybel van die mense te ontneem en die onkunde en bygeloof van die Donker Eeue te herstel. Maar met die seën van God en die arbeid van daardie edele manne wat Hy opgewek het om Luther op te volg, is Protestantisme nie omvergewerp nie. Die krag daarvan was nie aan die guns en wapens van vorste te danke nie. Die kleinste lande en die nederigste en swakste nasies, het die vestings daarvan geword. Dit was die klein Genève, te midde van magtige vyande, wat haar vernietiging beplan het; dit was Holland, op haar sandbanke langs die noordelike see, wat teen die tirannie van Spanje geworstel het toe dit die grootste en weelderigste koninkryk was; dit was somber, steriele Swede wat oorwinnings vir die hervorming behaal het.

Vir byna dertig jaar het Calvyn in Genève gewerk om eers 'n kerk daar te vestig wat die sedeleer van die Bybel gehoorsaam het en daarna vir die bevordering van die hervorming in die hele Europa. Sy optrede as openbare leier, was nie foutloos nie en sy leerstellings ook nie vry van dwaling nie. Maar hy was instrumenteel in die bekendmaking van waarhede, wat in sy tyd van besondere belang was in die handhawing van die beginsels van Protestantisme teen die vinnig-terugkerende gety van die pousdom en om eenvoud en reinheid van lewe in die hervormde kerke te bevorder, in plaas van die trots en korrupsie van die Roomse leer.

Vanaf Genève het publikasies en leraars uitgegaan om die hervormde leerstellings te versprei. Tot op hierdie stadium, was die vervolgdes van alle lande op soek na onderrig, raad en bemoediging. Die stad van Calvyn het 'n toevlugsoord vir die vervolgde hervormers van die hele Wes-Europa geword. Vlugtend voor die vreeslike storms wat eeue lank voortgeduur

het, het die vlugtelinge na die poorte van Genève gekom. Uitgehonger, gewond, sonder huis en familie, is hulle hartlik verwelkom en teer versorg; en toe hulle hier 'n tuiste vind, het hulle die stad wat hulle aanvaar het geseën met hul vaardighede, geleerdheid en vroomheid. Baie wat hier 'n toevlug gesoek het, het na hul tuisland teruggekeer om die tirannie van Rome te weerstaan. John Knox, die dapper Skotse hervormer, ‘n aantal Engelse puriteine, die Protestante van Holland en Spanje en die Hugenote van Frankryk, het die fakkel van die waarheid uit Genève geneem om die duisternis van hul geboorteland te verlig.

## Hoofstuk 13 237

# Nederland en Skandinawië

In Nederland het die pouslike tirannie baie vroeg reeds besliste protes uitgelok. Sewehonderd jaar voor Luther op die toneel verskyn het, is die Roomse pous, deur twee biskoppe, wat as gesante na Rome gegaan het en wat die ware karakter van die "heilige stoel" ontdek het, vreesloos beskuldig: "God het Sy koningin en eggenoot, die kerk, 'n edele en ewige voorsiening vir haar gesin gemaak met 'n bruidskat wat nie vervaag of vergaan nie en haar 'n ewige kroon en septer gegee ... al hierdie voordele het u soos 'n dief onderskep. U het uself in die tempel van God opgestel; in plaas van 'n herder, het u 'n wolf vir die skape geword ... U wil ons laat glo dat u 'n opper-biskop is, maar u gedra u eerder soos 'n tiran ... Terwyl u 'n dienskneg van diensknegte moet wees, soos u uself noem, poog u om 'n heer van die here te wees ... U bring die gebooie van God in minagting ... Die Heilige Gees is die opbouer van alle kerke oor die hele aarde ... Die stad van ons God, waarvan ons die burgers is, reik uit na alle dele van die hemele; en dit is groter as die stad wat deur die heilige profete Babilon genoem word, wat voorgee dat sy Goddelik is, wat haar met die hemel gelykstel en daarop roem dat haar wysheid onverganklik is; en ten slotte, wat voorgee, hoewel sonder rede, dat sy nooit gedwaal het of kan dwaal nie." — Brandt, *History of the Reformation in and About the Low Countries*, vol 1, bl 6.

Ander het van eeu tot eeu opgestaan om hierdie protes te 238
weerspieël. En die vroeë leraars wat in verskillende lande gereis en onder verskillende name bekend gestaan het, het die karakter van die Vaudois-sendelinge gehad en oraloor die kennis van die evangelie versprei en tot in Nederland deurgedring. Hulle leerstellings het vinnig versprei. Hulle het die Waldensiese Bybel in verse in Nederlands vertaal. Hulle het verklaar "...dat daar 'n groot voordeel daarin was; geen geskerts, geen versinsels, geen kleinighede en geen bedrog nie,

maar slegs die woorde van waarheid; dat daar wel hier en daar ‘n harde kors was, maar sodat die murg en soetheid van wat goed en heilig was, maklik daarin ontdek kon word.” — *Id*, vol 1, bl 14. So het die vriende van die antieke geloof, in die twaalfde eeu geskryf.

Toe het die Roomse vervolging begin; maar te midde van brandstapels en marteling, het die gelowiges steeds toegeneem en standvastig verklaar dat die Bybel die enigste onfeilbare gesag in die godsdiens is en dat “...niemand gedwing moet word om te glo nie, maar dat hy deur prediking gewen moes word.” — *Martyn,* vol 2, bl 87.

Die leer van Luther het vrugbare grond in Nederland gevind en ernstige en getroue manne het opgestaan om die evangelie te verkondig. Uit een van die provinsies van Holland, het Menno Simons gekom. Opgevoed as Rooms-Katoliek en tot priester georden, was hy heeltemal onkundig aangaande die Bybel en hy wou dit nie lees nie uit vrees dat hy tot 'n dwaalleer verlei sou word. Toe 'n twyfel oor die leer van transsubstansiasie oor hom gekom het, het hy dit as ‘n versoeking van die Satan gesien en deur gebed en belydenis probeer om homself daarvan te bevry, maar tevergeefs. Deur in buitensporige tonele betrokke te raak het hy probeer om die beskuldigende stem van sy gewete stil te maak, maar sonder dat dit hom gebaat het. Na ‘n tyd is hy gelei tot ‘n studie van die Nuwe Testament en dit, saam met Luther se geskrifte, het veroorsaak dat hy die Hervormde geloof aanvaar het. Kort daarna het hy in ‘n naburige dorp ‘n onthoofding van 'n man wat om die lewe gebring is omdat hy herdoop is, gesien. Dit het hom daartoe gelei om die Bybel met betrekking tot die kinderdoop te bestudeer. Hy kon geen bewyse daarvoor in die Skrif vind nie, maar hy het ontdek dat bekering en geloof oral nodig was as voorwaarde om gedoop te word.

Menno het hom aan die Roomse Kerk onttrek en sy lewe aan 239
die onderrig van die waarhede wat hy ontdek het gewy. In

beide Duitsland en Nederland het ‘n tipe fanatici verrys, wat die absurde en oproerige leerstellings, wat ordelikheid en welvoeglikheid ondermyn het en tot geweld en opstand oorgegaan het, voorgestaan het. Menno het die verskriklike gevolge waartoe hierdie bewegings sou lei gesien en hy het die foutiewe leerstellings en fanatiese idees van die dwepers met alle mag teëgestaan. Daar was egter baie wat deur hierdie fanatici mislei is, maar wat later van hulle gevaarlike leerstellings afstand gedoen het en daar was nog baie nakomelinge van die vroeëre Christene, die vrugte van die Waldensiese leer. Onder hierdie klasse het Menno met groot ywer en sukses gewerk.

Vyf-en-twintig jaar lank het hy, met sy vrou en kinders, met ernstige ontberings en voorvalle en dikwels in gevaar van sy lewe rondgereis. Hy het Nederland en Noord-Duitsland deurkruis en hoofsaaklik onder die eenvoudiger klasse gewerk, maar 'n wydverspreide invloed uitgeoefen. Van nature welsprekend, hoewel hy oor 'n beperkte opvoeding beskik het, was hy ‘n man van onwrikbare integriteit, nederig van gees en sagmoedige maniere en opreg en vroom, wat die voorskrifte wat hy verkondig het in sy eie lewe geïllustreer het en hy het die vertroue van die volk afgedwing. Sy volgelinge is verstrooi en verdruk. Hulle het baie gely omdat hulle met die fanatiese Munsteriete verwar is. Tog het groot getalle onder sy arbeid tot bekering gekom.

Nêrens is die hervormde leerstellings meer algemeen 240
aanvaar as in Nederland nie. In min ander lande het hul aanhangers heftiger vervolging verduur. In Duitsland het Karel V die hervorming verban en hy sou graag al die aanhangers daarvan na die brandstapel gestuur het, maar die vorste het soos ‘n versperring teen sy tirannie opgestaan. In Nederland het hy meer mag gehad en dekrete tot vervolging het mekaar vinnig opgevolg. Om die Bybel te lees, te hoor, of te preek, of selfs daaroor te praat, het die dood op die brandstapel beteken. Om heimlik tot God te bid, om te weier om voor ‘n

beeld neer te buig, of om ‘n psalm te sing, was ook met die dood strafbaar. Selfs diegene wat hulle dwalinge afgesweer het, is veroordeel; die mans deur die swaard en die vrouens is lewendig begrawe. Duisende het onder die bewind van Karel en van Filippus II omgekom.

Op 'n keer is ‘n hele gesin voor die inkwisiteurs gebring, wat daarvan aangekla is dat hulle van die mis weggebly en tuis aanbid het. Die jongste seun het tydens sy verhoor na hul geheime praktyke geantwoord: “Ons val op ons knieë en bid dat God ons verstand sal verlig en ons sondes sal vergewe; ons bid vir ons koning, dat sy regering voorspoedig en sy lewe gelukkig mag wees. Ons bid vir ons magistrate dat God hulle mag bewaar.” — *Wylie,* vol 18, hfst 6. Sommige van die regters was diep ontroer, maar die vader en een van sy seuns is op die brandstapel tereggestel.

Die woede van die vervolgers is deur die geloof van die martelare geëwenaar. Nie slegs die mans nie, maar verfynde vroue en jongmeisies het onwrikbare moed aan die dag gelê. “Vroue sou dikwels hulle plek by hul eggenoot op die brandstapel inneem en terwyl hy die vuur verduur het, sou hulle trooswoorde fluister of psalmsing om hom op te beur.” “Jongmeisies het lewend in hul graf gaan lê, asof hulle in hul slaapkamer op hulle bed vir die nag gaan lê het; of hulle het na die brandstapel gegaan, in hul beste klere geklee, asof hulle in die huwelik gaan tree.” — *Wylie*, vol 18, hfst 6.

Soos in die dae toe die heidendom gepoog het om die evangelie te vernietig, was die bloed van Christene die saad. (Sien Tertullianus “*Apology*” par 50.) Vervolging het die getal getuies vir die waarheid laat toeneem. Jaar na jaar is die monarg tot waansin gedryf deur die onoorwinlike standvastigheid van die volk en is hy in sy wrede werk aangespoor, maar tevergeefs. Onder die edele Willem van Oranje het die Revolusie uiteindelik vryheid om God te aanbid aan Nederland besorg.

In die berge van Piedmont, op die vlaktes van Frankryk en die oewers van Holland, is die vooruitgang van die evangelie met die bloed van die dissipels gemerk. Maar in die noordelike lande, het dit vreedsame toegang gevind. Studente van Wittenberg, wat na hulle huise teruggekeer het, het die hervormde geloof na Skandinawië geneem. Die publikasie van Luther se geskrifte het ook die lig versprei. Die eenvoudige, geharde volk van die noorde, het hulle van die korrupsie, die praal en die bygelowe van Rome afgewend, om die suiwerheid, die eenvoud en die lewegewende waarhede van die Bybel te verwelkom. 241

Tausen, "die hervormer van Denemarke," was 'n boerseun. Die seun het reeds vroeg getuig van 'n kragtige intellek; hy het gedors na onderrig, maar weens die omstandighede van sy ouers, was dit hom nie beskore nie en gevolglik is hy na 'n klooster. Hier het die reinheid van sy lewe, gekoppel met sy ywer en getrouheid, die guns van sy meerderes gewen. Sy eksamens het getoon dat hy talente besit het wat in die toekoms goeie diens vir die kerk beloof het. Daar is besluit om hom na een van die universiteite van Duitsland of Nederland vir opleiding te stuur; die jong student het toestemming ontvang om vir homself te kies, maar op een voorwaarde, dat hy nie na Wittenberg mag gaan nie. Hierdie student van die kerk moes nie deur die gif van kettery bedreig word nie. So het die monnike gesê.

Tausen is na Keulen, wat destyds, soos tans, een van die vestings van Katolisisme was. Hier is hy spoedig gewalg deur die mistisisme van die skoollui. Omstreeks dieselfde tyd het hy Luther se geskrifte in die hande gekry. Hy het dit met verbasing en verwondering gelees en wou graag persoonlike onderrig van die hervormer ontvang. Maar om dit te kon doen, moes hy die gevaar loop om sy kloosterhoof aanstoot te gee en sy ondersteuning te verbeur. Sy besluit is spoedig geneem en kort voor lank is hy as 'n student by Wittenberg ingeskryf.

Met sy terugkeer na Denemarke is hy terug na sy klooster. 242
Niemand het hom tot dusver van Lutheranisme verdink nie; hy het nie sy geheim verklap nie, maar probeer om, sonder om die vooroordele van sy metgeselle op te wek, hulle na 'n suiwerder geloof en 'n heiliger lewe te lei. Hy het die Bybel oopgemaak en die ware betekenis daarvan verklaar en uiteindelik Christus aan hulle as die Geregtigheid van die sondaar en sy enigste hoop op redding verkondig. Groot was die toorn van die kloosterhoof wat soveel hoop op hom as 'n dapper verdediger van Rome gevestig het. Hy is dadelik van sy eie klooster na 'n ander verwyder en onder streng toesig tot sy sel beperk.

Tot die verskrikking van sy nuwe bewakers, het verskeie van die monnike hulself spoedig as bekeerlinge tot protestantisme verklaar. Deur die tralies van sy sel, het Tausen kennis van die waarheid aan sy metgeselle meegedeel. As daardie Deense vaders vaardig was om kettery te hanteer, sou Tausen se stem nooit weer gehoor gewees het nie; maar in plaas daarvan om hom in 'n ondergrondse kerker te begrawe, het hulle hom uit die klooster verdryf. Nou was hulle magteloos. ‘n Koninklike bevel wat pas uitgereik is, het beskerming aan al die leraars van die nuwe leer verleen. Tausen het begin preek. Die kerke is vir hom oopgestel en die volk het daarheen gestroom om hom te hoor. Ander het ook die woord van God verkondig. Die Nuwe Testament wat in die Deense taal vertaal is, is wyd en syd versprei. Die pogings wat die priesters aangewend het om die werk omver te werp, het daartoe gelei dat dit uitgebrei het en kort voor lank het Denemarke verklaar dat hulle die Hervormde geloof aanvaar het.

Ook in Swede, het jongmanne wat uit die fontein van Wittenberg gedrink het, ook die water van die lewe na hulle landgenote geneem. Twee van die leiers van die Sweedse hervorming, Olaf en Laurentius Petri, die seuns van ’n smid van Örebro, het onder Luther en Melanchthon gestudeer en hulle was ywerig om die waarhede wat hulle aldus geleer het te verkondig. Soos die groot hervormer, het Olaf die mense deur

sy ywer en welsprekendheid gewek, terwyl Laurentius, soos Melanchthon, geleerd, bedagsaam en kalm was. Albei was manne van ywerige vroomheid, hoë teologiese bekwaamheid en onophoudelike moed om die waarheid te bevorder. Pouslike opposisie het nie ontbreek nie. Die Katolieke priesters het die ongeletterde en bygelowige volk opgestook. Olaf Petri is dikwels deur die gepeupel aangeval en het by verskeie geleenthede skaars met sy lewe ontsnap. Hierdie hervormers het egter die koning begunstig en beskerm.

Onder die heerskappy van die Roomse Kerk, het die mense 243
in armoede versink en is deur verdrukking platgeslaan. Hulle het nie toegang tot die Skrif gehad nie en met ‘n godsdiens van blote tekens en seremonies wat geen lig aan die gees oorgedra het nie, het hulle na die bygelowige oortuigings en heidense praktyke van hul heidense voorouers teruggekeer. Die nasie was verdeeld tussen strydende faksies waarvan die voortdurende getwis almal in ellende gedompel het. Die koning het besluit op ‘n hervorming van kerk en staat en hy het hierdie bekwame helpers in die stryd teen Rome verwelkom.

In die teenwoordigheid van die koning en die leiers van Swede het Olaf Petri, met groot bekwaamheid, die leerstellings van die hervormde geloof, teen die Roomse kampvegters verdedig. Hy het verklaar dat die leringe van die kerkvaders slegs aanvaar moes word indien dit in ooreenstemming met die Skrif was; dat die wesenlike leerstellings van die geloof op 'n duidelike en eenvoudige wyse in die Bybel aangebied word, sodat alle mense dit kan verstaan. Christus het gesê: “My leer is nie Myne nie, maar van Hom wat My gestuur het...” en Paulus het verklaar dat as hy ‘n ander evangelie sou verkondig as wat hy ontvang het, hy ‘n vervloeking sou wees. (Joh 7:16; Gal 1:8) “Hoe dan...” het die hervormer gesê, “...sal ander hulle die reg aanmatig om dogmas na goeddunke vas te stel en op te lê as dinge wat nodig is tot redding?” — *Wylie*, vol 10, hfst 4. Hy het daarop gewys dat die verordeninge van die kerk geen gesag het indien dit in teenstelling met die opdragte van God is nie en het

die groot Protestantse beginsel, dat "...die Bybel en die Bybel alleen..." die reël van geloof en praktyk is, gehandhaaf.

Hierdie stryd, alhoewel dit op 'n relatief duister stadium 244
aangebied is, dien om aan ons te toon, "...watter soort manne die rangorde van die leër van die hervormers gevorm het. Hulle was nie ongeletterde, sektariese, luidrugtige kontroverte nie — ver daarvan; hulle was manne wat die Woord van God bestudeer het en goed geweet het hoe om die wapens waarmee die Bybel hulle voorsien het, te gebruik. Ten opsigte van geleerdheid, was hulle hul ouderdom ver vooruit. As ons ons aandag op briljante sentrums soos Wittenberg en Zürich toespits en op sulke roemryke name soos dié van Luther, Melanchthon, Zwingli en Oecolampadius, is ons geneig om te hoor dat hierdie die leiers van die beweging was en natuurlik sou ons wonderbaarlike mag en groot aanwinste van hulle verwag; maar hulle ondergeskiktes was nie soos hulle nie. Wel, kom ons wend ons na die obskure teater van Swede en die nederige name van Olaf en Laurentius Petri – van die meesters tot die dissipels – en wat vind ons? ... Geleerdes en teoloë; manne wat die hele stelsel van die waarheid van die evangelie volkome verstaan het en wat 'n maklike oorwinning oor die drogredenaars van die skole en die hoogwaardigheidsbekleërs van Rome behaal het." — *Wylie*, vol 10, hfst 4.

As gevolg van hierdie dispute, het die koning van Swede die Protestantse geloof aanvaar en nie lank daarna nie, het die nasionale vergadering in sy guns verklaar. Die Nuwe Testament is deur Olaf Petri in die Sweedse taal vertaal en op versoek van die koning, het die twee broers die vertaling van die hele Bybel onderneem. So het die mense van Swede dus vir die eerste keer die Woord van God in hul moedertaal ontvang. Die Ryksdag het beveel dat predikante regdeur die koninkryk, die Skrifte moes verduidelik en dat die kinders in die skole geleer moes word om die Bybel te lees.

Stadig maar seker is die duisternis van onkunde en bygeloof deur die geseënde lig van die evangelie verdryf. Bevry van die Roomse onderdrukking, het die volk 'n krag en grootheid bereik, wat hulle nog nooit tevore bereik het nie. Swede het een van die vestings van Protestantisme geword. 'n Eeu later, in 'n tyd van die ergste gevaar, het hierdie klein en tot dusver swak volkie — die enigste in Europa wat dit durf waag het om te help — tot die bevryding van Duitsland in die verskriklike stryd van die Dertigjarige Oorlog gekom. Dit het gelyk asof die hele Noord-Europa weer aan die tirannie van Rome onderwerp sou word. Dit was die leërs van Swede wat Duitsland in staat gestel het om die gety van pouslike sukses te keer, om verdraagsaamheid vir die Protestante te wen — Calviniste sowel as Lutherane — en die gewetensvryheid te herstel vir die lande wat die hervorming aanvaar het.

## Hoofstuk 14 245

# Latere Engelse hervormers

Terwyl Luther 'n geslote Bybel vir die inwoners van Duitsland oopgestel het, is Tyndale deur die Gees van God gedwing om dieselfde vir Engeland te doen. Wycliffe se Bybel is uit die Latynse teks, wat baie foute bevat het, vertaal. Dit is nooit gedruk nie en die koste van kopieë van die manuskripte was so hoog dat min, behalwe welgestelde mense of die adel dit kon bekostig; en verder, omdat dit streng deur die kerk verbied is, het dit 'n relatiewe klein sirkulasie gehad. In die jaar 1516, ‘n jaar voor die verskyning van Luther se proefskrifte, het Erasmus sy Griekse en Latynse weergawe van die Nuwe Testament gepubliseer. Die Woord van God is nou vir die eerste keer in die oorspronklike taal gedruk. In hierdie werk is baie foute van vorige weergawes reggestel en die betekenis is duideliker weergegee. Dit het baie onder die geleerde klasse gelei tot 'n beter kennis van die waarheid en 'n nuwe stukrag aan die werk van die hervorming verleen. Maar die gewone mense was nog steeds tot ‘n groot mate van God se Woord uitgesluit. Tyndale sou die werk van Wycliffe om die Bybel aan sy landgenote beskikbaar te stel, voltooi.

‘n Toegewyde student en ‘n ernstige soeker na waarheid, 246
het hy die evangelie uit die Griekse Testament van Erasmus ontvang. Hy het sy oortuigings vreesloos verkondig en aangedring dat alle leerstellings aan die Skrif getoets moet word. Op die bewering van die Katolieke dat die kerk die Bybel gegee het en dat die kerk alleen dit kon verklaar, het Tyndale geantwoord: “Weet julle wie die arende geleer het om hul prooi te vind? Wel, dieselfde God leer Sy honger kinders om hul Vader in Sy Woord te vind. Dit is nie julle wat die Skrif aan ons gegee het nie, maar julle het dit vir ons weggesteek; dit is julle wat diegene wat dit verduidelik verbrand en, as julle sou kon, sou julle die Skrif self verbrand.” — *D’Aubigne*, vol 18, hfst 4.

Tyndale se prediking het groot belangstelling gewek; baie het die waarheid aangeneem. Maar die priesters was waaksaam en hy het skaars die veld verlaat, of hulle het, as gevolg van hul dreigemente en wanvoorstellings gepoog om sy werk te vernietig. Te dikwels het hulle daarin geslaag. "Wat staan ons te doen?" het hy uitgeroep. "Terwyl ek op die een plek saai, vernietig die vyand die veld wat ek nou net agtergelaat het. Ek kan nie oral wees nie. O! as Christene die Heilige Skrif in hul eie taal kon besit, sou hulle self hierdie drogredenaars weerstaan. Sonder die Bybel is dit onmoontlik om die leke in die waarheid te vestig." — *D'Aubigne*, vol 18, hfst 4.

'n Nuwe idee het nou in sy gedagtes opgekom. "Dit was in die taal van Israel..." het hy gesê, "...dat die psalms in die tempel van Jehova gesing is; en sal die evangelie nie in die taal van Engeland tot ons spreek nie? ... Moet die kerk in die middag minder lig hê as met dagbreek? ... Christene moet die Nuwe Testament in hul moedertaal lees." Die doktore en leraars van die kerk het onderling van mekaar verskil. Slegs deur die Bybel kan mense by die waarheid uitkom. "Die een hang hierdie doktor aan en 'n ander daardie ... Nou weerspreek elkeen van hierdie outeurs mekaar. Hoe kan ons dan tussen die een wat reg is en die een wat verkeerd is onderskei? ... Hoe? ... Voorwaar deur die Woord van God." — *D'Aubigne*, vol 18, hfst 4.

Dit was nie lank daarna nie dat 'n geleerde Katolieke doktor, wat met hom verskil het, uitgeroep het: "Dit was vir ons beter om sonder God se wette te wees as die van die pous." Tyndale het geantwoord: "Ek verwerp die pous en al sy wette; en as God my lewe spaar, sal ek, voor baie jare verloop het, dit bewerkstellig dat 'n seun agter die ploeg meer van die Skrif sal weet as jy." — Anderson, *Annals of the English Bible*, bl 19.

Die doelwit wat hy begin gekoester het om die Nuwe- 247
Testamentiese Skrif aan die mense in hul eie taal te gee, is nou

bevestig en hy het homself dadelik aan die werk toegewy. Deur vervolging uit sy huis verdryf, het hy na Londen gegaan waar hy sy werk vir 'n tyd ongehinderd voortgesit het. Maar weereens het die gewelddadigheid van die Roomsgesindes hom gedwing om te vlug. Dit het gelyk of die hele Engeland vir hom gesluit was en hy het besluit om in Duitsland skuiling te gaan soek. Hier het hy begin met die druk van die Engelse Nuwe Testament. Die werk is twee keer gestaak; maar waar hy verbied is om een stad te druk, het hy na ‘n ander stad gegaan. Uiteindelik is hy na Worms, die plek waar Luther ‘n paar jaar tevore, die evangelie voor die Ryksdag verdedig het. Daar was baie vriende van die hervorming en Tyndale kon sy werk ongehinderd voortsit. Drieduisend eksemplare van die Nuwe Testament is spoedig voltooi en in dieselfde jaar het 'n verdere uitgawe gevolg.

Met groot erns en deursettingsvermoë het hy sy werk voortgesit. Ondanks die feit dat die Engelse owerhede hul hawens met die grootste waaksaamheid bewaak het, is die Woord van God op verskillende maniere heimlik na Londen versend en vandaar deur die hele land versprei. Die Roomsgesindes het probeer om die waarheid te onderdruk, maar tevergeefs. Die biskop van Durham het op 'n keer ‘n boekhandelaar wat ‘n vriend van Tyndale was, se hele voorraad Bybels met die doel om hulle te vernietig gekoop om sodoende, soos hy gemeen het, die werk te verhinder. Maar inteendeel, is die geld wat so voorsien is, aangewend vir die aankoop van materiaal vir ‘n nuwe en beter uitgawe, wat andersins nie gepubliseer sou kon word nie. Toe Tyndale daarna gevange geneem is, is sy vryheid aan hom gebied op voorwaarde dat hy die name van almal sou bekendmaak wat hom gehelp het om die koste van die druk van sy Bybels te dek. Hy het geantwoord dat die biskop van Durham in hierdie opsig meer as enige ander persoon gedoen het; want deur die ou voorraad teen ‘n hoë prys aan te koop, het hy hom in staat gestel om met goeie moed voort te gaan.

Tyndale is in die hande van sy vyande verraai en is op 'n stadium baie maande gevangenisstraf opgelê. Hy het uiteindelik deur 'n marteldood vir sy geloof getuig; maar die wapens wat hy voorberei het, het ander soldate in staat gestel om deur al die eeue heen selfs tot op hede te veg.

Latimer het vanaf die kansel volgehou dat die Bybel in die 248
taal van die volk gelees moet word. Die Outeur van die Heilige Skrif, het Hy gesê "...is God self..." en hierdie Skrif deel in die mag en ewigheid van die Outeur daarvan. "Daar is geen koning, keiser, landdros of regeerder nie ... of hulle is verplig om Sy Heilige Woord te gehoorsaam ... Laat ons nie uitdraai-paadjies volg nie, maar laat die Woord van God ons lei: laat ons nie agter ons ... voorvaders aan loop en ook nie strewe waarna hulle gestrewe het nie, maar na wat hulle moes gedoen het." – Hugh Latimer, *King Edward VI.*

Barnes en Frith, die getroue vriende van Tyndale, het opgestaan om die waarheid te verdedig. Ridley en Cranmer het gevolg. Hierdie leiers in die Engelse hervorming was geleerde manne en die meeste van hulle was hoog aangeskrewe vir hulle ywer en vroomheid onder die Katolieke. Hulle teenkanting teen die pousdom, was die gevolg van hulle kennis van die dwalinge van die "heilige stoel." Hulle kennis van die verborgenhede van Babilon, het groter krag aan hulle getuienis teen haar gegee.

"Nou wil ek 'n vreemde vraag stel" het Latimer gesê. "Wie is die mees toegewyde biskop en prelaat in die hele Engeland? ... Ek sien julle luister en wag dat ek sy naam moet noem... Ek sal vir julle sê: dit is die duiwel... Hy is nooit weg van sy bisdom nie; roep na hom net wanneer julle wil, hy is altyd tuis ... hy is altyd agter sy ploeg ... Ek waarborg julle dat julle hom nooit ledig sal vind nie ... Waar die duiwel woon, daar moet weggemaak word met die boeke en die kerse moet aangesteek word; weg met Bybels en bring die krale; weg met die Lig van die evangelie en laat die lig van kerse skyn, ja, selfs in die middag ... af met die kruis van Christus en laat die vagevuur-geldsakkie kom ... weg

met klere vir die naaktes, die armes en die magtelose, maar verhef die sierlike bedekking van beelde en vrolike versiering van stompe en stene; verhef die tradisies en wette van mense en vertrap die tradisies van God en sy allerheiligste Woord ... O, mag ons prelate net so ywerig wees om die koring van die goeie leer te saai, soos wat Satan is om die onkruid te saai!" — Latimer, *Sermon of the Plough.*

Die grootste beginsel wat deur hierdie hervormers 249
gehandhaaf is — dieselfde wat deur die Waldense, Wycliffe, Johannes Huss, Luther, Zwingli en diegene wat met hulle verenig het, gehuldig is — was die onfeilbare gesag van die Heilige Skrif as maatstaf van geloof en praktyk. Hulle het die reg van pouse, konsilies, kerkvaders en konings om die gewete in godsdienssake te beheer ontken. Die Bybel was hulle enigste gesag en aan die lering daarvan het hulle alle leerstellings en aansprake getoets. Geloof in God en Sy Woord, het hierdie manne onderskraag toe hulle hul lewens op die brandstapel neergelê het. "Hou goeie moed..." het Latimer aan 'n mede-martelaar gesê net voordat die vlamme hulle stem stilgemaak het, "...deur die genade van God, sal ons vandag in Engeland 'n lig aansteek wat nooit weer uitgedoof sal kan word nie." — *Works of Hugh Latimer*, vol 1, bI 8.

In Skotland is die saad van waarheid, wat deur Columbanus en sy medewerkers gesaai is, nooit heeltemal vernietig nie. Vir honderde jare nadat die kerke van Engeland hulle aan Rome onderwerp het, het dié van Skotland hulle vryheid behou. In die twaalfde eeu het die pousdom egter hier gevestig geraak en in geen land het dit meer algehele invloed uitgeoefen nie. Nêrens was die duisternis meer dig nie. Tog het daar ligstrale gekom om deur die somberheid te skyn met die belofte van die komende dag. Die Lollarde, afkomstig uit Engeland, met die Bybel en die leerstellings van Wycliffe, het baie daartoe bygedra om die kennis van die evangelie te bewaar en elke eeu het sy getuies en martelaars gelewer.

Met die aanvang van die groot hervorming, het die geskrifte van Luther gekom en daarna Tyndale se Engelse Nuwe Testament. Onopgemerk deur die hiërargie, het hierdie boodskappers stilweg die berge en valleie deurkruis en die fakkel van waarheid, wat so byna in Skotland uitgedoof was, weer laat opflikker en die werk wat Rome vir vier eeue van onderdrukking opgebou het, ongedaan gemaak.

Toe het die bloed van die martelare nuwe stukrag aan die 250
beweging gegee. Toe die pouslike leiers skielik wakker skrik vir die gevaar wat hulle saak bedreig, is sommige van die edelste en mees geëerde seuns van Skotland na die brandstapel gebring. Maar hulle het slegs 'n kansel opgerig vanwaar die woorde van hierdie sterwende getuies oor die hele land gehoor is en wat die siel van die volk opgewek het tot 'n onsterflike doel om die boeie van Rome af te werp.

Hamilton en Wishart, vorstelik van aard sowel as geboorte, met 'n hele aantal nederige dissipels, het hul lewens op die brandstapel neergelê. Maar vanuit die brandende stapel van Wishart, het daar een gekom wat die vlamme nie kon stilmaak nie, iemand wat onder die leiding van God die doodsklok van die pousdom in Skotland sou laat lui.

John Knox het van die tradisies en mistisisme van die kerk weggedraai om homself met die waarhede van die Woord van God te voed; en die leer van Wishart het sy vasbeslotenheid bevestig om die kerk van Rome te laat vaar en by die vervolgde hervormers aan te sluit.

Aangespoor deur sy metgeselle om die amp van prediker te aanvaar, het hy met bewing vir die verantwoordelikheid daarvan teruggedeins en dit was eers na dae van afsondering en 'n pynlike innerstryd, dat hy toegestem het. Maar nadat hy die posisie aanvaar het, het hy met onbuigsame vasberadenheid en onbetwisbare moed, terwyl die lewe voortgeduur het, vorentoe gebeur. Hierdie opregte hervormer het nie die mens gevrees nie. Die martelaarsvure wat om hom

gebrand het, het slegs gedien om sy ywer tot groter intensiteit te versnel. Met die byl van die tiran dreigend oor sy kop gehou, het hy sy man gestaan en links en regs het hy stewige houe uitgedeel om afgodediens te verpletter.

Toe hy van aangesig tot aangesig voor die koningin van Skotland verskyn het, in wie se teenwoordigheid die ywer van menige leier van die Protestantisme vervaag het, het John Knox onwrikbaar vir die waarheid getuig. Liefkosings kon hom nie oorhaal nie; hy het nie vir dreigemente teruggedeins nie. Die koningin het hom van kettery beskuldig. Hy het die volk geleer om ‘n godsdiens wat deur die staat verbied is aan te neem, het sy verklaar en het dus die opdrag van God wat die volk beveel om aan hulle vorste gehoorsaam te wees oortree. Knox het met beslistheid geantwoord:

“Aangesien ware godsdiens oorspronklik nie die krag of 251
gesag van wêreldse vorste ontvang het nie, maar van die ewige God alleen, is die onderdane nie gebonde om hul godsdiens volgens die raamwerk en begeertes van vorste op te stel nie. Want dikwels is die vorste die onkundigste van almal aangaande die ware godsdiens van God ... As al die nasate van Abraham die godsdiens van die Farao bely het, wie se onderdane hulle vir ‘n lang tydperk was, dan vra ek u madame, wat se godsdiens sou daar in die wêreld gewees het? Of as alle mense in die dae van die apostels, die godsdiens van die Roomse keisers bely het, watter godsdiens sou daar op die aarde gewees het? ... En so, madame, sal u kan sien dat die onderdane nie aan die godsdiens van hulle vorste gebonde is nie, al word hulle beveel om hulle te gehoorsaam.”

Maria het geantwoord: “Julle vertolk die Skrif op een manier en hulle, [die Rooms-Katolieke leraars], vertolk dit op ‘n ander manier; wie moet ek glo, en wie sal oordeel?”

“U moet God glo, wat duidelik in Sy Woord spreek...” het die hervormer geantwoord; “...en verder as wat die Woord leer, moet u nie die een, of die ander glo nie. Die Woord van God is

op sigself duidelik en as daar op een plek onduidelikheid voorkom, verklaar die Heilige Gees, wat nooit met Homself in stryd is nie, dieselfde op ander plekke, sodat daar geen twyfel kan bestaan nie, behalwe vir diegene wat moedswillig onkundig bly." — Laing, *The Collected Works of John Knox*, vol 2, bl 281 en 284.

Dit was die waarhede wat die vreeslose hervormer, in gevaar van sy lewe, in die oor van koninklikes verkondig het. Met dieselfde onwankelbare moed het hy by sy voorneme gehou, gebid en die stryd vir die Here gevoer totdat Skotland vry van die pousdom was.

In Engeland het die vestiging van Protestantisme as die 252
nasionale godsdiens, vervolging laat afneem, maar dit is nie heeltemal gestaak nie. Alhoewel van baie van die leerstellings van Rome afstand gedoen is, het heelwat van die vormgodsdiens behoue gebly. Die oppergesag van die pous is verwerp, maar in sy plek is die monarg as hoof van die kerk gekroon. In die kerkdienste was daar steeds 'n wye afwyking van die suiwerheid en eenvoud van die evangelie. Die groot beginsel van godsdiensvryheid is nog nie volkome verstaan nie. Hoewel die verskriklike wreedhede wat Rome teen ketters gepleeg het selde deur Protestantse heersers toegepas is, is die reg van elke mens om God volgens die voorskrifte van sy eie gewete te dien, nie erken nie. Almal moes die leerstellings aanvaar en die vorms van aanbidding wat deur die gevestigde kerk voorgeskryf is nakom. Andersdenkendes is vir honderde jare in 'n geringer of groter mate vervolg.

In die sewentiende eeu is duisende predikante van hul ampte onthef. Die volk is verbied om, op las van swaar boetes, gevangenisstraf en verbanning, enige godsdienstige byeenkomste, behalwe soos deur die kerk goedgekeur, by te woon. Daardie getroue siele wat hulself nie daarvan kon weerhou om God te aanbid nie, moes noodgedwonge in donker stegies, obskure solderkamers en soms om middernag in die

woud vergader. In die verskuilde dieptes van die woud, 'n tempel deur God self gebou, het hierdie verstrooide en vervolgde kinders van die Here vergader om hul siele in gebed en lof uit te stort. Maar ondanks al hulle voorsorgmaatreëls, moes baie vir hulle geloof ly. Die tronke was stampvol. Gesinne is opgebreek. Baie is na vreemde lande verban. Maar God was met sy volk en vervolging kon nie die oorhand kry om hul getuienis te stil nie. Baie is oor die oseaan na Amerika verdryf en het hier die grondslag vir burgerlike en godsdienstige vryheid gelê, wat die vestiging en glorie van hierdie land was.

Weereens, net soos in die dae van die apostels, het vervolging tot die bevordering van die evangelie gelei. In ‘n afskuwelike kerker, vol diewe en misdadigers, het John Bunyan die atmosfeer van die hemel uitgeasem; en daar het hy sy wonderlike allegorie, van die *Pilgrim’s Progress*, geskryf. Vir meer as tweehonderd jaar lank spreek daardie stem vanuit die Bedford-gevangenis met opwekkende krag tot die harte van mense. Bunyan se *Pilgrim’s Progress* en *Grace Abounding to the Chief of Sinners* het baie voete op die lewensweg gerig.

Baxter, Flavel, Alleine en nog ander manne met talent, 253
opleiding en 'n diep Christelike ervaring, het opgestaan en die geloof wat eens aan die heiliges oorgelewer is, met dapperheid verdedig. Die werk wat hierdie manne verrig het, wat deur die heersers van hierdie wêreld verbied is, kan nooit vergaan nie. Flavel se *Fountain of Life* en *Method of Grace* het duisende geleer hoe om hulle siele vir bewaring aan Christus te gee. Baxter se *Reformed Pastor* was ‘n groot seën vir baie mense wat ‘n herlewing in die werk van God begeer het en sy *Saints’ Everlasting Rest* het sy werk verrig om siele na die rus wat vir die volk van God oorbly, te lei.

‘n Honderd jaar later, in ‘n tyd van groot geestelike duisternis, het Whitefield en die Wesleys as ligdraers vir God verskyn. Onder die heerskappy van die gevestigde kerk, het die inwoners van Engeland in ‘n toestand van godsdienstige

agteruitgang verval wat skaars van die heidendom onderskei kon word. Natuurlike godsdiens was die gunsteling-studie van die geestelikes en het die grootste deel van hul teologie behels. Die hoër klasse het vroomheid gesmaad en hulle daarop geroem dat hulle bo, wat hulle fanatisme noem, gestaan het. Die laer klasse was uiters onkundig en aan ondeug oorgelaat, terwyl die kerk nie meer die moed of geloof gehad het om die saak van waarheid te steun nie.

Die groot leerstelling van regverdiging deur geloof, wat Luther so duidelik geleer het, is byna heeltemal uit die oog verloor; en die Roomse beginsel van vertroue op goeie werke tot redding, het die plek daarvan ingeneem. Whitefield en die Wesleys, lede van die gevestigde kerk, was opregte soekers na die guns van God en dit, is hulle geleer, moes deur 'n deugsame lewe en die nakoming van die verordeninge van godsdiens verkry word.

Toe Charles Wesley op 'n stadium siek geword het en daar 254
vir sy lewe gevrees is, is aan hom gevra waarop hy sy hoop vir die ewige lewe berus. Sy antwoord was: "Ek het my beste pogings aangewend om God te dien." Toe dit lyk asof die vriend wat die vraag gestel het nie heeltemal met die antwoord tevrede was nie, het Wesley gedink: "Wat! Is my pogings nie voldoende grond vir hoop nie? Sou hy my van my pogings beroof? Ek het niks anders om op te vertrou nie." — John Whitehead, *Life of the Rev Charles Wesley*, bl 102. Dit was die digte duisternis wat oor die kerk gekom het, wat die versoening verberg het, wat Christus van sy heerlikheid beroof het en wat die harte van die mense van hul enigste hoop op redding afgewend het, naamlik die bloed van die gekruisigde Verlosser.

Wesley en sy medewerkers is gelei om te sien dat ware godsdiens in die hart gesetel is en dat die wet van God tot die gedagtes, sowel as die woorde en strek. Oortuig van die noodsaaklikheid van heiligheid van hart, sowel as die korrektheid van uiterlike optrede, het hulle in alle erns 'n nuwe

lewe begin. Met alle ywer en gebed, het hulle probeer om die boosheid van die natuurlike hart te onderwerp. Hulle het ‘n lewe van selfverloëning, liefdadigheid en nederigheid gelei en met groot noukeurigheid elke maatstaf geneem wat volgens hulle nuttig sou wees om dit wat hulle die meeste begeer te verkry – die heiligheid wat die guns van God kon verseker. Maar hulle het nie gekry waarna hulle gesoek het nie. Hulle pogings om hulself van die veroordeling van sonde te bevry en om die mag daarvan te verbreek, was tevergeefs. Dit was dieselfde stryd wat Luther in sy sel in Erfurt beleef het. Dit was dieselfde vraag wat sy siel gemartel het — “Hoe kan ‘n mens regverdig wees by God?” (Job 9:2).

Die vure van Goddelike waarheid wat byna op die altare van Protestantisme uitgedoof is, moes weer deur die vroeëre fakkel wat deur die Boheemse Christene van eeu tot eeu oorgedra is, aangesteek word. Na die hervorming, is Protestantisme in Boheme deur die hordes van Rome vertrap. Almal wat geweier het om die waarheid te versaak, moes noodgedwonge vlug. Sommige van hulle wat hul toevlug tot Sakse gevind het, het die vroeëre geloof daar gehandhaaf. Dit was van die nageslag van hierdie Christene, wat Wesley en sy medewerkers die lig ontvang het.

John en Charles Wesley, nadat hulle tot die bediening georden is, is op 'n sending na Amerika gestuur. Aan boord van die skip waarmee hulle gereis het, was ‘n geselskap Morawiërs. Hewige storms is op see teëgekom en John Wesley, wat van aangesig tot aangesig met die dood gebring is, het gevoel dat hy nie die versekering van vrede met God gehad het nie. Die Duitsers het egter ‘n kalmte en vertroue wat hy nie geken het nie, geopenbaar.

“Ek het lank tevore...” het hy gesê, “...die groot erns van hul 255
optrede opgemerk. Hulle het voortdurende bewys van hul nederigheid gelewer, deur hulle diensbaarheid teenoor die ander passasiers in take wat niemand van die Engelse sou

onderneem nie; waarvoor hulle geen beloning wou ontvang nie en gesê het dat dit goed vir hul trotse harte was en dat hul liefdevolle Verlosser meer vir hulle gedoen het. En elke dag het aan hulle die geleentheid gebied om 'n sagmoedigheid wat deur geen onreg beweeg kon word nie, te toon. As hulle gestoot, geslaan of rondgegooi is, het hulle weer opgestaan en weggegaan, maar nooit het 'n klag oor hulle lippe gekom nie. Hier was nou 'n geleentheid om hulle op die proef te stel om te sien of hulle van die gees van vrees sowel as van hoogmoed, woede en wraak verlos was. Te midde van die psalm waarmee hulle hul diens begin het, het 'n vloedgolf oor die skip gebreek, die skip oorstroom en tussen die dekke ingestort asof die groot diepte ons reeds verswelg het. 'n Groot gegil het onder die Engelse uitgebreek, maar die Duitsers het kalm aangehou sing. Ek het een van hulle agterna gevra: ‘Was julle nie bang nie?’ Hy het geantwoord: ‘Ek dank God, nee.’ Weer het ek gevra: ‘Maar was julle vrouens en kinders nie bang nie?’ Weer het hy saggies geantwoord: ‘Nee; ons vrouens en kinders is nie bang om te sterf nie.’” — Whitehead, *Life of the Rev John Wesley*, bl 10.

Met hulle aankoms in Savanna het Wesley vir ‘n tydjie by die Morawiërs gebly en was diep onder die indruk van hul Christelike lewenswyse. Van een van hulle godsdienstige dienste, in opvallende kontras met die lewelose formalisme van die Kerk van Engeland, het hy geskryf: “Die groot eenvoud sowel as die plegtigheid van die geheel, het my byna van die sewentien-honderd jaar wat verloop het, laat vergeet en ek het my verbeel dat ek in een van daardie byeenkomste was waarin vorm of staat nie bestaan het nie; maar Paulus, die tentmaker, of Petrus, die visserman, as voorganger met die betoning van Gees en in krag opgetree het.” — Whitehead, *Life of the Rev John Wesley*, bl 11, 12.

Met sy terugkeer na Engeland het Wesley, onder leiding van 256
'n Morawiese prediker, tot 'n duideliker begrip van die Bybelse geloof gekom. Hy was oortuig daarvan dat hy afstand moes doen van alle afhanklikheid van sy eie werke tot redding en dat

hy volkome op "die Lam van God" wat die sonde van die wêreld wegneem, moet vertrou. Op 'n vergadering van die Morawiese genootskap in Londen, is 'n verklaring van Luther voorgelees, waarin die verandering wat die Gees van God in die hart van die gelowige werk, beskryf. Terwyl Wesley geluister het, het geloof in sy siel ontvlam. "Ek het gevoel hoedat my hart op 'n vreemde wyse verwarm word," het hy gesê. "Ek het gevoel dat ek op Christus en Christus alleen, vir saligheid vertrou; en ek is die versekering gegee dat Hy my sondes weggeneem het en my van die wet van die sonde en die dood verlos het." — *Id*, bl 52.

Deur lang jare van moeisame en troostelose strewe, jare van streng selfverloëning, van smaad en vernedering, het Wesley onwrikbaar aan sy een doel, om God te soek, vasgehou. Nou het hy Hom gevind en hy het gevind dat die genade wat hy geswoeg het om deur gebede en vas, deur aalmoes en selfvernedering te verkry, 'n geskenk, "...sonder geld en sonder prys..." was.

Eenmaal in die geloof van Christus gevestig, was sy hele siel brandend met 'n begeerte om die kennis van die heerlike evangelie van die vrye genade van God, te versprei. "Ek beskou die hele wêreld as my gemeente" het hy gesê. "In watter deel ek my ook al mag bevind, oordeel ek dat dit reg en my plig is om aan almal wat bereid is om te hoor, die blye boodskap van verlossing te verkondig." — *Id*, bl 74.

Hy het sy streng en selfverloënende lewe voortgesit, nie meer as grond *vir* nie, maar as gevolg *van* sy geloof; nie as die wortel nie, maar as die vrug van heiligheid. Die genade van God in Christus, is die grondslag van die Christen se hoop en daardie genade sal in gehoorsaamheid manifesteer. Wesley se lewe was aan die prediking van die groot waarhede wat hy ontvang het gewy – regverdiging deur geloof in die versoeningsbloed van Christus en die vernuwende krag van die Heilige Gees in die hart, wat vrugte in ooreenstemming met die voorbeeld van Christus dra.

Whitefield en die Wesleys is vir hulle werk voorberei deur lang en skerp persoonlike oortuigings van hul eie verlore toestand; en ten einde hulle in staat te stel om beproewing soos goeie soldate van Christus te verduur, is hulle aan die vurige beproewing van smaad, bespotting en vervolging blootgestel, beide in die universiteit en in hulle bediening. Hulle en 'n paar ander wat met hulle gesimpatiseer het, is veragtend deur hul goddelose medestudente 'Metodiste' genoem — 'n naam wat tans deur een van die grootste denominasies in Engeland en Amerika as eerbaar beskou word. 257

As lede van die Kerk van Engeland, was hulle geheg aan haar vorms van aanbidding, maar die Here het in Sy Woord 'n hoër standaard aan hulle voorgehou. Die Heilige Gees het hulle gedring om Christus te verkondig en Hom gekruisig. Die krag van die Allerhoogste het hulle in hulle werk bygestaan. Duisende is oortuig en het hulle opreg bekeer. Dit was nodig dat hierdie skape teen verskeurende wolwe beskerm moes word. Wesley het nie daaraan gedink om 'n nuwe denominasie te vorm nie, maar hy het hulle onder die sogenaamde '*Methodist Connection'* georganiseer.

Misterieus en vermoeiend was die teenstand wat hierdie predikers van die gevestigde kerk teëgekom het; nogtans het God in Sy wysheid die gebeure oorheers om die hervorming binne die kerk self te laat ontstaan. As dit heeltemal van buite gekom het, sou dit nie waar dit so nodig was kon binnedring nie. Maar omdat die herlewingspredikers kerkmanne was en binne die kerk gewerk het soos die geleentheid hom voorgedoen het, het die waarheid ingang gevind waar die deure andersins gesluit sou gebly het. Sommige van die geestelikes is uit hul morele bedwelming wakker geskud en het ywerige predikers in hul eie gemeentes geword. Kerke wat deur formalisme versteen was, is tot lewe opgewek.

In Wesley se tyd, soos in al die eeue van die geskiedenis van die kerk, het manne met verskillende gawes hul aangewese

werk verrig. Hulle het nie op alle punte van die leer ooreengestem nie, maar almal is deur die Gees van God beweeg en in die allesoorheersende doel om siele vir Christus te wen, verenig. Die verskille tussen Whitefield en die Wesleys het op 'n tyd gedreig om vervreemding te skep; maar terwyl hulle sagmoedigheid in die skool van Christus geleer het, het onderlinge verdraagsaamheid en liefde hulle versoen; hulle het geen tyd gehad om aan 'n geredekawel te verspil, terwyl dwaling en ongeregtigheid oral geheers het en sondaars besig was om verlore te gaan nie.

Die diensknegte van God het ‘n moeilike pad betree. 258
Invloedryke en geleerde manne het hulle kragte teen hulle saamgespan. Na verloop van tyd, het baie van die predikante 'n besliste vyandigheid geopenbaar en die deure van die kerk was teen suiwer geloof en diegene wat dit verkondig het gesluit. Die optrede van die predikante om hulle vanaf die kansel te veroordeel, het die elemente van duisternis, onkunde en ongeregtigheid opgewek. John Wesley het telkens die dood vrygespring deur 'n wonderwerk van die genade van God. Wanneer die woede van die gepeupel teen hom opgewek was en daar geblyk het geen kans was om te ontsnap nie, het ‘n engel in menslike gedaante aan sy sy kom staan, die gepeupel laat terugval en die dienskneg van Christus het die plek van gevaar met veiligheid verlaat.

Aangaande sy verlossing van die woedende skare by een van hierdie geleenthede, het Wesley gesê: “Baie, wat van mening was dat as ek eers op die grond was, ek nie weer sou kon opstaan nie, het probeer om my op die grond neer te werp terwyl ons met 'n gladde pad van die heuwel na benede gestap het. Maar ek het geensins gestruikel en glad nie gegly nie, totdat ek heeltemal buite hulle bereik was ... Hoewel baie van hulle my aan my kraag of klere probeer gryp het om my neer te vel, kon hulle geen houvas op my kry nie; net een het die lapel van my onderbaadjie beetgekry, wat spoedig in sy hand agtergelaat is; die ander lapel, in die sak waarvan ‘n banknoot

was, was halfpad afgeskeur ... ‘n Frisgeboude man net agter my, het verskeie kere met ‘n dik eikehout-stok op my toegeslaan wat, indien hy my eenkeer daarmee agter my kop getref het, ‘n tweede skoot onnodig sou wees. Maar die slag is elke keer afgewend; hoe weet ek nie, want ek kon nie links of regs beweeg om te koes nie ... ‘n Ander een het deur die gedrang aangestorm en sy arm opgelig om my te slaan, toe hy dit skielik laat sak, oor my kop streel en sê “Wat se sagte hare het hy...” Die heel eerste mense wie se harte 'n ommekeer ondergaan het, was die helde van die stad, die leiers van die gepeupel by elke geleentheid; een van hulle was ‘n baas vuisvegter in die biertuine.

“Hoe geleidelik berei God ons nie voor vir Sy wil nie! Twee 259
jaar gelede het ‘n stuk baksteen my skouer skrams getref. ‘n Jaar daarna het ‘n klip my tussen die oë getref. Verlede maand het ek een hou gekry en vanaand twee; een voordat ons die stad binnegekom het en een nadat ons die stad verlaat het; maar albei was soos niks, want hoewel een man my met alle mag op die bors geslaan het en die ander met soveel krag op my mond dat die bloed sommer dadelik gevloei het, het ek geen erger pyn van beide houe ervaar as wat hulle my met 'n strooitjie sou aanraak nie.” — *Wesley’s Works*, vol 3, bl 297, 298.

Die Metodiste van daardie vroeë dae — lidmate sowel as predikers — het bespotting en vervolging verduur van beide kerklidmate en openlike ongelowiges wat deur wanvoorstellings aangevuur is. Hulle is voor geregshowe gedaag, maar geregshowe slegs in naam, want daar het destyds min geregtigheid in die howe bestaan. Dikwels het hulle geweld onder hulle vervolgers verduur. Die gepeupel het van huis tot huis gegaan, meubels en besittings vernietig, geplunder soos hulle wou en mans, vrouens en kinders wreedaardig mishandel. In sommige gevalle is openbare kennisgewings gepos, waarin diegene wat wou help om die vensterruite van Metodiste te breek en hulle huise te beroof, versoek is om op bepaalde tye

en plekke bymekaar te kom. Hierdie openlike oortredings van beide menslike en Goddelike wette, is sonder teregwysing toegelaat. 'n Stelselmatige vervolging het teen 'n volk wie se enigste fout was om die voete van sondaars weg van die pad van verdoemenis na die pad van heiligmaking te lei plaasgevind.

Met verwysing na die beskuldigings teen hom en sy 260
medewerkers, het John Wesley gesê: “Sommige beweer dat die leerstellings van hierdie manne vals, foutief en entoesiasties is; dat hulle nuut en tot onlangs toe, onbekend was; dat hulle Kwakers, fanaties en Rooms is. Hierdie voorwendsels is reeds tot op die wortel oopgekerf, omdat daar algemeen bewys is dat elke vertakking van hierdie leerstellings die duidelike leerstellings van die Skrif is, wat deur ons eie kerk vertolk word. Daarom, mits die Skrif waar is, kan dit nie vals of verkeerd wees nie ... Ander beweer ‘hulle leerstelling is te streng; hulle maak die pad na die hemel te smal.’ En dit is inderwaarheid die oorspronklike beswaar (aangesien dit ‘n geruime tyd die enigste beswaar was) en is heimlik die grondslag van 'n duisend meer, wat in verskillende vorms voorkom. Maar maak hulle die weg na die hemel nouer as wat onse Here en Sy apostels dit gemaak het? Is hulle leer strenger as dié van die Bybel? Dink aan slegs enkele tekste: ‘Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag ... Elke ydel woord wat die mense praat, daar moet hulle rekenskap van gee in die oordeelsdag ... Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.’

“As hulle leerstelling strenger as dit is, moet hulle die skuld kry; maar julle weet in julle hart dat dit nie so is nie. En wie kan een jota minder streng wees sonder om die Woord van God te skend? Kan enige rentmeester van die verborgenhede van God, getrou wees as hy enige deel van daardie heilige uitsprake verander? Nee. Hy kan geen afbreuk daaraan doen nie en niks versag nie; hy is onder verpligting om aan alle mense te verklaar: ‘Ek mag die Skrif nie verlaag om by julle smaak aan te pas nie. Julle moet ten volle daarby aanpas, of vir ewig vergaan.’

Dit is die werklike grondslag van die ander gewilde beskuldiging aangaande die 'liefdeloosheid van hierdie mense.' Is hulle liefdeloos? In watter opsig? Voed hulle nie die hongeriges en kleed hulle nie die naaktes nie? 'Nee, dit is nie die vraag nie: hulle skiet nie in hierdie dinge kort nie: maar hulle is liefdeloos in hulle oordeel! Hulle meen dat niemand gered kan word, behalwe diegene wat hulle pad bewandel nie.'" — *Wesley's Works*, vol 3, bl 152, 153.

Die geestelike agteruitgang wat net voor die tyd van Wesley 261
in Engeland gemanifesteer het, was tot 'n groot mate die gevolg van teenstrydige leringe. Baie het voorgehou dat Christus die sedewet afgeskaf het en dat Christene derhalwe nie onder verpligting was om dit na te kom nie; dat gelowiges van die "slawerny van goeie werke" bevry is. Ander, hoewel hulle die onverganklikheid van die wet erken het, het verklaar dat dit onnodig vir predikante was om die volk tot gehoorsaamheid aan die voorskrifte te vermaan, aangesien diegene wat deur God tot die saligheid uitverkies is, "...deur 'n onweerstaanbare drang van Goddelike genade, tot 'n lewe van vroomheid en deugsaamheid gelei sou word..." terwyl diegene wat vir die verdoemenis bestem is, "...geen krag het om die Goddelike wet te gehoorsaam nie."

Andere wat ook die mening toegedaan was dat "...die uitverkorenes nie van die genade kon verval of die Goddelike guns kon verbeur nie..." het tot 'n nog erger gevolgtrekking gekom, naamlik "...dat die goddelose dade wat hulle pleeg, nie werklik sonde is nie en ook nie as skending van die Goddelike wet beskou kan word nie en dat dit gevolglik nie vir hulle nodig was om hulle sondes te bely of dit deur bekering te versaak nie." — *McClintock and Strong's Cyclopaedia*, art "*Antinomians*". Daarom het hulle verklaar dat selfs van die ergste sondes, "...wat algemeen as 'n skending van die Goddelike wet beskou word, nie 'n sonde in die oë van God is nie..." as dit deur een van die uitverkorenes gepleeg word nie ... omdat dit een van die wesenlike en kenmerkende

eienskappe van die uitverkorenes is dat hulle niks kan doen wat God mishaag of wat deur die wet verbied is nie."

Hierdie monsteragtige leerstellings is in wese dieselfde as die latere leerstellings van populêre opvoeders en teoloë, naamlik dat daar geen onveranderlike Goddelike wet as maatstaf van geregtigheid is nie, maar dat die maatstaf van sedelikheid deur die samelewing self aangedui word en voortdurend aan verandering onderhewig is. Al hierdie idees is deur dieselfde meestergees geïnspireer — deur hom wat, selfs onder die sondelose bewoners van die hemel sy werk begin het om die regverdige beperkings van die wet van God te probeer afbreek.

Die leerstelling van die Goddelike verordeninge, wat die karakter van mense onveranderlik vasgestel het, het baie mense gelei tot 'n feitlike verwerping van die wet van God. Wesley het die dwalings van die teenstrydige leraars onwrikbaar teëgestaan en daarop gewys dat hierdie leerstelling wat tot teenstrydigheid lei, in stryd met die Skrif was. "Die genade van God wat redding bring, het aan almal verskyn ... Dit is goed en aanvaarbaar in die oë van God, ons Verlosser; wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal." (Titus 2:11; 1 Tim 2:3-6). Die Gees van God word vryelik geskenk, om elke mens in staat te stel om die middele tot redding aan te gryp. Christus, "...die waaragtige Lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld." (Joh1:9.) Mense verbeur die saligheid deur hul eie moedswillige weiering van die gawe van die lewe. 262

In antwoord op die bewering dat die voorskrifte van die dekaloog saam met die seremoniële wet met die dood van Christus afgeskaf is, het Wesley gesê: "Christus het nie die morele wet, soos vervat in die tien gebooie en deur die profete afgedwing, weggeneem nie. Dit was nie die doel van Sy koms

om enige deel hiervan af te skaf nie. Dit is ‘n wet wat nooit verbreek kan word nie, wat ‘...vasstaan as die getroue getuie in die hemel.’ Dit het bestaan vanaf die begin van die wêreld, ‘...geskrywe nie op kliptafels nie...’, maar op die harte van alle mensekinders, toe dit uit die hand van die Skepper gekom het. En hoe die woorde wat eenmaal deur die vinger van God geskryf is, vandag ook al tot 'n groot mate deur sonde geskend is, kan hulle nogtans nie, terwyl ons nog enigsins bewus van goed en kwaad is, heeltemal uitgewis word nie. Elke deel van hierdie wet moet op die hele mensdom en in alle eeue van krag bly; omdat dit nie afhang van tyd of plek of enige ander veranderlike omstandighede nie, maar van die natuur van God en die natuur van die mens en hul onveranderlike verwantskap aan mekaar.

“’Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.’ 263
Sonder twyfel is Sy bedoeling hiermee (dit is ooreenkomstig alles wat voorafgaan en later volg), ‘Ek het gekom om die wet in sy volheid te bevestig ten spyte van al die byvoegsels van mense: Ek het gekom om alles wat duister en verborge daarin is ten volle duidelik te stel; Ek het gekom om die ware en volle betekenis van elke deel te verklaar; om die lengte en breedte, die volle omvang van elke gebod daarin uit te wys en die hoogte en diepte, die onbegryplike reinheid en geestelikheid daarvan in al sy vertakkings.’” — *Wesley’s Works*, Preek 25.

Wesley het die perfekte harmonie van die wet en die evangelie verklaar. “Daar is dus die nouste verband denkbaar tussen die wet en die evangelie. Enersyds maak die wet voortdurend plek vir en wys dit ons op die evangelie; aan die anderkant lei die evangelie ons voortdurend tot ‘n meer presiese vervulling van die wet. Die wet vereis byvoorbeeld dat ons God moet liefhê, ons naaste moet liefhê, sagmoedig, nederig en heilig moet wees. Ons voel dat ons nie voldoen aan hierdie dinge nie; ja, dat dit vir die mens onmoontlik is; maar ons sien ‘n belofte van God om ons daardie liefde te gee en ons nederig, sagmoedig en heilig te maak. Ons gryp hierdie

evangelie, hierdie blye tyding aan; dit word aan ons volgens ons geloof gebied; en '...die geregtigheid van die wet word in ons vervul,' deur die geloof in Christus Jesus..."

"In die hoogste rang van die vyande van die evangelie van Christus..." het Wesley gesê, "...is dit diegene wat die 'wet openlik en uitdruklik oordeel en kwaad spreek van die wet'; wat mense leer, om nie net een nie — of dit nou die geringste of die grootste gebod is — maar al die gebooie op een slag te verbreek (om dit te ontbind, los te maak, of die verpligtinge daarvan op te hef) ... Die verrassendste van al die omstandighede wat met hierdie sterk dwaling gepaard gaan, is dat diegene wat daaraan toegee, werklik glo dat hulle Christus vereer deur Sy wet omver te werp en dat hulle Sy amp verheerlik, terwyl hulle sy leer vernietig! Ja, hulle vereer Hom net soos Judas toe hy gesê het: 'Gegroet, Rabbi!' en Hom gesoen het. En Hy kan met reg aan elkeen van hulle sê: 'Verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?' Om van Sy bloed te praat en Sy kroon weg te neem; om enige deel van Sy wet te minag onder die voorwendsel om Sy evangelie te bevorder, is niks anders as om Hom met 'n kus te verraai nie. Niemand, wat geloof op hierdie wyse verkondig, naamlik dat dit regstreeks of onregstreeks geneig is om enige deel van gehoorsaamheid af te skaf en wat verkondig dat Christus een van die minste van die gebooie van God tot niet maak of enigsins verswak, kan inderdaad hierdie beskuldiging vryspring nie." — *Wesley's Works*, Preek 35.

Aan diegene wat daarop aangedring het dat "...die prediking 264
van die evangelie aan die eise van die wet voldoen..." het Wesley geantwoord: "Dit ontken ons ten sterkste. Dit beantwoord nie die heel eerste vereiste van die wet nie, naamlik om mense van sonde te oortuig en diegene wat op die rand van die hel slaap, wakker te skud." Die apostel Paulus het verklaar dat "...deur die wet is die kennis van die sonde." "Nie voordat 'n mens van sonde oortuig is nie, sal hy werklik die behoefte aan die versoenende bloed van Christus ervaar nie ...

‘Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is...’ het die Here gesê. Dit is dus belaglik om die geneesheer te ontbied vir diegene wat gesond is, of wat meen dat hulle nie siek is nie. Jy moet hulle eers oortuig dat hulle siek is, anders sal hulle jou nie bedank vir jou werk nie. Dit is ewe belaglik om Christus te verkondig aan diegene wie se hart heel is en nog nooit gebreek is nie.” — *Wesley’s Works*, Preek 35.

Terwyl Wesley dus die evangelie van die genade van God verkondig het, het hy gepoog om, soos sy Meester, die wet te vergroot en dit eerbaar te maak. Hy het getrou die werk wat God hom gegee het verrig en glorieryk was die vrugte wat hy toegelaat was om te sien. Aan die einde van sy lang lewe van meer as tagtig jaar, vyftig waarvan hy in sy bediening rondgereis het, het sy toegewyde aanhangers meer as ‘n halfmiljoen getel. Maar die menigte wat deur sy werk uit die ondergang en agteruitgang van sonde tot ‘n hoër en edeler lewe verhef is en die aantal wat deur sy leer ’n dieper en ryker ervaring bereik het, sal nooit bekend wees voordat die hele gesin van verlostes in die koninkryk van God versamel is nie. Sy lewe bied ’n les van onskatbare waarde vir elke Christen. Mag die geloof en nederigheid, die onvermoeide ywer, selfopoffering en toewyding van hierdie dienskneg van Christus in die kerke van vandag weerspieël word!

## Hoofstuk 15 265

# Die Bybel en die Franse Revolusie

In die sestiende eeu het die hervorming, wat 'n geopende Bybel aan die volk gebied het, gestreef om toegang tot al die lande van Europa te verkry. Sommige nasies het die Bybel met blydskap as ‘n boodskapper van die hemel verwelkom. In ander lande het die pousdom in 'n groot mate daarin geslaag om toegang tot die Bybel te voorkom; en die lig van Bybelkennis, met die verheffende invloede daarvan, was byna heeltemal uitgesluit. In een land, hoewel die lig daar toegang gehad het, het die heersende duisternis dit nie begryp nie. Eeue lank het waarheid en dwaling om oorheersing gestry. Uiteindelik het die boosheid geseëvier en is die waarheid van die hemel verdring. “En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig.” (Joh 3:19). Die nasie is oorgelaat om die vrugte van die weg wat hulle gekies het te pluk. Die beperking van God se Gees is van ‘n volk wat die genadegawe van God verag het onttrek. Die bose is toegelaat om volheid te bereik en die hele wêreld het die vrug van die opsetlike verwerping van die lig aanskou.

Die stryd teen die Bybel wat vir soveel eeue in Frankryk voortgeduur het, het op die tonele van die Franse Revolusie uitgeloop. Daardie verskriklike uitbraak was slegs die noodwendige gevolg van Rome se onderdrukking van die Skrif. *[Sien bylaag].* Dit het die treffendste voorbeeld van die uitwerking van die pouslike beleid wat die wêreld nog ooit gesien het gebied — ’n voorbeeld van die gevolge waartoe die leer van die Roomse Kerk vir meer as ‘n duisend jaar geneig het.

Die onderdrukking van die Skrif gedurende die tydperk van pouslike oorheersing is deur die profete voorspel en Openbaring wys ook op die verskriklike gevolge wat uit die heerskappy van “die man van die sonde,” veral in Frankryk sou ontstaan. 266

Die engel van die Here het gesê: "Hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap. En Ek sal aan My twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer ... En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, met hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is ... Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan en hulle het op hulle voete gestaan en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het." (Openb 11:2-11).

Die tydperke wat hier genoem word — "twee-en-veertig maande," en "duisend-tweehonderd-en-sestig dae" — is dieselfde en beide verteenwoordig die tydperk waarin die kerk van Christus deur Rome onderdruk sou word. Die 1 260 jaar van pouslike oorheersing het in 538 nC begin en sou dus in die jaar 1798 eindig. *[Sien bylaag nota vir bl 54].* In daardie jaar het 'n Franse leër Rome binnegeval en die pous gevange geneem en hy het in ballingskap gesterf. Alhoewel 'n nuwe pous kort daarna verkies is, het die pouslike hiërargie sedert daardie tyd nooit weer die mag uitgeoefen wat dit tevore besit het nie.

Die vervolging van die kerk het nie die volle tydperk van 267
1 260 jaar voortgeduur nie. God het, in genade teenoor Sy volk, die tyd van hulle hewige beproewing verkort. In die voorspelling van die "groot verdrukking" wat die kerk sou tref, het die Verlosser gesê: "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." (Matt 24:22). Deur die invloed van die hervorming is die vervolging voor 1798 beëindig.

Aangaande die twee getuies het die profeet verder verklaar: "Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan." (Openb 11:4). "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad..." het die psalmis gesê. (Ps 119:105). Die twee getuies verteenwoordig die Skrifte van die Ou- en Nuwe Testament. Albei is belangrike getuienisse van die oorsprong en onverganklikheid van die wet van God. Albei getuig ook van die plan van verlossing. Die tipes, die offerandes en profesieë van die Ou Testament wys almal op 'n Verlosser wat sou kom. Die Evangelies en Sendbriewe van die Nuwe Testament vertel van 'n Verlosser wat presies gekom het soos dit deur tipes en profesieë voorspel is.

Hulle sal met sakke beklee "...duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank profeteer." Gedurende die grootste gedeelte van hierdie tydperk het die getuies van God 'n afgeleë lewe gelei. Die pouslike mag het gepoog om die woord van waarheid van die volk te verberg en het valse getuies aan hulle voorgehou om die getuienis daarvan te weerspreek. *[Sien bylaag].* Toe die Bybel deur godsdienstige en sekulêre gesag verbied is; toe die getuienis daarvan verdraai is en alle pogings wat deur mense of duiwels bedink kon word om die harte van die volk daarvan af te wend in werking gestel is; toe diegene wat dit gewaag het om die heilige waarhede te verkondig, gejag en verraai is, in kerkers begrawe, vir hulle geloof gemartel is, of gedwing is om na bergvestings en openinge en spelonke van die aarde te vlug, het die getroue getuies, in roukleed geklee, geprofeteer. Tog het hulle hul getuienis gedurende die hele tydperk van die 1 260 jaar voortgesit. In die donkerste tye was daar getroue mense wat die Woord van God liefgehad en ywerig vir Sy eer was. Aan hierdie getroue diensknegte is wysheid, mag en gesag gegee om Sy waarheid gedurende hierdie hele tydperk te verkondig.

"En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle 268
mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier doodgemaak word." (Openb

11:5). Mense kan nie die Woord van God ongestraf vertrap nie. Die betekenis van hierdie vreesaanjaende veroordeling word in die slothoofstuk van Openbaring uiteengesit: “Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.” (Openb 22:18,19).

So lui die waarskuwings wat God gegee het om mense te waarsku teen enige verandering wat Hy geopenbaar of beveel het. Hierdie plegtige veroordelings is van toepassing op almal wat deur hulle invloed mense daartoe lei om die wet van God gering te ag. Dit behoort diegene wat op ligsinnige wyse verklaar dat dit ‘n saak van min belang is of hulle die wet van God gehoorsaam of nie, te laat vrees en sidder. Almal wat hul eie opinies bo die Goddelike openbaring verhef; almal wat die duidelike betekenis van die Skrif verander om by hulle eie gerief aan te pas of om gelykvormig aan die wêreld te wees, neem ‘n verskriklike verantwoordelikheid op hulleself. Die geskrewe woord, die wet van God, is die maatstaf waarmee die karakter van elke mens gemeet sal word en dit sal almal veroordeel wat nie aan hierdie onfeilbare toets voldoen nie.

“En wanneer hulle hul getuienis voleindig het...” Die tydperk wanneer hierdie twee getuies in roukleed sou profeteer, het in 1798 geëindig. Soos hulle die beëindiging van hulle werk, in geborgenheid verrig, genader het, sou daar oorlog teen hulle gevoer word deur ‘n mag wat as “...die dier wat uit die afgrond opkom...” voorgestel word. In baie van die nasies van Europa is die magte wat kerk en staat regeer het, eeue lank deur middel van die pousdom deur Satan beheer. Maar hier word ‘n nuwe manifestasie van sataniese mag aan die lig gebring.

Dit was Rome se beleid om, onder voorwendsel van eerbied vir die Bybel, dit vir die mense te verberg, opgesluit in 'n onbekende taal. Onder haar heerskappy, het die getuies in roukleed geprofeteer. Maar 'n ander mag — die dier uit die bodemlose put — sou verrys om openlik oorlog teen die Woord van God te verklaar. 269

Die "groot stad" in wie se strate die getuies gedood sou word en waar hulle lyke sou lê, is "geestelike Egipte" genoem. Van al die nasies wat in die Bybelse geskiedenis genoem word, het Egipte die bestaan van die lewende God op die vermetelste wyse ontken en Sy gebooie weerstaan. Geen monarg het ooit op 'n meer openlike en hooghartige wyse gewaag om in opstand teen die gesag van die Hemel te kom, as die koning van Egipte nie. Toe Moses in die Naam van die Here aan hom die boodskap gebring het, het Farao hooghartig geantwoord: "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die Here nie en ek sal Israel ook nie laat trek nie." (Eks 5:2). Dit is Ateïsme; en die volk wat deur Egipte verteenwoordig word, sal 'n soortgelyke ontkenning van die aansprake van die lewende God en 'n dergelike gees van ongeloof en uittarting openbaar. Die "groot stad" word "geestelik" met Sodom vergelyk. Die goddeloosheid van Sodom en die skending van die wet van God het veral in losbandigheid tot uiting gekom. En hierdie sonde sou ook die hoofsaaklike kenmerk van die volk wees wat aan die spesifikasies van hierdie Skrif sou voldoen.

Volgens die woorde van die profeet sou daar kort voor die jaar 1798 'n mag van sataniese oorsprong en karakter ontstaan om oorlog teen die Bybel te voer. En in die land waar die getuienis van die twee getuies van God stilgemaak sou word, sou die ateïsme van Farao en die losbandigheid van Sodom manifesteer.

Hierdie profesie het op 'n baie presiese en opvallende wyse in die geskiedenis van Frankryk in vervulling gegaan. Tydens die Franse Revolusie, in 1793, "...het die wêreld vir die eerste keer 270

gehoor hoe ‘n vergadering van mense, gebore en opgelei onder die invloed van 'n beskawing wat hulself die reg toegeëien het om een van die beste Europese nasies te regeer, hulle verenigde stem verhef het om die mees plegtigste waarheid wat die siel van ‘n mens ooit kan ontvang, te verloën en om eenparig die geloof en aanbidding van die Godheid af te sweer.” — Sir Walter Scott, *Life of Napoleon Bonaparte*, vol 1, hfst 17. “Frankryk is die enigste nasie in die wêreld aangaande wie die outentieke verslag oorleef het, waarin hulle hul hand in openlike opstand teen die Outeur van die heelal verhef het. Baie godslasteraars en baie ongelowiges het bestaan en bestaan steeds in Engeland, Duitsland, Spanje en elders; maar Frankryk staan apart in die geskiedenis van die wêreld as die enkele staat wat volgens die besluit van haar Wetgewende Raad geproklameer het dat daar geen God is nie en waarvan die hele bevolking van die hoofstad en 'n oorgrote meerderheid op ander plekke, vroue sowel as mans, wat met die aankondiging van die aanvaarding van die proklamasie, van vreugde gedans en gesing het.” — *Blackwood's Magazine*, Nov 1870.

Frankryk het ook die eienskappe wat Sodom veral 271
gekenmerk het, geopenbaar. Gedurende die Franse Revolusie was daar ‘n toestand van sedelike aftakeling en korrupsie, soortgelyk aan dié wat die stede van die vlakte vernietig het. Die geskiedskrywer stel die ateïsme en losbandigheid van Frankryk net soos dit in die profesie uiteengesit is, voor: “Intiem verbonde aan hierdie wette wat die godsdiens beïnvloed het, was die wet wat die huweliksverbintenis – die heiligste band wat mense kan vorm en die bestendigheid wat op die kragtigste wyse bydra tot die versterking van die samelewing — tot die toestand verlaag het van 'n blote burgerlike kontrak van verbygaande aard, waarby enige twee persone betrokke kon raak en na willekeur kon verbreek ... As demone beoog het om ‘n metode uit te dink om alles wat eerbiedwaardig, grasieus of permanent in die huislike lewe is op die doeltreffendste wyse te vernietig en wat hulle terselfdertyd die versekering sou gee

dat die onheil wat hulle van voornemens was om te skep, van een geslag na die ander sou kon voortduur, kon hulle nie 'n meer effektiewe plan uitgedink het as die degradering van die huwelik nie ... Sophie Arnoult, "...'n aktrise wat bekend was vir haar geestige gesegdes het die republikeinse huwelik as 'n sakrament van owerspel beskryf." — *Scott* vol 1, hfst 17.

"...waar ons Here gekruisig is." Hierdie spesifikasie van die profesie is ook deur Frankryk vervul. In geen land is die gees van vyandskap teen Christus op 'n meer treffender wyse geopenbaar nie. In geen land het die waarheid bitterder en wreder teëstand ervaar nie. Met die vervolging waarmee Frankryk die belyers van die evangelie vervolg het, het hulle Christus in die persoon van Sy dissipels gekruisig.

Eeu na eeu is die bloed van die heiliges gestort. Terwyl die Waldense "...ter wille van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus..." in die berge van Piedmont hulle lewens neergelê het, het hulle broers, die Albigense van Frankryk, op dieselfde wyse vir die waarheid getuig. In die dae van die hervorming is die dissipels van die waarheid deur die gruwelikste marteling gedood. Konings en adellikes, vroue uit die adelstand en verfynde dames, die trots en ridders van die nasie, het hulle in die aanskoue van die lyding van die martelare van Jesus verlustig. Die dapper Hugenote wat geveg het vir die regte wat die menslike hart die heiligste hou, het hulle bloed in menige bittere stryd gestort. Die Protestante is voëlvry verklaar, 'n prys is op hulle hoof geplaas en hulle is soos wilde diere gejag.

Die "kerk in die woestyn", die paar afstammelinge van die 272
vroeëre Christene wat in die agtiende eeu nog in Frankryk oorgebly het en in die berge van die suide geskuil het, het steeds die geloof van hulle vaders gekoester. Wanneer hulle gedurende die nag gewaag het om teen die berghellings of op die eensame moeras saam te kom, is hulle deur soldate agtervolg en weggesleep na lewenslange slawerny in die galeie.

Die reinste, die mees verfynde en mees intelligente van die Franse was vasgeketting en wreedaardig gemartel tussen rowers en sluipmoordenaars. (Sien *Wylie*, vol 22, hfst 6.) Ander wat meer genadiger behandel is, is koelbloedig doodgeskiet terwyl hulle ongewapen en hulpeloos in gebed op hulle knieë neergesak het. Honderde bejaardes, weerlose vroue en onskuldige kinders is op die plekke waar hulle byeengekom het dood agtergelaat. Wanneer hulle die berghellings of bos waar hulle gewoond was om te vergader deurkruis het, was dit nie ongewoon om "...elke vier treë lyke op die gras te sien lê, of lyke wat aan bome hang nie." Hierdie land wat deur die swaard, die byl en die brandstapel verwoes is, "...is in 'n uitgestrekte, somber wildernis omskep." "Hierdie gruweldade is gepleeg ... nie in die donker Middeleeue nie, maar in die glansryke era van Lodewyk XIV. Die wetenskap het toe ontstaan, die letterkunde het floreer, die godsdienstiges van die hof en die hoofstad was geleerde en welsprekende manne en het die genade van sagmoedigheid en naasteliefde grootliks beïnvloed." — *Id*, hfst 7.

Maar die swartste op die swart katalogus van misdade, die aakligste van al die demoniese dade van al die verskriklike eeue, was die Bloedbad van St Bartholomeusnag. Die wêreld word steeds met sidderende afgryse aan die tonele van daardie lafhartigste en wreedste van alle slagtings herinner. Die koning van Frankryk, op aandrang van die Roomse priesters en prelate, het goedkeuring vir hierdie aaklige slagting verleen. 'n Klok wat in die middel van die nag gelui is, was die teken vir die slagting. Duisende Protestante wat in vertroue op die plegtige erewoord van hulle koning rustig in hulle wonings geslaap het, is sonder waarskuwing na buite gesleep en koelbloedig vermoor.

Soos Christus die onsigbare Leier van Sy volk uit die Egiptiese slawerny was, so was Satan die onsigbare leier van sy onderdane in hierdie afskuwelike werk om die martelare te laat toeneem. Sewe dae lank is die slagting in Parys voortgesit, waarvan die eerste drie met ondenkbare woede geskied het. En

dit was nie tot die stad self beperk nie, maar op spesiale bevel van die koning het dit na al die provinsies en dorpe waar Protestante gevind is, uitgebrei. Geen ouderdom of geslag is ontsien nie. Nie die onskuldige kindjie of die grysaard is gespaar nie. Adel en boere, oud en jonk, moeder en kind is saam neergevel. Vir twee maande het die slagting in die hele Frankryk voortgeduur. Sewentig duisend van die room van die volk het omgekom.

"Toe die nuus van die slagting Rome bereik, het die gejuig 273
van die geestelikes geen perke geken nie. Die kardinaal van Lorraine het die boodskapper met 'n duisend krone beloon; die kanonne van die kasteel van St Angelo het 'n vreugdevolle saluut afgevuur; en die klokke in elke toring het gelui; vreugdevure het die nag in dag verander en Gregorius XIII, vergesel van sy kardinale en ander kerklike hooggeplaastes, het in 'n lang optog na die kerk van die heilige Lodewyk gegaan, waar die kardinaal van Lorraine 'n *Te Deum* gedreunsing het ... 'n Medalje is ter herdenking van die bloedbad gemunt en in die Vatikaan kan daar nog drie fresko's van Vasari gesien word, wat die aanval op die admiraal beskryf en die koning met sy raadgewers terwyl hulle die bloedbad beplan en wat die bloedbad self beskryf. Gregorius het aan Karel die goue roos gestuur en vier maande na die slagting ... het hy selfvoldaan na die preek van 'n Franse priester ... wat melding gemaak het van '...die dag so vol geluk en vreugde, toe die allerheiligste vader die nuus ontvang het en in 'n plegtige optog sy dank aan God en die heilige St Lodewyk gaan betuig het.'" — Henry White, *The Massacre of St. Bartholomew*, hfst 14, par 34.

Dieselfde meestergees wat die St Bartholomeüs-slagting aangehits het, het ook die tonele van die Revolusie gelei. Jesus Christus is 'n bedrieër verklaar en die wagwoord van die Franse ongelowiges was "Weg met die Ellendeling", waarmee hulle Christus bedoel het. Hemeltergende godslastering en gruwelike goddeloosheid het hand-aan-hand gegaan en die laagste onder die mense, die mees losbandigste monsters van wreedheid en

sonde, was die hoogste verhewe. In dit alles is die hoogste eerbetoon aan Satan gebring; terwyl Christus met Sy karaktertrekke van waarheid, reinheid en onselfsugtige liefde, gekruisig is.

"Die dier wat uit die afgrond opkom, sal met hulle oorlog 274
voer en hulle oorwin en hulle doodmaak." Die ateïstiese mag wat tydens die Franse Revolusie en die skrikbewind in Frankryk geheers het, het 'n stryd teen God en sy heilige Woord gevoer soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Die aanbidding van die Godheid is deur die Nasionale Vergadering afgeskaf. Bybels is versamel en in die openbaar met die grootste minagting verbrand. Die wet van God is onder die voete vertrap. Die instellings van die Bybel is afgeskaf. Die weeklikse rusdag is afgeskaf en in die plek daarvan is elke tiende dag aan verlustiging en godslastering gewy. Die doop en die nagmaal is verbied. En plakkate wat op strategiese plekke in die begraafplase geplaas is, het verklaar dat die dood 'n ewige slaap is.

Die vrees van God is verklaar so ver van die begin van wysheid te wees, dat dit die begin van dwaasheid was. Alle godsdienstige aanbidding was verbode, behalwe dié van vryheid en van die land. "Die grondwetlike biskop van Parys is na vore gebring om die hoofrol in die mees vermetelste en skandaligste klug wat nog ooit in 'n nasionale aanbieding verteenwoordig is, te speel... Hy is in 'n volle optog na vore gebring om aan die Konvensie te verklaar dat die godsdiens wat hy soveel jare verkondig het, priesterlike bedrog was en het geen grondslag in die geskiedenis of die heilige waarheid gehad het nie. Hy het in plegtige en eksplisiete terme die bestaan van die Godheid aan wie se aanbidding hy gewy was verwerp en het hom in die toekoms aan die huldiging van vryheid, gelykheid, deug en moraliteit toegewy. Daarna het hy sy episkopaalse versierings op die tafel neergelê en 'n broederlike omhelsing van die president van die konvensie ontvang. Verskeie afvallige

priesters het die voorbeeld van hierdie prelaat gevolg." — *Scott,* vol 1, hfst 17.

"Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat die twee profete die bewoners van die aarde gepynig het." Die ongelowige Frankryk het die bestraffende stem van die twee getuies van God stilgemaak. Die woord van waarheid het dood in haar strate gelê en diegene wat die bepalings en verordeninge van die wet van God gehaat het, het gejubel. Mense het die Koning van die hemel in die openbaar uitgedaag. Soos die sondaars van ouds het hulle uitgeroep: "Hoe sou God dit weet en sou daar kennis by die Allerhoogste wees?" (Ps 73:11).

Met ongelooflike godslasterlike vrymoedigheid, het een van 275
die priesters van die nuwe orde gesê: "God, as U bestaan, wreek U geskende Naam. Ek daag U uit! U bly stil: U durf nie U donderweer loslaat nie! Wie sal hierna in U bestaan glo?" — Lacretelle, *History*, vol 11, bl 309; Sir Archibald Alison, *History of Europe*, vol l, hfst 10. Wat 'n eggo was dit van Farao se eis: "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister? ... Ek ken die Here nie."

"Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie." (Ps 14:1). En van hulle wat die waarheid verdraai, sê die Here: "Hulle dwaasheid sal vir almal duidelik wees." (2 Tim 3:9). Nadat Frankryk die diens van die lewende God, "...die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon..." afgesweer het, het dit nie lank geduur voordat hulle in 'n degraderende afgodsdiens verval het nie, deur die Godin van Rede, in die persoon van 'n sedelose vrou, te aanbid. En dit in die verteenwoordigende vergadering van die volk en deur die hoogste burgerlike en wetgewende owerhede! Die geskiedskrywer het gesê: "Een van die seremonies van hierdie waansinnige tyd was ongeëwenaard in belaglikheid, gekombineer met goddeloosheid. Die deure van die konvensie is vir 'n groep musikante oopgegooi, wat deur die lede van die stadsraad in 'n plegtige optog voorafgegaan is

en lofsange ter ere van vryheid gesing het en as voorwerp van hul toekomstige aanbidding, begelei is deur 'n gesluierde vrou, wat hulle die Godin van Rede genoem het. Nadat sy in die balie ingebring is, is sy met groot plegtigheid ontsluier en aan die regterkant van die president geplaas, toe sy algemeen as ‘n danseres uit die opera herken is... Aan hierdie persoon, as die geskikste verteenwoordiger van die rede wat hulle aanbid het, het die Nasionale Konvensie van Frankryk openbare hulde gebring.”

“Hierdie goddelose en belaglike maskerade het ‘n mode geword en die wyding van die Godin van Rede is deur die hele volk vernuwe en nageboots op plekke waar die inwoners hulleself graag aan al die hoogtepunte van die revolusie gelyk wou stel.” — *Scott*, vol 1, hfst 17.

Die redenaar wat die aanbidding van Rede ingelei het, het 276
gesê: “Wetgewers! Fanatisme het plek gemaak vir rede. Sy glasige oë kon die helderheid van die lig verduur nie. Op hierdie dag het ‘n ontsaglike skare onder die gotiese gewelwe vergader, wat vir die eerste keer weer die stem van waarheid herhaal het. Daar het die Franse die enigste ware godsdiens gevier, naamlik van Vryheid en van Rede. Daar is wense vir die voorspoed van die wapens van die Republiek uitgespreek. Daar het ons die lewenslose afgode met Rede vervang, met daardie lewendige beeld, die meesterstuk van die natuur.” — M.A. Thiers, *History of the French Revolution*, vol 2, bl 370, 371.

Toe die godin in die konvensie ingebring is, het die redenaar haar aan die hand geneem en terwyl hy hom tot die vergadering wend, het hy gesê: “Sterflinge, hou op om vir die magtelose donders van ‘n God wat deur u vrees geskep is te beef. Erken voortaan geen god behalwe rede nie. Ek bied julle sy edelste en reinste beeld aan; as julle afgode moet hê, offer dan slegs aan een soos hierdie ... Val neer voor die deurlugtige Senaat van Vryheid, o Sluier van Rede!”

"Nadat die godin deur die president omhels is, is sy op 'n pragtige sierwa geplaas en te midde van 'n ontsaglike skare na die katedraal van Notre Dame gelei om die plek van die Godheid in te neem. Daar is sy op die hoë altaar geplaas en die aanbidding van almal wat teenwoordig was, ontvang." — *Alison*, vol 1, hfst 10.

Nie lank daarna nie, is dit opgevolg deur die openbare verbranding van die Bybels. Met een geleentheid het lede van die "*Popular Society of the Museum*"" die saal van die munisipaliteit binnegekom en uitgeroep: "*Vive la Raison!*" en op die bopunt van 'n paal is die half verbrande oorblyfsels van verskeie boeke, waaronder Katolieke gebedeboeke, misboeke en Ou en Nuwe Testamente gedra wat, soos die president gesê het, "...in 'n groot vuur verval het, vir al die onsin wat hulle die menslike geslag laat pleeg het." —*Journal of Paris*, 1793, nr 318. Aanhangsel in Buchez-Roux, *Collection of Parliamentary History*, vol 30, bl 200, 201.

Dit was die pousdom wat met hierdie werk begin het, wat 277
deur ateïsme voltooi is. Die beleid van Rome het die sosiale, politieke en godsdienstige toestande wat Frankryk se ondergang verhaas het, teweeggebring. Skrywers, met verwysing na die skrikbewind van die Franse Revolusie, het gesê dat hierdie buitensporighede, direk aan die troon en die kerk toegeskryf moet word. *[Sien bylaag].* Maar in alle regverdigheid, moet dit aan die kerk toegeskryf word. Die pousdom het die denke van die konings teen die hervorming as vyand van die kroon vergiftig, 'n element van konflik wat noodlottig vir die vrede en harmonie van die land sou wees. Dit was die genialiteit van Rome wat op hierdie wyse die gruwelikste wreedheid en mees bitterste verdrukking deur die troon geïnspireer het.

Die Gees van vryheid het met die Bybel gepaard gegaan. Oral waar die evangelie aangeneem is, het die mense ontwaak. Hulle het die boeie wat hulle slawe van onkunde, sonde en

bygeloof gemaak het, afgewerp. Hulle het as mense begin optree en dink. Die monarge het dit gesien en gevrees vir hul despotisme.

Rome was nie traag om hulle jaloerse vrees aan te blaas nie. Die pous het in 1525 aan die ryksbestuurder van Frankryk gesê: "Hierdie waansin [Protestantisme] sal nie alleen die godsdiens in verwarring bring en tot niet maak nie, maar ook alle owerhede, adel, wette, ordes en geledere. — G de Felice, *History of the Protestants of France*, vol 1, hfst 2, par 8. 'n Paar jaar later het 'n pouslike gesant die koning gewaarsku: "U majesteit, moenie mislei word nie. Die Protestante sal alle burgerlike sowel as godsdienstige orde omverwerp ... Die troon verkeer in net soveel gevaar soos die altaar ... Die bekendstelling van 'n nuwe godsdiens moet noodwendig 'n nuwe regering teweegbring." — D'Aubigne, *History of the Reformation in the Time of Calvin*, vol 2, hfst 36. En teoloë het hulle op die vooroordeel van die volk beroep deur te verklaar dat die Protestantse leer "...mense tot nuwighede en dwaasheid verlei; dit beroof die koning van die toegewyde geneentheid van sy onderdane en vernietig beide die Kerk en die Staat." Sodoende het Rome daarin geslaag om Frankryk teen die hervorming te stel. "Dit was om die troon staande te hou, die Adel te beveilig en die wette te handhaaf, dat die swaard van vervolging vir die eerste keer in Frankryk uit sy skede getrek is." — *Wylie*, vol 13, hfst 4.

Min het die heersers van die land die gevolge 278
van hierdie noodlottige beleid voorsien. Die leer van die Bybel sou die beginsels van geregtigheid, matigheid, waarheid, billikheid en welwillendheid, wat die hoeksteen van die welvaart van 'n nasie is, in die gedagtes en harte van die mense ingeplant het. "Geregtigheid verhoog 'n volk..." daardeur "...word die troon bevestig." (Spr 14:34;16:12). "Die werking van die geregtigheid sal vrede wees en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid." (Jes 32:17). Wie die wet van God gehoorsaam, sal inderwaarheid ook die

wette van sy land eerbiedig en gehoorsaam. Wie God vrees, sal die koning in die uitoefening van alle regverdige en geregtelike gesag eer. Maar die ongelukkige Frankryk het die Bybel verbied en Sy dissipels verban. Eeu na eeu, het mense van beginsel en opregtheid, mense van intellektuele skerpsinnigheid en morele krag, wat die moed gehad het om hul oortuigings te bely en die geloof om vir die waarheid te ly, as slawe in die galeie geswoeg, op die brandstapel gesterf, of in kerkers verrot. Duisende en duisende het veiligheid in ander lande gevind; en dit het tot tweehonderd-en-vyftig jaar na die begin van die hervorming voortgeduur.

“Daar was skaars 'n generasie van Franse gedurende hierdie uitgestrekte tydperk, wat nie getuig het van hoe die dissipels van die evangelie voor die kranksinnige woede van die vervolger moes vlug nie en die lande waarin hulle asiel gevind het met hulle intelligensie, die kunste, die industrie, die orde waarin hulle by uitstek uitgeblink het, verryk het. En namate hulle ander lande met hierdie goeie gawes aangevul het, het hulle hul eie land daarvan ontneem en verarm. Indien alles wat toe uitgedryf was in Frankryk behoue gebly het; indien die industriële vaardigheid van die ballinge gedurende hierdie driehonderd jaar vir die bewerking van die grond aangewend was; indien hulle kunstige neigings gedurende hierdie driehonderd jaar hulle nywerhede bevorder het; indien hulle kreatiewe genialiteit en analitiese vermoë gedurende hierdie tydperk, aangewend was om hul literatuur te verryk en hul wetenskap te ontwikkel; indien hul wysheid haar rade gelei het, hul dapperheid haar gevegte geveg het, hul geregtigheid haar wette opgestel het en die godsdiens van die Bybel die intellek versterk en die gewete van haar volk aangespreek het, watter heerlikheid sou Frankryk nie vandag omring het nie! Wat ‘n grootse, voorspoedige en gelukkige land, ‘n voorbeeld vir die nasies, sou sy nie gewees het nie!

“Maar 'n blinde en onverbiddelike dwaasheid het elke leraar 279
van deug, elke kampvegter van orde en elke eerlike verdediger

van die troon verdryf. Aan die manne wat hulle land ‘n ‘roem en glorie’ op die aarde sou gemaak het, is gesê: Kies wat julle wil hê, die brandstapel of verbanning. Uiteindelik is die ondergang van die staat volbring; daar was geen gewete meer om voor te skryf nie; geen godsdiens om na die brandstapel te sleep nie en geen patriotisme om in ballingskap te verdryf nie. ” — *Wylie*, vol 13, hfst 20. En die Franse Revolusie met sy skrikbewind was die noodlottige gevolg.

“Met die vlug van die Hugenote het 'n algemene agteruitgang in Frankryk plaasgevind. Florerende nywerheidstede het verval; vrugbare distrikte het in hul natuurlike wildheid verval; intellektuele agteruitgang en sedelike verval het ‘n tydperk van ongekende vooruitgang opgevolg. Parys het ‘n groot huis van armoede geword en daar is beraam dat tweehonderdduisend armlastiges tydens die uitbreek van die rewolusie liefdadigheid van die koning geëis het. Slegs die Jesuïete het in die vervalle nasie gefloreer en met vreesaanjaende tirannie oor kerke en skole, die gevangenisse en galeie regeer.”

Die evangelie sou aan Frankryk die oplossing vir die politieke en maatskaplike probleme wat die vaardigheid van haar geestelikes, haar koning en haar wetgewers verwar het en die nasie uiteindelik in anargie en ondergang gedompel het gebring het. Maar onder die heerskappy van Rome het die volk die Heiland se geseënde lesse van selfopoffering en onselfsugtige liefde verloor. Hulle is van die beoefening van selfverloëning ten behoewe van ander weggelei. Die rykes is nie vir hulle onderdrukking van die armes tereggewys nie en die armes het geen verlossing van hul slawerny en agteruitgang gevind nie. Die selfsug van die welvarendes en magtiges het meer en meer duidelik en onderdrukkend geword. Eeue lank het die hebsug en losbandigheid van die adel die uitmergelende uitbuitery van die boer tot gevolg gehad. Die rykes het die armes veronreg en die armes het die rykes gehaat.

In baie provinsies is die landgoed deur die adel besit en die werkersklasse was slegs huurders; hulle was onder die genade van hulle landhere en moes hulle noodgedwonge aan hul buitensporige eise onderwerp. Die las van die ondersteuning van die kerk, sowel as die staat, het op die middel- en laerklasse geval, wat swaar deur die burgerlike en geestelike owerhede belas is. "Die plesiere van die adel is as die hoogste gesag beskou; die boere en die landbewoners kon maar van die honger omkom vir sover hul verdrukkers omgegee het ... In alles moes die volk noodgedwonge die eksklusiewe belange van hul landhere in ag neem. Die lewe van die landbouers was 'n lewe van onophoudelike geswoeg en ellende sonder verligting; hulle klagtes, indien hulle dit gewaag het om te kla, is met onbeskaamde minagting behandel. In die geregshowe is die woord van die adel altyd bo die van die landbouer geneem; regters was berug vir hul aanvaarding van omkopery; en die grootste onheil van die aristokrasie het, op grond van hierdie stelsel van universele korrupsie, die mag van die wet gehad. Van die belasting wat deur die burgerlike owerhede aan die eenkant en die geestelikes aan die anderkant uit die gemeenskap gewring is, het nie die helfte daarvan ooit in die koninklike of episkopaalse skatkis beland nie; die res is in losbandige selfbevrediging verkwis. En die mense wat hul onderdane op hierdie wyse verarm het, was self van belasting vrygestel en het volgens die wet of die gebruike, reg op alle aanstellings in die staat gehad. Die bevoorregte klasse het sowat honderd-en- vyftigduisend getel en om hulle te bevredig, is miljoene tot 'n hopelose en verlaagde lewensbestaan gedoem." *[Sien bylaag].* 280

Die koninklike hof was aan weelde en losbandigheid oorgelewer. Daar was weinig wedersydse vertroue tussen die volk en die heersers. Die volk het al die maatreëls van die regering as arglistig en selfsugtig gewantrou. Vir meer as 'n halfeeu voor die Revolusie, is die troon deur Lodewyk XV beset, wat selfs in daardie bose tye as 'n onversorgde, ligsinnige en 281

wellustige vors onderskei is. Met ‘n verdorwe en wrede aristokrasie en 'n verarmde en onkundige laer klas, die Staat in finansiële in verleentheid gebring en die volk woedend, het hy geen profetiese oog nodig gehad om 'n verskriklike dreigende uitbarsting te voorsien nie. Op die waarskuwings van sy raadgewers, was die koning gewoond om te antwoord: “Probeer om sake aan die gang te hou vir solank ek leef; na my dood kan daar maar gebeur wat wil.” Dit was tevergeefs om op die noodsaaklikheid van ‘n hervorming aan te dring. Hy het die euwels opgemerk, maar het nie die moed of krag gehad om dit te konfronteer nie. Die onheil wat op Frankryk gewag het, is maar te duidelik in sy onverskillige en selfsugtige antwoord uitgebeeld: “Ná my die vloed!”

Deur op die jaloesie van die koning en die heersende klasse te werk, het Rome hulle beïnvloed om die volk in slawerny te hou, welwetende dat dit die Staat sou verswak en met die bedoeling om beide heersers en mense aan haar te verslaaf. Deur 'n beleid van versiendheid het hulle besef dat om 'n mens effektief te verslaaf, jy hul siel aan bande moet lê; dat die sekerste manier om te verhoed dat hulle van slawerny ontsnap, was om hulle nie in staat te stel om vry te wees nie. Die morele agteruitgang was duisendvoudig erger as die liggaamlike lyding wat uit haar beleid voortgespruit het. Van die Bybel ontneem en oorgegee aan leerstellings van dwepery en selfsug, is die mense in onkunde en bygeloof gehul en het hulle so ver in sonde versink, dat hulle geheel en al ongeskik was om hulself te regeer.

Maar die uitwerking hiervan was baie anders as wat Rome beoog het. In plaas daarvan om die massas blindelings onderhewig aan haar dogmas te hou, het haar optrede veroorsaak dat hulle ongelowiges en rewolusioniste geword het. Hulle het Romanisme as priesterlike listigheid verag. Hulle het die geestelikes as deelgenote in hul verdrukking beskou. Die enigste god wat hulle geken het, was die god van Rome; haar leer was hul enigste godsdiens. Hulle het die hebsug en

wreedheid as die wettige vrug van die Bybel beskou en hulle wou niks daarmee te doen hê nie.

Rome het die karakter van God verkeerd voorgestel en Sy vereistes verdraai en nou het die mense die Bybel, sowel as die Outeur daarvan verwerp. Sy het 'n blinde geloof in haar dogmas vereis onder die skynbare goedkeuring van die Skrif. In reaksie het Voltaire en sy gesante God se woord heeltemal verwerp en oral die gif van ontrouheid versprei. Rome het die volk onder haar ysterhak vertrap; en nou het die massas, verlaag en wreedaardig in hul weerwraak teenoor haar tirannie, alle selfbeheersing weggewerp. Woedend oor die skreiende bedrog waaraan hulle so lank hulde gebring het, het hulle beide waarheid en leuen verwerp; en deur losbandigheid vir vryheid aan te sien, het die slawe van sonde hulle in hulle vermeende vryheid verlustig. 282

Met die aanvang van die Revolusie, deur 'n vergunning van die koning, is daar 'n verteenwoordiging aan die volk toegestaan, wat die adel en geestelikes gekombineer, oorskrei het. So was die magsbalans in hulle hande; maar hulle was nie gereed om dit met wysheid en matigheid aan te wend nie. Hulle was begerig om die onreg wat hulle gely het reg te stel en was vasbeslote om die heropbou van die samelewing self te onderneem. 'n Ontstoke bevolking, wie se gedagtes met bitterheid en lank gekoesterde herinneringe van onreg gevul was, het besluit om die toestand van ellende wat ondraaglik geword het te verander en hulle op diegene wat hulle as die outeurs van hulle lyding beskou het, te wreek. Die verdruktes het die les wat hulle onder tirannie geleer het, nou uitgeoefen en het die verdrukkers van diegene wat hulle verdruk het, geword.

Die ongelukkige Frankryk het van die bloed wat sy gesaai het, bloed gemaai. Verskriklik was die gevolge van haar onderwerping aan die beherende mag van Rome. Waar Frankryk, onder die invloed van Romanisme, die eerste

brandstapel tydens die aanvang van die hervorming opgerig het, het die Revolusie sy eerste guillotine opgerig. Op dieselfde plek waar die eerste martelare van die Protestantse geloof in die sestiende eeu verbrand is, is die eerste slagoffers in die agttiende eeu aan die guillotine onderwerp. Deur die verwerping van die evangelie wat vir haar genesing sou bring, het Frankryk die deur vir ontrouheid en ondergang oopgemaak. Waar die beperkende mag van God se wet verontagsaam is, is gevind dat die wette van die mens onvoldoende was om die kragtige gety van menslike passie in toom te hou; en die volk het oorgegaan tot opstand en anargie. Die oorlog teen die Bybel het ‘n tydperk ingewy wat in die wêreldgeskiedenis bekend staan as “Die Skrikbewind”. Vrede en geluk is uit die huise en harte van mense verban. Niemand was veilig nie. Die een wat vandag geseëvier het, is more verdink en veroordeel. Geweld en wellus het onbetwiste heerskappy gevoer.

Koning, geestelikes en adellikes is aan die wreedhede van ‘n 283
ontstoke volk wat tot raserny gedryf is, onderwerp. Die teregstelling van die koning het slegs hulle dors na wraak aangevuur; en diegene wat sy dood bepaal het, het hom spoedig na die skavot gevolg. 'n Algemene slagting van almal wat van vyandigheid teenoor die rewolusie verdink was, is op besluit. Die tronke was oorvol en het op 'n stadium meer as tweehonderdduisend gevangenes bevat. Die stede van die koninkryk was met afgryse gevul. Die een party van rewolusioniste was teen 'n ander party en Frankryk het 'n uitgestrekte veld van strydende massas geword, wat deur die woede van hul passies aangevuur is. “In Parys het die een oproer 'n ander opgevolg en die burgers was in 'n mengsel van faksies verdeel, wat niks anders as wedersydse uitwissing blyk te gewees het nie.” En om die algemene ellende nog verder te verhoog, was die volk in ‘n langdurige en verwoestende oorlog met die groot moondhede van Europa gewikkel. “Die land was byna bankrot, die soldy vir die leërs het agterstallig geraak, die Parysenaars het honger gely, die provinsies is deur struikrowers

verwoes en die beskawing is as gevolg van anargie en losbandigheid byna uitgedoof.”

Die volk het maar te goed die lesse van wreedheid en marteling waarin Rome hulle so ywerig onderrig het, geleer. Uiteindelik het 'n dag van vergelding aangebreek. Dit was nie nou die volgelinge van Jesus wat in die kerkers gegooi en na die brandstapels gesleep is nie. Hulle was lank reeds dood of in ballingskap. Nou het meedoënlose Rome die dodelike mag van diegene wat sy opgelei het om hulle in dade van bloedvergieting te verlustig, ervaar. “Die voorbeeld van vervolging wat die geestelikes van Frankryk soveel eeue lank aan die dag gelê het, is nou met buitengewone krag op hulle teruggewerp. Die skavotte was rooi van die bloed van priesters. Die galeie en tronke wat eens vol Hugenote was, was nou met hulle vervolgers gevul. Aan die bank vasgeketting en swoegende aan die roeispane, moes die Rooms-Katolieke geestelikes al die ellende wat hul kerk so vryelik aan die sagmoedige ketters uitgedeel het, verduur.” *[Sien bylaag].*

“Toe het die dae aangebreek waarin die mees barbaarse van 284
alle wette deur die mees barbaarse van alle tribunale toegepas is; toe geen man sy bure kon groet of kon bid ... sonder gevaar om ‘n halsmisdaad te begaan nie; toe spioene in elke hoek geskuil het; toe die guillotine elke oggend lank en hard aan die werk was;; toe die gevangenisse so vol soos die ruim van ‘n slaweskip gevul was; toe die geute skuimend met bloed in die Seine afgeloop het. Terwyl die waens vol slagoffers daagliks deur die strate van Parys na hul verdoemenis geneem is, het die prokonsuls wat deur die soewereine komitee na hulle afdelings gestuur is, hulle aan buitensporige wreedhede verlustig, wat selfs in die hoofstad onbekend was. Die mes van die dodelike masjien het te stadig vir hul slagtingswerk gestyg en geval. Lang rye gevangenes is met kruit en lood afgemaai. Daar is gate in die bodems van oorvol vragskuite gemaak. Lyons is in ‘n woesteny omskep. In Arras is selfs die wrede genade van ‘n vinnige dood die gevangenes ontsê. Reg langs die Loire van

Saumur tot by die see het groot swerms kraaie en woue op die naakte lyke geteer wat in afgryslike omhelsings inmekaar gevleg was. Geen genade is aan geslag of ouderdom betoon nie. Die aantal jongelinge en meisies van sewentien jaar wat deur die onvoorspelbare regering vermoor is, kon by die honderde getel word. Suigelinge wat van die bors weggeskeur is, is van spies tot spies tussen die Jakobynse geledere geslinger." *[Sien bylaag].* In die kort tydperk van tien jaar het 'n menigte mense omgekom.

Dit was alles soos Satan dit wou gehad het. Dit was waarna 285
hy eeue lank gestrewe het om teweeg te bring. Sy beleid is misleiding, van begin tot einde en sy standvastige doelwit is om wee en ellende oor die mens te bring, om die handewerk van God onherkenbaar te maak en dit te besoedel ten einde die Goddelike voornemens van welwillendheid en liefde te verydel en droefheid in die hemel te veroorsaak. Dan verblind hy, deur sy misleidende listigheid, die verstand van mense en lei hulle om die skuld van sy werk op God te plaas, asof al hierdie ellende die gevolg van die plan van die Skepper was. Net so ook, wanneer diegene wat deur sy wrede mag verlaag en wreedaardig geword het hulle vryheid behaal, spoor hy hulle tot buitensporighede en gruweldade aan. Dan word hierdie prent van ongebreidelde buitensporigheid deur tiranne en verdrukkers as 'n voorbeeld van die gevolge van vryheid voorgehou.

Wanneer dwaling in een gewaad ontmasker word, maskeer Satan hom net in 'n ander vermomming en menigtes neem dit net so gretig soos tevore aan. Toe die volk Romanisme as misleiding onderskei het en hy hulle nie op hierdie wyse tot oortreding van God se wet kon lei nie, het Satan hulle aangespoor om godsdiens as bedrog te beskou en die Bybel as 'n versinsel; en deur die insettinge van God te verwerp, het hulle hulself aan ongebreidelde ongeregtigheid oorgegee.

Die noodlottige dwaling wat soveel ellende oor die inwoners van Frankryk gebring het, was die ontkenning van hierdie een groot waarheid: dat ware vryheid binne die voorskrifte van die wet van God lê. “Ag, as jy maar na my gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos ‘n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see ... Geen vrede, sê die Here, vir die goddelose nie! ... Maar die wat na my luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil” (Jes 48:18,22; Spreuke 1:33).

Ateïste, ongelowiges en afvalliges opponeer en veroordeel God se wet; maar die gevolge van hulle invloed bewys dat die welsyn van die mens aan sy gehoorsaamheid aan die Goddelike insettinge gebonde is. Wie hierdie les nie uit die Boek van God wil leer nie, word aangeraai om dit in die geskiedenis van die nasies te lees.

Toe Satan deur die Roomse kerk gewerk het om mense tot 286
ongehoorsaamheid te lei, was sy voornemens bedek en sy werk so verdoesel, dat die agteruitgang en ellende wat daaruit voortgevloei het, nie as die vrug van oortreding onderskei kon word nie. En sy mag is deur die Gees van God tot so mate teëgewerk, sodat sy voornemens verhoed kon word om tot volle uitvoering te kom. Die volk het nie die oorsaak hiervan nagespeur en die bron van hul ellende ontdek nie. Maar in die Revolusie is die wet van God openlik deur die Nasionale Raad tot niet gemaak. En in die daaropvolgende skrikbewind, kon die oorsaak en gevolg deur almal gesien word.

Toe Frankryk God in die openbaar verwerp en die Bybel opsy gesit het, het goddelose mense en die geeste van duisternis oor die bereiking van hulle doel wat hulle so lank begeer het, gejuig — ’n koninkryk wat vry was van die beperkings van die wet van God. “Omdat die oordeel oor ‘n verkeerde daad nie gou voltrek word nie, daarom is die hart van die mensekinders in hulle vol om kwaad te doen.” (Pred 8:11). Maar die oortreding van ‘n goeie en regverdige wet moet noodwendig ellende en

ondergang tot gevolg hê. Alhoewel die goddeloosheid van hierdie mense nie dadelik met oordele besoek is nie, het dit nogtans hulle gewisse ondergang veroorsaak. Eeue van afvalligheid en misdaad het toorn vir die dag van vergelding opgegaar; en toe hulle ongeregtigheid vol was, het die veragters van die wet van God, te laat geleer dat dit vreesaanjaend is om Goddelike geduld te verslyt. Die inperking van die Gees van God wat die wrede mag van Satan beteuel, is tot 'n groot mate verwyder en hy wie se enigste vreugde die ellende van die mense is, is toegelaat om sy wil uit te voer. Diegene wat die diens van rebellie gekies het, moes die vrugte daarvan te pluk, totdat die land met gruwels, te aaklig om te beskryf, gevul was. Uit verwoeste provinsies en vernielde stede is daar ‘n verskriklike kreet gehoor— ’n kreet van bittere angs. Frankryk is asof deur ‘n aardbewing geskud. Godsdiens, wet, maatskaplike orde, die gesin, die staat en die kerk — alles is deur die goddelose hand wat teen die wet van God opgehef is, omvergewerp. Dit was inderwaarheid soos die Prediker sê: “Die goddelose val deur sy goddeloosheid ... aangesien ‘n sondaar honderd maal kwaad doen en hy lank lewe — alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, wat vrees voor Sy aangesig en dit nie goed sal gaan met die goddelose...” nie. (Pred.8:12,13.) “Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die Here nie verkies het nie ... daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.” (Spr 1:29,31).

God se getroue getuies, gedood deur die godslasterlike mag 287
“...wat uit die afgrond opkom...” sou nie vir lank swyg nie. “En ná die drie en ‘n halwe dag het ‘n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan en hulle het op hul voete gaan staan, en ‘n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.” (Openb 11:11). Dit was in 1793 dat die verordeninge wat die Christelike Godsdiens afgeskaf en die Bybel ter syde gestel het, deur die Franse Raad uitgevaardig is. Drie en ‘n halfjaar later is 'n resolusie wat hierdie wetgewing herroep en sodoende weer die

Skrif toegelaat het, deur dieselfde liggaam aanvaar. Die wêreld was verstom oor die omvang van die kwaad wat daar op die verwerping van die Heilige Orakels gevolg het en die mense het die noodsaaklikheid van geloof in God en Sy Woord as die fondament van deug en moraliteit erken. Die Here sê: "Wie het jy gesmaad en gelaster? En teen wie het jy die stem verhef en jou oë hoogmoedig opgehef? Teen die Heilige van Israel." "Daarom, kyk, Ek laat hulle hierdie keer voel, voel My hand en My mag; en hulle sal weet dat My Naam Here is." (Jes 37:23; Jer 16:21).

Aangaande die twee getuies verklaar die profeet verder: "En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk en hul vyande het hulle aanskou." (Openb 11:12). Sedert die tyd dat Frankryk oorlog teen die twee getuies van God gevoer het, is hulle soos nooit tevore nie vereer. In 1804 is die *British and Foreign Bible Society* gestig. Dit is deur soortgelyke organisasies met talle vertakkings op die vasteland van Europa opgevolg. In 1816 is die *American Bible Society* gestig. Toe die Britse genootskap gestig is, is die Bybel in vyftig tale gedruk en versprei. Sedertdien is dit in baie honderde tale en dialekte vertaal. *[Sien bylaag].*

Gedurende die vyftig jaar wat die jaar 1792 voorafgegaan 288
het, is daar min aandag aan buitelandse sendings geskenk. Geen nuwe genootskappe is gestig nie en daar was maar weinig kerke wat moeite gedoen het om die Christendom in heidense lande te versprei. Maar teen die einde van die agtiende eeu het daar 'n groot verandering plaasgevind. Die mense het ontevrede met die gevolge van rasionalisme geraak en die noodsaaklikheid van Goddelike openbaring en eksperimentele godsdiens besef. Vanaf daardie tyd het die buitelandse sendingwerk ongekende groei getoon. *[Sien bylaag].*

Vooruitgang in die drukkuns het die verspreiding van die Bybel baie aangehelp. Die verhoogde fasiliteite vir

kommunikasie tussen verskillende lande, het die vroeëre hindernisse van vooroordeel en nasionale eksklusiwiteit uit die weg geruim en die verlies aan sekulêre mag deur die pous van Rome het die weg vir die Woord van God oopgemaak. Jare lank is die Bybel sonder beperking in die strate van Rome verkoop en word tans na alle dele van die bewoonde wêreld uitgevoer.

Die ongelowige Voltaire het eenmaal hooghartig gesê: "Ek is moeg om te hoor hoe mense herhaal dat die Christelike godsdiens deur twaalf manne gevestig is. Ek sal bewys dat een man voldoende is om dit omver te werp." Geslagte het sedert sy dood verbygegaan. Miljoene het aan die oorlog teen die Bybel deelgeneem. Maar dit is so ver van vernietiging, dat waar daar honderd in Voltaire se tyd was, daar nou tienduisend, ja, honderdduisend eksemplare van die Boek van God is. In die woorde van 'n vroeëre hervormer aangaande die Christelike kerk: "Die Bybel is 'n aambeeld waarop baie hamers reeds verslyt is." Die Here sê: "Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê." (Jes 54:17).

"Die woord van onse God hou stand in ewigheid ... Al sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig." (Jes 40:8; Ps 111:7,8). "Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê." (Jes 54:17).

Hoofstuk 16 289

# Die Pelgrimvaders

Hoewel die Engelse hervormers afstand van die leerstellings van Rome gedoen het, het hulle nogtans baie van die vorms daarvan behou. Sodoende is heelwat van haar gebruike en seremonies in die aanbidding van die Kerk van Engeland opgeneem, al is die gesag en geloofsbelydenis van Rome afgekeur. Daar is beweer dat hierdie dinge nie gewetensake was nie ; dat, ofskoon hulle nie in die Skrif beveel word nie en dus onbelangrik was, dit nie wesenlik boos was nie. Die nakoming van hierdie dinge het bygedra om die kloof wat die hervormde kerke van Rome geskei het, kleiner te maak en daar is aangevoer dat dit die aanname van die Protestantse geloof deur die Katolieke sou bevorder.

Vir die konserwatiewes en kompromiste het hierdie argumente afdoende voorgekom. Maar daar was 'n ander klas wat nie dieselfde oordeel gehad het nie. "Die feit dat hierdie gebruike geneig was om die kloof tussen Rome en die hervorming te oorbrug..." (*Martyn*, vol 5, bl 22), was volgens hulle, 'n beslissende beweegrede teen die behoud daarvan. Hulle het dit as kentekens van die slawerny waaruit hulle verlos is beskou en waarheen hulle geensins geneig was om terug te keer nie. Hulle het aangevoer dat God in Sy Woord die voorskrifte vir Sy aanbidding ingestel het en dat dit die mense nie die vryheid gegee het om hieraan toe te voeg of afbreuk daaraan te doen nie. Die begin van die groot afvalligheid, was die poging om die gesag van God deur die kerk aan te vul. Rome het begin om voor te skryf wat God nie verbied het nie en het geëindig deur te verbied wat Hy uitdruklik beveel het.

Vele wou graag na die suiwerheid en eenvoud wat die primitiewe kerk gekenmerk het terugkeer. Hulle het baie van die gevestigde gebruike in die Engelse kerk, as gedenktekens van afgodediens beskou en hulle kon hulself nie met 'n rein 290

gewete in haar aanbidding verenig nie. Maar die kerk, wat deur die burgerlike owerheid gesteun is, sou geen afwyking van haar vorms gedoog nie. Die bywoning van die dienste is deur die wet vereis en ongemagtigde byeenkomste vir godsdienstige aanbidding, is op straf van inhegtenisname, verbanning en die dood, verbied.

Aan die begin van die sewentiende eeu was die vors wat pas die troon van Engeland bestyg het, vasbeslote om die Puriteine "...te laat aanpas, of ... hulle uit die land te verdryf, of veel erger." — George Bancroft, *History of the United States of America*, vol 1, hfst 12 par 6. Gejag, vervolg en gevange geneem, kon hulle in die toekoms geen belofte van beter dae sien nie en baie was oortuig dat vir diegene wat God volgens die voorskrifte van hul gewete wou dien, "...Engeland nie langer 'n plek was om in te woon nie." (J G Palfrey, *History of New England,* hfst 3, par 43). Sommige het uiteindelik besluit om hul toevlug in Nederland te soek. Probleme, verliese en gevangenisstraf is ervaar. Hulle doelwitte is verydel en hulle is in die hande van hulle vyande verraai. Maar standvastige deursettingsvermoë het uiteindelik oorwin en hulle het skuiling aan die vriendelike oewer van die Nederlandse Republiek gevind.

In hulle vlug het hulle hul huise, besittings en lewensmiddele 291
agtergelaat. Hulle was vreemdelinge in 'n vreemde land, tussen 'n volk met verskillende taal en gebruike. Hulle moes hulle noodgedwonge tot nuwe en onbeproefde beroepe wend om hulle brood te verdien. Middeljarige mans wat hul lewens aan die bewerking van die grond bestee het, moes nou meganiese ambagte leer. Maar hulle het hul situasie met blymoedigheid aanvaar en het geen tyd met ledigheid of murmurering verkwis nie. Alhoewel hulle dikwels deur armoede geknyp is, het hulle God vir Sy seëninge wat hulle steeds ontvang het gedank en het hulle vreugde in onverstoorde geestelike gemeenskap gevind. "Hulle het geweet dat hulle pelgrims was en het nie veel op hierdie dinge gelet nie, maar hulle het hul oë na die hemel

opgeslaan, hul mees geliefde land en hulle gemoed gestil." — *Bancroft*, vol 1, hfst 12, par 15.

Te midde van ballingskap en swaarkry, het hulle liefde en geloof versterk. Hulle het op die beloftes van die Here vertrou en Hy het hulle nie in tye van nood in die steek gelaat nie. Sy engele was aan hulle sy om hulle aan te moedig en te ondersteun. En toe dit lyk of die hand van God hulle oor die see rig, na 'n land waar hulle 'n eie staat kon stig en aan hulle kinders die kosbare erfenis van godsdiensvryheid sou kon nalaat, het hulle sonder om weg te krimp, op die pad van die Voorsienigheid voortgebeur.

God het toegelaat dat beproewings oor Sy volk kom, ten einde hulle voor te berei vir die vervulling van Sy genadige voorneme met hulle. Die kerk is verneder sodat Hy verhoog kon word. God was op die punt om Sy mag ten behoewe van die kerk te openbaar en nog 'n verdere getuienis aan die wêreld te lewer, dat Hy diegene wat op Hom vertrou, nie sal verlaat nie. Hy het die verloop van gebeurtenisse oorheers om die toorn van Satan en die komplotte van bose mense te ontketen om Sy heerlikheid te verhoog en Sy volk na 'n plek van veiligheid te bring. Vervolging en ballingskap het die weg na vryheid oopgemaak.

Toe die Puriteine die eerste keer gedwing was om hulle van die Engelse Kerk te skei, het hulle hulself, as a vrye volk van die Here, deur 'n plegtige verbond "...om in al Sy weë wat aan hulle bekend gemaak is of bekend gemaak gaan word te wandel." — J Brown, *The Pilgrim Fathers*, bl 74. Dit was die ware gees van hervorming, die hoofsaaklike beginsel van Protestantisme. Met hierdie doel voor oë het die pelgrims uit Nederland vertrek om 'n tuiste in die Nuwe Wêreld te vind. John Robinson, hul pastoor, wat deur omstandighede verhinder was om hulle te vergesel, het in sy afskeidsrede aan die ballinge gesê:

"Broeders, eerlank sal ons moet skei en die Here weet of ek 292
sal lewe om julle aangesigte weer te sien. Maar of dit die wil

van die Here is of nie, beveel ek julle om voor God en Sy geseënde engele, my nie verder te volg as wat ek Christus gevolg het nie. As die Here iets aan julle deur enige instrument van Hom sou openbaar, wees dan net so gereed om dit aan te neem as om enige waarheid van my bediening aan te neem; want ek is vol vertroue dat die Here meer waarheid en lig het om uit Sy heilige Woord te laat deurskyn." — *Martyn*, vol 5, bl 70.

"Wat my betref, kan ek die toestand van die hervormde kerke wat op godsdienstige gebied tot 'n sekere punt gekom het en wat tans nie verder wil gaan as die instrumente van hul hervorming nie, nie genoeg betreur nie. Die Lutherane kan nie getrek word om verder te gaan as wat Luther gesien het nie ... en die Calviniste bly vassteek, soos julle sien, waar hulle deur daardie groot man van God gelaat is, wat tog nie alles gesien het nie. Dit is 'n betreurenswaardige toestand; want al was hulle verbrand en skynende ligte in hulle tyd, het hulle nie tot die volle raad van God deurgedring nie, maar sou hulle nou lewe, sou hulle net so gewillig gewees het om meer lig te omhels as wat hulle die eerste keer ontvang het." — D Neal, *History of the Puritans*, vol 1, bl 269.

"Onthou die verbond van julle kerk waarin julle ingestem het om in al die weë van die Here wat aan julle bekendgemaak is, of gaan word, te wandel. Onthou jul belofte en verbond met God en met mekaar om watter lig en waarheid ook al wat aan julle uit Sy geskrewe Woord geopenbaar sal word, te ontvang; maar let op, ek vermaan julle, pas op wat julle vir die waarheid aanneem en vergelyk en bepeins dit met ander tekste van die waarheid voordat julle dit aanvaar; want dit is nie moontlik dat vir die Christelike wêreld wat so onlangs uit sulke stikdonker, antichristelike duisternis gekom het, 'n volkome en perfekte kennis van die waarheid meteens sou deurbreek nie." — *Martyn*, vol 5, bl 70, 71.

Die begeerte na gewetensvryheid het die pelgrims geïnspireer om die gevare van die lang seereis aan te durf, die ontberinge en gevare van die wildernis te verduur en met die seën van God die grondslag van 'n magtige nasie op die oewers van Amerika te lê. Tog het die pelgrims, eerlik en Godvresend soos hulle was, nog nie die groot beginsel van godsdiensvryheid begryp nie. Die vryheid waarvoor hulle soveel opgeoffer het, was hulle nie ooreenkomstig bereid om aan ander te skenk nie. “Baie min, selfs van die voorste denkers en moraliste van die sewentiende eeu, het ‘n regverdige begrip van die grootse beginsel, die uitvloeisel van die Nuwe Testament, wat God as die enigste beoordelaar van die menslike geloof erken het, gehad.” — *Id,* bl 297. Die leerstelling dat God aan die kerk die reg gegee het om die gewete te beheer, om dwaalleer te definieer en te straf, is een van die mees diepgewortelde van alle pouslike dwalings. Terwyl die hervormers die geloofsbelydenis van Rome verwerp het, was hulle nie heeltemal vry van haar gees van onverdraagsaamheid nie. Die digte duisternis waarin die pousdom gedurende die lang eeue van haar heerskappy die hele Christendom omhul het, het selfs toe nog nie heeltemal verdwyn nie. Een van die voorste predikante in die kolonie van Massachusetts-baai het gesê: “Dit was verdraagsaamheid wat die wêreld anti-Christelik gemaak het en die kerk het nooit skade gely deur ketters te bestraf nie.” — *Id*, bl 335. Die regulasie dat slegs kerklidmate 'n stem in die burgerlike regering mag hê, is deur die koloniste aanvaar. 'n Soort staatskerk is gevorm en al die mense moes tot die ondersteuning van die geestelikes bydra; en die magistrate het magtiging gehad om dwaalleer te onderdruk. Die sekulêre mag was dus in die hande van die kerk. Dit het nie lank geduur voordat hierdie maatreëls tot die onvermydelike gevolge gelei het nie – vervolging. 293

Elf jaar na die aanplant van die eerste kolonie, het Roger Williams na die Nuwe Wêreld gekom. Soos die vroeë pelgrims, het hy gekom om godsdiensvryheid te geniet; maar anders as 294

hulle, het hy gesien — wat so min in sy tyd gesien het — dat hierdie vryheid die onvervreembare reg van almal was, ongeag hulle geloofsoortuigings. Hy was ‘n ernstige soeker na waarheid en saam met Robinson was hy van mening dat dit onmoontlik was dat al die lig uit die Woord van God reeds ontvang is. Williams “...was die eerste persoon in die moderne Christendom wat die burgerlike regering op die leerstelling van vryheid van gewete en die gelykheid van menings voor die wet ingestel het.” — *Bancroft*, vol 1, hfst 15, par 16. Hy het verklaar dat dit die plig van die magistraat was om misdade te beperk, maar nooit om die gewete te beheer nie. “Die publiek of die magistrate moet beslis...” het hy gesê, “...wat van mens tot mens verskuldig is; maar wanneer hulle poog om die pligte van die mens teenoor God voor te skryf, tree hulle uit hulle plek op en daar kan geen veiligheid daarin wees nie; want dit is duidelik dat as die magistrate die mag sou hê, hulle vandag een stel menings of oortuigings kan bepaal en môre ‘n ander; soos in Engeland deur verskillende konings en koninginne en deur die verskillende pouse en rade van die Roomse kerk gedoen is; sodat geloof 'n hoop van verwarring sou word.” — *Martyn*, vol 5, bl 340.

Die bywoning van dienste van die gevestigde kerk, was verpligtend op straf van ‘n boete of gevangenisstraf. “Williams het hierdie wet afgekeur; die slegste bepaling in die Engelse wetgewing was dit wat die bywoning van die wykskerk afgedwing het. Om mense te dwing om hulle met diegene van 'n ander geloofsoortuiging te verenig, het hy as ’n openlike skending van hul natuurlike regte beskou; om die ongelowiges en onwilliges te dwing om 'n openbare erediens by te woon, was niks minder as om huigelary af te dwing nie ... ‘Niemand...,’ het hy gesê, ‘...behoort gedwing te word om teen sy wil te aanbid of aanbidding sonder sy toestemming te handhaaf nie ... Wat? Is die arbeider dan nie sy loon werd nie?’ het sy antagoniste, verbaas oor sy beginsels uitgeroep. ‘Ja...’ het hy

geantwoord, ...‘van diegene wat hom huur.’” — *Bancroft*, vol 1, hfst 15, par 2.

Roger Williams was gerespekteer en geliefd as 'n getroue predikant, ‘n man met seldsame gawes, onwrikbare integriteit en opregte welwillendheid; tog kon sy geduldige ontkenning van die reg van burgerlike magistrate op gesag oor die kerk en sy eis vir godsdiensvryheid nie geduld word nie. Die toepassing van hierdie nuwe leerstelling, het hulle aangedring, “...sou die grondslag van die staat en regering van die land ondermyn.” — *Id*, par 10. Hy is gevonnis tot verbanning uit die kolonies en uiteindelik, om inhegtenisname te vermy, moes hy te midde van die koue en storms van die winter, na die ongetemde woud vlug.

“Veertien weke lank...” het hy gesê, “...moes ek ten seerste 295
in die bitter koue ronddwaal, sonder om te weet wat brood of bed beteken.” Maar “...die kraaie het my in die wildernis gevoed...” en ‘n hol boom het dikwels as skuilplek vir hom gedien. — *Martyn*, vol 5, bl 349, 350. So het hy sy pynlike vlug in die sneeu en spoorlose woud voortgesit, totdat hy herberg by ‘n Indiaanse stam gevind het, wie se vertroue en toegeneentheid hy gewen het, terwyl hy gepoog het om die waarhede van die evangelie aan hulle te leer.

Uiteindelik, na maande se moeilike wedervarings en omswerwinge, het hy eindelik op die oewers van Narragansett-baai uitgekom, waar hy die grondslag van die eerste staat van die moderne tyd wat in die volste sin die reg van godsdiensvryheid erken het, gelê het. Die grondbeginsel van Roger Williams se kolonie was, “...dat elke mens die vryheid moet hê om God volgens die lig van sy eie gewete te aanbid.” — *Martyn,* vol 5, bl 354. Sy klein staatjie, Rhode-eiland, het die toevlugsoord van verdruktes geword en dit het toegeneem en floreer totdat die grondbeginsels van burgerlike- en godsdiensvryheid die hoekstene van die Amerikaanse Republiek geword het.

In daardie grootse ou dokument wat die voorvaders van die Amerikaanse volk as die Handves van Regte uiteengesit het — die Onafhanklikheidsverklaring — het hulle verklaar: “Ons beskou hierdie waarhede as vanselfsprekend, dat alle mense gelyk is; dat hulle Skepper aan hulle sekere onvervreembare regte toegesê het; dat daaronder lewe, vryheid en die strewe na geluk is.” En die grondwet waarborg, in die mees eksplisiete terme, die onaantasbaarheid van die gewete: “Geen godsdienstige toets sal ooit as kwalifikasie vir enige amp of openbare vertroue in die Verenigde State vereis word nie ... Die Kongres mag geen wet maak wat die vestiging van godsdiens, of die vrye beoefening daarvan verbied nie.”

“Die opstellers van die Grondwet, het die ewige beginsel, 296
dat die mens se verhouding met sy God bo menslike wetgewing is en dat sy reg van gewete onvervreembaar is, erken. Geen redenasie was nodig om hierdie waarheid te bevestig nie; in ons eie gemoed is ons daarvan oortuig. Dit is hierdie wete wat, in weerwil van menslike wette, soveel martelare, te midde van foltering en vlamme staande gehou het. Hulle het geweet dat hulle plig teenoor God bo menslike verordeninge was en dat geen mens gesag oor hul gewete kan uitoefen nie. Dit is ‘n ingebore beginsel wat deur niks vernietig kan word nie.” — *Congressional Documents* (USA), reeks nr 200, dokument nr 271.

Namate die tyding van 'n land waar elkeen die vrug van sy eie arbeid kon geniet en die oortuigings van sy eie gewete kon gehoorsaam, deur die lande van Europa versprei het, het duisende na die kus van die Nuwe Wêreld gestroom. Die kolonies het vinnig vermeerder. “Massachusetts het deur middel van spesiale wetgewing, op staatsonkoste, aan Christene wat ‘n tuiste oorkant die Atlantiese Oseaan gaan soek het om van oorloë of hongersnood of van die verdrukking van hulle vervolgers weg te kom, ongeag hulle nasionaliteit...” verwelkom. Sodoende is die vlugtelinge en verstotelinge deur wetgewing, die gaste van die gemenebes gemaak.” — M*artyn*,

vol 5, bl 417. Binne twintig jaar na die eerste pelgrims by Plymouth aan wal gestap het, het net soveel duisende pelgrims hulle in Nieu-Engeland gevestig.

Om die doel wat hulle vir hulleself gestel het te bereik, "...was hulle tevrede om bloot 'n bestaan te verdien deur 'n lewe van spaarsaamheid en swoeg. Hulle het niks van die grond geëis nie, behalwe die redelike opbrengste van hul eie arbeid. Geen goue visie het 'n bedrieglike stralekrans oor hulle pad gegooi nie. Hulle was tevrede met die langsame, maar bestendige vooruitgang van hulle sosiale beleid. Hulle het geduldig die ontberings van die wildernis verduur en die boom van vryheid met hul trane en die sweet van hul voorkop natgelei, totdat dit diep wortelgeskiet het in die land."

Die Bybel is as die grondslag van geloof beskou, die bron van wysheid en die handves van vryheid. Die beginsels daarvan is ywerig in die huis, in die skool en in die kerk geleer en die vrugte daarvan was duidelik in spaarsaamheid, intelligensie, reinheid en matigheid geopenbaar. 'n Mens kon jare lank in die Puriteinse nedersettings deurbring, "...sonder om 'n dronkaard te sien, 'n vloekwoord te hoor, of 'n bedelaar teë te kom." — *Bancroft,* vol 1, hfst 19, par 25. Daar is getoon dat die beginsels van die Bybel die sekerste waarborg vir nasionale grootsheid is. Die swak en geïsoleerde kolonies het gegroei tot 'n konfederasie van magtige state en die wêreld het met bewondering, die vrede en welvaart van "...'n kerk sonder pous en 'n staat sonder koning..." aanskou.

Maar die kus van Amerika het voortdurend-toenemende 297
getalle getrek wat deur die motiewe wat baie van die eerste pelgrims verskil, aangedryf is. Alhoewel die primitiewe geloof en suiwerheid 'n wydverspreide en vormende krag uitgeoefen het, het die invloed daarvan al hoe meer afgeneem, namate die getalle van diegene wat slegs op soek was na wêreldse voordeel toegeneem het.

Die regulasie wat deur die vroeë koloniste aanvaar is, dat slegs lede van die kerk toegelaat was om te stem of 'n amp in die burgerlike regering te beklee, het tot die skadelikste gevolge gelei. Hierdie maatreël was as 'n wyse om die suiwerheid van die staat te bewaar aanvaar, maar dit het tot die korrupsie van die kerk gelei. ‘n Belydenis van geloof, wat die voorwaarde vir stemreg en poste van amptenare was, is deur baie wie se enigste beweegrede 'n wêreldse beleid was afgelê, wat hulle sonder 'n hartsverandering met die kerk verenig het. As gevolg hiervan het die kerk tot ‘n groot mate uit onbekeerde persone bestaan; en selfs in die bediening was daar diegene wat nie net leerstellings van dwalings gehad het nie, maar wat ook onkundig aangaande die vernuwende krag van die Heilige Gees was. So is weereens die bose gevolge gedemonstreer, wat so dikwels in die kerk se geskiedenis vanaf die dae van Konstantyn tot vandag toe gesien is, van pogings om die kerk met behulp van die staat op te bou, of om op die hulp van sekulêre mag staat te maak ter ondersteuning van die evangelie van Hom wat verklaar het: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.” (Joh 18:36). Die vereniging van kerk en staat, hoe gering ook al, hoewel dit blyk asof dit die wêreld nader aan die kerk bring, bring dit in werklikheid die kerk nader aan die wêreld.

Die groot beginsel wat Robinson en Roger Williams op so 'n 298
waardige wyse bepleit het, dat die waarheid progressief is en dat Christene bereid moet wees om alle lig wat uit die Woord van God mag skyn te aanvaar, is deur hulle nakomelinge uit die oog verloor. Die Protestantse kerke van Amerika en ook die van Europa, wat deur die seëninge van die hervorming bevoordeel was, het geen vooruitgang op die pad van hervorming gemaak nie. Alhoewel daar van tyd tot tyd 'n paar getroue mense opgestaan het wat nuwe waarhede verkondig het en lank-gekoesterde dwalings aan die lig gebring het, was die meerderheid, net soos die Jode in Christus se tyd, of die Roomsgesindes in Luther se dae, tevrede om te glo wat hulle vaders geglo het en om te lewe soos hulle vaders geleef het.

Daarom het die godsdiens weer in blote formalisme ontaard en dwalinge en bygelowe, wat verwerp sou gewees het as die kerk in die lig van die Woord van God bly wandel het, het behoue gebly en is gekoester. So het die gees wat deur die hervorming geïnspireer is geleidelik uitgesterf, totdat daar byna net soveel behoefte aan hervorming in die Protestantse kerke was soos in die Roomse kerk in die tyd van Luther. Daar was dieselfde wêreldsheid en geestelike bedwelming, 'n soortgelyke eerbied vir menslike menings en die vervanging van die leerstellings van die Woord van God, met die teorieë van mense.

Die wye verspreiding van die Bybel in die eerste helfte van die negentiende eeu en die groot lig wat aldus op die wêreld gewerp is, is nie deur ooreenstemmende vooruitgang in kennis van geopenbaarde waarhede of eksperimentele godsdiens opgevolg nie. Satan kon nie, soos in vorige eeue, die Woord van God van die mense weerhou nie; dit is binne almal se bereik geplaas; maar om steeds sy doel te bereik, het hy baie gelei om dit gering te ag. Mense het nagelaat om die Skrif te ondersoek en daarom het hulle voortgegaan om valse vertolkings te aanvaar en leerstellings wat geen grondslag in die Bybel gehad het nie te koester.

Aangesien Satan se pogings om die waarheid deur vervolging uit te roei misluk het, het hy weer die plan van kompromie wat gelei het tot die groot afvalligheid en die vorming van die kerk van Rome, in werking gestel. Hy het Christene beweeg om hulleself te verbind, nie met heidene hierdie keer nie, maar met diegene wat deur hulle toewyding aan die dinge van hierdie wêreld hulself as afgodedienaars bewys het, sodat hulle net so seker afgodedienaars was soos die aanbidders van gesnede beelde. En die gevolge van hierdie verbintenis, was nie minder verderflik as in vorige eeue nie; trots en uitspattighede is onder die dekmantel van godsdiens aangemoedig en die kerke het korrup geword. Satan het voortgegaan om die leerstellings van die Bybel te verdraai en tradisies, wat miljoene sou ruïneer, het diep wortelgeskiet. Die

kerk het hierdie tradisies gehandhaaf en verdedig, in plaas daarvan om te stry "...vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." Sodoende is die beginsels waarvoor die hervormers soveel gedoen en gely het, verlaag.

## Hoofstuk 17 299

# Tekens van die Wederkoms

Een van die plegtigste en tog heerlikste waarhede wat in die Bybel geopenbaar word, is dié van die wederkoms van Christus om die verlossingswerk te voltooi. Aan die pelgrimsvolk van God, wat vir so lank in “...die land van die skaduwee van die dood...” oorgebly het, word 'n kosbare, vreugdevolle en inspirerende hoop gegee in die belofte van die verskyning van Hom wat die “...opstanding en die lewe...” is, om “...Sy bannelinge weer tuis te bring.” Die leer van die wederkoms is die werklike kern van die Heilige Skrif. Sedert die dag dat die eerste paar hul treurige treë weg van Eden gegee het, het die kinders van geloof op die koms van die Beloofde Een gewag om die mag van die verwoester te verbreek en hulle weer in die verlore Paradys te herstel. Heilige manne van ouds, het na die koms van die Messias in heerlikheid, as die voleinding van hulle hoop, uitgesien. Henog, slegs die sewende afstammeling van die inwoners van Eden, wat drie eeue lank op aarde met God gewandel het, is toegelaat om die koms van die Verlosser in die verte te sien. “Kyk...” het hy gesê, “...die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal.” (Judas 14,15). Die aartsvader, Job, het in die nag van sy beproewing met onwankelbare vertroue uitgeroep: “Ek weet my Verlosser leef; en Hy sal as laaste oor die stof opstaan ... [Ek sal] nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ek sal aanskou my ten goede en my oë — en geen vreemde nie — sal sien.” (Job 19:25-27).

Die wederkoms van Christus, om die regering van 300
geregtigheid in te lui, het die mees verhewe en passievolle uitsprake van die heilige skrywers geïnspireer. Die digters en profete van die Bybel, het daarby stilgestaan met woorde wat gloei met hemelse vuur. Die psalmis het die mag en majesteit van die Koning van Israel soos volg besing: “Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans. Onse

God kom en kan nie swyg nie ... Hy roep na die hemel daarbo en na die aarde om Sy volk te oordeel.” (Ps 50:2-4). “Laat die hemele bly wees en die aarde juig; ... voor die aangesig van die Here; want Hy kom, want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in Sy trou.” (Ps 96:11-13).

Die profeet Jesaja het gesê: “Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want U dou is ‘n dou van die lig en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk ... U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan ... Hy sal die dood vir ewig vernietig en die Here HERE sal die trane van alle gesigte afvee; en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af wegneem; want die Here het dit gespreek. En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die Here op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor Sy hulp” (Jes 26:19; 25:8,9).

En Habakuk, in ‘n heilige visioen weggevoer, het sy verskyning aanskou: “God kom van Teman en die Heilige van die berg Paran. Sy majesteit bedek die hemel en die aarde is vol van Sy lof. En glans soos sonlig is daar ... Hy tree op en laat die aarde wankel, Hy kyk en laat nasies opskrik; verpletterd lê die ewige berge en neergesink die ou, ou heuwels ... U ry met u perde, `u oorwinningswaens ... Die berge sien U en bewe van angs... Die wêreldvloed verhef sy stem en steek sy hande omhoog. Die son, die maan bly in hulle woonplek by die lig van U pyle wat verbyskiet, by die glans van U flikkerende spies ... U trek uit tot redding van u volk, tot redding van U gesalfde.” (Hab 3:3-13).

Toe die Heiland op die punt was om van Sy dissipels geskei 301
te word, het Hy hulle in hul hartseer met die versekering dat Hy weer sou kom vertroos: “Laat julle harte nie ontsteld word nie; ... In die huis van my Vader is daar baie wonings; ... Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem.” (Joh 14:1-3). “En

wanneer die Seun van die mens in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word.” (Matt 25:31,32).

Die engele wat ná die Hemelvaart van Christus op die Olyfberg getalm het, het die belofte van Sy wederkoms aan die dissipels herhaal: “Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net *so* kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.” (Hand 1:11). En die apostel Paulus, wat deur die Gees van Inspirasie gepraat het, het getuig: “Die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God.” (1 Thes 4:16). En die profeet van Patmos het gesê: “Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien.” Openb 1:7).

Sy wederkoms gaan gepaard met “...die weder-oprigting van alle dinge waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete” (Hand 3:21). Dan sal die langdurende heerskappy van die bose verbreek word en die “...koninkryke van die wêreld...” sal die “...eiendom van onse Here word en van Sy Christus en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” (Openb 11:15). “En die heerlikheid van die Here sal geopenbaar word en alle vlees tesame sal dit sien ... So sal die Here HERE geregtigheid en lof laat uitspruit voor die oog van al die nasies.” Hy sal wees “...tot ‘n sierlike kroon en ‘n pragtige krans vir die oorblyfsel van Sy volk.” (Jes 40:5;61:11;28:5).

Dit is dan dat die vreedsame en lank-begeerde koninkryk 302
van die Messias onder die ganse hemel gevestig sal word. “Die Here vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die Here ... Die heerlikheid van die Libanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron ... Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: My welbehae en jou land: Die getroude ...

En soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees.” (Jes 51:3;35:2;62:4,5).

Die wederkoms van die Here was in alle eeue die hoop van Sy ware volgelinge. Die Here se afskeidsbelofte op die Olyfberg dat Hy weer sal kom, het die toekoms vir Sy dissipels verlig en hulle harte met vreugde en hoop gevul, wat droefheid nie kon uitblus of beproewinge kon verdof nie. Te midde van lyding en vervolging was die “...verskyning van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus ... die salige hoop.” Toe die Christene in Thessalonika met hartseer gevul was toe hulle hul geliefdes, wat gehoop het om te lewe om die koms van die Here te aanskou, begrawe het, het Paulus, hulle leraar, hulle op die opstanding wat met die koms van die Heiland sou plaasvind, gewys. Dan sal die dode in Christus opgewek word en saam met die lewendes sal hulle opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. “En so...” het hy gesê, “...sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.” (1 Thes 4:16-18).

Op die rotsagtige Patmos het die geliefde dissipel die belofte gehoor: “Kyk, Ek kom gou.” En sy verlangende antwoord het die gebed van die kerk in al haar pelgrimstogte verwoord: “Ja kom, Here Jesus!” (Openb 22:20).

Uit die kerkers, die brandstapel en die skavot, waar die 303
heiliges en martelare vir die waarheid getuig het, kom die stem van hulle geloof en hoop deur die eeue heen. Omdat hulle “...verseker was van Sy persoonlike opstanding en dus ook van hulle eie met Sy wederkoms...” het een van hierdie Christene gesê, “...het hulle die dood verag en was bo dit verhef.” — Daniel T Taylor, *The Reign of Christ on Earth; or, The Voice of the Church in all Ages*, bl 33. Hulle was gewillig om in die graf te gaan sodat hulle “...vry kon opstaan.” — *Id*, bl 54. Hulle het na die verskyning uitgesien “...van die Here uit die hemel in die wolke met die heerlikheid van Sy Vader, wat aan die regverdige die tye van die Koninkryk bring.” Die Waldense het dieselfde

geloof gekoester. — *Id*, bl 129-132. Wycliffe het daarna uitgesien dat die Verlosser as die Hoop van die kerk sou verskyn. — *Id*, bl 132-134.

Luther het verklaar: "Ek oortuig myself waarlik dat die dag van oordeel nie driehonderd jaar weg is nie. God sal nie, kan nie, hierdie goddelose veel langer verdra nie .... Die groot dag kom nader waarin die koninkryk van gruwels oorval sal word." — *Id*, bl 158, 134.

"Hierdie verouderde wêreld is nie meer ver van sy einde af nie" het Melanchthon gesê. Calvyn het Christene gebied om "...nie te huiwer nie en om na die dag van die Here se koms as die begeerlikste van alle gebeurtenisse uit te sien;" en hy het verklaar dat "...die hele gesin van die getroues daardie dag voor oë sal hou ... Ons moet dors na Christus, ons moet dit soek en bepeins, tot daardie groot dag aanbreek, wanneer die Here die heerlikheid van Sy koninkryk ten volle sal openbaar." — *Id*, bl 158, 134.

"Het ons Here Jesus nie ons vlees na die hemel opgeneem nie?" het Knox, die Skotse hervormer, gesê "...en sal Hy nie terugkom nie? Ons weet dat Hy sal terugkeer en spoedig." Ridley en Latimer, wat hul lewens vir die waarheid afgelê het, het in geloof na die wederkoms van die Here uitgesien. Ridley het geskryf: "Die wêreld nader, sonder twyfel sy einde — dit glo ek en daarom sê ek dit. Laat ons dan saam met Johannes, die dienskneg van God, in ons hart tot ons Verlosser roep: Kom, Here Jesus, kom." — *Id*, bl.151, 145.

"Die gedagtes aan die koms van die Here..." het Baxter gesê, 304
"...is baie soet en vreugdevol vir my." — Richard Baxter, *Works*, vol 17, bl 555. "Dit is die werk van die geloof en die karakter van Sy heiliges, om Sy verskyning lief te hê en na daardie salige hoop uit te sien ... As die dood die laaste vyand is wat met die opstanding vernietig sal word, kan ons weet hoe sterk gelowiges behoort te verlang na en te bid vir, die wederkoms van Christus, wanneer hierdie volkome en finale oorwinning

behaal sal word." — *Id* bl 500. "Dit is die dag waarna alle gelowiges behoort te verlang, waarvoor hulle moet hoop en wag, want dit sal die voleindiging van hulle verlossing wees en van al die begeertes en pogings van hulle siele." "Verhaas, o Here, daardie salige dag!" — Baxter, *Works*, deel 17, bl 182, 183. Dit was die hoop van die apostoliese kerk, van die "kerk in die woestyn" en van die hervormers.

Profesie voorspel nie net die manier en doel van die koms van Christus nie, maar bied tekens waardeur mense kan weet wanneer Sy koms naby is. Jesus het gesê: "Daar sal tekens wees aan son en maan en sterre..." (Lukas 21:25). Die son sal "...duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie en die sterre van die hemel sal val en die kragte wat in die hemel is, sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens op die wolke sien kom met grote krag en heerlikheid." (Mark 13:24-26). Die openbaarder beskryf die eerste tekens wat die wederkoms sal voorafgaan soos volg: "Daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak en die maan het geword soos bloed." (Openb. 6:12).

Hierdie tekens is voor die aanvang van die negentiende eeu gesien. Ter vervulling van hierdie profesie was daar in die jaar 1755 die mees skrikwekkende aardbewing wat nog ooit opgeteken is. Alhoewel dit algemeen bekend staan as die Lissabon aardbewing, het dit die grootste gedeelte van Europa, Afrika en Amerika geskud. Dit is in Groenland, in die Wes-Indiese Eilande, op die eiland van Madeira, in Noorweë en Swede, Groot-Brittanje en Ierland gevoel. Dit het 'n gebied van minstens vier miljoen vierkante myl (tien miljoen vierkant kilometer) aangetas. In Afrika was die skok byna net so geweldig soos in Europa. 'n Groot gedeelte van Algiers is verwoes; en 'n entjie van Marokko af, is 'n dorpie van tussen agt en tienduisend inwoners verswelg. 'n Magtige golf wat stede oorstroom en groot vernietiging aangerig het, het die kus van Spanje en Afrika getref.

Dit was in Spanje en Portugal waar die grootste geweld van die aardbewing gemanifesteer het. By Cadiz was die golf twintig meter hoog. Berge, "...sommige van die grootste in Portugal, is as't ware uit hul fondamente geskud en sommige se kruine het op 'n ontsagwekkende wyse verdeel en oopgeskeur, sodat groot massas grond in die onderliggende valleie neergestort het. Daar word vertel dat vlamme uit hierdie berge gekom het." — Sir Charles Lyell, *Principles of Geology*, bl 495. 305

In Lissabon "...is 'n dondergeluid ondergronds gehoor en onmiddellik daarna het 'n geweldige skok die grootste deel van die stad in puin gelê. Binne die verloop van ses minute is ongeveer sestig duisend mense gedood. Die see het eers teruggetrek en die strand drooggelê; toe het dit weer in 'n vloedgolf, byna vyftig voet (vyftien meter) hoër as die gewone watervlak teruggestroom ... Onder die buitengewone gebeurtenisse wat tydens die ramp in Lissabon plaasgevind het, was die ineenstorting van 'n nuwe kaai wat teen geweldige koste volkome van marmer gebou is. 'n Groot samekoms van mense het vir veiligheid, as 'n plek waar hulle buite die bereik van die ineenstortende geboue kon wees, daar versamel; maar skielik het die kaai met al die mense daarop inmekaar getuimel en nie een van die lyke het ooit na die oppervlak gedryf nie." — Sir Charles Lyell, *Principles of Geology*, bl 495.

"Die skok" van die aardbewing "...is onmiddellik deur die ineenstorting van elke kerk en klooster gevolg, byna al die groot openbare geboue en meer as 'n kwart van die woonhuise. Ongeveer twee ure ná die skok, het daar brande in verskillende dele uitgebreek en dit het vir ongeveer drie dae met sulke geweld gewoed, dat die stad totaal verwoes is. Die aardbewing het op 'n heilige dag, terwyl die kerke en kloosters vol mense was plaasgevind, waarvan baie min ontsnap het." — Encyclopaedia Americana, art "*Lisbon*," nota. (1831-uitgawe). "Die verskrikking van die mense was onbeskryflik. Niemand het gehuil nie; dit was te veel vir trane. Hulle het herwaarts en derwaarts gehardloop, waansinnig van afgryse en verbasing,

het hulle het op hul gesigte en borste geslaan terwyl hulle uitgeroep het, '*Misericordia! die wêreld het tot 'n einde gekom!*' Moeders het van hul kinders vergeet en met kruisbeelde belaai rondgehardloop. Ongelukkig het baie van hulle hul toevlug tot die kerke vir beskerming geneem; maar tevergeefs is die sakrament ten toon gestel; tevergeefs het die arme wesens die altare omhels; beelde, priesters en die volk is in een gemeenskaplike puinhoop begrawe." Dit word beraam dat negentigduisend mense hulle lewens op daardie noodlottige dag verloor het.

Vyf-en-twintig jaar later, het die volgende teken wat in die 306
profesie genoem word, verskyn — die verduistering van die son en die maan. Wat hierdie gebeurtenis nog meer opvallend gemaak het, was die feit dat die tyd vir die vervulling daarvan, spesifiek aangewys is. In die gesprek van die Heiland met Sy dissipels op die Olyfberg, na die beskrywing van die lang tydperk van beproewing vir die kerk – die 1 260 jaar van pouslike vervolging, waarvan Hy beloof het dat die verdrukking verkort sou word — het Hy sekere gebeurtenisse genoem wat Sy koms sou voorafgaan en die tyd wanneer die eerste daarvan gesien sou word vasgestel: "In daardie dae, na die verdrukking, sal die son duister word, en die maan sal sy glans nie gee nie..." (Markus 13:24). Die 1 260 dae of jare het in 1798 geëindig. 'n Kwarteeu vroeër, is die vervolging byna heeltemal gestaak. Ná hierdie vervolging sou die son, volgens die woorde van Christus, verduister word. Op 19 Mei 1780 is hierdie profesie vervul.

"Byna, indien nie heeltemal alleen nie, as die mees geheimsinnigste en steeds onverklaarbaarste verskynsel van sy soort, staan die donker dag van 19 Mei 170 bekend – 'n onverklaarbare verduistering van die hele sigbare hemel en atmosfeer in Nieu-England." — R M Devens, *Our First Century*, bl 89.

'n Ooggetuie wat in Massachusetts gewoon het, beskryf die gebeurtenis soos volg: "`In die oggend het die son helder

opgekom, maar die lug was gou bewolk. Die wolke het verdonker, sommige van hulle swart en onheilspellend en daar het weerlig uitgeslaan, met donderweer en 'n bietjie reën wat geval het. Teen nege-uur het die wolke dunner geword en 'n koperagtige kleur aangeneem; die aarde, rotse, bome, geboue, water en mense is deur hierdie vreemde onaardse lig verander. 'n Paar minute later, het 'n dik, swart wolk die hele lug bedek, behalwe 'n dun strepie op die gesigseinder en dit was so donker soos wat dit gewoonlik teen negeuur op 'n someraand is ...

"Vrees, angs en ontsag het die gemoedere van die mense 307
geleidelik gevul. Vroue het by die deur gestaan en oor die donker landskap uitgekyk; mans het van hulle arbeid op die lande teruggekeer; die skrynwerker het sy gereedskap laat staan, die smid het sy aambeeld en die handelaar sy toonbank. Die skole het gesluit en die kinders het bevrees huis toe gevlug. Reisigers het by die naaste plaashuis herberg gesoek. 'Wat is aan die kom?' was die vraag uit elke mond en hart. Dit het gelyk asof 'n orkaan gedreig het om oor die land te woed, asof dit die dag van die voleinding van alles was.

"Kerse is aangesteek; die vure in die kaggels het so helder soos 'n maanlose nag in die herfs geskyn ... Die hoenders het gaan slaap, beeste het op die weivelde bymekaar gekom en gebulk, die paddas het gekwaak, die voëls het hul aandlied gesing en die vlermuise het begin rondvlieg. Maar die mens het geweet dat die nag nog nie aangebreek het nie ...

"Dr. Nathanael Whittaker, predikant van die Tabernakel-kerk in Salem, het 'n diens in die vergaderplek gehou en 'n preek gelewer waarin hy volgehou het dat die duisternis bonatuurlik was. Op baie ander plekke het gemeentes byeengekom. Die tekste vir die onvoorbereide preke het oor die algemeen gegaan oor dié wat met die duisternis volgens die skriftuurlike profesieë ooreengekom het ... Die duisternis was die digste kort na elfuur." — *The Essex Antiquarian*, April 1899, vol 3, nr 4, bl.53, 54. "Op die meeste plekke was dit selfs

gedurende die dag só donker, dat die mense nie op hul horlosies kon sien hoe laat dit was nie en ook nie kon eet of met hul huishoudelike take voortgaan sonder die lig van kerse nie ...

"Die omvang van hierdie duisternis was buitengewoon. Dit is tot in die ooste van Falmouth waargeneem. Aan die westekant het dit tot aan die verste deel van Connecticut en Albany gestrek. In die suide is dit langs die seekus waargeneem; en in die noorde tot by die Amerikaanse nedersettings." — Dr William Gordon, *History of the Rise, Progress, and Establishment of the Independence of the USA*, vol 3, bl 57.

Die intense duisternis van daardie dag is 'n uur of twee voor 308
die aand deur 'n gedeeltelike opgeklaarde lug opgevolg en die son het weer geskyn, hoewel dit steeds deur die swart, swaar mis verduister is. "Ná sononder, het die lug weer bewolk geword en toe het dit baie vinnig donker geword ... Die donkerte van die nag was ook nie minder ongewoon en skrikwekkend as dié van die dag nie; ondanks die feit dat dit byna volmaan was, kon geen voorwerp sonder die hulp van kunsmatige lig onderskei word nie, wat op 'n afstand uit die naburige huise en ander plekke gesien kon word, soos deur 'n soort Egiptiese duisternis wat byna ondeurdringbaar vir die strale was." — Isaiah Thomas, *Massachusetts Spy;* of *American Oracle of Liberty*, vol 10, nr 472 (25 Mei 1780). 'n Ooggetuie van die toneel het gesê: "Ek kon destyds nie help om te wonder nie, dat as elke stralende liggaam in die heelal in ondeurdringbare skakerings gehul was, of uit die weg geruim was, sou die duisternis nie meer volledig kon gewees het nie." — 'n Brief deur Dr Samuel Tenney, van Exeter, New Hampshire, Desember 1785, (in *Massachusetts Historical Society Collections*, 1792, eerste reeks, deel 1, bl 97). Alhoewel die maan om negeuur daardie aand ten volle opgekom het, het dit nie die geringste effek gehad om die doodse skaduwees te verdryf nie. Ná middernag het die duisternis verdwyn en die maan, toe dit die eerste keer sigbaar geword het, het soos bloed gelyk.

In die geskiedenis staan 19 Mei 1780 bekend as "Die Donker Dag." Sedert die tyd van Moses, was daar nooit 'n tyd van duisternis van soortgelyke digtheid, omvang en duur aangeteken nie. Die beskrywing van hierdie gebeurtenis, soos deur 'n ooggetuies weergee, is slegs 'n weerklank van die woorde van die Here, soos deur die profeet Joël opgeteken, tweeduisend vyfhonderd jaar voor die vervulling daarvan: "Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die grote en deurlugtige dag van die Here kom." (Joël 2:31).

Christus het Sy volk gebied om uit te kyk vir die tekens van Sy wederkoms en hulle te verbly as hulle die tekens van hulle komende Koning aanskou. "As hierdie dinge begin gebeur..." het Hy gesê, "...kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is." Hy het Sy volgelinge op die ontluikende bome van die lente gewys en gesê: "Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur." (Luk 21:28,30,31).

Maar namate die gees van nederigheid en toewyding in die 309
kerk plek aan hoogmoed en formalisme gegee het, het liefde vir Christus en geloof in Sy koms, afgeneem. Die belydende volk van God, opgeneem in wêreldsheid en plesier, was blind vir die Heiland se opdragte aangaande die tekens van Sy verskyning. Die leerstelling van die wederkoms is verwaarloos; die geskrifte in verband daarmee is verdof deur verkeerde uitlegging, totdat dit tot 'n groot mate verontagsaam en vergeet is. Dit was veral die geval in die kerke van Amerika. Die vryheid en gemak wat deur alle geledere van die samelewing geniet is, die ambisieuse begeerte na rykdom en weelde wat 'n absorberende toewyding aan jag na wins veroorsaak het, die ywerige gejaag na gewildheid en mag wat blykbaar binne almal se bereik was, het daartoe gelei dat mense al hulle belange en hoop op die dinge

van hierdie lewe vestig en die plegtige dag wanneer die huidige orde van dinge sou verbygaan, ver in die toekoms plaas.

Toe die Heiland Sy volgelinge op die tekens van Sy wederkoms gewys het, het Hy die toestand van afvalligheid voorspel wat net voor sy wederkoms sou bestaan. Daar sou, soos in die dae van Noag, groot bedrywigheid in die wêreldse sake en plesier wees — koop, verkoop, plant, bou, trou en uitgee in die huwelik — sonder enige gedagte aan God en die lewe hierna. Aan diegene wat in hierdie tyd sou lewe, is die vermaning van Christus: "Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie ... Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan." (Luk 21:34,36).

Die toestand van die kerk in hierdie tyd, word in die woorde 310
van die Heiland in Openbaring uitgewys: "...dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood" (Openb 3:1). En aan diegene wat weier om uit hulle toestand van valse veiligheid gewek te word, word die ernstige waarskuwing gerig: "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." (Openb 3:3).

Dit was nodig dat die mense wakker geskud moes word vir die gevaar waarin hulle verkeer en dat hulle hul vir die plegtige gebeure wat verband hou met die sluiting van die genadetyd moes voorberei. Die profeet van God het verklaar: "Want die dag van die Here is groot en uitermate vreeslik en wie kan dit verdra?" Wie sal bly staan wanneer Hy verskyn, "...wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie?" (Joël 2:11; Hab 1:13). Vir diegene wat uitroep: "My God, ons ... ken U..." maar wat nogtans "...My verbond oortree het en teen My wet gesondig het ... wat 'n ander god met gawes vereer..." (Hos 8:2,1; Ps 16:4), vir hulle "...is die dag van die HERE ... duisternis en geen lig nie..." (Amos 5:20.) "En in dié tyd..." sê

die Here, "...sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek en besoeking doen oor die manne wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie." (Sef 1:12). "Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder." (Jes 13:11). "Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie ... en hulle rykdom sal geplunder word, en hulle huise verwoes word." (Sef 1:18,13).

Die profeet Jeremia wat hierdie vreeslike tyd vooruitgesien het, het uitgeroep: "O my ingewande, my ingewande, ek bewe van angs ... Ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogs-geskreeu! Verwoesting op verwoesting word uitgeroep." (Jer 4:19,20).

"Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid 311
en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolke-nag, 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu." (Sef 1:15,16). "Kyk, die dag van die Here kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg." (Jes 13:9).

Met die oog op daardie groot dag, roep die Woord van God in die mees plegtige en indrukwekkendste taal, Sy volk op om uit hul geestelike lusteloosheid wakker te word en Sy aangesig met berou en nederigheid te soek: "Blaas die basuin op Sion en blaas alarm op My heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want hy is naby ... Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente, vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigelinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween ... Bekeer julle tot My met julle hele hart en met vas en geween

en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie en bekeer julle tot die Here julle God; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid en Een wat berou het oor die onheil." (Joël 2:1,15-17,12,13).

Om 'n volk voor te berei om op die groot dag van God te staan, moes groot hervormingswerk bewerkstellig word. God het gesien dat baie van Sy verklaarde volk nie vir die ewigheid gebou het nie en in Sy genade was Hy op die punt om 'n boodskap van waarskuwing aan hulle te stuur om hulle uit hul sluimering te wek en hulle te lei om vir die koms van die Here gereed te maak.

Hierdie waarskuwing word in Openbaring 14 gesien. Hier is 'n drieledige boodskap wat deur hemelse wesens verkondig word en wat onmiddellik deur die wederkoms van die Seun van die mens gevolg word "...om die oes van die aarde in te samel." Die eerste van hierdie waarskuwings kondig die naderende oordeel aan. Die profeet het 'n engel "...in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." (Openb 14:6,7).

Hierdie boodskap word verklaar as deel van die "...ewige 312
evangelie." Die werk om die evangelie te verkondig, is nie aan engele opgedra nie, maar aan mense toevertrou. Heilige engele wat gebruik is om hierdie werk te rig, is in beheer van die groot bewegings vir die redding van die mens; maar die werklike verkondiging van die evangelie, word deur die dienaars van Christus op die aarde uitgevoer.

Getroue mense wat gehoorsaam aan die besieling van die Gees van God was en die leringe van Sy Woord gehoorsaam het, moes hierdie boodskap van waarskuwing aan die wêreld gee. Dit is hulle wat ag geslaan het op die "...profetiese woord, wat

baie vas is...” die “...lamp wat in ‘n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan.” (2 Pet 1:19). Hulle het na die kennis van God, meer as na verborge skatte gesoek en “...die verkryging daarvan is beter as dié van silwer en die verwerwing daarvan, meer as na goud.” (Spr 3:14) En die Here het aan hulle die groot dinge van Sy koninkryk geopenbaar. “Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees en sy verbond om hulle dit bekend te maak.” (Ps 25:14).

Dit was nie die geleerde teoloë wat hierdie waarheid begryp en verkondig het nie. As hierdie getroue wagters die Skrif ywerig en biddend ondersoek het, sou hulle die tyd van die nag geken het; die profesieë sou die gebeure wat sou plaasvind vir hulle opgestel het. Maar hulle het nie hierdie posisie beklee nie en die boodskap is deur nederiger mense verkondig. “Wandel solank as julle die lig het, sodat die duisternis julle nie oorval nie.” (Joh 12:35). Diegene wat hulle wegdraai van die lig wat God gegee het, of wat nalaat om dit te soek wanneer dit binne hulle bereik is, word in duisternis gelaat. Maar die Heiland verklaar: “Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.” (Joh 8:12). Elkeen wat die enkele doel om die wil van God te doen nastreef en ernstig ag gee op die lig wat reeds gegee is, sal groter lig ontvang; na daardie siel sal een of ander ster met hemelse glans, gestuur word om hom in die volle waarheid te lei.

Ten tye van Christus se eerste koms, was die priesters en 313
skrifgeleerdes van die heilige stad, aan wie die Woord van God toevertrou was, in staat gestel om die tekens van die tye te onderskei en die koms van die Beloofde Een te verkondig. Die profesie van Miga het Sy geboorteplek aangedui. (Sien Miga 5:1). Daniël het die tyd van Sy koms voorspel. (Sien Dan 9:25). God het hierdie profesieë aan die Joodse leiers oorgedra; hulle was sonder verskoning as hulle nie geweet en nie aan die volk verkondig het, dat die koms van die Messias naby was nie. Hulle onkunde was die gevolg van sondige nalatigheid. Die Jode was besig om monumente vir die gesneuwelde profete van God op

te rig, terwyl hulle, deur hulle eerbetoon aan die groot manne van die aarde, aan die diensknegte van Satan hulde gebring het. Geabsorbeer deur hul ambisieuse strewe na posisie en mag onder die mense, het hulle die Goddelike eerbetoon wat die Koning van die hemel aangebied het, uit die oog verloor.

Met diepe en eerbiedige belangstelling moes die ouderlinge van Israel die plek, die tyd en die omstandighede waaronder hierdie grootste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld sou plaasvind, naamlik die koms van die Seun van God om die verlossing van die mens te bewerkstellig, ondersoek het. Al die mense moes gewaak het en gewag het om die eerstes te wees wat die wêreld se Verlosser sou verwelkom. Maar kyk, in Betlehem het twee moeë reisigers van die heuwels van Nasaret, tevergeefs in die smal strate tot in die oostelike deel van Nasaret gesoek na 'n plek van rus en herberg vir die nag. Geen deure was oop om hulle te ontvang nie. In ‘n ellendige skuur wat vir vee ingerig was, het hulle eindelik skuiling gevind en daar is die Verlosser van die wêreld gebore.

Hemelse engele het die heerlikheid wat die Seun van God 314
met die Vader gedeel het, voordat die wêreld was, aanskou en het met intense belangstelling daarna uitgesien dat Hy op aarde sou verskyn as 'n gebeurtenis belaai met die grootste vreugde vir alle mense. Engele is aangestel om die blye tyding aan diegene wat gereed was om dit te ontvang te bring en wat dit met vreugde aan die bewoners van die aarde bekend sou maak. Christus het Hom neergebuig om die menslike natuur aan te neem; Hy moes ‘n eindelose las van ellende dra, omdat Hy 'n offer vir sonde van Sy siel moes maak; tog het engele begeer dat die Seun van die Allerhoogste, selfs in Sy vernedering, voor die mense met ‘n waardigheid wat by Sy karakter pas, sou verskyn. Sou die vername manne van die aarde in die hoofstad van Israel byeenkom om Sy koms te begroet? Sou legioene engele Hom aan die verwagtende menigte voorstel?

‘n Engel het die aarde besoek om te sien wie bereid was om Jesus te verwelkom. Maar hy kon geen tekens van verwagting sien nie. Hy het geen stem van lof en triomf gehoor dat die tyd van die Messias se koms op hande was nie. Die engel het vir ‘n tyd oor die uitverkore stad en die tempel waar die Goddelike teenwoordigheid al eeue lank gemanifesteer is gesweef; maar selfs hier was daar onverskilligheid. Die priesters, het in hul prag en praal hul besoedelde offers na die tempel gebring. Die Fariseërs het met luide stemme die mense toegespreek of op die uithoeke van die strate spoggerige gebede gedoen. In die paleise van die konings, in die byeenkomste van die filosowe, in die skole van die rabbi's, was almal ewe onbewus van die wonderbare feit wat die ganse hemel met vreugde en lof vervul het, naamlik dat die Verlosser van die mens, op die punt was om op die aarde te verskyn.

Daar was geen bewyse dat Christus verwag word nie en geen voorbereiding vir die Vors van die Lewe nie. Met verbasing was die hemelse boodskapper op die punt om na die hemel met die skandelike tyding terug te keer, toe hy ‘n groep herders opmerk wat snags oor hulle kuddes gewaak het en, terwyl hulle na die sterrehemel opgekyk het, gedink het aan die profesie van ‘n Messias wat na die aarde sou kom en verlang het na die koms van die wêreld se Verlosser. Hier was ‘n groep wat gereed was om die hemelse boodskap te ontvang. En skielik het die engel van die Here wat die goeie tyding van groot blydskap verkondig aan hulle verskyn. Hemelse heerlikheid het die hele vlakte oorstroom, 'n ontelbare skare van engele het verskyn en asof die vreugde te groot vir een boodskapper was om uit die hemel te bring, het daar 'n menigte stemme in 'n lofsang, wat eendag deur al die nasies van die wat gered is gesing sal word, uitgebreek: “Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ‘n welbehae!” (Luk 2:14).

O, wat ‘n les is in hierdie wonderbare verhaal van Betlehem! 315
Hoe bestraf dit nie ons ongeloof, ons hoogmoed en ons selfvoldaanheid nie! Hoe waarsku dit ons nie om op te let dat

ons nie ook deur onverskoonbare onverskilligheid sal versuim om die tekens van die tye te onderskei nie en nie die dag van besoeking sal ken nie!

Dit was nie alleen op die heuwels van Judea en nie net onder die nederige herders, dat die engele die wat op die koms van die Messias gewag het, gevind het nie. In die land van die heidene was daar ook diegene wat uitgekyk het vir Hom; hulle was wyse manne, ryk en edel, die filosowe van die Ooste. Studente van die natuur, het die wyse manne God in Sy handewerk gesien. Uit die Hebreeuse Geskrifte het hulle geleer dat die Ster uit Jakob sou ontstaan en met gretige begeerte het hulle op Sy koms gewag, wat nie net die "...Vertroosting van Israel..." sou wees nie, maar ook "...'n Lig tot verligting van die nasies..." en "...tot redding sal wees tot aan die eindes van die aarde." (Luk 2:25,32; Hand 13:47). Hulle was soekers na lig en die lig van die troon van God, het die pad vir hulle voete verlig. Terwyl die priesters en die rabbi's van Jerusalem, die aangestelde bewakers en verklaarders van die waarheid, in duisternis verkeer het, het die Hemel-gestuurde ster, hierdie heidense vreemdelinge na die geboorteplek van die pasgebore Koning gelei.

Dit is "...aan die wat Hom verwag..." dat Christus "...vir die tweede maal sonder sonde [sal] verskyn." (Heb 9:28). Soos die tyding van die geboorte van die Heiland, is die boodskap van Sy wederkoms nie aan die godsdienstige leiers van die volk toevertrou nie. Hulle het versuim om hulle verbintenis met God te handhaaf en het die lig uit die hemel geweier; daarom het hulle nie onder diegene getel wat soos volg deur die apostel Paulus beskryf is nie: "Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie." (1 Thes 5:4,5).

Die wagte op die mure van Sion moes die eerste gewees het 316
om die boodskap van die Heiland se koms te verneem; die

eerste om hulle stem te verhef om te aan te kondig dat Hy naby is; die eerste om die mense te waarsku om vir Sy koms voor te berei. Maar hulle was gerus en het van vrede en veiligheid gedroom, terwyl die mense in hulle sondes aan die slaap was. Jesus het sy kerk soos die onvrugbare vyeboom gesien, bedek met pretensieuse blare, maar sonder kosbare vrugte. Daar was ‘n spoggerige nakoming van die vorme van godsdiens, terwyl die gees van ware nederigheid, boetvaardigheid en geloof, wat alleen die diens vir God aanvaarbaar kon maak, ontbreek het. In plaas van die genade van die Gees, was daar hoogmoed, formalisme, selfverheffing, selfsug en verdrukking. ’n Afvallige kerk het hul oë vir die tekens van die tye gesluit. God het hulle nie verlaat of versuim in Sy getrouheid nie; maar hulle het van Hom afgewyk en hulself van Sy liefde geskei. Omdat hulle geweier het om aan die voorwaardes te voldoen, is Sy beloftes nie aan hulle nagekom nie.

Dit is die gewisse gevolge van versuim om die lig en voorregte wat God skenk te waardeer uit te brei. Tensy die kerk in sy aanvanklike voorsiening voortgaan, elke ligstraal aanvaar en elke plig wat geopenbaar mag word nakom, sal godsdiens noodwendig ontaard in die handhawing van vormgodsdiens en die gees van lewensbelangrike godsaligheid sal verdwyn. Hierdie waarheid is herhaaldelik in die geskiedenis van die kerk geïllustreer. God vereis van Sy volk werke van geloof en gehoorsaamheid wat met die seëninge en voorregte wat Hy bied ooreenstem. Gehoorsaamheid vereis 'n offer en behels ‘n kruis; en dit is waarom so baie van die beweerde navolgers van Christus geweier het om die lig uit die hemel te ontvang en, soos die Jode van ouds, nie die tyd van hulle besoeking geken het nie. (Luk 19:44.) As gevolg van hulle hoogmoed en ongeloof het die Here hulle oorgeslaan en Sy waarheid aan diegene, wat soos die herders van Betlehem en die wyse manne van die Ooste, ag geslaan het op al die lig wat hulle ontvang het, geopenbaar.

# Hoofstuk 18 317

## 'n Amerikaanse hervormer

‘n Opregte, eerlike landbouer wat gelei is om die Goddelike gesag van die Skrif te betwyfel, maar tog opreg begeer het om die waarheid te ken, was die man wat spesiaal deur God gekies is om uit te lei in die verkondiging van die wederkoms van Christus. Soos baie ander hervormers, het William Miller in sy jong dae, armoede gely en sodoende die belangrike lesse van arbeidsaamheid en selfverloëning geleer. Die lede van die gesin waaruit hy voortgespruit het, is deur ‘n onafhanklike, vryheidliewende gees, volharding en ‘n vurige vaderlandsliefde gekenmerk, eienskappe wat ook prominent in sy karakter was. Sy vader was 'n kaptein in die leër van die Vryheidsoorlog en die armoedige toestand van Miller se jeugjare kan aan die opofferings, stryd en lyding van daardie tydperk toegeskryf word.

Hy het ‘n gesonde fisiese gestel gehad en het selfs in sy 318
kinderjare bewys gelewer van meer as gewone intellektuele bevoegdheid. Namate hy ouer geword het, het dit meer prominent geword. Sy verstand was aktief en goed ontwikkel en hy het 'n groot dors na kennis gehad. Hoewel hy nie die voordele van ‘n kollege-opleiding gehad het nie, het sy liefde vir studie en die gewoonte van deeglike oorweging en noukeurige kritiek, hom 'n man van gesonde oordeel en omvattende sienings gemaak. Hy het ‘n onberispelike morele karakter en ‘n benydenswaardige reputasie gehad en is in die algemeen beskou as iemand met integriteit, spaarsaamheid en welwillendheid. Vanweë sy energie en toepassing, het hy vroeg reeds 'n vaardigheid aangeleer, hoewel hy steeds met sy studies volgehou het. Hy het verskeie burgerlike en militêre kantore met lof beklee en die pad na rykdom en eer het geblyk vir hom wyd oop te wees.

Sy moeder was 'n vrou van deugsame vroomheid en in sy kinderjare was hy aan godsdienstige indrukke onderworpe. In sy vroeë manlikheid, het hy egter in die geselskap van deïste verval, wie se invloed baie sterk was weens die feit dat hulle meesal goeie burgers en manne van ‘n menslike en goedhartige geaardheid was. Soos hulle te midde van Christelike instellings geleef het, is hul karakters tot 'n mate deur hul omgewing gevorm. Die voortreflikhede wat vir hulle respek en vertroue gewen het, het hulle aan die Bybel te danke gehad; en tog was hierdie goeie gawes so verdraai, dat dit 'n invloed teen die Woord van God uitgeoefen het. Deur sy omgang met hierdie manne is Miller daartoe gelei om hul sentimente te aanvaar. Die huidige verklaring van die Skrifte op daardie tydstip, het probleme opgelewer wat vir hom onoorkomelik gelyk het; tog het sy nuwe geloof, terwyl hy die Bybel ter syde gestel het, niks beter aangebied om die plek daarvan in te neem nie en hy was vir lank nie tevrede nie. Hy het hierdie standpunte egter vir twaalf jaar gehuldig. Maar op die ouderdom van vier-en-dertig, het die Heilige Gees sy hart met 'n besef van sy toestand as sondaar beïndruk. Hy het in sy vorige geloof geen versekering van saligheid anderkant die graf gehad nie. Die toekoms was donker en somber. Agterna het hy na sy gevoelens gedurende hierdie tyd verwys en gesê:

“Uitwissing was ‘n koue en kil gedagte en aanspreeklikheid het verseker vernietiging vir almal ingehou. Die hemel was soos koper bokant my hoof en die aarde soos yster onder my voete. Die ewigheid — wat was dit? En die dood — waarom was dit? Hoe meer ek geredeneer het, hoe verder was ek van ‘n oplossing. Hoe meer ek gedink het, hoe meer verward was my gevolgtrekkings. Ek het probeer om op te hou dink, maar my gedagtes kon nie beheer word nie. Ek het waarlik ellendig gevoel, maar het nie die oorsaak daarvan begryp nie. Ek het gemurmureer en gekla, maar nie geweet waaroor nie. Ek het besef dat iets verkeerd was, maar het nie geweet hoe of waar om te vind wat reg is nie. Ek het getreur, maar sonder hoop.”

Ek het vir etlike maande in hierdie toestand voortgegaan.. 319
“Skielik...” het hy gesê, “...is die karakter van ‘n Verlosser helder in my gedagtes ingeprent. Dit het gelyk asof daar moontlik ‘n Wese mag wees, só goed en medelydend, wat self vir ons oortredings versoening sou doen en ons daardeur kon bevry van die straf vir sonde. Ek het dadelik ervaar hoe wonderlik so ‘n Wese moet wees en ek het my verbeel dat ek myself in die arms van so ‘n Wese kon werp en op Sy genade vertrou. Maar die vraag het ontstaan: Hoe kan dit bewys word dat so ‘n Wese bestaan? Afgesien van die Bybel, het ek gevind dat ek geen bewyse van die bestaan van so ‘n Verlosser, of selfs van ‘n toekomstige staat kon vind nie...

“Ek het gesien dat die Bybel presies so ‘n Verlosser as waaraan ek behoefte gehad het, uitbeeld; en ek was verbaas om uit te vind hoe 'n ongeïnspireerde boek sulke beginsels kon ontwikkel wat so perfek vir die behoeftes van 'n gevalle wêreld aangepas is. Ek moes noodwendig erken dat die Skrif ‘n openbaring van God moet wees. Dit het my vreugde geword; en in Jesus het ek ’n vriend gevind. Die Verlosser het vir my die vernaamste onder tienduisend geword; en die Skrifte wat voorheen so duister en teenstrydig voorgekom het, het nou ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad geword. My gemoed het stil en tevrede geraak. Ek het gevind dat die Here God ‘n rots te midde van die oseaan van die lewe is. Die Bybel het nou my vernaamste studie geword en ek kan waarlik sê dat ek dit met groot vreugde ondersoek het. Ek het gevind dat die helfte my nooit vertel is nie. En ek het myself afgevra waarom ek nooit die skoonheid en die heerlikheid daarvan vantevore raakgesien het nie en was verbaas dat ek dit ooit kon verwerp het. Ek het gevind dat alles wat my hart kan begeer en 'n middel vir elke siekte van die siel aan my geopenbaar is. Ek het alle smaak vir ander leesstof verloor en ek het my daarop toegelê om wysheid van God te verkry.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 65-67.

Miller het in die openbaar sy geloof bely in die godsdiens 320
wat hy geminag het. Maar sy ongelowige metgeselle was nie

traag om al die argumente wat hy dikwels teen die Goddelike gesag van die Skrif aangespoor het, weer uit te lig nie. Hy was nie bereid om hulle te antwoord nie; maar hy het geredeneer dat as die Bybel ‘n openbaring van God is, dit in ooreenstemming met homself is; en dat dit, aangesien dit vir die mens tot lering gegee is, vir sy begrip aangepas moes wees sodat hy dit kon verstaan. Hy het besluit om die Skrif vir homself te bestudeer en vas te stel of elke oënskynlike teenstrydigheid nie in ooreenstemming gebring kon word nie.

Hy het gepoog om alle vooropgestelde opinies opsy te skuif en sonder kommentaar, het hy met behulp van die kantinskrywings en ‘n konkordansie, Skrif met Skrif vergelyk. Hy het sy studies op 'n gereelde en stelselmatige wyse voortgesit; hy het met Genesis begin en vers vir vers gelees en het nie vinniger te werk gegaan as wat die betekenis van die verskillende gedeeltes so vir hom ontvou het om hom van enige verleentheid te vrywaar. Wanneer hy iets teëgekom het wat nie vir hom duidelik was nie, het hy dit met elke ander teks wat blykbaar enige verwysing tot die onderwerp het verwys. Hy het geleentheid gegee vir elke woord om die onderwerp van die teks behoorlik te beïnvloed en as sy siening daarvan met elke gelykstaande teks ooreengestem het, was dit nie 'n verdere probleem vir hom nie. Wanneer hy ‘n skrifgedeelte wat moeilik was om te verstaan teëgekom het, het hy ‘n verklaring daarvan in ‘n ander deel van die Skrif gevind. Soos hy met ernstige gebed om Goddelike verligting gestudeer het, is dit wat voorheen vir hom duister was, duidelik gemaak. Hy het die waarheid van die psalmis se woorde ervaar: “Die opening van U woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.” (Ps 119:130).

Met intense belangstelling het hy die boeke van Daniël en 321
Openbaring bestudeer en dieselfde beginsels van vertolking as in die ander geskrifte gebruik en tot sy groot vreugde gevind dat die profetiese simbole verstaan kon word. Hy het gesien dat die profesieë, vir sover dit reeds vervul was, letterlik vervul is; dat al die verskillende figure, metafore, gelykenisse, die

sinnebeelde, ensovoort, in hul onmiddellike verband verklaar is, of dat die terme waarin dit tot uitdrukking gekom het in ander tekste gedefinieer is en dat dit letterlik verstaan moes word.. “Ek was dus tevrede...” het hy gesê, “...dat die Bybel ‘n stelsel van geopenbaarde waarhede is, so duidelik en eenvoudig deurgegee, dat selfs die dwalende nie daarin hoef te dwaal nie.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 70. Skakel vir skakel in die ketting van waarheid, is sy pogings beloon namate hy stap vir stap die groot reeks van profesieë ondersoek het. Engele van die hemel het sy verstand gelei en die Skrif vir sy begrip oopgestel.

Deur die wyse waarop die profesieë in die verlede vervul is as maatstaf vir die vervulling van die profesieë in die toekoms te neem, was hy tevrede dat die populêre siening van die geestelike heerskappy van Christus – 'n tydelike millennium voor die einde van die wêreld – word nie deur die Woord van God gestaaf nie. Hierdie leerstelling wat op 'n duisend jaar van geregtigheid en vrede voor die persoonlike koms van die Here dui, het die vrees vir die dag van God ver in die toekoms geplaas. Maar, hoe aangenaam dit ook al mag wees, is dit in stryd met die leer van Christus en Sy apostels, wat verklaar het dat die koring en die onkruid saam moet groei tot die oes, die einde van die wêreld. (Sien Mat 13:30,38-41); dat “...goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger; ... dat “...daar sware tye in die laaste dae sal kom...” (2 Tim 3:13,1) en dat die koninkryk van duisternis tot die wederkoms van die Here sal voortduur en deur die gees van Sy mond verteer sal word en deur die helderheid van Sy koms vernietig sal word. (Sien 2 Thess. 2:8).

Die leerstelling van die bekering van die wêreld en die geestelike heerskappy van Christus, is nie deur die apostoliese kerk gehuldig nie. Dit was nie algemeen deur Christene aanvaar tot ongeveer die begin van die agtiende eeu nie. Soos elke ander dwaalleer, was die gevolge boos. Dit het die mense geleer om die koms van die Here ver in die toekoms te verwag

en hulle verhinder om op die tekens wat Sy naderende koms voorspel, ag te slaan. Dit het ‘n gevoel van vertroue en veiligheid wat ongegrond was, geskep en dit het baie daartoe gelei om die nodige voorbereiding om hul Here te ontmoet, te verwaarloos.

Miller het gevind dat die letterlike, persoonlike wederkoms 322
van Christus duidelik in die Skrifte geleer word. Paulus sê: “Die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God.” (1 Thes 4:16,17). En die Heiland het verklaar: “En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid … Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.” (Mat 24:30,27). Hy sal vergesel wees van die leërskare van die hemel. “En wanneer die Seun van die mens sal in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom...” (Mat 25:31). “...Hy sal Sy engele uitstuur met harde trompetgeluid en hulle sal Sy uitverkorenes versamel...” (Mat 24:31).

Met Sy koms sal die regverdige dode opgewek word en die regverdige lewendes sal verander word. “Ons sal wel nie almal ontslaap nie...” het Paulus gesê, “...maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.” (1 Kor 15:51-53). En in sy brief aan die Thessalonicense, ná die beskrywing van die koms van die Here sê hy: “Die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug.” (1 Thes 4:16,17).

Nie voor die persoonlike koms van Christus kan Sy volk die 323
koninkryk ontvang nie. Die Verlosser het gesê: "En wanneer die Seun van die mens in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die skaapwagter die skape van die bokke afskei ... en Hy sal die skape aan Sy regterhand en die bokke aan Sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan Sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af." (Mat 25:31-34). Ons het volgens die geskrewe tekste gesien dat wanneer die Seun van die mens kom, die dooies onverganklik opgewek en die lewendes verander word. Deur hierdie groot verandering is hulle gereed om die koninkryk te ontvang; want Paulus het gesê: "Dit verklaar ek, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie." (1 Kor 15:50). Die mens in sy huidige toestand, is sterflik en verganklik. maar die koninkryk van God sal vir ewig onverganklik wees. Daarom kan die mens in sy huidige toestand nie in die koninkryk van God ingaan nie. Maar wanneer Jesus kom, skenk Hy onsterflikheid aan Sy volk; en dan roep Hy hulle om die koninkryk, waarvan hulle tot dusver nog net die erfgename was, te beërwe.

Hierdie en verskeie ander Skrifgedeeltes het Miller duidelik daarvan oortuig dat die gebeure wat algemeen voor die koms van Christus sal plaasvind, soos die universele heerskappy van vrede en die oprigting van die koninkryk van God op aarde, eers ná die wederkoms sou plaasvind. Verder, het al die tekens van die tye en die toestand van die wêreld, met die profetiese beskrywing van die laaste dae ooreengestem. Uit 'n studie van die Skrif alleen, was hy gedwing om tot die gevolgtrekking te kom, dat die aarde, in sy huidige toestand, binnekort tot 'n einde sou kom.

"'n Ander soort bewys wat 'n diep indruk op my gemaak het..." het hy gesê, "...was die chronologie van die Skrif ... Ek het gevind dat die voorspelde gebeure wat in die verlede vervul

is, dikwels binne ‘n gegewe tyd plaasgevind het. Die honderd-en-twintig jaar tot die Sondvloed (Gen 6:3), die sewe dae wat dit voorafgegaan het, met veertig dae voorspelde reën (Gen 7:4); die vierhonderd jaar van die verblyf in Egipte van Abraham se saad (Gen 15:13); die drie dae van die skinker en bakker se drome (Gen 40:12-20); die sewe jaar van Farao se drome (Gen 41:28-54); die veertig jaar in die woestyn (Num 14:34); die drie en ’n half jaar van hongersnood (1 Kon.17:1; (sien ook Luk.4:25) ... die sewentig jaar gevangenskap (Jer 25:11); sewe tydperke van Nebukadnésar (Dan 4:13-16) en die sewe weke, die twee-en-sestig weke en die een week, wat die sewentig weke wat vir die Jode vasgestel is verteenwoordig (Dan 9:24-27) — al die gebeure wat deur hierdie tydperke bepaal was, was alles 'n saak van profesie en is volgens die profesieë vervul.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 74, 75.

Toe hy dus in sy studie van die Bybel, verskillende 324
chronologiese tydperke gevind het wat, volgens sy begrip, gestrek het tot by die wederkoms van Christus, kon hy nie anders as om dit as die “...tye wat vooraf bepaal is...” wat God aan sy diensknegte geopenbaar het te beskou nie. “Die verborge dinge...” het Moses gesê, “...is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid.” (Deut 29:29); en die Here het deur die profeet Amos verklaar: “Want die Here HERE doen niks tensy Hy Sy geheimenis aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.” (Amos 3:7). Die studente van die Woord van God kan dus met vertroue verwag om hierdie verstommende gebeurtenis wat in die mensegeskiedenis gaan plaasvind, duidelik in die Skrifte van die waarheid vind.

“Aangesien ek ten volle oortuig was...” het Miller gesê, ‘...dat die hele Skrif deur God ingegee en nuttig is...’ (2 Tim 3:16); dat ‘...geen profesie ... ooit deur die wil van ‘n mens voortgebring [is] nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek...’ (2 Pet 1:21) en geskrywe vir ons lering ‘...sodat ons deur geduld en bemoediging van die

Skrifte hoop kan hê...' (Rom 15:4), '...kon ek die chronologiese dele van die Bybel nie anders as deel van die Woord van God, wat net soos enige ander deel van die Skrif ons ernstige oorweging verdien, beskou nie. Daarom het ek gevoel dat ten einde te verstaan wat God aan ons wou openbaar, ek nie die reg gehad het om die profetiese tydperke oor te slaan nie." — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 75.

Die profesie wat die tyd van die wederkoms die duidelikste 325
blyk te openbaar, was Daniël 8:14: "Tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Deur sy reëls te volg om die Skrif sy eie tolk te maak, het Miller ontdek dat 'n dag in simboliese profesieë 'n jaar verteenwoordig (Sien Num 14:34; Eseg 4:6); hy het gesien dat die tydperk van 2 300 profetiese dae, of letterlike jare, veel verder as die einde van die Joodse bedeling sou strek en kon dit dus nie na die heiligdom van daardie bedeling verwys nie. Miller het die algemene opvatting aanvaar, dat gedurende die Christelike era, die aarde die heiligdom is en daarom het hy verstaan dat die reiniging van die heiligdom wat in Daniël 8:14 voorspel word, die reiniging van die aarde deur vuur, met die wederkoms van Christus verteenwoordig word. Hy het dus tot die gevolgtrekking gekom dat indien die regte beginpunt vir die 2 300 dae vasgestel kon word, die tyd van die wederkoms maklik vasgestel sou kon word. So sou die tyd van die groot voleinding van alle dinge geopenbaar word, die tyd wanneer die huidige staat met "...al sy hoogmoed en mag, prag en praal, boosheid en verdrukking, tot 'n einde sal kom"; wanneer die vloek "...van die aarde weggeneem word, die dood vernietig word en die beloning aan die diensknegte van God, die profete en die heiliges en aan hulle wat sy Naam vrees, gegee sal word, terwyl diegene wat die aarde vernietig, vernietig sal word." — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller,* bl 76.

Met nuwe en dieper erns het Miller voortgegaan om die profesieë te ondersoek en dae en nagte aan die bestudering van wat nou van geweldige en algehele absorberende belang

vir hom blyk te gewees het, gewy. In die agtste hoofstuk van Daniël kon hy geen leidraad vind vir die beginpunt van die 2 300 dae nie; hoewel die engel Gabriël beveel is om Daniël die visioen te laat verstaan, het hy net ‘n gedeeltelike verklaring aan hom gegee. Toe die verskriklike vervolging wat oor die kerk sou kom, voor die profeet ontvou het, het sy fisiese krag ingegee. Hy kon nie meer verduur nie en die engel het hom vir ‘n tyd verlaat. “En ek, Daniël was gedaan en was dae lank siek ... en ek was verstom oor die gesig, maar niemand het dit gemerk nie.” (Dan 8:27).

Maar nogtans het God Sy boodskapper gebied: “Laat hierdie man die gesig verstaan.” Daardie opdrag moes vervul word. In gehoorsaamheid daaraan, het die engel ‘n ruk later na Daniël teruggekeer en gesê: “Daniël, nou het ek uitgegaan om jou insig te gee ... Gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.” (Dan 9:22,23). Daar was een belangrike punt in die visie van hoofstuk agt wat onverklaar gelaat is, naamlik die tydperk van 2 300 dae; daarom het die engel toe hy sy verduideliking hervat, hoofsaaklik by die onderwerp van tyd stilgestaan:

“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal 326
... Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ’n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee-en-sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom ... En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou...” (Dan 9:24-27).

Die engel is na Daniël gestuur met die uitsluitlike doel om die punt wat hy in die visioen van die agtste hoofstuk nie verstaan het nie, te verduidelik, die verklaring met betrekking tot die tyd — “...tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” En nadat

hy Daniël gebied het: "Gee ag op die woord en verstaan die gesig..." was die heel eerste woorde van die engel: "Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal." Die woord wat hier as "bepaal," vertaal is, beteken letterlik "afgesny." Sewentig weke, wat 490 jaar verteenwoordig, word deur die engel verklaar dat dit afgesny sou word, wat spesifiek op die Jode van toepassing was. Maar waarvan is dit afgesny? Aangesien die 2 300 dae die enigste tydperk was wat in hoofstuk agt genoem is, moes dit die tydperk wees waarvan die sewentig weke afgesny is; die sewentig weke moes dus deel uitmaak van die 2 300 dae en die twee tydperke moes op dieselfde tyd begin. Die sewentig weke sou, volgens die engel, begin met die bevel om Jerusalem te herstel en op te bou. Indien die datum van hierdie bevel dus vasgestel kon word, sou die beginpunt van die lang tydperk van 2 300 dae vasgestel kon word.

Die bevel word in die sewende hoofstuk van Esra gevind. 327
(Esra 7:12-26). Dit is volledig deur Artasasta, koning van Persië, in die jaar 457 vC uitgereik. Maar in Esra 6:14 word gesê dat die huis van die Here in Jerusalem gebou is "...op bevel van Kores en Darius en Artasasta, koning van Persië." Hierdie drie konings wat die bevel oorspronklik herbevestig en voltooi het, het dit tot die volmaaktheid wat deur die profesie vereis word om die begin van die 2 300 aan te dui, volbring. As ons die jaar 457 vC, die tyd toe die bevel uitgevoer is, as die datum van die bevel neem, word daar gesien dat elke bepaling van die profesie aangaande die sewentig weke vervul is.

"...van die uitgang van die Woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle...", naamlik nege-en-sestig weke, of 483 jaar. Die bevel van Artasasta het in die herfs van die jaar 457 vC in werking getree. Vanaf hierdie datum strek daar 483 jaar tot die herfs van die jaar 27 nC. *[Sien bylaag].* Die profesie is op hierdie tydstip vervul. Die woord "Messias" beteken "die Gesalfde." In die herfs van die jaar 27 nC is Christus deur

Johannes gedoop en het Hy die salwing van die Gees ontvang. Die apostel Petrus getuig: "...met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag." (Hand 10:38). En die Heiland self het verklaar: "Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring." (Luk 4:18). Na Sy doop "...het Jesus in Galilea gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig en gesê: Die tyd is vervul." (Mark 1:14,15).

"En Hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit." Die "week" wat hier ter sprake gebring word, is die laaste van die sewentig weke; dit is die laaste sewe jaar van die tydperk wat spesifiek vir die Jode bepaal is. Gedurende hierdie tyd, wat vanaf 27 nC tot 34 nC gestrek het, het Christus, eers persoonlik en later deur middel van Sy dissipels, die evangelie-uitnodiging aan veral die Jode gerig. Toe die apostels met die blye tyding van die koninkryk uitgestuur is, was die Heiland se opdrag: "Moenie gaan op pad na die heidene nie en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel." (Mat 10:5,6).

"En gedurende die helfte van die week sal Hy slagoffer en 328
spysoffer laat ophou." In 31 nC, drie en 'n half jaar na Sy doop, is die Here gekruisig. Met die groot soenoffer wat op Golgota gebring is, is daardie offerstelsel wat vir vierduisend jaar vooruit op die Lam van God gewys het, beëindig. Tipe het antitipe ontmoet en al die slagoffers en spysoffers van die seremoniële stelsel is daar opgehou.

Die sewentig weke, of 490 jaar, wat veral oor die Jode bepaal is het, soos aangetoon, in die jaar 34 nC ten einde geloop. Op daardie stadium het die volk, deur die optrede van die Joodse Sanhedrin, die verwerping van die evangelie met die marteldood van Stefanus en die vervolging van die volgelinge van Christus verseël. Van toe af is die evangelieboodskap nie langer tot die uitverkore volk beperk nie, maar is aan die hele wêreld verkondig. Die dissipels, wat weens vervolging gedwing

was om uit Jerusalem te vlug, het "...die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus vir hulle gepreek." (Hand 8:4,5). Petrus het onder Goddelike leiding, die evangelie aan die hoofman oor honderd van Cesárea, die Godvresende Cornelius, verkondig en die ywerige Paulus, wat vir die geloof van Christus gewen is, "...is ver weggestuur na die heidene..." om die blye tyding te verkondig.

Tot dusver is elke besonderheid van die profesieë treffend vervul en die begin van die sewentig weke is sonder enige twyfel op 457 vC en die einde op 34 nC vasgestel. Met hierdie gegewens was dit geen probleem om die einde van die 2 300 dae vas te stel nie. Die sewentig weke — 490 dae — wat van die 2 300 dae afgesny was, het nog 1 810 dae laat oorbly. Ná die einde van die 490 dae, was die 1 810 dae nog nie vervul nie. Vanaf die jaar 34 nC sou daar 1 810 jaar strek tot 1844. Gevolglik het die 2 300 dae van Daniël 8:14 in 1844 geëindig. Aan die einde van hierdie lang profetiese tydperk sou, volgens die getuienis van die engel van God, "...die heiligdom in sy regte staat herstel word." So is die tyd van die reiniging van die heiligdom, wat algemeen as die datum van die wederkoms aangeneem was, beslis uitgewys.

Miller en sy medewerkers het eers geglo dat die 2 300 dae 329
in die lente van 1844 sou eindig, terwyl die profesie op die herfs van daardie jaar gewys het. *[Sien bylaag].* Die verkeerde begrip van hierdie punt het teleurstelling en verwarring vir diegene wat die vroeër datum as die tyd van die wederkoms van die Here aangeneem het, veroorsaak. Maar dit het nie die minste effek op die krag van die argument, dat die 2 300 dae in die jaar 1844 ten einde geloop het, gehad nie en dat die groot gebeurtenis wat deur die reiniging van die heiligdom voorgestel is, dan sou plaasvind nie.

Toe hy begin het om die Skrif te bestudeer soos wat hy gedoen het, om te bewys dat dit 'n openbaring van God was,

het Miller aanvanklik nie in die minste verwag om tot die gevolgtrekking waartoe hy nou gekom het, te kom nie. Hy kon self skaars die gevolge van sy ondersoek glo. Maar die skriftuurlike bewys was te duidelik en te kragtig om ter syde gestel te word.

Hy het twee jaar aan die bestudering van die Bybel gewy, toe hy in 1818 tot die plegtige oortuiging gekom het dat Christus oor ongeveer vyf-en-twintig jaar sou verskyn om Sy volk te verlos. "Ek hoef nie te praat..." het Miller gesê, "...oor die vreugde wat my hart gevul het met die oog op hierdie heerlike vooruitsig, of van die vurige verlange van my siel om te deel in die vreugde van die verlostes nie. Vir my was die Bybel nou 'n nuwe boek. Dit was inderwaarheid 'n fees van rede; alles wat vir my duister, misterieus of onduidelik was, is uit my gedagtes voor die helder lig wat nou deur die heilige bladsye gebreek het verdryf; en o, hoe helder en heerlik het die waarheid geskyn! Al die weersprekings en teenstrydighede wat ek voorheen in die Woord gevind het, was nou weg; en hoewel daar baie gedeeltes was waarvan ek nog nie seker was dat ek hulle ten volle begryp het nie, het daar soveel lig daaruit geskyn om my vorige duistere begrip te verlig, dat dit vir my 'n vreugde was om die Skrifgedeeltes wat ek voorheen as onverstaanbaar beskou het te ondersoek." — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 76, 77.

"Met die plegtige oortuiging dat sulke uiters belangrike 330
gebeure wat voorspel is om in so 'n kort tydperk vervul te word in die Skrif voorspel is, het die vraag aangaande my plig teenoor die wêreld in die lig van die getuienis wat my denke beïnvloed het kragtig by my opgekom." — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 81. Hy het gevoel dat dit sy plig was om die lig wat hy ontvang het, met ander te deel. Hy het verwag om teëstand van die goddelose te kry, maar was vol vertroue dat alle Christene hulle sou verheug in die hoop om die Verlosser, wat hulle beweer het lief te hê, te ontmoet. Sy enigste vrees was dat in hulle groot vreugde in die vooruitsig op die heerlike bevryding wat

binnekort sou plaasvind, baie die leer sou aanvaar sonder om die Skrif deeglik te ondersoek om die waarheid daarvan te bewys. Hy het dus gehuiwer om dit aan te bied, vir geval hy verkeerd was en ander sodoende sou mislei. Hy is toe gelei om die bewyse ter ondersteuning van die gevolgtrekkings waartoe hy gekom het, te hersien en om elke probleem wat hom voorgedoen het, deeglik te oorweeg. Hy het gevind dat besware, voor die lig van die Woord van God, soos mis voor die son verdwyn het. Na vyf jaar wat hy op hierdie wyse deurgebring het, was hy ten volle oortuig van die korrektheid van sy posisie.

En nou is die plig om aan ander bekend te maak wat hy so oortuigend in die Skrif geleer het, met nuwe krag op hom afgedwing. “Terwyl ek met my sake besig was...” het hy gesê, “...het dit gedurig in my ore opgeklink: ‘Gaan vertel die wêreld van die gevaar waarin hulle verkeer.’ Die volgende teks het voortdurend by my opgekom: ‘As Ek vir die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg dat hy hom daarvan moet bekeer en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe, maar jy het jou siel gered.’ (Eseg 33:8,9). Ek was van mening dat as die goddelose duidelik gewaarsku kon word, sou menigtes van hulle berou hê; en dat indien hulle nie gewaarsku word nie, hulle bloed van my hand geëis sou word.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 92.

Hy het sy siening, waar die geleentheid hom voorgedoen 331
het, privaat begin aanbied en gebid dat een of ander predikant die krag daarvan sou ervaar en homself aan die bekendmaking daarvan sou wy. Maar hy kon nie van die oortuiging dat hy 'n persoonlike plig het om die waarskuwing te gee nie, ontslae raak nie. Die woorde het steeds by hom opgekom: “Gaan verkondig dit aan die wêreld; Ek sal hulle bloed van jou hand

eis." Hy het nege jaar gewag, terwyl die las steeds op sy hart gedruk het, totdat hy in 1831 vir die eerste keer die redes vir sy geloof in die openbaar verkondig het.

Net soos Elisa agter sy osse op die landery weggeroep is om die mantel van toewyding tot die profetiese amp te ontvang, is William Miller ook geroep om sy ploeg te verlaat en die verborgenhede van die koninkryk van God vir die volk oop te stel. Met bewing het hy sy werk betree en sy toehoorders stap vir stap deur die profetiese tydperke gelei tot by die wederkoms van Christus. Met elke poging het hy meer krag en moed bygekry, toe hy die wydverspreide belangstelling sien wat sy woorde opgewek het.

Dit was eers op versoek van sy broeders, waarin hy die roepstem van God gehoor het, dat Miller ingestem het om sy sienings in die openbaar aan te bied. Hy was nou vyftig jaar oud, nie gewoond aan openbare toesprake nie en belas met 'n gevoel van onbevoegdheid vir die werk voor hom. Maar vanuit die staanspoor is sy werk op 'n merkwaardige wyse geseën tot redding van siele. Sy eerste lesing is gevolg deur 'n godsdienstige ontwaking waarin dertien gesinne, met die uitsondering van twee persone, tot bekering gekom het. Daar is dadelik by hom aangedring om op ander plekke ook te praat en op byna elke plek het sy arbeid tot 'n herlewing in die werk van God gelei. Sondaars het tot bekering gekom, Christene is tot groter toewyding gewek en deïste en ongelowiges is gelei om die waarheid van die Bybel en die Christelike godsdiens te erken. Die getuienis van diegene onder wie hy gearbei het, lui as volg: "'n Klas van mense is deur hom bereik wat nie deur ander bereik kon word nie." — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 138. Sy prediking was daarop gemik om die publiek se aandag op die groot godsdienssake te vestig en die toenemende wêreldsheid en sensualiteit van sy tyd te stuit.

In byna elke stad was daar talle, in sommige gevalle 332
honderde, wat as gevolg van sy prediking tot bekering gekom

het. Op baie plekke is Protestantse kerke van byna alle denominasies vir hom oopgestel en die uitnodigings vir sy dienste het gewoonlik van die predikante van die verskillende gemeentes gekom. Dit was sy onveranderlike reël om nie op enige plek waarheen hy nie uitgenooi is te werk nie, tog het hy homself spoedig in 'n situasie bevind waar hy nie by magte was om aan die helfte van die uitnodigings te voldoen nie. Baie wat nie sy siening oor die presiese tyd van die wederkoms aanvaar het nie, was oortuig van die sekerheid en nabyheid van die koms van Christus en van hul behoefte om hulself voor te berei. In sommige van die groot stede het sy werk ‘n diep indruk gemaak. Drankhandelaars het hulle besighede gesluit en hul winkels in vergadersale omskep; dobbelhuise is opgebreek; ongelowiges, deïste, universaliste en selfs die mees onverskilligste losbandiges is hervorm, waarvan sommige jare lank nie 'n huis van aanbidding betree het nie. Gebedsbyeenkomste is byna elke uur deur verskillende denominasies in verskillende oorde gereël en sakemanne het in die middag vir gebed en lofprysing byeengekom. Daar was nie buitensporige opgewondenheid nie, maar ‘n byna universele plegtigheid in die gemoedere van mense. Sy werk, soos dié van die vroeë hervormers, het eerder geneig om die begrip te oortuig en die gewete op te wek, as om slegs emosies op te wek.

In 1833 het Miller toestemming van die Baptiste Kerk, waarvan hy ‘n lidmaat was, ontvang om te preek. ‘n Groot aantal van die predikante van sy denominasie het ook sy werk goedgekeur en dit was met hulle formele toestemming dat hy sy arbeid voortgesit het. Hy het gereis en onafgebroke gepreek, hoewel sy persoonlike arbeid hoofsaaklik tot Nieu-Engeland en die Midde-state beperk was. Vir etlike jare het is sy uitgawes uit sy eie beurs voorsien en later het hy nooit genoeg ontvang om die reiskoste na die plekke waar hy genooi is te dek nie. Dus het sy openbare arbeid vir hom geen geldelike voordeel ingehou nie en sy bates swaar belas, wat geleidelik gedurende hierdie

tydperk van sy lewe afgeneem het. Hy was die vader van ‘n groot gesin, maar omdat hulle almal spaarsamig en vlytig was, was sy plaas voldoende om in hulle en sy eie behoeftes te voorsien.

In 1833, twee jaar nadat Miller die bewyse van die spoedige 333
koms van Christus in die openbaar aangebied het, het die laaste tekens wat deur die Verlosser as aanduiding van sy wederkoms belowe is verskyn. Jesus het gesê: “Die sterre sal van die hemel val...” (Matt 24:29). En in Openbaring het Johannes, terwyl hy in 'n visioen die tonele wat die dag van God sou inlui gesien het, het verklaar: “En die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos ’n vyeboom, wat deur ‘n groot wind geskud word, sy na-vye laat afval.” (Openb 6:13). Hierdie profesie is op 'n opvallende en indrukwekkende wyse deur die wonderlike vertoon van 'n meteoriese stortreën op 13 November 1833 vervul. Dit was die mees uitgebreide en wonderlikste vertoning van vallende sterre wat nog ooit opgeteken is; “Die hele uitspansel oor die Verenigde State was vir ure in 'n vlammende beroering. Geen hemelse verskynsel wat met soveel bewondering deur een klas, of met soveel vrees en skrik deur 'n ander klas aanskou is, het ooit in hierdie land sedert sy eerste nedersetting, voorgekom nie ... Die verhewenheid en ontsaglike skoonheid daarvan bly steeds in die gedagtes van baie mense ... Nog nooit het reën meer dig geval as wat die meteoriete op die aarde neergestort het nie; oos, wes, noord en suid was dit dieselfde. Kortom, dit het gelyk asof die ganse hemel aan die beweeg was ... Die vertoning, soos in Professor Silliman se joernaal beskryf, is oor die hele Noord-Amerika gesien ... Vanaf twee-uur in die oggend tot helder oordag, met die lug heeltemal kalm en wolkloos, was dit 'n onophoudelike toneel van skitterende, briljante helderheid in die ganse hemelruim.” — R M Devens, *American Progress; or, The Great Events of the Greatest Century*, hfst 28, par 1-5.

“Inderdaad, in geen taal kan die prag van daardie manjifieke skouspel beskryf word nie ... niemand wat dit nie gesien het nie,

kan ‘n behoorlike konsep van die heerlikheid daarvan vorm nie. Dit het gelyk asof die hele sterrehemel op 'n stadium by 'n hoogtepunt saamgetrek het en terselfdertyd met die snelheid van weerlig na alle dele van die horison verskiet het; en steeds het hulle nie uitgeput geraak nie — duisende het vinnig op die spore van duisende voor hulle gevolg, asof hulle spesifiek vir daardie doel geskep was. — F Reed, *The Christian Advocate and Journal*, 13 Des 1833. “''n Meer korrekte beeld as dit, van 'n vyeboom wat sy vye as gevolg van 'n magtige wind afgooi, was nie moontlik om te aanskou nie.” — “The Old Countryman” in die *Portland Evening Advertiser*, 26 Nov 1833.

In die *New York Journal of Commerce* van 14 November 334
1833, was daar ‘n lang artikel oor hierdie merkwaardige verskynsel, met die volgende stelling: “Geen filosoof of geleerde het van 'n gebeurtenis vertel of opgeteken, ek veronderstel, soos die een van gister nie. Agtien honderd jaar gelede, het ‘n profeet dit presies voorspel, as ons sou kon verstaan dat sterre wat val, vallende sterre is ... in die enigste sin waarin dit moontlik is om letterlik waar te wees.”

So is die laaste van die tekens van Sy wederkoms, wat Jesus aan Sy dissipels gesê het, getoon: “So weet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur.” (Mat 24:33). Ná hierdie tekens het Johannes, as die volgende groot gebeurtenis, die hemel soos 'n boekrol sien wegtrek, terwyl die aarde gebewe het, berge en eilande uit hulle plekke versit is en die goddelose in verskrikking voor die aangesig van die Seun van die mens gevlug het. (Openb 6:12-17).

Baie wat die vallende sterre gesien het, het dit as ’n voorloper van die komende oordeel beskou, “...’n ontsagwekkende tipe, ’n gewisse voorloper, ‘n genadige teken, van daardie groot en vreeslike dag.” — “*The Old Countryman*” in die *Portland Evening Advertiser*, 26 Nov 1833. So is die aandag van die volk op die vervulling van die profesie gevestig

en baie is gelei om ag te gee op die waarskuwing van die wederkoms.

In die jaar 1840 het ‘n ander merkwaardige vervulling van profesieë wydverspreide belangstelling gewek. Twee jaar tevore het Josiah Litch, een van die eerste predikante wat die wederkoms verkondig het, ‘n uiteensetting van Openbaring 9 gepubliseer, wat die val van die Ottomaanse Ryk voorspel het. Volgens sy berekeninge, sou hierdie mag “...in Augustus van 1840 nC...” omvergewerp word; en slegs enkele dae voordat dit sou plaasvind, het hy geskryf: “As ons aanvaar dat die eerste tydperk, 150 jaar, presies voor die troonbestyging van Deacozes, met die toestemming van die Turke, vervul is en dat die 391 jaar en vyftien dae aan die einde van die eerste periode begin het, dan sal dit op 11 Augustus 1840 eindig, wanneer die Ottomaanse mag in Konstantinopel na verwagting verbreek sal word. En dit sal, volgens my, die geval wees.” — Josiah Litch in ‘n artikel in die *Signs of the Times, and Expositor of Prophecy*, 1 Aug 1840.

Op die gespesifiseerde tydstip, het Turkye deur haar 335
ambassadeurs, die beskerming van die geallieerde moondhede van Europa aanvaar en haarself dus onder die beheer van Christelike nasies geplaas. Hierdie gebeurtenis het die voorspelling presies vervul. *[Sien bylaag].* Toe dit bekend geword het, was menigtes oortuig van die korrektheid van die beginsels van profetiese interpretasie wat deur Miller en sy medewerkers aanvaar is en 'n wonderlike stukrag is aan die advent-beweging gegee. Manne van geleerdheid en aansien het met Miller verenig, beide in die prediking en die publisering van sy standpunte en vanaf 1840 tot 1844 het die werk vinnig uitgebrei.

William Miller het oor sterk verstandelike krag beskik, deur denke en studie gedissiplineer; en deur homself met die Bron van wysheid te verbind, het hy die wysheid van die hemel bygevoeg. Hy was ‘n man met hoë waardes, wat nie anders kon

as om respek en agting af te dwing waar integriteit van karakter en morele uitnemendheid waardeer is nie. Hy het opregte vriendelikheid met Christelike nederigheid en die krag van selfbeheersing verenig en hy was oplettend en minsaam teenoor almal, gereed om na ander se menings te luister en hul argumente op te weeg. Sonder hartstog of opgewondenheid, het hy alle teorieë en leerstellings aan die Woord van God getoets en sy grondige redenasie en deeglike kennis van die Skrif het hom in staat gestel om dwaling te weerlê en valsheid aan die kaak te stel.

Tog het hy nie sy werk sonder bittere teëstand opgevolg nie. Soos met die vroeëre hervormers, is die waarhede wat hy aangebied het, nie gunstig deur gewilde godsdienstige leraars ontvang nie. Omdat hulle nie hul standpunt deur die Skrif kon handhaaf nie, was hulle genoop om hulle tot die woorde en leerstellings van mense, volgens die tradisies van die vaders te wend. Maar die Woord van God was die enigste getuienis wat die predikers van die advent-waarheid aanvaar het. “Die Bybel en die Bybel alleen” was hulle wagwoord. Die gebrek aan Skriftuurlike bewys vir hul argumente, is met spot en hoon deur hul teëstanders aangevul. Tyd, middele en talente is gebruik om diegene te belaster wie se enigste oortreding was dat hulle met blydskap uitgesien het na die wederkoms van hul Here en daarna gestreef het om heilige lewens te lei en ander te vermaan om hulle vir Sy verskyning voor te berei.

Ernstige pogings is aangewend om die aandag van die 336
mense van die onderwerp van die wederkoms af te trek. Daar is aangevoer dat om die profesieë wat betrekking op die koms van Christus en die einde van die wêreld het te bestudeer, 'n sonde is waarvoor mense hulle moet skaam. Sodoende het die algemene bediening die geloof in die Woord van God ondermyn. Hulle leer het die mense ongelowig gemaak en baie het van die geleentheid gebruik gemaak om hul eie goddelose

begeertes te volg. Toe het die outeurs van die bose al die skuld op die Adventiste geplaas.

Terwyl hy oorvol lokale van intelligente en oplettende hoorders getrek het, is Miller se naam selde deur die godsdienstige pers genoem, behalwe met bespotting of veroordeling. Die onverskilliges en goddeloses, aangemoedig deur die standpunt van godsdienstige leraars, het hulself tot beledigende byname gewend en lae en godslasterlike kwinkslae, in hul pogings om sy werk te smaad. Hierdie grysaard wat ‘n gerieflike huis verlaat het om op eie koste van stad tot stad en van dorp tot dorp te reis en, wat onafgebroke gewerk het om die plegtige waarskuwing van die naderende oordeel na die wêreld uit te dra, is snedig as 'n fanatikus, 'n leuenaar en 'n bespiegelende skurk uitgemaak.

Die bespotting, valsheid en beledigings wat hy moes verduur, het verontwaardigde protes, self van die sekulêre pers uitgelok. “Om ‘n onderwerp van sulke oorweldigende majesteit en sulke skrikwekkende gevolge...” met ligsinnigheid en bespotting te begroet, is deur wêreldlinge veroordeel as “...nie slegs gekskeerdery met die gevoelens van die verkondigers en voorstanders daarvan nie...” maar ook “... om 'n grap te maak van die dag van oordeel, om die Godheid self te bespot en die verskrikking van Sy regbank te minag.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 183.

Die aanhitser van alle boosheid wou nie net die effek van die 337
advent-boodskap teëwerk nie, maar ook om die boodskapper self te vernietig. Miller het 'n praktiese toepassing van die waarheid van die Skrif op die harte van sy toehoorders gemaak, hulle sondes bestraf en hulle selfvoldaanheid versteur; en sy duidelike en snydende woorde het hul vyandskap gewek. Die teëstand wat kerklede teenoor sy boodskap geopenbaar het, het die laer klasse aangemoedig om verder te gaan; en vyande het beplan om hom om die lewe te bring sodra hy die plek van byeenkoms sou verlaat. Maar daar was heilige engele onder die

skare en een van hulle, in die gedaante van ‘n man, het hierdie dienskneg van die Here aan sy arm geneem en hom in veiligheid weg van die toornige skare gelei. Sy werk was nog nie voltooi nie en Satan en sy gesante is in hul voorneme gestuit.

Ondanks alle teëstand, het belangstelling in die advent-beweging steeds toegeneem. Die gemeentes het van honderde tot duisende toegeneem. Groot toenames is tot die ledetal van verskillende kerke gemaak, maar na 'n tyd is die gees van opposisie selfs teenoor hierdie bekeerlinge geopenbaar en die kerke het dissiplinêre stappe teen diegene wat Miller se siening aanvaar het, begin neem. Hierdie optrede het ‘n antwoord van sy pen uitgelok en in 'n toespraak aan Christene van alle denominasies het hy aangedring dat indien sy leerstellings vals was, die dwaling aan hom uit die Skrif getoon moet word.

“Wat het ons geglo...” het hy gevra, “...wat ons nie deur die Woord van God beveel is om te glo nie, wat julle self erken het die maatstaf te wees, die enigste maatstaf van ons geloof en praktyk? Wat het ons gedoen wat sulke kwaadwillige veroordelings teen ons vanaf die preekstoel en die pers uitlok en aan julle die regmatige rede gee om ons [Adventiste] uit julle kerke en gemeenskap uit te sluit? ... As ons verkeerd is, wys dan vir ons waar ons verkeerd is. Toon ons uit die Woord van God dat ons dwaal; ons het genoeg bespotting verduur; dit kan ons nooit oortuig dat ons verkeerd is nie; die Woord van God alleen kan ons sienings verander. Ons het doelbewus en biddend tot ons gevolgtrekkings gekom, soos ons die getuienis in die Skrif gesien het.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 250, 252.

Die waarskuwings wat God van eeu tot eeu deur Sy 338
diensknegte aan die wêreld gestuur het, is altyd met dieselfde bedenkinge en ongeloof begroet. Toe die ongeregtigheid van die mense voor die sondvloed Hom beweeg het om ‘n vloed oor die aarde te bring, het Hy eers Sy doel aan hulle bekendgemaak, sodat hulle die geleentheid sou hê om hulle van hul bose weë te bekeer. Honderd-en-twintig jaar lank is die waarskuwing om

tot inkeer te kom aan hulle gegee, sodat die toorn van God nie in hulle vernietiging geopenbaar sou word nie. Maar die boodskap was vir hulle soos 'n ydele sprokie en hulle het dit nie geglo nie. Vermetel in hulle boosheid, het hulle die boodskapper van God bespot, sy smekinge ligtelik opgeneem en hom selfs van vermetelheid beskuldig. Hoe durf een man teen al die groot manne van die aarde opstaan? As Noag se boodskap waar was, waarom het die hele wêreld dit nie gesien en geglo nie? Een man se bewerings teen die wysheid van duisende! Hulle het die waarskuwing nie geglo nie en het ook nie skuiling in die ark gaan soek nie.

Spotters het op die dinge van die natuur gewys — na die onveranderlike opeenvolging van die seisoene, na die blou lug wat nog nooit reën uitgegiet het nie, na die groen velde wat snags deur dou bevogtig is — en hulle het uitgeroep: “Spreek hy nie deur gelykenisse nie?” Met minagting het hulle die prediker van geregtigheid as ‘n wilde entoesias bestempel en hulle het voortgegaan, meer en meer ywerig in hul strewe na plesier en meer ingestel op hul bose weë as voorheen. Maar hulle ongeloof het nie die voorspelde gebeurtenis verhoed nie. God het hulle goddeloosheid lank verdra en genoeg geleentheid aan hulle gegun om tot bekering te kom; maar op die vasgestelde tyd is Sy oordele oor die verwerpers van Sy genade besoek.

Christus het verklaar dat soortgelyke ongeloof aangaande Sy 339
wederkoms sou bestaan. Soos die mense van Noag se tyd “...nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie...” net so, in die woorde van die Verlosser, “...sal ook wees die koms van die Seun van die mens.” (Mat 24:39). Wanneer die beweerde volk van God hulle met die wêreld verenig, leef hulle soos die wêreld leef en sal saam met hulle in verbode plesier deel; wanneer die weelde van die wêreld die weelde van die kerk word; wanneer die huweliksklokke lui en almal na baie jare van wêreldse welvaart uitsien — dan skielik,

soos 'n weerligstraal uit die hemel, sal die einde van hulle heerlike verwagtings en bedrieglike hoop kom.

Soos God sy dienskneg gestuur het om die wêreld oor die komende Vloed te waarsku, het Hy Sy gekose boodskappers gestuur om die nabyheid van die finale oordeel bekend te maak. En net soos Noag se tydgenote die voorspellings van die prediker van geregtigheid belaglik gemaak het, so het baie, selfs van die beweerde volk van God, in Miller se tyd met die woorde van waarskuwing die spot gedryf.

En waarom was die leer en prediking van Christus se wederkoms so onwelkom in die kerke? Terwyl die wederkoms van die Here wee en verwoesting vir die goddelose bring, is dit belaai met vreugde en hoop vir die regverdiges. Hierdie groot waarheid was die troos van God se getroues deur alle eeue. Waarom het dit dan, soos die Outeur daarvan "...'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling..." vir Sy beweerde volk geword? Dit was die Here self wat Sy dissipels belowe het: "As Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem." (Joh 14:3). Dit was die deernisvolle Verlosser wat, gedagtig aan die eensaamheid en droefheid van Sy volgelinge, aan die engele opdrag gegee het om hulle met die versekering dat Hy persoonlik weer sou kom net soos Hy na die hemel opgevaar het, te vertroos. Terwyl die dissipels stip na die hemel gestaan en kyk het om 'n laaste blik van Hom wat hulle liefgehad het te kry, is hulle aandag deur die volgende woorde in beslag geneem: "Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." (Hand 1:11). Die engel se boodskap het nuwe hoop in hulle harte laat ontvlam. Die dissipels het "...na Jerusalem teruggegaan met groot blydskap. En hulle was gedurig in die tempel en het God geprys en gedank." (Luk 24:52,53). Hulle was nie verheug omdat Jesus van hulle geskei is en hulle oorgelaat het om met die beproewinge en versoekings van die wêreld te

worstel nie, maar omdat die engel hulle verseker het dat Hy weer sou kom.

Die verkondiging van Christus se koms behoort nou, soos 340
deur engele aan die herders van Betlehem verkondig is, 'n goeie tyding van groot blydskap te wees. Diegene wat die Heiland regtig liefhet, kan nie anders as om die aankondiging, gegrond op die Woord van God, met blydskap te ontvang dat Hy in Wie hulle hoop op die ewige lewe gevestig is, weer sal kom, nie om beledig, verag en verwerp te word soos tydens Sy eerste koms nie, maar in krag en heerlikheid om Sy volk te verlos. Diegene wat die Heiland nie liefhet nie, wil hê Hy moet wegbly en daar kan nie geen sterker afdoende bewys wees dat die kerke van God afgewyk het, as die irritasie en vyandigheid wat deur sy Hemels-gestuurde boodskapper ontketen is nie.

Diegene wat die advent-leerstelling aanvaar het, is tot die noodsaaklikheid van bekering en ootmoed voor God opgewek. Baie het vir lank tussen Christus en die wêreld gehuiwer; en nou het hulle gevoel dat die tyd aangebreek het om standpunt in te neem. “Die dinge van die ewigheid het vir hulle 'n buitengewone werklikheid geword. Die hemel het naby gekom en hulle het hulself skuldig voor God bevind.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 146. Christene is tot ‘n nuwe geestelike lewe opgewek. Hulle is gedring om te besef dat die tyd min was en dit wat hulle vir hul medemens moes doen, vinnig moes geskied. Die wêreld het verdwyn en die ewigheid het geblyk voor hulle oop te gaan en die belange van die siel, met alles wat op die ewige welvaart of wee betrekking het, het die tydelike dinge oorskadu. Die Gees van God het op hulle gerus en krag is aan hulle ernstige oproepe op hul broeders sowel as op sondaars om vir die dag van God voor te berei, gegee. Die stille getuienis van hulle daaglikse lewe was ‘n voortdurende teregwysing vir die formele en ongewyde lidmate. Hierdie mense wou nie in hul strewe na plesier, hul toewyding aan winsbejag en hul strewe na ambisie en wêreldse eerbetoon verhinder word nie. Vandaar dat die vyandigheid en

teenstand teen die advent-geloof en diegene wat dit verkondig opgewek is.

Aangesien daar bevind is dat die argumente wat op die profetiese tydperke gegrond onweerlegbaar was, het die teenstanders gepoog om die ondersoek na die onderwerp te ontmoedig deur te leer dat die profesieë verseël is. So het Protestante in die voetspore van die Katolieke gevolg. Terwyl die pouslike kerk die Bybel van die mense weerhou het *[sien bylaag],* het die Protestantse kerke beweer dat 'n belangrike deel van die Heilige Woord, wat die waarhede wat spesifiek op ons tyd van toepassing is, nie verstaan kon word nie.

Predikante sowel as die volk het verklaar dat die profesieë 341
van Daniël en Openbaring onbegryplike verborgenhede was. Maar Christus het die aandag van Sy dissipels op die woorde van die profeet Daniël aangaande gebeure wat in hulle tyd sou plaasvind gevestig en gesê: "Laat hy wat lees, oplet." (Mat 24:15). En die bewering dat Openbaring 'n verborgenheid is wat nie verstaan kan word nie, is deur die titel van die boek self weerspreek: "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur ... Salig is hy wat die woorde van die profesie lees en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby." (Openb 1:1-3).

Die profeet het gesê: "Salig is hy wat lees..." Daar is diegene wat nie wil lees nie; die seën is nie vir hulle nie. "...en die wat dit hoor..." Daar is ook sommige wat weier om enigiets aangaande die profesieë te hoor; die seën is ook nie vir hulle nie. "...en bewaar wat daarin geskrywe is." Baie weier om ag te slaan op die waarskuwings en bevele in die boek van Openbaring; nie een van hulle kan aanspraak op die beloofde seën maak nie. Almal wat met die onderwerpe aangaande die profesieë en die simbole wat plegtig daarin gegee word spot en almal wat weier om hulle lewens te hervorm en hulle op die

koms van die Seun van die mens voor te berei, sal nie die seën ontvang nie.

Hoe durf mense, in die lig van die getuienis van Inspirasie, leer dat die Openbaring ‘n verborgenheid buite die bereik van menslike begrip is? Dit is ‘n verborgenheid wat geopenbaar is, ’n boek wat oopgemaak is. Die studie van Openbaring lei die gedagtes na die profesieë van Daniël en albei bied die belangrikste opdrag, wat God aangaande die gebeure wat aan die einde van hierdie wêreld se geskiedenis moet plaasvind aan die mens gegee het,

Aan Johannes is tonele van diep en opwindende 342
belangstelling in die ervaring van die kerk geopenbaar. Hy het die posisie, gevare, konflik en finale bevryding van die volk van God gesien. Hy beskryf die slot boodskappe wat die oes van die aarde moet laat ryp word, óf as gerwe vir die hemelse skuur, óf as bondels vir die vuur van vernietiging. Onderwerpe van groot belang is aan hom geopenbaar, veral vir die laaste kerk, sodat diegene wat van dwaling tot waarheid moet draai, opdrag kan ontvang aangaande die gevare en konflikte voor hulle. Niemand hoef in die duister te verkeer met betrekking tot wat oor die aarde gaan kom nie.

Waarom dan hierdie groot onkunde rakende ‘n belangrike deel van die Heilige Skrif? Waarom hierdie algemene onwilligheid om die leringe daarvan te ondersoek? Dit is die gevolg van deurdagte pogings van die vors van duisternis om die dinge wat sy misleiding openbaar, vir die mense te verberg. Om hierdie rede het Christus, die Openbaarder, wat die oorlogvoering wat teen die studie van Openbaring gevoer sou word voorsien het, 'n seën uitgespreek oor almal wat die woorde van die profesie sou lees, hoor en onderhou.

## Hoofstuk 19 343

# Lig in die Duisternis

Deur die eeue heen het die werk van God op aarde ‘n opvallende ooreenkoms in alle groot hervormings of godsdienstige bewegings getoon. Die beginsels van God se omgang met die mens is altyd dieselfde. Die belangrike bewegings van die hede kom ooreen met dié van die verlede en daar is baie waarde in die ervaring van die kerk in die vorige eeue vir ons eie tyd.

Geen waarheid word duideliker in die Bybel geleer as dat God, deur Sy Heilige Gees, Sy diensknegte op aarde, vernaamlik in die groot bewegings om die werk van verlossing voort te dra, rig nie. Mense is instrumente in die hand van God wat deur Hom aangewend word om Sy voornemens van genade en barmhartigheid te vervul. Elkeen het sy rol om te speel; aan elkeen word ‘n mate van lig verleen, aangepas volgens die behoeftes van sy tyd, voldoende om hom in staat te stel om die werk wat God aan hom gegee het te verrig. Maar niemand, hoe hy ook deur die hemel vereer was, het ooit 'n volle begrip van die verlossingsplan bereik nie, of selfs 'n volkome waardering van die Goddelike doel met die werk vir sy eie tyd, gehad nie. Mense verstaan nie ten volle wat God deur die werk wat Hy aan hulle gee om te doen, wil verrig nie; hulle begryp nie die volle implikasie van die boodskap wat hulle in Sy Naam uitdra nie.

“Kan jy die dieptes van God peil? Of sal jy kan deurdring tot 344
by die volmaaktheid van die Almagtige? ... Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes ... Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig, die einde en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie.” (Job 11:7; Jes 55:8,9;46:9,10).

Selfs die profete wat met spesiale verligting van die Gees begunstig was, het nie die belangrikheid van die openbarings wat aan hulle gegee is, ten volle begryp nie. Die betekenis sou van eeu tot eeu ontvou word, namate die volk van God behoefte aan die onderrig wat daarin vervat is sou hê.

Petrus, wat oor die verlossing wat deur die evangelie aan die lig gebring is geskryf het, het gesê dat die profete wat oor die genade geprofeteer het, "...ondersoek en nagevors en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het." (1 Pet 1:10-12).

Alhoewel dit nie aan profete gegee is om die dinge wat aan hulle geopenbaar is ten volle te begryp nie, het hulle ernstig gepoog om al die lig wat dit God behaag het om te openbaar te bekom. Hulle het "...ondersoek en nagevors, terwyl hulle nagespeur het op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het." Wat 'n les vir die volk van God in die Christelike bedeling, tot wie se voordeel hierdie profesieë aan sy dienaars gegee is! "Aan wie geopenbaar is dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het." Aanskou hierdie heilige manne van God waar hulle aangaande die openbarings wat aan hulle gegee is vir geslagte wat nog nie gebore was nie "...ondersoek en nagevors..." het. Kontrasteer hulle heilige ywer met die lustelose onverskilligheid waarmee die begunstigdes van latere eeue hierdie gawe uit die hemel bejeën het. Wat 'n teregwysing aan die gemaksugtige, wêreld-liefhebbende onverskilligheid wat tevrede is met die verklaring dat die profesieë nie verstaan kan word nie!

Dit is omdat die verganklike menslike verstand nie by magte 345
is om insae in die raadsbesluite van die Oneindige te hê, of om die uitwerking van Sy doel ten volle te begryp nie en as gevolg van dwalinge of nalatigheid, dat hulle so 'n vae begrip van die

boodskappe uit die hemel het. Dikwels word die verstand van die mens en selfs van die dienaars van God, so deur menslike opinies, tradisies en dwaalleringe benewel, dat hulle net gedeeltelik die groot dinge wat Hy in Sy Woord geopenbaar het, kan begryp. So was dit ook met die dissipels van Christus, al was die Verlosser persoonlik by hulle teenwoordig. Hulle was behep met die algemene opvatting dat die Messias 'n tydelike vors was, wat Israel tot die troon van 'n wêreldryk sou verhef en hulle kon nie die betekenis van Sy woorde wat sy lyding en dood voorspel het, verstaan nie.

Christus self het hulle met die boodskap uitgestuur: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie." Hierdie boodskap is op Daniël 9 gegrond. Die nege-en-sestig weke, is deur die engel verklaar dat dit "...tot 'n gesalfde, 'n vors..." sou strek en met groot hoop en vreugdevolle afwagting het die dissipels uitgesien na die vestiging van die Messias se koninkryk in Jerusalem om oor die hele aarde te heers.

Hulle het die boodskap wat Christus aan hulle toevertrou het verkondig, alhoewel hulle die betekenis daarvan verkeerd verstaan het. Terwyl hulle boodskap op Daniël 9:25 gegrond was, het hulle nie in die volgende vers van dieselfde hoofstuk gesien dat die Messias 'afgesny' sou word nie. Reeds van hul geboorte af was hulle harte op die verwagte glorie van 'n aardse ryk gerig en dit het hulle begrip vir die spesifikasies van die profesie en die woorde van Christus afgestomp.

Hulle het hulle plig nagekom om die uitnodiging van 346
barmhartigheid aan die Joodse nasie voor te hou en op die oomblik toe hulle verwag het om hul Heer te sien die troon van Dawid te bestyg, het hulle gesien hoe Hy soos 'n misdadiger gevang, gegesel, bespot en veroordeel is en aan die kruis van Golgota opgelig is. Watter wanhoop en angs het die harte van die dissipels gedurende daardie dae, toe hulle Heiland in die graf geslaap het, gewring!

Christus het op die presiese tyd en wyse wat deur die profesieë voorspel is gekom. Die getuienis van die Skrif is in elke besonderheid van Sy bediening vervul. Hy het die boodskap van verlossing verkondig en "...Sy woorde was met krag." Die harte van Sy toehoorders was oortuig dat dit uit die hemel afkomstig was. Die Woord en die Gees van God het van die Goddelike opdrag van Sy Seun getuig.

Die dissipels het steeds met onsterflike liefde hul Meester aangehang. En tog was hul harte vol van onsekerheid en twyfel. Het hulle dan nie in hulle angs die woorde van Christus wat Sy lyding en dood voorspel het, onthou nie? As Jesus van Nasaret die ware Messias was, sou hulle dan in droefheid en teleurstelling gedompel gewees het? Dit was die vraag wat hul siele gemartel het terwyl die Verlosser gedurende die hopelose ure van daardie Sabbat, wat tussen Sy dood en Sy opstanding geval het, in Sy graf gelê het.

Alhoewel die donker nag van droefheid oor daardie volgelinge van Jesus toegesak het, was hulle tog nie verlate nie. Die profeet het gesê: "Al sit ek in duisternis, die Here is 'n lig vir my ... Hy sal my uitlei in die lig; ek sal met welgevalle sien hoe Hy geregtigheid oefen ... Dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie en die nag gee lig soos die dag, die duisternis is soos die lig." God het gesê: "Vir die opregtes gaan Hy op as 'n lig in die duisternis ... Ek sal blindes lei op 'n weg wat hulle nie ken nie, hulle laat loop op paaie wat vir hulle onbekend is; Ek sal die duisternis lig maak voor hulle uit en die hobbelagtige plekke gelyktes. Dit is die dinge wat Ek doen en nie nalaat nie." (Miga 7:8,9; Ps 139:12;112:4; Jes 42:16).

Die aankondiging wat deur die dissipels in die Naam van die 347
Here gemaak is, was in alle opsigte korrek en die gebeure waarop dit gewys het, het toe reeds plaasgevind. Hulle boodskap was: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom." Aan die einde van die nege-en-sestig weke van Daniël, wat tot by die Messias, "die Gesalfde" sou strek, het

Christus, nadat Hy deur Johannes in die Jordaan gedoop is, die salwing van die Gees ontvang. En "...die koninkryk van God..." wat hulle verkondig het op hande was, is deur die dood van Christus gevestig. Hierdie koninkryk was nie, soos hulle geleer was om te glo, 'n aardse ryk nie. Dit was ook nie die toekomstige, ewige koninkryk wat opgerig sal word wanneer "...die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee [sal word] aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste..." nie; daardie ewige koninkryk waarin al die heerskappye Hom sal vereer en sal gehoorsaam. (Dan 7:27). Soos in die Bybel, word die uitdrukking "koninkryk van God" gebruik om die koninkryk van genade en die koninkryk van heerlikheid aan te dui. Die koninkryk van genade word deur Paulus in sy sendbrief aan die Hebreërs ter sprake gebring. Nadat hy op Christus gewys het, die medelydende Middelaar wat met ons swakhede medelye kan hê, sê die apostel: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind." (Heb 4:15,16). Die troon van genade verteenwoordig 'n koninkryk van genade; want die bestaan van 'n troon impliseer die bestaan van 'n koninkryk. In baie van Sy gelykenisse gebruik Christus die uitdrukking "die koninkryk van die hemele" om die werk van Goddelike genade in die harte van mense aan te dui.

So stel die troon van heerlikheid die koninkryk van heerlikheid voor en na hierdie koninkryk word verwys in die woorde van die Heiland: "Wanneer die Seun van die mens in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies bymekaargebring word." (Matt 25:31,32). Hierdie koninkryk is nog in die toekoms. Dit sal eers na die tweede koms van Christus opgerig word.

Die koninkryk van genade is onmiddellik na die val van die 348
mens ingestel, toe 'n plan bedink is vir die verlossing van die skuldige ras. Dit was reeds die doel en belofte van God; en deur

geloof kon die mens onderdane daarvan word. Tog is dit eintlik nie gevestig tot met die dood van Christus nie. Selfs nadat Hy met Sy aardse bediening begin het, kon die Heiland, ontmoedig deur die hardkoppigheid en ondankbaarheid van die mense, Hom nog van die groot offer op Golgota onttrek het. In Getsémané het die beker van wee in Sy hand gebewe. Hy kon selfs die bloedsweet van sy aangesig afgevee en die skuldige mensdom in hul ongeregtigheid laat sterf het. As Hy dit gedoen het, sou daar geen verlossing vir die gevalle mens gewees het nie. Maar toe die Heiland Sy lewe opgeoffer en met Sy laaste asem uitgeroep het: "Dit is volbring", is die vervulling van die verlossingsplan verseker. Die belofte van verlossing aan die sondige paar in Eden, is bekragtig. Die koninkryk van genade wat voorheen deur die belofte van God bestaan het, is toe gevestig.

Die dood van Christus — daardie gebeurtenis wat die dissipels as die finale vernietiging van hul hoop beskou het — was die gebeurtenis wat dit vir altyd vasgestel het. Hoewel dit vir hulle 'n wrede teleurstelling teweeggebring het, was dit die hoogtepunt van die bewys dat hulle oortuiging korrek was. Die gebeurtenis wat hulle met rou en wanhoop gevul het, was die deur van hoop vir elke kind van Adam en waarin die toekomstige lewe en die ewige geluk van al die getroue kinders van God in alle eeue, gesentreer is.

Selfs in die dissipels se teleurstelling, het doelwitte van 349
oneindige barmhartigheid tot vervulling gekom. Terwyl hulle harte deur die Goddelike genade en krag van Sy leer gewen is, waarvan gesê is: "Nooit het 'n mens só gespreek soos hierdie man..." nie, was die suiwer goud van hulle liefde vir Jesus tog met die skuim van wêreldse trots en selfsugtige ambisies vermeng. Selfs in die lokaal van die Pasga-ete, op daardie plegtige uur toe hul Meester reeds die skaduwee van Getsémané betree het, was daar "...twis onder hulle oor wie van hulle die grootste geag moet wees." (Luk 22:24). Hulle visie was met die troon gevul, die kroon en die heerlikheid, terwyl

die skande en sieleangs van die tuin, die geregsaal en die kruis van Golgota, reg voor hulle was. Dit was hulle hoogmoed van hart en hul dors na wêreldse glorie wat hulle daartoe gelei het om so hardnekkig aan die valse leer van hulle tyd vas te hou en om ongehoorsaam aan die woorde van die Heiland te wees deur die ware aard van Sy koninkryk, wat na Sy pyn en dood vooruitgewys het, te verontagsaam. En hierdie dwalings het bittere maar noodsaaklike beproewing, wat vir hulle teregwysing toegelaat is, tot gevolg gehad. Hoewel die dissipels die betekenis van hulle boodskap verkeerd verstaan het en dit nie aan hulle verwagtings voldoen het nie, het hulle tog die waarskuwing wat God aan hulle gegee het verkondig en die Here sou hulle geloof beloon en hul gehoorsaamheid eer. Die heerlike evangelie van hul opgestane Here sou aan hulle toevertrou word om aan alle nasie te verkondig. Dit was om hulle vir hierdie taak voor te berei dat daardie ervaring wat vir hulle so bitter voorgekom het, toegelaat was.

Ná sy opstanding, het Jesus aan Sy dissipels op weg na Emmaus verskyn en “Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” (Luk 24:27). Hulle harte was ontroerd. Hulle geloof het opgevlam. Hulle is weer opgewek tot 'n lewendige hoop, nog voordat Jesus Homself aan hulle geopenbaar het. Dit was Sy doel om hulle begrip te verlig en om hul geloof aan die seker woord van profesie vas te maak. Hy wou hê dat die waarheid in hulle gedagtes moet wortelskiet, nie slegs omdat dit deur Sy persoonlike getuienis bevestig is nie, maar ook vanweë die onweerlegbare bewyse wat deur die simbole en skaduwees van die tipiese wet en deur die profesieë van die Ou Testament aangebied word. Dit was nodig vir die volgelinge van Christus om 'n intelligente geloof te hê, nie net ten behoewe van hulself nie, maar dat hulle die kennis van Christus na die wêreld sou kon uitdra. En as die eerste stap om hierdie kennis oor te dra, het Jesus die dissipels na Moses en al die profete verwys. Dit was die getuienis wat die opgestane Verlosser

aangaande die waarde en belangrikheid van die Ou-Testamentiese geskrifte gelewer het.

Wat 'n verandering het daar in die harte van die dissipels 350
plaasgevind toe hulle weereens in die aangesig van hulle geliefde Meester gekyk het! (Luk 24:32). In ‘n meer volledige en volmaakte sin as ooit tevore het hulle “...Hom gevind van wie Moses in die wet en al die profete geskryf het.” Die onsekerheid, die angs en die wanhoop het plek gemaak vir volkome versekering van hul onbenewelde geloof. Geen wonder dat hulle ná Sy Hemelvaart “...gedurig in die tempel was en God geprys en gedank het...” nie. Die volk, wat net bewus was van die Heiland se onheilspellende dood, het verwag om op hul gesigte ’n uitdrukking van droefheid, verwarring en wanhoop te sien; maar in plaas daarvan het hulle blydskap en oorwinning gesien. Wat ‘n voorbereiding het hierdie dissipels vir die werk voor hulle ondergaan! Hulle het die diepste beproewing wat vir hulle moontlik was om te beleef deurgemaak en het gesien hoe die Woord van God, selfs wanneer alle menslike hoop verdwyn het, seëvierend in vervulling gegaan het. Wat kon hulle geloof voortaan laat wankel of die ywer van hul liefde verkoel? In hul grootste droefheid het hulle kragtige vertroosting gehad, ‘n hoop wat vir hulle “...‘n anker van die siel wat veilig en vas is...” was. (Heb 6:18,19). Hulle was getuie van die wysheid en krag van God en hulle was oortuig dat “...geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel...” hulle kon skei “...van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie.” “In al hierdie dinge...” het hulle gesê, “...is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.” (Rom 8:38,39,37). “Die woord van die Here bly tot in ewigheid” (1 Pet 1:25). “Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.” (Rom 8:34).

Die Here het gesê: "My volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie." (Joel 2:26). "Saans vernag die geween, maar smôrens is daar gejuig." (Ps 30:6). Toe die dissipels op die opstandingsdag die Heiland ontmoet het en hulle harte binnein hulle brandend was terwyl hulle na Sy woorde geluister het; toe hulle Sy hande en voete aanskou het wat vir hulle verwond was; en toe Hy hulle voor Sy Hemelvaart na Betanië gelei het, het Hy Sy hande in seën opgehef en hulle gebied: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie..." en bygevoeg "...kyk, Ek is met julle al die dae..." (Mark 16:15; Matt 28:20); toe die beloofde Trooster op Pinksterdag neergedaal het en die krag van omhoog geskenk is en die siele van die gelowiges in die bewuste teenwoordigheid van hulle Heiland wat opgevaar het gejuig het, sou hulle toe, al het hulle weg net soos Syne, tot opoffering en 'n marteldood gelei, die bediening van die evangelie van Sy genade, met die kroon van geregtigheid wat hulle by Sy wederkoms sou ontvang, verruil vir die heerlikheid van 'n aardse troon waarop hulle aan die begin van hulle dissipelskap staatgemaak het? Hy wat "...mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink..." het aan hulle, met die gemeenskap van Sy lyding, ook die gemeenskap van Sy vreugde gegee — die vreugde om baie kinders na die heerlikheid te bring, onuitspreeklike vreugde, 'n "...allesoortreffende ewige gewig van heerlikheid..." waarvan Paulus sê dat ons "...ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is..." nie daarteen opweeg nie. 351

Die ervaring van die dissipels wat die evangelie van die koninkryk tydens die eerste koms van Christus verkondig het, het Sy ewebeeld in die ervaring van diegene wat die boodskap van Sy tweede koms verkondig het. Soos die dissipels uitgegaan en gepreek het: "Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom..." het Miller en sy medewerkers verkondig dat die langste en laaste profetiese tydperk wat in die Bybel gesien is, byna verstreke was, dat die uur van oordeel aangebreek het en dat die ewige koninkryk ingelei moes word. Die prediking van die dissipels met betrekking tot tyd, was gebaseer op die

sewentig weke van Daniël 9. Die boodskap wat Miller en sy medewerkers verkondig het, het die beëindiging van die 2 300 dae van Daniël 8:14 aangekondig, waarvan die sewentig weke deel uitmaak. Die prediking van elkeen was op die vervulling van 'n ander deel van dieselfde groot profetiese tydperk gegrond.

Soos die eerste dissipels, het William Miller en sy 352
medewerkers nie self die belangrikheid van die boodskap wat hulle verkondig het, begryp nie. Dwalings wat al lank in die kerk gesetel was, het hulle verhinder om tot die korrekte vertolking van 'n belangrike punt in die profesie te kom. Daarom alhoewel, hulle die boodskap wat God aan hulle toevertrou het om aan die wêreld oor te dra verkondig het, het hulle as gevolg van 'n wanbegrip van die betekenis daarvan, teleurstelling ervaar.

In die verklaring van Daniël 8:14, naamlik "...tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word..." het Miller, soos genoem, die algemene opvatting aanvaar dat die aarde die heiligdom is en hy het geglo dat die reiniging van die heiligdom, die reiniging van die aarde deur vuur, met die koms van die Here verteenwoordig. Toe hy dus ontdek dat die einde van die 2 300 dae beslis voorspel is, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat dit die tyd van die tweede koms openbaar. Sy fout was die gevolg van die aanvaarding van die algemene siening van wat die heiligdom uitmaak.

In die tipiese stelsel, wat 'n skaduwee van die offer en priesterskap van Christus was, was die reiniging van die heiligdom die laaste diens wat die hoëpriester in die jaarlikse verloop van bediening verrig het. Dit was die afsluitingswerk van die versoendag — die verwydering of uitwissing van die sondes van Sy volk wat in die hemelse verslae opgeteken is. Hierdie diens het 'n werk van ondersoek behels, 'n werk van oordeel; en dit gaan onmiddellik voor die koms van Christus op die wolke van die hemel, met krag en groot heerlikheid

plaasvind; want wanneer Hy kom, sal elke saak reeds beslis wees. Jesus het gesê: "My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." (Openb 22:12). Dit is hierdie werk van oordeel, onmiddellik voor die tweede koms, wat in die eerste engel se boodskap van Openbaring 14:7 aangekondig word: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Diegene wat hierdie waarskuwing verkondig het, het die 353
regte boodskap op die regte tyd verkondig. Maar soos die vroeë dissipels verklaar het "...die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom..." en hulle nie besef het dat die dood van die Messias in daardie selfde skriftuur voorspel is nie, so het Miller en sy medewerkers die boodskap op grond van Daniël 8:14 en Openbaring 14:7 verkondig en kon nie sien dat daar nog ander boodskappe in Openbaring 14, wat ook voor die koms van die Here gegee moes word, ter sprake gebring is nie. Net soos die dissipels 'n fout begaan het met betrekking tot die koninkryk wat aan die einde van die sewentig weke opgerig sou word, het die Adventiste hulle ook misgis met betrekking tot die gebeurtenis wat aan die einde van die 2 300 dae sou plaasvind. In albei gevalle was daar 'n aanvaarding van, of eerder 'n nakoming van heersende foute wat die verstand vir die waarheid verblind het. Albei klasse het die wil van God vervul deur die boodskap wat Hy wou gee oor te dra het en albei het deur hul eie wanbegrip van die boodskap, teleurstelling ervaar.

Tog het God Sy eie weldadige doel bereik deur toe te laat dat die waarskuwing van die oordeel presies soos dit gegee is, verkondig word. Die groot dag was op hande en in Sy voorsienigheid is die mense deur 'n bepaalde tyd op die proef gestel, ten einde aan hulle te openbaar wat in hulle harte was. Die boodskap was bedoel om die kerk te toets en te reinig. Hulle moes gelei word om te sien of hulle geneenthede op hierdie wêreld of op Christus en die hemel gerig was. Hulle het beweer dat hulle die Verlosser liefhet; nou moes hulle hul liefde bewys. Was hulle bereid om van hulle wêreldse hoop en ambisies

afstand te doen en met vreugde die koms van hul Here te verwelkom? Die boodskap was bedoel om hulle in staat te stel om hul ware geestelike toestand te onderskei; dit is genadiglik gestuur om hulle op te wek om die Here met ootmoed en nederigheid te soek.

Ook die teleurstelling, hoewel dit die gevolg van hul eie 354
wanbegrip van die boodskap wat hulle verkondig het was, moes ten goede oorheers word. Dit sou die harte van diegene wat beweer het dat hulle die waarskuwing aanvaar het, toets. In die aangesig van hul teleurstelling, sou hulle oorhaastig hul ervaring prysgee en hul vertroue in God se woord versaak; of sou hulle in gebed en nederigheid poog om te onderskei waar hulle gefaal het om die betekenis van die profesie te begryp? Hoeveel was deur vrees of deur impuls en opgewondenheid gedrewe? Hoeveel was halfhartig en ongelowig? Menigtes het beweer dat hulle die verskyning van die Here liefhet. As hulle geroep sou word om die spot en smaad van die wêreld en die toets van vertraging en teleurstelling te verduur, sou hulle hul geloof verloën? Omdat hulle nie onmiddellik die optrede van God teenoor hulle verstaan het nie, sou hulle die waarhede wat deur die duidelikste getuienis van Sy woord ondersteun word, verwerp?

Hierdie toets sou die krag van diegene wat in ware geloof gehoorsaam was aan wat hulle geglo het die lering van die Woord en die Gees van God was, openbaar. Dit sou hulle van die gevaar, soos slegs 'n ervaring soos hierdie kon doen om die teorieë en interpretasies van mense te aanvaar, in plaas daarvan om die Bybel sy eie tolk te maak, leer. Vir die kinders van die geloof, sou die verwarring en hartseer as gevolg van hul dwaling die nodige regstelling teweegbring. Hulle sou leer om die grondslag van hul geloof noukeuriger te ondersoek en alles wat nie op die Skrif van die waarheid berus nie, te verwerp, hoe algemeen dit ook al deur die Christelike wêreld aanvaar word.

Net soos vir die eerste dissipels, sou dit wat vir hierdie gelowiges in die uur van beproewing duister gelyk het, duidelik word. Wanneer hulle die “...einde van die Here...” sou sien, sou hulle weet dat, ongeag die beproewing as gevolg van hul dwalinge, Sy liefdevolle doel vir hulle, geleidelik in vervulling gegaan het. Hulle sou, deur 'n geseënde ervaring leer dat Hy “...vol medelyde en ontferming is...” en dat Sy weë “...goedertierenheid en trou [is] vir die wat Sy verbond en Sy getuienisse bewaar.”

Hoofstuk 20 355

# 'n Groot Godsdienstige Ontwaking

'n Groot godsdienstige ontwaking deur die verkondiging van Christus se spoedige wederkoms, word in die profesie van die eerste engel se boodskap in Openbaring 14 voorspel. 'n Engel wat "...in die middel van die lug ... vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke..." is gesien wat "...met 'n groot stem..." verkondig: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." (Openb 14:6,7).

Die feit dat daar gesê word dat 'n engel die aankondiger van hierdie waarskuwing is, is belangrik. Deur die reinheid, die heerlikheid en die krag van hierdie hemelse boodskapper, het dit Goddelike Wysheid behaag om die verhewe karakter van die werk wat deur die boodskap vervul moes word en die krag en heerlikheid wat daarmee gepaard gaan, te verteenwoordig. En die vlug van die engel "...in die middel van die lug..." en "...die groot stem..." waarmee die waarskuwing uitgespreek word en die bekendmaking daarvan aan almal wat op die aarde woon "...aan alle nasies, stamme en tale en volke..." is bewys van die spoed en wêreldwye omvang van die beweging.

Die boodskap self, werp lig op die tyd wanneer hierdie 356
beweging gaan plaasvind. Dit word verklaar as deel van die "ewige evangelie" en dit kondig die aanvang van die oordeel aan. Die boodskap van verlossing is in alle eeue verkondig; maar hierdie boodskap is 'n deel van die evangelie wat eers in die laaste dae verkondig kon word, want eers dan sou dit waar wees dat die uur van die oordeel aangebreek het. Die profesieë toon 'n opeenvolging van gebeure wat lei tot die begin van die oordeel. Dit geld veral in die boek Daniël. Maar Daniël is gebied om die deel van sy profesie wat betrekking op die laaste dae

het, te verseël "...tot die tyd van die einde." Eers nadat hierdie tyd bereik is, kon 'n boodskap oor die oordeel, gegrond op die vervulling van hierdie profesieë, verkondig word. Maar in die tyd van die einde, sê die profeet, sal "...baie ... dit deursoek en die kennis sal vermeerder." (Dan 12:4).

Die apostel Paulus het die kerk gewaarsku om nie in sy tyd uit te kyk vir die wederkoms van Christus nie. "Eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word..." voordat daardie dag kan kom (2 Thes 2:3). Eers ná die groot afvalligheid en die lang tydperk van die heerskappy van die mens van sonde, kan ons die wederkoms van ons Here verwag. Die "...mens van sonde..." wat ook "...die verborgenheid van ongeregtigheid..." die "...seun van die verderf..." en "...die ongeregtige..." genoem word, verteenwoordig die pousdom wat, soos in die profesie voorspel is, vir 1 260 jaar heerskappy sou voer. Hierdie tydperk het in 1798 geëindig. Die wederkoms van Christus kon nie voor daardie tyd plaasvind nie. Paulus het met sy omsigtigheid, die hele Christelike bedeling tot met die jaar 1798 gedek. Dit is ná hierdie tyd dat die boodskap van die wederkoms van Christus verkondig sou word.

Geen boodskap soos hierdie is ooit in die afgelope eeue gegee nie. Paulus het, soos ons gesien het, dit nie gepreek nie; hy het sy broeders op die destydse verre toekoms van die wederkoms van die Here gewys. Die hervormers het dit nie verkondig nie. Martin Luther het die oordeel ongeveer driehonderd jaar in die toekoms vanaf sy tyd geplaas. Maar sedert 1798, is die boek van Daniël onverseël, die kennis van die profesieë het toegeneem en baie het die plegtige boodskap van die nabyheid van die oordeel verkondig.

Soos die groot hervorming van die sestiende eeu, het die 357
advent-beweging terselfdertyd in verskillende lande van die Christendom te voorskyn gekom. In beide Europa en Amerika is mense van geloof en gebed gelei om die profesieë te bestudeer en nadat hulle die geïnspireerde verslag nagespeur het, het

hulle oortuigende bewyse gesien van die einde van alle dinge wat op hande was. In verskillende lande was daar afgesonderde liggame van Christene wat net uit ‘n blote studie van die Skrif, tot die oortuiging gekom dat die Heiland se koms naby was.

In 1821, drie jaar nadat Miller deur sy ondersoek van die profesieë, by die uiteensetting van die profesieë wat op die tyd van die oordeel gewys het gekom het, het dr Joseph Wolff, “die sendeling vir die wêreld”, die koms van die Here wat op hande was, begin verkondig. Wolff is in Duitsland gebore, met Joodse ouers en sy vader was ‘n Joodse rabbi. Hy was reeds op jeugdige ouderdom van die waarheid van die Christelike geloof oortuig. Hy het ‘n aktiewe, ondersoekende gees gehad en was 'n ywerige luisteraar na die gesprekke wat in sy vader se huis plaasgevind het wanneer vroom Jode daagliks vergader het om oor die hoop en verwagtinge van hul volk, die heerlikheid van die komende Messias en die herstel van Israel te praat. Op 'n dag toe hy van Jesus van Nasaret hoor, het die seun gevra wie Hy was. “'n Jood met die grootste talent...” was die antwoord; “...maar omdat Hy voorgegee het dat Hy die Messias was, het die Joodse hof Hom tot die dood veroordeel ... Waarom...” het die seun gevra, “...is Jerusalem vernietig en waarom het ons in ballingskap gegaan?” “Helaas, helaas!” het sy vader geantwoord, “...omdat die Jode die profete vermoor het.” Die gedagte het dadelik by die kind opgekom: “Miskien was Jesus ook ’n profeet en het die Jode Hom onskuldig om die lewe gebring.” — *Travels and Adventures of the Rev Joseph Wolff*, vol 1, bl 6. Hierdie gevoel was só sterk in hom dat, hoewel hy verbode was om 'n Christelike kerk te betree, hy dikwels buite sou vertoef om na die prediking te luister.

Toe hy slegs sewe jaar oud was, het hy teenoor 'n bejaarde 358
Christelike buurman gespog met die toekomstige triomf van Israel tydens die koms van die Messias, toe die bejaarde man vriendelik aan hom gesê het: “Liewe seun, ek sal jou vertel wie die ware Messias was: Hy was Jesus van Nasaret ... wat u voorvaders gekruisig het, net soos die profete van ouds. Gaan

huis toe en lees die drie-en-vyftigste hoofstuk van Jesaja en jy sal oortuig wees dat Jesus Christus die Seun van God is." — *Travels and Adventures of the Rev Joseph Wolff*, vol 1, bl 7. Hy was onmiddellik oortuig. Hy het teruggekeer huis toe en het die skrifgedeelte gelees en was verwonderd om te sien hoe volkome dit in Jesus van Nasaret vervul is. Was die woorde van hierdie Christen waar? Die seun het sy vader om 'n verduideliking van hierdie profesie gevra, maar hy is met so 'n streng stilswye beantwoord, dat hy nooit weer gewaag het om na die onderwerp te verwys nie. Dit het egter net sy begeerte verdiep om meer van die Christelike godsdiens te leer ken.

Die kennis waarna hy gesoek het, is sorgvuldig in sy Joodse huis van hom weggehou; maar toe hy net elf jaar oud was, het hy sy ouerhuis verlaat en die wêreld ingegaan om vir homself 'n opleiding te bekom om sy godsdiens en sy lewenstaak te kies. Hy het 'n tyd lank 'n tuiste by familielede gevind, maar is spoedig as afvallig van hulle verdryf en alleen en sonder geld, moes hy sy weg tussen vreemdelinge vind. Hy het van plek tot plek gegaan, ywerig gestudeer en homself onderhou deur Hebreeus te onderrig. Deur die invloed van 'n Katolieke instrukteur, is hy daartoe gelei om die Katolieke geloof aan te neem, met die voorneme om as sendeling vir sy eie nasie te dien. Met hierdie doel voor oë het hy 'n paar jaar later sy studies aan die *College of the Propaganda* in Rome voortgesit. Hier het sy gewone onafhanklike denke en openhartige gesprekke, die toerekening van dwaalleer oor hom gebring. Hy het openlik die misbruike van die kerk aangeval en die noodsaaklikheid van hervorming aangespoor. Alhoewel hy in die begin deur die pouslike hooggeplaastes met spesiale guns bejeën is, is hy na 'n tyd uit Rome verdryf. Onder toesig van die kerk het hy van plek tot plek gegaan, totdat dit vir hom duidelik geword het dat hy hom nooit aan die slawerny van die Roomse kerk sou onderwerp nie. Hy is onverbeterlik verklaar en is vrygelaat om te gaan waar hy wou. Hy het toe na Engeland vertrek, die Protestantse geloof bely en met die Kerk van

Engeland verenig. Na twee jaar se studie, het hy in 1821 op sy sending vertrek.

Hoewel Wolff die groot waarheid van Christus se eerste komს as ‘n “...Man van smarte en bekend met krankheid...” aanvaar het, het hy gesien dat die profesieë Sy tweede koms ewe duidelik met krag en glorie aan die lig bring. En terwyl hy gepoog het om sy eie volk na Jesus van Nasaret as die Beloofde Een te lei en hulle op Sy eerste koms in nederigheid en as Soenoffer vir die sondes van die mense te wys, het hy hulle ook van Sy wederkoms as Koning en Verlosser geleer. 359

“Jesus van Nasaret, die ware Messias...” het hy gesê, “...wie se hande en voete deurboor is, wat soos 'n Lam ter slagting gebring is, wat die Man van smarte was en daarmee vertroud was, wat nadat die septer uit Juda weggeneem is en die wetgewende mag onder sy voete uit, die eerste keer gekom het, sal die tweede keer in die wolke van die hemel en met die basuin van die Aartsengel kom.” — Joseph Wolff, *Researches and missionary Labors*, bl 62. “En Hy sal op die Olyfberg staan; en daardie heerskappy oor die skepping wat een maal aan Adam oorgedra is en deur hom verbeur is ... sal aan Jesus gegee word. Hy sal Koning oor die hele aarde wees. Die gekerm en die klaagliedere van die skepping sal ophou, maar die lofliedere en danksegginge sal gehoor word ... Wanneer Jesus in die heerlikheid van Sy Vader saam met Sy heilige engele kom ... sal die afgestorwe gelowiges eerste opstaan.” (1 Thes 4:16; 1 Kor 15:23.) Dit is wat ons Christene die eerste opstanding noem. Dan sal die diereryk sy natuur verander (Jes 11:6-9) en aan Jesus onderwerp word. (Ps 8). Universele vrede sal heers. Die Here sal weer op die aarde neerkyk en sê: ‘Kyk, dit is baie goed.’” — *Journal of the Rev Joseph Wolff*, bl 378, 379, 294.

Wolff het geglo dat die koms van die Here op hande was en sy vertolking van die profetiese tydperke het die groot voleinding binne ‘n paar jaar van die datum wat Miller uitgewys het, geplaas. Aan diegene wat volgens die Skrif aangevoer het 360

dat: "...van dié dag en dié uur weet niemand nie*...*" en dat mense niks van die nabyheid van daardie gebeurtenis kan weet nie, het Wolff geantwoord: "Het die Here gesê dat daardie dag en uur nooit geken moet word nie? Het Hy ons nie die tekens van die tye gegee sodat ons ten minste die tekens van Sy naderende koms sou ken, net soos wat 'n mens kan weet dat die somer naby is wanneer die vyeboom bot nie? (Mat 24:32). Moet ons daardie tydperk nooit te wete kom nie, terwyl Hy ons nie alleen vermaan om die profesie van Daniël te lees nie, maar om dit ook te verstaan?; en in daardie einste profesie van Daniël, waar gesê word dat die woorde tot die tyd van die einde opgesluit is (wat die geval in sy tyd was) en dat baie dit sal 'deursoek', ('n Hebreeuse uitdrukking vir die waarneming daarvan en na te dink oor die tyd), sal 'die kennis' (aangaande die tyd), 'vermeerder' word. (Dan 12:4.) Daarbenewens is ons Heer nie van plan om hierdeur te sê dat die nadering van die tyd nie bekend sal wees nie, maar van die "...presiese dag en uur weet niemand nie." Genoeg sal aan die tekens van die tye gesien word om ons aan te spoor om op Sy koms voor te berei, soos Noag die ark voorberei het." — Wolff, *Researches and Missionary Labors*, bl 404, 405.

Aangaande die algemene vertolking of verkeerde vertolking van die Skrif het Wolff geskryf: "Die grootste deel van die Christelike kerk het van die duidelike betekenis van die Skrif afgewyk en hulle tot die drogbeeld-stelsel van die Boeddhiste gewend, wat glo dat die toekomstige geluk van die mensdom, daarin bestaan om in die lug rond te sweef en het van die veronderstelling uitgegaan dat wanneer hulle 'Jode' lees, hulle dit as 'heidene' moet verstaan en wanneer hulle 'Jerusalem' lees, hulle dit as 'kerk' moet verstaan; en dat die 'aarde', die 'lug' beteken; en as hulle lees van die 'koms van die Here', hulle die 'vooruitgang van die sendinggenootskappe' moet verstaan; en dat 'opgaan na die berg van die huis van die Here', 'n 'deftige samekoms van Metodiste' beteken." — *Journal of the Rev Joseph Wolff*, bl 96.

Gedurende die vier-en-twintig jaar vanaf 1821 tot 1845, het Wolff baie gereis: Hy het Afrika, Egipte en Abessinië besoek; en Asië, deur Palestina, Sirië, Persië, Bokhara en Indië deurkruis. Hy het ook die Verenigde State besoek en op die reis daarheen het hy op die eiland St Helena gepreek. Hy het in Augustus 1837 in New York aangekom; en nadat hy in daardie stad gepreek het, het hy in Philadelphia en Baltimore gepreek en uiteindelik na Washington gegaan. "Hier..." het hy gesê, "...is daar op 'n mosie van die oud-president, John Quincy Adams, in een van die huise van Kongres, eenparig besluit om die gebruik van die Kongres-saal aan my toe te staan vir 'n lesing wat ek op 'n Saterdag gegee het en wat met die teenwoordigheid van al die lede van die Kongres, die biskop van Virginië en van die geestelikes en burgers van Washington vereer is. Dieselfde eer is aan my bewys deur die lede van die regering van Nieu-Jersey en Pennsilvanië, in wie se teenwoordigheid ek lesings oor my navorsingswerk in Asië gelewer het, asook oor die persoonlike heerskappy van Jesus Christus." — *Journal of the Rev Joseph Wolff*, bl 398, 399. 361

Dr Wolff het in die mees barbaarse lande gereis sonder die beskerming van enige Europese owerheid. Hy het baie ontberings verduur en is met talle gevare omring. Hy is geslaan, uitgehonger, as slaaf verkoop en drie keer ter dood veroordeel. Hy is deur rowers aangeval en het soms byna van dors vergaan. Op 'n keer was hy van alles wat hy besit het beroof en het honderde kilometers te voet deur die berge getrek, met die sneeu wat teen sy gesig vasslaan en sy kaal voete verdoof van kontak met die bevrore grond.

Toe hy gewaarsku is om nie ongewapen tussen die vyandige stamme in te gaan nie, het hy homself as goed bewapen verklaar – gebed, ywer vir Christus en vertroue in Sy hulp. "Ek is ook..." het hy gesê, "...voorsien van die liefde van God, my naaste in my hart en die Bybel is in my hand." — W H D Adams, *In Perils Oft*, bl 192. Oral waar hy gegaan het, het hy die Bybel in Hebreeus en Engels saamgeneem. Aangaande een van sy

latere reise het hy gesê: "Ek het die Bybel in my hand oopgehou. Ek het gevoel dat my krag in hierdie Boek was en dat die krag daarvan my sou ondersteun." — *Id*, bl 201.

So het hy in sy werk volhard totdat die boodskap van die oordeel na 'n groot gedeelte van die bewoonde aardbol oorgedra is. Onder Jode, Turke, Oud-Persiërs, Hindoes en baie ander nasionaliteite en rasse, het hy die Woord van God in hierdie verskillende tale versprei en oral die naderende heerskappy van die Messias verkondig.

In sy reise in Bokhara, het hy die leerstelling van die 362
spoedige koms van die Here by 'n afgeleë en geïsoleerde volk wat dit gehandhaaf het gevind. Die Arabiere van Jemen, het hy gesê, "...is in besit van 'n boek genaamd *'Seera'*, wat die wederkoms van Christus en Sy heerskappy in heerlikheid weergee; en hulle het verwag dat groot gebeurtenisse in die jaar 1840 sal plaasvind. Ek het ses dae saam met die kinders van Regab deurgebring. Hulle drink geen wyn nie, plant geen wingerde nie en saai geen saad nie; hulle woon in tente en onthou van goeie ou Jónadab, die seun van Regab; en in hulle geselskap het ek kinders van Israel, van die stam van Dan gevind ... wat, saam met die kinders van Regab, die spoedige koms van die Messias in die wolke verwag." — *Journal of the Rev Joseph Wolff,* bl 377, 389.

'n Soortgelyke oortuiging is deur 'n ander sendeling in Tartary aangetref. 'n Tartaarse priester het aan die sendeling die vraag gestel oor wanneer Christus die tweede keer sou kom. Toe die sendeling antwoord dat hy niks daarvan weet nie, het die priester verbaas gelyk oor sulke onkunde by iemand wat beweer dat hy 'n onderwyser van die Bybel is en self verklaar dat hy, op grond van profesie, glo dat Christus omstreeks 1844 sou kom.

Reeds in 1826 is die advent-boodskap reeds in Engeland verkondig. Die beweging het hier nie so 'n duidelike vorm soos in Amerika aangeneem nie; die presiese tyd van die wederkoms

was nie so algemeen geleer nie, maar die groot waarheid van die spoedige koms van Christus se bewind en heerlikheid is breedvoerig verkondig. En dit was nie slegs onder die andersdenkendes en nie-konformiste nie. Mourant Brock, ‘n Engelse skrywer, het verklaar dat daar sowat sewehonderd predikante van die Kerk van Engeland besig was om hierdie “...evangelie van die koninkryk...” te verkondig. Die boodskap wat na 1844 as die tyd van die Here se wederkoms verwys, is ook in Groot-Brittanje verkondig. Advent-publikasies uit die Verenigde State is wyd gesirkuleer. Boeke en tydskrifte is in Engeland gepubliseer. En in 1842 het Robert Winter, ‘n Engelsman van geboorte, wat die Advent-geloof in Amerika aangeneem het, na sy geboorteland teruggekeer om die koms van die Here aan te kondig. Baie het hierin met hom saamgewerk en die boodskap van die oordeel is in verskeie dele van Engeland verkondig.

In Suid-Amerika, te midde van barbaarsheid en priesterlike 363
lis, het Lacunza, ‘n Spanjaard en ‘n Jesuïet, sy weg na die Skrif gevind en sodoende die waarheid van Christus se spoedige terugkeer geleer. Aangevuur om die waarskuwing te verkondig, maar ook begerig om die veroordeling van Rome te vermy, het hy sy sienswyses onder die skuilnaam van Rabbi Ben-Ezra gepubliseer en homself as ‘n bekeerde Jood voorgedoen. Lacunza het in die agtiende eeu geleef, maar dit was omstreeks 1825 dat sy boek sy weg na Londen gevind het en in Engels vertaal is. Die publikasie hiervan het die belangstelling in die wederkoms wat reeds in Engeland ontwaak het, verdiep.

In Duitsland is die leer in die agtiende eeu deur Bengel verkondig, ‘n predikant van die Lutherse Kerk, ‘n gevierde Bybelkundige en -kritikus. Na die voltooiing van sy opleiding, het Bengel hom “...aan die studie van teologie toegewy, waartoe die ernstige en godsdienstige aard van sy verstand, wat deur sy vroeëre opleiding en dissipline verdiep is, hom van nature geneig het. Net soos ander nadenkende jongmense voor en na hom, moes hy met twyfel en probleme van ’n

godsdienstige aard worstel en het hy met baie gevoel gesinspeel op die '...baie pyle wat sy arme hart deurboor het en sy jeugjare moeilik gemaak het om te dra.'" — *Encyclopaedia Britannica,* art, "*Bengel*," negende uitgawe. Hy het 'n lid van die kerkraad van Württemberg geword en die saak van godsdiensvryheid bepleit. "Terwyl hy die regte en voorregte van die kerk gehandhaaf het, was hy 'n voorspraak vir alle redelike vryheid wat aan almal verleen moet word wat op grond van gewete verplig gevoel het om van die gemeenskap van die kerk te onttrek.." — *Id*. Die goeie gevolge van hierdie beleid word steeds in sy provinsie van geboorte gevoel.

Dit was tydens die voorbereiding van 'n preek uit 364
Openbaring 21 vir die advent Sondag, dat die lig van Christus se tweede koms, tot Bengel se verstand deurgebreek het. Die profesie van Openbaring is soos nog nooit tevore tot sy begrip ontplooi. Oorweldig deur 'n gevoel van die geweldige belangrikheid en oortreffende heerlikheid van die tonele wat deur die profeet beskryf is, moes hy noodgedwonge 'n rukkie wegdraai van die oorweging van die onderwerp. Op die kansel het dit hom weer met volle helderheid en krag beetgepak. Vanaf daardie tyd het hy hom aan die bestudering van die profesieë gewy, veral die van die Apokalips en hy het spoedig tot die oortuiging gekom dat hulle na die spoedig naderende koms van Christus gewys het. Die datum wat hy vir die wederkoms vasgestel het, was binne 'n paar jaar van dit wat later deur Miller voorgehou is.

Bengel se geskrifte is deur die hele Christendom versprei. Sy standpunte aangaande die profesieë is algemeen in sy eie staat van Württemberg aanvaar en ook in ander dele van Duitsland ontvang. Die beweging het na sy dood voortgegaan en die advent-boodskap is terselfdertyd in Duitsland en in ander lande waar dit aandag getrek het, gehoor. Van vroeg af het sommige van die gelowiges na Rusland gegaan en daar kolonies gevorm

en die geloof van Christus se spoedige koms word steeds deur die Duitse kerke van daardie land gehandhaaf.

Die lig het ook in Frankryk en Switserland geskyn. In Genève, waar Farel en Calvyn die waarhede van die Hervorming verkondig het, het Gaussen die boodskap van die wederkoms verkondig. Terwyl hy ‘n student op skool was, het Gaussen die gees van rasionalisme teëgekom wat die hele Europa gedurende die laaste deel van die agtiende en die begin van die negentiende eeu deurdring het; en toe hy die bediening betree, was hy nie slegs onkundig aangaande ware geloof nie, maar hy het ook tot skeptisisme geneig. In sy jeug het hy in die studie van die profesieë begin belangstel. Nadat hy *Rollin’s Ancient History* gelees het, is sy aandag op die tweede hoofstuk van Daniël gevestig en hy is deur die wonderbaarlike presisie waarmee die profesie vervul is, soos deur die geskiedskrywer aangetoon, getref. Hier was ’n getuienis van die inspirasie van die Skrif wat te midde van die gevare van later jare, 'n anker vir hom was. Hy was nie tevrede met die leerstellings van rasionalisme nie en deur die bestudering van die Bybel en ’n soeke na duideliker lig, is hy na ‘n tyd tot ‘n positiewe geloof gelei.

Namate hy voortgegaan het met sy ondersoek van die 365
profesieë, het hy tot die oortuiging gekom dat die koms van die Here op hande was. Onder ‘n besef van die plegtigheid en belangrikheid van hierdie groot waarheid, het daar ‘n begeerte by hom ontstaan om dit aan die volk voor te lê; maar die algemene oortuiging dat die profesieë van Daniël verborgenhede was wat nie verstaan kon word nie, was ‘n groot struikelblok in sy pad. Eindelik het hy besluit — net soos Farel voor hom met die evangelisasie in Genève gedoen het — om by die kinders te begin, deur wie hy gehoop het om die belangstelling van die ouers op te wek.

“Ek wil hê dat dit verstaan moet word...” het hy agterna aangaande sy doel in hierdie onderneming gesê, “...dat dit nie

vanweë die onbelangrikheid van die onderwerp is nie, maar inteendeel vanweë die groot waarde daarvan, dat ek dit graag in hierdie bekende vorm wil aanbied en dit aan die kinders voorgelê het. My begeerte was om gehoor te word en ek het gevrees dat dit nie die geval sou wees as ek my tot die volwassenes gewend het nie ... Ek het dus besluit om na die kinders te gaan. Ek bring 'n gehoor van kinders bymekaar; as die groep groter word en ek opmerk dat hulle luister en tevrede en belangstellend is en dat hulle die onderwerp verstaan en kan verduidelik, is ek verseker dat ek spoedig 'n tweede groep sal hê en op hulle beurt sal die volwassenes sien dat dit die moeite werd is om te gaan sit en te studeer. Wanneer dit gedoen word, is die saak gewen." — L. Gaussen, *Daniel, the Prophet*, vol 2, Voorwoord.

Die poging was geslaagd. Wanneer hy die kinders toegespreek het, het ouer persone kom luister. Die galerye van sy kerk was met aandagtige luisteraars gevul. Onder hulle was manne van aansien en geleerdheid, vreemdelinge en buitelanders wat Genève besoek het; en sodoende is die boodskap na ander dele oorgedra.

Aangemoedig deur hierdie sukses, het Gaussen sy lesse, in die hoop om die studie van die profetiese boeke in die Franssprekende kerke te bevorder, gepubliseer. "Om onderrig wat aan kinders gegee word te publiseer..." het Gaussen gesê, "...is om aan volwassenes, wat sulke boeke dikwels verwaarloos onder die voorwendsel dat hulle onverstaanbaar is, te sê: 'Hoe kan hulle onverstaanbaar wees as julle kinders dit kan verstaan?' ... Ek het 'n groot begeerte gehad..." het hy bygevoeg, "...om, indien moontlik, 'n kennis van die profesieë onder ons gemeentes gewild te maak ... Daar is inderdaad geen studie wat volgens my, beter aan die behoeftes van die tyd voldoen nie ... Hierdeur moet ons ons vir die verdrukking wat op hande is voorberei en waak en wag vir Jesus Christus.

Alhoewel Gaussen een van die mees vooraanstaande en geliefde predikers in die Franse taal was, is hy na ‘n tyd uit die bediening geskors en sy grootste oortreding was dat hy, in plaas van die kerk se kategese, 'n vervelige en rasionalistiese handleiding wat byna heeltemal aan positiewe geloof ontbreek het, die Bybel gebruik het om die jeug te onderrig. Daarna het hy ‘n leraar in ‘n teologiese skool geword terwyl hy op Sondae met sy werk as kategeet voortgegaan het, die kinders toegespreek en hulle in die Skrif onderrig het. Sy werke oor die profesieë het ook groot belangstelling gewek. Vanaf sy stoel as professor, deur die pers en in sy gunsteling beroep as onderwyser van kinders, het hy jare lank voortgegaan om 'n wye invloed uit te oefen en het hy groot invloed uitgeoefen om die aandag van baie op die bestudering van die profesieë wat getoon het dat die koms van die Here op hande was, te vestig. 366

Ook in Skandinawië is die advent-boodskap verkondig wat groot belangstelling ontketen het. Baie is uit hul sorgelose sekerheid opgewek, om hul sondes te bely en te versaak en vergifnis in die Naam van Christus te soek. Maar die predikante van die staatskerk het die beweging teëgestaan en deur hulle invloed is sommige wat die boodskap verkondig het, in die gevangenis gewerp. Op baie plekke, waar die predikers van die spoedige koms van die Here op hierdie wyse die swye opgelê is, het dit God behaag om die boodskap op wonderbaarlike wyse deur die kinders te stuur. Aangesien hulle nog nie mondig was nie, kon die reg van die Staat hulle nie keer nie en is hulle toegelaat om ongehinderd te praat.

Die beweging het grotendeels onder die laer klasse ontstaan en dit was in die nederige wonings van die arbeiders waar die mense saamgekom het om die waarskuwing te hoor. Die kinder-predikers het self meestal uit armoedige huise gekom. Sommige van hulle was nie ouer as ses of agt jaar nie; en hoewel hul lewens getuig het dat hulle die Verlosser liefgehad het en probeer het om in gehoorsaamheid aan God se heilige vereistes te leef, het hulle oor die algemeen slegs die 367

intelligensie en vermoë wat gewoonlik van kinders van daardie ouderdom verwag kan word, geopenbaar. Maar, wanneer hulle voor die mense gestaan het, was dit egter duidelik dat hulle deur 'n Invloed beweeg word wat bo hul eie natuurlike gawes gestrek het. Hulle stem en wyse van optrede het verander en met plegtige krag het hulle van die oordeel gewaarsku deur die woorde uit die Skrif aan te haal: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom." Hulle het die sondes van die mense bestraf en nie alleen onsedelikheid en ondeug veroordeel nie, maar ook deur teregwysing van wêreldsheid en afvalligheid, hul hoorders gewaarsku om hulle te haas om van die grimmigheid wat aan die kom was weg te vlug.

Die mense het sidderend geluister. Die oortuigende Gees van God het tot hul harte gespreek. Baie is gelei om die Skrif met nuwe en dieper belangstelling te deursoek, die onbesadigdes en onsedelikes is hervorm, ander het hul oneerlike praktyke laat vaar en daar is 'n werk gedoen wat so merkwaardig was, dat selfs die predikante van die staatskerk gedwing was om te erken dat die hand van God in hierdie beweging was.

Dit was die wil van God dat die boodskap van die koms van 368
die Heiland, in die Skandinawiese lande verkondig moes word; en toe die stem van Sy diensknegte stil geword het, het Hy sy Gees op die kinders laat kom sodat die werk voltooi kon word. Toe Jesus Jerusalem genader het, vergesel van die juigende skares wat Hom met krete van triomf en swaaiende palmtakke as die Seun van Dawid aangekondig het, het die afgunstige Fariseërs Hom versoek om hulle stil te maak; maar Jesus het geantwoord dat dit alles 'n vervulling van profesie was en dat indien hulle sou swyg, die klippe sou uitroep. Die volk, deur die dreigemente van die priesters en owerstes geïntimideer, het hul vreugdevolle uitroepe gestaak toe hulle die poorte van Jerusalem binnegaan; maar die kinders in die tempelhowe het daarna die refrein opgeneem, met palmtakke geswaai en

uitgeroep: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" (Mat 21:8-16). Toe die Fariseërs, baie ontevrede, vir Hom sê: "Hoor U wat hulle daar sê?" het Jesus geantwoord: "Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie?" Soos God deur die kinders tydens Christus se eerste koms gewerk het, so het Hy ook deur hulle gewerk om die boodskap van Sy tweede koms te verkondig. God se woord, dat die verkondiging van die koms van die Heiland aan alle volke, tale en nasies gegee moet word, moet vervul word.

Aan William Miller en sy medewerkers is dit gegee om die waarskuwing in Amerika te verkondig. Hierdie land het die middelpunt van die groot advent-beweging geword. Dit was hier waar die profesie van die eerste engel se boodskap die mees regstreekse vervulling gehad het. Die geskrifte van Miller en sy medewerkers, is na verafgeleë lande geneem. Oral waar sendelinge die hele wêreld deurdring het, is die blye boodskap van Christus se spoedige wederkoms uitgestuur. Die boodskap van die ewige evangelie is wyd en syd versprei: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom."

Die getuienis van die profesieë wat blykbaar op die wederkoms van Christus in die lente van 1844 gedui het, het die harte van die mense diep geraak. Soos die boodskap van staat tot staat gegaan het, is daar oral groot belangstelling aangewakker. Baie was oortuig dat die argumente uit die profetiese tydperke korrek was en deur hulle hoogmoed te versaak, het hulle die waarheid met vreugde aangeneem. Sommige predikante het hul sektariese standpunte en gevoelens versaak, hul salarisse en kerke laat vaar en verenig om die koms van Jesus te verkondig. Daar was egter relatief min predikante wat hierdie boodskap sou aanvaar; daarom was dit grotendeels aan nederige leke toegewy. Boere het hul landerye verlaat, werktuigkundiges hulle gereedskap, handelaars hulle handelsware en professionele mense hul beroep; en tog was die aantal werkers, in vergelyking met die werk wat verrig moes word, klein. Die toestand van 'n goddelose kerk en 'n wêreld in

boosheid gehul, het die harte van die siele van die opregte wagte swaar belas en hulle het gewillig geswoeg en verdrukking en lyding verduur, om mense tot bekering en saligheid te bring. Alhoewel Satan die werk teëgestaan het, het dit bestendig voortgegaan en die advent-waarheid is deur duisende aanvaar.

Oral is die ondersoekende getuienis, wat sondaars, beide 369
wêreldlinge en gemeentelede, gewaarsku het om vir die komende toorn te vlug, gehoor. Soos Johannes die Doper, die voorloper van Christus, het die predikers die byl aan die wortel van die boom gelê en almal aangespoor om vrugte wat by bekering pas, voort te bring. Hul roerende oproepe was in opvallende kontras met die versekering van vrede en veiligheid wat vanaf gewilde kansels gehoor is; en oral waar die boodskap verkondig is, is die mense in beroering gebring. Die eenvoudige, direkte getuienis van die Skrif wat deur die krag van die Heilige Gees tuisgebring is, het ‘n oortuigende krag meegebring wat min mense kon weerstaan. Belyers van godsdiens is uit hulle valse veiligheid opgewek. Hulle het onder die besef van hul afvalligheid, hul wêreldsheid en ongeloof, hul hoogmoed en selfsug gekom. Baie het na die Here met berou en ootmoed gesoek. Die geneenthede wat so lank aan aardse dinge gekleef het, was nou op die hemel gevestig. Die Gees van God het op hulle gerus en met harte wat versag en gedemp is, het hulle ook die uitroep laat hoor: “Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom.”

Sondaars het met 'n geween uitgeroep: “Wat moet ek doen om gered te word?” Diegene wie se lewens deur oneerlikheid gekenmerk was, was gretig om vergoeding te doen. Almal wat vrede in Christus gevind het, was begerig om die seën met ander te deel. Die harte van ouers is tot hulle kinders gewend en die harte van kinders tot hulle ouers. Die hindernisse van hoogmoed en terughoudendheid is uit die weg geruim. Opregte belydenis is gedoen en die lede van die gesin het hulle vir die redding van die mense wat die naaste aan hulle was, beywer. Dikwels is die stem van ernstige voorbidding gehoor. Oral was

siele wat in diepe angs wat met God gepleit het. Baie het die hele nag in gebed geworstel vir die versekering dat hul eie sondes vergewe is en vir die bekering van hulle familielede en naaste.

Mense uit alle geledere het na die Adventiste-byeenkomste 370
gestroom. Ryk en arm, hoog en laag was, om verskeie redes, gretig om self die leerstelling van die wederkoms te hoor. Die Here het die gees van teëstand in bedwang gehou terwyl Sy dienaars die rede vir hul geloof verduidelik het. Soms was die instrument swak, maar die Gees van God het krag aan Sy waarheid gegee. Die aanwesigheid van heilige engele is in hierdie byeenkomste ervaar en baie is daagliks by die gelowiges bygevoeg. Terwyl die getuienis van Christus se spoedige wederkoms herhaal is, het groot skares in ademlose stilte na die plegtige woorde geluister. Dit het gelyk of die hemel en die aarde nader aan mekaar gekom het. Die krag van God is deur oud, jonk en middeljarig ervaar. Mense het hul huise met lof op hulle lippe opgesoek en die vreugdevolle geluid het in die stilte van die nag opgeklink. Niemand wat hierdie dienste bygewoon het, het ooit die tonele van hierdie diepste belang vergeet nie.

Die aankondiging van 'n bepaalde tyd vir die koms van Christus, het groot teenstand uit baie geledere ontlok, van die predikant op die kansel, tot die mees roekeloosste sondaar. Die woorde van die profesie is vervul: "Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af." (2 Pet 3:3,4). Baie wat beweer het dat hulle die Heiland liefhet, het verklaar dat hulle geen teëstand teen die leerstelling van die wederkoms het nie; maar dat hulle slegs beswaar maak teen die vasstelling van 'n bepaalde tyd. Maar die alsiende oog van God het hulle harte gelees. Hulle wou nie hoor van Christus se wederkoms om die wêreld in geregtigheid te oordeel nie. Hulle was ontroue diensknegte; hulle werke sou nie die ondersoek van harte van

God kon deurstaan nie en hulle was bevrees om hul Here te ontmoet. Soos die Jode ten tye van Christus se eerste koms, was hulle nie voorbereid om Jesus te verwelkom nie. Hulle het nie net geweier om gehoor aan duidelike argumente uit die Bybel te gee nie, maar het ook diegene wat op die Here gewag het, bespot. Satan en sy engele het gejuig en het die bespotting in die aangesig van Christus en Sy heilige engele geslinger dat Sy verklaarde volk so min liefde vir Hom gehad het, dat hulle nie Sy koms begeer het nie.

"Geen mens weet die dag of uur nie..." was die argument 371
wat meestal deur die verwerpers van die advent-geloof geuiter is. Die Skrif sê: "Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemel nie, maar net My Vader alleen." (Mat 24:36). Diegene wat na die Here gesoek het, het 'n duidelike en konsekwente verklaring van hierdie teks gegee en die verkeerde vertolking daarvan deur hul opponente is duidelik aangetoon. Die woorde is deur Christus tydens die onvergeetlike gesprek met Sy dissipels op die Olyfberg geuiter, nadat Hy die tempel vir die laaste keer verlaat het. Die dissipels het gevra: "Vertel ons wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van U koms en van die voleinding van die wêreld?" Jesus het tekens aan hulle gegee en gesê: "So weet julle ook wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur." (Mat 24:3,33). Een gesegde van die Heiland mag nie misbruik word om 'n ander te vernietig nie. Hoewel niemand die dag en die uur van Sy koms weet nie, het ons opdrag ontvang om te weet wanneer dit naby is. Verder word ons geleer dat om die waarskuwing te verontagsaam en te weier of te versuim om te weet wanneer Sy koms naby is, vir ons net so noodlottig sal wees soos vir diegene wat in die dae van Noag geleef het en nie geweet het wanneer die vloed kom nie. En die gelykenis in dieselfde hoofstuk wat die getroue en ontroue diensknegte teenoor mekaar stel en die ondergang van hom wat in sy hart gesê het: "My heer talm om te kom..." weergee, toon in watter lig Christus diegene wat Hy wakend vind en besig

is om aangaande Sy koms te leer en diegene wat dit misken, sal beskou. “Waak dan...” het Hy gesê; “...gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.” (Mat 24:42-51). “As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ’n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.” (Openb 3:3).

Paulus praat van ‘n klas vir wie die Here se verskyning onverhoeds sal kom. “Want julle weet baie goed dat die dag van die Here kom net soos ’n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval ‘n skielike verderf hulle ... en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.” Maar vir diegene wat ag slaan op die Heiland se waarskuwing, voeg hy by: “Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos ‘n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.” (1 Thes 5:2-5).

So is dus getoon dat die Skrif geen volmag aan mense gee 372
om onkundig aangaande die nabyheid van Christus se koms te bly nie. Maar diegene wat slegs na ‘n verskoning soek om die waarheid te verwerp, het hulle ore vir hierdie verduideliking gesluit. Die woorde: “Van dié dag en dié uur weet niemand nie...” is steeds deur die blatante spotter aangehaal en selfs deur beweerde predikante van Christus. Soos die mense opgewek is en navraag aangaande die weg van die saligheid begin doen het, het godsdienstige leraars tussen hulle en die waarheid ingetree en gepoog om hul vrese te stil deur die valse vertolking van die Woord van God. Ontroue wagters het met die werk van die groot bedrieër verenig en geroep: Vrede, vrede! wanneer God nie vrede gespreek het nie. Soos die Fariseërs in Christus se tyd, het baie geweier om self die koninkryk van die hemele binne te gaan en diegene wat wel wou ingaan, te verhinder. Die bloed van hierdie siele sal van hulle hande geëis word.

Die mees nederigste en toegewydste in die kerke was gewoonlik eerste om die boodskap te aanvaar. Diegene wat die Bybel self bestudeer het, kon nie anders as om die onskriftuurlike aard van die gewilde standpunte van profesieë raak te sien nie; en oral waar die mense nie deur die invloed geestelikes beheer is nie en waar hulle die Woord van God self ondersoek het, was dit net nodig om die advent-leerstelling met die Skrif te vergelyk om die Goddelike gesag daarvan vas te stel.

Baie is deur hulle ongelowige broeders vervolg. Ten einde hulle posisie in die kerk te behou, het sommiges ingestem om aangaande hulle hoop te swyg; maar ander het gevoel dat lojaliteit aan God hulle verbied het om die waarhede wat Hy aan hulle toevertrou het te verberg. Heelwat van hulle is van die gemeenskap is, om geen ander rede as dat hulle hul geloof in die koms van Christus bely het, van die kerk afgesny. Vir diegene wat hierdie beproewing van hul geloof verduur het, was die woorde van die profeet kosbaar: "Julle broers, julle haters wat julle verstoot om My Naam ontwil, sê: Laat die Here heerlik word, dat ons julle vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!" (Jes 66:5).

Engele van God het met die grootste belangstelling die 373
gevolge van die waarskuwing gadegeslaan. Toe daar 'n algemene verwerping van die boodskap deur die kerke was, het die engele hartseer weggedraai. Maar daar was baie wat nog nie met die advent-waarheid getoets was nie. Baie is deur eggenote, eggenotes, ouers of kinders mislei en het dit as 'n sonde beskou om selfs net na sulke dwaalleringe soos deur die Adventiste geleer, te luister. Engele is gebied om getrou oor hierdie siele te waak, want 'n ander lig sou nog vanaf die troon van God oor hulle skyn.

Met onuitspreeklike verlange het diegene wat die boodskap aangeneem het, na die koms van hulle Verlosser uitgesien. Die tyd wat hulle verwag het om Hom te ontmoet, het nader

gekom. Hulle het hierdie uur met ‘n kalm plegtigheid genader. Hulle het in soet gemeenskap met God en ernstig oor die vrede wat in die helder hiernamaals hulle s’n sou wees gerus. Niemand wat hierdie hoop en vertroue ervaar het, kan daardie kosbare ure van wag vergeet nie. Vir 'n paar weke voor die tyd is wêreldse sake meestal opgeskort. Die opregte gelowiges het elke gedagte en elke emosie van hul harte sorgvuldig ondersoek asof hulle op hul sterfbed was en binne enkele ure hul oë vir aardse tonele sou sluit. Daar is geen “hemelvaart-klere” gemaak nie *[sien bylaag].*; maar almal het ‘n behoefte aan 'n inwendige versekering dat hulle gereed was om die Verlosser te ontmoet gehad; hulle wit klere was reinheid van siel — karakters wat van sonde gereinig is deur die versoeningsbloed van Christus. Sou daar maar net vandag nog onder die beweerde volk van God hierdie selfde gees van hartsondersoek en dieselfde ernstige, vasberade geloof wees! As hulle so voortgegaan het om hulself voor die Here te verootmoedig en hul versoeke by die versoendeksel aan te bied, sou hulle ‘n veel ryker ervaring hê as wat hulle tans het. Daar is te min gebed, te min ware oortuiging van sonde en die gebrek aan 'n lewende geloof, wat baie verlate van die genade wat so ryklik deur ons Verlosser voorsien word laat.

Dit was die plan van God om Sy volk op die proef te stel. Dit 374
was Sy hand wat die fout in die berekening van die profetiese tydperke bedek het. Die Adventiste het nie die fout ontdek nie en dit is ook nie deur die mees geleerde van hul teëstanders ontdek nie. Laasgenoemde het gesê: “Julle berekening van die profetiese tydperke is korrek. Een of ander groot gebeurtenis staan op die punt om plaas te vind; maar dit is nie wat Mnr Miller voorspel nie; dit is die bekering van die wêreld en nie die tweede koms van Christus nie.” *[Sien bylaag].*

Die tyd van afwagting het verbygegaan en Christus het nie vir die bevryding van Sy volk verskyn nie. Diegene wat met opregte geloof en liefde na die koms van hulle Heiland uitgesien het, het ‘n bittere teleurstelling beleef. Tog is die voorneme van

God bereik; Hy het die harte van diegene wat beweer het dat hulle op Sy koms wag, getoets. Daar was baie onder hulle wat deur geen hoër beweegrede as vrees aangedryf was nie. Hulle belydenis van geloof het nie hul harte of hul lewens beïnvloed nie. Toe die verwagte gebeurtenis nie plaasgevind het nie, het hierdie mense verklaar dat hulle nie teleurgesteld was nie; hulle het nooit geglo dat Christus sou kom nie. Hulle was van die eerstes wat die spot gedryf het met die hartseer van die opregte gelowiges.

Maar Jesus en al die hemelse leërskare het met liefde en medelye na die beproefde en getroue, dog teleurgestelde mense gekyk. As die sluier wat die sigbare van die onsigbare skei, gelig kon gewees het, sou daar gesien kon word dat engele naby hierdie standvastiges was en hulle teen die pyle van die Satan beskerm het.

 375

# Waarskuwing Verwerp

William Miller en sy medewerkers het die leerstelling van die tweede koms verkondig met die uitsluitlike doel om mense op te wek om hulle vir die oordeel voor te berei. Hulle het gepoog om die belyers van godsdiens tot die ware hoop van die kerk en hul behoefte aan 'n dieper Christelike ervaring op te wek en hulle het ook moeite gedoen om die onbekeerdes vir die plig van onmiddellike berou en bekering tot God aan te wakker. “Hulle het geen poging aangewend om mense tot ‘n sekte of 'n godsdienstige party te bekeer nie. Daarom het hulle onder alle partye en sektes gearbei sonder om met hulle organisasie of dissipline in te meng.”

“In al my werke...” het Miller gesê, “...het ek nooit die begeerte of gedagte gehad om afsonderlike belange van bestaande denominasies te vestig nie, of om dit ten koste van 'n ander te bevoordeel nie. My idee was om almal te bevoordeel. Omdat ek van die veronderstelling uitgegaan het dat alle Christene hulle oor die vooruitsig van die koms van Christus sal verheug en dat diegene wat dit nie soos ek kon sien nie, diegene wat hierdie leerstelling aangeneem het nie minder sou liefhê nie, het ek nie gedink dat daar ooit enige afsonderlike byeenkomste nodig sou wees nie. My enigste doel was 'n begeerte om siele tot God te bekeer, om die wêreld in kennis van die komende oordeel te stel en om my medemense aan te spoor om hul harte voor te berei, sodat hulle in staat sou wees om hul God in vrede te ontmoet. Die oorgrote meerderheid van diegene wat as gevolg van my arbeid tot bekering gekom het, het by reeds bestaande kerke aangesluit.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 328.

Aangesien sy werk geneig was om die kerke op te bou, was 376
dit vir ‘n tyd lank gunstig beskou. Maar namate die predikante en godsdienstige leiers teen die advent-leerstellings gekant

geraak het en begerig was om alle propaganda aangaande die onderwerp te onderdruk, het hulle nie alleen die werk vanaf die kansel bestry nie, maar hulle het die lidmate van die voorreg ontneem om preke oor die tweede koms by te woon, of selfs van hulle hoop tydens sosiale byeenkomste van die kerk te praat. As gevolg hiervan het die gelowiges hulle in 'n posisie van groot beproewing en verwarring bevind. Hulle was lief vir hul kerke en was teësinnig om hulle daarvan te skei; maar waar hulle gesien het dat die getuienis van God se Woord onderdruk word en dat hulle reg om die profesieë te ondersoek ontneem is, het hulle gevoel dat lojaliteit aan God hulle verbied het om hulle te onderwerp. Diegene wat gepoog het om die getuienis van God se Woord uit te sluit, kon hulle nie as die kerk van Christus, "...die pilaar en grondslag van die waarheid...", beskou nie. Daarom het hulle hulself geregverdig gevoel om van hul vorige kerkverband te skei. In die somer van 1844 het ongeveer vyftigduisend hulle aan die kerke onttrek.

Omstreeks hierdie tyd was daar 'n merkwaardige verandering in meeste van die kerke in die Verenigde State. Vir baie jare reeds was daar 'n geleidelike, maar toenemende gelykvormigheid aan wêreldse praktyke en gebruike en 'n ooreenstemmende afname in 'n ware geestelike lewe; maar in daardie jaar was daar getuienis van 'n skielike afname in byna al die kerke van die land. Alhoewel niemand die oorsaak kon vasstel nie, is daar oral deur die pers en kansel kennis daarvan geneem en kommentaar daaroor gelewer.

Tydens 'n vergadering van die ring van Philadelphia, het Mnr Barnes, skrywer van 'n kommentaar wat algemeen bekend was en leraar van een van die vooraanstaande kerke in die stad, verklaar dat "...hy vir twintig jaar reeds in die bediening was en nooit, tot met die laaste nagmaal, het hy die sakrament bedien sonder om minder of meer nuwe lidmate in die gemeente te ontvang nie. Maar nou is daar geen ontwakings, geen bekerings, nie veel sigbare toename in genade onder die belyers nie en niemand kom na sy studeerkamer om met hom

oor die redding van hul siele te praat nie. Met die toename van besigheid en die verbetering van vooruitsigte op die gebied van handel en nywerheid, is daar 'n toename in wêreldgesindheid. So is dit met al die denominasies."" — *Congregational Journal*, 23 Mei 1844.

In Februarie van dieselfde jaar het Professor Finney, van Oberlin-kollege, gesê: "Ons het die feit voor oë gehad dat die protestantse kerke in ons land as sulks, onverskillig of vyandiggesind was teenoor al die morele hervormings van die eeu. Daar is gedeeltelike uitsonderings, maar tog nie genoeg om die feit anders as algemeen te weergee nie. Ons het ook 'n ander bevestigde feit: die byna universele afwesigheid van 'n invloed vir herlewing in die kerke. Die geestelike onverskilligheid is byna allesoorheersend en is diep gesetel; so word deur die godsdienstige pers van die hele land getuig ... Die kerklidmate word oraloor aanhangers van die mode, neem mekaar se hande in goddeloosheid by plesier-partytjies, danse, feesmaaltye, ens. ... Maar ons hoef nie oor hierdie pynlike onderwerp uit te brei nie. Dit is voldoende dat die bewyse toeneem en swaar op ons druk, om aan te toon dat die kerke oor die algemeen op 'n treurige wyse ontaard het. Hulle het baie ver van die Here weggedwaal en Hy het Homself van hulle onttrek." 377

En 'n Skrywer in die *Religious Telescope* het getuig: "Ons het nog nooit so 'n algemene agteruitgang van godsdiens gesien soos tans nie. Voorwaar, die kerk moet wakker skrik en die oorsaak van hierdie beproewing ondersoek; want elkeen wat Sion liefhet, moet hierdie as 'n beproewing beskou. As ons in gedagte hou hoe min gevalle van ware bekering daar is, asook die byna ongeëwenaarde onboetvaardigheid en hardvogtigheid van sondaars, moet ons byna onwillekeurig uitroep: 'Het God vergeet om genadig te wees? Of: Is die deur van genade gesluit?'"

So ‘n toestand bestaan nooit sonder oorsaak in die kerk self 378
nie. Die geestelike duisternis wat oor nasies, oor kerke en individue kom, is nie aan 'n willekeurige onttrekking van die ondersteuners van Goddelike genade van die kant van God te wyte nie, maar aan die verwaarlosing of verwerping van goddelike lig van die mense. ’n Opvallende illustrasie van hierdie waarheid word in die geskiedenis van die Joodse volk in die tyd van Christus aangebied. Deur hul toewyding aan die wêreld en hulle verontagsaming van God en Sy Woord, is hulle verstand verduister en het hul harte aards en sensueel geword. Hulle het dus in onkunde aangaande die koms van die Messias verkeer en in hulle hoogmoed en ongeloof het hulle die Verlosser verwerp. Selfs toe het God nie die Joodse volk van ‘n kennis van, of die deelname aan, die seëninge van die saligheid afgesny nie. Maar diegene wat die waarheid verwerp het, het alle begeerte vir die gawe van die hemel verloor. Hulle het “...duisternis vir lig en lig vir duisternis...” aanvaar, totdat die lig wat in hulle was duisternis geword het; en hoe groot was hulle duisternis nie!

Dit pas by die beleid van Satan dat mense 'n vormgodsdiens handhaaf, wanneer die gees van lewensbelangrike godsaligheid ontbreek. Nadat hulle die evangelie verwerp het, het die Jode ywerig voortgegaan om hul antieke rituele te handhaaf; hulle het hul nasionale eksklusiwiteit noukeurig bewaar, terwyl hulle self nie anders kon as om te erken dat die teenwoordigheid van God nie langer onder hulle gemanifesteer was nie. Die profesie van Daniël het so onmiskenbaar op die tyd van die koms van die Messias gewys en Sy dood so direk voorspel, dat hulle die studie daarvan ontmoedig het en uiteindelik het die rabbi’s 'n vloek oor almal wat 'n berekening van die tyd sou probeer doen, uitgespreek het. In blindheid en onboetvaardigheid het die volk Israel gedurende die daaropvolgende eeue, onverskillig teenoor die genadige aanbiedinge van verlossing en die seëninge van die evangelie, 'n ernstige en vreeslike

waarskuwing van die gevaar om lig uit die hemel te verwerp, gestaan.

Waar hierdie beweegrede ook al bestaan, sal dieselfde gevolge volg. Hy wat sy oortuigings van plig doelbewus onderdruk omdat dit met sy neigings inmeng, sal uiteindelik die mag verloor om tussen waarheid en dwaling te onderskei. Die verstand word verduister, die samelewing raak gevoelloos, die hart word verhard en die siel word van God geskei. Waar die boodskap van Goddelike waarheid verwerp en of geminag word, daar sal die kerk in duisternis gehul wees; geloof en liefde koel af en vervreemding en onenigheid tree in. Gemeentelede sentreer hul belange in wêreldse strewes en sondaars verhard in hul onboetvaardigheid. 379

Die eerste engel se boodskap van Openbaring 14, wat die uur van God se oordeel aankondig en die mense maan om God te vrees, was daarop gemik om die belydende volk van God van die verderflike invloede van die wêreld te skei en hulle te wek om hul ware toestand van wêreldsheid en afvalligheid te besef. In hierdie boodskap stuur God 'n waarskuwing aan die kerk wat, as dit aanvaar word, die euwels wat hulle van Hom afgesluit het, reg te stel. As hulle die boodskap uit die hemel aanneem, hulle harte voor die Here verootmoedig en in opregtheid voorberei om in Sy teenwoordigheid te staan, sal die Gees en krag van God onder hulle geopenbaar word. Die kerk sal weer die geseënde toestand van eenheid, geloof en liefde bereik wat in die apostoliese tyd bestaan het, toe die gelowiges "...een van hart en siel..." was, "...die woord van God met vrymoedigheid gespreek..." het "...En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is." (Hand 4:32,31;2:47).

As God se verklaarde volk die lig sou ontvang soos dit deur Sy Woord op hulle skyn, sou hulle die eensgesindheid bereik waarvoor Christus gebid het, en wat die apostel as "...die eenheid van die Gees ... deur die band van die vrede..." beskryf het. "Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in

een hoop van julle roeping; een Here, een geloof, een doop.” (Efe. 4:3-5).

Dit was die geseënde gevolge vir diegene wat die advent-boodskap aanvaar het. Hulle het uit verskillende denominasies gekom en hulle geskille is neergewerp; botsende geloof-standpunte is tot atome geskud; die onskriftuurlike hoop op ’n tydelike millennium is laat vaar, valse beskouings oor die tweede koms is reggestel en hoogmoed en gelykvormigheid met die wêreld is uit die weg geruim; onregte is herstel; harte was in heerlike gemeenskap verenig en liefde en vreugde het die botoon gevier. As hierdie leerstelling dit kon doen vir die paar wat dit wel aanvaar het, sou dit dieselfde vir almal wat dit aangeneem het gedoen het.

Maar die kerke oor die algemeen, het nie die waarskuwing 380
aanvaar nie. Hulle predikante wat as “...wagters oor die huis van Israel...” die eerste moes gewees het om die tekens van Jesus se koms te onderskei, het die waarheid nie in die getuienis van die profete, óf in die tekens van die tyd onderskei nie. Namate wêreldse hoop en ambisies die hart gevul het, het liefde vir God en geloof in Sy Woord afgekoel; en toe die advent-leerstelling aangebied is, het dit slegs hulle vooroordeel en ongeloof gewek. Die feit dat die boodskap tot ‘n groot mate deur leke verkondig is, is as ‘n argument daarteen aangevoer. Van ouds af is die duidelike getuienis van God se Woord met die vraag begroet: “Het die owerstes en die Fariseërs geglo?” En omdat hulle gevind het hoe moeilik dit was om die argumente uit die profetiese tydperke, te weerlê, het hulle die studie van die profesieë ontmoedig deur te leer dat die profetiese boeke verseël is en dat dit nie verstaan moes word nie. Menigtes wat implisiet op hul predikante vertrou het, het geweier om na die waarskuwing te luister; en ander, hoewel hulle van die waarheid oortuig was, het dit nie durf bely nie, sodat hulle nie “...uit die sinagoge gewerp sou word nie.” Die boodskap wat God vir die toetsing en reiniging van die kerk gestuur het, het maar te duidelik geopenbaar hoe groot die

getal was wat hulle harte op die wêreld gestel het eerder as op Christus. Die bande wat hulle aan die aarde gebind het, was sterker as die aantrekkingskrag van die hemel. Hulle het verkies om na die stem van wêreldse wysheid te luister en weggedraai van die hartdeurtastende boodskap van waarheid.

Deur die waarskuwing van die eerste engel te weier, het hulle die middele wat die Hemel vir hul herstel voorsien het verwerp. Hulle het die genadige boodskapper wat die euwels wat hulle van God geskei het sou wegneem verwerp en met groter gretigheid het hulle na die vriendskap van die wêreld gesoek. Dit was die oorsaak van die vreesaanjaende toestand van wêreldsheid, afvalligheid en die geestelike dood wat in 1844 in die kerke geheers het.

In Openbaring 14 word die eerste engel deur 'n tweede 381
opgevolg wat verkondig: "Geval, geval het Babilon die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery." (Openb 14:8). Die term "Babilon" is afgelei van "Babel," wat verwarring beteken. Dit word in die Skrif gebruik om die verskillende vorms van valse of afvallige godsdienste aan te dui. In Openbaring 17 word Babilon as 'n vrou voorgestel — 'n figuur wat in die Bybel gebruik word as die simbool van 'n kerk; 'n deugsame vrou wat 'n rein kerk en 'n slegte vrou 'n afvallige kerk verteenwoordig.

In die Bybel word die heilige en blywende karakter van die verhouding tussen Christus en Sy kerk deur die huwelik voorgestel. Die Here het Sy volk aan Homself met 'n plegtige verbond verbind en Hy het belowe om hulle God te wees en hulle het belowe om Syne en Syne alleen te wees. Hy verklaar: "Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in barmhartighede." (Hos 2:18). En weer: "Ek is Heer oor julle." (Jer 3:14). En in die Nuwe Testament gebruik Paulus dieselfde figuur waar hy sê: "Ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel." (2 Kor 11:2).

Die ontrouheid van die kerk teenoor Christus, deur toe te 382
laat dat haar vertroue en liefde van Hom afgewend word en dat liefde vir wêreldse dinge van die siel besit neem, word met die skending van die huweliksbelofte vergelyk. Die sonde van Israel deur van die Here af te wyk, word deur hierdie figuur voorgestel; en die wonderlike liefde van God wat hulle aldus verag het, word op 'n hartroerende wyse uitgebeeld: "Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE en jy het Myne geword ... Jy was buitengewoon mooi en so voorspoedig dat jy koninklike waardigheid bereik het. Daarby het daar 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur My versiersels wat Ek op jou aangebring het ... Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer vanweë jou naam ... Maar soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die Here ... O die vrou wat owerspel bedrywe! Terwyl sy onder haar man staan, het sy vreemdes aangeneem." (Eseg 16:8,13-15,32; Jer 3:20).

In die Nuwe Testament word soortgelyke taal aan belydende Christene wat die vriendskap van die wêreld bo die guns van God soek gerig. Die apostel Jakobus sê: "Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God." (Jak 4:4).

Die vrou (Babilon) van Openbaring 17, word beskryf as iemand "...bekleed met purper en skarlaken en versier met goud en kosbare stene en pêrels en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde." Die profeet sê: "Ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus." Babilon word verder beskryf as "...die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde." (Openb 17:4-6,18). Die mag wat vir soveel eeue

despotiese heerskappy oor die monarge van die Christendom gehandhaaf het, is Rome. Die purper en skarlakenrooi kleed, die goud, kosbare edelstene en pêrels, gee 'n duidelike beeld van die prag en meer as koninklike praal wat deur die hoogmoedige pous van Rome beïnvloed word. En geen ander mag kan so waarlik as "...dronk van die bloed van die heiliges..." beskryf word as die kerk wat die volgelinge van Christus so wreed vervolg het nie. Babilon word ook beskuldig van die sonde van onwettige verbintenisse met die "...konings van die aarde." Dit was deur 'n wegdraai van die Here en 'n alliansie met die heidene, dat die Joodse kerk 'n hoer geword het; en Rome, wat haarself op dieselfde wyse gekorrupteer het deur die steun van die wêreldse magte te soek, ontvang 'n soortgelyke veroordeling.

Daar word gesê dat Babilon "...die moeder van die hoere..." 383
is. Haar dogters simboliseer kerke wat aan haar leerstellings en tradisies vaskleef en haar voorbeeld volg om die waarheid en die goedkeuring van God op te offer, om 'n onwettige bondgenootskap met die wêreld te vorm. Die boodskap van Openbaring 14 wat die val van Babilon aankondig, moet van toepassing wees op godsdienstige liggame wat eens rein was en korrup geword het. Aangesien hierdie boodskap op die waarskuwing van die oordeel volg, moet dit in die laaste dae gegee word; daarom kan dit nie slegs na die Roomse Kerk verwys nie, want daardie kerk verkeer eeue lank reeds in 'n gevalle toestand. Verder word die volk van God in die agtiende hoofstuk van Openbaring, opgeroep om uit Babilon uit te kom. Volgens hierdie skrif moet baie van God se volk nog in Babilon wees. En in watter godsdienstige liggame is die grootste deel van die volgelinge van Christus tans te vinde? Sonder twyfel in die verskillende kerke wat die Protestantse geloof bely. Ten tye van hul totstandkoming, het hierdie kerke 'n edele standpunt vir God en die waarheid ingeneem en Sy seën was met hulle. Selfs die ongelowige wêreld was gedwing om die weldadige resultate wat op die aanname van die beginsels van die

evangelie gevolg het, te erken. In die woorde van die profeet aan Israel: "Daar [het] 'n naam van jou af uitgegaan onder die nasies vanweë jou skoonheid, want dit was volmaak deur My versiersels wat Ek op jou aangebring het, spreek die Here HERE." (Eseg 16:14,15). Maar hulle het as gevolg van dieselfde begeerte geval, wat die vloek en ondergang van Israel was, naamlik die begeerte om die praktyke en vriendskap van Goddelose mense na te streef. "Maar jy het vertrou op jou skoonheid en gehoereer vanweë jou naam." (Eseg 16:15).

Baie van die Protestantse kerke volg Rome se voorbeeld van ongeregtige verbintenisse met die "...konings van die aarde..." — die staatskerke deur hulle verhouding met sekulêre regerings; en ander denominasies deur die guns van die wêreld te soek. Die benaming "Babilon" (verwarring) kan met reg op hierdie liggame toegepas word, wat almal beweer dat hulle leerstellings uit die Bybel afkomstig is, maar tog in byna ontelbare sektes, met wyd-uiteenlopende geloofsbelydenisse en teorieë, verdeel is.

Behalwe 'n sondige verbintenis met die wêreld, bied die kerke wat van Rome geskei het, ook van haar ander karaktertrekke aan.

'n Rooms-Katolieke boek voer aan dat "...as die Kerk van 384
Rome ooit aan afgodsdiens in verband met die heiliges skuldig was, dan staan haar dogter, die Kerk van Engeland, net so skuldig, wat tien kerke het wat aan Maria gewy is, vir een wat aan Christus gewy is." — Dr Challoner, *The Catholic Christian Instructed*, Voorwoord, bl 21, 22.

En Dr. Hopkins verklaar in sy werk, *A Treatise on the Millennium*: "Daar is geen rede om aan te neem dat die anti-Christelike gees en praktyke alleen, tot die kerk wat vandag as die Kerk van Rome bekend is, beperk is nie. Die Protestantse kerke het net soveel antichriste in hulle en is nog lank nie

heeltemal hervorm ... van die korrupsie en goddeloosheid nie." — Samuel Hopkins, *Works,* vol 2, bl 328, 1854-uitgawe.

Aangaande die skeiding van die Presbiteriaanse Kerk van Rome, skryf Dr Guthrie: "Driehonderd jaar gelede het ons kerk, met 'n oop Bybel op haar vaandel, asook hierdie leuse: 'Deursoek die Skrif, 'op haar boekrol, by die poorte van Rome uitgestap." Dan vra hy hierdie betekenisvolle vraag: "Het ons heeltemal uit Babilon uitgekom?" — John Guthrie, *The Gospel in Ezekiell*, bl 237.

"Die Kerk van Engeland..." het Spurgeon gesê, "...lyk asof dit deur en deur met sakramentarisme deurdrenk is; maar dit lyk asof afgeskeidenheid byna net so met filosofiese ontrou deurtrek is. Diegene van wie ons beter dinge verwag het, het een vir een van die grondbeginsels van die geloof afgewyk. Ek glo dat die hart van Engeland deur en deur met 'n verdoemende ongeloof deurtrek is, wat dit nog waag om die kansel te bestyg en homself Christelik te noem."

Wat is die oorsprong van die groot afvalligheid? Hoe het die 385
kerk in die eerste plek van die eenvoud van die evangelie afgewyk? Deur te voldoen aan die praktyke van die heidendom, om die aanvaarding van die Christendom vir die heidene te vergemaklik. Die apostel Paulus het selfs in sy tyd verklaar dat "...die verborgenheid van die ongeregtigheid ... al aan die werk..." is. (2 Thes 2:7). Gedurende die leeftyd van die apostels het die kerk relatief rein gebly. Maar "...teen die einde van die tweede eeu het meeste van die kerke 'n nuwe vorm aangeneem; die oorspronklike eenvoud het verdwyn en ongemerk, soos die ou dissipels in hul grafte afgetree het, het hul kinders, tesame met nuwe bekeerlinge, na vore getree en 'n nuwe vorm aan die saak gegee." — Robert Robinson, *Ecclesiastical Researches*, hfst 6, par 17, bl 51. Om bekeerlinge te verseker, is die verhewe maatstaf van die Christelike geloof verlaag en as gevolg daarvan, het "...'n heidense stroom die kerk binnegevloei en daarmee saam hul gewoontes, gebruike

en afgode.” — *Gavazzi's Lectures*, bl 278. Namate die Christelike godsdiens die guns en steun van die sekulêre heersers verkry het, is dit nominaal deur die menigtes aanvaar; maar hoewel hulle skynbaar Christene was, het baie “...in werklikheid heidene gebly, wat veral hul afgode in die geheim aanbid het.” — *Gavazzi's Lectures*, bl 278.

Is dieselfde proses nie in byna elke kerk wat homself Protestants noem herhaal nie? Namate die stigters daarvan, diegene wat met die ware gees van hervorming besiel was gesterf het, het hulle nageslag na vore getree en “...‘n nuwe vorm aan die saak gegee.” Terwyl hulle blindelings aan die geloofsbelydenis van hulle vaders vasgehou en geweier het om enige waarheid te aanvaar, behalwe wat hulle gesien het, het die kinders van die hervormers ver van die voorbeeld van nederigheid, selfverloëning en versaking van die wêreld afgewyk. Op hierdie wyse “...het die eerste eenvoud verdwyn.” ‘n Wêreldse vloed het die kerk binnegestroom met “...sy gewoontes, praktyke en afgode.”

Helaas, in hoe groot mate word die vriendskap van die 386
wêreld wat “...vyandskap teen God...” is, nou onder die beweerde volgelinge van Christus gekoester! Hoe wyd het die gewilde kerke dwarsdeur die Christendom afgewyk van die Bybelse maatstaf van nederigheid, selfverloëning, eenvoud en godsaligheid! John Wesley het oor die regte gebruik van geld gesê: “Moenie enige deel van so 'n kosbare talent verkwis, net om die begeerte van die oog deur oorbodige of duur klere of deur onnodige ornamente te bevredig nie. Verkwis geen deel daarvan aan die versiering van julle huise of aan duur huisraad, prente, skilderye en vergulding nie ... Bestee niks om die trots van die lewe te bevredig, of om die bewondering en lof van mense te verkry nie ... ‘Solank julle goed aan julself doen, sal die mense van julle goedpraat.’ Solank julle in ‘purper en fyn linne geklee' is en elke dag weelderig lewe, sal daar ongetwyfeld baie wees wat julle smaak, julle vrygewigheid en gasvryheid sal prys. Maar moenie hulle applous so duur koop

nie. Wees eerder tevrede met die eer wat van God kom.” — *Wesley's Works*, Preek 50, “*The Use of Money*.” Maar in baie kerke van ons tyd word hierdie leer buite rekening gelaat.

‘n Skyn-godsdiens het by die wêreld gewild geword. Regeerders, staatkundiges, wetgeleerdes, geneeshere en handelaars sluit by die kerk aan om die respek en vertroue van die samelewing te verseker en om hulle eie wêreldse belange te bevorder. Sodoende poog hulle om al hul onregverdige transaksies onder 'n skyn van Christelikheid te dek. Die verskillende godsdienstige liggame, versterk deur die rykdom en invloed van hierdie gedoopte wêreldlinge, bied 'n nog hoër bod vir populariteit en beskerming. Pragtige kerkgeboue, op die mees oordadigste wyse versier, word langs hoofpaaie opgerig. Die aanbidders klee hulself in die duurste en mees modieuse drag. ‘n Hoë salaris word aan ‘n begaafde predikant betaal om mense te vermaak en te lok. Sy preke mag nie gewilde sondes aanraak nie, maar hulle moet strelend en aangenaam vir modieuse ore wees. Op hierdie wyse word modieuse sondaars in die boeke van die kerk geregistreer en modieuse sondes word onder 'n voorwendsel van godsaligheid verberg.

In ‘n kommentaar oor die huidige houding van beweerde Christene teenoor die wêreld, skryf 'n toonaangewende sekulêre tydskrif: “Die kerk het ongemerk aan die gees van die tyd toegegee en sy het die vorm van aanbidding by moderne behoeftes aangepas ... Alle dinge wat bydra om die godsdiens aantreklik te maak, word nou deur die kerk as middel tot die doel gebruik.” En ‘n skrywer in die *New York Independent* praat van Metodisme soos volg: “Die skeidslyn tussen die Goddelike en goddelose verdof tot ‘n soort halfskadu en ywerige mense aan albei kante werk hard om alle verskille tussen hulle wyses van optrede en genot uit te wis ... Die gewildheid van die godsdiens neig tot die grootste toename in die aantal mense wat die voordele daarvan wil geniet sonder om hul pligte regstreeks na te kom.

Soos Howard Crosby sê: "Dit is 'n saak van groot kommer dat ons so min vind dat die kerk van Christus aan die doel van die Here beantwoord. Net soos die eertydse Jode toegelaat het dat familiêre omgang met die afgodiese nasies hulle harte van God weglei, so is die kerk van Jesus nou deur valse vennootskappe met 'n ongelowige wêreld besig om die Goddelike beginsels van die ware lewe prys te gee en hulself aan verderflike, hoewel dikwels aanneemlike gewoontes van 'n samelewing sonder Christus oor te gee, deur die argumente te gebruik en tot gevolgtrekkings te kom, wat vreemd aan die openbaring van God is en direk antagonisties teenoor alle groei in genade is.." — *The Healthy Christian: An Appeal to the Church*, bl. 141, 142. 387

In hierdie gety van wêreldsheid en genotsug, is selfverloëning en selfopoffering ter wille van Christus, byna heeltemal verlore. "Sommige mans en vroue wat tans aktief in ons kerke is, is as kinders opgelei om opofferings te maak om hulle in staat te stel om iets vir Christus te gee of te doen." Maar "...as daar tans fondse verlang word ... moet daar geen beroep op iemand gedoen word om te gee nie. O nee! Hou 'n kermis, 'n dramatiese vertoning, 'n skyn verhoor, antieke eetmaal of iets om te eet, enigiets om die mense mee te vermaak."

Goewerneur Washburn, van Wisconsin, het in sy jaarlikse boodskap op 9 Januarie 1873 verklaar: "Dit wil voorkom asof wetgewing nodig is om die skole waar dobbelaars opgelei word, te sluit. Hulle is oral. Selfs die kerk (ongetwyfeld onbewustelik), word soms gevind dat hulle die werk van die duiwel doen. Geskenk-konserte, geskenk-ondernemings en loterye, soms ten bate van godsdienstige of liefdadigheids doeleindes, maar dikwels vir minderwaardige doeleindes, loterye, pryspakkette, ens, dien alles om geld, sonder toevoeging van waarde, te ontvang. Niks is so demoraliserend of bedwelmend, veral vir jongmense, as die verkryging van geld of eiendom sonder arbeid nie. Omdat respektabele mense by hierdie gelukskoot-ondernemings betrokke raak en hul gewete sus met die idee dat die geld vir 'n goeie doel aangewend word, is dit nie vreemd

dat die jeug van die staat so dikwels in die gewoontes verval wat amper seker deur die opwinding van dobbelspel gegenereer word nie."

Die gees van wêreldse gelykvormigheid, dring die kerke 388
dwarsdeur die Christendom binne. In 'n preek in Londen, skilder Robert Atkins 'n donker prent van die geestelike agteruitgang wat in Engeland heers: "Die ware regverdiges op die aarde verminder en niemand neem dit ter harte nie. Die belyers van die hedendaagse godsdiens in alle kerke, is liefhebbers van die wêreld, in ooreenstemming met die wêreld, liefhebbers van aardse gemak en strewe na eer. Hulle word geroep om saam met Christus te ly, maar hulle krimp selfs van smaad weg ... Afvalligheid, afvalligheid, afvalligheid, is aan die voorkant van elke kerk gegraveer; en indien hulle dit geweet of ervaar het, sou daar hoop wees; maar, helaas! hulle roep uit: 'Ons is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie.'" — *Second Advent Library*, Traktaat nr 39.

Die groot sonde waarvan Babilon beskuldig word, is dat sy "...al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery." Hierdie beker van bedwelming wat sy aan die wêreld voorhou, verteenwoordig die valse leerstellings wat sy as gevolg van haar onwettige verbintenis met die grotes van die aarde aanvaar het. Vriendskap met die wêreld het haar geloof besoedel en op haar beurt, oefen sy 'n verderflike invloed op die wêreld uit deur leerstellings te leer wat teenstrydig met die duidelikste uitsprake van die Heilige Skrif is.

Rome het die Bybel van die mense weerhou en vereis dat 389
alle mense haar leerstellings in die plek daarvan moet aanvaar. Dit was die werk van die Hervorming om die Woord van God aan die mense terug te gee; maar is dit nie te waar, dat mense in ons tyd in die kerke geleer word om hul geloofsbelydenis op die leerstellings van hulle kerk te grond eerder as op die Skrif nie? Charles Beecher het met verwysing na die Protestantse kerke gesê: "Hulle krimp weg van enige growwe woord teen

hulle geloofsbelydenisse met dieselfde sensitiwiteit waarmee daardie heilige vaders sou wegkrimp het vir ‘n growwe woord teen die toenemende verering van heiliges en martelare wat hulle gekoester het ... Die Protestantse evangeliese denominasies het mekaar en hul eie hande so vasgebind dat tussen hulle almal geen man 'n prediker kan word sonder om een of ander boek naas die Bybel te aanvaar nie. Daar is niks denkbeeldig in die verklaring dat die mag van ‘n geloofsbelydenis die Bybel begin verbied, net so gewis soos wat Rome dit gedoen het, hoewel op 'n meer subtiele wyse. — Preek oor “*The Bible a Sufficient Creed*," gelewer te Fort-Wane, Indiana, 22 Feb 1846.

Wanneer getroue leraars die Woord van God uitlê, staan manne van geleerdheid op, predikante wat beweer dat hulle die Skrifte verstaan, wat die gesonde leer as kettery veroordeel en sodoende ondersoekers na die waarheid wegwys. Was dit nie dat die wêreld hopeloos met die wyn van Babilon bedwelm is nie, sou menigtes deur die eenvoudige, snydende waarhede van die Woord van God oortuig en bekeer kon word. Maar dit wil voorkom asof godsdienstige geloof so verward en onoordeelkundig is, dat die mense nie weet wat om vir die waarheid aan te neem nie. Die sonde van die wêreld se onboetvaardigheid kan voor die deur van die kerk gelê word.

Die boodskap van die tweede engel van Openbaring 14 is die eerste keer in die somer van 1844 verkondig en toe was dit meer direk van toepassing op die kerke van die Verenigde State, waar die waarskuwing teen die oordeel, die wydste verkondig en mees algemeenste verwerp is en waar die afvalligheid in die kerke die vinnigste was. Maar die boodskap van die tweede engel het nie in 1844 volledig in vervulling gegaan nie. Die kerke het toe ‘n sedelike verval as gevolg van hulle verwerping van die lig van die advent-boodskap ervaar; maar die val was nog nie volkome nie. Namate hulle die spesiale waarhede vir hierdie tyd verwerp het, het hulle al hoe laer en gesink. Maar daar kon egter nog nie toe gesê word dat Babilon geval het nie, “...omdat

sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery...” nie. Sy het toe nog nie al die nasies van haar wyn laat drink nie. Die gees van wêreldgesindheid en onverskilligheid teenoor die beproefde waarhede vir ons tyd, bestaan steeds en neem al hoe meer in die Protestantse geloof in al die lande van die Christendom toe; en hierdie kerke is ingesluit by die skrikwekkende veroordeling van die tweede engel. Maar die werk van afvalligheid het nog nie sy hoogtepunt bereik nie.

Die Bybel verklaar dat Satan voor die koms van die Here 390
“...met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan...” sal werk, “...omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie...” en dat hulle “...die krag van die dwaling...” sal aanneem “...om die leuen te glo.” (2 Thes 2:9-11). Eers wanneer hierdie toestand bereik is en die vereniging van die kerk met die wêreld in die hele Christendom verwesenlik is, sal die val van Babilon volkome wees. Die verandering is geleidelik en die volkome vervulling van Openbaring 14:8 is nog in die toekoms.

Ondanks die geestelike duisternis en vervreemding van God, wat in die kerke wat deel van Babilon uitmaak bestaan, is die groot liggaam van Christus se ware volgelinge steeds in hul gemeenskap te vinde. Daar is baie van hulle wat nog nooit die spesiale waarhede vir hierdie tyd raakgesien het nie. Baie van hulle is ontevrede oor hul huidige toestand en verlang na helderder lig. Hulle soek tevergeefs na die beeld van Christus in die kerke waarvan hulle lidmate is. Namate hierdie kerke al hoe verder van die waarheid afwyk en hulself al nouer met die wêreld verbind, sal die verskil tussen die twee klasse groter word en sal dit uiteindelik skeiding tot gevolg hê. Die tyd sal aanbreek wanneer diegene wat God bo alles liefhet, nie langer in verbinding kan bly met diegene wat “...meer liefhebbers van

genot as liefhebbers van God...” is nie en “...wat ‘n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën.”

Openbaring 18 wys op die tyd aan wanneer die kerk, as gevolg van die verwerping van die drieledige waarskuwing van Openbaring 14:6-12, uiteindelik die toestand wat die tweede engel voorspel het ten volle sal bereik en die volk van God wat nog in Babilon is, geroep sal word om van gemeenskap met haar te skei. Hierdie boodskap is die laaste wat ooit aan die wêreld gegee sal word; en dit sal sy werk volbring. Wanneer diegene “...wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid...” (2 Thess. 2:12), oorgelaat sal word om kragtige dwaling te ontvang en die leuen te glo, sal die lig van waarheid op almal skyn wie se harte oop is om dit te ontvang en al die kinders van die Here wat in Babilon agtergebly het, sal aan die oproep gehoor gee: “Gaan uit haar uit, my volk.” (Openb 18:4).

## Hoofstuk 22 391

# Profesieë Vervul

Toe die eerste tyd vir die verwagte wederkoms van die Here verstreke was, (in die lente van 1844), was diegene wat in geloof na Sy verskyning uitgesien het, vir ‘n tyd in twyfel en onsekerheid gelaat. Terwyl die wêreld hulle as totaal verslaan beskou het en hulle geblyk het ‘n groot dwaling te koester, was die bron van hulle vertroosting steeds die Woord van God. Baie het voortgegaan om die Skrif te deursoek, die bewyse van hulle geloof opnuut te ondersoek en die profesieë deeglik te bestudeer ten einde verdere lig te bekom. Die Bybelse getuienis ter stawing van hulle standpunt het duidelik en afdoende geblyk te wees. Onmiskenbare tekens het daarop gedui dat die koms van Christus naby was. Die spesiale seën van die Here, beide in die bekering van sondaars en die herlewing van die geestelike lewe onder Christene, het getuig dat die boodskap vanuit die hemel was. En hoewel die gelowiges nie die rede vir hul groot teleurstelling kon verklaar nie, het hulle oortuig gevoel dat God hulle in hul vorige ervaring gelei het.

Verweef met die profesieë wat hulle as van toepassing op die tyd tweede koms beskou het, was daar voorskrifte wat spesiaal vir hul toestand van onsekerheid en spanning aangepas is en wat hulle aangemoedig het om geduldig in geloof te wag, tot wanneer dit wat donker vir hulle begrip was, met tyd duidelik gemaak sou word.

Onder hierdie profesieë was dié van Habakuk 2:1-4: “Op my 392
wagtoring wil ek gaan staan en op ‘n skansmuur wil ek my stel om uit te kyk en te verneem wat Hy met my sal spreek en wat ek op my klagte moet antwoord. Toe antwoord die Here my en sê: Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees. Want die gesig sal nog duur tot die vasgestelde tyd; maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag dan daarop, want alte

seker sal dit kom en nie versuim nie. Kyk, sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie. Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe."

Reeds in 1842 het die opdrag in hierdie profesie:, "Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle al lopende dit kan lees..." aan Charles Fitch op die gedagte gebring om 'n profetiese grafiek op te stel om die visioene Daniël en Openbaring te illustreer. Die publikasie van hierdie grafiek is beskou as 'n vervulling van die opdrag wat aan Habakuk gegee is. Niemand het egter op daardie stadium opgemerk dat daar 'n skynbare vertraging in die vervulling van die visioen — 'n verposing — in dieselfde profesie aangebied word nie. Ná die teleurstelling, was die skrif baie duidelik: "Want die gesig sal nog duur tot op die vasgestelde tyd: maar dit spoed na die einde en sal nie teleurstel nie. As dit mag vertoef, wag daarop; want alte seker sal dit kom en nie versuim nie ... Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe." (Hab.2:3).

'n Gedeelte van Esegiël se profesie was ook 'n bron van krag en vertroosting vir die gelowiges: "En die woord van die Here het tot my gekom en gesê: Mensekind, wat is dit vir 'n spreekwoord wat julle het in die land van Israel, naamlik: Die dae gaan voort en van al die gesigte kom niks nie. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: ... Die dae is naby en die woord van elke gesig ... want Ek, die Here, sal spreek — wat Ek as woord spreek, dit sal vervul word, dit sal nie meer uitgestel word nie ... Die huis van Israel sê: Die gesig wat hy sien, is vir baie dae en hy profeteer van tye wat ver is. Daarom, sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as woord spreek, dit sal vervul word." (Eseg 12:21-25,27,28).

Diegene wat gewag het was verheug omdat hulle geglo het 393
dat Hy wat die einde van die begin af ken, deur die eeue heen kyk en, omdat Hy hulle teleurstelling vooruitgesien het, aan hulle woorde van bemoediging en hoop gegee het. As dit nie

was vir sulke skrifgedeeltes was wat hulle vermaan het om geduldig te wag en aan hul vertroue in God se Woord vas te hou nie, sou hulle geloof in daardie uur van beproewing gefaal het.

Die gelykenis van die tien maagde van Mattheüs 25, illustreer ook die ervaring van die Adventiste. In antwoord op die vraag van Sy dissipels aangaande die tekens van Sy koms en die einde van die wêreld, het Christus in Mattheüs 24 na enkele van die belangrikste gebeure in die geskiedenis van die wêreld en die kerk, vanaf Sy eerste koms tot Sy tweede koms gewys; naamlik die verwoesting van Jerusalem, die groot verdrukking van die kerk onder die heidense en pouslike vervolgings, die verduistering van son en maan en die val van die sterre. Daarna het Hy van Sy koms in Sy koninkryk gepraat en die gelykenis vertel, wat die twee klasse van diensknegte wat na Sy koms sou uitsien beskryf het. Hoofstuk 25 begin met die woorde: “Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde...” Hier word gewys op die kerk wat in die laaste dae sal leef, dieselfde wat in die slot van hoofstuk 24 uitgewys word. In hierdie gelykenis word hul ervaring deur voorvalle uit ‘n Oosterse huwelik geïllustreer.

“Dan sal die koninkryk van die hemele wees soos tien maagde wat hulle lampe geneem en uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. En vyf van hulle was verstandig en vyf dwaas. En toe die wat dwaas was, hul lampe neem, het hulle geen olie met hulle saamgeneem nie. Maar die verstandiges het olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem. En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!” (Matt 25:1-6).

Die koms van Christus, soos deur die aankondiging van die 394
eerste engel se boodskap, word verstaan dat dit die koms van die bruidegom voorstel. Die wydverspreide hervorming as gevolg van die verkondiging van Sy spoedige wederkoms, word deur die uittog van die maagde voorgestel. In hierdie gelykenis,

net soos in dié van Mattheüs 24, word twee klasse verteenwoordig. Almal het hulle lampe, die Bybel, geneem en in die lig daarvan uitgegaan om die Bruidegom te ontmoet. Maar terwyl "...die wat dwaas was, hul lampe [ge]neem, het..." en "...geen olie met hulle saamgeneem [het]nie..." het "...die verstandiges ... olie in hulle kanne saam met hul lampe geneem." Laasgenoemde klas het die genade van God ontvang, die herskeppende, verligtende krag van die Heilige Gees, wat Sy Woord 'n lamp vir die voet en 'n lig op die pad maak. In die vrees van God het hulle die Skrif bestudeer om die waarheid te leer en hulle het ernstig na reinheid van hart en lewe gestrewe. Hulle het 'n persoonlike ervaring gehad, 'n geloof in God en Sy Woord, wat nie deur teleurstelling en vertraging omvergewerp kon word nie. Ander weer, het hulle lampe geneem en geen olie saamgeneem nie. Hulle het impulsief opgetree. Hulle vrees was aangewakker deur die plegtige boodskap, maar hulle het op die geloof van hulle broeders staat gemaak, tevrede met die flikkerende lig van aangename emosies, sonder 'n deeglike begrip van die waarheid, of 'n opregte werk van genade in hul harte. Hulle het die Here vol hoop met die oog op die onmiddellike beloning tegemoetgegaan; maar hulle was nie voorbereid op vertraging en teleurstelling nie. Toe die beproewinge kom, het hulle geloof gefaal en hulle ligte het verdof.

"En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal 395
vaak geword en aan die slaap geraak." Die talming van die bruidegom word deur die tyd wat verloop het vanaf die datum waarop die Here verwag is, die teleurstelling en die skynbare vertraging verteenwoordig. In hierdie tyd van onsekerheid het die belangstelling van die oppervlakkiges en halfhartiges vinnig begin wankel en hulle pogings het verslap; maar diegene wie se geloof op 'n persoonlike kennis van die Bybel berus het, het 'n rots onder hulle voete gehad wat nie deur die golwe van teleurstelling weggespoel kon word nie. "Almal het vaak geword en aan die slaap geraak." Die een klas met

onbesorgdheid en versaking van hulle geloof; die ander klas geduldig, wagtend op duideliker lig. Tog in die nag van beproewing, het dit geblyk asof laasgenoemdes hul ywer en toewyding tot 'n mate verloor het. Die halfhartiges en oppervlakkiges kon nie langer op die geloof van hul broeders steun nie. Elkeen moes vir homself staan of val.

Omstreeks hierdie tyd het fanatisme begin verskyn. Sommige van diegene wat beweer het ywerige aanhangers van die boodskap te wees, het die Woord van God as die een onfeilbare gids verwerp en beweer dat hulle deur die Gees gelei is en hulself aan die beheer van hulle eie gevoelens, indrukke en verbeelding oorgegee. Sommige het ‘n blinde en bekrompe ywer aan die dag gelê en almal wat nie met hulle saamgestem het nie veroordeel. Hulle fanatiese idees en optredes het geen simpatie van die groot liggaam van Adventiste ontlok nie; tog het hulle gedien om die saak van die waarheid te smaad.

Satan het op hierdie wyse gepoog om die werk van God teë te gaan en te vernietig. Die mense was diep ontroer deur die advent-beweging, duisende sondaars het tot bekering gekom en selfs in hierdie tyd van verposing, het getroue manne hulself aan die taak gewy om die waarheid te verkondig. Die vors van die bose het sy onderdane verloor; en ten einde die saak van God te smaad, het hy gepoog om die skyngelowiges te mislei en hulle tot uiterstes te dryf. Toe het sy werkkragte gereed gestaan om elke dwaling, elke mislukking, elke onbetaamlike daad, aan te gryp en in die mees oordrewe lig aan die volk voor te hou, ten einde die Adventiste en hulle geloof veragtelik te maak. Hoe groter die aantal wat hy dus tot ‘n skyngeloof in die tweede koms kon intrek, terwyl sy mag hulle harte beheer, hoe meer voordeel sou hy trek, deur die aandag op hulle as verteenwoordigers van die hele liggaam van gelowiges te vestig.

Satan is “...die aanklaer van ons broeders...” en dit is sy gees 396
wat mense besiel om vir die foute en gebreke van die kinders

van die Here uit te kyk en dit aan die wêreld voor te hou, terwyl hulle goeie dade verontagsaam en geswyg word. Hy is altyd bedrywig wanneer God aan die werk is om siele te red. Wanneer die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, voeg Satan hom ook by hulle. Met elke herlewing is hy gereed om diegene wat onheilig van hart en ongebalanseerd is, in te bring. Wanneer hierdie partye punte van waarheid aanvaar het en 'n plek by die gelowiges verkry het, werk hy deur hulle om teorieë wat onbehoedsame mense sal mislei, voor ter stel. Geen mens is bevind 'n ware Christen te wees omdat hy in gemeenskap met kinders van God gevind word, selfs nie eers in die huis van aanbidding en rondom die Nagmaaltafel van die Here nie. Satan is dikwels by die mees plegtigste geleenthede in die vorm van diegene wat hy as sy werkkragte kan gebruik teenwoordig.

Die vors van duisternis bestry elke sentimeter grond waarop die volk van God op hul reis na die hemelse stad vorder. In die geskiedenis van die kerk was daar nog geen hervorming sonder dat ernstige struikelblokke teëgekom is nie. So was dit in die tyd van Paulus. Oral waar die apostel ’n kerk opgerig het, was daar sommige wat beweer het dat hulle die geloof aanvaar, maar wat dwaalleringe ingebring het wat, indien dit aanvaar sou word, uiteindelik die liefde vir die waarheid sou verdring. Luther het ook groot verwarring en ellende van dwepers verduur wat beweer het dat God regstreeks deur hulle gepraat het en wat sodoende hul eie idees en standpunte bo die getuienis van die Skrif gestel het. Baie wat 'n gebrek aan geloof en ervaring gehad het, maar wat heelwat selfgenoegsaamheid aan die dag gelê het en wat graag iets nuuts wou hoor en vertel, is deur aanmatigende nuwe leraars verlei en het by die werkkragte van Satan aangesluit in hul werk om dit wat Luther beweeg het om op te bou, af te breek. En die Wesleys en ander wat die wêreld met hulle invloed en geloof geseën het, het met elke stap die liste van Satan teëgekom, wat dweepsugtige,

ongebalanseerde en onheilige mense tot alle vorms van fanatisme gedryf het.

William Miller het geen medelye met invloede wat tot 397
fanatisme gelei het gehad nie. Soos Luther, het hy verklaar dat elke gees deur die Woord van God beproef moes word. “Die duiwel...” het Miller gesê, “...het tans groot mag oor die gemoed van sommige. En hoe sal ons weet van watter gees hulle is? Die Bybel antwoord: ‘Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.’ Daar is baie geeste wat in die wêreld uitgegaan het; en ons is beveel om die geeste te beproef. Die gees wat ons nie beweeg om nugter, regverdig en godvrugtig in hierdie huidige wêreld te leef nie, is nie die Gees van Christus nie. Ek is steeds meer en meer oortuig daarvan dat Satan baie te doen het met hierdie wilde bewegings ... Baie onder ons, wat voorgee om volkome geheilig te wees, volg die tradisies van mense en is blykbaar net so onkundig aangaande die waarheid soos ander wat geen sulke aansprake maak nie. – Bliss, bl 236,237. Die gees van dwaling sal ons van die waarheid weglei; en die Gees van God sal ons in alle waarheid lei. Maar, sê iemand, ‘n persoon mag dwaal en meen dat hy die waarheid het. Wat dan? Ons antwoord: Die Gees en die Woord stem ooreen. As iemand homself volgens die Woord van God oordeel en in perfekte harmonie met die volle Woord bevind, dan moet hy glo dat hy die waarheid het; maar as hy vind dat die gees wat hom lei, nie in die volle sin van die woord met God se Wet of Woord ooreenstem nie, laat hom dan versigtig wandel, sodat hy nie in die strikke van die duiwel gevang word nie. – *The Advent Herald and Signs of the Times Reporter*, vol 8, nr 23 (15 Jan 1845). Ek het dikwels meer bewys van innerlike vroomheid in 'n flikkerende oog, op ‘n nat wang en stamelende woorde, gesien as in al die geraas van die Christendom.” — Bliss, bl 236, 237, 282.

In die dae van die hervorming, het die vyande van die beweging, al die euwels van fanatisme op diegene afgedwing wat die heftigste daarteen gestry het. Dieselfde weg is deur die

teëstanders van die advent-beweging gevolg. En nie tevrede met ‘n wanvoorstelling en ‘n oordrywing van die dwalings van ekstremiste en fanatici nie, het hulle ongunstige berigte versprei wat nie die geringste sweem van waarheid gehad het nie. Hierdie persone is deur vooroordeel en haat beïnvloed. Hulle vrede was verstoor deur die verkondiging dat die koms van Christus op hande was. Hulle was bevrees dat dit moontlik waar kon wees, maar terselfdertyd gehoop dat dit nie so was nie en dit was die geheim van hul oorlogvoering teen Adventiste en hul geloof.

Die feit dat ‘n paar fanatici hulle in die geledere van die 398
Adventiste ingewerk het, is geen rede om tot die gevolgtrekking te kom dat die beweging nie van God was nie, net so min as wat die teenwoordigheid van fanatici en bedrieërs in die kerk in die tyd van Paulus of Luther voldoende verskoning was om hul werk te veroordeel. Laat die volk van God uit hulle slaap gewek word en met die werk van bekering en hervorming begin; laat hulle die Skrif ondersoek om die waarheid, soos dit in Jesus is, te leer; laat hulle ‘n algehele toewyding aan God maak en daar sal geen tekort aan bewyse wees dat Satan steeds aktief en waaksaam is nie. Met alle moontlike misleiding sal hy sy mag openbaar en al die gevalle engele van sy ryk tot sy hulp oproep.

Dit was nie die verkondiging van die tweede koms wat fanatisme en verdeeldheid veroorsaak het nie. Dit het in die somer van 1844 verskyn toe die Adventiste in 'n toestand van twyfel en verwarring aangaande hulle ware posisie verkeer het. Die prediking van die eerste engel se boodskap en die “middernag-roep” het regstreeks geneig om fanatisme en onenigheid te onderdruk. Diegene wat aan hierdie plegtige bewegings, deelgeneem het was in harmonie; hulle harte is met liefde vir mekaar en vir Jesus gevul, wat hulle binnekort verwag het. Die een geloof en een salige hoop, het hulle bo die beheer van enige menslike invloed uitgelig en was 'n skild teen die aanvalle van Satan.

"En terwyl die bruidegom talm om te kom, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak. En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet! Toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed." (Matt 25:5-7). In die somer van 1844, halfpad tussen die tyd wanneer daar eers gemeen was dat 2 300 dae sou eindig en die herfs van dieselfde jaar, waarna agterna gevind is dat dit verder gestrek het, is die boodskap in die einste woorde van die Skrif aangekondig: "Daar kom die bruidegom!"

Wat tot hierdie beweging gelei het, was die ontdekking dat 399
die dekreet van Artasasta vir die herstel van Jerusalem, wat die vertrekpunt vir die periode van 2 300 dae was, in die herfs van die jaar 457 vC in werking getree het en nie aan die begin van die jaar soos vroeër geglo is nie. Vanaf die herfs van 457, eindig die 2 300 jaar in die herfs van 1844. *[Sien bylaag nota vir bl 329].*

Argumente wat uit die tipes van die Ou Testament afgelei is, het ook na die herfs gewys as die tyd vir wanneer die gebeurtenis wat deur die 'reiniging van die heiligdom' voorgestel word, moes plaasvind. Dit word duidelik as daar gelet word op die wyse waarop die tipes wat verband hou met die eerste koms van Christus vervul is.

Die slagting van die paaslam was 'n skaduwee van die dood van Christus. Paulus het gesê: "Want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus." (1 Kor 5:7). Die gerf van eerstelinge wat tydens die Pasga voor die Here gewaai is, was 'n tipe van die opstanding van Christus. Toe Paulus van die opstanding van die Here en van Sy volk praat, het hy gesê: "As eersteling, Christus, daarna die wat aan Christus behoort by Sy koms." (1 Kor 15:23). Net soos die gerf-offer wat die eerste ryp graan was wat voor die oes ingesamel is, is Christus die eersteling van daardie onsterflike oes van verlostes, wat met die toekomstige opstanding, in die skuur van God versamel sal word.

Hierdie tipes is vervul, nie alleen wat die gebeurtenis betref nie, maar ook ten opsigte van die tyd. Op die veertiende dag

van die eerste Joodse maand, die dag en maand waarop die paaslam vir vyftien lang eeue geslag is, het Christus, nadat Hy die Pasga saam met sy dissipels geëet het, die feesmaal ingestel om Sy dood te herdenk as die "...Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Dieselfde nag is Hy deur goddelose hande geneem om gekruisig en gedood te word. As teenbeeld van die gerf-offer, is ons Here op die derde dag uit die dood opgewek "...as eersteling van die wat ontslaap het", 'n voorbeeld van die opgestane regverdiges wie se "...vernederde liggaam..." verander sal word "...om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam." (Filip 3:21).

Op soortgelyke wyse moet die tipes wat verband hou met 400
die tweede koms, op die tyd wat in die simboliese diens aangedui word, vervul word. Onder die Mosaïese stelsel het die reiniging van die heiligdom, of die groot versoendag, op die tiende dag van die sewende Joodse maand plaasgevind, wanneer die hoëpriester, nadat hy versoening vir die hele Israel gedoen en sodoende hulle sondes uit die heiligdom verwyder het, te voorskyn gekom en die volk geseën. (Lev 16:29-34.) So is daar geglo dat Christus, ons groot Hoëpriester, sou verskyn om die aarde te reinig deur die uitwissing van sonde en sondaars en dat Hy Sy wagtende volk met onsterflikheid sou seën. Die tiende dag van die sewende maand, die groot versoendag, die tyd van die reiniging van die heiligdom, wat in die jaar 1844 op die twee en twintigste Oktober geval het, is beskou as die tyd van die Here se koms. Dit was in ooreenstemming met die bewyse wat reeds aangebied is, dat die 2 300 dae in die herfs sou eindig; en die gevolgtrekking was onweerstaanbaar.

In die gelykenis van Mattheüs 25 word die tyd van afwagting en sluimering opgevolg deur die koms van die bruidegom. Dit was in ooreenstemming met die redenasies wat reeds aangebied is, beide uit die profesie en die tipes. Die redenasies

het 'n sterk oortuiging van waarheid gehad; en die “middernag-roep” is deur duisende gelowiges aangekondig.

Soos ‘n vloedgolf het die beweging oor die land gespoel. Van stad tot stad, van dorp tot dorp en na afgeleë landelike streke het dit gegaan, totdat die wagtende volk van God volkome opgewek was. Fanatisme het voor hierdie proklamasie verdwyn soos die vroeë ryp voor die opgaande son. Die gelowiges het gesien hoe hulle twyfel en verwarring verdwyn en hoop en moed het hul harte geroer. Die werk was vry van daardie uiterstes wat altyd gemanifesteer word waar daar menslike opgewondenheid is sonder die beherende invloed van die Woord en Gees van God. Dit was soortgelyk in karakter met daardie tydperke van vernedering en terugkeer na die Here, wat deur antieke Israel op boodskappe van teregwysing van Sy dienaars gevolg het. Dit het die kenmerke van die werk van God in alle eeue gedra. Daar was weinig ekstatiese vreugde, maar eerder 'n diepe ondersoek van die hart, sondebelydenis en versaking van die wêreld. 'n Voorbereiding om die Here te ontmoet, was die las van gepynigde siele. Daar was volhardende gebede en 'n onvoorwaardelike toewyding aan God.

In ‘n beskrywing van hierdie werk, het Miller gesê: “Daar was 401
geen uitbundige vreugde nie; dit was as‘t ware onderdruk vir 'n toekomstige geleentheid, wanneer die ganse hemel en aarde saam, met onuitspreeklike en heerlike vreugde sal juig. Daar was geen uitroepe nie: dit was gereserveer vir die geroep uit die hemel. Die sangers het geswyg: hulle het gewag om by die engele-leërskare, die koor uit die hemel, aan te sluit ... Daar was geen botsende beskouings nie: almal was een van hart en gedagte.” — S Bliss, *Memoirs of W, Miller*, bl 270, 271.

Iemand anders wat aan die beweging deelgeneem het, getuig: “Oral het dit die diepste ondersoek van die hart en verootmoediging van die siel, voor die God van die hoë hemel tot gevolg gehad. Dit het ‘n afsterwe van die geneenthede vir

die dinge van hierdie wêreld tot gevolg gehad, herstel van alle teenstrydigheid en vyandigheid, belydenis van ongeregtighede, ‘n verbryseling van hart voor God en berouvolle, gebroke smekinge tot Hom om vergifnis en aanvaarding. Dit het selfvernedering en ineenstorting van die siel veroorsaak, soos nog nooit tevore gesien is nie. Soos God deur Joël beveel het, wanneer die groot dag van God sou aanbreek, sou dit 'n skeuring van harte en nie van klere nie, voortbring en bekering tot die Here met vas, geween en rou. Soos God deur Sagaria gesê het, is 'n gees van genade en smeking oor Sy kinders uitgestort; hulle het na Hom wat hulle deurboor het, opgekyk; daar was groot droefheid in die land ... en diegene wat die Here verwag het, het hulle siele voor Hom verootmoedig.” — S Bliss, *The Advent Shield and Review*, vol 1, bl 271 (Jan 1845).

Van al die godsdienstige bewegings sedert die dae van die apostels, was niemand méér vry van menslike onvolmaaktheid en die lis van Satan, as dié van die herfs van 1844 nie. Selfs tans, na verloop van baie jare, ervaar almal wat in daardie beweging gedeel het en standvastig op die platform van waarheid staan, steeds die heilige invloed van daardie geseënde werk en getuig dat dit van God was.

Met die oproep: “Daar kom die bruidegom; gaan uit hom 402
tegemoet!” het diegene wat gewag het, opgestaan “...en hulle lampe gereed...” (Matt 25:6,7) gemaak; hulle het die Woord van God met voorheen ongekende intense belangstelling bestudeer. Engele is uit die hemel gestuur om diegene wat ontmoedig was op te wek en hulle voor te berei om die boodskap te ontvang. Die werk het nie in menslike wysheid en geleerdheid geskied nie, maar in die krag van God. Dit was nie die talentvolste nie, maar die nederigste en mees toegewyde wat eerste was om die oproep te hoor en te gehoorsaam. Boere het hulle gesaaides in die lande laat staan, werktuigkundiges het hulle gereedskap neergelê en met trane en blydskap uitgegaan om die boodskap te verkondig. Diegene wat vroeër die saak gelei het, was van die laaste wat tot hierdie beweging

toegetree het. Die kerke oor die algemeen, het hulle deure teen hierdie boodskap gesluit en 'n hele aantal van diegene wat dit aangeneem het, het hulle aan hierdie verbintenis onttrek. In die voorsienigheid van God, het die verkondiging hiervan met die boodskap van die tweede engel verenig en krag aan daardie werk gegee.

Die oproep: "Daar kom die bruidegom!" was nie soseer 'n argumentsaak nie, hoewel die bewyse in die Skrif duidelik en afdoende was. 'n Stukrag wat die siel geroer het, het daarmee gepaardgegaan. Daar was geen twyfel en geen vrae nie. Met die geleentheid van Christus se triomfantlike intog in Jerusalem, het die mense wat uit alle dele van die land saamgekom het om die feesmaal te vier, na die Olyfberg gestroom en toe hulle by die skare wat Jesus begelei het aangesluit het, is hulle in die gees van die uur opgeneem en het bygedra tot die opwellende gejuig: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" (Matt 21:9). Op dieselfde wyse het ongelowiges wat na die advent-byeenkomste gestroom het — sommige uit nuuskierigheid, andere bloot om te spot — die oortuigende krag wat die boodskap vergesel het ervaar: "Daar kom die bruidegom!"

In daardie dae was daar geloof wat antwoorde op gebede 403
gebring het — geloof wat uitgesien het na die beloning. Soos reënbuie op die dorstige aarde, het die Gees van genade op die ernstige soekers neergedaal. Diegene wat verwag het om binnekort van aangesig tot aangesig voor hulle Verlosser te staan, het 'n plegtige vreugde wat onuitspreeklik was, ervaar. Die versagtende, onderwerpende krag van die Heilige Gees, het die hart laat smelt soos Sy seën ryklik op die gelowiges uitgestort is.

Versigtig en plegtig het diegene wat die boodskap aanvaar het, die tyd waarop hulle verwag het om hulle Here te ontmoet versigtig en plegtig genader. Elke oggend het hulle gevoel dat dit hul eerste plig was om bewys van hul aanvaarding deur God

te kry. Hulle harte was in noue verbinding met mekaar en hulle het baie saam met en vir mekaar gebid. Hulle het dikwels op afgeleë plekke saamgekom om met God te kommunikeer en die stem van voorbidding het vanaf die lande en bosse na die hemel opgestyg. Die versekering van die Verlosser se goedkeuring was vir hulle meer noodsaaklik as hul daaglikse voedsel; en as 'n wolk hul gedagtes verduister het, het hulle nie gerus voordat dit weggevoer is nie. Soos hulle getuienis van Sy vergewende genade ervaar het, het hulle daarna verlang om Hom, wat hulle siele liefhet, te sien.

Maar weer eens was hulle tot teleurstelling gedoem. Die tyd van hulle verwagting, het verbygegaan en hulle Verlosser het nie verskyn nie. Met onwrikbare vertroue het hulle na Sy koms uitgesien en nou het hulle soos Maria gevoel, toe sy by die Heiland se graf gekom en dit leeg gevind het en wenend uitgeroep het: "...hulle [het] my Here weggeneem ... en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." (Joh. 20:13).

'n Gevoel van ontsag, 'n vrees dat die boodskap waar kon 404
wees het vir 'n tyd lank gedien om die ongelowige wêreld in bedwang te hou. Na die tyd verstreke was, het hierdie gevoel nie onmiddellik verdwyn nie; aanvanklik het hulle nie durf om oor die teleurgesteldes te seëvier nie, maar toe daar geen tekens van God se toorn gesien is nie, het hulle vrees verdwyn en hulle het hul smaad en bespotting voortgesit. 'n Groot klas wat beweer het dat hulle glo Hy sou binnekort kom, het hulle geloof verloën. Sommige wat baie selfversekerd was, was so in hul trots gekrenk, dat hulle gevoel het om van die wêreld weg te vlug. Soos Jona, het hulle teen God gemurmureer en die dood bo die lewe verkies. Diegene wat hulle geloof op die opinies van ander en nie op die Woord van God gegrond het nie, was nou meer as bereid om van sienswyse te verander. Die spotters het die swakkes en lafhartiges tot hulle geledere oorgewen en hulle het almal saamgestaan en verklaar, dat daar nou geen vrees of verwagting meer kon wees nie. Die tyd het

verbygegaan, die Here het nie gekom nie en die wêreld kan nog vir duisende jare dieselfde bly.

Die ernstige, opregte gelowiges, het alles vir Christus prysgegee en het soos nooit tevore Sy teenwoordigheid ervaar. Hulle het, soos hulle geglo het, hul laaste waarskuwing aan die wêreld gegee; en omdat hulle verwag het om binnekort in die samelewing van hul Goddelike Meester en die hemelse engele ontvang te word, het hulle hulself tot 'n groot mate van diegene wat nie die boodskap aangeneem het nie, onttrek. Met vurige verlange het hulle gebid: "Kom Here Jesus, kom gou." Maar Hy het nie gekom nie. En om nou weer die swaar las van die sorge en verwarring van die lewe op te neem en die smaad van 'n wêreld van spotters te verduur, was 'n verskriklike beproewing vir hulle geloof en geduld.

Tog was hierdie teleurstelling nie so groot soos wat die 405
dissipels tydens Christus se eerste koms ervaar het nie. Toe Jesus Jerusalem triomfantlik binnegery het, het sy volgelinge geglo dat Hy op die punt was om die troon van Dawid te bestyg en Israel van haar verdrukkers te verlos. Met groot hoop en vreugdevolle verwagtings het hulle met mekaar gewedywer om eer aan hul Koning te betoon. Baie het hulle bokleed as tapyt in sy pad oopgesprei, of die palmtakke voor Hom in die pad neergelê. In hul uitbundige vreugde het hulle in lofprysing verenig: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" Toe die Fariseërs, gesteurd en vertoornd deur hierdie uitbarsting van vreugde, versoek het dat Jesus sy dissipels moes bestraf, het Hy geantwoord: "As hulle swyg, sal die klippe uitroep." (Luk 19:40). Profesie moet vervul word. Die dissipels het die doel van God bereik; maar tog was hulle tot bittere teleurstelling gedoem. Slegs 'n paar dae sou verloop voordat hulle die pynlike dood van die Heiland sou aanskou en Hom in die graf neerlê. Hulle verwagtings is nie in een enkele opsig verwesenlik nie en hulle hoop het saam met Jesus gesterf. Nie voordat hulle Here seëvierend uit die graf te voorskyn gekom het, het hulle besef

dat alles in die profesie voorspel is en "... dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan..." (Hand 17:3).

Vyfhonderd jaar tevore het die Here deur die profeet Sagaria verklaar: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin." (Sag 9:9). As die dissipels besef het dat Christus op pad na veroordeling en die dood was, sou hulle hierdie profesie nie kon vervul nie.

Op dieselfde wyse het Miller en sy medewerkers die profesie vervul en 'n boodskap gebring, wat deur Ingewing voorspel is aan die wêreld gebring moes word, maar wat hulle nie sou kon bring indien hulle die profesieë wat na hul groot teleurstelling gewys het, ten volle begryp het en 'n ander boodskap wat aan alle nasies gebring moes word voordat die Here kom, verkondig het nie. Die eerste en tweede engele se boodskappe is op die regte tydstip gegee en het die werk wat God beplan het om daardeur te verrig, volbring.

Die wêreld het toegekyk en verwag dat as die tyd sou 406
verstryk en Christus nie sou verskyn nie, die hele stelsel van Adventisme prysgegee sou word. Maar terwyl baie, onderhewig aan sterk versoeking, hul geloof versaak het, was daar sommige wat vasgestaan het. Die vrugte van die advent-beweging, die gees van nederigheid en hartsondersoek, van versaking van die wêreld en hervorming van die lewe, wat met die werk gepaard gegaan het, het getuig dat dit van God was. Hulle het nie durf ontken, dat die krag van die Heilige Gees van die prediking van die wederkoms getuig het nie en hulle kon geen fout in die berekening van die profetiese tydperke opspoor nie. Die bekwaamste van hulle teenstanders, het nie daarin geslaag om hul stelsel van profetiese interpretasie omver te werp nie. Hulle kon nie sonder getuienis uit die Bybel instem om van standpunte wat deur ernstige, biddende studie van Skrif bereik is, deur 'n verstand wat deur die Gees van God

verlig is en harte wat met Sy lewende krag gebrand het, afstand te doen nie; standpunte wat die mees ondersoekende kritiek en bitterste teenstand van gewilde godsdienstige leraars en wêreldwyse individue weerstaan het en wat vasgestaan het teen die saamgestelde kragte van geleerdheid en welsprekendheid, sowel as die bespottinge en verwyte van die hoogdrawendes en die laagstes.

Dis waar dat daar teleurstelling was met betrekking tot die verwagte gebeurtenis, maar selfs dit kon hulle geloof in die Woord van God, nie skud nie. Toe Jona in die strate van Ninevé verkondig het dat die stad binne veertig dae verwoes sou word, het die Here die verootmoediging van die Nineviete aanvaar en hulle proeftydperk verleng; tog was die boodskap van God deur Jona gestuur en Ninevé is volgens Sy wil getoets. Adventiste het geglo dat God hulle op dieselfde wyse gelei het om die waarskuwing aangaande die oordeel te bring. “Dit...” het hulle verklaar, “...het die harte van almal wat dit gehoor het getoets en ’n verlange na die verskyning van die Here gewek; of dit het ‘n haat daarteen gewek, tot 'n mindere of meerdere mate waarneembaar, maar aan God bekend. Dit het ‘n skeidslyn getrek ... sodat diegene wat hul eie harte ondersoek het, kon weet aan watter kant hulle sou staan as die Here kom — of hulle sou uitroep: ‘Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos...’ of tot die berge en rotse roep: ‘Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en van die toorn van die Lam.’ So het God, glo ons, Sy volk getoets, hulle geloof beproef en gekyk of hulle in die uur van beproewing sou wegkrimp van die posisie waarin Hy dit goed gevind het om hulle te plaas; en of hulle hierdie wêreld sou versaak en met implisiete vertroue op die Woord van God sou staatmaak.” — *The Advent Herald and Signs of the Times Reporter*, vol 8, nr 14 (13 Nov 1844).

Die gevoelens van diegene wat steeds geglo het dat God 407
hulle in hul vorige ervaring gelei het, kom tot uitdrukking in die woorde van William Miller: “Sou ek my lewe weer kon herleef

met dieselfde getuienis as destyds, sou ek, om eerlik met God en die mens te wees, weer moes optree soos ek gedoen het ... Ek hoop dat ek my klere van die bloed van siele gereinig het. Ek voel dat ek, sover as dit in my vermoë was, myself van alle skuld aan hulle veroordeling vrygemaak het ... Alhoewel ek al twee keer teleurgestel is...” het hierdie man van God geskryf, “...is ek nog nie teneergedruk of ontmoedig nie... My hoop op die koms van Christus, is nog steeds so sterk soos voorheen. Ek het slegs gedoen wat ek, na jare se plegtige oorweging, as my plig beskou het om te doen. As ek ‘n fout begaan het, was dit aan die kant van liefde, liefde vir my medemens en ‘n oortuiging van my plig teenoor God ... Een ding weet ek, ek het niks anders gepreek as wat ek geglo het nie; en God was met my; Sy krag is in my werk geopenbaar en baie goed het daaruit voortgespruit ... Duisende mense is, volgens alle menslike voorkoms, gelei om deur die prediking van daardie tyd, die Skrif te bestudeer; en op daardie wyse is hulle deur geloof en besprinkeling van die bloed van Christus met God versoen.” — S Bliss, *Memoirs of Wm Miller*, bl 256, 255, 277, 280, 281. “Ek het nooit die guns van die hovaardiges gesoek of teruggedeins wanneer die wêreld gefrons het nie. Ek sal nie nou hulle guns koop nie en sal ook nie die perke van plig oorskry om hulle haat uit te lok nie. Ek sal nooit my lewe van hulle hande afsmeek en ook nie wegkrimp om dit te verloor as God dit in Sy goeie voorsienigheid so beskik nie .” — J White, *Life of Wm Miller*, bl 315.

God het nie Sy volk verlaat nie; Sy Gees het steeds by 408
diegene gebly wat nie die lig wat hulle ontvang het, onbesonne ontken het en die advent-beweging veroordeel het nie. In die brief aan die Hebreërs is daar woorde van bemoediging en waarskuwing vir die beproefde, wagtende mense in hierdie krisis: “Werp dan julle vrymoedigheid, wat ‘n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog ‘n klein tydjie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom

onttrek, het My siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoudenis van die siel." (Heb 10:35-39).

Dat hierdie vermaning in die laaste dae aan die kerk gerig is, blyk uit die woorde wat wys op die nabyheid van die koms van die Here: "Want nog 'n klein tydjie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie." (Heb 10:37). En dit word geïmpliseer dat daar 'n skynbare vertraging sal wees en dat dit sal voorkom asof die Here talm. Die opdragte wat hier gegee word, is veral toepaslik op die ervaring van Adventiste in hierdie tyd. Die mense tot wie hierdie woorde gerig is, het gevaar geloop dat hulle geloof skipbreuk sou ly. Hulle het die wil van God gedoen deur die leiding van Sy Gees en Sy Woord te volg; tog kon hulle nie Sy doel in hul vorige ervaring begryp nie en kon ook nie die weg voor hulle onderskei nie en was hulle in die versoeking om te twyfel of God hulle wel gelei het. Op hierdie tydstip was die volgende woorde van toepassing: "Die regverdiges sal uit die geloof lewe." Terwyl die helder lig van die "middernag-roep" op hulle pad geskyn en hulle die profesieë onverseël en die vinnig-vervulde tekens van die nabyheid van die koms van Christus gesien het, het hulle as't ware op sig gewandel. Maar nou, neergebuig deur teleurgestelde hoop, kon hulle slegs deur geloof in God en sy Woord staande bly. Die spottende wêreld het gesê: "Julle is mislei. Doen afstand van julle geloof en erken dat die advent-beweging van Satan was." Maar God se Woord het verklaar: "As hy hom onttrek, het My siel geen welbehae in hom nie." (Heb 10:38). Om nou hulle geloof en die krag van die Heilige Gees wat die boodskap vergesel het te verloën, sou 'n terugkeer na verdoemenis wees. Deur die woorde van Paulus, is hulle hulle aangemoedig om standvastig te wees: "Werp dan julle vrymoedigheid nie weg nie ... julle het lydsaamheid nodig ... want nog 'n klein tydjie en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie." Hulle enigste veilige weg was om die lig wat hulle reeds van God ontvang het te koester, vas te hou aan Sy

beloftes, voort te gaan om die Skrif te deursoek en geduldig te wag en op die uitkyk te wees om verdere lig te ontvang.

Hoofstuk 23 409

# Wat is die Heiligdom?

Die skrif wat bo alle ander die grondslag, sowel as die kernpilaar van die advent-geloof was, was die verklaring: “Tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word.” (Dan 8:14). Dit was bekende woorde vir alle gelowiges in die koms van die Here. Deur die lippe van duisende is hierdie profesie as die wagwoord vir hulle geloof herhaal. Almal was van mening dat hulle grootste verwagtings en mees gekoesterde hoop op die gebeure wat daarin voorspel is, berus het. Daar is aangetoon dat hierdie profetiese dae in die herfs van 1844 sou eindig. Saam met die res van die Christelike wêreld , het Adventiste geglo dat die aarde, of ‘n deel daarvan, die heiligdom was. Hulle het verstaan dat die reiniging van die heiligdom, die suiwering van die aarde deur vuur op die laaste groot dag sou wees en dat dit tydens die wederkoms sou plaasvind. Vandaar die gevolgtrekking dat Christus in die jaar 1844 sou terugkeer.

Maar die vasgestelde tyd het verbygegaan en die Here het nie gekom nie. Die gelowiges het geweet dat God se Woord nooit kon faal nie; dat hulle vertolking van die profesie foutief moes wees; maar waar het die fout gelê? Baie wou ondeurdag die knoop van die probleem ontrafel deur te ontken dat die 2 300 dae in 1844 geëindig het. Hulle kon egter geen rede hiervoor bied nie, behalwe die feit dat Christus nie op die tydstip toe hulle Hom verwag het, gekom het nie. Hulle het aangevoer dat as die profetiese tydperk in 1844 geëindig het, Christus sou gekom het om die heiligdom te reinig deur die aarde met vuur te suiwer; en aangesien Hy nie gekom het nie, kon daardie dae nog nie geëindig het nie.

Om hierdie gevolgtrekking te aanvaar, sou beteken om van 410
die vorige berekening van die profetiese tydperke af te sien. Daar is gevind dat die 2 300 dae begin het toe die gebod van

Artasasta vir die herstel en opbou van Jerusalem, in die herfs van 457 vC in werking getree het. Met dit as uitganspunt, was daar volkome eenstemmigheid in die toepassing van al die gebeure wat in die verduideliking van daardie tydperk in Daniël 9:25-27 voorspel is. Nege-en-sestig weke, die eerste 483 jaar van die 2 300 jaar, sou reik tot die Messias, die Gesalfde; en Christus se doop en salwing deur die Heilige Gees 27 nC, het die spesifikasie presies vervul. In die helfte van die sewentigste week sou die Messias afgesny word. Drie en 'n half jaar na Sy doop, is Christus in die lente van die jaar 31 nC gekruisig. Die sewentig weke, of 490 jaar, was spesifiek op die Jode van toepassing. Aan die einde van hierdie periode het die volk die verwerping van Christus verseël, deur die vervolging van Sy dissipels en het die apostels hulle in 34 nC tot die heidene gewend. Van die eerste 490 jaar van die 2 300 wat toe geëindig het, het daar nog 1 810 jaar oorgebly. Vanaf 34 nC strek 1 810 jaar tot die jaar 1844. "Dan..." het die engel gesê, "...sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." Al die voorafgaande spesifikasies van die profesie was ongetwyfeld op die vasgestelde tydstip vervul.

Volgens hierdie berekening, was alles duidelik en het ooreengestem, behalwe dat daar nie gesien is dat enige gebeurtenis wat aan die reiniging van die heiligdom beantwoord, in die jaar 1844 plaasgevind het nie. Om te ontken dat die dae op daardie tydstip geëindig het en om standpunte wat deur die onmiskenbare vervulling profesie bereik is te versaak, sou die hele saak in verwarring bring.

Maar God het Sy volk in die groot advent-beweging gelei. Sy 411
krag en heerlikheid was met die werk en Hy sou nie toelaat dat dit in duisternis en teleurstelling eindig en as 'n valse en fanatiese opgewondenheid bestempel word nie. Hy sou nie Sy Woord in twyfel en in onsekerheid laat nie. Alhoewel baie hul vorige berekening van die profetiese tydperke laat vaar en die korrektheid van die beweging daarvan ontken het, was ander wat nie bereid was om punte van geloof en ervaring wat deur

die Skrif en die getuienis van die Heilige Gees van God ondersteun is, te verloën nie. Hulle het geglo dat hulle gesonde beginsels van interpretasie in hul bestudering van die profesieë toegepas het en dat dit hulle plig was om vas te hou aan die waarhede wat hulle reeds verkry het en om op dieselfde wyse van Bybelse navorsing voort te gaan. Met ernstige gebed het hulle hul standpunt hersien en die Skrif bestudeer om hul fout te ontdek. Aangesien hulle geen fout met die berekening van die profetiese tydperke kon vind nie, is hulle gelei om die onderwerp van die heiligdom van naderby te ondersoek.

In hul ondersoek het hulle gevind dat daar geen bewyse uit die Skrif is wat die algemene opvatting dat die aarde die heiligdom is, staaf nie; maar hulle het in die Bybel 'n volledige uiteensetting van die onderwerp van die heiligdom, die aard, ligging en dienste daarvan gevind; die getuienis van die gewyde skrywers was so duidelik en volledig, dat dit die saak bo alle twyfel geplaas het. In sy brief aan die Hebreërs, sê die apostel Paulus: "So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word; en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het en die tafels van die verbond; en daar bo-op die gerubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het." (Heb 9:1-5).

Die heiligdom waarna Paulus hier verwys het, was die 412
tabernakel wat deur Moses op bevel van God as die aardse woonplek van die Allerhoogste opgerig is. "Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat ek onder hulle kan woon..." (Ex 25:8) was die opdrag wat aan Moses gegee is toe hy saam met God op die berg was. Die Israeliete het deur die woestyn getrek en die tabernakel is só opgerig dat dit van plek tot plek vervoer kon

word; tog was dit ‘n manjifieke struktuur. Die mure het uit regop planke bestaan, wat swaar met goud bedek is en op silwer voetstukke geplaas is, terwyl die dak uit 'n reeks gordyne of bedekkings bestaan het, waarvan die buitekant uit velle en die binnekant uit fyn linne, wat sierlik met figure van gerubs borduur is, bestaan het. Behalwe die buitenste voorhof, wat die brandofferaltaar bevat het, het die tabernakel self uit twee dele bestaan wat die heilige en die Allerheiligste plek genoem word, geskei deur 'n ryk en sierlike gordyn of voorhangsel en 'n soortgelyke voorhangsel wat voor die ingang van die eerste vertrek was.

Aan die suidekant van die heilige plek was die kandelaar met sewe lampe wat die heiligdom bedags, sowel as snags verlig het; aan die noordekant het die tafel met die toonbrode gestaan; en voor die voorhangsel, wat die Heilige plek van die Allerheiligste geskei het, was die goue reukofferaltaar waaruit 'n geurige wolk van wierook en die gebede van Israel daagliks voor God opgegaan het.

In die Allerheiligste plek het die verbondsark gestaan, ‘n kis van duursame hout wat met goud oorgetrek is, was die bewaarplek van die twee kliptafels waarop God die wet van die Tien Gebooie geskryf het. Bokant die ark en wat as bedekking van die heilige kis gedien het, was die versoendeksel, ‘n werk van sierlike vakmanskap, oorvleuel deur twee gerubs, een op elke punt en alles uit soliede goud vervaardig. Hier is die Goddelike teenwoordigheid in 'n wolk van heerlikheid tussen die gerubs geopenbaar.

Nadat die Hebreërs in Kanaän gevestig was, is die tabernakel deur die tempel van Salomo vervang, wat, hoewel dit ‘n permanente struktuur was en op groter skaal, het dit dieselfde afmetings gehad en is op dieselfde manier ingerig. In hierdie vorm het die heiligdom voortbestaan — behalwe gedurende die tyd van Daniël toe dit in puin gelê het — totdat dit in die jaar 70 nC deur die Romeine verwoes is.

Dit is die enigste heiligdom wat ooit op die aarde bestaan 413
het, waaroor die Bybel enige inligting verskaf. Dit is deur Paulus as die heiligdom van die eerste verbond verklaar. Maar het die nuwe verbond geen heiligdom nie?

Na 'n verdere ondersoek van die boek Hebreërs, het die soekers na die waarheid gevind dat die bestaan van 'n tweede, of nuwe-verbond heiligdom, in die woorde van Paulus wat reeds aangehaal is, geïmpliseer word: “So dan het die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad.” En die gebruik van die woord “asook”, dui daarop dat Paulus reeds vantevore van hierdie heiligdom gepraat het. Toe hulle terugkeer na die begin van die vorige hoofstuk, lees hulle: “Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dit: Ons het so ‘n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, ‘n bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.” (Heb 8:1,2).

Hier is die heiligdom van die nuwe verbond geopenbaar. Die heiligdom van die eerste verbond is deur die mens opgerig, deur Moses gebou; hierdie heiligdom is deur die Here opgerig en nie deur ’n mens nie. In die eerste heiligdom het aardse priesters hulle diens verrig; in laasgenoemde, bedien Christus, ons Hoëpriester, aan die regterhand van God. Die een heiligdom was op aarde en die ander een in die hemel.

Verder, is die tabernakel wat deur Moses opgerig is, volgens ‘n patroon gemaak. Die Here het hom beveel: “Volgens alles wat Ek jou laat sien — die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort — so moet julle dit maak.” En weer is die bevel gegee: “En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is.” (Ex 25:9,40). En van die eerste tabernakel sê Paulus: “Dit was ‘n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word...” dat die heilige plekke “...afbeeldinge van die dinge in die hemele...” was; dat die priesters wat

volgens die wet gawes geoffer het, "...'n afbeeldsel en skaduwee van hemelse dinge..." bedien het, en "...Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." (Heb 9:9,23;8:5;9:24).

Die heiligdom in die hemel waar Christus vir ons intree, is die 414
grootse oorspronklike waarvan die heiligdom wat deur Moses opgerig is, 'n skaduwee was. God het sy Gees op die bouers van die aardse heiligdom uitgestort. Die kunstige vaardigheid wat in die oprigting daarvan aan die dag gelê is, was 'n openbaring van goddelike wysheid. Die mure het soos massiewe goud-strukture gelyk en het die lig van die sewe lampe van die goue kandelaar in alle rigtings weerspieël. Die tafel met toonbrode en die reukofferaltaar, het soos blink goud geglinster. Die pragtige gordyn wat die plafon gevorm het, was met figure van engele in blou, purper en skarlaken geborduur en het tot die prag van die toneel bygedra. En verder na binne agter die tweede voorhangsel was die heilige Sjekina, die sigbare manifestasie van God se heerlikheid, waar niemand anders behalwe die hoëpriester kon ingaan en bly lewe nie.

Die weergalose prag van die aardse tabernakel, het die heerlikheid van die hemelse tempel waar Christus, ons Voorloper, ons voor die troon van God bedien, weerspieël. Die woonplek van die Koning van die konings, waar duisend maal duisend voor Hom dien en tienduisend maal tienduisend voor Hom staan (Dan 7:10); daardie tempel, gevul met die heerlikheid van die ewige troon, waar serafs, Sy skitterende bewakers, hul gesigte in aanbidding bedek, was die pragtigste gebou wat ooit deur menslike hande opgerig is, maar 'n dowwe weerkaatsing van Sy grootsheid en heerlikheid. Tog word belangrike waarhede aangaande die hemelse heiligdom en die groot werk wat daar vir die verlossing van die mens gedoen word, in die aardse heiligdom en die bediening daarvan, geleer.

Die heilige plekke van die heiligdom in die hemel word deur die twee afskortings van die aardse heiligdom voorgestel. Soos die apostel Johannes in die visioen 'n gesig van die tempel van God in die hemel gekry het, het hy daar sewe vuurfakkels wat voor die troon van God gebrand het, gesien. (Openb 4:5). Verder het hy gesê: "'n Ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê." (Openb 8:3). Hier is die profeet toegelaat om die eerste afskorting van die heiligdom in die hemel te sien; en daar het hy "...sewe vuurfakkels..." en die "...goue wierookbak..." gesien, verteenwoordig deur die goue kandelaar en die reukofferaltaar in die aardse heiligdom. Weer het hy gesê: "Die tempel van God het oopgegaan in die hemel..." en hy het binne-in die voorhangsel ingekyk, in die Allerheiligste plek. Hier het hy die "verbondsark" gesien, verteenwoordig deur die ark wat deur Moses gemaak is om die wet van God te bewaar. (Openb 11:19). 415

So het diegene wat die onderwerp bestudeer het, onomstootlike bewys van die bestaan van die heiligdom in die hemel gevind. Moses het die aardse heiligdom volgens 'n voorbeeld wat aan hom getoon is, gemaak. Paulus leer dat dit 'n afbeeldsel van die ware heiligdom in die hemel was. Johannes het getuig dat hy die heiligdom in die hemel gesien het.

In die tempel in die hemel, die woonplek van God, is Sy troon in geregtigheid en oordeel gevestig. In die Allerheiligste plek is Sy wet, die groot reël van geregtigheid waarvolgens die ganse mensdom geoordeel word. Die ark wat die tafels van die wet verskans, is met die versoendeksel, waarvoor Christus sy bloed ten behoewe van die sondaar bepleit, bedek. So word die eenwording van geregtigheid en barmhartigheid in die plan van verlossing vir die mens voorgestel. Hierdie eenwording kon alleenlik deur oneindige wysheid beding word en deur oneindige mag bewerkstellig word; dit is 'n eenheid wat die

ganse hemel met verwondering en aanbidding vul. Die gerubs van die aardse heiligdom wat eerbiedig op die versoendeksel neerkyk, verteenwoordig die belang waarmee die hemelse leërskare die verlossingswerk bepeins. Dit is die verborgenheid van genade waarin die engele verlang om insae te hê; dat God regverdig kan wees terwyl Hy die berouvolle sondaar regverdig en Sy omgang met die gevalle oorblyfsel hernu; en dat Christus sou neerbuig om ontelbare menigtes uit die afgrond van ondergang op te rig en hulle met die vlekkelose kleed van Sy eie geregtigheid te beklee om hulle met engele wat nog nooit geval het nie te verenig en om vir ewig in die teenwoordigheid van God te woon.

Die werk van Christus, as Middelaar vir die mens, word in 416
daardie pragtige profesie van Sagaria voorgestel, waar Hy die "Spruit" genoem word. Die profeet sê: "Hy sal die tempel van die Here bou ... Hy sal majesteit verkry en sit om te heers op Sy [die Vader se] troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan." (Sag 6:12,13).

"Hy sal die tempel van die Here bou." Deur Sy soenoffer en bemiddeling, is Christus die Fondament en die Bouer van die kerk. Die apostel Paulus wys na Hom as "...die Hoeksteen ... in wie die hele gebou, saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word — tot 'n woning van God in die gees." (Efe 2:20-22).

"Hy sal majesteit verkry." Aan Christus behoort die heerlikheid van die verlossing van die gevalle ras. Deur die ewige eeue, sal die lied van die verlostes wees: "Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed ... aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" (Openb 1:5,6).

Hy sal "...sit om te heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op Sy troon." Maar Hy sit nie tans op die troon van Sy heerlikheid nie; die koninkryk van heerlikheid is nog nie ingelui

nie. Eers wanneer Sy middelaarswerk beëindig is, sal God "...aan Hom die troon van sy vader Dawid gee..." 'n koninkryk waaraan daar "...geen einde [sal] wees nie." (Luk 1:32,33). Christus sit tans as Priester op Sy Vader se troon. (Openb 3:21). Op die troon saam met die ewige, selfbestaande Een, sit Hy wat "...ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte..." gedra het, wat "...in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde..." sodat Hy "...dié [kan] help wat versoek word." (Jes 53:4;Heb 4:15;2:18). "En as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader." (1 Joh 2:1). Hy tree vir ons in met 'n deurboorde en gebroke liggaam, van 'n vlekkelose lewe. Die verwonde hande, die deurboorde sy, die verskeurde voete, pleit vir die gevalle mens wie se verlossing teen so 'n oneindige prys gekoop is.

"En die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan." Die 417
liefde van die Vader, nie minder as die van die Seun nie, is die fontein van die redding van die verlore ras. Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy aan Sy dissipels gesê: "Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader self het julle lief." (Joh 16:26,27). "...God [het] in Christus die wêreld met Homself versoen..." (2 Kor 5:19). En in die bediening in die heiligdom daarbo, "...sal die raad van vrede tussen hulle twee bestaan." "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Joh 3:16).

Die vraag: Wat is die heiligdom? word duidelik in die Skrif beantwoord. Die term "heiligdom" soos dit in die Bybel gebruik word, verwys eerstens na die tabernakel wat deur Moses gebou is, as 'n patroon van die hemelse dinge; en tweedens na die "ware tabernakel" in die hemel, waarvan die aardse heiligdom 'n tipe was. Met die dood van Christus het die tipiese diens geëindig. Die "ware tabernakel" in die hemel is die heiligdom van die nuwe verbond. En soos die profesie van Daniël 8:14 in hierdie bedeling vervul is, moet die heiligdom waarna dit

verwys, die heiligdom van die nuwe verbond wees. Toe die 2 300 dae in 1844 ten einde geloop het, was daar al eeue lank geen heiligdom meer op aarde nie. Die profesie, "tweeduisend driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word..." verwys ongetwyfeld na die heiligdom in die hemel.

Maar die belangrikste vraag moes nog beantwoord word: Wat is die reiniging van die heiligdom? Dat daar so 'n diens in verband met die aardse heiligdom was, word in die Ou-Testamentiese Geskrifte vermeld. Maar kan daar enigiets in die hemel wees wat gereinig moet word? In Hebreërs 9 word die reiniging van beide die aardse en die hemelse heiligdom duidelik geleer. "En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers [die bloed van diere] gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie..." naamlik die kosbare bloed van Christus. (Heb 9:22,23).

Die reiniging, in beide die tipiese en die werklike dienste, 418
moet deur bloed geskied: In eersgenoemde, deur die bloed van diere; en in die tweede geval deur die bloed van Christus. Paulus sê dat die rede waarom hierdie reiniging met bloed moet geskied, is dat daar geen vergifnis sonder bloedvergieting kan wees nie. Vergifnis, of die wegdoen met sonde, is die werk wat gedoen moet word. Maar hoe kan sonde aan die heiligdom, in die hemel of op die aarde, gekoppel word? Die antwoord kan aan die hand van die simboliese diens verkry word; want die priesters wat op die aarde gedien het, het "...'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge..." bedien. (Heb 8:5).

Die bediening van die aardse heiligdom het uit twee dele bestaan: Die priesters het daagliks in die Heilige plek gedien, terwyl die hoëpriester eenmaal per jaar in die Allerheiligste plek

'n spesiale werk van versoening vir die reiniging van die heiligdom gedoen het. Dag na dag het die berouvolle sondaar sy slagoffer na die ingang van die tabernakel gebring en sy hande op die slagoffer se gelê, sy sondes bely en dit so figuurlik van homself op die onskuldige slagoffer oorgedra. Daarna is die dier geslag. "Sonder bloedvergieting..." sê die apostel, is daar geen vergifnis nie. "Want die siel van die vlees is in die bloed." (Lev 17:11). Die gebreekte wet van God het die lewe van die oortreder geëis. Die bloed wat die verbeurde lewe van die sondaar voorstel en wie se skuld op die slagoffer oorgedra is, is deur die priester in die Heilige plek ingeneem en voor die voorhangsel gesprinkel, waaragter die ark was wat die wet wat deur die sondaar oortree is bevat het. Deur hierdie seremonie, is die sonde figuurlik deur die bloed, na die heiligdom oorgedra. In sommige gevalle is die bloed nie in die heiligdom ingebring nie; maar die vleis moes dan deur die priester geëet word, soos Moses die seuns van Aäron beveel het en gesê het, "...om die ongeregtigheid van die vergadering te dra." (Lev 10:17). Beide hierdie seremonies het die oordra van die sonde van die boetvaardige na die heiligdom simboliseer.

Dit was die werk wat dag vir dag deur die loop van die jaar 419
voortgeduur het. Die sondes van Israel is aldus in die heiligdom oorgedra en 'n spesiale werk was nodig om dit te verwyder. God het beveel dat daar versoening vir elkeen van die heilige dele gedoen moes word. "So moet hy dan vir die heiligdom versoening doen vanweë die onreinhede van die kinders van Israel en vanweë hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; so moet hy dit ook doen vir die tent van samekoms wat by hulle onder hulle onreinhede woon." Daar moes ook vir die altaar versoening gedoen word om dit te "...reinig en [te] heilig van die onreinhede van die kinders van Israel." (Lev 16:16,19).

Eenkeer per jaar, op die groot versoendag, het die hoëpriester die Allerheiligste plek binnegegaan om die heiligdom te reinig. Die werk wat daar verrig is, het die jaarlikse

kringloop van bediening voltooi. Op die versoendag is twee bokke na die ingang van die tabernakel gebring en die lot is oor hulle gewerp, "...een lot vir die Here en een lot vir Asásel." (Lev 16:8). Die bok waarop die lot vir die Here geval het, is as sondoffer vir die volk geslag. Die priester moes die bloed van die bok agter die voorhangsel inneem en dit op en voor die versoendeksel sprinkel. Die bloed moes ook op die reukofferaltaar wat voor die voorhangsel was, gesprinkel word.

"En Aäron moet sy twee hande op die kop van die lewendige bok lê en oor hom belydenis doen van al die ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees; en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn toe stuur." (Lev 16:21). Die sondebok het nooit weer na die kamp van Israel teruggekeer nie en die man wat hom weggelei het, moes homself en sy klere met water was voordat hy na die kamp kon terugkeer.

Die hele seremonie was bedoel om die Israeliete met die 420
heiligheid van God en Sy afsku vir sonde te beïndruk; en hulle verder te wys dat hulle nie met sonde in aanraking kan kom sonder om besoedel te raak nie. Daar is van elkeen verwag om sy siel te verootmoedig terwyl hierdie versoeningswerk voortgeduur het. Alle sake moes opsy gesit word en die hele vergadering van Israel, moes die dag in plegtige nederigheid voor God, met gebed, vas en 'n diepe hartsondersoek deurbring.

Belangrike waarhede rakende die versoening, word deur die tipiese diens geleer. 'n Plaasvervanger is in die plek van die sondaar aanvaar; maar die sonde is nie deur die bloed van die slagoffer uitgekanselleer nie. 'n Middel is op hierdie wyse voorsien waardeur dit na die heiligdom oorgedra is. Deur die offer van die bloed, het die sondaar die gesag van die wet erken, sy skuld bely en sy begeerte om vergifnis deur geloof in 'n Verlosser wat sou kom, uitgespreek; maar hy was nog nie

volkome van die veroordeling van die wet gevrywaar nie. Op die Groot Versoendag het die hoëpriester, nadat hy 'n offergawe van die vergadering geneem het, die Allerheiligste met die bloed van hierdie slagoffer binnegegaan en dit op die versoendeksel, direk oor die wet, gesprinkel om te voldoen aan die eise daarvan. Dan het hy, in sy hoedanigheid as middelaar, die sondes op homself geneem en dit uit die heiligdom uitgedra. Deur sy hande op die kop van die sondebok te lê, het hy al hierdie sondes oor hierdie bok bely en dit sodoende figuurlik van homself na die bok oorgedra. Die sondes is dan deur die bok weggedra en die sondes is beskou as vir ewig verwyder van die volk.

Dit was die diens wat gedoen is "...as afbeeldsel en skaduwee van hemelse dinge." En wat in soort vir die bediening van die aardse heiligdom gedoen is, word in werklikheid in die bediening van die hemelse heiligdom gedoen. Na Sy Hemelvaart, het ons Verlosser met Sy werk as ons Hoëpriester begin. Paulus sê: "Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." (Heb 9:24).

Die bediening van die priester in die eerste afdeling van die 421
heiligdom gedurende die jaar, "...binnekant die voorhangsel..." wat as deurgang gedien en die Heilige plek van die voorhof geskei het, stel die werk van bediening voor wat Christus met Sy hemelvaart begin het. Dit was die taak van die priester in sy daaglikse bediening om die bloed van die sondoffer voor God, asook die wierook wat saam met die gebede van die kinders van Israel opgegaan het, aan te bied. So het Christus ook met Sy bloed voor die Vader, ten behoewe van sondaars, gepleit en ook deur die kosbare geur van Sy eie geregtigheid, die gebede van die boetvaardige gelowiges aangebied. Dit was die werk van bediening in die eerste deel van die hemelse heiligdom.

Daarheen het die geloof van Christus se dissipels Hom gevolg toe Hy van hulle af opgevaar het. Hierop was hulle hoop gesentreer, die hoop wat ons het, soos Paulus gesê het: "...'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het..." ja, "...Hy wat ... 'n hoëpriester geword het ... vir ewig ... ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, maar deur sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeggebring." (Heb 6:19,20;9:12).

Vir agtien eeue het hierdie bediening in die eerste gedeelte van die heiligdom voortgeduur. Die bloed van Christus, wat ten behoewe van boetvaardige gelowiges gepleit, het hulle vergifnis en aanvaarding deur die Vader verseker, maar hulle sondes het steeds in die rekord-boeke gebly. Soos daar in die tipiese diens 'n werk van versoening aan die einde van die jaar gedoen is, so ook moet daar, voordat Christus se verlossingswerk vir die mens voltooi is, 'n versoeningswerk vir die verwydering van die sondes uit die heiligdom gedoen word. Dit is die diens wat 'n aanvang geneem het aan die einde van die 2 300 dae. Op daardie tydstip, soos deur die profeet Daniël voorspel is, het ons Hoëpriester die Allerheiligste betree om die laaste deel van Sy plegtige werk te verrig – om die heiligdom te reinig.

Soos van ouds, die sondes van die volk op die sondoffer 422
geplaas is en dit deur sy bloed, figuurlik in die aardse heiligdom oorgedra is, so ook word die sondes van die berouvolle sondaar in die nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas en in werklikheid na die hemelse heiligdom oorgedra. En net soos die tipiese reiniging van die aardse heiligdom van die sondes waardeur dit besoedel is plaasgevind het, so moet die werklike reiniging van die hemelse heiligdom geskied deur die sondes wat daar opgeteken is te verwyder of uit te wis. Maar voordat dit kan geskied, moet die rekord-boeke ondersoek word om te bepaal wie deur berou oor sonde en geloof in Christus geregtig is op die voordele van Sy versoening. Die reiniging van die

heiligdom behels dus ‘n werk van ondersoek — ’n werk van oordeel. Hierdie werk moet voor die wederkoms van Christus om Sy volk te verlos gedoen word; want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke (Openb 22:12).

Sodoende het diegene wat die profetiese lig van die Woord gevolg het, gesien dat, in plaas van na die aarde aan die einde van die 2 300 dae in 1844 terug te keer, Christus die Allerheiligste van die hemelse heiligdom betree het om die afsluitingswerk van die versoening ter voorbereiding van Sy koms te verrig.

Daar is ook gesien dat, terwyl die sondoffer na Christus as die Soenoffer gewys het en die hoëpriester Christus as Middelaar voorgestel het, die sondebok Satan, die outeur van die sonde tipeer, op wie die sondes van al die opregte boetvaardiges eindelik geplaas sal word. Toe die hoëpriester, kragtens die bloed van die sondoffer, die sondes uit die heiligdom verwyder het, het hy dit op die sondebok geplaas. Wanneer Christus, op grond van Sy eie bloed, die sondes van Sy volk uit die hemelse heiligdom aan die einde van Sy bediening verwyder, sal Hy dit op Satan plaas wat, in die voltrekking van die oordeel, die finale straf moet dra. Die sondebok is na ‘n onbewoonde land weggestuur om nooit weer in die vergadering van Israel in te kom nie. So ook sal Satan vir ewig uit die teenwoordigheid van God en Sy volk verban word en hy sal tydens die finale vernietiging van die sonde en sondaars uitgewis word.

Hoofstuk 24 423

## In die Allerheiligste

Die onderwerp van die heiligdom was die sleutel wat die raaisel van die teleurstelling van 1844 ontsluit het. Dit het begin om 'n volledige stelsel van waarheid, aaneen te koppel en harmonieus te ontvou, wat getoon het dat God se hand die groot advent-beweging gerig het en die heilige plig openbaar het namate dit die posisie en werk van Sy volk aan die lig gebring het. Soos die dissipels van Jesus, ná die verskriklike nag van angs en teleurstelling, verheug was toe hulle hul Here weer gesien het, het diegene wat in geloof na Sy tweede koms uitgesien het, hulle ook nou verheug. Hulle het verwag dat Hy in heerlikheid sou kom om Sy diensknegte te beloon. Toe hulle hoop teleurgestel is, het hulle Jesus uit die oog verloor en soos Maria by die graf, het hulle uitgeroep: "Hulle het die Here ... weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Maar nou het hulle Hom weer in die Allerheiligste as hul medelydende Hoëpriester aanskou, wat binnekort as hul Koning en Verlosser sal verskyn. Lig uit die heiligdom het die verlede, die hede en die toekoms verlig. Hulle het geweet dat God hulle deur Sy onfeilbare voorsienigheid gelei het. Hoewel hulle, soos die eerste dissipels, nie die boodskap wat hulle verkondig het verstaan het nie, was dit in alle opsigte korrek. Toe hulle dit verkondig het, het hulle die voorneme van God vervul en hulle arbeid in die Here was nie tevergeefs nie. Met die "...wedergeboorte ... tot 'n lewende hoop..." het hulle hul "...verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap." (1 Petrus 1:3,8)

Beide die profesie van Daniël 8:14: "...tweeduisend- 424
driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word..." en die eerste engel se boodskap: "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom..." het gewys op die bediening van Christus in die Allerheiligste plek, van die ondersoekende oordeel en nie op

die koms van Christus vir die verlossing van Sy volk en die vernietiging van die goddelose nie. Die fout was dus nie in die berekening van die profetiese tye nie, maar die gebeurtenis wat aan die einde van die 2 300 dae sou plaasvind. As gevolg van hierdie fout het die gelowiges teleurstelling ervaar, maar alles wat in die profesie voorspel is en alles wat hulle volgens die Skrif verwag het, is vervul. Op dieselfde tydstip toe hulle die mislukking van hulle hoop betreur het, het die gebeurtenis wat deur die boodskap voorspel is en wat vervul moes word voordat die Here kon verskyn om Sy diensknegte te beloon, plaasgevind.

Christus het nie na die aarde gekom soos hulle verwag het nie, maar soos in die tipe voorafgeskadu, na die Allerheiligste plek van die tempel van God in die hemel. Hy word deur die profeet Daniël voorgestel as dat Hy in hierdie tyd die Oue van dae nader: "Ek het gesien in die naggesigte en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom, soos die Seun van 'n mens en Hy het gekom [nie na die aarde nie, maar] tot by die Oue van dae en hulle het Hom nader gebring voor Hom." (Dan 7:13).

Hierdie koms word ook deur die profeet Maleági voorspel: "Dan sal skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare." (Mal 3:1). Die koms van die Here na Sy tempel, was skielik en onverwags vir Sy volk. Hulle het Hom nie daar gesoek nie. Hulle het verwag dat Hy na die aarde sou kom "...in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." (2 Thes 1:8).

Maar die mense was nog nie gereed om hulle Here te 425
ontmoet nie. Daar moes nog 'n voorbereidingswerk vir hulle gedoen word. Daar sou lig gegee word om hulle gedagtes na die tempel van God in die hemel te rig; en soos hulle deur geloof hul Hoëpriester daar in Sy bediening gevolg het, sou nuwe

pligte aan hulle geopenbaar word. ‘n Ander boodskap van waarskuwing en opdrag, sou aan die kerk gegee word.

Die profeet sê: “Maar wie kan die dag van Sy koms verdra? En wie sal stand hou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die seep van die wassers. En Hy sal sit: ‘n smelter en reiniger van silwer en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here in geregtigheid ‘n offer sal bring.” (Mal 3:2,3). Diegene wat op die aarde lewe wanneer die bemiddeling van Christus in die hemelse heiligdom sal ophou, sal voor ‘n heilige God sonder ‘n Middelaar moet staan. Hulle kleed moet vlekkeloos wees en hulle karakters moet van sonde gereinig word deur die bloed van besprinkeling. Deur die genade van God en hul ywerige inspanning, moet hulle oorwinnaars wees in die stryd teen die bose. Terwyl die ondersoekende oordeel in die hemel voortgaan, terwyl die sondes van boetvaardige gelowiges uit die heiligdom verwyder word, moet daar ’n spesiale reinigingswerk onder God se volk op aarde wees om die sonde te versaak. Hierdie werk word duideliker in die boodskappe van Openbaring 14 weergegee.

Wanneer hierdie werk voltooi is, sal die volgelinge van Christus, gereed wees vir Sy verskyning. “Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die Here net so aangenaam wees soos in die ou dae en in die jare van die voortyd.” (Mal 3:4). Dan sal die kerk wat die Here tydens Sy koms vir Homself sal ontvang, 'n kerk wees, “...verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks.” (Efe 5:27). Dan sal die kerk “...soos die rooidag, mooi soos die maan, rein soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels...” wees. (Hoogl 6:10).

Behalwe die koms van die Here na Sy tempel, voorspel 426
Maleági ook Sy wederkoms, Sy koms om die oordeel te voltrek, met die volgende woorde: “En Ek sal na julle aankom om strafgerig te hou en Ek sal ‘n haastige Getuie wees teen die towenaars en die egbrekers en die meinediges en die wat die

dagloner in sy loon en die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die Here van die leërskare.” (Mal 3:5). Judas verwys na dieselfde toneel as hy sê: “Kyk, die Here het gekom met Sy heilige tienduisendtalle, om gerig te hou oor almal en al die goddelose onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het.” (Judas 14,15). Hierdie koms en die koms van die Here na Sy tempel, is onderskeie en afsonderlike gebeure.

Die koms van Christus as ons Hoëpriester na die Allerheiligste plek vir die reiniging van die heiligdom, soos in Daniël 8:14; die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae, soos in Daniël 7:13; en die koms van die Here na sy tempel, wat deur Maleági voorspel is, is beskrywings van dieselfde gebeurtenis en dit word ook deur die koms van die bruidegom na die huwelik, soos deur Christus in die gelykenis van die tien jong meisies in Mattheüs 25 beskryf.

In die somer en herfs van 1844 is die proklamasie: “Daar 427
kom die bruidegom...”gegee. Die twee klasse wat deur die wyse en dwase maagde verteenwoordig word, het toe ontwikkel — een klas wat met vreugde na die verskyning van die Here uitgesien het en hulle ywerig voorberei het om Hom te ontmoet; die ander klas wat, uit vrees en impulsiewe optrede, tevrede was met 'n teorie van die waarheid, maar wat sonder die genade van God was. In die gelykenis, toe die bruidegom kom, het “...die wat gereed was ... saam met hom ingegaan na die bruilof.” Die koms van die bruidegom hier ter sprake, vind voor die bruilof plaas. Die huwelik verteenwoordig die ontvangs deur Christus van Sy koninkryk. Die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, wat die hoofstad en verteenwoordiger van die koninkryk is, word die bruid genoem, die vrou van die Lam. Die engel het aan Johannes gesê: “Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam ... En hy het my weggevoer in die gees...” sê die profeet “...en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal.” (Openb

21:9,10). Dit is dus duidelik dat die bruid die heilige stad verteenwoordig en die maagde wat die bruidegom tegemoet gaan, is ‘n simbool van die kerk. In Openbaring word die volk van God as die gaste by die bruilofsmaal voorgestel (Openb 19:9). As gaste, kan hulle nie ook as die bruid voorgestel word nie. Christus, soos deur die profeet Daniël verklaar, sal van die Oue van dae in die hemel “...heerskappy en eer en koningskap...” ontvang. Hy sal die nuwe Jerusalem, die hoofstad van Sy koninkryk, ontvang, “...toeberei soos ’n bruid wat vir haar man versier is.” (Dan 7:14; Openb 21:2). Nadat Hy die koninkryk ontvang het, sal Hy in Sy heerlikheid na die aarde as Koning van die konings en Here van die here kom, om Sy volk te verlos wat, “...saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele...” om aan die bruilofsmaal van die Lam deel te neem. (Matt 8:11; Luk 22:30).

Die uitroep: “Daar kom die bruidegom...” in die somer van 1844, het daartoe gelei dat duisende die onmiddellike koms van die Here verwag het. Op die vasgestelde tyd het die Bruidegom nie na die aarde gekom soos die mense verwag het nie, maar na die Oue van dae in die hemel, na die bruilof, die ontvangs van Sy koninkryk. “En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit.” (Mat 25:10). Hulle sou nie terwyl hulle op die aarde is persoonlik by die bruilof teenwoordig wees nie, want dit vind in die hemel plaas. Die volgelinge van Christus “...moet wees soos mense wat op hulle heer wag wanneer hy van die bruilof terugkom...” (Luk 12:36). Maar hulle moet Sy werk verstaan en Hom in geloof volg waar Hy voor God ingaan. Dit is in hierdie sin dat gesê word dat hulle na die bruilof ingaan.

In die gelykenis was dit diegene wat olie in hul kanne en in 428
hul lampe gehad het, wat na die bruilof ingegaan het. Diegene wat, met ‘n kennis van die waarheid uit die Skrif, ook die Gees en genade van God gehad het en wat in die nag van hul bittere beproewing geduldig gewag en in die Bybel na duideliker lig gesoek het, hulle het die waarheid aangaande die heiligdom in

die hemel en die verandering in die Verlosser se bediening gesien en deur geloof het hulle Hom in Sy werk in die hemelse heiligdom gevolg. En almal wat deur die getuienis van die Skrif dieselfde waarhede aanvaar en Christus deur geloof volg waar Hy voor God ingaan om Sy laaste werk van bemiddeling te doen en aan die einde daarvan Sy koninkryk te ontvang, word deur diegene wat na die bruilof ingaan voorgestel.

In die gelykenis van Mattheüs 22 word dieselfde figuur vir 'n huwelik gebruik en word die ondersoekende oordeel duidelik voorgestel dat dit voor die bruilof plaasgevind het. Net voor die bruilof, kom die koning in om die gaste te aanskou (Mat 22:11), om te sien of almal in die bruilofskleed geklee is, die vlekkelose mantel, gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openb 7:14). Die een wat gebrekkig gevind word, word uitgewerp, maar almal wat met die bruilofskleed geklee is, is deur God aanvaar en waardig geag om deel aan Sy koninkryk te hê en om op Sy troon te sit. Hierdie werk om die karakter te ondersoek, om vas te stel wie gereed is vir die koninkryk van God, is die werk van die ondersoekende oordeel, die afsluitingswerk van die heiligdom in die hemel.

Wanneer die ondersoekende oordeel voltooi is, wanneer die gevalle van diegene wat in alle eeue beweer het dat hulle navolgers van Christus is, ondersoek en beslis is, dan en nie voor dan nie, sal die proeftydperk sluit en die deur van genade gesluit word. In daardie een kort sin: “En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit...” word ons deur die laaste bediening van die Heiland weggevoer na die tyd wanneer die groot werk van redding van die mens voltooi sal wees.

In die bediening van die aardse heiligdom wat, soos ons 429
gesien het, ‘n figuur van die bediening in die hemelse is het, toe die hoëpriester op die versoendag die allerheiligste plek betree het, die bediening in die eerste vertrek opgehou. God het beveel: “En niemand mag in die tent van samekoms wees as hy

ingaan om in die heiligdom versoening te doen voordat hy uitkom nie.” (Lev 16:17). Toe Christus dus die Allerheiligste binnegegaan het om die laaste deel van Sy versoeningswerk te verrig, het Sy bediening in die eerste vertrek opgehou. Maar toe die bediening in die eerste vertrek beëindig is, het die bediening in die tweede vertrek begin. Wanneer, in die tipiese diens die hoëpriester die Allerheiligste op die versoendag verlaat het, het hy voor God ingegaan om die bloed van die sondoffer ten behoewe van die hele Israel wat hulle opreg van hul sondes bekeer het, aan te bied. Christus het dus net een deel van Sy werk as Middelaar voltooi, om met die ander deel van Sy werk te begin en Hy bepleit steeds Sy bloed voor die Vader ten behoewe van sondaars.

Adventiste het nie hierdie onderwerp in 1844 verstaan nie. Na afloop van die tyd waarop die Verlosser verwag is, het hulle nog steeds geglo dat Sy koms naby was; hulle was van mening dat hulle ‘n belangrike krisis bereik het en dat die werk van Christus, as Middelaar van die mens voor God, geëindig het. Dit het vir hulle voorgekom asof die Bybel leer dat die proeftydperk van die mens ‘n kort tydjie voordat die Here in die wolke van die hemel sou kom, sou sluit. Dit het duidelik uit die Skrifgedeeltes geblyk dat dit na ’n tyd verwys het wanneer mense sal soek, klop en voor die genade-deur sal staan en uitroep, maar die deur sal nie oopgemaak word nie. En die vraag het by hulle opgekom of die datum waarna hulle vir die koms van Christus uitgekyk het, nie eerder die begin van hierdie tydperk was wat onmiddellik Sy koms sou voorafgaan nie. Nadat hulle die waarskuwing van die oordeel wat op hande was gegee het, het hulle gevoel dat hulle werk vir die wêreld afgehandel was en hulle het hul las vir siele vir die redding van sondaars verloor, terwyl die blatante en godslasterlike bespotting van die goddelose, vir hulle 'n verdere bewys was dat die Gees van God van die verwerpers van Sy genade onttrek is. Dit alles het hulle oortuiging dat die proeftydperk geëindig

het bevestig of, soos hulle dit uitgedruk het, "...dat die deur van genade gesluit was."

Maar duideliker lig is op die ondersoek na die vraag 430
aangaande die heiligdom gewerp. Hulle het nou gesien dat hulle tereg geglo het dat die einde van die 2 300 dae in 1844 'n belangrike krisis aangedui het. Maar, hoewel dit waar was dat die deur van hoop en genade wat vir agtien honderd jaar aan die mense toegang tot God verleen het, gesluit was, is 'n ander deur geopen en vergifnis van sonde kon deur die middelaarswerk van Christus in die Allerheiligste plek verkry word. Een deel van Sy bediening is afgesluit om plek vir 'n ander deel te maak. Daar was nog steeds 'n "oop deur" na die hemelse heiligdom, waar Christus ten behoewe van die sondaar dien.

Die toepassing van hierdie woorde van Christus in Openbaring wat aan die huidige kerk gerig word, kon nou gesien word: "Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie en Hy sluit en niemand maak oop nie." (Openb 3:7,8).

Dit is diegene wat Jesus in geloof in die groot werk van versoening volg, wat die seëninge van Sy bemiddeling namens hulle ervaar, terwyl diegene wat die lig wat hierdie bedieningswerk openbaar verwerp, nie die seën daarvan ontvang nie. Die Jode wat die lig wat tydens die eerste koms van Christus gegee is verwerp het en wat geweier het om in Hom as Verlosser van die wêreld te glo, kon nie deur Hom vergifnis ontvang nie. Toe Jesus tydens Sy hemelvaart, deur Sy eie bloed die hemelse heiligdom binnegegaan het om die seëninge van Sy bemiddeling op Sy dissipels uit te stort, is die Jode in totale duisternis gelaat om hul nuttelose offerandes voort te sit. Die bediening van tipes en skaduwees het geëindig. Die deur waardeur mense voorheen toegang tot God gehad het, was nie meer oop nie. Die Jode het geweier om Hom op die enigste wyse waardeur Hy gevind kon word te soek, naamlik

deur die bediening in die hemelse heiligdom. Daarom het hulle geen gemeenskap met God gehad nie. Die deur was vir hulle gesluit. Hulle het geen kennis van Christus as die ware Offer en die enigste Middelaar voor God gehad nie; hulle kon dus die seëninge van Sy bemiddeling ontvang nie.

Die toestand van die ongelowige Jode, illustreer die 431
toestand van die onverskilliges en ongelowiges onder belydende Christene, wat moedswillig onkundig aangaande die werk van ons barmhartige Hoëpriester is. In die tipiese diens, wanneer die hoëpriester die Allerheiligste binnegegaan het, moes die ganse Israel buite rondom die heiligdom vergader en op die mees plegtige wyse hul siele voor God verootmoedig sodat hulle vergifnis van hul sondes kon ontvang en nie van die vergadering afgesny word nie. Hoeveel belangriker is dit nie in hierdie antitipiese versoendag, om die werk van ons Hoëpriester te verstaan en te weet wat se pligte van ons verwag word nie!

Die mens kan nie die waarskuwings wat God in genade aan hulle stuur, ongestraf verwerp nie. In Noag se tyd is ‘n boodskap uit die hemel na die wêreld gestuur en die redding het afgehang van die wyse waarop hulle op die boodskap reageer het. Omdat hulle die waarskuwing verwerp het, is die Gees van God van die sondige geslag onttrek en het hulle in die Sondvloed omgekom. In die tyd van Abraham het genade opgehou om met die sondige inwoners van Sodom te pleit en almal behalwe Lot, sy vrou en twee dogters is deur die vuur wat uit die hemel gestuur is verteer. So was dit ook in die dae van Christus. Die Seun van God verklaar: “Julle huis word vir julle woes gelaat!” (Mat 23:38). Wanneer ons kyk na die laaste dae, verklaar dieselfde Oneindige Krag aangaande diegene “...wat die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie ... sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.” (2 Thes 2:10-12).

Soos hulle die leringe van God se Woord verwerp, onttrek God Sy Gees en laat hulle aan die misleiding wat hulle liefhet oor.

Maar Christus tree steeds namens die mens in en lig sal aan diegene wat daarna soek gegee word. Alhoewel dit aan die begin nie deur die Adventiste verstaan is nie, was dit later duidelik, namate die Skrifte wat hul ware posisie omskrywe, voor hulle begin oopgaan het.

Die verloop van tyd in 1844 is gevolg deur 'n tydperk van 432
groot beproewing vir diegene wat nog die Advent-geloof behou het. Hul enigste verligting ten opsigte van die vasstelling van hul ware posisie, was die lig wat hulle gedagtes op die heiligdom in die hemel gerig het. Sommige het in die vroeë berekening van die profetiese tydperke, hul geloof versaak en het die kragtige invloed van die Heilige Gees wat die Advent-beweging vergesel het, aan menslike of sataniese instrumente toegeskryf. ‘n Ander klas het steeds volgehou dat die Here hulle in hul vorige ervaring gelei het; en namate hulle gewag en gewaak en gebid het om die wil van God te ken, het hulle gesien dat hul groot Hoëpriester ‘n ander deel van Sy bedieningswerk betree het; en deur Hom in geloof te volg is hulle gelei om die afsluitingswerk van die kerk te sien. Hulle het ‘n beter begrip van die eerste en die tweede engele se boodskappe gehad en was gereed om die plegtige waarskuwing van die derde engel van Openbaring 14 te ontvang en dit aan die wêreld deur te gee.

## Hoofstuk 25 433

# God se Onveranderlike Wet

"En die tempel van God het in die hemel oopgegaan en Sy verbondsark is in Sy tempel gesien." (Openb 11:19). Die verbondsark van God is in die Allerheiligste plek, naamlik die tweede vertrek van die heiligdom. In die bediening van die aardse tabernakel "...wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien..." was hierdie vertrek slegs op die groot versoendag vir die reiniging van die heiligdom geopen. Dus het die aankondiging dat die tempel van God in die hemel geopen is en dat Sy verbondsark gesien is, gewys op die opening van die Allerheiligste van die hemelse heiligdom in 1844, toe Christus daar ingegaan het om die afsluitingswerk vir die versoening te doen. Diegene wat deur geloof hulle Hoëpriester gevolg het toe Hy Sy bediening in die Allerheiligste plek betree het, het die verbondsark aanskou. Toe hulle die onderwerp van die heiligdom bestudeer het, het hulle die verandering van die Verlosser se bediening verstaan en hulle het gesien dat Hy nou voor die ark van God dien en Sy bloed namens sondaars bepleit.

Die ark in die aardse tabernakel het die twee kliptafels waarop die voorskrifte van die wet van God geskryf is, bevat. Die ark was bloot 'n bewaarplek vir die kliptafels van die wet en die teenwoordigheid van die Goddelike voorskrifte daarin, het waardigheid en heiligheid daaraan verleen. Toe die tempel van God in die hemel geopen is, is Sy verbondsark gesien. Binne die Allerheiligste in die hemelse heiligdom, is die Goddelike wet heilig vasgelê – die wet wat deur God self, te midde van die donderweer van Sinai verkondig is en met Sy eie vinger op die kliptafels geskryf is.

Die wet van God in die hemelse heiligdom, is die groot 434
oorspronklike waarvan die voorskrifte wat op die kliptafels opgeskryf is en deur Moses in die Pentateug opgeteken is, 'n onfeilbare weergawe was. Diegene wat tot 'n begrip van hierdie

belangrike punt gekom het, is dus daartoe gelei om die heilige, onveranderlike karakter van die Goddelike wet te sien. Hulle het, soos nooit tevore, die krag van die Heiland se woorde verstaan: "Voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan..." nie. (Mat 5:18). Die wet van God, wat 'n openbaring van Sy wil en 'n weergawe van Sy karakter is, moet vir ewig as 'n getroue getuie in die hemel bly staan. Nie een gebod is nietig verklaar nie; nie een jota of tittel is verander nie. Die psalmis sê: "Vir ewig, o Here, staan u woord vas in die hemele ... Al sy bevele is betroubaar. Vasgestel is hulle vir altyd, vir ewig." (Ps 119:89;111:7,8).

In die boesem van die Dekaloog is die vierde gebod soos dit die eerste keer verkondig is: "Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig." (Ex 20:8-11).

Die Gees van God het die harte van die ondersoekers van Sy 435
Woord besiel. Hulle het tot die oortuiging gekom dat hulle hierdie gebod onwetend oortree het deur die Skepper se rusdag te verontagsaam. Hulle het begin om ondersoek in te stel na die redes vir die waarneming van die eerste dag van die week in plaas van die dag wat God geheilig het. Hulle kon geen Skriftuurlike bewys vind dat die vierde gebod afgeskaf is, of dat die Sabbat verander is nie; die seën wat die sewende dag aanvanklik geheilig het, is nooit verwyder nie. Hulle het opreg daarna gestrewe om God se wil te ken en te doen; en nou, toe hulle besef dat hulle oortreders van Sy wet is, is hulle harte met

berou gevul en hulle het hul lojaliteit teenoor God geopenbaar deur Sy Sabbat te heilig.

Vele en ernstige pogings is aangewend om hulle geloof omver te werp. Niemand kon die feit miskyk dat as die aardse heiligdom 'n tipe of patroon van die hemelse was, die wet wat in die ark op die aarde was, 'n presiese weergawe van die wet in die ark in die hemel was; en dat die aanvaarding van die waarheid rakende die hemelse heiligdom, ‘n erkenning van die aansprake van God se wet en die verpligting van die Sabbat van die vierde gebod behels. Hier was die geheim van die bittere en vasberade teëstand teen die harmonieuse uiteensetting van die Skrif wat die bediening van Christus in die hemelse heiligdom geopenbaar het. Mense het gepoog om die deur wat God oopgemaak het te sluit en die deur wat Hy gesluit het, oop te maak. Maar Hy “...wat oopmaak en niemand sluit nie en Hy [wat] sluit en niemand maak oop nie...” het gesê: “Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee en niemand kan dit sluit nie.” (Openb. 3:7,8). Christus het die deur, of die bediening van die Allerheiligste oopgemaak en lig het vanaf daardie oop deur in die hemelse heiligdom geskyn en die vierde gebod is uitgelig dat dit opgeneem is in die wet wat daar vasgelê is, wat God ingestel het en wat deur geen mens omvergewerp kan word nie.

Diegene wat die lig aangaande die bemiddeling van Christus 436
en die ewigdurendheid van die wet van God aanvaar het, het gevind dat dít die waarhede was wat in Openbaring 14 verteenwoordig is. Die boodskappe in hierdie hoofstuk is die drieledige waarskuwing *[sien bylaag]* om die inwoners van die aarde vir die wederkoms van die Here voor te berei. Die aankondiging: “Die uur van Sy oordeel het gekom...” wys op die afsluitingswerk van Christus se bediening tot redding van die mens. Dit lui ’n waarheid in wat verkondig moet word totdat die bemiddeling van die Heiland ophou en Hy na die aarde terugkeer om Sy volk na Hom toe te neem. Die werk van die ondersoekende oordeel wat in 1844 begin het, moet voortgaan

totdat almal se saak, die lewendes sowel as die wat reeds gesterf het, beslis is; derhalwe sal dit tot aan die einde van die genadetyd vir die mens strek. Sodat mense gereed kan wees om in die oordeel te staan, beveel die boodskap hulle: "Vrees God en gee Hom heerlikheid ... en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." (Openb 14:7). Die gevolge van die aanvaarding van hierdie boodskappe word gegee in die Woord: "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Ten einde gereed vir die oordeel te wees, is dit noodsaaklik dat mense die wet van God moet onderhou. Hierdie wet sal die maatstaf van karakter in die oordeel wees. Die apostel Paulus verklaar: "Almal wat onder die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word ... in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel." En hy sê verder dat "...die daders van die wet geregverdig sal word." (Rom 2:12-16). Geloof is noodsaaklik om die wet van God te onderhou, want "...sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag..." en "...alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde." (Heb 11:6; Rom 14:23).

Deur die eerste engel word mense gevra : "Vrees God en gee Hom heerlikheid..." en aanbid Hom as die Skepper van die hemel en die aarde. Om dit te kan doen, moet hulle Sy wet gehoorsaam. Die wyse man sê: "Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense." (Pred 12:13). Sonder gehoorsaamheid aan Sy gebooie kan geen aanbidding God behaag nie. "Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar ... Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel." (1 Joh 5:3; Spr 28:9).

Die verpligting om God te aanbid, berus op die feit dat Hy 437
die Skepper is en dat alle ander wesens hul bestaan aan Hom te danke het. En oral in die Bybel waar Sy aanspraak op eerbied en aanbidding bo die gode van die heidene aangebied word, word die getuienis van Sy skeppende krag aangehaal: "Want al die gode van die volke is afgode, maar die Here het die hemele

gemaak.” (Ps 96:5). “By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? ... Want so sê die Here, wat die hemele geskape het — Hy is God! — wat die aarde geformeer en dit gemaak het ... Ek is die Here en daar is geen ander nie.” (Jes 40:25,26;45:18). Die psalmis sê: “Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is Syne ... Kom, laat ons aanbid en neerbuk, laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.” (Ps 100:3;95:6). En die heilige wesens wat God in die hemel aanbid, verklaar die rede waarom hulle hulde aan Hom verskuldig is: “U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.” (Openb 4:11).

In Openbaring 14 word die mense opgeroep om die Skepper te aanbid; en die profesie wys op ‘n klas wat, as gevolg van die drieledige boodskap, die gebooie van God onderhou. Een van hierdie gebooie wys regstreeks op God as die Skepper. Die vierde gebod verklaar: “Die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God ... Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.” (Ex 20:10,11). Aangaande die Sabbat sê die Here verder: “Hulle sal ‘n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is.” (Eseg 20:20). En die rede hiervoor is: “Want in ses dae het die Here die hemele en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik.” (Ex 31:17).

“Die belangrikheid van die Sabbat as ‘n gedenkteken van die 438
skepping, is dat dit ons voortdurend herinner aan die rede waarom aanbidding aan God aanbid verskuldig is” — omdat Hy die Skepper en ons Sy skepsels is. “Die Sabbat lê dus die ware grondslag van Goddelike aanbidding, want dit leer ons hierdie groot waarheid op die indrukwekkendste wyse en geen ander instansie doen dit nie. Die ware gronde van aanbidding, nie alleen op die sewende dag nie, maar van alle aanbidding, word

gevind in die verskil tussen die Skepper en Sy skepsels. Hierdie groot feit kan nooit verouderd raak nie en moet nooit vergeet word nie."— J. N. Andrews, *History of the Sabbath*, hfst 27. Dit was om hierdie waarheid altyd aan die mens voor te hou, dat God die Sabbat in Eden ingestel het; en vir solank die feit dat Hy ons Skepper is, steeds die rede is waarom ons Hom moet aanbid, sal die Sabbat as teken daarvan ons hieraan herinner. As die Sabbat universeel onderhou was, sou die mens se gedagtes en geneenthede na die Skepper as voorwerp van eerbied en aanbidding gelei het en sou daar nooit 'n afgodsdienaar, 'n ateïs, of 'n ongelowige gewees het nie. Die onderhouding van die Sabbat is ‘n teken van lojaliteit teenoor die ware God, "...Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het." Hieruit is dit ooglopend dat die boodskap wat mense beveel om God te aanbid en Sy gebooie te onderhou, veral ‘n beroep op hulle sal doen om die vierde gebod te onderhou.

In teenstelling met diegene wat die gebooie van God onderhou en die geloof in Jesus het, wys die derde engel op ‘n ander klas teen wie se dwalinge ‘n ernstige en vreesaanjaende waarskuwing geuiter word: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God." (Openb 14:9,10). ‘n Korrekte vertolking van die simbole wat gebruik is, is nodig om hierdie boodskap te begryp. Wat word deur die dier, sy beeld en sy merk voorgestel?

Die lyn van profesie waarin hierdie simbole voorkom, begin met Openbaring 12, met die draak wat gepoog het om Christus tydens sy geboorte te vernietig. Van die draak word gesê dat dit Satan is (Openb 12:9); hy het Herodes aangehits om die Verlosser te dood. Maar die vernaamste instrument van Satan in die oorlogvoering teen Christus en Sy volk gedurende die eerste eeue van die Christelike era, was die Romeinse Ryk, waarin die heidendom die heersende godsdiens was. Terwyl die

draak dus hoofsaaklik Satan verteenwoordig, is dit in ‘n sekondêre sin 'n simbool van heidense Rome.

In Openbaring 13:1-10 word ‘n ander dier beskryf, “...soos ‘n 439
luiperd...” aan wie die draak “...sy krag en sy troon en groot mag...” gegee het. Hierdie simbool, soos die meeste Protestante geglo het, verteenwoordig die pousdom wat die troon, die mag en setel en die gesag wat eens aan die Romeinse Ryk behoort het, oorgeneem het. Van die dier wat soos 'n luiperd lyk, word verklaar: “En ‘n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek ... En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om Sy Naam en Sy tabernakel en die wat in die hemel woon te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.” (Openb 13:5-7). Hierdie profesie wat byna heeltemal met die beskrywing van die “...ander horinkie...” van Daniël 7 ooreenstem, dui onteenseglik op die pousdom.

“Aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.” (Openb 13:5). En die profeet sê: “Ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was.” (Openb 13:3). En weer: “As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word.” (Openb 13:10). Die twee-en-veertig maande stem ooreen met die “...tyd en tye en die helfte van ‘n tyd...” (Dan 7:25), die drie en ‘n half jaar, of 1 260 dae van Daniël 7, waartydens die pouslike mag die volk van God onderdruk het. Hierdie tydperk, soos in die voorafgaande hoofstukke vermeld, het begin met die oppergesag van die pousdom in 538 nC en is in 1798 beëindig. Gedurende daardie tyd is die pous deur die Franse leër gevange geneem, die pouslike mag is 'n dodelike wond toegedien en die voorspelling is vervul: “As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap.”

Op hierdie stadium word ‘n ander simbool bekendgestel. Die profeet sê: “En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam.” (Openb 13:11). Beide die verskyning van hierdie dier asook die manier waarop dit opkom, dui daarop dat die volk wat dit verteenwoordig, nie soos dié van die van die voorafgaande simbole aangebied word nie. Die groot koninkryke wat oor die wêreld geheers het, is aan die profeet Daniël voorgestel wat opkom wanneer: “...die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring; en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander.”(Dan 7:2,3). In Openbaring 17 het ‘n engel verduidelik dat waters “...volke en menigtes en nasies en tale...” verteenwoordig. (Openb 17:15). Winde is ’n simbool van stryd. Die vier winde van die hemel wat die groot see in beroering gebring het, verteenwoordig die verskriklike tonele van verowering en rewolusies waardeur koninkryke aan bewind gekom het. 440

Maar die dier met die lamshorings, het uit die aarde opgekom. In plaas daarvan om ander magte omver te werp om homself te bevestig, moet die volk wat hier verteenwoordig word, in gebiede ontstaan wat nie voorheen deur ander volke beset was nie en geleidelik en vreedsaam ontwikkel. Hierdie volk kon dus nie onder die oorbevolkte en worstelende nasies van die Ou Wêreld ontstaan nie – daardie onstuimige see van “...volke en menigtes en nasies en tale...” nie. Dit moet op die Westelike vasteland gesoek word.

Watter nasie van die Nuwe Wêreld het in 1798 aan bewind gekom, 'n belofte van krag en grootsheid aan die dag gelê en die aandag van die wêreld getrek? Die toepassing van die simbool laat geen twyfel nie; dit wys onmiskenbaar op die Verenigde State van Amerika. Telkens word die gedagte, byna die presiese woorde van die heilige skrywer onbewustelik deur die redenaar en historikus gebruik om die opkoms en groei van hierdie volk te beskryf. Die dier is gesien dat hy “...uit die aarde opkom...” en volgens die vertalers beteken die woord ‘opkom’ 441

hier, letterlik om te groei of soos 'n plant uit te spruit.” En, soos ons gesien het, moet hierdie nasie in gebiede wat voorheen onbewoon was ontstaan. 'n Vooraanstaande skrywer, wat die opkoms van die Verenigde State beskryf, praat van “...die wonder van haar ontstaan uit niks” en sê: “Soos ‘n stille saad het ons tot ‘n ryk gegroei.” — G A Townsend, *The New World Compared with the Old*, bl 462. ‘n Europese tydskrif in 1850 het van die Verenigde State gepraat as ‘n wonderlike ryk wat “uitspruit” en “...te midde van die stilte van die aarde wat daagliks tot sy mag en sy trots bygedra het.” — *The Dublin Nation*. Edward Everett, in 'n redenasie oor die Pelgrim-stigters van hierdie nasie, het gevra: “Het hulle na ‘n afgeleë plek gesoek, wat nie aanstoot gee deur die onbekendheid daarvan nie en veilig in sy afsondering was, waar die klein kerkie van Leyden vryheid van gewete kon geniet? Kyk na die magtige streke waaroor hulle in vreedsame verowering ... die vaandels van die kruis gedra het!” (Toespraak gelewer in Plymouth, Massachusetts, 22 Desember 1824, bl 11).

“...en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam...” Die lamshorings dui op jeug, onskuld en sagmoedigheid, wat die karakter van die Verenigde State goed voorstel toe hulle in 1798 aan die profeet voorgehou is as aan die ‘opkom’. Onder die Christen-bannelinge, wat eers na Amerika gevlug en daar asiel van koninklike onderdrukking en priesterlike onverdraagsaamheid gesoek het, was baie wat besluit het om 'n regering te vestig op die breë grondslag van burgerlike- en godsdiensvryheid. Hulle sienings het plek in die Verklaring van Onafhanklikheid gevind, wat die groot waarheid, dat “...alle mense gelyk geskape is...” en met die onvervreembare reg op “...lewe, vryheid en die strewe na geluk.” En die Grondwet waarborg aan die volk die reg op selfregering, met dien verstande dat verteenwoordigers wat deur die stem van die volk verkies is, die wette sal toepas en bestuur. Daar is godsdiensvryheid toegestaan, terwyl elkeen toegelaat was om God te aanbid volgens die voorskrifte van sy gewete.

Republikeinse en Protestantse beginsels het die grondbeginsels van die land geword. Hierdie beginsels was die geheim van sy mag en welvaart. Die verdruktes en vertraptes regdeur die Christendom, het hulle met belangstelling en hoop na hierdie land gewend. Miljoene het sy oewers gesoek en die Verenigde State het tot die posisie van een van die magtigste nasies op aarde gestyg.

Maar die dier met lamshorings, het "...gepraat soos 'n draak. 442
En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid waarvan die dodelike wond genees is ... En hy verlei die bewoners van die aarde deur ... te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het." (Openb 13:11-14).

Die horings soos van 'n lam en stem van die draak in die simbool, dui op 'n opvallende teenstrydigheid tussen die beroepe en praktyke van die volk wat so verteenwoordig word. Die "gepraat" van die nasie is die optrede van sy wetgewende en geregtelike owerhede. Deur sulke optrede het dit leuens verleen aan die liberale en vreedsame beginsels wat hulle as grondslag van hul beleid voorgehou het. Die voorspelling dat die dier soos 'n draak praat en ""...al die mag van die eerste dier..." uitoefen, voorspel duidelik die ontwikkeling van die gees van onverdraagsaamheid en vervolging wat deur die nasies wat deur die draak en die luiperdagtige dier verteenwoordig word, geopenbaar is. En die stelling dat die dier met die twee horings, "...maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid..." dui aan dat die gesag van hierdie volk uitgeoefen sal word om een of ander gebruik af te dwing wat eer aan die pousdom betoon .

Sodanige optrede sou regstreeks in stryd met die beginsels van hierdie regering wees, die genialiteit van sy vrye instellings en die direkte en plegtige beloftes van die Verklaring van Onafhanklikheid en die Grondwet. Die stigters van die nasie het

wyslik daarna gestrewe om teen die uitoefening van sekulêre mag van die kant van die kerk te waak, met die onvermydelike gevolg daarvan – onverdraagsaamheid en vervolging. Die Grondwet bepaal dat "...die Kongres geen wet mag instel wat die vestiging van 'n godsdiens respekteer, of die vrye uitoefening daarvan verbied nie; en dat "...geen godsdienstige toets ooit nodig sal wees as kwalifikasie vir enige amp of openbare vertroue onder die Verenigde State nie." Slegs 'n flagrante skending van hierdie beskermingsmaatreëls vir die vryheid van die land, kan veroorsaak dat enige godsdienstige instelling deur die burgerlike gesag afgedwing word. Die teenstrydigheid van sulke optrede is nie groter as wat deur die simbool voorgestel word nie. Dit is die dier met die lamshorings, wat na bewering, suiwer, sag en skadeloos is, wat soos 'n draak praat.

"...deur vir die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier." Hier word duidelik 'n regeringsvorm voorgehou waarin die wetgewende mag by die volk berus, die mees opvallendste bewys dat die Verenigde State die volk is wat in die profesie aangedui word. 443

Maar wat is die beeld vir die dier? En hoe word dit gevorm? Die beeld word gevorm deur die dier met die twee horings en is 'n beeld 'tot' die dier. Dit word ook 'n beeld 'van' die dier genoem. Om dus vas te stel hoe die beeld lyk en hoe dit gevorm sal word, moet ons die kenmerke van die dier self, die pousdom, bestudeer.

Toe die vroeë kerk korrup geraak het deur van die eenvoud van die evangelie af te wyk en heidense rituele en gebruike aan te neem, het sy die Gees en krag van God verbeur; en om die gewete van die volk te beheer het sy die steun die van die sekulêre mag gesoek. Die gevolg was die pousdom, 'n kerk wat die mag van die staat beheer en dit aangewend het om haar eie agenda te bevorder, veral vir die straf van kettery. Ten einde die Verenigde State as 'n beeld van die dier te vorm, moet die

godsdienstige mag die burgerlike regering so beheer, dat die gesag van die staat ook deur die kerk aangewend sal word om haar eie doel te bereik.

Telkens wanneer die kerk sekulêre mag verkry het, het sy dit gebruik om afvalligheid van haar leerstellings te straf. Protestantse kerke wat in die voetspore van Rome gevolg het, deur ‘n bondgenootskap met wêreldse moondhede te sluit, het 'n soortgelyke begeerte geopenbaar om gewetensvryheid te beperk. 'n Voorbeeld hiervan word in die volgehoue vervolging van andersdenkendes deur die Kerk van Engeland gegee. Gedurende die sestiende en sewentiende eeue is duisende nie-konformistiese predikante gedwing om uit hul kerke te vlug en vele, beide pastore en lidmate was onderworpe aan boete, gevangenskap, marteling en marteldood.

Dit was afvalligheid wat die vroeë kerk daartoe gelei het om 444
die hulp van die burgerlike regering te soek en dit het die weg vir die ontwikkeling van die pousdom voorberei – die dier. Paulus het gesê: “Eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word.” (2 Thes 2:3). Afvalligheid in die kerk sal dus die weg vir die beeld van die dier berei.

Die Bybel verklaar dat daar voor die wederkoms van die Here 'n toestand van godsdienstige agteruitgang net soos in die eerste eeue sal bestaan. “Maar weet dit, dat daar sware tye in die laaste dae sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ‘n gedaante aan godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.” (2 Tim 3:1-5). “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang.” (1 Tim 4:1). “Satan [sal] met allerhande

kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding en ongeregtigheid...” werk. En die wat “..die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie...” sal oorgegee word om die “...krag van die dwaling...” aan te neem “...om die leuen te glo.” (2 Thes 2:9-11). Wanneer hierdie toestand van goddeloosheid bereik word, sal dieselfde resultate as in die eerste eeue volg.

Die groot diversiteit van gelowe in die Protestantse kerke word deur baie mense as afdoende bewys beskou, dat geen poging om gelykvormigheid te verkry, ooit afgedwing sal word nie. Maar jare lank bestaan daar al 'n sterk en groeiende sentiment in die kerke van die Protestantse geloof ten gunste van 'n eenwording, gegrond op gemeenskaplike leerstellings. Om so ‘n eenheid te bewerkstellig, moet die bespreking van onderwerpe waaroor almal nie ooreenstem nie, hoe belangrik dit ook al uit 'n Bybelse oogpunt is, noodwendig afgeskaf word.

Charles Beecher het in 'n preek in die jaar 1846 verklaar dat 445
die bediening van die “evangeliese protestantse denominasies” nie net nie alleenlik tot 'n groot mate onder geweldige druk van bloot menslike vrees gevorm word nie, maar hulle leef en beweeg en asem 'n toestand van dinge wat radikaal korrup is in en doen elke uur 'n beroep op elke laer element van hul aard om die waarheid te verswyg en die knie voor die krag van afvalligheid te buig. Was dit nie ook die geval met Rome nie? Herleef ons nie weer die lewe van Rome nie? En wat sien ons reg voor ons? 'n Ander algemene raad! 'n Wêreldbyeenkoms! Evangeliese alliansie en universele geloofsbelydenis. – Preek oor “*The Bible a Sufficient Creed*”, gelewer te Fort Wayne, Indiana, 22 Februarie 1846. Wanneer dit bereik word, dan sal daar, in 'n poging om volkome eensgesindheid te bereik, slegs een stap verder geneem word om tot geweld oor te gaan.

Wanneer die leidende kerke van die Verenigde State in leerstellings wat hulle in gemeen het saamsmelt en die Staat beïnvloed om hul verordeninge af te dwing en hul instellings te

onderhou, dan sal Protestantse Amerika 'n beeld van die Romeinse hiërargie gevorm het en die oplegging van burgerlike straf teen andersdenkendes sal onvermydelik daarop volg.

Die dier met die twee horings "...maak dat aan almal, klein en groot en die rykes en die armes en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het." (Openb 13:16,17). Die waarskuwing van die derde engel is soos volg: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God." Die dier wat in hierdie boodskap genoem word en wie se aanbidding deur die dier met die twee horings afgedwing word, is die eerste, of die luiperdagtige dier van Openbaring 13 — die pousdom. Die beeld van die dier verteenwoordig die vorming van afvallige Protestantisme wat sal ontstaan wanneer die Protestantse kerke die hulp van die burgerlike mag sal inroep om hul dogmas af te dwing. Die "...merk van die dier..." moet nog gedefinieer word.

Ná die waarskuwing teen die aanbidding van die dier en sy 446
beeld, verklaar die profesie: "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."(Openb 14:12). Aangesien diegene wat God se gebooie bewaar, dus in kontras met diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang geplaas word, volg dit dat die onderhouding van God se wet enersyds en die skending daarvan andersyds, die onderskeid tussen die aanbidders van God en die aanbidders van die dier sal tref.

Die besondere kenmerk van die dier en dus ook van sy beeld, is die oortreding van God se gebooie. Van die "ander horing", die pousdom, sê Daniël: "...en hy sal probeer om tye en wet te verander..." (Dan 7:25). Paulus noem hierdie selfde mag die "...mens van sonde..." wat hom bokant God sal verhef. Die een

profesie vul die ander aan. Alleen deur God se wet te verander kon die pousdom homself bo God verhef; wie ook al wetend die wet wat aldus verander is onderhou, sal die hoogste eer aan die mag deur wie die verandering gemaak is bewys. So ‘n daad van gehoorsaamheid aan pouslike wette sal ‘n teken van trou aan die pous in die plek van God wees.

Die pousdom het gepoog om God se wet te verander. Die tweede gebod wat die aanbidding van beelde verbied, is uit die wet weggelaat en die vierde gebod is so verander, dat dit die eerste, in plaas van die sewende dag as die Sabbat bemagtig. Maar as rede vir die weglating van die tweede gebod, dring die Roomsgesindes daarop aan dat die gebod onnodig is, omdat dit in die eerste gebod opgeneem is en dat hulle die wet presies weergee soos God dit bedoel het, sodat ons dit kan verstaan. Dit kan dus nie die verandering wees wat die profeet voorspel het nie. 'n Opsetlike, doelbewuste verandering word aangebied: “Hy sal probeer om tye en wet te verander.” Die verandering in die vierde gebod vervul die profesie volkome. Hiervoor is die enigste gesag waarop aanspraak gemaak word, die kerk. Hier stel die pouslike mag hom openlik bo God.

Terwyl die aanbidders van God veral deur hul agting vir die 447
vierde gebod gekenmerk word, aangesien dit die teken van Sy skeppende krag is en dat dit ook ‘n bewys van Sy aanspraak op die eerbewys en hulde van die mens bevat, sal die aanbidders van die dier onderskei word aan hulle pogings om die Skepper se gedenkteken af te takel en die instelling van Rome te verhef. Dit was ten opsigte van die viering van die Sondag dat die pousdom eerstens sy arrogante bewerings gemaak het; *[sien bylaag]* en sy eerste toevlug tot die mag van die staat was om die viering van Sondag as die “dag van die Here” af te dwing. Maar die Bybel wys op die sewende dag en nie die eerste as die Dag van die Here nie. Christus het gesê: “Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat.” (Mark 2:28; Jes 58:13). Die vierde gebod lui: “Die sewende dag is die Sabbat van die

Here jou God...” (Ex 20:10). En die Here noem daardie dag deur die profeet Jesaja: “...My heilige dag...” (Jes 58:13).

Die bewering wat so dikwels gemaak word, dat Christus die Sabbat verander het, is deur Sy eie woorde weerlê. In die bergpredikasie het Hy gesê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense so leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.” (Mat 5:17-19).

Protestante erken oor die algemeen dat die Skrif geen gesag verleen vir die verandering van die Sabbat nie. Dit word duidelik gestel in publikasies wat deur die *American Tract Society* en die *American Sunday School Union* uitgereik is. Een van hierdie werke gee erkenning aan “...die volkome stilswye van die Nuwe Testament aangaande enige eksplisiete opdrag vir die Sabbat [Sondag, die eerste dag van die week] of bepaalde reëls vir die viering daarvan.” — George Elliott, *The Abiding Sabbath*, bl 184.

‘n Ander een sê: “Tot die tyd van Christus se dood, was daar geen verandering in die dag aangebring nie; en, sover die verslag toon het hulle [die apostels], geen ... eksplisiete opdrag gegee vir die versaking van die sewende-dag Sabbat en die onderhouding daarvan op die eerste dag van die week nie.” — A E Waffle, *The Lord’s Day*, bl 186-188.

Rooms-Katolieke erken dat die verandering van die Sabbat 448
deur hulle kerk aangebring is en hulle verklaar dat Protestante, deur die Sondag waar te neem, haar gesag erken. In die *Catholic Catechism of Christian Religion* word die volgende stelling in antwoord op ‘n vraag oor die dag wat in gehoorsaamheid aan die vierde gebod gehandhaaf moet word, gemaak: “In die ou

wet was Saterdag die dag wat geheilig is; maar die kerk, in opdrag van Jesus Christus en deur die Gees van God gelei, het Saterdag met Sondag vervang, so ons heilig nou die eerste en nie die sewende dag nie. Sondag beteken en dit is nou, die dag van die Here."

As teken van die gesag van die Katolieke Kerk sê pousgesinde skrywers dat "...die daad om die Sabbat na Sondag te verander, wat deur Protestante toegelaat word ... omdat hulle Sondag hou, hulle die mag van die kerk om feeste te orden en die viering daarvan in sonde te gebied, erken."— H Tuberville, *An Abridgment of Christian Doctrine*, bl 58. Wat is die verandering van die Sabbat dan anders as die teken of merk van die gesag van die Roomse Kerk — "...die merk van die dier"?

Die Katolieke Kerk het nie afstand van haar aanspraak op oppergesag gedoen nie; en wanneer die wêreld en die Protestantse kerke die Sabbat van haar skepping aanvaar, terwyl hulle die Bybelse Sabbat verwerp, erken hulle wesenlik hierdie aanname. Hulle mag aanspraak maak op die gesag en tradisies van die Vaders vir die verandering; maar sodoende ignoreer hulle die beginsel wat hulle van Rome onderskei – dat die Bybel en slegs die Bybel die godsdiens van Protestante is. Die pousgesindes is daarvan bewus dat die Protestante hulleself mislei en hulle oë moedswillig vir die feite van die saak sluit. Soos die beweging vir die waarneming van Sondag guns verwerf, is hy verseker dat dit uiteindelik die ganse Protestantse wêreld weer onder die vaandel van Rome sal bring.

Die Roomsgesindes verklaar dat "...die waarneming van die 449
Sondag deur Protestante 'n eerbetoon is wat hulle, ondanks hulleself, aan die gesag van die Katolieke Kerk betoon." — Segur, *Plain Talk About the Protestantism of Today*, bl 213. Die handhawing van Sondagviering in die Protestantse kerke, is 'n handhawing van die aanbidding van die pousdom – van die dier. Diegene wat, volgens die aansprake van die vierde gebod, kies

om die valse in plaas van die ware Sabbat te onderhou, bring hulde aan daardie mag alleen wat dit beveel het. Maar, juis in die handhawing van 'n godsdienstige plig deur sekulêre mag, sal die kerke self 'n beeld vir die dier vorm; derhalwe sal die handhawing van Sondagviering in die Verenigde State, 'n afdwinging van die aanbidding van die dier en sy beeld wees.

Maar Christene van vorige geslagte het die Sondag onderhou met die veronderstelling dat hulle sodoende die Bybelse Sabbat onderhou; en daar is tans ook opregte Christene in alle kerke, wat nie die Rooms-Katolieke gemeenskap uitsluit nie, wat eerlik glo dat Sondag die Sabbat is wat God ingestel het. God aanvaar hulle opregtheid van voorneme en hul integriteit. Maar wanneer Sondag-onderhouding deur die wet afgedwing word en die wêreld ingelig sal wees aangaande die verpligting van die ware Sabbat, dan sal elkeen wat die wet van God oortree om ‘n voorskrif na te kom wat geen hoër gesag as die van Rome het nie, daardeur die pousdom bokant God vereer. Hulle bring hulde aan Rome en aan die mag wat die instelling wat deur Rome georden is afdwing. Hulle aanbid die dier en sy beeld. Wanneer mense dan die instelling wat God as teken van Sy gesag verklaar het verwerp en in die plek daarvan dit wat Rome as teken van haar oppergesag gekies het eer, sal hulle die merk van getrouheid aan Rome aanvaar, “die merk van die dier.” En dit is eers wanneer die saak duidelik voor die volk gestel word en hulle 'n keuse tussen die gebooie van God en die gebooie van mense moet maak, dat diegene wat nog in oortreding bly, die “merk van die dier” sal ontvang.

Die mees vreeswekkendste dreigement wat nog ooit aan 450
sterflinge gerig is, word in die boodskap van die derde engel vervat. Dit moet ‘n verskriklike sonde wees wat die toorn van God, onvermeng met genade, ontketen. Mense word nie in die duisternis gelaat aangaande hierdie belangrike saak nie; die waarskuwing teen hierdie sonde moet aan die wêreld gegee word voor die besoeking van God se oordele, sodat almal kan

weet waarom dit oor hulle gaan kom en 'n geleentheid gebied word om dit te ontvlug. Die profesie verklaar dat die eerste engel sy aankondiging sal doen aan “...alle nasies en stamme en tale en volke.” Die waarskuwing van die derde engel, wat deel uitmaak van dieselfde drieledige boodskap, is nie minder wydverspreid nie. Dit word in die profesie verteenwoordig dat dit met 'n harde stem verkondig word deur 'n engel wat in die hemel vlieg; en dit sal die aandag van die hele wêreld trek.

In hierdie stryd sal die Christendom in twee klasse verdeel word, naamlik diegene wat die gebooie van God en die geloof van Jesus bewaar en diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merk ontvang. Hoewel kerk en staat sal saamspan om “..almal, klein en die groot en die rykes en die armes en die vrymense en die slawe... (Openb 13:16) “...die merk van die dier” te gee, sal die volk van God dit nogtans nie ontvang nie. Die profeet van Patmos het die “...oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam ... by die see van glas sien staan met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses ... en die lied van die Lam...” (Openb 15:2,3).

Hoofstuk 26 451

# 'n Werk van Hervorming

Die hervorming ten opsigte van die Sabbat wat in die laaste dae moet geskied, word in die profesie van Jesaja voorspel: “So sê die Here: Bewaar die reg en doen geregtigheid; want My heil is naby om te kom en my geregtigheid om geopenbaar te word. Welgeluksalig is die mens wat dit doen en die mensekind wat daaraan vashou; wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie ... en die uitlanders wat hulle by die Here aangesluit het om Hom te dien en om die Naam van die Here lief te hê deur Sy knegte te wees — elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie en hulle wat vashou aan My verbond, hulle sal Ek bring na my heilige berg en Ek sal hulle vreugde laat smaak in My huis van gebed” (Jes 56:1,2,6,7).

Hierdie woorde is van toepassing op die Christelike era soos blyk uit die teksverband: “Die Here HERE wat versamel diegene wat van Israel verdryf is, spreek: Ek sal by hom nog meer versamel, by sy versameldes.” (Jes 56:8). Hier word die insameling van die heidene deur die evangelie voorspel. En oor diegene wat die Sabbat heilig, word daar ‘n seën uitgespreek. Die verpligting van die vierde gebod, strek dus verder as die kruisiging, opstanding en hemelvaart, tot met die tyd wanneer Sy dienaars die boodskap van die blye tyding aan alle nasies sal verkondig.

Deur dieselfde profeet beveel die Here: “Bind die getuienis 452
toe; verseël die wet in die hart van My leerlinge.” (Jes 8:16). Die seël van God se wet word in die vierde gebod gevind. Van al tien is dit hierdie gebod alleen wat die naam en die titel van die Wetgewer aangedui. Dit verklaar Hom as die Skepper van die hemele en die aarde en toon dus Sy aanspraak op eerbied en aanbidding bo alle ander. Afgesien van hierdie gebod, is daar niks in die Dekaloog om aan te toon deur wie se gesag die wet gegee is nie. Toe die Sabbat deur die pouslike mag verander is,

is die seël van die wet verwyder. Die dissipels van Jesus word opgeroep om dit te herstel deur die Sabbat van die vierde gebod tot sy regmatige posisie as die gedenkteken van die Skepper en die teken van Sy gesag te verhef.

"Na die wet en na die getuienis." Terwyl daar teenstrydige leerstellings en teorieë in oorvloed is, is die wet van God die een onfeilbare maatstaf waaraan alle menings, leerstellings en teorieë getoets moet word. Die profeet sê: "As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" (Jes 8:20).

Weereens word die opdrag gegee: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes." Dit is nie die goddelose wêreld nie, maar diegene wat die Here as "My volk" bestempel, wat weens hulle oortredings tereggewys word. Die Here sê verder: "Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie." (Jes 58:1,2). Hier word 'n klas gesien wat hulleself as regverdig beskou en groot belangstelling in die diens van God blyk te toon; maar die streng en plegtige teregwysing van die Ondersoeker van harte, bewys dat hulle die Goddelike voorskrifte vertrap.

Die profeet wys op die gebod wat versaak is: "Die 453
fondamente van vorige geslagte sal jy oprig en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die Sabbat — om nie jou sake op My heilige dag te doen nie en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die Here hoog hou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die Here." (Jes 58:12-14). Hierdie profesie geld ook in ons tyd. Die breuk in die wet van God is veroorsaak toe die Sabbat deur die Roomse mag verander is. Maar die tyd

het aangebreek dat hierdie Goddelike instelling herstel moet word. Die breuk moet herstel word en die fondament van baie geslagte moet opgehef word.

Geheilig deur die Skepper se rus en seën, is die Sabbat deur Adam in sy onskuld in die heilige Eden gehou; en ook deur die gevalle en tog berouvolle Adam, toe hy uit sy gelukkige tuiste verdryf is. Dit is deur al die patriarge, vanaf Abel af tot by die regverdige Noag, Abraham en Jakob onderhou. Toe die uitverkore volk in Egipte in slawerny verkeer het, het baie van hulle te midde van die heersende afgodediens hul kennis van God se wet vergeet; maar toe die Here Israel verlos het, het Hy Sy wet in ontsagwekkende grootsheid aan die versamelde menigte verkondig, sodat hulle Sy wil kon ken en Hom vir ewig sou vrees en gehoorsaam.

Van daardie dag af tot vandag toe is die kennis van God se wet op die aarde bewaar en is die Sabbat van die vierde gebod onderhou. Hoewel die "mens van sonde" daarin geslaag het om God se heilige dag onder sy voete te vertrap, was daar selfs in die tydperk van sy oppergesag, getroue siele in verborge plekke, wat die Sabbat eerbiedig het. Sedert die Hervorming was daar in elke generasie sommige wat dit gehandhaaf het. Hoewel dit dikwels te midde van smaad en vervolging geskied het, was daar voortdurende getuienis gelewer van die ewigdurendheid van God se wet en van die heilige verpligting van die Sabbat van die skepping.

Hierdie waarhede, soos in Openbaring 14 aangebied, in 454
verband met die "ewige evangelie," sal die kerk van Christus tydens Sy verskyning onderskei. Want as gevolg van die verkondiging van die drieledige boodskap, word aangekondig: "Hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." (Openb 14:12). En hierdie boodskap is die laaste wat voor die koms van die Here gegee sal word. Onmiddellik na die aankondiging daarvan, het die profeet die Seun van die mens in heerlikheid sien kom om die oes van die aarde in te samel.

Diegene wat die lig aangaande die heiligdom en die onveranderlikheid van die wet van God ontvang het, was met vreugde en verwondering vervul toe hulle die skoonheid en harmonie van die stelsel van waarheid gesien het wat aan hulle verstand geopen is. Hulle wou graag hê dat die lig wat vir hulle so kosbaar was, aan alle Christene gegee moes word; en hulle kon nie anders as om te glo dat dit vreugde aanvaar sou word nie. Maar waarhede wat hulle in stryd met die wêreld sou plaas, was vir baie mense wat beweer het dat hulle navolgers van Christus was, onwelkom. Gehoorsaamheid aan die vierde gebod, het 'n opoffering waarvoor die meerderheid teruggedeins het geverg.

Toe die aansprake van die Sabbat aan hulle voorgehou is, het baie vanuit die oogpunt van die wêreldling geredeneer. Hulle het gesê: "Ons het altyd Sondag gehou, ons vaders het dit gehou en baie goeie en vroom mense het gelukkig gesterf terwyl hulle dit onderhou het. As hulle reg was, is ons ook reg. Die onderhouding van hierdie nuwe Sabbat, sal ons uit harmonie met die wêreld bring en ons sal geen invloed op hulle hê nie. Wat kan 'n klein groepie wat die sewende dag hou, teen die hele wêreld wat Sondag hou doen?" Dit was deur soortgelyke redenasies dat die Jode gepoog het om hul verwerping van Christus te regverdig. Hulle vaders is deur God aanvaar toe hulle die offerandes aangebied het en waarom kon die kinders nie redding vind deur dieselfde weg te volg nie? In die tyd van Luther het die Roomsgesindes aangevoer dat ware Christene in die Katolieke geloof gesterf het en dat godsdiens dus voldoende vir redding was. Sodanige redenasies was 'n effektiewe hindernis vir alle vooruitgang in godsdienstige geloof of die beoefening daarvan.

Baie het aangevoer dat die onderhouding van Sondag al 455
eeue lank 'n gevestigde leerstelling en 'n algemene gebruik van die kerk was. Teen hierdie argument is daar aangevoer dat die onderhouding van die Sabbat ouer en meer wydverspreid was, selfs so oud soos die wêreld self en dat dit deur beide die engele

en God goedgekeur is. Toe die fondamente van die aarde gelê is, toe die môresterre saam gesing het en al die seuns van God van blydskap gejubel het, is die fondament van die Sabbat gelê. (Job 38:6,7; Gen 2:1-3). Hierdie instelling mag wel ons eerbied vereis; dit is deur geen menslike gesag georden nie en berus op geen menslike tradisies nie; dit is deur die Oue van dae ingestel en deur Sy ewige woord beveel.

Namate die aandag van die volk op die onderwerp van die hervorming van die Sabbat gevestig is, het die gewilde predikante die Woord van God verdraai en sodoende op ‘n wyse vertolk wat ondersoekende denke die beste sou pas. En diegene wat nie self die Skrifte deursoek het nie, was tevrede om gevolgtrekkings te aanvaar wat met hulle begeertes ooreengestem het. Deur argumente, drogredes, tradisies van die Vaders en die gesag van die kerk, het baie probeer om die waarheid omver te werp. Die voorstanders van die Sabbat is na hul Bybels gedwing om die geldigheid van die vierde gebod te verdedig. Nederige mense, slegs met die Woord van Waarheid gewapen, het die aanvalle van geleerdes weerstaan, wat met verbasing en woede bevind het dat hul welsprekende drogredes magteloos was teen die eenvoudige, reguit argumente van manne wat die Skrif geken het, eerder as om vertroud te wees met die subtiliteite van die skole.

Sonder enige Bybelse getuienis in hulle guns, het baie mense met onvermoeide volharding aangedring en vergeet hoe dieselfde redenasie teen Christus en Sy apostels gebruik is: “Waarom verstaan ons vooraanstaande manne nie die vraagstuk aangaande die Sabbat nie? Min mense glo soos julle. Dit kan nie wees dat julle reg is en al die geleerdes van die wêreld verkeerd nie.”

Om sulke argumente te weerlê, was dit slegs nodig om die 456
Skrifte aan te haal en na die geskiedenis van die Here se optrede teenoor Sy volk in alle eeue te verwys. God werk deur diegene wat Sy stem hoor en gehoorsaam, deur diegene wat, indien

nodig, onverteerbare waarhede spreek en deur diegene wat nie vrees om gewilde sondes te bestraf nie. Die rede waarom Hy nie meer dikwels geleerde en vooraanstaande mense met hoë geleerdheid kies om die hervormingsbewegings te lei nie, is omdat hulle op hul geloofsbelydenisse, teorieë en teologiese stelsels vertrou en geen behoefte het om deur God onderrig te word nie. Slegs diegene wat ‘n persoonlike verbintenis met die Bron van wysheid het, kan die Skrif verstaan en verklaar. Mense met min geleerdheid, word soms geroep om die waarheid te verklaar, nie omdat hulle ongeleerd is nie, maar omdat hulle nie te selfvoldaan is om deur God geleer te word nie. Hulle leer in die skool van Christus en hulle nederigheid en gehoorsaamheid maak hulle groot. Deur kennis van Sy waarheid aan hulle te skenk, verleen God eer aan hulle, in vergelyking waarmee aardse eer en menslike grootsheid in nietigheid wegsink.

Die meerderheid Adventiste het die waarhede aangaande die heiligdom en die wet van God verwerp en baie van hulle het ook hul geloof in die Advent-beweging verloën en ongegronde en teenstrydige sienings van die profesieë wat op die werk van toepassing was, aanvaar. Sommige is selfs in die dwaling om herhaaldelik ’n bepaalde datum vir die koms van Christus vas te stel gelei. Die lig wat nou oor die onderwerp van die heiligdom geskyn het, moes hulle oortuig het dat geen profetiese tydperk tot by die wederkoms van Christus strek nie en dat die presiese tyd vir die wederkoms nie voorspel is nie. Maar, hulle het van die lig weggedraai en was keer op keer op vir die wederkoms van die Here ingestel en is elke keer teleurgestel.

Toe die kerk in Thessalonika verkeerde sienings aangaande 457
die wederkoms van Christus ontvang het, het die apostel Paulus hulle aangeraai om hulle hoop en verwagting noukeurig aan die Woord van God te toets. Hy het profesieë aangehaal wat die gebeure voor Christus sou kom openbaar het en hy het hulle daarop gewys dat hulle geen grond gehad het om die koms van die Here in hulle tyd te verwag nie. “Laat niemand julle op enige manier mislei nie...” het hy hulle gewaarsku. (2 Thes 2:3). Indien

hulle verwagtinge gekoester het wat nie in die Skrif bevestig is nie, sou dit hulle in 'n verkeerde rigting gelei het; teleurstelling sou hulle aan die bespotting van ongelowiges blootstel en hulle sou gevaar loop om mismoedig te raak en in die versoeking kom om die waarhede wat noodsaaklik vir hul redding is, te betwyfel. Die apostel se vermaning aan die Thessalonicense bevat ‘n belangrike les vir diegene wat in die laaste dae lewe. Baie Adventiste was van mening dat, tensy hulle op 'n bepaalde tyd vir die koms van die Here kon vertrou, hulle nie ywerig en toegewyd in die voorbereidingswerk kon wees nie. Maar waar hulle hoop keer op keer opgevlam het om maar net weer teleurgestel te word, was dit so 'n skok vir hul geloof, dat dit vir hulle onmoontlik was om onder die indruk van die groot waarhede van die profesie te kom.

Die prediking van ‘n bepaalde tyd vir die oordeel, soos in die eerste boodskap, is deur God beveel. Die berekening van die profetiese tydperke waarop daardie boodskap gebaseer is en wat die einde van die 2 300 dae in die herfs van 1844 geplaas het, staan sonder twyfel. Die herhaalde pogings om nuwe datums vir die begin en afsluiting van die profetiese tydperke vas te stel en die onstandvastige redenasies wat nodig is om hierdie stellings te handhaaf, lei die gedagtes nie net weg van die huidige waarheid nie, maar werp minagting op alle pogings om die profesieë te verklaar. Hoe meer gereeld ‘n bepaalde tyd vir die wederkoms bepaal word en hoe wyer dit verkondig word, hoe beter pas dit die doel van Satan. Wanneer die tyd dan verstreke is, verwek hy die bespotting en veragting vir die voorstanders daarvan en werp sodoende oneer op die groot Advent-beweging van 1843 en 1844. Diegene wat in hierdie dwaling volhard sal uiteindelik ‘n datum wat te ver in die toekoms vir die koms van Christus strek, vasstel. Sodoende sal hulle gelei word om in 'n valse gevoel van sekuriteit te rus en baie sal nie uit hul misleiding ontwaak voordat dit te laat is nie.

Die geskiedenis van Israel van ouds is ‘n treffende voorbeeld 458
van die ervaring van die liggaam van Adventiste. In die Advent-

beweging het God Sy volk gelei, net soos Hy die kinders van Israel uit Egipte gelei het. In die groot teleurstelling is hulle geloof getoets, net soos die Hebreërs by die Rooi See. As hulle steeds op die leidende Hand wat in hul vorige ervaring met hulle was vertrou het, sou hulle die redding van God gesien het. As almal in 1844 verenig en saamgewerk het, die boodskap van die derde engel aangeneem het en dit in die krag van die Heilige Gees verkondig het, sou die Here kragtig met hul pogings saamgewerk het. ‘n Vloed van lig sou oor die wêreld gewerp gewees het. Die bewoners van die aarde sou jare gelede gewaarsku gewees het, die afsluitingswerk sou voltooi gewees het en Christus sou gekom het om Sy volk te verlos.

Dit was nie die wil van God dat Israel vir veertig jaar in die woestyn moes rondswerf nie; Hy wou hulle reguit na Kanaän lei en hulle daar vestig as ‘n heilige en gelukkige volk. Maar deur ongeloof kon hulle nie ingaan nie. (Heb 3:19). As gevolg van hul afvalligheid, het hulle in die woestyn omgekom en ander is opgerig om die Beloofde Land binne te gaan. Net so is dit ook nie die wil van God dat die koms van Christus so lank vertraag word en dat Sy volk soveel jare in hierdie wêreld van sonde en droefheid moes bly nie. Maar ongeloof het hulle van God geskei. Terwyl hulle geweier het om die werk te doen waarvoor Hy aan hulle aangestel het, is ander opgewek om die boodskap te verkondig. In genade vir die wêreld, stel Jesus Sy koms uit, sodat sondaars die geleentheid kan kry om die waarskuwing te hoor en skuiling by Hom te vind voordat die toorn van God uitgestort word.

Net soos in vorige eeue, sal die aanbieding van 'n waarheid 459
wat die sondes en dwalinge van die tyd bestraf, teëstand opwek. “Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie.” (Joh 3:20). Soos die mense gesien het dat hulle nie hul posisie volgens die Skrif kon handhaaf nie, was baie vasbeslote om dit tog teen alle koste te handhaaf en met 'n kwaadwillige gees het hulle die karakter en beweegredes van diegene wat ter wille

van die ongewilde waarheid staan, aangeval. Dit is dieselfde beleid wat in alle eeue gevolg is. Elia was in Israel as 'n probleem verklaar, Jeremia 'n verraaier en Paulus 'n besoedelaar van die tempel. Vanaf daardie dag tot vandag, word diegene wat lojaal aan die waarheid is, as oproerig, ketters, of dat hulle tweespalt veroorsaak, uitgekryt. Menigtes wat te ongelowig is om die vaste woord van profesie te aanvaar nie, sal met ongetwyfelde goedgelowigheid 'n beskuldiging teen diegene wat dit durf waag om gewilde sondes te berispe, aanvaar. Hierdie gees sal meer en meer toeneem. En die Bybel leer duidelik dat 'n tyd nader kom wanneer die wette van die staat so in stryd met die wet van God sal wees, dat elkeen wat al die Goddelike voorskrifte nakom, smaad en straf as 'n boosdoener sal moet konfronteer.

In die lig hiervan, wat is die plig van die boodskapper van waarheid? Sal hy tot die gevolgtrekking kom dat die waarheid nie voorgehou moet word nie, aangesien die enigste gevolg daarvan dikwels daartoe lei om mense op te wek om die bewerings daarvan te ontduik of te weerstaan? Glad nie; hy het net so min rede om die getuienis van God se Woord te verswyg omdat dit teenstand verwek, as wat die vroeë hervormers gehad het. Die geloofsbelydenis wat deur heiliges en martelare afgelê is, is ten bate van die toekomstige geslagte opgeteken. Hierdie lewende voorbeelde van heiligheid en onwrikbare integriteit, is om diegene wat tans geroep word om as getuies vir God te staan, met moed te besiel. Hulle ontvang genade en waarheid, nie alleen vir hulself nie, maar sodat die kennis van God die aarde deur hulle kan verlig. Het God lig aan sy dienaars in hierdie geslag gegee? Dan moet hulle dit in die wêreld laat skyn.

In die ou tyd het die Here aan iemand wat in sy Naam gespreek het, verklaar: “Die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie, omdat hulle na My nie wil luister nie;” nietemin het Hy gesê, “Maar jy moet hulle my woorde verkondig, of hulle al luister of nie.” (Eseg 3:7;2:7). Die volgende opdrag word op

hierdie stadium aan die dienskneg van God gerig: “Verhef jou stem soos ‘n basuin! En verkondig aan My volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.” (Jes 58:1).

Vir sover die geleentheid hom voordoen, verkeer elkeen wat 460
die lig van die waarheid ontvang het onder dieselfde plegtige en vreesaanjaende verpligting as die profeet van Israel tot wie die woorde van die Here gekom het: “Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy ‘n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku. As Ek vir die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.” (Eseg 33:7-9).

Die groot struikelblok vir beide die aanvaarding en die bekendmaking van die waarheid, is die feit dat dit ongerief en verwyt behels. Dit is die enigste argument teen die waarheid wat die voorstanders daarvan nog nooit kon weerlê nie. Maar dit skrik nie die ware volgelinge van Christus af nie. Hulle wag nie vir die waarheid om gewild te raak nie. Omdat hulle oortuig van hulle plig is, aanvaar hulle doelgerig die kruis en saam met die apostel Paulus reken hulle dat “...ons ligte verdrukking wat vir ‘n oomblik is, werk vir ons uit ‘n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid...” en hulle ag “...die smaad van Christus groter rykdom ... as die skatte van Egipte.” (2 Kor 4:17; Heb 11:26).

Wat hulle roeping ook al mag wees, dit is slegs diegene wat van harte dienaars van die wêreld is, wat in Godsdienssake ‘n beleid van gerief volg, eerder as in beginsel optree. Ons moet kies wat reg is omdat dit die regte ding is om te doen en die gevolge aan God oorlaat. Die wêreld is aan mense van beginsel, geloof en durf, dank verskuldig vir die groot hervormings. Deur

sulke mense moet die hervormingswerk vir hierdie tyd voortgesit word.

So sê die Here: "Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart My wet is. Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie; want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar my geregtigheid sal vir ewig bestaan en my heil van geslag tot geslag." (Jes 51:7,8).

# Hedendaagse Herlewings

461 Oral waar die Woord van God getrou verkondig is, het resultate gevolg wat van die Goddelike oorsprong daarvan getuig het. Die Gees van God het die boodskap van Sy dienaars vergesel en die woord het met krag uitgegaan. Die gewete van sondaars is aangewakker. Die "...lig wat elke mens verlig was aan kom in die wêreld..." en het die verborge skuilhoeke van hul siele verlig en die verborge dinge van die duisternis is geopenbaar. Diepe oortuiging het hul gedagtes en harte aangegryp. Hulle is van sonde en geregtigheid oortuig en van die komende oordeel. Hulle het 'n besef van die geregtigheid van Jehova en die verskrikking om in hul skuld en onreinheid voor die Ondersoeker van harte te verskyn, ervaar. In sieleangs het hulle uitgeroep: "Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" Namate die kruis van Golgota met sy oneindige offer vir die sonde van die mense geopenbaar is, het hulle besef dat niks anders as die verdienste van Christus voldoende was om hul oortredings te versoen nie; dit alleen kan die mens met God versoen. In geloof en nederigheid het hulle die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem, aangeneem. Deur die bloed van Jesus kon hulle vergifnis van die sondes van die verlede ontvang.

Hierdie siele het vrugte wat by bekering gepas het opgelewer. Hulle het geglo en is gedoop en het opgestaan om 'n nuwe lewe te bewandel — nuwe skepsels in Christus Jesus; nie om hulself volgens hul vorige begeerlikhede te vorm nie, maar deur geloof in die voetstappe van die Seun van God te volg om Sy karakter te weerspieël en hulleself te reinig soos Hy rein is. Die dinge wat hulle voorheen gehaat het, het hulle nou liefgehad en die dinge wat hulle voorheen liefgehad het, het hulle nou gehaat. Die trotsaard en eiegeregtige het sagmoedig en nederig geword. Die wat ydel en verwaand was, het ernstig en onopsigtelik geword. Die onheiliges het eerbiedig geword, 462

die dronkaards nugter en die losbandiges rein. Die ydele modes van die wêreld is versaak. Christene het nie gesoek na die uiterlike versiering van "...haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar na die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God." (1 Pet 3:3,4).

Herlewings het diepe selfondersoek en nederigheid tot gevolg gehad. Hulle is gekenmerk deur plegtige en ernstige oproepe tot sondaars en groot ontferming teenoor diegene wat met die bloed van Christus vrygekoop is. Mans en vroue het in gebed met God geworstel vir die redding van siele. Die vrugte van sulke herlewings is in siele gesien wat nie van selfverloëning en opoffering weggekrimp het nie, maar wat verheug was dat hulle waardig geag is om ter wille van Christus smaad en beproewing te ly. Mense het die verandering in die lewens van diegene wat die Naam van Jesus bely het, gesien. Die gemeenskap het voordeel uit hul invloed getrek. Hulle het hulle by Christus gevoeg en in die Gees gesaai, om die ewige lewe te oes.

Van hulle sou gesê kon word: "...want julle was bedroef volgens die wil van God ... want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding maar die droefheid van die wêreld werk die dood. Want kyk, juis dit, dat julle bedroef geword het volgens die wil van God — wat 'n groot ywer het dit in julle gewerk, ja verantwoording, verontwaardiging, vrees, verlange, ywer, bestraffing. In alles het julle bewys dat julle in die saak rein is." (2 Kor 7:9-11).

Dit is die gevolg van die werk van die Gees van God. Tensy 463
dit hervorming teweegbring, is daar geen bewyse van opregte berou nie. As hy die pand herstel en teruggee wat hy beroof het, sy sondes bely en God en sy medemens liefhet, kan die sondaar seker wees dat hy vrede met God gevind het. Dit was die gevolge wat in vorige jare op seisoene van godsdienstige ontwaking gevolg het. Te oordeel aan hul vrugte, was dit

duidelik dat hulle deur God geseën is in die redding van mense en die ophef van die mensdom.

Maar baie van die herlewings van die moderne tyd was in skerp kontras met die manifestasies van Goddelike genade wat in die vroeër dae op die arbeid van God se dienaars gevolg het. Dit is waar dat wye belangstelling opgewek word, dat baie bely dat hulle bekeerd is en dat daar 'n groot toeloop na die kerke is; nietemin is die gevolge nie van so aard dat geglo kan word dat daar 'n dienooreenkomstige toename van ware geestelike lewe is nie. Die lig wat vir ‘n kort tyd opvlam sterf gou uit en laat 'n duisternis agter, digter as voorheen.

Gewilde herlewings word te dikwels deur 'n beroep op die verbeelding, deur emosies aan te wakker, deur liefde vir dit wat nuut en opwindend is te bevredig, verkry. Hierdie bekeerlinge het min begeerte om na Bybelwaarhede te luister en toon min belangstelling in die getuienis van die profete en apostels. Tensy die diens opspraakwekkend van aard is, het dit vir hulle geen aantrekking nie. ‘n Boodskap wat ‘n beroep op passielose rede doen, ontketen geen reaksie nie. Die duidelike waarskuwings van God se Woord, wat direk verband met hul ewige belange hou, word nie gehoor aan gegee nie.

Vir elke waarlik bekeerde siel, sal die verhouding van die siel 464
tot God en ewige dinge die hoof onderwerp van die lewe wees. Maar waar is die gees van toewyding aan God in die gewilde kerke van vandag? Die bekeerlinge versaak nie hulle hoogmoed en liefde vir die wêreld nie. Hulle is nie méér bereid om hulself te verloën, hul kruis op te neem en die sagmoedige en nederige Jesus te volg as voor hul bekering nie. Godsdiens het die sport van ongelowiges en twyfelaars geword omdat soveel wat die naam dra, nie die beginsels daarvan ken nie. Die krag van godsvrug het byna heeltemal uit baie van die kerke gewyk. Pieknieks, kerk-opvoerings, kerkbasaars, mooi huise en persoonlike vertoon, het alle gedagtes aan God verdryf. Landgoed, besittings en wêreldse beroepe, neem die verstand

in beslag en die dinge van ewige belang geniet skaars 'n verbygaande gedagte.

Nieteenstaande die wydverspreide agteruitgang van geloof en vroomheid, is daar ware volgelinge van Christus in hierdie kerke. Voor die finale besoek van God se oordele op die aarde, sal daar onder die volk van die Here so ‘n herlewing van primitiewe godsaligheid wees soos wat daar sedert die apostoliese tyd nie gesien is nie. Die Gees en krag van God sal op Sy kinders uitgestort word. In hierdie tyd sal baie mense hulself van die kerke waarin die liefde vir hierdie wêreld die liefde vir God en Sy woord verdring het, skei. Baie mense, beide predikante en leke, sal die groot waarhede wat God op hierdie stadium laat verkondig het om 'n volk op die wederkoms van die Here voor te berei, aanvaar. Die vyand van siele wil hierdie werk verhinder; en voordat die tyd vir hierdie beweging aanbreek, sal hy poog om dit te voorkom deur ‘n namaaksel voor te stel. In daardie kerke wat hy onder sy misleidende invloed kan bring, sal hy dit laat voorkom asof God se spesiale seën uitgestort is; daar sal 'n manifestasie wees van wat blyk van groot godsdienstige belang te wees. Menigtes sal hulself verheug omdat God, volgens hulle mening, op wonderbaarlike wyse vir hulle werk, terwyl dit die werk van ‘n ander gees is. Onder die dekmantel van godsdiens, sal Satan poog om sy invloed oor die Christelike wêreld uit te brei.

In baie van die herlewings gedurende die laaste helfte van 465
die afgelope eeu, was dieselfde invloede in 'n mindere of meerdere mate aan die werk, wat in die toekoms in die groter bewegings geopenbaar sal word. Daar is ‘n emosionele opwinding, ‘n vermenging van die ware met die valse, wat goed aangepas is om te mislei. Tog hoef niemand bedrieg te word nie. In die lig van God se Woord is dit nie moeilik om die aard van hierdie bewegings te bepaal nie. Oral waar mense die getuienis van die Bybel verwaarloos en wegdraai van duidelike siel-beproewende waarhede wat selfverloëning en versaking van die wêreld vereis, kan ons seker wees dat God se seën nie

daaraan verleen sal word nie. En volgens die bepaling wat Christus self gegee het, naamlik: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken..." (Mat 7:16), is dit duidelik dat hierdie bewegings nie die werk van die Gees van God is nie.

In die waarhede van Sy Woord, het God aan mense 'n openbaring van Homself gegee; en vir almal wat dit aanneem is dit 'n skild teen die misleiding van Satan. Dit is die verwaarlosing van hierdie waarhede wat die deur vir die euwels wat tans so wydverspreid in die godsdienstige wêreld is, oopgemaak het. Die aard en belangrikheid van die wet van God, is tot 'n groot mate uit die oog verloor. 'n Verkeerde opvatting van die karakter, die ewigheid en die verpligting van die Goddelike wet, het tot dwalings in verband met bekering en heiligmaking gelei, met die gevolg dat die maatstaf van vroomheid in die kerk verlaag is. Hierin lê die geheim van die gebrek aan die Gees en die krag van God in die herlewings van ons tyd.

In die verskillende denominasies is daar mense wat bekend is vir hul vroomheid, wat hierdie feit erken en betreur. Professor Edwards A Park, in sy uiteensetting van die huidige godsdienstige gevare, sê: "Een bron van gevaar, is die verwaarlosing vanaf die kansel om die Goddelike wet te beklemtoon. Vroeër dae, was die kansel 'n weerklank van die stem van die gewete ... Ons mees roemryke predikers het 'n wonderlike gesag aan hul preke gegee deur die voorbeeld van die Meester te volg en deur die voorskrifte van die wet en die bedreiging daarvan te beklemtoon. Hulle het die twee groot beginsels, dat die wet 'n transkripsie van Goddelike volmaaktheid is en dat die man wat die wet nie liefhet nie, ook nie die evangelie liefhet nie, beklemtoon; want die wet sowel as die evangelie is 'n spieël wat die ware karakter van God weerspieël. Hierdie gevaar lei tot 'n verdere gevaar, naamlik die onderskatting van die boosheid van sonde, die omvang en die onverdienstelikheid daarvan. In verhouding tot die

regmatigheid van die gebod, is die onregmatigheid om ongehoorsaam daaraan te wees.

“Gepaard met die gevare reeds genoem, is die gevaar om 466
die geregtigheid van God te onderskat. Die neiging vanaf die moderne preekstoel, is om Goddelike geregtigheid uit Goddelike welwillendheid te filtreer, om welwillendheid in 'n sentiment te laat versink eerder as om dit tot 'n beginsel te verhef. Die nuwe teologiese prisma skei dit wat God saamgevoeg het. Is die goddelike wet goed of sleg? Dit is goed. Dan is geregtigheid goed; want dit is ‘n voorneme om die wet uit te voer. Van die gewoonte om die Goddelike wet en geregtigheid en die omvang en afname van menslike ongehoorsaamheid te onderskat, verskuif mense maklik na die gewoonte om die genade wat versoening vir sonde voorsien het, te onderskat.” Sodoende verloor die evangelie sy waarde en belangrikheid in die gemoed van mense en kort voor lank is hulle gereed om selfs die Bybel ter syde te stel.

Baie godsdienstige leraars beweer dat Christus, deur Sy dood, die wet afgeskaf het en dat die mense nou vry is van die vereistes daarvan. Daar is sommige wat dit as ‘n swaar juk beskryf en in teenstelling met die slawerny van die wet, bied hulle vryheid aan om onder die evangelie geniet te word.

Maar die profete en die apostels het die heilige wet van God nie so beskou nie. Dawid het gesê: “Dan wil ek U wet altyddeur onderhou ... en in die ruimte wandel, want ek soek U bevele.” Na die dood van Christus, het die apostel Jakobus die Dekaloog “...die koninklike wet...” genoem en “...die volmaakte wet van vryheid.” En 'n halwe eeu na die kruisiging, word 'n seën in die boek Openbaring uitgespreek oor “...die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” (Ps 119:44,45; Jak 2:8;1:25; Openb 22:14).

Die bewering dat Christus deur Sy dood, Sy Vader se wet afgeskaf het, is ongegrond. As dit moontlik was om die wet te

verander of af te skaf, sou dit nie vir Christus nodig gewees het om te sterf ten einde die mens van die straf van sonde te verlos nie. Die dood van Christus bewys eerder die onveranderlikheid van die wet. Die Seun van God het gekom om die wet te verhoog en te vereer. Hy het gesê: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie ... Voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan..." nie. Van Homself het Hy gesê, "Ek het lus, o my God, om U welbehae te doen en U wet is binne-in My ingewande." (Mat 5:17,18; Ps 40:9).

Die wet van God is uiteraard onveranderlik. Dit is 'n 467
openbaring van die wil en karakter van die Outeur daarvan. God is liefde en Sy wet is liefde. Die twee hoofbeginsels daarvan is liefde tot God en liefde tot die mens. "Daarom is die liefde die vervulling van die wet." (Rom 13:10) Die karakter van God is geregtigheid en waarheid, dit is ook die aard van Sy wet. Die psalmis sê: "U wet is waarheid ... al u gebooie is geregtigheid." (Ps 119:142,172). En die apostel Paulus verklaar: "Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed." (Rom 7:12). So 'n wet, wat 'n uitdrukking van die wysheid en wil van God is, moet net so ewigdurend wees soos die Outeur daarvan.

Die werk van bekering en heiligmaking, is om mense met God te versoen deur hulle in ooreenstemming met die beginsels van Sy wet te bring. In die begin is die mens na die beeld van God geskape. Hy was in perfekte harmonie met die natuur en die wet van God; die beginsels van geregtigheid was in sy hart gegraveer. Maar die sonde het hom van sy Skepper vervreem. Hy het nie meer die Goddelike beeld weerspieël nie. Sy hart was in stryd met die beginsels van God se wet. "...omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie." (Rom 8:7). Maar "...so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..." om die mens met God te versoen. Op grond van die verdienste van Christus kan hy weer in ooreenstemming met sy Skepper gebring word. Sy hart moet

deur Goddelike genade vernuwe word; hy moet 'n nuwe lewe van omhoog ontvang. Hierdie verandering is die wedergeboorte waarsonder, sê Jesus, iemand "...die koninkryk van God nie kan sien nie."

Die eerste stap tot versoening met God, is 'n oortuiging van sonde. "Want die sonde is wetteloosheid." (1 Joh 3:4). "Deur die wet is die kennis van die sonde." (Rom 3:20). Ten einde sy skuld te besef, moet die sondaar sy karakter aan God se groot maatstaf van geregtigheid toets. Dit is die spieël wat die volmaaktheid van 'n regverdige karakter weerkaats en dit stel hom in staat om sy eie gebreke te onderskei.

Die wet openbaar sy sondes aan die mens, maar dit bied 468
geen genesing nie. Terwyl dit lewe aan die gehoorsames belowe, verklaar dit dat die dood die deel van die oortreder is. Slegs die evangelie van Christus, kan hom van die veroordeling en die besoedeling van sonde bevry. Hy moet berou teenoor God, wie se wet hy oortree het, toon en geloof in Christus, sy Soenoffer, hê. So verkry hy vergifnis van sondes "...wat voorheen gedoen is..." is en word hy die Goddelike natuur deelagtig. Hy word 'n kind van God, omdat hy "...die Gees van aanneming..." ontvang het waardeur hy roep: "Abba, Vader!"

Is hy nou vry om God se wet te oortree? Paulus sê: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:31). "Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom 6:2). En Johannes sê: "Want dit is die liefde tot God, dat ons Sy gebooie bewaar; en Sy gebooie is nie swaar nie." (1 Joh 5:3). In die wedergeboorte word die hart in harmonie met God gebring, namate dit in ooreenstemming met Sy wet gebring word. Wanneer hierdie kragtige verandering in die sondaar plaasgevind het, het hy oorgegaan van die dood na die lewe, van sonde na heiligheid, van oortreding en opstand na gehoorsaamheid en lojaliteit. Die ou lewe van vervreemding van God is beëindig; die nuwe lewe van versoening en geloof

en liefde het begin. Die "...reg van die wet..." sal dan "...vervul word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Rom 8:4). En die taal van die siel sal wees: "Hoe lief het ek U wet; dit is my bepeinsing die hele dag." (Ps 119:97).

"Die wet van die Here is volmaak: dit verkwik die siel." (Ps 19:8). Sonder die wet, het die mense geen behoorlike begrip van die reinheid en heiligheid van God nie en ook nie van hul eie skuld en onreinheid nie. Hulle het geen ware oortuiging van sonde en ook geen behoefte aan bekering nie. Omdat hulle nie hul verlore toestand as oortreders van God se wet besef nie, besef hulle nie hul behoefte aan die versoenende bloed van Christus nie. Die hoop op redding word aangeneem sonder 'n radikale verandering van hart of hervorming van lewe. Daarom is daar oppervlakkige bekerings in oorvloed en word daar menigtes by die kerk gevoeg wat nog nooit met Christus verenig was nie.

Foutiewe teorieë oor heiligmaking, wat as gevolg van 469
verwaarlosing of verwerping van die Goddelike wet ontstaan het, het 'n prominente plek in die godsdienstige bewegings van die dag. Hierdie teorieë is onwaar in leerstelling en gevaarlik in die praktiese gevolge daarvan; en die feit dat dit so algemeen begunstig word, maak dit dubbel noodsaaklik dat almal 'n duidelike begrip het van wat die Skrif aangaande hierdie punt leer.

Ware heiligmaking is 'n Bybelse leerstelling. Die apostel Paulus verklaar in sy brief aan die kerk in Thessalonika: "Dit is die wil van God – julle heiligmaking." En toe het hy gebid: "Mag Hy, die God van vrede, julle volkome heilig maak" (1 Thes 4:3;5:23). Die Bybel leer duidelik wat heiligmaking is en hoe dit bereik moet word. Die Heiland het vir Sy dissipels gebid: "Heilig hulle in U waarheid; U woord is die waarheid." (Joh 17:17). En Paulus het geleer dat gelowiges "...deur die Heilige Gees..." geheilig word (Rom 15:16). Wat is die werk van die Heilige Gees? Jesus het vir Sy dissipels gesê: "Maar wanneer Hy gekom

het, die Gees van die waarheid, Hy sal julle in die hele waarheid lei.” (Joh 16:13). En die psalmis sê: “U wet is die waarheid.” Deur die Woord en die Gees van God word die groot beginsels van geregtigheid soos in Sy wet vervat, vir die mense oopgestel. En Aangesien die wet van God “...heilig en regverdig en goed is...” (Rom 7:12), ’n transkripsie van die Goddelike volmaaktheid, volg dit dat 'n karakter wat deur gehoorsaamheid aan die wet gevorm word, heilig sal wees. Christus is ‘n volmaakte voorbeeld van so ’n karakter. Hy het gesê: “Ek [het] die gebooie van my Vader bewaar ... Ek doen altyd wat Hom welgevallig is.” (Joh 15:10;8:29). Die volgelinge van Christus moet soos Hy word; deur die genade van God moet hulle karakters, wat in ooreenstemming met die beginsels van Sy heilige wet is, vorm. Dit is Bybelse heiligmaking.

Hierdie werk kan slegs deur geloof in Christus gedoen word, 470
deur die krag van die inwonende Gees van God. Paulus vermaan die gelowiges: “Werk julle eie verlossing uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehae.” (Filip 2:12,13). Die Christen sal die aanmoediging tot sonde ervaar, maar hy sal voortdurend daarteen veg. Dit is hier waar Christus se hulp nodig is. Menslike swakheid word met goddelike krag verenig en geloof roep uit: “Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.” (1 Kor 15:57).

Die Skrif toon duidelik dat die werk van heiligmaking progressief is. Wanneer die sondaar in bekering vrede met God vind deur die bloed van versoening, het die Christelike lewe pas begin. Nou moet hy tot “...volmaaktheid voortgaan.” (Heb 6:1). Hy moet groei tot “...die mate van die volle grootte van Christus.” Paulus sê: “Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is en jaag na die doel om die prys te kry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.” (Filip 3:14). En Petrus hou aan ons die stappe waardeur Bybelse heiligmaking bereik moet word voor: “En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug en by

die deug die kennis en by die kennis die selfbeheersing en by die selfbeheersing die lydsaamheid en by die lydsaamheid die godsvrug en by die godsvrug die broederliefde en by die broederliefde die naasteliefde ... want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.” (2 Pet 1:5-7,10).

Diegene wat die heiligmaking van die Bybel ervaar, sal ‘n gees van nederigheid openbaar. Soos Moses, het hulle ‘n blik op die ontsagwekkende majesteit van heiligheid gekry en hul eie onwaardigheid in teenstelling met die reinheid en verhewe volmaaktheid van die Oneindige gesien.

Die profeet Daniël was ‘n voorbeeld van ware heiligmaking. 471
Sy lang lewe was ‘n lewe, gevul met edele diens vir sy Meester. Hy was ‘n “geliefde man” in die hemel. (Dan 10:11). In plaas daarvan om te beweer dat hy rein en heilig is, het hierdie geëerde profeet hom met sondige Israel vereenselwig en hy het as volg voor God vir sy volk gepleit: “Want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie, maar op grond van U grote barmhartigheid ... Ons het gesondig, ons was goddeloos.” Hy het gepraat van “...my sonde en die sonde van my volk Israel.” En toe die Seun van God later aan hom verskyn het om hom opdrag te gee, het Daniël gesê: “My gesonde kleur het aan my verander en verdwyn en ek het geen krag oorgehou nie.” (Dan 9:18,15,20;10:8).

Toe Job die stem van die Here uit die stormwind gehoor het, het hy uitgeroep: “Daarom herroep ek en het berou in stof en as.” (Job 42:6). Toe Jesaja die heerlikheid van God gesien en die gerubs gehoor sing het “Heilig, heilig, heilig, is die Here van die leërskare,” het hy uitgeroep: “Wee my, ek is verlore!” (Jes 6:3,5). Nadat Paulus in die derde hemel opgeneem is en dinge gehoor het wat onmoontlik was vir ’n mens om te spreek, het hy homself as “...die geringste van al die heiliges...” (Efe 3:8) beskou. Dit was die geliefde Johannes, die een wat op Jesus se bors geleun en Sy heerlikheid aanskou het, wat soos ‘n dooie aan die voete van die engel neergeval het. (Openb 1:17.)

Daar kan geen selfverheffing wees nie, geen spoggerige aanspraak op vryheid van sonde vanaf die kant van diegene wat in die skaduwee van die kruis van Golgota wandel nie. Hulle voel dat dit hulle sonde was wat die lyding veroorsaak het, wat die hart van die Seun van God gebreek het en hierdie gedagte lei hulle tot self-vernedering. Diegene wat die naaste aan Jesus lewe, sien die boosheid en sondigheid van die mensdom die duidelikste en hulle enigste hoop is op die verdienste van 'n gekruisigde en opgestane Heiland.

Die heiligmaking wat tans prominent in die Godsdienstige wêreld word, openbaar 'n gees van selfverheffing en minagting vir die wet van God, wat dit as vreemd aan die godsdiens van die Bybel aandui. Die voorstanders daarvan leer dat heiligmaking die werk van 'n oomblik is, waardeur hulle deur geloof alleen, tot volmaakte heiligheid kom. "Glo net..." sê hulle "...en die seën is joune." Hulle meen dat geen verdere pogings aan die kant van die ontvanger nodig is nie. Terselfdertyd ontken hulle die gesag van die wet van God en dring daarop aan dat hulle van die verpligting om die gebooie te onderhou vrygestel is. Maar is dit moontlik vir die mens om heilig te wees en in ooreenstemming met die wil en karakter van God te leef, sonder om ook in ooreenstemming met die beginsels, wat 'n uitdrukking van Sy karakter en wil is en wat openbaar wat welbehaaglik vir Hom is, te kom?

Die begeerte na 'n maklike godsdiens wat geen strewe, geen 472
selfverloëning en geen skeiding van die dwaashede van die wêreld verg nie, het die leerstelling van geloof en geloof alleen, 'n gewilde leerstelling gemaak; maar wat sê die Woord van God? Die apostel Jakobus sê: "Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het die werke nie? Die geloof kan hom tog nie red nie? ... Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die

werke? ... Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?” (Jak 2:14-24).

Die Woord van God getuig teen hierdie verstrikkende geloofsleer sonder werke. Om die guns van die Hemel op te eis sonder om aan die voorwaardes waaraan barmhartigheid verleen moet word te voldoen, is die geloof nie; dit is aanmatiging, want ware geloof het sy grondslag in die beloftes en bepalings van die Skrif.

Laat niemand hulself mislei met die oortuiging dat hulle heilig kan word terwyl hulle doelbewus een van God se voorskrifte oortree nie. Volharding in 'n bekende sonde, maak die getuienis van die Gees stil en skei die siel van God. “Want die sonde is wetteloosheid.” (1 Joh 3:4). “Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien nie en Hom nie geken nie.” (1 Joh 3:6). Alhoewel Johannes in sy sendbriewe so volkome by die liefde stilgestaan het, het hy tog nie gehuiwer om die ware karakter van daardie klas wat beweer dat hulle geheilig is terwyl hulle in oortreding van die wet van God lewe, te openbaar nie. “Hy wat sê: Ek ken Hom — en Sy gebooie nie bewaar nie, is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat Sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword.” (1 Joh 2:4,5). Hier is die toets vir elke mens se belydenis. Ons kan nie heiligheid toedig aan iemand, sonder om hom aan God se enigste maatstaf van heiligheid in hemel en op aarde te meet nie. As mense geen gewig aan die sedewet gee nie; as hulle die voorskrifte van God verkleineer en gering ag en hulle een van die minste van hierdie gebooie oortree en mense so leer, sal hulle nie in die hemel geag word nie. En ons kan verseker wees dat hulle aansprake ongegrond is.

En die aanspraak dat hy sonder sonde is, is op sigself 'n 473
bewys dat hy wat hierdie bewering maak, nog lank nie heilig is nie. Dit is omdat hy geen ware besef het van die oneindige reinheid en heiligheid van God of van wat hulle moet word om in harmonie met Sy karakter te lewe nie; omdat hy geen ware

begrip van die reinheid en verhewe lieflikheid van Jesus en die kwaadwilligheid en die boosheid van die sonde het nie, kan die mens homself as heilig beskou. Hoe verder hy van Christus verwyderd is en hoe meer onvoldoende sy opvattings oor die Goddelike karakter en vereistes is, hoe regverdiger skyn hy in sy eie oë te wees.

Die heiligmaking wat in die Skrif uiteengesit word, omvat die hele wese – gees, siel en liggaam. Paulus het vir die Thessalonicense gebid: "Mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!" (1 Thes 5:23). En weer skryf hy aan die gelowiges: "Ek vermaan julle dan; broeders, deur die ontferminge van God, wat julle jul liggame stel as 'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer..." (Rom 12:1). In die dae van eertydse Israel, was elke offergawe wat aan God gebring is, noukeurig ondersoek. As daar enige defek in die dier wat aangebied is ontdek is, is dit geweier; want God het beveel dat die offer sonder gebrek moet wees. Christene word dus gevra om hul liggame aan te bied, as "...'n lewendige, heilige en aan God welgevallige offer..." Om dit te kan doen, moet al hul vermoëns in die beste moontlike toestand bewaar word. Elke gebruik wat liggaamlike of geestelike krag verswak, maak 'n mens ongeskik vir diens aan sy Skepper. En sal God tevrede wees met enigiets minder as die beste wat ons kan bied? Christus het gesê: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart..." (Deut 6:5). Diegene wat God van harte liefhet, sal daarna streef om aan Hom die beste diens van hul lewe te lewer en hulle sal voortdurend poog om elke mag van hul wese in harmonie met die wette wat hul vermoë sal bevorder om Sy wil te doen, te bring. Hulle sal nie die offer wat hulle aan hul hemelse Vader aanbied, deur die toegewing aan aptyt of passie verswak of besoedel nie.

Petrus sê: "Onthou julle van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel." (1 Pet 2:11). Elke sondige bevrediging is geneig om die vermoëns te verswak en die geestelike 474

waarnemingsvermoë te verdoof, sodat die Woord of die Gees van God slegs ‘n swak indruk op die hart kan maak. Paulus het aan die Korinthiërs geskryf: “Laat ons van alle besoedeling van die vlees en die gees ons reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.” (2 Kor 7:1). By die vrug van die Heilige Gees, “...liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid...” het hy ook “matigheid” geklassifiseer. (Gal 5:22).

Ondanks hierdie geïnspireerde verklarings, hoeveel verklaarde Christene verswak hul vermoë in die strewe na wins, of aanbidding van die mode; hoeveel verlaag hul Goddelike manlikheid deur vraatsug, drink van wyn en verbode plesier! En in plaas van om hulle te bestraf, moedig die kerk die kwaad dikwels aan deur 'n beroep op die eetlus te doen, om wins of liefde vir plesier te begeer, om die kerk se skatkis, wat as gevolg van gebrek aan liefde vir Christus te swak is om te voorsien, weer te vul. Indien Jesus die kerke van vandag besoek en die feestelike en onheilige verkeer in die naam van godsdiens aanskou, sou Hy nie die ontheiligers verdryf soos Hy die geldwisselaars uit die tempel verban het nie?

Die apostel Jakobus verklaar dat die wysheid van bo, in die eerste plek, rein is. Maar as hy diegene teëkom wat die kosbare naam van Jesus, op lippe wat deur tabak besoedel is neem, diegene wie se asem en persoon deur die slegte reuk daarvan besmet is en wat die lug van die hemel besoedel en mense dwing om die gif daarvan in te asem; indien hy met ‘n gewoonte wat só teen die reinheid van die evangelie was in aanraking gekom het, sou hy dit nie as “...aards, vleeslik, en duiwels...” veroordeel het nie? Slawe van tabak, wat op algehele heiligmaking aanspraak maak, praat van hul hoop op die hemel; maar God se Woord verklaar duidelik dat “...daarin sal nie inkom iets wat verontreinig...” nie. (Openb 21:27)

“Weet julle nie dat julle liggaam ‘n tempel is van die Heilige 475
Gees wat in julle is, wat julle van God het en dat julle nie aan

julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort." (1 Kor 6:19,20). Diegene wie se liggaam die tempel van die Heilige Gees is, sal nie deur 'n verderflike gewoonte verslaaf word nie. Sy kragte behoort aan Christus, wat hom met die prys van Sy bloed gekoop het. Sy besittings behoort aan die Here. Hoe kan hy onskuldig wees as hy die kapitaal wat aan hom toevertrou is verkwis? Beweerde Christene bestee jaarliks geweldige bedrae aan nuttelose en verderflike begeerlikhede, terwyl siele vergaan vir die Woord van die lewe. God word van tiendes en offergawes beroof, terwyl hulle meer op die altaar van wellus verbrand as wat hulle gee om verligting aan die armes te bring of om die evangelie te ondersteun. As almal wat voorgee om volgelinge van Christus te wees waarlik geheilig is, sal hulle hul middele, in plaas daarvan dat hulle dit aan onnodige en selfs skadelike begeertes verkwis, in die Here se skatkis stort en Christene sou 'n voorbeeld in matigheid, selfverloëning en selfopoffering wees. Dan sou hulle die lig van die wêreld wees.

Die wêreld is aan selfbevrediging oorgegee. "Die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe..." beheer die volksmassa. Maar Christus se volgelinge het 'n heiliger roeping: "Gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie." In die lig van God se Woord, is ons geregverdig om te verklaar dat 'n heiligmaking, wat nie hierdie volslae verloëning van die sondige strewes en bevrediging van die wêreld versaak nie, nie eg is nie.

Aan diegene wat aan die voorwaardes voldoen: "Gaan onder hulle uit en sonder julle af ... en raak nie aan wat onrein is nie..." is die belofte van God: "Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige." (2 Kor 6:17,18). Dit is die voorreg en die plig van elke Christen om 'n ryk en oorvloedige ervaring in die dinge van God te hê. "Ek is die lig van die 476

wêreld...” het Jesus gesê. “Wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.” (Joh 8:12). “Terwyl die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe.” (Spr 4:18). Elke stap van geloof en gehoorsaamheid bring die siel nader aan die Lig van die wêreld in Wie daar geen duisternis is nie. Die helder strale van die Son van Geregtigheid skyn oor die dienaars van God en hulle moet Sy ligstrale weerspieël. Soos die sterre ons vertel dat daar ‘n groot lig in die hemel is, deur wie se heerlikheid hulle verhelder word, moet Christene dit ook laat manifesteer dat daar ‘n God op die troon van die heelal is wie se karakter lof en navolgenswaardig is. Die genade van Sy Gees en die reinheid en heiligheid van Sy karakter, sal in Sy getuies sigbaar wees.

In sy brief aan die Kolossense, hou Paulus die heerlike seëninge wat aan die kinders van God gegee word voor. Hy sê: “Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat julle waardig voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei en met alle krag bekragtig word volgens die mag van Sy heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap.” (Kol 1:9-11).

En weer skryf hy van sy begeerte dat die broeders in Éfese, die hoogtepunt van die voorreg van die Christen mag begryp. Hy beskryf aan hulle in die mees omvattende taal van die wonderbaarlike krag en kennis wat hulle as seuns en dogters van die Allerhoogste mag besit. Hy sê dat God “...aan julle mag gee ... om met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens...” om in “...die liefde gewortel en gegrond...” te wees, sodat hulle “...in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref.” Maar die gebed van die apostel bereik die hoogtepunt

van hierdie voorreg, wanneer hy bid dat "...julle vervul kan word tot al die volheid van God." (Efe 3:16-19).

Hier word die hoogtes geopenbaar wat ons deur geloof in 477
die beloftes van ons Hemelse Vader kan bereik, wanneer ons aan Sy vereistes voldoen. Deur die verdienste van Christus, het ons toegang tot die troon van Oneindige Mag. "Hy wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy ook nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie?" (Rom 8:32). Die Vader het Sy Gees sonder maat aan Sy Seun gegee en ons kan ook in die volheid daarvan deel hê. Jesus sê: "As julle wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die Hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid? ... As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen ... Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." (Luk 11:13; Joh 14:14;16:24).

Alhoewel die Christen se lewe deur nederigheid gekenmerk word, moet dit nie met hartseer en minderwaardigheid gekenmerk word nie. Dit is elkeen se voorreg om so te kan lewe dat God hom sal aanvaar en seën. Dit is nie die wil van ons hemelse Vader dat ons altyd onder veroordeling en in duisternis moet verkeer nie. Dit is geen bewys van ware nederigheid deur met neergeboë hoof en die hart met gedagtes van die eie-ek gevul, rond te gaan nie. Ons kan na Jesus gaan om gereinig te word en sonder skaamte en berou voor die wet staan. "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die gees." (Rom 8:1).

Deur Jesus word die gevalle seuns van Adam, seuns van God, "...want Hy wat heilig maak sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie." (Heb 2:11). Die Christen se lewe moet 'n lewe van geloof, oorwinning en vreugde in God wees. "Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof."

(1 Joh 5:4). Tereg het God se kneg, Nehemia, gesê: "Want die blydskap in die Here — dit is julle beskutting." (Neh 8:11). En Paulus sê: "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!" (Filippus 4:4). "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle." (1 Thes 5:16-18).

Dit is die vrugte van Bybelse bekering en heiligmaking; en dit 478
is omdat die groot beginsels van geregtigheid, soos in die wet van God vervat, so onverskillig deur die Christelike wêreld beskou word, dat hierdie vrugte so selde gesien word. Dit is om hierdie rede dat daar so min van daardie diepgaande, blywende werk van die Gees van God gesien word wat herlewings in die vroeër jare gekenmerk het.

Dit is deur te aanskou dat ons verander word. En namate die heilige voorskrifte waarin God die volmaaktheid en heiligheid van Sy karakter aan die mense geopenbaar het, verwaarloos word en die gemoed van mense tot menslike leerstellings en teorieë aangetrek word, is dit geen wonder dat daar 'n afname aan vroomheid in die kerk is nie. Die Here het gesê: "My, die Fontein van lewende water, het hulle verlaat om vir hulle reënbakke uit te kap, gebarste reënbakke wat geen water hou nie." (Jer 2:13).

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose ... nie; maar sy behae is in die wet van die Here en hy oordink Sy wet dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit." (Ps 1:1-3). Dit is slegs wanneer die wet van God tot sy regmatige posisie herstel word, dat daar 'n herlewing van primitiewe geloof en Godsaligheid onder Sy verklaarde volk kan plaasvind. "So spreek die Here: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel." (Jer 6:16).

Hoofstuk 28 479

# Die Ondersoekende Oordeel

"Ek het bly kyk..." sê die profeet Daniël, "...totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; Sy kleed was wit soos sneeu en die hare van Sy hoof soos skoon wol; Sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; 'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uitgegaan; duisend maal duisende het Hom gedien en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit en die boeke is geopen." (Dan 7:9,10).

So is aan die profeet 'n visioen gegee van die groot en plegtige dag wanneer die karakters en lewens van mense deur die Regter van die hele aarde ondersoek sal word en wanneer elke mens loon "...volgens sy werke..." sal ontvang. Die Oue van dae is God die Vader. Die psalmis sê: "Voordat die berge gebore was en U die aarde en die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God." (Ps 90:2). Dit is Hy, die Bron van alles wat bestaan en die Bron van die hele wet, wat in die gereg sal voorsit. En heilige engele, as dienaars en getuies, "...duisend maal duisende ... en tienduisend maal tienduisende..." sal hierdie tribunaal bywoon.

"Ek het gesien in die naggesigte en kyk, met die wolke van 480
die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens en Hy het gekom tot by die Oue van dae en hulle het Hom nader gebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie en Sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie." (Dan 7:13,14). Die koms van Christus wat hier beskryf word, is nie Sy tweede koms na die aarde nie. Hy kom na die Oue van dae in die hemel om heerskappy en heerlikheid en die koninkryk wat aan Hom gegee sal word aan die einde van Sy werk as Middelaar, te ontvang. Dit is hierdie koms en nie Sy tweede

koms na die aarde toe nie wat, volgens die profesie in 1844, aan die einde van die 2 300 dae sou plaasvind. Vergesel van hemelse engele betree ons Hoëpriester die Allerheiligste plek en daar verskyn Hy in die teenwoordigheid van God om die laaste dade van Sy bediening ten behoewe van die mens te verrig, naamlik die ondersoekende oordeel en om versoening vir die sondes van almal wat getoon het dat hulle daarop geregtig is, te doen.

In die tipiese diens het slegs diegene wat met belydenis voor God gekom het en wie se sondes deur die bloed van die sondoffer na die heiligdom oorgedra is, deel gehad aan die diens van die Versoendag. So sal die enigste sake wat dus op daardie groot dag van finale versoening en ondersoekende oordeel oorweeg sal word, die sake van die belydende volk van God wees. Die oordeel van die goddelose is 'n spesifieke en afsonderlike werk wat op 'n later stadium sal plaasvind. "Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?" (1 Pet 4:17).

Die boeke in die hemel waarin die name en dade van mense aangeteken is, sal die beslissings van die uitspraak bepaal. Die profeet Daniël sê: "Die gereg het gaan sit en die boeke is geopen." Die openbaarder wat dieselfde toneel beskryf, voeg by: "'n Ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke." (Openb 20:12).

Die boek van die lewe bevat die name van almal wat ooit die 481
diens van God betree het. Aan Sy dissipels het Jesus gesê: "Wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskrywe is." (Luk 10:20). Paulus praat van sy getroue medewerkers "...wie se name in die boek van die lewe is." (Filip 4:3). Daniël wat praat van die tyd van benoudheid soos daar nie gewees het nie, sê dat God se volk verlos sal word, "...elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." (Dan 12:1). En die openbaarder sê dat

alleenlik diegene wie se name "...geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam..." die Godstad sal binnegaan. (Openb 21:27).

"...daar is 'n gedenkboek voor Sy aangesig geskrywe..." waarin die goeie dade opgeteken is "...vir die wat die Here vrees en Sy Naam eer." (Mal 3:16). Hulle woorde van geloof, hul liefdesdade, is in die hemel opgeteken. Nehemia verwys hierna as hy sê: "Dink hierom aan my my God ... en delg tog my liefdediens nie uit wat ek aan die huis van my God en aan die instellinge daarvan bewys het nie." (Neh 13:14). In die gedenkboek van God is elke daad van geregtigheid verewig. Daarin is elke versoeking wat weerstaan is, elke boosheid wat oorkom is en elke woord van tere ontferming wat uitgespreek is, aangeteken. En elke daad van opoffering, alle lyding en smart wat ter wille van Christus verduur is, is opgeteken. Die psalmis sê: "U het my omswerwinge getel; hou my trane in U kruik; is hulle nie in U boek nie?" (Ps 56:9).

Daar is ook 'n verslag van die sondes van mense. "Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg." (Pred 12:14). "Elke ydel woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag." Die Verlosser het gesê: "Uit jou woorde sal jy geregverdig word en uit jou woorde sal jy veroordeel word." (Matt 12:36,37). Die geheime doelwitte en motiewe word in die onfeilbare register opgeteken; want God sal "...die verborge dinge van die duisternis in die lig bring en die bedoelinge van die harte openbaar maak." (1 Kor 4:5). "Kyk, dit staan voor my aangesig geskrywe ... julle ongeregtighede en die ongeregtighede van julle vaders tesame, sê die Here." (Jes 65:6,7).

Die werk van elke mense word deur God in oënskou geneem 482
en word vir getrouheid of ontrouheid opgeskryf. Teenoor elke naam in die boeke van die hemel, word elke verkeerde woord, elke selfsugtige daad, elke onvervulde plig en elke geheime

sonde met listige geveinsdheid en skrikwekkende presisie genoteer. Verwaarloosde hemelse waarskuwings of teregwysings, verkwiste oomblikke, onverbeterde geleenthede, die invloede wat ten goede of ten kwade, met die verreikende gevolge daarvan uitgeoefen is, word alles deur die engel wat die opname doen aangeteken.

Die wet van God is die maatstaf waarvolgens die karakters en lewens van mense in die oordeel getoets sal word. Die wyse man het gesê: "Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom..." (Pred 12:13,14). Die apostel Jakobus het sy broeders vermaan: "Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word." (Jak 2:12).

Diegene wat in die oordeel waardig geag word, sal deel hê in die opstanding van die regverdiges. Jesus het gesê: "...die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit die dode te verkry ... is soos die engele en is kinders van God, omdat hulle kinders van die opstanding is." (Luk 20:35,36). En weer verklaar Hy: "...en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe." (Joh 5:29.) Die regverdige dode sal eers na die oordeel opgewek word, nadat hulle die opstanding tot die lewe waardig geag is. Daarom sal hulle nie persoonlik by die tribunaal teenwoordig wees wanneer hul rekords ondersoek en hul sake beslis word nie.

Jesus sal as hulle voorspraak optree om namens hulle voor God te pleit. "As iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige." (1 Joh 2:1). "Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn." (Heb 9:24). "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." (Heb 7:25).

Soos die boeke in die oordeel geopen word, word die lewens 483
van almal wat in Jesus geglo het, voor God beoordeel. Ons

Voorspraak begin met diegene wat eerste op die aarde geleef het en lê die gevalle van elke opeenvolgende geslag voor en sluit af met die wat nog lewe. Elke naam word genoem en elke saak word noukeurig ondersoek. Name word aanvaar en name word verwerp. As daar nog sondes in die boeke is wat nie met berou bely en vergewe is nie, sal hulle name uit die boek van die lewe uitgedelg word en die verslag van hul goeie dade sal uit die boek van herinnering uitgewis word. Die Here het aan Moses gesê: "Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit My boek." (Eks 32:33). En die profeet Eségiël sê: "As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen ... aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie." (Eseg 18:24).

Almal wat waarlik berou oor hulle sondes het en deur geloof die bloed van Christus as hulle soenoffer aangeneem het, word "vergewe" teenoor hul name in die hemelse boeke geskryf; namate hulle aan die geregtigheid van Christus deelagtig geword het en daar gevind is dat hul karakters in ooreenstemming met die wet van God is, sal hul sondes uitgewis word en sal hulle die ewige lewe waardig geag word. Die Here verklaar deur die profeet Jesaja: "Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil en aan jou sondes dink Ek nie." (Jes 43:25). Jesus het gesê: "Wie oorwin, sal beklee word met wit klere en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele ... Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemele is." (Openb 3:5; Mat 10:32,33).

Die diepste belangstelling wat mense in die uitsprake van 484
aardse tribunale openbaar, verteenwoordig maar 'n flou belangstelling in vergelyking met dit wat in die hemelse howe getoon sal word wanneer die name wat in die boek van die lewe voor die Regter van die ganse aarde ter sprake kom. Die Goddelike Voorspraak maak die pleidooi dat almal wat deur

geloof in Sy bloed, oorwin het, se oortredinge vergewe moet word, dat hulle in hul Eden-tuiste herstel moet word en as mede-erfgename saam met Hom gekroon moet word tot die "...vroeëre heerskappy." (Miga 4:8). Satan het in sy pogings om ons as ras te mislei en te versoek, gedink om die Goddelike plan met die skepping van die mens te ontwrig; maar Christus pleit nou dat hierdie plan uitgevoer moet word, asof die mens nooit geval het nie. Hy vra nie net vir volkome vergifnis en regverdiging van Sy mense nie, maar dat hulle in Sy heerlikheid en 'n sitplek op Sy troon moet deel.

Terwyl Jesus vir die onderdane van Sy genade pleit, beskuldig Satan hulle voor God as oortreders. Die groot bedrieër het gepoog om hulle tot skeptisisme te lei, om hulle hul vertroue in God te laat verloor, hulself van Sy liefde te skei en Sy wet te oortree. Nou verwys hy na die verslag van hulle lewens, na hulle gebreke van karakter, hulle ongelykvormigheid aan Christus wat hulle Verlosser oneer aangedoen het en na al die sondes wat hy hulle verlei het om te pleeg en as gevolg hiervan, maak hy op hulle aanspraak as sy onderdane.

Jesus verontskuldig nie hulle sondes nie, maar Hy wys op hul boetvaardigheid en geloof en terwyl Hy hul vergifnis eis, lig Hy Sy gewonde hande voor die Vader en die heilige engele op en sê: "Ek ken hulle by naam. Hulle is op My handpalms gegraveer. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!'" (Ps 51:19). En aan die beskuldiger van Sy volk sê Hy: "Mag die Here jou bestraf, o Satan! Ja, mag die Here, wat Jerusalem verkies het, jou bestraf! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?" (Sag 3:2). Christus sal sy getroue kinders met Sy eie geregtigheid beklee, sodat Hy hulle aan sy Vader kan voorstel, "...verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks." (Efe 5:27). Hulle name staan in die boek van die lewe en van hulle staan daar geskryf: "Hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is." (Openb 3:4).

So sal die volledige vervulling van die nuwe verbondsbelofte 485
voltrek word. "Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie ... In dié dae en in dié tyd, spreek die Here, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie." (Jer 31:34;50:20). "In dié dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem" (Jes. 4:2,3).

Die ondersoekende oordeel en die uitwissing van sondes moet voor die tweede koms van die Here geskied. Aangesien die dode geoordeel moet word volgens die dinge wat in die boeke geskryf is, is dit onmoontlik dat die sondes van mense uitgedelg sal word tot ná die ondersoekende oordeel. Maar die apostel Petrus verklaar duidelik dat die sondes van die gelowiges uitgewis sal word wanneer "...tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur ... naamlik Jesus Christus." (Hand 3:19,20). Wanneer die ondersoekende oordeel afgesluit is, sal Christus kom en Sy loon sal by Hom wees om elke mens te vergeld soos sy werke sal wees.

In die tipiese diens het die hoëpriester, nadat hy versoening 486
vir Israel gedoen het, voor die vergadering verskyn en hulle geseën. So ook sal Christus aan die einde van Sy werk as Middelaar, "...sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid" (Heb 9:28), om Sy wagtende volk te seën met die ewige lewe. Soos die priester, om die sondes uit die heiligdom te verwyder, dit op die kop van die sondebok bely het, sal Christus al hierdie sondes op Satan, die skepper en aanhitser van die sonde plaas. Die sondebok wat die sondes van Israel gedra het, is "...na 'n woeste land..." (Lev 16:22) weggestuur; so sal Satan met al die sondes wat hy God se volk verlei het om te doen, 'n duisend jaar lank tot die aarde beperk wees, wat dan

'n verlate wildernis sonder bewoner sal wees en hy sal uiteindelik die straf van sonde ly in die vure wat al die goddelose sal verdelg. Sodoende sal die verlossingsplan in die finale uitwissing van sonde en die verlossing van almal wat bereid was om die boosheid te versaak volbring word.

Op die vasgestelde tyd vir die oordeel – aan die einde van die 2 300 dae in 1844 – het die ondersoekende oordeel begin Die werk van ondersoek en die uitdelging van sondes, het begin toe die tyd wat vir die oordeel vasgestel is, naamlik die einde van die 2 300 dae wat in 1844 aangebreek het. Almal wat ooit Christus bely het, se lewens moet ondersoek word. Beide die lewende en die dode moet geoordeel word "...na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke."

Onbekeerde sondes wat nie versaak is nie, sal nie vergewe en uitgewis word nie, maar sal in die dag van God teen die sondaar getuig. Hy mag miskien sy bose dade in die helder daglig of in die duisternis van die nag gepleeg het; maar vir die oë van Hom met wie ons te doen het, was hulle onverbloem. Engele van God het elke sonde aanskou en het dit in die onfeilbare verslae aangeteken. Sondes mag vir vader, moeder, vrou, kinders en kennisse bedek, ontken en verberg word; niemand, behalwe die skuldige, mag dalk van die verkeerde daad weet nie; maar voor die intelligensies van die hemel is hulle blootgelê. Die duisternis van die donkerste nag, die geheimhouding van die mees misleidende liste, is nie voldoende om een gedagte van die kennis van die Ewige te verberg nie. God het 'n noukeurige verslag van elke onregverdige optrede. Hy word nie deur 'n skyn van vroomheid bedrieg nie. In Sy opsomming van die karakter begaan Hy geen fout nie. Mense mag deur diegene wie se harte korrup is mislei word, maar God deurdring alle vermommings en lees die innerlike lewe.

Hoe plegtig is die gedagte nie! Dag na dag wat in die 487
ewigheid verbygaan dra die las van opnames in die boeke van

die hemel. Woorde wat eenmaal geuiter is en dade wat eenmaal gedoen is, kan nooit weer herroep word nie. Engele registreer die goeie sowel as die kwade. Die magtigste veroweraar op aarde kan nie die rekord van een enkele dag herroep nie. Ons dade, ons woorde en selfs ons mees geheime motiewe, dra almal gewig by tot die bepaling van ons weë. Hoewel ons hulle miskien vergeet het, sal hulle hul getuienis lewer om te regverdig of te veroordeel.

Soos ons gelaatstrekke met akkuraatheid op die gepoleerde plaat van die kunstenaar weergegee word, word die karakter in die boeke daarbo getrou beskryf. Nogtans, hoe min besorgdheid is daar oor die verslag wat die blik van die hemelse wesens moet ontmoet. Sou die sluier wat die sigbare van die onsigbare wêreld skei gelig word en die mensekinders 'n engel sien wat elke woord en daad opneem wat hulle weer in die oordeel moet konfronteer, hoeveel woorde wat daagliks uitgespreek word sal onuitgespreek bly en hoeveel dade sal ongedaan bly?

In die oordeel sal die gebruik van elke talent onder die loep geneem word. Hoe het ons die kapitaal wat deur die hemel aan ons geleen is bestee? Sal die Here met Sy wederkoms Sy eiendom met rente terug ontvang? Het ons die vermoëns van hand, hart en verstand, wat aan ons toevertrou is, tot eer van God en tot seën van die wêreld aangewend? Hoe het ons ons tyd, ons pen, ons stem, ons geld en ons invloed gebruik? Wat het ons vir Christus in die versorging van die armes en siekes, die wese of die weduwee gedoen? God het ons die bewaarders van Sy heilige Woord gemaak; wat het ons met die lig en die waarheid wat aan ons gegee is, om die mense wys tot saligheid te maak, gedoen? Geen waarde word aan 'n blote geloofsbelydenis in Christus geheg nie; slegs die liefde wat deur werke getoon word, word as eg beskou. Tog is dit die liefde alleen wat enige daad, in die oë van die Hemel, waardevol maak. Wat ook al in liefde gedoen word, hoe gering dit ook al

in die oë van mense mag voorkom, word deur God aanvaar en beloon.

Die verborge selfsug van mense word in die boeke van die hemel geopenbaar. Daar is 'n verslag van onvervulde pligte teenoor hul medemens en vergetenheid van die Here se aansprake. Daar sal gesien word hoe dikwels die tyd, gedagtes en krag wat aan Christus behoort, aan Satan gegee is. Dit is 'n hartseer verslag wat die engele na die hemel neem. Intelligente wesens, beweerde volgelinge van Christus, is in die verkryging van wêreldse besittings of die genot van aardse plesier opgeneem. Geld, tyd en krag word opgeoffer vir vertoon en selfbevrediging; maar die oomblikke wat aan gebed, die ondersoek van die Skrif, die verootmoediging van die siel en die belydenis van sonde gewy word, is seldsaam.

Satan bedink ontelbare skemas om ons gedagtes te beset, 488
sodat ons nie met die dinge waarmee ons die beste bekend behoort te wees, vertroud sal wees nie. Die aartsbedrieër haat die groot waarhede wat deur die soenoffer en ’n Almagtige Middelaar openbaar word. Hy weet dat alles vir hom daarvan afhang om die gedagtes van mense, van Jesus en Sy waarheid weg te lei.

Diegene wat in die Heiland se Middelaarskap wil deel, moet nie toelaat dat enigiets hulle in hul plig om heiligheid in die vrees van God te vervolmaak inmeng nie. In stede van die kosbare ure aan plesier, vertoon, of die najaging van wins te bestee, moet dit aan ernstige, biddende bestudering van die Woord van Waarheid gewy word. Die onderwerp van die heiligdom en die ondersoekende oordeel, moet duidelik deur die volk van God verstaan word. Almal benodig ’n persoonlike kennis van die plek en die werk van hulle groot Hoëpriester, anders sal dit vir hulle onmoontlik wees om die geloof wat noodsaaklik vir hierdie tyd is te beoefen, of die posisie wat God vir hulle bestem het in te neem. Elke individu het ‘n siel om te red of te verloor. Elkeen het ’n hangende saak voor die regbank

van God. Elkeen moet die groot Regter van aangesig tot aangesig ontmoet. Hoe belangrik is dit dus dat elke gedagte gewy word aan die plegtige toneel wanneer die gereg sal sit en die boeke geopen word, wanneer elkeen, saam met Daniël, aan die einde van die dae sy lot moet konfronteer.

Almal wat die lig aangaande hierdie onderwerpe ontvang het, moet van die groot waarhede wat God aan hulle toevertrou het getuig. Die heiligdom in die hemel is die middelpunt van Christus se werk ten behoewe van die mens. Dit raak elke lewende siel wat op die aarde woon. Dit openbaar die verlossingsplan wat ons tot aan die einde van die tyd sal bring en die oorwinning in die stryd tussen geregtigheid en sonde. Dit is van die allergrootste belang dat almal hierdie onderwerpe deeglik moet ondersoek en in staat moet wees om aan almal wat hulle vra, 'n rede vir die hoop wat in hulle is te gee.

Die bemiddeling van Christus ten behoewe van die mens in 489
die heiligdom daarbo, is net so noodsaaklik vir die verlossingsplan, soos Sy dood aan die kruis was. Deur Sy dood het Hy met die werk begin wat Hy na Sy opstanding en hemelvaart, opgevaar het om in die hemel te voleindig. Ons moet in geloof agter die voorhangsel ingaan "...waar Jesus as Voorloper vir ons ingegaan het..." (Heb 6:20). Daar word die lig van die kruis van Golgota weerkaats. Daar sal ons 'n duideliker insig in die verborgenheid van die verlossing verkry. Die redding van die mens is teen 'n oneindige prys van die hemel verkry; die offer voldoen aan die grootste eise van die gebroke wet van God. Jesus het die weg na die troon van Sy Vader oopgemaak en deur Sy bemiddeling word die opregte begeertes van almal wat in geloof na Hom toe kom, aan God voorgehou.

"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind." (Spr 28:13). As diegene wat hulle oortredinge verberg en verskoon, kon sien hoe verheug Satan oor hulle is en hoe hy

Christus en die heilige engele met hulle dade uittart, sou hulle hul haas om hul sondes te bely en te versaak. Deur gebreke in die karakter, werk Satan om beheer oor die hele verstand te verkry en hy weet dat hy sal slaag as hierdie gebreke gekoester word. Daarom is hy voortdurend besig om die volgelinge van Christus, met sy noodlottige drogredes te mislei, sodat dit vir hulle onmoontlik is om te oorwin. Maar Jesus pleit met Sy gewonde hande en gebroke liggaam ten behoewe van hulle en Hy verklaar aan almal wat Hom wil navolg: "My genade is vir jou genoeg." (2 Kor 12:9). "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig." (Mat 11:29,30). Laat niemand dan hulle gebreke as ongeneeslik beskou nie. God sal geloof en genade skenk om hulle te oorwin.

Ons leef tans in die groot versoendag. In die tipiese diens, 490
terwyl die hoëpriester versoening vir Israel gedoen het, moes almal hul siel verootmoedig deur berou oor sonde en vernedering voor die aangesig van die Here, sodat hulle nie onder die volk uitgeroei sou word nie. Net so ook moet almal wat hulle name in die boek van die lewe wil behou, nou, in die paar oorblywende dae van hul genadetyd, hul siele voor God in berou en in opregte bekering van hulle sonde verootmoedig. Daar moet 'n diepe en getroue ondersoek van die hart wees. Die ligsinnige gees wat deur soveel belydende Christene geopenbaar word, moet versaak word. Daar lê 'n ernstige stryd vir almal voor om die bose neigings wat hulle wil bemeester, te onderwerp. Die voorbereidingswerk is 'n individuele taak. Ons word nie in groepe gered nie. Die reinheid en toewyding van een sal nie vir die gebreke in die karakter van 'n ander kan vergoed nie. Hoewel alle nasies in die gereg voor God moet verskyn, sal Hy die saak van elke individu so noukeurig en deeglik ondersoek, asof daar nie 'n ander wese op die aarde is nie. Almal moet getoets en sonder vlek of rimpel of iets dergeliks bevind word.

Plegtig is die tonele wat verband hou met die sluitingswerk van die versoening. Die belange daarby betrokke is van die uiterste belang. Die oordeel gaan nou oor na die hemelse heiligdom. Hierdie werk is al baie jare aan die gang. Spoedig — niemand weet hoe gou nie — sal dit oorgaan na die gevalle van die wat lewe. In die ontsagwekkende teenwoordigheid van God, sal ons lewens in oënskou geneem word. In hierdie tyd, meer as enige ander, is dit noodsaaklik vir elke siel om op die vermaning van die Heiland te let: "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie." (Mark 13:33). "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." (Openb 3:3).

Wanneer die werk van die ondersoekende oordeel sluit, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe beslis wees. Die genadetyd eindig kort voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel. In Openbaring, waar Christus hierdie tyd vooruit sien, verklaar Hy: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen: en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." (Openb 22:11,12).

Die regverdiges en goddeloses sal steeds in hul sterflike 491
toestand op die aarde woon; mense sal plant en bou, eet en drink, almal onbewus daarvan dat die finale, onherroeplike besluit in die hemelse heiligdom daarbo uitgespreek is. Voor die Sondvloed, nadat Noag in die ark ingekom het, het God hom ingesluit en die goddelose uitgesluit; maar sewe dae lank het die volk, omdat hulle nie geweet het dat hul ondergang beslis was nie, hul sorgelose, genotsugtige lewe voortgesit en die waarskuwings van die dreigende oordeel bespot. "So..." sê die Verlosser, "...sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Mat 24:39). Stil, ongemerk, soos 'n dief om middernag, sal die beslissende uur aanbreek wat die lot van elke mens sal

bepaal, die finale onttrekking van die boodskap van genade aan skuldige mense.

"Waak dan ... dat Hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie." (Mark 13:35,36). Uiters gevaarlik is die toestand van diegene wat, nadat hulle moeg geword het om te waak, hulle tot die aanloklikhede van die wêreld wend. Terwyl die sakeman 'n slaaf van sy winsbejag is; terwyl die plesiersoeker toegee aan sy begeertes; terwyl die modeverslaafde meisie besig is om haarself te tooi — kan dit die uur wees dat die Regter van die ganse aarde die vonnis uitspreek: "U is op die weegskaal geweeg en te lig bevind." (Dan 5:27).

## Hoofstuk 29 492

# Die Oorsprong van Boosheid

Vir baie siele is die oorsprong van sonde en rede vir die bestaan daarvan, 'n bron van groot verwarring. Hulle sien die werk van die bose met die verskriklike gevolge van wee en wanhoop en hulle bevraagteken hoe dit alles kan bestaan onder die soewereiniteit van Iemand wat oneindig van wysheid, krag en liefde is. Hier is 'n raaisel waarvoor hulle geen verklaring kan vind nie. En in hul onsekerheid en twyfel is hulle verblind vir die waarhede wat duidelik in God se Woord geopenbaar word en noodsaaklik vir redding is. Daar is diegene wat in hul vrae oor die bestaan van die sonde, probeer om dinge na te speur wat God nie openbaar het nie; daarom vind hulle geen oplossing vir hulle probleme nie; en diegene wat deur 'n ingesteldheid om te twyfel en fout te vind geaktiveer word, gebruik dit as 'n verskoning om die woorde van die Heilige Skrif te verwerp. Ander weer, slaag egter nie daarin om die groot probleem van die bose bevredigend te verstaan nie, omdat tradisie en verkeerde vertolking, die leringe van die Bybel aangaande die karakter van God, die aard van Sy regering en die beginsels van Sy hantering van sonde verduister het.

Dit is onmoontlik om die oorsprong van sonde te verklaar, 493
om 'n rede vir die bestaan daarvan te kan gee. Tog kan daar genoeg aangaande die oorsprong en die finale neiging daarvan verstaan word, om die geregtigheid en welwillendheid van God in al Sy handelinge met die bose, ten volle te openbaar. Niks word meer duideliker in die Skrif geleer as dat God geensins verantwoordelik vir die intrede van sonde was nie; dat daar geen willekeurige onttrekking van Goddelike genade en geen gebrek in die Goddelike heerskappy was, wat aanleiding tot die opstand gegee het nie. Sonde is ‘n indringer, die teenwoordigheid waarvoor geen rede gegee kan word nie. Dit is ’n verborgenheid, ontoerekeningsvatbaar; om dit te verskoon is om dit te verdedig. Sou daar ‘n verskoning daarvoor gevind

kon word, of 'n rede vir die bestaan daarvoor gegee kon word, sou dit ophou om sonde te wees. Ons enigste definisie van sonde is dit wat in die Woord van God gegee word: “...ongeregtigheid is sonde.” (1 Joh 5:17); dit is die gevolg van ‘n beginsel, wat in stryd met die groot wet van liefde, die grondslag van die Goddelike regering is.

Voor die intrede van boosheid, was daar vrede en vreugde in die heelal. Alles was in perfekte harmonie met die Skepper se wil. Liefde vir God het hoogty gevier en liefde vir mekaar was onpartydig. Christus, die Woord, die Eniggebore van God, was een met die ewige Vader, een in natuur, karakter en doel, die enigste Wese in die heelal wat toegang tot al die raadsbesluite en voornemens van God gehad het. Die Vader het deur Christus met die skepping van alle hemelse wesens gewerk. “In Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is ... trone sowel as heerskappye en owerhede en magte...” en die ganse hemel het aan Christus, net soos aan die Vader, trou betoon. (Kol 1:16.)

Omdat die wet van liefde die grondslag van God se regering was, was die geluk van alle geskape wesens afhanklik van hul volkome ooreenstemming met Sy groot beginsels van geregtigheid. God verlang liefdesdiens van al Sy skepsels — ’n liefde wat uit ‘n intelligente waardering van Sy karakter spruit. Hy vind geen behae in gedwonge getrouheid nie en aan almal het Hy ’n vrye wil gegee sodat hulle Hom vrywillig kan dien.

Maar daar was een wat gekies het om hierdie vryheid te 494
misbruik. Sonde het sy ontstaan by hom gehad wat, naas Christus, die grootste eer van God ontvang het en wat die hoogste in mag en heerlikheid onder die hemelse bewoners gehad het. Voor sy val was Lucifer die eerste van die beskuttende engele, heilig en onbesmet. “So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol van wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking ... Jy was ‘n gérub

met uitgespreide vlerke wat beskut en Ek het jou gestel op ’n heilige berg; ’n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.” (Eseg 28:12-15).

Lucifer, kon in God se guns gebly het, geliefd en deur die engele-leërskare vereer en hy kon sy edele magte tot seën van andere en tot verheerliking van sy Skepper, aangewend het. “Maar...” het die profeet gesê, “...hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.” (Eseg 28:17). Bietjie vir bietjie het Lucifer aan sy begeerte vir selfverheffing toegegee. Hy het sy hart soos die hart van ‘n god ingestel. “En jy het in jou hart gesê: Ek wil ... my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde ... Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!” (Eseg 28:6; Jes 14:13,14). In plaas daarvan om te probeer om God die grootste in die geneenthede en trou van Sy skepsels te maak, het Lucifer gepoog om hul diens en hulde vir homself te wen. En deur die eer wat die ewige Vader aan Sy seun geskenk het te begeer, het hierdie vors van die engele na die voorreg van die mag wat aan Christus alleen behoort het, gestreef.

Die ganse hemel was verheug om die heerlikheid van die 495
Skepper te weerspieël en lof aan Hom te betoon. En terwyl God op hierdie wyse vereer is, het vrede en vreugde geheers. Maar toe het 'n noot van onenigheid die hemelse harmonie geskend. Eersug en selfverheffing, in stryd met God se plan, het voorbodes in gedagtes waarin die heerlikheid van God alles-oorheersend was, ontketen. Die hemelse rade het met Lucifer gepleit. Die Seun van God het die grootheid, die goedheid en regverdigheid van die Skepper aan hom voorgehou, asook die heilige, onveranderlike aard van Sy wet. God het self die orde van die hemel bepaal; en deur daarvan af te wyk, sou Lucifer sy Skepper oneer aandoen en homself vernietig. Maar hierdie waarskuwing wat in oneindige liefde en genade gegee is, het

slegs ’n gees van verset gewek. Lucifer het toegelaat dat jaloesie teenoor Christus die oorhand kry en hy het net meer vasberade geword.

Hoogmoed, weens sy eie glorie, het sy sug na oppergesag gevoed. Die hoë lof wat aan Lucifer toegeken is, is nie as ‘n gawe van God waardeer nie en het geen dankbaarheid teenoor die Skepper ontlok nie. Hy het behae geskep in sy glansrykheid en verhewenheid en daarna gestreef om aan God gelyk te wees. Hy was geliefd en deur die hemelse leërskare vereer. Engele het behae daarin geskep om sy opdragte uit te voer en hy was bo hulle almal met wysheid en heerlikheid beklee. Maar die Seun van God was die erkende Soewerein van die hemel, een in mag en gesag by die Vader. Christus het aan al die raadsbesluite van God deelgeneem, terwyl Lucifer nie toegelaat was om insae in die Goddelike planne te hê nie. “Waarom...” het hierdie magtige engel gevra, “...moet Christus, hierdie oppergesag hê? Waarom word Hy dan bo Lucifer vereer?”

Lucifer het sy plek in die onmiddellike teenwoordigheid van God verlaat en ‘n gees van ontevredenheid onder die engele ontlont. Hy het met misterieuse geheimsinnigheid te werk gegaan en deur sy werklike doel vir 'n tyd lank onder 'n skyn van eerbied vir God te verberg, het hy gepoog om ontevredenheid oor die wette wat die hemelse wesens regeer het te wek en beweer dat hulle onnodige beperkings oplê. Aangesien hulle heilig van aard was, het hy aangevoer dat die engele die voorskrifte van hul eie wil moet gehoorsaam. Hy het gepoog om medelye vir homself op te wek, deur aan te voer dat God hom met onreg behandel het deur die hoogste eer aan Christus te gee. Hy het beweer dat in sy strewe na groter mag en eer, hy nie na selfverheffing gestreef het nie, maar dat hy gepoog het om vryheid vir al die bewoners van die hemel te verkry, om sodoende 'n hoër toestand van bestaan te bereik.

In sy groot genade was God lank geduldig met Lucifer. Hy is 496
nie onmiddellik van sy verhewe posisie onthef toe hy die eerste

keer aan 'n gees van ontevredenheid toegegee het nie en selfs nie toe hy sy valse aansprake aan die lojale engele begin voorlê het nie. Hy was nog lank in die hemel geduld. Hy is telkens weer vergewe op voorwaarde van berou en onderwerping. Sulke pogings wat slegs deur oneindige liefde en wysheid bedink kon word, is aangewend om hom van sy dwaling te oortuig. Die gees van ontevredenheid was nooit voorheen in die hemel bekend nie. Lucifer self het eers nie dadelik besef waarheen hy neig nie; hy het nie die ware aard van sy gevoelens verstaan nie. Maar toe daar bewys is dat sy ontevredenheid sonder oorsaak blyk te wees, was Lucifer oortuig dat hy verkeerd was, dat die Goddelike aansprake regverdig was en dat hy dit as sodanig aan die ganse hemel moes erken. As hy dit gedoen het, sou hy homself en baie engele gered het. Hy het nog nie op daardie stadium sy getrouheid aan God ten volle verwerp nie. Alhoewel hy sy posisie as die engel wat beskut verlaat het, sou hy in sy amp herstel gewees het, as hy gewillig was om na God terug te keer, die wysheid van die Skepper te erken en tevrede sou wees om die plek waarin God hom in sy groot plan aangestel het, te vul. Maar trots het hom verbied om hom te onderwerp. Hy het volgehou om sy eie koers te verdedig, dat dit nie vir hom nodig was om berou te toon nie en het homself ten volle tot die groot stryd teen sy Maker verbind.

Al die magte van sy meesterlike verstand was nou ingespan 497
vir die werk van misleiding om die medelye van die engele wat onder sy bevel was te bekom. Selfs die feit dat Christus hom gewaarsku en raad gegee het, het hy verdraai om sy planne van verraad te dien. Aan diegene wat met liefdevolle vertroue die naaste aan hom was, het Satan homself voorgehou as iemand wat verkeerd veroordeel is, dat sy posisie nie gerespekteer is nie en dat sy vryheid ingeperk word. Van 'n wanvoorstelling van die woorde van Christus, het hy oorgegaan tot leuens en blatante valsheid en hy het die Seun van God beskuldig van 'n plan om hom voor die inwoners van die hemel te verneder. Hy het ook probeer om die lojale engele vals te beskuldig. Almal

wat hy nie kon ondermyn en ten volle na sy kant toe oorhaal nie, het hy van onverskilligheid teenoor die belange van die hemelse wesens beskuldig. Dieselfde werke waaraan hy skuldig was, het hy aan diegene wat getrou aan God gebly het, toegedig. En om sy beskuldiging van God se ongeregtigheid teenoor hom te handhaaf, het hy 'n verdraaide weergawe van die woorde en dade van die Skepper voorgelê. Dit was sy beleid om die engele met subtiele argumente aangaande die voornemens van God te verwar. Die eenvoudige dinge het hy in geheimsinnigheid gehul en deur listige perversiteit, het hy twyfel aangaande die duidelikste uitsprake van Jehova gesaai. Sy hoë posisie in so 'n noue verband met die Goddelike bestuur, het groter krag aan sy bewerings verleen en baie is oorgehaal om met hom in sy rebellie teen die gesag van die hemel te verenig.

In Sy wysheid, het God Satan toegelaat om sy werk voort te sit, totdat die gees van ontevredenheid ryp geword het in aktiewe opstand. Dit was nodig om sy planne ten volle te laat ontwikkel, sodat die ware aard en neiging daarvan, deur almal gesien kon word. Lucifer, as die gesalfde gerub was hoog verhewe; die hemelse wesens het hom baie liefgehad en sy invloed oor hulle was sterk. God se heerskappy het nie net die inwoners van die hemel ingesluit nie, maar ook al die wêrelde wat Hy geskep het; en Satan het gedink dat as hy die engele van die hemel saam met hom in opstand kon meevoer, hy ook die ander wêrelde sou kon meevoer. Op behendige wyse het hy sy kant van die saak gestel deur van drogredes en valsheid gebruik te maak om sy doel te bereik. Sy mag om te mislei was baie groot en deur homself in ‘n mantel van valsheid te verdoesel, het hy groot voordeel behaal. Selfs die lojale engele, kon nie sy karakter ten volle onderskei of insien waarheen sy werk lei nie.

Satan was so hoog geëerd en sy dade was so in 498
geheimsinnigheid gehul, dat dit moeilik was om die ware aard van sy werk aan die engele te bekend te maak. Totdat dit ten volle ontwikkel het, sou sonde nie vir die boosheid wat dit was

openbaar kon word nie. Voorheen het dit geen plek in die heelal van God gehad nie en heilige wesens het geen begrip van die aard en kwaadwilligheid daarvan gehad nie. Hulle kon nie die verskriklike gevolge van die verwerping van die Goddelike wet voorsien nie. Satan het aanvanklik sy werk onder 'n skyn belydenis van lojaliteit aan God verberg. Hy het beweer dat hy probeer het om die eer van God, die bestendigheid van Sy regering en die beswil van al die inwoners van die hemel te bevorder. Terwyl hy ontevredenheid in die gedagtes van die engele onder hom ingeboesem het, het hy op 'n slinkse wyse laat blyk dat hy ontevredenheid uit die weg wou ruim. Toe hy daarop aangedring het dat daar veranderinge in die orde en wette van God se regering aangebring moet word, was dit onder die voorwendsel dat dit nodig was om harmonie in die hemel te bewaar.

In Sy hantering van sonde, kon God slegs in geregtigheid en waarheid optree. Satan kon gebruik maak van wat God nie kon nie – vleiery en bedrog. Hy het probeer om die Woord van God te vervals en het Sy plan van heerskappy verkeerdelik aan die engele voorgestel en beweer dat God nie net wette en reëls op die bewoners van die hemel geplaas het nie, maar dat Hy, deur onderwerping en gehoorsaamheid van Sy skepsels te eis, slegs verheffing vir Homself nagestreef het. Daarom moes daar aan die bewoners van hemel, sowel as aan al die wêrelde, gedemonstreer word dat God se regering regverdig was en Sy wet volmaak. Satan het dit laat voorkom asof hy self die goeie vir die heelal wou bevorder. Die ware karakter van die indringer en sy werklike doelwit moes deur almal verstaan word. Hy moes genoeg tyd gegun word om homself deur sy goddelose werke te openbaar.

Die onenigheid wat deur sy eie optrede in die hemel veroorsaak is, het Satan die skuld aan die wet en regering van God toegeskryf. Hy het verklaar dat al die kwaad die gevolg van die Goddelike bestuur was. Hy het beweer dat dit sy doel was om die wette van Jehova te verbeter. Daarom was dit nodig dat

hy die aard van sy aansprake moes demonstreer en die uitwerking van sy voorgestelde wysigings aan die Goddelike wet, moes toon. Sy eie werk moes hom veroordeel. Satan het van die begin af beweer dat hy nie in opstand was nie. Die ganse heelal moes die misleier ontmasker aanskou.

Selfs toe daar besluit is dat hy nie langer in die hemel kon 499
bly nie, het die Oneindige Wysheid Satan nie vernietig nie. Aangesien slegs liefdesdiens vir God aanvaarbaar is, moet die getrouheid van Sy skepsels op ‘n oortuiging van Sy geregtigheid en welwillendheid berus. Omdat die inwoners van die hemel en ander wêrelde op daardie stadium onvoorbereid was om die aard of gevolge van sonde te begryp, sou hulle nie die geregtigheid en barmhartigheid van God, indien Hy Satan vernietig het, gesien het nie. As God hom dadelik vernietig het, sou hulle Hom uit vrees, eerder as uit liefde gedien het. Die invloed van die bedrieër sou dan nie ten volle vernietig gewees het nie en die gees van rebellie sou nie volkome uitgewis gewees het nie. Boosheid moes toegelaat word om volwaardig te ontwikkel. Vir die beswil van die ganse heelal deur al die eeue, moes Satan toegelaat word om sy beginsels ten volle te ontwikkel, sodat sy aanklagte teen die goddelike regering, deur al die geskape wesens, in hul ware lig gesien kon word, dat die geregtigheid en barmhartigheid van God en die onveranderlikheid van Sy wet vir ewig bo alle twyfel geplaas kon word.

Satan se opstand sou deur al die komende eeue ‘n les vir die heelal wees, ‘n ewige getuienis van die aard en verskriklike gevolge van sonde. Die uitwerking van Satan se heerskappy op beide mense en engele sou die vrugte van die tersydestelling van Goddelike gesag toon. Dit sou getuig dat die welstand van al Sy skepsels aan die voortbestaan van God se regering en Sy wet gebonde is. Die geskiedenis van hierdie skrikwekkende eksperiment van rebellie, moes dus as 'n ewige beskerming vir alle heilige wesens dien, om te verhoed dat hulle oor die aard

van oortreding mislei word en hulle van die straf vir die pleeg van sonde te bewaar.

Tot aan die einde van die stryd in die hemel, het die groot indringer voortgegaan om homself te regverdig. Toe daar aangekondig is dat hy met al sy aanhangers uit die verblyfplek van saligheid verban word, het die rebelleleier blatant sy minagting vir die wet van die Skepper betoon. Hy het sy bewering herhaal dat die engele geen beheer nodig het nie, maar gelaat moes word om hul eie wil, wat hulle altyd reg sou lei, te volg. Hy het die Goddelike wette as ‘n beperking van hul vryheid veroordeel en verklaar dat dit sy doel was om die afskaffing van die wet te verseker, sodat die leërskare van die hemel, bevry van hierdie beheer, ’n meer verhewe en glorieryker toestand van bestaan kon betree.

Satan en sy leër het eendragtig al die skuld vir hulle opstand 500
op Christus gewerp en verklaar dat as daar nie teregwysing vir hulle was nie, hulle nooit 'n opstand sou gekom het nie. Daarom, hardkoppig en uittartend in hul ontrouheid, hul vergeefse pogings om die regering van God omver te werp en deur lasterlik te beweer dat hulle self die onskuldige slagoffers van 'n onderdrukkende mag was, is die aartsrebel en sy ondersteuners uiteindelik uit die hemel verban.

Dieselfde gees wat die rebellie in die hemel veroorsaak het, veroorsaak steeds rebellie op die aarde. Satan het dieselfde beleid as wat hy met die engele gevolg het onder die mense voortgesit. Sy gees heers tans in die kinders van ongehoorsaamheid. Soos hy, poog hulle om die beperkings van God se wet af te breek en deur die oortreding aan die wet, vryheid aan die mense te belowe. Die teregwysing van sonde wek steeds ‘n gees van haat en weerstand. Wanneer God se boodskappe van waarskuwing aan die gewete tuisgebring word, lei Satan mense om hulself te regverdig en die medelye van ander in hul sondige lewenswandel te soek. In plaas daarvan om hul foute reg te stel, wek hulle verontwaardiging

teen die een wat teregwys, asof hy alleen die oorsaak van probleme is. Vanaf die dae van regverdige Abel tot in ons eie tyd, is dit steeds die gees wat teenoor diegene wat die sonde durf veroordeel, geopenbaar word.

Deur dieselfde wanvoorstelling van die karakter van God wat hy in die hemel uitgeoefen het, wat veroorsaak het dat God as streng en tirannies gesien word, het Satan die mens tot sonde beweeg. En omdat hy tot dusver geslaag het, het hy verklaar dat God se onregverdige beperkings tot die val van die mens gelei het, net soos dit tot sy eie rebellie gelei het.

Maar die Oneindige verklaar self Sy karakter: "Here, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie." (Ex 34:6,7).

Deur die verbanning van Satan uit die hemel, het God Sy 501
geregtigheid verklaar en die eer van Sy troon gehandhaaf. Maar toe die mens gesondig het deur aan die misleidings van hierdie afvallige gees toe te gee, het God 'n bewys van Sy liefde gelewer, deur Sy eniggebore Seun te gee om vir die gevalle ras te sterf. In hierdie versoening word die karakter van God geopenbaar. Die magtige betoog van die kruis demonstreer aan die ganse heelal dat die weg van die sonde wat Lucifer gekies het, geensins aan die regering van God toegeskryf kan word nie.

In die stryd tussen Christus en Satan tydens die aardse bediening van die Heiland, is die karakter van die groot bedrieër ontmasker. Niks kon Satan meer effektief van die geneenthede van die hemelse engele en die ganse lojale heelal ontwortel, soos sy wrede oorlogvoering teen die Verlosser van die wêreld nie. Die uitdagende godslastering om te eis dat Christus aan hom hulde moes betoon, sy vermetele vrymoedigheid om Hom na die bergspits en die toppunt van die tempel te dra, die kwaadwillige bedoeling wat hy verraai het om Hom aan te hits om Homself van die duiselige hoogte af te werp, die

onophoudelike boosheid wat Hom van plek tot plek gejag het en die harte van priesters en mense geïnspireer het om Sy liefde te verwerp en uiteindelik uit te roep: "Kruisig Hom, kruisig Hom!" (Lukas 23:21) — dit alles het die verbasing en verontwaardiging van die heelal ontketen.

Dit is Satan wat die wêreld se verwerping van Christus aangevoer het. Die vors van die bose het al sy mag en slinksheid ingespan om Jesus te vernietig; want hy het gesien dat die Heiland se barmhartigheid en liefde, Sy medelye en deernis, die karakter van God in die wêreld verteenwoordig. Satan het elke aanspraak van die Seun van God bestry en hy het mense as sy werkkragte aangestel om die Heiland se lewe met lyding en droefheid te vul. Die drogredes en valsheid waarmee hy die werk van Jesus probeer belemmer het, die haat wat deur die kinders van ongehoorsaamheid geopenbaar is, sy wrede beskuldigings teen Hom wie se lewe een van ongeëwenaarde goedheid was, het alles uit diepgewortelde wraaksugtigheid ontstaan. Die opgekropte vure van afguns en kwaadwilligheid, haat en wraak, het op Golgota teen die Seun van God losgebars, terwyl die ganse hemel die toneel met stille afgryse aanskou het.

Nadat die groot offer voltrek is, het Christus na die hemel 502
opgevaar en die aanbidding van engele geweier totdat Hy die versoek gerig het: "Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." (Joh 17:24). Toe het die antwoord met onuitspreeklike liefde en krag van die Vader se troon gekom: "Al die engele van God moet Hom aanbid." (Heb 1:6). Daar was nie 'n vlek aan Jesus nie. Sy vernedering is beëindig, Sy offer was volbring en daar is 'n naam aan Hom gegee wat bo elke naam is.

Die skuld van Satan het nou sonder verskoning na vore gekom. Hy het sy ware karakter as leuenaar en moordenaar geopenbaar. Daar is gesien dat dieselfde gees waarmee hy die mensekinders wat onder sy mag was beheer het, hy in sy

heerskappy sou openbaar indien hy toegelaat was om oor die bewoners van die hemel te heers. Hy het beweer dat die oortreding van die wet van God vryheid en verheffing sou meebring; maar daar is getoon dat dit slawerny en aftakeling tot gevolg het.

Satan se leuenagtige beskuldigings teen die Goddelike karakter en regering, is in hul ware lig getoon. Hy het God daarvan beskuldig dat Hy slegs die verheffing van Homself gesoek het deur onderdanigheid en gehoorsaamheid van Sy skepsels te eis en het verklaar dat, hoewel die Skepper selfverloëning van alle ander vereis het, Hy geen selfverloëning beoefen het nie en geen opoffering gemaak het nie. Daar is nou gesien dat vir die verlossing van 'n gevalle en sondig ras, die Heerser van die heelal, die grootste opoffering gebring het wat liefde kon bring, want "...God [het] in Christus die wêreld met Homself versoen..." (2 Kor 5:19). Daar is ook gesien dat terwyl Lucifer deur sy begeerte na eer en oppergesag, die deur vir sonde oopgemaak het, het Christus, ten einde die sonde te vernietig, Homself verneder en gehoorsaam geword tot die dood toe.

God het sy afsku vir die beginsels van rebellie geopenbaar. 503
Die ganse hemel het ‘n openbaring van Sy geregtigheid gesien, beide in die veroordeling van Satan en die verlossing van die mens. Lucifer het verklaar dat as die wet van God onveranderlik was en die straf daarvoor onverbiddelik, elke oortreder vir ewig van die guns van die Skepper uitgesluit moes word. Hy het geëis dat die sondige buite verlossing geplaas is en dat hulle dus sy regmatige prooi was. Maar die dood van Christus was ‘n argument ten behoewe van die mens wat nie weerlê kon word nie. Die straf van die wet het op Hom, wat gelyk aan God was, geval en die mens was vry om die geregtigheid van Christus te aanvaar en deur 'n lewe van ootmoed en vernedering te seëvier, net soos die Seun van God die mag van Satan oorwin

het. God is dus regverdig en tog ook die Regverdiger van almal wat in Jesus glo.

Maar dit was nie alleenlik om die verlossing van die mens te regverdig dat Christus na die aarde gekom het om te ly en te sterf nie. Hy het gekom om die wet te verhoog en te verheerlik, nie alleen sodat die bewoners van hierdie wêreld die wet kan beskou soos dit beskou moet word nie, maar om aan al die wêrelde van die heelal te demonstreer dat die wet van God onveranderlik is. Sou die aansprake daarvan ter syde gestel kon word, was dit nie nodig vir die Seun van God om Sy lewe te gee vir die versoening van die oortreding daarvan nie. Die dood van Christus bewys die onveranderlikheid daarvan. En die offer waartoe oneindige liefde die Vader en die Seun gedring het vir die verlossing van sondaars, toon aan die ganse heelal — soos slegs die verlossingsplan kan doen — dat geregtigheid en genade die grondslag van die wet en die regering van God is.

In die finale oordeel sal daar gesien word dat daar geen verskoning vir sonde bestaan nie. Wanneer die Regter van die ganse aarde van die Satan sal eis: "Waarom het jy teen My gerebelleer en My van die onderdane van My koninkryk beroof?" sal die bron van die bose geen verskoning hê nie. Elke mond sal stom wees en die ganse leërskare van rebellie sal sprakeloos wees.

Hoewel die kruis van Golgota verklaar dat die wet van God 504
onveranderlik is, verklaar dit ook aan die ganse heelal dat die loon van die sonde die dood is. Die Heiland se sterwenswoorde: "Dit is volbring..." (Joh 19:30), het die doodsklok vir Satan gelui. Die groot stryd wat so lank geduur het, is toe beslis en die finale uitwissing van boosheid is verseker. Die Seun van God het deur die poorte van die graf gegaan "...sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel." (Heb 2:14). Lucifer se begeerte na selfverheffing het hom gelei om te sê: "Ek wil... my troon verhef bo die sterre van God... Ek wil ... my gelykstel met die Allerhoogste." (Jes

14:13,14). God het verklaar: "Ek het jou tot as gemaak op die aarde ... en [jy] sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie." (Eseg 28:18,19). Wanneer daardie dag aanbreek wat "...brand soos 'n oond ... Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie." (Mal 4:1).

Die ganse heelal sal dan getuies van die aard en gevolge van sonde wees. En die totale vernietiging daarvan wat aan die begin vrees oor die engele en oneer aan God sou bring, sal Sy liefde nou bevestig en Sy eer voor die heelal aan die wesens wat behae daarin het om Sy wil te doen en in wie se hart Sy wet is, handhaaf. Nooit weer sal boosheid manifesteer nie. Die Woord van God sê: "Die benoudheid sal nie twee maal opkom nie." (Nah1:9). Die wet van God wat deur Satan as 'n juk van slawerny bestempel is, sal as die wet van vryheid geëer word. 'n Getoetste en beproefde skepping sal nooit weer van sy trou aan Hom wegdraai nie, wie se karakter volkome aan hulle as ondeurgrondelike liefde en oneindige wysheid, geopenbaar is nie.

Hoofstuk 30 505

# Vyandskap Tussen die Mens en Satan

"Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt." (Gen 3:15). Die Goddelike vonnis wat na die val van die mens oor Satan uitgespreek is, was ook 'n profesie wat alle eeue tot aan die einde van tyd omsluit en die groot konflik waarby al die rasse van mense wat op die aarde woon betrek sou word, voorafgeskadu het.

God het verklaar: "Ek sal vyandskap stel..." Hierdie vyandskap word nie van nature gehuldig nie. Toe die mens die Goddelike wet oortree het, het sy natuur sondig geword en was hy in harmonie en nie in stryd met Satan nie. Daar bestaan van nature geen vyandskap tussen die sondige mens en die skepper van sonde nie. Albei het weens afvalligheid boos geword. Die afvallige kry nooit rus voordat hy medelye en ondersteuning verkry, deur ander te oorreed om sy voorbeeld te volg nie. Om hierdie rede verenig bose engele en goddelose mense in desperate gemeenskap. As God nie spesiaal tussenbeide getree het nie, sou Satan en die mens 'n bondgenootskap teen die Hemel aangegaan het en in stede van vyandskap teen Satan te koester, sou die ganse mensdom in opposisie teen God, met hom verenig het.

Satan het die mens in versoeking gebring om te sondig, net 506
soos hy veroorsaak het dat die engele rebelleer, sodat hy sodoende samewerking vir sy oorlogvoering teen die hemel kon bewerkstellig. Daar was geen geskil tussen hom en die gevalle engele aangaande hul haat teenoor Christus nie; terwyl daar op alle ander punte geskille was, was hulle sterk verenig in hul teenstand teenoor die Heerser van die heelal. Maar toe Satan die verklaring hoor dat daar vyandskap tussen hom en die vrou en tussen sy saad en haar saad sal wees, het hy geweet dat sy pogings om die menslike natuur te verdorwe, onderbreek sou

word; dat die mens op die een of wyse in staat gestel sou word om sy mag te weerstaan.

Satan se vyandskap teen die mensdom is ontketen omdat hulle, deur Christus, die voorwerpe van God se liefde en barmhartigheid is. Hy begeer om die Goddelike plan van verlossing van die mens te dwarsboom, om oneer op God te werp deur Sy handewerk te skend en te besoedel; en hy wou droefheid in die hemel veroorsaak en die aarde met wee en wanhoop vul. En dan verwys hy na al hierdie euwels as die gevolg van God se werk om die mens te skape.

Dit is die genade wat Christus in die siel inplant wat vyandskap tussen die mens en Satan skep. Sonder hierdie bekerende genade en vernuwende krag, sou die mens as ‘n gevangene van Satan voortgaan, 'n dienaar wat altyd gereed is om te doen wat hy gebied. Maar die nuwe beginsel in die siel skep konflik waar daar tot dusver vrede was. Die krag wat Christus verleen, stel die mens in staat om hierdie tiran en indringer te weerstaan. Wie ook al gesien word dat hy sonde verafsku in plaas van dit lief te hê en wat die passies wat die botoon gevoer het weerstaan en oorwin, vertoon die werking van 'n beginsel wat geheel en al van Bo kom.

Die antagonisme wat tussen die Gees van Christus en die gees van Satan bestaan, word die mees treffendste in die wêreld se ontvangs van Jesus getoon. Dit was nie soseer omdat Hy sonder wêreldse rykdom, prag en praal verskyn het, dat die Jode gelei was om hom verwerp het nie. Hulle het gesien dat Hy oor mag beskik wat meer as genoeg vir die gebrek aan uiterlike vertoon sou vergoed. Maar die reinheid en heiligheid van Christus het die haat van die goddelose teen Hom ontketen. Sy lewe van selfverloëning en sondelose toewyding, was ‘n voortdurende teregwysing vir die trotse en wellustige volk. Dit was wat die vyandskap teen die Seun van God ontlok het. Satan en bose engele het met bose mense saamgespan. Al die kragte

van afvalligheid, het teen die Kampvegter vir die waarheid saamgespan.

Dieselfde vyandskap wat teenoor Christus geopenbaar is, 507
word teenoor die volgelinge van Christus gemanifesteer. Wie die afstootlike aard van sonde sien en in die krag van Bo versoeking weerstaan, sal verseker die woede van Satan en sy onderdane wek. Haat vir die suiwer beginsels van waarheid en verwyte en vervolging van die voorstanders daarvan, sal bestaan vir solank as wat sonde en sondaars bestaan. Die volgelinge van Christus en die diensknegte van Satan, kan nooit ooreenstem nie. Die aanstoot van die kruis het nie opgehou nie. "Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." (2 Tim 3:12).

Satan se werkkragte is voortdurend onder sy leiding aan die werk om sy gesag te vestig en sy koninkryk in teenstelling met die heerskappy van God op te bou. Met hierdie doel voor oë, poog hulle om die volgelinge van Christus te mislei en hulle van hul trou weg te lok. Net soos hulle leier, vertolk en verdraai hulle die Skrif om hul doel te bereik. Soos Satan gepoog het om God te smaad, so probeer sy werkkragte om die volk van God te verguis. Die gees wat Christus gedood het, beweeg die goddelose om Sy volgelinge te vernietig. Dit was alles in daardie eerste profesie voorafgeskadu: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad." (Gen 3:15). En hierdie vyandskap sal tot aan die einde van tyd voortduur.

Satan roep al sy magte op en werp alles in die stryd. Waarom 508
is dit dat hy nie groter weerstand teëkom nie? Waarom is die soldate van Christus so aan die slaap en onverskillig? Omdat hulle so min werklike verbintenis met Christus het; omdat hulle so arm aan Sy Gees is. Sonde is nie vir hulle so afstootlik en afskuwelik soos vir hulle Meester nie. Hulle konfronteer dit nie soos Christus, met besliste en vasberade verset nie. Hulle besef nie die uiterste boosheid en kwaadwilligheid van sonde nie en hulle is blind vir die karakter en die mag van die vors van

duisternis. Daar is min vyandskap teen Satan en sy werke, omdat daar sulke groot onkunde aangaande sy mag en kwaadwilligheid heers en die groot omvang van sy oorlogvoering teen Christus en Sy kerk. Menigtes word op hierdie punt mislei. Hulle besef nie dat hulle vyand ‘n magtige generaal is wat beheer uitoefen oor die bose engele en diegene wat met weldeurdagte planne en fyn uitgewerkte taktiek, oorlog teen Christus voer om die redding van siele te verhoed nie. Onder belydende Christene en selfs onder bedienaars van die evangelie, word daar skaars 'n verwysing na Satan gehoor, behalwe miskien 'n toevallige vermelding vanaf die kansel. Hulle sien die bewyse van sy voortdurende bedrywighede en sukses oor die hoof; hulle slaan nie ag op die talle waarskuwings teen sy listigheid nie; dit blyk asof hulle selfs sy bestaan ignoreer.

Terwyl mense onkundig aangaande sy listigheid is, is hierdie waaksame vyand elke oomblik op hul spoor. Hy dring sy teenwoordigheid in elke deel van die huishouding binne, elke straat van ons stede, die kerke, die nasionale rade en die geregshowe, waar hy verwar, bedrieg, verlei en oral die siele en liggame van mans, vroue en kinders ruïneer, gesinne opbreek, haat saai, wedywering, twis en moord veroorsaak. En dit lyk asof die Christelike wêreld hierdie dinge beskou asof God dit so beskik het en dat dit so moet wees.

Satan poog voortdurend om die volk van God te oorkom deur die hindernisse wat hulle van die wêreld skei, af te breek. Israel van ouds is tot sonde verlei toe hulle verbode omgang met die heidene betree het. Op 'n soortgelyke wyse word hedendaagse Israel verlei. “Die god van hierdie wêreld [het] die sinne verblind, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie.” (2 Kor 4:4). Almal wat nie besliste volgelinge van Christus is nie, is diensknegte van Satan. In die hart wat nie wedergebore is nie, heers daar ‘n liefde vir sonde en ‘n gesindheid om dit te koester en dit te verontskuldig. In die

wedergebore hart is daar ‘n haat teen sonde en vasberade weerstand daarteen. Wanneer Christene die geselskap van goddelose en ongelowiges kies, stel hulle hulself aan versoeking bloot. Satan verberg hom op die agtergrond en op slinkse wyse trek hy die sluier van bedrog oor hulle oë. Hulle kan nie sien dat sulke geselskap skadelik vir hulle is nie; en terwyl hulle al die tyd gelykvormig aan die wêreld word in karakter, woorde en dade, word hulle steeds meer en meer verblind.

Gelykvormigheid aan wêreldse gebruike, omskep die kerk 509
tot die wêreld; dit bekeer die wêreld nooit tot Christus nie. Om vertroud met sonde te wees, sal dit gewis minder afstootlik laat voorkom. Wie verkies om met die diensknegte van Satan om te gaan, sal binnekort ophou om hul meester te vrees. Wanneer ons in die uitvoering van ons pligte in beproewing verkeer, soos Daniël aan die koninklike hof, kan ons daarop reken dat God ons sal beskerm; maar as ons onsself onder versoeking plaas, sal ons vroeër of later val.

Die versoeker werk dikwels die suksesvolste deur diegene wat die minste vermoed word dat hulle onder sy beheer is. Die wat talent en geleerdheid besit, word bewonder en vereer, asof hierdie eienskappe versoening kan doen vir die afwesigheid van die vrees van God of die mense geregtig op Sy guns kan maak. Talent en kultuur, op sigself beskou, is gawes van God; maar wanneer dit die plek van vroomheid inneem en wanneer dit hulle van Hom af wegdraai in plaas van die siel nader aan God te bring, dan word dit 'n vloek en 'n strik. Baie mense is van mening dat alles wat soos hoflikheid en verfyndheid voorkom, in 'n sekere sin betrekking op Christus moet hê. Maar nog nooit was daar ‘n groter fout nie. Hierdie eienskappe behoort die karakter van elke Christen tot sieraad te strek, want dit sal 'n kragtige invloed ten gunste van ware godsdiens uitoefen; maar dit moet aan God gewy word, anders sal dit ook ‘n krag ten kwade wees. Baie mense met ‘n gekultiveerde verstand en aangename maniere, wat nie sou neig na wat in die algemeen as 'n onsedelike daad beskou word nie, is maar net 'n

gepoleerde instrument in die hande van Satan. Die verraderlike en bedrieglike karakter van sy invloed en voorbeeld, maak hom 'n gevaarliker vyand van die saak van Christus as diegene wat onkundig en ongekultiveerd is.

Deur ernstige gebed en afhanklikheid van God, het Salomo wysheid ontvang wat die verwondering en bewondering van die wêreld opgewek het. Maar toe hy hom van die Bron van sy krag afkeer en op homself begin vertrou het, het hy die prooi van versoeking geword. Toe het die wonderlike kragte wat aan hierdie wysste van alle konings gegee is, hom slegs ‘n meer effektiewe werktuig van die teëstander van siele gemaak.

Terwyl Satan voortdurend poog om hul gedagtes vir die feit 510
te verblind, moet Christene nooit vergeet dat hulle nie worstel “...teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu en teen bose geeste in die lug.” (Efe 6:12). Die geïnspireerde waarskuwing weerklink deur die eeue heen tot in ons tyd: “Wees nugter en waak, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.” (1 Pet 5:8). “Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.” (Efe 6:11).

Vanaf die dae van Adam tot in ons tyd, oefen ons groot vyand sy mag uit om te onderdruk en te vernietig. Hy berei hom tans voor vir sy laaste veldtog teen die kerk. Almal wat Jesus wil volg, sal in konflik met hierdie meedoënlose vyand gebring word. Hoe nader die Christen die Goddelike Patroon naboots, , hoe sekerder sal hy homself 'n teiken van die aanvalle van Satan maak. Almal wat aktief met die saak van God besig is, wat die misleiding van die Bose aan die kaak wil stel en Christus voor die volk wil aanbied, sal saam met Paulus kan getuig wanneer hy sê dat hy die Here met alle nederigheid van verstand, met baie trane en beproewinge dien.

Satan het Christus met sy felste en mees subtielste versoekings aangeval; maar hy is in elke konflik afgeweer. Hierdie gevegte was namens ons gevoer; dit maak dit vir ons moontlik om te oorwin. Christus sal aan almal krag gee wat daarom vra. Niemand kan sonder dat hy self toestem, deur Satan oorwin word nie. Die versoeker besit geen mag om die wil te beheer of die siel tot sonde te dwing nie. Hy mag ellende bring, maar hy kan nie besoedel nie. Die feit dat Christus oorwin het, moet Sy volgelinge met moed inspireer om manmoedig die stryd teen sonde te beveg.

Hoofstuk 31 511

# Werkinge van Bose Geeste

Die verbintenis van die sigbare met die onsigbare wêreld, die bediening van die engele van God en die werkinge van bose geeste word duidelik in die Skrif geopenbaar en onlosmaaklik verweef met die mensegeskiedenis. Daar is 'n toenemende neiging tot ongeloof in die bestaan van bose geeste, terwyl die heilige engele "...wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe..." (Heb 1:14), deur baie mense as die geeste van afgestorwenes beskou word. Maar die Skrif leer nie net van die bestaan van goeie en bose engele nie, maar lewer ook onbetwisbare bewys dat dit nie die geeste van afgestorwenes is nie.

Voor die skepping van die mens was daar engele; want toe die fondamente van die aarde gelê is, het "...die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig." (Job 38:7). Na die sondeval is engele gestuur om die boom van die lewe te bewaak; en dit vóórdat 'n mens op die aarde gesterf het. Engele is van nature bo die mens verhewe, want die psalmis sê dat die mens: "...'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese." (Ps 8:6).

In die Skrif word ons aangaande die getal en die krag en 512
heerlikheid van die hemelse wesens ingelig, van hul verbintenis met die regering van God en ook van hul verhouding tot die verlossingswerk. "Die Here het Sy troon in die hemel gevestig en sy koninkryk heers oor alles." (Ps 103:19). "Ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon." (Openb 5:11). In die troonkamer van die Koning van die konings wag hulle – engele, "...kragtige helde wat Sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van Sy woord." (Ps.103:20). Tienduisend maal tienduisend en duisende van duisende engele is deur die profeet Daniël gesien. (Dan 7:10.) Die apostel Paulus het verklaar dat hulle "...tienduisende engele..." is. (Heb 12:22). As

boodskappers van God gaan hulle uit "...in aansien soos 'n bliksemstraal..." (Eseg 1:14), so verblindend is hul heerlikheid en so vinnig vlieg hulle. Die engel wat by die Heiland se graf verskyn het, se "...gedaante was soos weerlig en sy kleding wit soos sneeu, en uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword." (Matt 28:3,4). Toe Sanherib, die hoogmoedige Assiriër, God gesmaad en gelaster en Israel met vernietiging gedreig het, het die engel van die Here uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd vyf-en-tagtig duisend verslaan. "En dié het al die dapper helde en bevelhebbers en owerstes in die laer van die koning van Assirië verdelg, sodat hy met 'n beskaamde aangesig na sy land teruggegaan het." (2 Kon 19:35; 2 Kron 32:21).

Engele word op sendings van genade na die kinders van God gestuur. Hulle het na Abraham met beloftes van seën gekom; na die poorte van Sodom om die regverdige Lot van 'n vurige ondergang te red; na Elia, terwyl hy op die punt was om van moegheid en honger in die woestyn te vergaan; na Elisa met strydwaens en perde van vuur rondom die stad waar hy deur sy vyande omsingel was; na Daniël terwyl hy na Goddelike wysheid in die voorhof van 'n heidense koning gesoek het, asook toe hy in die leeukuil gegooi is; na Petrus, toe hy in die tronk van Herodes ter dood veroordeel is; na die gevangenes in Filippi; na Paulus en sy metgeselle in die storm op see; na Cornelius om sy gedagtes ontvanklik vir die evangelie te maak; na Petrus om hom met die boodskap van verlossing na die heidense vreemdeling te stuur – aldus het die heilige engele in alle eeue die volk van God bedien.

'n Beskermengel word vir elke volgeling van Christus 513
aangestel. Hierdie hemelse wagters beskerm die regverdiges teen die mag van die bose. Satan het dit self erken toe hy gesê het: "Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie?" (Job 1:9,10). Die werkkrag deur wie God Sy volk beskerm, word in die woorde van die psalmis aangebied: "Die Engel van die

Here trek ‘n laer rondom die wat Hom vrees en red hulle uit.” (Ps 34:8). Die Verlosser sê aangaande diegene wat in Hom glo: “Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.” (Matt 18:10). Die engele wat aangestel is om die kinders van God te bedien, het ten alle tye toegang tot Sy teenwoordigheid.

So word God se volk, wat aan die misleidende mag en waaksame boosheid van die vors van duisternis blootgestel is en in stryd met al die magte van die bose is, verseker van die ononderbroke voogdyskap van die hemelse engele. So 'n versekering word ook nie sonder rede gegee nie. As God aan Sy kinders die belofte van genade en beskerming gegee het, is dit omdat daar magtige werkkragte van die bose is om te konfronteer – talle werkkragte, wat vasberade en nooit moeg word nie en wie se kwaadaardigheid en mag niemand met veiligheid kan ignoreer of verontagsaam nie.

Bose geeste, wat in die begin sondeloos geskape is, was van nature, krag en heerlikheid gelykstaande aan die heilige wesens wat tans God se boodskappers is. Maar, deur sonde tot ‘n val gebring, werk hulle nou saam vir die ontering van God en die vernietiging van die mens. Verenig met Satan in sy opstand en saam met hom uit die hemel gewerp, het hulle deur die daaropvolgende eeue met hom in sy oorlogvoering teen die Goddelike gesag saamgewerk. Ons word in die Skrif vertel van hul sameswering en regering, van hulle verskillende ordes, van hulle intelligensie en subtiliteit en van hulle kwaadwillige planne teen die vrede en geluk van die mens.

Ou-Testamentiese geskiedenis maak af en toe melding van 514
hul bestaan en gesag; maar in die tyd toe Christus op aarde was, het bose geeste hulle mag op die mees opvallendste wyse geopenbaar. Christus het gekom om die plan van verlossing vir die mens te betree en Satan het besluit om sy reg om die wêreld te beheer, te laat geld. Hy het daarin geslaag om afgodediens

in alle dele van die aarde, behalwe in die land van Palestina te vestig. In die enigste land wat nie ten volle aan die oorreding van die versoeker oorgegee was nie, het Christus gekom om die lig van die hemel op die mense te laat skyn. Hier het twee mededingende magte aanspraak op oppergesag gemaak. Jesus het sy arms van liefde uitgestrek en almal uitgenooi om vergifnis en vrede in Hom te vind. Die leërskare van die duisternis het gesien dat hulle nie onbeperkte beheer het nie en hulle het besef dat as Christus se sending suksesvol sou wees, hulle heerskappy spoedig tot 'n einde sou kom. Satan het soos ‘n vasgekettingde leeu gewoed en op 'n uitdagende wyse sy mag oor die liggame, sowel as die siele van mense getoon.

Die feit dat mense met demone besete was, word duidelik in die Nuwe Testament gestel. Die persone wat so geteister was, het nie siektes slegs as gevolg van natuurlike oorsake opgedoen nie. Christus het volkome begrip gehad van dit waarmee Hy te doen gehad het en Hy het die direkte teenwoordigheid en werkinge van die bose geeste erken.

‘n Treffende voorbeeld van hulle getal, mag en kwaadwilligheid, asook van die mag en genade van Christus, word in die Skrif in die beskrywing van die genesing van die duiwelbesetenes van Gádara gegee. Hierdie ellendige besetenes wat alle selfbeheer verloor en die lug met hulle gille gevul het, was rasend en het hulself geweld aangedoen en almal wat hulle genader het in gevaar gestel. Hulle bebloede en misvormde liggame en hulle kranksinnigheid was ‘n aangename skouspel vir die vors van duisternis. Een van die demone het verklaar “Legio is my naam, want ons is baie.” (Mark 5:9). In die Romeinse leer het ‘n legioen uit drie- tot vyfduisend man bestaan. Satan se leërskare was ook in groepe opgestel en die groep waartoe hierdie demone behoort het, was nie minder as ‘n legioen nie.

Op bevel van Jesus het die bose geeste hul slagoffers verlaat 515
en hulle het rustig aan die voete van die Heiland gaan sit,

ingetoë intelligent en sagmoedig. Maar die demone is toegelaat om in ’n trop varke in te vaar en hulle in die see te jaag; en vir die inwoners van Gádara was die verlies van die varke swaarder as die seëninge wat Christus gegee het en die Goddelike Geneesheer is versoek om die plek te verlaat. Dit was die presiese uitwerking wat Satan wou sien gebeur. Deur die skuld van hulle verlies aan Jesus toe te skryf, het hy die selfsugtige vrese van die mense gewek en hulle verhinder om na Sy woorde te luister. Satan beskuldig Christene voortdurend as die oorsaak van verlies, ongeluk en lyding, in plaas daarvan om die smaad te plaas waar dit hoort – op homself en sy werkkragte.

Maar die doel van Christus is nie gedwarsboom nie. Hy het die bose geeste toegelaat om die trop varke te vernietig as ‘n teregwysing vir die Jode wat hierdie onrein diere ter wille van wins geteel het. As Christus nie die demone in beteuel het nie, sou hulle nie net die varke nie, maar ook die oppassers en eienaars in die see laat stort het. Die beskerming van sowel die oppassers as die eienaars was aan Sy mag alleen te danke, wat in barmhartigheid vir hulle verlossing uitgeoefen is. Verder, is hierdie gebeurtenis toegelaat sodat die dissipels die wrede mag van Satan oor mens en dier kon aanskou. Die Verlosser wou hê dat sy volgelinge kennis moes dra van die vyand wat hulle sou teëkom, sodat hulle nie deur sy planne mislei en oorwin sou word nie. Dit was ook Sy wil dat die inwoners van daardie streek Sy mag om die slawerny van Satan te verbreek en sy gevangenes vry te laat, moes aanskou. En hoewel Jesus self weggegaan het, het die manne wat so wonderbaarlik verlos is, agtergebly om van die genade van hulle Weldoener te getuig.

Ander voorvalle van soortgelyke aard is in die Skrif 516
opgeteken: 'n Siro-Feniciese vrou wie se dogter erg deur 'n demoon geteister was, wat Jesus deur Sy woord verdryf het; (Mark 7:26-30). 'n “...duiwelbesetene wat blind en stom was...” (Matt. 12:22); ‘n “...seun wat 'n stomme gees het...” wat hom soms “...in die vuur en in die water gegooi [het] om hom dood te maak...” (Mark 9:17-27); die besetene wat deur 'n “...gees

van ‘n onreine duiwel” gepynig is (Luk 4:33-36), wat die stilte van die Sabbat in die sinagoge in Kapernaum versteur het — almal is deur die medelydende Verlosser genees. In byna elke geval het Christus die demoon as ‘n intelligente entiteit aangespreek en hom beveel om uit sy slagoffer te gaan en hom nie langer te pynig nie. Die aanbidders in Kapérnaüm wat die openbaring van Sy mag aanskou het, was almal verbaas en het onder mekaar gepraat en gesê: “Wat vir ‘n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied en hulle gaan uit!” (Luk 4:36).

Diegene wat met demone besete was, word gewoonlik voorgestel dat hulle in 'n toestand van groot lyding verkeer het; tog was daar ook uitsonderings op hierdie reël. Ter wille van die verkryging van bonatuurlike mag, het sommige die sataniese invloed verwelkom. Hulle het natuurlik geen konflik met die demone gehad nie. Onder hierdie klas was daar diegene wat 'n gees van waarsêery besit het, soos Simon Magus, Elimas die towenaar en die meisie wat Paulus en Silas in Filippi agtervolg het.

Niemand loop groter gevaar vir die invloed van bose geeste as diegene wat, ondanks die duidelike en ruim getuienis van die Skrifte, die bestaan en outoriteit van die duiwel en sy engele ontken nie. Solank as ons onkundig is aangaande hulle listigheid, het hulle 'n byna ondenkbare voordeel; baie skenk aandag aan hulle voorstelle, terwyl hulle onder die indruk verkeer dat hulle die voorskrifte van hul eie wysheid volg. Dit is die rede waarom, terwyl ons die einde van die tyd nader, wanneer Satan met die grootste krag te werk gaan om te bedrieg en te vernietig, hy die oortuiging versprei dat hy nie bestaan nie. Dit is sy beleid om homself en sy werkswyse te verberg.

Daar is niks wat die groot bedrieër so vrees, as dat ons kennis van sy bedrog sal opdoen nie. Om sy ware karakter en voornemens te verdoesel, het hy homself so vertoon dat hy

geen sterker emosie as bespotting of minagting opwek nie. Hy is tevrede om as 'n belaglike of afskuwelike voorwerp, misvormd, half dierlik en half menslik geskilder te word. Dit behaag hom as sy naam in ligsinnigheid en bespotting deur diegene wat hulself as intelligent en goed ingelig beskou gebruik word.

Dit is omdat hy homself met volmaakte vaardigheid vermom 517
het dat die vraag so algemeen gevra word: "Bestaan daar regtig so 'n wese?" Dit is 'n bewys van sy sukses dat teorieë wat die duidelike verklaring van die Skrifte verloën, so algemeen in die godsdienstige wêreld aanvaar word. En dit is omdat Satan die gemoedere van diegene wat onbewus van sy invloed is, so maklik kan beheer, dat die Woord van God ons soveel voorbeelde van sy kwaadwillige werk gee, wat sy geheime kragte aan ons openbaar en ons sodoende op ons hoede vir sy aanvalle stel.

Die mag en kwaadwilligheid van Satan en sy leërskare kan ons tereg verskrik as ons nie skuiling en verlossing in die superieure mag van ons Verlosser vind nie. Ons beveilig ons huise sorgvuldig met boute en slotte om ons eiendom en ons lewens teen bose mense te beskerm; maar ons dink selde aan die bose engele wat voortdurend toegang tot ons soek en teen wie se aanvalle ons geen verdedigingsmeganisme het nie. As hulle toegelaat word, kan hulle ons kranksinnig maak, ons liggame wanordelike maak en teister en ons besittings en ons lewens vernietig. Hulle enigste behae vind hulle in ellende en vernietiging. Vreeslik is die toestand van diegene wat die Goddelike aansprake weerstaan en toegee aan Satan se versoekings, totdat God hulle uiteindelik aan die beheer van bose geeste oorlaat. Maar diegene wat Christus volg, is altyd veilig onder sy wakende toesig. Engele wat oortref in krag, word uit die hemel gestuur om hulle te beskerm. Die bose een kan nie deur die wag wat God oor sy volk opgestel het, dring nie.

Hoofstuk 32 518

# Strikke van Satan

Die groot stryd tussen Christus en Satan wat al byna sesduisend jaar voortduur, sal binnekort tot 'n einde kom; en die bose een verdubbel sy pogings om die werk van Christus ten behoewe van die mens te verydel en om siele in sy strikke te vang. Sy doel wat hy wil bereik is om die mense in duisternis en onboetvaardigheid te hou totdat die Redder se bemiddeling beëindig is en daar nie meer 'n soenoffer vir sonde is nie.

Wanneer daar geen spesiale poging aangewend word om sy mag te weerstaan nie en wanneer daar onverskilligheid in die kerk en in die wêreld heers, is Satan nie bekommerd nie; want hy loop geen gevaar om diegene wat hy na sy wil gevange neem te verloor nie. Maar wanneer die aandag op die ewige dinge gevestig word en siele vra: “Wat moet ek doen om gered te word?” (Hand 16:30), is hy op sy pos en probeer om sy krag teen die krag van Christus te meet en die invloed van die Heilige Gees teë te werk.

Die Skrifte verklaar dat Satan een keer, toe die engele van 519
God by Hom gekom het om hulle voor die Here te stel (Job 1:6), ook onder hulle was, nie om voor die Ewige Koning neer te buig nie, maar om sy eie kwaadwillige voornemens teen die regverdiges te bevorder. Hy is met dieselfde doel teenwoordig wanneer mense saamkom om God te aanbid. Hoewel hy onsigbaar is, werk hy met alle ywer om die verstand van die aanbidders te beheer. Soos ‘n vaardige generaal, beplan hy sy strategie vooraf. Wanneer hy sien dat die boodskapper van God die Skrifte ondersoek, neem hy kennis van die onderwerp wat aan die mense voorgehou gaan word. Dan gebruik hy al sy sluheid en slinksheid om die omstandige te beheer, sodat die boodskap moontlik nie diegene wat hy op daardie spesifieke punt mislei, bereik nie. Die persoon wat die waarskuwing die meeste nodig het, sal aangehits word om sy aandag aan die een

of ander besigheidstransaksie wat sy aandag vereis te bestee, of op enige ander manier verhinder word om die woorde wat vir hom ‘n reuk tot die lewe kan wees te hoor.

Dan weer sien Satan knegte van die Here belas as gevolg van die geestelike duisternis wat die mense omhul. Hy hoor hulle ernstige gebede vir Goddelike genade om die hipnose van onverskilligheid, sorgloosheid en lusteloosheid te verbreek. Dan beoefen hy sy lis met hernieude ywer. Hy verlei mense om te swig voor eetlus of na 'n ander vorm van selfbevrediging en verdoof sodoende hulle sinne sodat hulle nie die dinge wat hulle die nodigste het om te leer, kan hoor nie.

Satan weet goed dat almal wat hy kan lei om gebed en ondersoek van die Skrif te verwaarloos, voor sy aanvalle sal swig. Daarom bedink hy allerhande moontlike werkinge om die verstand in beslag te neem. Daar was nog altyd 'n klas wat 'n skyn van godsdiens bely en wat, in plaas van die waarheid na te jaag, dit hulle geloof maak om een of ander fout van karakter of geloof te vind by diegene met wie hulle nie saamstem nie. Sulke mense is Satan se handlangers. Daar is baie wat die broeders beskuldig en hulle is altyd bedrywig wanneer God werk en wanneer Sy dienaars eer aan Hom betoon. Hulle sal aan die woorde en dade van diegene wat die waarheid liefhet en gehoorsaam, 'n valse uitleg gee. Hulle sal die ernstigste, ywerigste en mees selfverloënende diensknegte van Christus as mislei of as bedrieërs voorhou. Dit is hulle werk om die motiewe agter elke opregte en edele daad as vals voor te stel, om insinuasies te versprei en agterdog by die onervares te wek. Op elke denkbare manier sal hulle probeer om dit wat rein en regverdig is, as vuil en bedrieglik te beskou.

Maar niemand hoef aangaande hulle mislei te word nie. 520
Daar kan maklik gesien word wie se kinders hulle is, wie se voorbeeld hulle volg en wie se werk hulle doen. “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.” (Matt 7:16). Hulle werk stem ooreen

met die van Satan, die giftige lasteraar, "...die aanklaer van ons broeders." (Openb 12:10).

Die groot bedrieër het baie werkkragte wat gereed is om enige en elke soort dwaalleer aan te bied om siele te verstrik — ketterye wat volgens verskillende voorkeure en vermoëns van diegene wat hy wil vernietig, voorberei is. Dit is sy plan om onopregte en onwedergebore elemente in die kerk in te bring, wat twyfel en ongeloof sal aanmoedig en almal wat begeer om die werk van God te sien vorder en dit te bevorder, sal belemmer. Baie wat nie werklike vertroue in God of Sy Woord het nie, stem saam met sommige van die beginsels van waarheid en gaan deur as Christene en so word hulle bemagtig om hul dwalinge as skriftuurlike leerstellings aan te bied.

Die stelling dat dit wat 'n mens glo geen gevolge het nie, is een van Satan se suksesvolste misleidings. Hy weet dat die waarheid wat in liefde ontvang is, die siel van die ontvanger heilig; daarom is hy voortdurend besig om dit met valse teorieë, versinsels, of 'n ander evangelie te vervang. Van die begin af het die diensknegte van God teen valse leraars gestry, nie alleen omdat hulle bose mense was nie, maar ook omdat hulle valshede wat noodlottig vir die siel is verkondig het. Elia, Jeremia en Paulus het diegene wat mense van die Woord van God afgewend het, onwrikbaar en onbevrees teëgestaan. Die vryheid wat die ware geloof as onbelangrik beskou, is nie gunstig deur die heilige verdedigers van die waarheid aanvaar nie.

Die vae en fantasie-verklarings van die Skrif en die vele teenstrydige teorieë aangaande godsdienstige geloof wat in die Christen-wêreld aangetref word, is die werk van ons groot teëstander om die verstand van mense te verwar sodat hulle nie die waarheid kan onderskei nie. En die onenigheid en verdeeldheid tussen die kerke van die Christendom, is grootliks te danke aan die heersende gebruik om die Skrif te verdraai om 'n gunsteling teorie te ondersteun. In plaas daarvan om God se

Woord noukeurig met nederigheid van hart te bestudeer, om kennis van Sy wil op te doen, streef baie mense om iets vreemds of oorspronkliks te ontdek.

Met die doel om verkeerde leerstellings of onchristelike praktyke te handhaaf, sal sommige die teksgedeeltes van die Skrif wat uit konteks geneem is gebruik en miskien die helfte van 'n enkele vers aanhaal, om te bewys dat dit die punt is, wanneer die oorblywende gedeelte die teenoorgestelde beteken. Met die sluheid van die slang versteek hulle hulself agter uitsprake wat uit verband geneem is, om hul vleeslike begeertes te pas. So verdraai baie mense die Woord van God. Ander, wat 'n sterk aktiewe verbeelding het, gryp die figure en simbole van die Heilige Skrif aan en vertolk dit volgens hul verbeelding, met min aandag aan die getuienis van die Skrif as sy eie tolk en dan stel hulle hul vaaghede voor as die leer van die Bybel. 521

Wanneer die studie van die Skrif sonder 'n biddende, nederige, leerbare gees aangepak word, sal die duidelikste en eenvoudigste, sowel as die moeilikste gedeeltes, van hul ware betekenis ontneem word. Die pouslike leiers kies die gedeeltes uit die Skrif wat hul doel die beste bevredig, vertolk dit om hulleself te pas en lê dit dan aan die volk voor, terwyl hulle hul van die voorreg ontneem om die Bybel te bestudeer en die heilige waarhede daarvan vir hulself te verstaan. Die hele Bybel moet aan die mense gegee word net soos dit lees. Dit sou beter vir hulle beter wees om geen Bybelse onderrig te ontvang nie, as om in so 'n wanvoorstelling daarvan onderrig te word.

Die Bybel is ontwerp om as riglyn vir almal wat die wil van hul Skepper wil leer ken, te dien. God het aan die mens die seker woord van profesie gegee; engele, en Christus self het gekom om aan Daniël en Johannes die dinge te openbaar wat binnekort moet gebeur. Daardie belangrike aangeleenthede aangaande ons redding, is nie in verborgenheid gehul nie. Hulle is nie op 'n wyse geopenbaar wat 'n eerlike soeker na waarheid

sal verwar of mislei nie. Die Here het aan die profeet Habakuk gesê: “Skryf die gesig op en graveer dit op tafels, sodat hulle dit in die verbygaan kan lees.” (Hab 2:2). Die Woord van God is duidelik vir almal wat dit met ‘n biddende hart bestudeer. Elke opregte siel sal na die lig van die waarheid kom. “Die lig is vir die regverdige gesaai...” (Ps 97:11) en geen kerk kan in heiligheid vorder nie, tensy sy lidmate ernstig na die waarheid soek soos na verborge skatte.

Deur die uitroep, “onbekrompenheid”, word mense vir die 522
werkinge van hulle teëstander verblind, terwyl hy voortdurend besig is om geleidelik sy doel te bereik. Namate hy daarin slaag om die Bybel met menslike bespiegelinge te verdring, word die wet van God tersyde gestel en verkeer die kerke in slawerny, terwyl hulle daarop aanspraak maak dat hulle vry is.

Vir baie het wetenskaplike navorsing ‘n vloek geword. God het toegelaat dat ‘n vloed van lig oor die wêreld uitgestort word in wetenskaplike ontdekkings en kuns; maar selfs die grootste denkers, as hulle nie deur die Woord van God in hul navorsing gelei word nie, raak die pad byster in hul pogings om die verhouding tussen wetenskap en openbaring te ondersoek.

Menslike kennis van sowel materiële as geestelike dinge, is gedeeltelik en onvolmaak; daarom is baie nie in staat om hul siening van die wetenskap met die uitsprake van die Skrif te laat ooreenstem nie. Baie aanvaar blote teorieë en bespiegelings as wetenskaplike feite en hulle meen dat die Woord van God aan die leerstellings van “...die valslik sogenaamde kennis...” (1 Tim 6:20) getoets moet word. Die Skepper en Sy werke gaan hul begrip te bowe; en omdat hulle dit nie deur natuurwette kan verklaar nie, word die geskiedenis van die Bybel as onbetroubaar beskou. Diegene wat aan die betroubaarheid van die verslae van die Ou- en Nuwe Testament twyfel, gaan dikwels ‘n stap verder en hulle betwyfel die bestaan van God en skryf Goddelike krag aan die natuur toe. Omdat hulle hul anker

losgelaat het, word hulle gelaat om op die rotse van ontrou verpletter te word.

So dwaal baie van die geloof af en word hulle deur die duiwel verlei. Mense het gepoog om slimmer as hul Skepper te wees; menslike filosofie het gepoog om verborgenhede wat nooit geopenbaar sal word nie, na te speur en te verklaar. As mense maar net ondersoek wil instel en verstaan wat God wel van Homself en sy voornemens bekend gemaak het, sou hulle so ‘n siening van die heerlikheid, majesteit en mag van Jehova kry dat hulle hul eie nietigheid sou besef en tevrede sou wees met wat aan hulself en hul kinders geopenbaar is.

Dit is 'n meesterstuk van Satan se misleidings om mense aan 523
te spoor om na te speur en aannames te maak aangaande dit wat God nie bekend gemaak het nie en wat nie Sy voorneme was dat ons dit sal verstaan nie. Dit is op hierdie wyse wat Lucifer sy posisie in die hemel verloor het. Hy het ontevrede geraak omdat al die verborgenhede van God se voornemens nie aan hom toevertrou is nie en hy het die dinge wat in verband met sy eie werk geopenbaar is en die hoë posisie wat hy beklee het, heeltemal verontagsaam. Deur dieselfde ontevredenheid by die engele onder sy bevel te wek, het hy hulle val veroorsaak. Tans poog hy om mense met dieselfde gees te besiel en hulle te lei om die regstreekse opdragte van God te verontagsaam.

Diegene wat onwillig is om die duidelike, snydende waarhede van die Bybel te aanvaar, is voortdurend op soek na gunstige fabels wat die gewete sal stil. Hoe minder geestelik, selfverloënend en nederig die leerstellings is, hoe gunstiger word hulle aanvaar. Hierdie mense verlaag hulle intellektuele krag om hul vleeslike begeertes te dien. Te slim in hul eie verwaandheid om die Skrif met ootmoed van die siel en ernstige gebed vir Goddelike leiding te deursoek, het hulle geen beskerming teen bedrog nie. Satan is gereed om in die begeertes van die hart te voorsien en hy sal sy bedrieglike misleidings in die plek van die waarheid aan hulle afsmeer. Dit

was op hierdie wyse dat die pousdom sy mag oor die verstand van die mense verkry het; en deur die waarheid te verwerp omdat dit ‘n kruis behels, volg Protestante dieselfde weg. Almal wat nalaat om die Woord van God terwille van gemak en beleid te bestudeer, sodat hulle nie in stryd met die wêreld verkeer nie, sal oorgelaat word om verdoemende dwaalleringe vir godsdienstige waarheid te ontvang. Alle denkbare vorms van dwaling sal deur diegene wat die waarheid opsetlik verwerp, aanvaar word. Hy wat met afgryse na een misleiding kyk, sal geredelik 'n ander aanvaar. Die apostel Paulus praat van diegene wat nie die liefde vir die waarheid ontvang het om gered te word nie en verklaar: “Daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.” (2 Thes 2:10-12). Met so ‘n waarskuwing voor ons, is dit noodsaaklik om op ons hoede te wees aangaande leerstellings wat ons aanvaar.

Onder die suksesvolste werkinge van die groot bedrieër, is 524
die misleidende leerstellings en leuenagtige wonders van spiritisme. Vermom as 'n engel van lig, sprei hy sy nette oop waar dit die minste verwag word. As mense maar die Boek van God biddend wou bestudeer om dit te verstaan, sou hulle nie in die duisternis gelaat word om valse leerstellings te ontvang nie. Maar omdat hulle die waarheid verwerp, val hulle prooi vir misleiding.

Nog 'n gevaarlike dwaling is die leerstelling wat die Godheid van Christus ontken en beweer dat Hy nie voor Sy koms na hierdie wêreld bestaan het nie. Hierdie teorie word gunstig deur ‘n groot groep aanvaar wat beweer dat hulle die Bybel glo; tog weerspreek dit regstreeks die duidelikste uitsprake van ons Verlosser aangaande Sy verhouding met die Vader, Sy Goddelike karakter en Sy voorbestaan. So ‘n leerstelling kan nie oorweeg word sonder om in die mees ongeregverdigde stryd met die Skrif te verkeer nie. Dit verlaag nie net die mens se opvattings aangaande die verlossingswerk nie, maar ondermyn

die geloof in die Bybel as 'n openbaring van God. Terwyl dit toenemende gevaar inhou, word dit ook moeiliker om te weerlê. As mense die getuienis van die geïnspireerde Skrif aangaande die Godheid van Christus verwerp, is dit tevergeefs om met hulle oor die saak te redeneer, want geen argument, hoe afdoende ook al, sal hulle oortuig nie. "Die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word." (1 Kor 2:14). Niemand wat hierdie dwaling aanhang, kan 'n ware opvatting van die karakter of die sending van Christus, of van die groot plan van God vir die verlossing van die mens hê nie.

Nog 'n subtiele en onheilige dwaling is die vinnig-toenemende oortuiging dat Satan nie as persoonlike wese bestaan nie; dat die naam bloot in die Skrif gebruik word om mense se bose gedagtes en begeertes voor te stel.

Die lering wat so wyd vanaf gewilde kansels verkondig word, 525
naamlik dat die tweede koms van Christus, Sy koms na elke individu by sy dood is, is 'n werktuig om mense se aandag van Sy persoonlike koms op die wolke van die hemel weg te lei. Satan verklaar al jare lank: "Kyk, Hy is in die binnekamer..." en baie siele het verlore gegaan deur hierdie misleiding te aanvaar. (Matt 24:23-26).

Wêreldse wysheid leer ook dat gebed nie nodig is nie. Wetenskaplikes beweer dat daar geen werklike antwoord op gebed kan wees nie; dat dit 'n oortreding van die wet sou wees, 'n wonderwerk en dat wonderwerke nie bestaan nie. Die heelal, sê hulle, word deur vaste wette beheer en selfs God doen niks in stryd met hierdie wette nie. Hulle stel God dus voor as iemand wat deur Sy eie wette gebind is — asof die werking van Goddelike wette, Goddelike vryheid kan uitsluit. Sulke leringe is in stryd met die getuienis van die Skrif. Het Christus en Sy apostels nie wonderwerke verrig nie? Dieselfde ontfermende Verlosser leef vandag en Hy is net so gewillig om die gebed van

geloof te verhoor soos toe Hy sigbaar tussen mense gewandel het. Die natuurlike werk saam met die bonatuurlike. Dit is deel van God se plan om aan ons, in antwoord op gebed in geloof, daardie dinge te gee wat Hy nie sou gegee het as ons nie daarvoor gevra het nie.

Talryke foutiewe leerstellings en fabelagtige idees word in die kerke van die Christendom aangetref. Dit is onmoontlik om die skade te bereken wat ontstaan as een van die bakens wat deur die Woord van God vasgestel is, verwyder word. Min van hulle wat dit waag, hou by die verwerping van 'n enkele waarheid op. Die meerderheid gaan voort om die beginsels van die waarheid een na die ander ter syde te stel, totdat hulle werklik ongelowig word.

Die dwalings van gewilde teologie het menige siel wat andersins in die Skrif sou kon glo, tot skeptisisme gedryf. Dit is vir hom onmoontlik om leerstellings te aanvaar wat sy sin vir regverdigheid, barmhartigheid en welwillendheid omvergooi; en omdat dit as Bybelse leerstellings voorgehou word, weier hy om dit as die Woord van God te aanvaar.

En dit is die doel wat Satan wil bereik. Daar is niks wat hy 526
meer begeer as om vertroue in God en Sy Woord te vernietig nie. Satan staan aan die hoof van ‘n groot leër van twyfelaars en hy werk met alle mag om siele tot sy geledere te mislei. Dit word die mode om te twyfel. Daar is ‘n groot groep wat die Woord van God met dieselfde wantroue bejeën as wat hulle die Outeur daarvan bejeën, omdat dit sondes bestraf en veroordeel. Diegene wat onwillig is om aan die vereistes van die Woord te voldoen, probeer om die gesag daarvan te ondermyn. Hulle lees die Bybel, of luister na die leringe soos dit vanaf die kansel aangebied word, bloot om fout met die Skrif of die preek te vind. Menige word ongelowig deur hulself vir hul pligsversuim te regverdig of te verskoon. Ander neem skeptiese beginsels uit trots en traagheid aan. Omdat hulle te gemaklik is om hulself te onderskei deur enigiets van waarde wat moeite

en selfverloëning verg, te bereik, streef hulle daarna om 'n reputasie vir voortreflike wysheid te verwerf deur die Bybel te kritiseer. Daar is baie wat magteloos is om die verganklike verstand, onverlig deur Goddelike wysheid, te verstaan; en skep hulle 'n geleentheid om te kritiseer. Daar is baie wat blykbaar voel dat dit ‘n deug is om aan die kant van ongeloof, skeptisisme en ontrouheid te staan. Maar agter die skyn van openhartigheid sal gevind word dat sulke persone deur selfvertroue en trots geaktiveer word. Baie skep behae daarin om iets in die Skrif te ontdek wat die verstand van ander te bowe gaan. Sommige kritiseer aanvanklik en redeneer aan die verkeerde kant, bloot uit strydgierigheid. Hulle besef nie dat hulle hulself daardeur in die strikke van die voëlvanger verstrengel nie. Maar nadat hulle hul ongeloof openlik uitgespreek het, voel hulle dat hulle hul posisie moet handhaaf. Sodoende verenig hulle met die goddelose en sluit hulle die poorte van die paradys vir hulself.

God het voldoende bewys vir die Goddelike karakter van Sy 527
Woord gelewer. Die groot waarhede aangaande ons verlossing word duidelik uiteengesit. Met behulp van die Heilige Gees wat aan almal wat in opregtheid daarna soek beloof word, kan elkeen hierdie waarhede self verstaan. God het aan die mens ‘n sterk fondament gegee waarop hulle hul geloof kan berus.

Tog is die verganklike verstand van die mens nie in staat om die planne en doel van die Oneindige ten volle te begryp nie. Ons kan nooit die wysheid van God deurgrond nie. Ons moenie op aanmatigende wyse probeer om die gordyn waaragter God Sy majesteit bedek weg te trek nie. Die apostel roep uit: “O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is Sy oordele en onnaspeurlik Sy weë!” (Rom 11:33). Ons kan genoeg van Sy handelinge met ons begryp en die motiewe wat Hom beweeg, sodat ons Sy grenslose liefde en barmhartigheid, met ewige krag verenig, kan sien. Ons hemelse Vader beveel alles in wysheid en geregtigheid en ons moenie

ontevrede en wantrouig wees nie, maar in eerbiedige onderdanigheid neerbuig. Hy sal soveel van Sy voornemens aan ons openbaar wat goed vir ons is om te weet en vir die res moet ons die Hand wat almagtig is en die Hart vol liefde vertrou.

Terwyl God voldoende bewyse vir geloof gelewer het, sal Hy nooit enige verskoning vir ongeloof verwyder nie. Almal wat soek na hakies om hul twyfel aan op te hang, sal dit vind. En diegene wat weier om die Woord van God te aanvaar en te gehoorsaam totdat elke beswaar uit die weg geruim is en daar geen grond vir twyfel meer is nie, sal nooit tot die lig kom nie.

Wantroue in God is die natuurlike uitvloeisel van die onhernieude hart wat in vyandskap met Hom verkeer. Maar geloof word deur die Heilige Gees ingegee en dit sal, in verhouding tot die mate waarmee dit gekoester word, toeneem. Geen mens kan in sy geloof versterk word sonder 'n vasberade poging nie. Ongeloof versterk namate dit aangemoedig word; en as mense, in plaas van by die bewyse wat God gelewer het om hul geloof te handhaaf stilstaan, hulself toelaat om te bevraagteken en fout te vind, sal hul twyfel voortdurend meer bevestig word.

Maar diegene wat aan God se beloftes twyfel en die 528
versekering van Sy genade wantrou, doen Hom oneer aan; en hul invloed, in plaas daarvan om ander na Christus te trek, sal geneig wees om hulle van Hom af te weer. Hulle is onvrugbare bome wat hulle donker takke wyd en syd uitsprei, die sonlig van ander plante wegkeer en in die koue skaduwee laat verwelk en doodgaan. Die werk van sulke persone sal ‘n ewige getuienis teen hulle wees. Hulle saai saad van twyfel en skeptisisme wat ‘n onfeilbare oes sal oplewer.

Daar is net een weg vir diegene wat eerlik begeer om van alle twyfel bevry te word. In plaas daarvan om te twyfel oor wat hulle nie verstaan nie, moet hulle let op die lig wat reeds op hulle skyn en hulle sal groter lig ontvang. Laat hulle elke plig nakom wat aan hulle begrip duidelik gemaak is en hulle sal in

staat gestel word om die pligte waaroor hulle tans twyfel te verstaan en uit te voer.

Satan kan 'n namaaksel wat so baie soos die waarheid lyk voorlê, dat dit diegene wat bereid is om mislei te word, wat die selfverloëning en opoffering wat deur die waarheid geëis word wil vermy, te mislei; maar dit is onmoontlik vir hom om een siel wat eerlik, teen elke prys, begerig is om die waarheid te ken, in sy mag te hou. Christus is die Waarheid en die Lig en "...die waaragtige Lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld." (Joh 1:9). Die Gees van waarheid is gestuur om mense in die hele waarheid te lei. En op gesag van die Seun van God word verklaar: "Soek en julle sal vind ... As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy omtrent die leer weet of dit uit God is en of Ek uit Myself spreek." (Mat 7:7; Joh 7:17).

Die volgelinge van Christus weet min van die komplotte wat Satan en sy leërskare teen hulle smee. Maar Hy wat in die hemel is, sal al hierdie werkkragte oorheers om Sy verhewe planne te bewerkstellig. Die Here laat toe dat Sy volk aan die vuurproef van versoeking onderwerp word, nie omdat Hy behae skep in hul ellende en verdrukking nie, maar omdat hierdie proses noodsaaklik vir hul finale oorwinning is. Hy kan nie, konsekwent met Sy eie heerlikheid, hulle teen versoeking beskerm nie; want die doel van beproewing is juis om hulle voor te berei om die verloklikheid van die bose te weerstaan.

Geen bose mense of duiwels kan die werk van God 529
belemmer of Sy teenwoordigheid van Sy volk uitsluit nie, as hulle met onderworpe en verslae harte hulle sondes bely en versaak en in geloof Sy beloftes opeis nie. Elke versoeking, elke teenstrydige invloed, openlik of heimlik, kan met sukses weerstaan word, "...nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê die Here van die leërskare." (Sag 4:6).

"Want die oë van die Here is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed... En wie is dit wat julle kwaad sal aandoen as julle navolgers is van die goeie?" (1 Pet 3:12,13). Toe Bíleam, deur

die belofte van 'n ryk beloning verlei is om towery teen Israel te beoefen en deur offers aan die Here gepoog het om 'n vloek oor Sy volk uit te spreek, het die Gees van God hom die kwaad wat hy graag wou uitspreek verbied en Bíleam moes noodgedwonge uitroep: “Hoe sal ek vloek wie God nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie die Here nie verwens nie?” ... “Laat my sterwe die dood van die opregtes, en laat my einde soos syne wees!” Nadat hy weer 'n offer gebring het, het die goddelose profeet verklaar: “Kyk, ek het ontvang om te seën; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie. ‘n Mens aanskou geen ongeregtigheid in Jakob en sien geen onheil in Israel nie. Die Here sy God is met hom en die gejubel tot eer van die Koning is by hom ... Want daar is geen towery teen Jakob of waarsêery teen Israel nie. Nou sal van Jakob en van Israel gesê word wat God gedoen het.” Nog ‘n derde keer is altare opgerig en weer het Bíleam onderneem om ‘n vloek uit te spreek. Maar uit die onwillige lippe van die profeet het die Gees van God voorspoed vir Sy uitverkorenes uitgespreek en die dwaasheid en kwaadwilligheid van hulle vyande bestraf. “Geseënd is hulle wat jou seën en vervloek is hulle wat jou vervloek.” (Num 23:8,10,20,21,23;24:9).

Die volk van Israel was in hierdie tyd lojaal aan God; en 530
solank as wat hulle Sy wet gehoorsaam het, kon geen mag op aarde of die hel teen hulle seëvier nie. Maar die vloek wat Bíleam nie toegelaat was om teen die volk van God uit te spreek nie, het hy uiteindelik verkry deur hulle tot sonde te verlei. Toe hulle die gebooie van God oortree het, het hulle hulself van Hom geskei en hulle is gelaat om die mag van die verwoester te ervaar.

Satan is deeglik daarvan bewus dat die swakste siel wat in Christus bly, meer as opgewasse is teen die leërskare van die duisternis en dat, indien hy homself openlik sou openbaar, hy weerstaan sal word. Daarom wil hy die soldate van die kruis van hul sterk Vesting wegtrek, terwyl hy met sy magte gereed in 'n hinderlaag lê om almal wat hulle op sy terrein bevind te

vernietig. Slegs in nederige vertroue in God en gehoorsaamheid aan al Sy gebooie, kan ons veilig wees.

Hoofstuk 33 531

# Die Eerste Groot Misleiding

Sedert die vroegste geskiedenis van die mens het Satan gepoog om ons ras te mislei. Hy wat opstand in die hemel aangehits het, was begerig om die bewoners van die aarde te laat saamwerk in sy oorlogvoering teen die regering van God. Adam en Eva was volkome gelukkig in hul gehoorsaamheid aan die wet van God en hierdie feit was 'n konstante getuienis teen die bewering wat Satan in die hemel aangespoor het, dat die wet van God onderdrukkend was en teen die welsyn van Sy skepsels was. En verder was Satan se afguns aangewakker toe hy die pragtige tuiste aanskou wat vir die sondelose paar voorberei is. Hy het besluit om hulle tot ‘n val te bring, sodat, nadat hy hulle van God geskei en hulle onder sy mag gebring het, hy die aarde in besit sou kon neem en sy koninkryk hier in opposisie met die Allerhoogste kon vestig.

Indien Satan homself in sy ware karakter geopenbaar het, 532
sou hy afgeweer gewees het, want Adam en Eva was teen hierdie gevaarlike vyand gewaarsku; maar hy het in die donker gewerk, sy ware doel verberg, sodat hy sy doel beter kon bereik. Hy het die slang, 'n medium met 'n boeiende voorkoms as medium gebruik, homself tot Eva gewend en gesê: “Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?” (Gen 3:1). As Eva geweier het om met die versoeker te praat, sou sy veilig gewees het; maar sy het dit gewaag om met hom 'n gesprek aan te knoop en 'n slagoffer van sy listigheid geword. So word baie steeds oorwin. Hulle twyfel en redeneer oor die vereistes van God; en in plaas daarvan om die goddelike opdragte te gehoorsaam, aanvaar hulle menslike teorieë wat slegs die werktuie van Satan verdoesel.

“En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag

daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.” (Gen 3:2-5). Hy het verklaar dat hulle soos God sou word, met groter wysheid as voorheen en dat hulle in staat sou wees om 'n hoër toestand van bestaan te bereik. Eva het toegegee aan die versoeking en deur haar invloed is Adam tot sonde verlei. Hulle het die woorde van die slang geglo, naamlik dat God nie bedoel het wat Hy gesê het nie; hulle het hul Skepper gewantrou gemeen dat Hy hulle vryheid beperk en dat hulle groot wysheid en verheffing sou verkry deur Sy wet te oortree.

Wat het Adam, na sy sonde, gevind was die betekenis van die woorde: “Want die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe”? (Gen 2:17). Het hy gevind dat dit beteken wat Satan hom wysgemaak het, dat hy tot ‘n hoër toestand van bestaan verhef sou wees? Dan sou daar inderdaad baie goed uit die oortreding verkry gewees het en Satan sou as 'n weldoener van die ras bewys gewees het. Maar Adam het gevind dat dit nie die betekenis van die Goddelike woorde was nie. God het verklaar dat die mens, as straf vir sy sonde, tot die stof waaruit hy geneem is, sou terugkeer: “Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.” (Gen 3:19). Die woorde van Satan: “Julle oë sal oopgaan...” (Gen 3:5) was slegs in hierdie sin waar: Nadat Adam en Eva ongehoorsaam aan God was, is hulle oë geopen om hulle dwaasheid te onderskei; hulle het wel die kwaad geken en die bitter vrug van oortreding gesmaak.

In die middel van Eden het die boom van die lewe gegroei, 533
waarvan die vrugte die krag gehad het om die lewe vir ewig te laat voortduur. As Adam aan God gehoorsaam was, sou hy voortgegaan het om vrye toegang tot hierdie boom te geniet en sou hy vir ewig gelewe het. Maar toe hy gesondig het, is hy van toegang tot die boom van die lewe afgesny en hy was aan die dood onderhewig. Die Goddelike woorde: “Want stof is jy, en

tot stof sal jy terugkeer...” (Gen 3:19) wys op volkome uitwissing van lewe.

Onsterflikheid wat aan die mens op voorwaarde van gehoorsaamheid belowe is, is deur oortreding verbeur. Adam kon nie dit wat hy nie besit het, aan sy nageslag oordra nie.; en daar sou geen hoop vir die gevalle mens gewees het as God nie deur die offer van Sy Seun, onsterflikheid binne hul bereik gebring het nie. Terwyl “...die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het...” het Christus “...die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring deur die evangelie.” (Rom 5:12; 2 Tim 1:10). En onsterflikheid kan slegs deur Christus verkry word. Jesus het gesê: “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.” (Joh 3:36). Elke mens mag hierdie onskatbare seën verkry as hy die voorwaardes nakom. Almal “...wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek...” sal die ewige lewe ontvang. (Rom 2:7).

Die enigste een wat aan Adam lewe ten spyte van ongehoorsaamheid belowe het, was die groot bedrieër. En die woorde van die slang aan Eva in Eden: “Julle sal gewis nie sterwe nie”, was die eerste preek wat ooit oor die onsterflikheid van die siel gelewer is. Tog word hierdie verklaring wat uitsluitlik op die gesag van Satan berus, vanaf kansels van die Christendom weerspieël en word deur die meerderheid van die mensdom net so maklik aanvaar, as wat dit deur ons eerste ouers aanvaar is. Die Goddelike woorde: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe...” (Eseg 18:20), is bedoel om te beteken: “Die siel wat sondig, sal nie sterwe nie, maar sal vir ewig lewe.” Ons kan nie anders as om te wonder oor die vreemde voorliefde van mense om so op die woorde van Satan te vertrou en so ongelowig ten opsigte van die woorde van God te wees nie.

As die mens na sy val vrye toegang tot die boom van die lewe 534
gehad het, sou hy vir ewig gelewe het en sonde sou verewig word. Maar gérubs het met "...die swaard wat vlam en flikker ... die toegang tot die boom van die lewe ... bewaak..." (Gen 3:24) en nie een van die nakomelinge van Adam is toegelaat om deur daardie versperring te dring om die lewegewende vrugte te bereik nie. Daarom is daar nie 'n onsterflike sondaar nie.

Maar na die sondeval, het Satan sy engele gebied om 'n spesiale poging aan te wend om geloof in die natuurlike onsterflikheid van die mens in te boesem; en wanneer hulle die mense aangespoor het om hierdie dwaling aan te neem, sou hulle tot die oortuiging gebring word dat sondaars vir ewig in ellende sou voortlewe. Hierdeur het die vors van duisternis wat deur sy werkkragte werk, God as 'n wraaksugtige tiran voorgehou en het hy verklaar dat almal wat Hom nie behaag nie, in die hel gedompel sal word waar hulle vir ewig Sy wraak sou ervaar; en terwyl hulle onuitspreeklike foltering verduur en in die ewige vlamme wriemel, kyk hulle Skepper tevrede op hulle neer.

So ken die aartsvyand sy eie eienskappe aan die Skepper en Weldoener van die mensdom toe. Wreedheid is satanies. God is liefde; en alles wat Hy geskape het, was rein, heilig en lieflik totdat sonde deur die eerste groot rebel ingetree het. Satan self is die vyand, wat die mens tot sonde verlei en hom dan vernietig as hy kan; en wanneer hy seker gemaak het van sy slagoffer, verheug hy hom oor die ondergang wat hy bewerk het. As hy toegelaat sou word, sou hy die ganse ras in sy net vang. As dit nie vir die tussentrede van Goddelike mag was nie, sou nie een seun of dogter van Adam ontsnap het nie.

Satan poog tans om mense te oorwin, soos hy ons eerste 535
ouers oorwin het, deur hul vertroue in hul Skepper te laat wankel en hulle te laat twyfel oor die wysheid van sy regering en die regverdigheid van sy wette. Satan en sy boodskappers God erger as hulleself voor om hulle eie kwaadwilligheid en

opstand te regverdig. Die groot bedrieër poog om sy eie ontsettende wreedheid van karakter op ons hemelse Vader af te skuif, sodat hy homself kan voordoen as een wat baie verontreg is as gevolg van sy uitwerping uit die hemel omdat hy hom nie aan so 'n onregverdige heerser wou onderwerp nie. Hy bied aan die wêreld die vryheid wat hulle onder sy sagte heerskappy mag geniet, in teenstelling met die slawerny en streng verordeninge wat deur Jehova opgelê word. So slaag hy daarin om siele van hul trou aan God weg te lok.

Hoe weersinwekkend vir elke emosie van liefde en genade en selfs vir ons sin vir geregtigheid, is die leerstelling dat die goddelose dooies in 'n ewig brandende hel van vuur en swawel gepynig word; dat vir die sondes van 'n kortstondige aardse bestaan, hulle gepynig moet word vir solank as wat God lewe! Tog is hierdie leerstelling wyd verkondig en word dit steeds in baie van die geloofsbelydenisse van die Christendom bevat. 'n Geleerde doktor in goddelikheid het gesê: "Die gesig van die pyniging in die hel sal die geluk van die heiliges vir ewig verhoog. Wanneer hulle sien hoedat ander van dieselfde natuur en onder dieselfde omstandighede gebore as hulle, sulke ellende ly, terwyl hulle self so bevoorreg is, sal hulle 'n besef van hulle groot geluksaligheid hê." 'n Ander een het die volgende woorde gebesig: "Terwyl die bevel van verwerping vir ewig op die voorwerpe van toorn uitgevoer word, sal die rook van hul pyniging vir ewig opstyg voor die aangesig van die verlostes wat, in stede van meegevoel met hierdie ellendige voorwerpe te toon, uitroep: Amen, Halleluja! Loof die Here!"

Waar word so 'n leerstelling in die bladsye van die Woord van God gevind? Sal die verlostes in die hemel alle emosies van medelye en ontferming en selfs gevoelens van menslikheid verloor het? Moet hierdie eienskappe verruil word vir die onverskilligheid van die stoïsyn of die wreedheid van die barbaar? Nee, glad nie; dit is nie die leer van die Boek van God nie. Diegene wat die sienings in die bostaande aanhalings weergee, is miskien geleerde en selfs eerlike mense, maar hulle

word deur die drogredes van Satan mislei. Hy lei hulle om die sterk taal van die Skrif verkeerd te vertolk en gee aan die taal die kleur van bitterheid en kwaadwilligheid wat op homself van toepassing is, maar wat nie by ons Skepper tuishoort nie. “So waar as Ek leef! spreek die Here HERE: gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe?” (Eseg 33:11).

Watter voordeel sou God daaruit trek as ons sou erken dat 536
Hy behae skep in die oneindige marteling van Sy skepsels; dat dit Hom genot verskaf om die kreune en gille en vervloekings van die gefolterde skepsels wat Hy in die vlamme van die hel hou aan te hoor? Kan hierdie afskuwelike geluide soos musiek in die oor van Oneindige Liefde wees? Daar word aangevoer dat die toediening van eindelose ellende aan die goddelose, God se haat vir sonde wat die vrede en orde van die heelal vernietig, openbaar. O, die verskriklike godslastering! Asof God se haat vir sonde die rede is waarom dit vir ewig moet voortduur. Want volgens die lering van hierdie teoloë maak die onophoudelike marteling, sonder hoop op genade, die rampspoedige slagoffers kranksinnig en namate hulle uiting aan hul woede in vloeke en godslastering uitstort, vermeerder hulle hul skuldlading vir ewig. Die heerlikheid van God word nie verhoog deur sonde voortdurend deur die ewige eeue te laat toeneem en voort te laat gaan nie.

Dit is bo die begrip van die menslike verstand om die kwaad te bereken wat deur die dwaalleer van ewige foltering veroorsaak is! Die godsdiens van die Bybel, vol liefde, goedheid en oorvloedige medelye, word verduister deur bygeloof en beklee met vrees. As ons die valse kleure waarin Satan die karakter van God geskilder het aanskou, kan ons dan nog daaroor wonder dat ons barmhartige Skepper gevrees en selfs gehaat word? Hierdie afgryslike beskouings van God wat oor

die hele wêreld vanaf die kansels versprei word, het duisende, ja, miljoene twyfelaars en ongelowiges tot gevolg gehad.

Die teorie van ewige foltering is een van die valse leerstellings wat deel uitmaak van die wyn van die gruwel van Babilon waarvan sy al die nasies laat drink het. (Openb 14:8;17:2). Waarom predikante van Christus hierdie dwaalleer aanvaar en dit vanaf die kansel verkondig, is inderdaad ‘n raaisel. Hulle het dit van Rome ontvang, toe hulle ook die valse sabbat aanvaar het. Dit is waar, hierdie leerstelling is deur vooraanstaande en vrome manne verkondig; maar die lig aangaande hierdie onderwerp het nie na hulle gekom soos dit na ons gekom het nie. Hulle was slegs verantwoordelik vir die lig wat in hulle tyd geskyn het; ons is verantwoordelik vir die lig wat in ons dag skyn. As ons ons van die getuienis van die Woord van God afwend en valse leerstellings aanvaar omdat ons voorvaders dit geleer het, dan kom ons onder die veroordeling wat oor Babilon uitgespreek is; ons drink die wyn van haar gruwel.

‘n Groot gelid van diegene vir wie die leerstelling van ewige 537
marteling afstootlik is, word tot die teenoorgestelde dwaling gedryf. Hulle sien dat die Skrif God voorstel as ‘n God van liefde en ontferming en hulle kan nie glo dat Hy Sy skepsels aan die vure van ‘n ewig brandende hel sal oorgee nie. Maar omdat hulle van mening is dat die siel van nature onsterflik is, sien hulle geen ander alternatief as om tot die gevolgtrekking te kom dat die ganse mensdom uiteindelik gered sal word nie. Baie beskou die dreigemente van die Bybel slegs as 'n middel om mense uit vrees tot gehoorsaamheid te dwing en dat dit nie letterlik vervul gaan word nie. So 'n leerstelling wat 'n aanname van God se barmhartigheid maak, maar Sy geregtigheid ignoreer, behaag die vleeslike hart en moedig die goddelose in hul ongeregtigheid aan.

Om aan te toon hoe gelowiges in die universele verlossing grepe uit die Skrif neem om hul selfvernietigende dogmas te

steun, is dit slegs nodig om hul eie uitsprake aan te haal. By die begrafnis van 'n jong godsdienstige man, wat op slag in 'n ongeluk gedood is, het 'n predikant wat die leer van universele redding aangehang het, die volgende teks uit die skrif aangehaal waar van Dawid gesê word: "Want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was." (2 Sam 13:39).

"Dikwels word ek gevra..." het die spreker gesê, "...wat sal van diegene word wat hierdie wêreld in sonde verlaat, of miskien in 'n toestand van dronkenskap sterf, of rooi-bevlek van misdaad op hul ongewaste klere, of wat gesterf het soos hierdie jongman wat nooit 'n belydenis van godsdiens gemaak het of 'n ervaring daarvan gehad het nie. Ons is tevrede met die Skrifte; hul antwoord sal hierdie vreesaanjaende vraag beantwoord. Amnon was buitengewoon sondig; hy was onboetvaardig, hy is dronk gemaak en terwyl hy dronk was, is hy gedood. Dawid was 'n profeet van God; hy het moes geweet het of dit goed of sleg vir Amnon in die hiernamaals sou wees. Wat was die begeertes van sy hart? '...die gees van koning Dawid het baie verlang om na Absalom uit te gaan, want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was.' (2 Sam 13:39).

"En wat kan van hierdie woorde afgelei word? Is dit nie dat 538
eindelose lyding geen deel van sy geloofsoortuiging uitmaak nie? Dit is ons mening; en hier ontdek ons 'n triomfantlike argument ter ondersteuning van die meer aanvaarbare, meer verligte en meer welwillende hipotese van uiteindelike universele reinheid en vrede. Hy is getroos, siende dat sy seun dood was. En waarom? Omdat hy met profetiese blik vooruit in die heerlike toekoms kon sien en die seun kon sien, dat hy ver verwyderd van alle versoekings was, vrygemaak van slawerny en gesuiwer van die korrupsie van sonde en nadat hy voldoende geheilig en verlig is, toegelaat is tot die vergadering van vreugdevolle geeste wat opgevaar het. Sy enigste vertroosting was dat sy geliefde seun, nadat hy van die huidige toestand van sonde en lyding weggeneem is, heengegaan het waar die Heilige Gees in sy donker siel uitgestort sou word en

waar sy verstand tot die wysheid van die hemel, asook die verrukking van onsterflike liefde sou ontvou en sodoende, met 'n geheiligde natuur voorberei sou word om die rus en samelewing van die hemelse erfenis te geniet.

“Volgens hierdie gedagtes word ons gelei om te verstaan dat die saligheid van die hemel nie van enigiets wat ons in hierdie lewe kan doen afhanklik is nie; en ook nie van ‘n huidige hartsverandering of huidige geloof of ‘n huidige belydenis van godsdiens nie.”

So het hierdie beweerde dienaar van Christus die valsheid wat die slang in Eden uitgespreek het, herhaal: “Julle sal gewis nie sterwe nie.” (Gen 3:4). “Julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees.” (Gen 3:5). Hy verklaar dat die laagste sondaar — die moordenaar, die dief en die egbreker — na die dood berei sal word om die ewige geluksaligheid te betree.

En waarvan lei hierdie verdraaier van die Skrif sy 539
gevolgtrekkings af? Uit een enkele sin wat Dawid se onderwerping aan die bedeling van die Voorsienigheid uitdruk. Die siel van Dawid “...het baie verlang om na Absalom uit te gaan want hy het homself getroos oor Amnon, dat hy dood was.” (2 Sam 13:39). Omdat die angel van sy hartseer deur tyd versag is, het sy gedagtes van sy gestorwene na sy lewende seun weggedraai, wat uit vrees vir die regverdige straf op sy misdaad homself verban het. En dit is die beweerde bewys dat die besope Amnon, skuldig aan bloedskande, onmiddellik ná sy dood na die oord van geluksaligheid gevoer is, om daar vir gemeenskap met sondelose engele gereinig en voorberei te word! Inderdaad ‘n welgevallige versinsel, bestem om die vleeslike hart te bevredig! Dit is Satan se eie leerstelling en dit werk effektief. Moet ons dan verbaas wees dat goddeloosheid as gevolg van sulke leringe oorvloedig is?

Die koers van hierdie een valse leraar illustreer die koers van baie ander. ‘n Paar woorde uit die Skrif word uit konteks geneem, wat in baie gevalle toon dat die betekenis daarvan

presies die teenoorgestelde vertolking is van wat daarop geplaas is; en sulke onderbroke gedeeltes word verdraai en gebruik as bewys van leerstellings van geen grondslag in die Woord van God het nie. Die getuienis wat aangehaal word as bewys dat die besope Amnon in die hemel is, is 'n blote afleiding wat direk deur die duidelike en positiewe verklaring van die Skrif weerspreek word, dat geen dronkaard die koninkryk van God sal beërwe nie. (1 Kor 6:10.) Dit is op hierdie wyse dat twyfelaars, ongelowiges en skeptici, die waarheid in ‘n leuen verdraai. Menigtes is deur hulle drogredes mislei en het in die wieg van vleeslike veiligheid geslaap.

As dit waar was dat die siele van alle mense direk ná die dood na die hemel gegaan het, sou ons die dood bo die lewe begeer. Baie mense is deur hierdie oortuiging gelei om 'n einde aan hul lewe te maak. Wanneer hulle deur moeilikheid, verwarring en teleurstelling oorweldig word, lyk dit na 'n maklike uitweg om die brose draad van die lewe te knip en weg te sweef in die saligheid van die ewige wêreld.

God het in Sy Woord onweerlegbare bewys gelewer dat Hy 540
die oortreders van Sy wet sal straf. Diegene wat hulle vlei dat Hy te genadig is om reg aan die sondaar te laat geskied, hoef net na die kruis van Golgota te kyk. Die dood van die vlekkelose Seun van God getuig dat die “...loon van die sonde die dood is...” en dat elke oortreding van die wet van God gestraf sal word. Christus, die sondelose, het sonde vir die mens geword. Hy het die skuld van oortreding en die verberging van Sy Vader se aangesig verduur, totdat Sy hart gebreek en Sy lewe verpletter is. Hierdie opoffering is gemaak sodat sondaars verlos kon word. Op geen ander wyse kan die mens van die straf van sonde bevry word nie. En elke siel wat weier om te deel in die versoening wat teen so 'n ontsettende koste voorsien is, moet in sy eie persoon die skuld en die straf van die oortreding dra.

Laat ons kyk na wat die Bybel verder aangaande goddelose en onboetvaardiges leer, wat deur die universalis as heilige gelukkige engele in die hemel geplaas word.

"Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet." (Openb 21:6). Hierdie belofte is slegs vir diegene dors het. Slegs diegene wat hul behoefte aan die water van die lewe ervaar en ten alle koste daarna soek, sal dit ontvang. "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees." (Openb 21:7). Ook hier, word die voorwaardes gespesifiseer. Om alle dinge te beërwe, moet ons die sonde weerstaan en oorwin.

Die Here verklaar deur die profeet Jesaja: "Sê van die regverdige dat dit met hom goed sal gaan ... Wee die goddelose; Met hom gaan dit sleg; want wat sy hande gewerk het, sal hom aangedoen word." (Jes 3:10,11). Die wyse man sê: "...aangesien 'n sondaar honderd maal kwaad doen en hy lank lewe — alhoewel ek weet dat dit goed sal gaan met die wat God vrees, omdat hulle voor Sy aangesig vrees en dit nie goed sal gaan met die goddelose..." nie. (Pred 8:12,13.) En Paulus getuig dat die sondaar vir homself toorn vergader teen die "...dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke ... verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen." (Rom 2:5,6,9).

"Dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of 541
gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie." (Efe 5:5). "Jaag die vrede na met almal en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie." (Heb 12:14). "Salig is die wat Sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen." (Openb 22:14,15).

God het aan die mens ‘n verklaring van Sy karakter en Sy manier om met sonde om te gaan, gegee. “Here, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie.” (Eks 34:6,7). “Hy verdelg al die goddelose ... maar die oortreders word tesame verdelg; die toekoms van die goddelose word afgesny.” (Ps 145:20;37:38). Die mag en gesag van die Goddelike regering sal aangewend word om die opstand te onderdruk; tog sal al die openbarings van vergeldende regverdigheid in volkome ooreenstemming met die karakter van God wees, as ‘n genadige, lankmoedige en weldadige Wese.

God dwing niemand se wil of oordeel af nie. Hy het geen behae in slaafse gehoorsaamheid nie. Hy begeer dat die skepsels van Sy hande Hom sal liefhê omdat Hy hulle liefde waardig is. Hy wil hê dat hulle Hom moet gehoorsaam, omdat hulle ‘n intelligente waardering vir sy wysheid, geregtigheid en welwillendheid het. En almal wat ‘n regverdige begrip van hierdie eienskappe het, sal Hom liefhê omdat hulle na Hom toe, in bewondering van Sy hoedanighede, aangetrek word.

Die beginsels van goedhartigheid, barmhartigheid en liefde 542
soos deur ons Heiland geleer en geïllustreer, is ‘n transkripsie van die wil en karakter van God. Christus het verklaar dat Hy niks geleer het wat Hy nie van Sy Vader ontvang het nie. Die beginsels van die Goddelike regering is in volkome harmonie met die Heiland se gebod: “Julle moet julle vyande liefhê.” God voer geregtigheid oor die goddelose uit vir die welsyn van die heelal en selfs tot die beswil van diegene oor wie Sy oordele uitgevoer word. Hy sou hulle gelukkig maak as Hy dit ooreenkomstig die wette van Sy regering en die geregtigheid van Sy karakter kon doen. Hulle word omring met tekens van Sy liefde. Hy gee aan hulle ‘n kennis van Sy wet en volg hulle met die aanbiedings van Sy genade; maar hulle versmaai Sy liefde, maak Sy wet tot niet en verwerp Sy genade. Terwyl hulle

voortdurend Sy gawes ontvang, doen hulle die Gewer oneer aan; hulle haat God omdat hulle weet dat Hy ‘n afsku aan hulle sondes het. Die Here is lankmoedig met hulle verdorwenheid, maar die beslissende uur sal uiteindelik aanbreek wanneer hulle lot beslis sal word. Gaan Hy dan hierdie rebelle aan Sy sy vasketting? Sal Hy hulle dwing om Sy wil te doen?

Diegene wat Satan as leier gekies het en deur sy mag beheer word, is nie bereid om in die teenwoordigheid van God te kom nie. Hoogmoed, misleiding, losbandigheid en wreedheid is in hul karakters vasgevang. Kan hulle die hemel binnegaan om vir ewig by diegene wie hulle op aarde geminag en gehaat het te woon? Die waarheid sal nooit vir 'n leuenaar aanvaarbaar wees nie; sagmoedigheid sal nie die eiewaan en hoogmoed bevredig nie; reinheid is nie vir die korruptes aanvaarbaar nie; onselfsugtige liefde is nie vir die selfsugtiges aantreklik nie. Wat se bron van genot kan die hemel aan diegene wat volkome in aardse genot en eiebelang opgeneem is, bied?

As diegene wat hulle hele lewe in opstand teen God 543
deurgebring het, skielik na die hemel geneem kon word en hulle die hoë en heilige staat van volmaaktheid wat ewig daar bestaan kon aanskou, waar elke siel met liefde gevul is, elke gelaat stralend van vreugde, waar verruklike musiek in melodieuse note ter ere van God en die Lam opstyg en onophoudelike strale van lig voortdurend oor die verlostes straal vanuit die aangesig van Hom wat op die troon sit, sou diegene wie se harte met haat teenoor God en teenoor die waarheid en heiligheid gevul is, met die hemelse skare in hulle lofliedere kon saamsing? Sou hulle die heerlikheid van God en die Lam kan verduur? Nee, nee; jare van genadetyd is aan hulle verleen, sodat hulle hul karakters geskik vir die hemel kon vorm; maar hulle het hul verstand nooit geleer om reinheid lief te hê nie; hulle het nooit die taal van die hemel geleer nie en nou is dit te laat. ‘n Lewe van opstand teen God het hulle ongeskik vir die hemel gemaak. Die reinheid, heiligheid en vrede wat daar heers, sal vir hulle ‘n marteling wees; die

heerlikheid van God sal vir hulle soos ‘n verterende vuur wees. Hulle sal verlang om van daardie heilige plek af weg te vlug. Hulle sal vernietiging verwelkom sodat hulle van die aangesig van Hom wat gesterf het om hulle te verlos verberg kon word. Die lot van die goddelose word deur hulle eie keuse bepaal. Hulle uitsluiting uit die hemel is vrywillig van hulle kant en regverdig en genadig van die kant van God.

Soos die waters van die Sondvloed, sal die vuur van die groot dag van God se uitspraak, aankondig dat die goddelose ongeneeslik is. Hulle is nie geneig om hulle aan Goddelike gesag te onderwerp nie. Hulle het hulle wil in opstand uitgeoefen; en wanneer die lewe beëindig word, is dit te laat om die stroom van hul gedagtes in die teenoorgestelde rigting te stuur, te laat om van oortreding na gehoorsaamheid en van haat na liefde te draai.

Deur die lewe van Kain, die moordenaar, te spaar, het God aan die wêreld ‘n voorbeeld gegee van wat die gevolge is wanneer ‘n sondaar toegelaat word om 'n weg van ongebreidelde ongeregtigheid voort te sit. Deur die invloed van Kain se leer en voorbeeld is menigtes van sy nageslag in sonde gelei, totdat “...die boosheid van die mens op die aarde groot was ... en ... al die versinsels wat hy in sy hart bedink altyddeur net sleg was ... Die aarde was verdorwe voor die aangesig van God en die aarde was vol geweld.” (Gen 6:5,11).

In genade teenoor die wêreld, het God die goddelose bewoners daarvan in die tyd van Noag uitgewis. In genade het Hy die korrupte inwoners in Sodom vernietig. Deur die misleidende krag van Satan verkry die bewerkers van ongeregtigheid medelye en bewondering en lei ander dus voortdurend tot rebellie. So was dit in Kain se tyd, in Noag se tyd en in die tyd van Abraham en Lot en so is dit ook in ons tyd. Dit is in genade teenoor die heelal dat God die verwerpers van Sy genade finaal sal vernietig.

"Die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe 544
van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (Rom 6:23). Die lewe is die erfdeel van die regverdiges, maar die dood is die deel van die goddelose. Moses het aan Israel verklaar: "Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk en die dood en die ongeluk." (Deut 30:15). Die dood waarna in hierdie Skriftuur verwys word, is nie soos die dood wat oor Adam uitgespreek is nie, want die hele mensdom deel in die straf van sy oortreding. Dit is die "tweede dood" wat hier in teenstelling met die ewige lewe geplaas word.

As gevolg van Adam se sonde is die dood aan die ganse mensdom oorgedra. Almal gaan dieselfde weg na die graf volg. En volgens die bepalings van die plan van verlossing, moet almal uit hul grafte te voorskyn kom. Daar sal 'n opstanding van die dode wees, regverdiges sowel as onregverdiges; "...want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewendig gemaak word" (Hand 24:15; 1 Kor 15:22). Maar daar is 'n verskil tussen die twee klasse wat opgewek sal word. "Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan — die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling." (Joh 5:28,29). Diegene wat "...waardig geag is..." tot die opstanding van die lewe, word genoem "...salig en heilig." "Oor hulle het die tweede dood geen mag nie." (Openb 20:6). Maar diegene wat nie deur bekering en geloof die vryspraak ontvang het nie, sal die straf op hulle oortreding ontvang — "...die loon van die sonde." Hulle ontvang straf wat "...volgens hulle werke..." in die duur daarvan en intensiteit sal verskil, maar uiteindelik in die tweede dood sal eindig. Aangesien dit onmoontlik vir God is om, in ooreenstemming met Sy geregtigheid en barmhartigheid, die sondaar in sy sondes te red, ontneem Hy hom van die lewe wat hy deur sy oortredinge verbeur het en waarvan hy homself onwaardig bewys het. 'n Geïnspireerde skrywer sê: "Nog 'n klein rukkie en die goddelose sal daar nie wees nie; ja jy sal ag

gee op sy plek, maar hy sal daar nie wees nie.” En 'n ander verklaar: Hulle sal “...word asof hulle nooit bestaan het nie.” (Ps 37:10; Obadja 1:16). Met skande bedek, sink hulle in hopelose, ewige vergetelheid weg.

So sal daar ‘n einde aan sonde gemaak word met al die wee 545
en verwoesting wat daaruit voortgevloei het. Die psalmis sê: “U het die heidene gedreig, die goddelose laat omkom, hulle naam uitgedelg vir ewig en altyd. Die vyande het omgekom — puinhope vir ewig.” (Ps 9:6,7). Johannes, wat in Openbaring uitsien na die ewigheid, het 'n universele loflied sonder enige wanklank gehoor. Hy het gehoor hoe elke skepsel in die hemel en op die aarde heerlikheid aan God bring. (Openb 5:13.) Daar sal dan geen verlore siele wees om God te laster terwyl hulle wriemel in nimmer-eindigende pyniging nie; geen ellendige wesens in die hel sal hul gille met die liedere van die verlostes meng nie.

Die leerstelling van bewustheid na die dood berus op die fundamentele lering van natuurlike onsterflikheid – 'n leerstelling, soos ewige foltering, in teenstelling met die leerstellings van die Skrif, met die voorskrifte van die rede en ons gevoelens van menslikheid. Volgens die algemene opvatting, is die verlostes in die hemel bekend met alles wat op die aarde plaasvind en veral die lewens van die vriende wat hulle agtergelaat het. Maar watter bron van geluk kan dit vir die afgestorwenes inhou om bewus te wees van die probleme van die lewendes, om die sondes wat hulle dierbares pleeg te aanskou en om te sien hoedat hulle die smarte, teleurstellings en angs van die lewe verduur? Hoeveel hemelse geluk kan diegene wat bokant hul vriende op aarde swerf ervaar? En hoe uiters weersinwekkend is die geloof dat die siel van die onboetvaardige aan die vlamme van die hel oorgegee word sodra die asem die liggaam verlaat! In wat se diepte van sieleangs moet diegene wat hul vriende onvoorbereid na die graf sien afgaan om die ewigheid van wee en sonde in te gaan,

gedompel word! Baie is deur hierdie ontstellende gedagte tot waansin gedryf.

Wat sê die Skrif oor hierdie dinge? Dawid verklaar dat die 546
mens geen bewustheid na sy dood het nie. "Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan" (Ps 146:4). Salomo getuig dieselfde: "Die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie ... Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie ... Daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie." (Pred. 9:5,6,10).

Toe Hiskia se lewe in antwoord op sy gebed met vyftien jaar verleng is, het die dankbare koning eer aan God betoon vir Sy Groot genade gegee. In hierdie loflied gee hy die rede vir sy vreugde: "Want die doderyk sal U nie loof nie, die dood U nie prys nie; die wat in die kuil neerdaal, sal op U trou nie hoop nie. Die lewende, die lewende, dié sal U loof, soos ek vandag." (Jes 38:18,19). Algemene teologie stel die regverdige afgestorwenes voor as dat hulle in die hemel is, saligheid betree het en God met onsterflike tonge loof; maar Hiskia kon nie so 'n heerlike vooruitsig in die dood sien nie. Sy woorde stem ooreen met die getuienis van die psalmdigter: "Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk? ... Die dode en almal wat na die stilte neerdaal sal die Here nie loof nie." (Ps 6:6;115:17).

Op Pinksterdag het Petrus verklaar dat die patriarg, Dawid, "...gesterf het en ook begrawe is en sy graf is onder ons tot vandag toe ... Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie." (Hand 2:29,34). Die feit dat Dawid in die graf bly tot met die opstanding, bewys dat die regverdiges nie met die dood hemel toe gaan nie. Alleenlik met die opstanding en op grond van die feit dat Christus opgestaan het, kan Dawid uiteindelik aan die regterhand van God sit.

En Paulus sê: "Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore." (1 Kor 15:16-18). Indien die regverdiges vir vierduisend jaar reeds onmiddellik na die dood hemel toe gegaan het, hoe sou Paulus kon sê dat as daar geen opstanding is nie, "...die wat in Christus ontslaap het, verlore is"? Geen opstanding sou dan nodig gewees het nie.

Die martelaar Tyndale, met verwysing na die toestand van 547
die ontslapenes, het verklaar: "Ek bely openlik dat ek nie oortuig is dat hulle alreeds in die volle heerlikheid verkeer waar Christus of die uitverkore engele van God is nie. Dit is ook nie in my geloofsartikels nie, want as dit so was, kan ek nie anders as om in te sien dat die prediking van die opstanding van die vlees iets tevergeefs is nie." — Wm Tyndale, Voorwoord tot *New Testament*, 1534-uitgawe. Herdruk in *British Reformers — Tyndale, Firth, Barnes*, bl 349.

Dit is 'n onweerlegbare feit dat die hoop op onsterflike geluksaligheid by die dood, gelei het tot 'n algemene verwaarlosing van die Bybelse lering oor die opstanding. Aangaande hierdie neiging het Dr Adam Clarke opgemerk: "Die leerstelling van die opstanding het skynbaar groter betekenis vir die vroeë Christene as tans gehad! Hoekom? Die apostels het dit voortdurend beklemtoon en hulle het die volgelinge van God tot ywer, gehoorsaamheid en blymoedigheid op grond daarvan vermaan. En hul hedendaagse opvolgers maak selde melding daarvan! So het die apostels gepreek en so het die vroeëre Christene geglo; so preek ons en so glo ons hoorders. Daar is nie 'n leerstelling in die evangelie wat meer beklemtoon word nie; en daar is nie 'n leerstelling in die huidige stelsel wat meer verwaarloos word nie!" — *Commentary on the New Testament*, vol 2, algemene opmerking oor 1 Korinthiërs15, par 3.

Dit het voortgeduur totdat die heerlike waarheid van die opstanding byna heeltemal verduister is en deur die Christelike wêreld uit die oog verloor is. So sê ‘n vooraanstaande godsdienstige skrywer, in ‘n kommentaar oor die woorde van Paulus in 1 Thessalonicense 4:13-18: “Vir alle praktiese doeleindes van vertroosting, neem die leer van die salige onsterflikheid van die regverdiges vir ons die plek in van enige twyfelagtige lering van die Here se tweede koms. Met ons afsterwe kom die Here ons haal. Dit is waarvoor ons moet wag en uitsien. Die ontslapenes is reeds in heerlikheid opgeneem. Hulle wag nie op die geklank van die basuin vir hulle oordeel in geluksaligheid nie.”

Maar toe Hy Sy dissipels sou verlaat, het Jesus nie vir hulle 548
gesê dat hulle binnekort na Hom sou kom nie. “Ek gaan om vir julle plek te berei...” het Hy gesê. “En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem.” (Joh 14:2,3). Verder sê Paulus: “Die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” En hy voeg by: “Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.” (1 Thes 4:16-18). Hoe wyd is die kontras tussen hierdie trooswoorde en die van die universele-predikant wat hierbo aangehaal is! Laasgenoemde het sy bedroefde vriende getroos met die versekering dat die ontslapenes, hoe sondig hulle ook was, tussen die engele ontvang sou word wanneer hulle hul asem hier uitblaas. Paulus wys sy broeders op die toekomstige koms van die Here, wanneer die kettings van die graf verbreek sal word “...en die wat in Christus gesterf het...” tot die ewige lewe opgewek sal word.

Voordat enigiemand die herehuise van die saliges kan betree, moet hul lewens ondersoek word en hul karakters en dade moet voor God in oënskou geneem word. Almal moet

volgens wat in die boeke geskryf staan geoordeel word en volgens hulle werke beloon word. Hierdie oordeel vind nie by die dood plaas nie. Let op Paulus se woorde: God het ‘n dag bepaal “...waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur ‘n Man wat Hy aangestel het en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.” (Hand 17:31). Hier het die apostel dit duidelik gestel dat daar ‘n bepaalde tyd (toe nog in die toekoms), vir die oordeel van hierdie wêreld vasgestel is.

Judas verwys na dieselfde tydperk: “Die engele wat hulle eie 549
beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar.” En weer haal hy die woorde van Henog aan: “Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisend talle, om gerig te hou oor almal.” (Judas 14,15). Johannes verklaar: “Ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan en die boeke is geopen ... En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is.” (Openb 20:12).

Maar as die ontslapenes alreeds die saligheid van die hemel geniet, of in die vlamme van die hel wriemel, watter behoefte is daar dan vir ‘n toekomstige oordeel? Die leer van die Woord van God oor hierdie belangrike punte is nie duister of teenstrydig nie; dit kan deur die algemene denke verstaan word. Maar watter openhartige mens kan wysheid of geregtigheid in die huidige teorie sien? Sal die regverdiges, na die ondersoek van hul saak tydens die oordeel, die lof ontvang: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg ... gaan in in die vreugde van jou heer...”, as hulle reeds miskien eeue lank reeds in Sy, teenwoordigheid verkeer? Sal die goddelose uit die plek van pyniging ontbied word om hul vonnis van die Regter van die hele aarde te ontvang: “Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele”? (Mat 25:21,41). O, plegtige bespotting! Skandelike beskuldiging teen die wysheid en geregtigheid van God!

Die teorie oor die onsterflikheid van die siel is een van die valse leerstellings wat Rome, van Paganisme ontleen, opgeneem het in die godsdiens van die Christendom. Martin Luther het dit met die "afskuwelike versinsels wat deel uitmaak van die Roomse mishoop van dekrete" geklassifiseer. — E Petavel, *The Problem of Immortality,* bl 255. In 'n kommentaar oor Salomo se woorde in die boek Prediker, dat die dode niks weet nie, sê hierdie hervormer: "Dit is nog 'n plek wat bewys dat die ontslapenes niks voel nie. Daar is, sê hy, geen plig, geen wetenskap, geen kennis, geen wysheid daar nie. Salomo sê dat die dooies slaap en glad niks voel nie. Want die dode lê daar, sonder 'n besef van dae of jare, maar wanneer hulle wakker word, sal dit vir hulle voel asof hulle skaars 'n minuut geslaap het." — Luther, *Exposition of Solomon's Book Called Ecclesiastes,* bl 152.

Nêrens in die Heilige Skrif word die stelling gevind dat met 550
hulle afsterwe die regverdiges na hul beloning gaan of dat die goddelose na hulle straf gaan nie. Die patriarge en profete het nie so 'n versekering gelaat nie. Christus en Sy apostels het geen wenk daarvan gegee nie. Die Bybel leer duidelik dat die ontslapenes nie onmiddellik hemel toe gaan nie. Hulle word voorgestel dat hulle slaap tot met die opstanding (1Thes 4:14; Job 14:10-12). Op die dag wanneer "...die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruik stukkend val..." (Pred 12:6) is dit met die gedagtes gedaan. Hulle wat neerdaal na die graf, is stil. Hulle weet niks meer van wat onder die son aangaan nie. (Job 14:21). Salige rus vir die vermoeide regverdiges! Tyd, hetsy lank of kort, is net 'n oomblik vir hulle. Hulle slaap; hulle sal deur die basuin van God tot 'n heerlike onsterflikheid opgewek word. "Want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word ... Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. Dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: "Die dood is verslind in die oorwinning." (1 Kor 15:52-54). Wanneer hulle uit hul diepe slaap opgewek word sal hul eerste gedagte

hul laaste gedagte wees voordat hulle gesterf het. Die laaste gewaarwording was die pyn van die dood; die laaste gedagte, dat hulle onder die mag van die graf verval. Wanneer hulle uit die graf opstaan, sal hul eerste blye gedagte in die kreet van triomf weerklink: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (vers 55).

Hoofstuk 34 551

# Kan die Afgestorwenes Met Ons Kommunikeer?

Die bediening van heilige engele, soos in die Skrif uiteengesit, is ‘n mees vertroostende en kosbare waarheid vir elke volgeling van Christus. Maar die leer van die Bybel op hierdie punt is deur dwalings van die algemene teologie verduister en verdraai. Die leerstelling van natuurlike onsterflikheid, die eerste keer ontleen van die heidense filosofie en in die duisternis van die groot afvalligheid wat in die Christelike geloof opgeneem is, het die waarheid wat so duidelik in die Skrif geleer word, dat "...die dooies weet glad niks nie..." (Pred. 9:5), verdraai. Menigtes het tot die geloof gekom dat die geeste van die afgestorwenes "...dienende geeste [is] wat vir diens uitgestuur word terwille van die wat die saligheid sal beërwe." En dit, nieteenstaande die getuienis van die Skrif oor die bestaan van hemelse engele en hul verband met die geskiedenis van die mens voordat die dood van die mens ingetree het.

Die doktrine dat die mens sy bewussyn in die dood behou 552
en veral die geloof dat die geeste van die afgestorwenes terugkeer om die lewendes te dien, het die weg vir moderne spiritisme voorberei. As die dode in die teenwoordigheid van God en die heilige engele toegelaat word en meer kennis verkry as wat hulle ooit voorheen gehad het, waarom sou hulle nie na die aarde terugkeer om die lewendes te verlig en te onderrig nie? As die geeste van die afgestorwenes oor hul vriende op aarde sweef, soos deur baie teoloë geleer word, waarom sou hulle dan nie toegelaat word om met hulle te kommunikeer nie, hulle teen kwaad te waarsku, of om hulle in hul hartseer te vertroos nie? Hoe kan diegene wat glo dat die mens sy bewussyn in die dood behou, die dinge wat deur verheerlikte geeste, as Goddelike lig aan hulle oorgedra word, verwerp? Hier

is ‘n kanaal wat as heilig beskou word, waardeur Satan werk om sy doel te bereik. Die gevalle engele wat sy bevele uitvoer, verskyn as boodskappers uit die geesteswêreld. Terwyl hy beweer dat hy die lewende in aanraking met die afgestorwenes bring, oefen die vors van duisternis sy betowerende invloed op hulle verstand uit.

Hy besit die mag om hul ontslape vriende aan mense te laat verskyn. Hierdie vervalsing is volmaak; die bekende voorkoms, die woorde, die buiging in die stemtoon, word met wonderbaarlike juistheid weergegee. Baie word vertroos met die versekering dat hul geliefdes die hemelse geluksaligheid van die hemel geniet en sonder enige gewaarwording van gevaar, luister hulle na die “...verleidende geeste en leringe van duiwels.”

Wanneer hulle gelei word om te glo dat die afgestorwenes werklik terugkeer om met hulle te praat, laat Satan diegene wat onvoorbereid in die graf ingegaan het, verskyn. Hulle gee voor dat hulle gelukkig in die hemel is selfs verhewe posisies daar beklee en die dwaling word op hierdie wyse wyd versprei dat daar geen onderskeid tussen die regverdiges en goddeloses getref word nie. Die sogenaamde besoekers uit die geesteswêreld spreek soms waarskuwings wat waar blyk te wees uit. Dan, wanneer vertroue gewen is, bied hulle leerstellings aan wat geloof in die Skrif regstreeks ondermyn. Met 'n skyn van diep belangstelling in die welstand van hul vriende op aarde, insinueer hulle die mees gevaarlikste dwalinge. Die feit dat hulle sekere waarhede en soms toekomstige gebeure kan voorspel, gee 'n skyn van betroubaarheid aan hul uitsprake; en hul valse leringe word net so geredelik deur die meerderheid aanvaar en implisiet geglo, asof dit die heiligste waarhede van die Bybel is. Die wet van God word ter syde gestel, die Gees van genade verag en die bloed van die verbond as onheilig beskou. Die geeste ontken die Godheid van Christus en hulle plaas die Skepper selfs op gelyke vlak met hulleself. Aldus, onder 'n nuwe vermomming, gaan die

groot rebel steeds voort met sy oorlogvoering teen God, wat in die hemel begin het en vir byna sesduisend jaar op die aarde voortduur.

Baie mense poog om spiritistiese verskynsels aan bedrog en 553
goëltoertjies van die medium toe te skryf. Maar, hoewel dit waar is dat resultate van bedrieërs dikwels as ware manifestasies beskou is, was daar ook duidelike vertonings van bonatuurlike krag. Die geheimsinnige geklop waarmee hedendaagse spiritisme begin het, was nie die gevolg van menslike bedrog of sluheid nie, maar was die regstreekse werk van bose engele wat op hierdie wyse een van die suksesvolste sielsvernietigende dwalings ingestel het. Baie sal deur die oortuiging dat spiritisme blote menslike bedrog is verstrik raak. Wanneer hulle van aangesig tot aangesig met die manifestasies wat hulle nie anders kan as om bonatuurlik te beskou nie, gebring word, sal hulle mislei word om dit as die groot krag van God te aanvaar.

Hierdie persone sien nie die getuienis van die Skrif aangaande die wonders wat deur Satan en sy werktuie verrig word raak nie. Dit was deur sataniese hulp dat die towenaars van Farao in staat gestel was om die werk van God na te maak. Paulus getuig dat daar voor die wederkoms van Christus soortgelyke openbarings van sataniese mag sal wees. Die wederkoms van die Here sal voorafgegaan word deur "...die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid." (2 Thes 2:9,10). En in sy beskrywing van die wonderwerkende krag wat in die laaste dae geopenbaar sal word, verklaar die apostel Johannes: "Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is ... te doen." (Openb 13:13,14). Dit is nie blote bedrog wat hier voorspel word nie. Die mense word deur wonderwerke waaroor Satan se

werkkragte die mag besit om uit te voer, mislei en nie deur wat hulle voorgee om te doen nie.

Die vors van die duisternis wat so lank reeds die mag van sy 554
meesterbrein vir die werk van misleiding aangewend het, pas sy versoekinge met behendigheid by alle klasse en toestande aan. Aan persone van kultuur en verfyning stel hy spiritisme in sy meer verfynde en intellektuele aspekte voor en slaag hy daarin om baie in sy strik te vang. Die wysheid wat deur spiritisme verleen word, word deur die apostel Jakobus beskryf dat: "Dít is nie die wysheid wat van Bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels..." (Jak 3:15.) Dit verberg egter die groot bedrieër wanneer dit hom pas. Hy wat in die woestyn van versoeking, bekleed met die helderheid van die hemelse serafs voor Christus kon verskyn, kom op die mees aantreklikste manier na die mens as 'n engel van lig. Hy doen 'n beroep op die rede deur die aanbieding van verheffende temas; hy behaag die verbeelding met betowerende tonele; en hy doen 'n beroep op die geneenthede deur sy welsprekende uitbeeldings van liefde en liefdadigheid. Hy wek die mense op tot hoë verbeeldingsvlugte, wat daartoe lei dat hulle so trots op hul eie wysheid is, dat hulle die ewige God in hul harte verag. Hierdie magtige wese wat die Verlosser van die wêreld na 'n buitengewoon hoë berg kon neem en al die koninkryke van die aarde en die heerlikheid daarvan voor Hom kon laat verbygaan, sal sy versoekings aan mense voorlê op 'n wyse wat die sintuie van almal wat nie deur Goddelike mag beskerm word nie, sal verdraai.

Satan verlei mense vandag net soos hy Eva in Eden verlei het deur vleiery, deur 'n begeerte om verbode kennis op te doen aan te wakker en deur opwindende ambisie vir selfverheffing. Dit was die koestering van hierdie euwels wat sy val veroorsaak het en om die ondergang van mense te bewerk. Julle sal soos God wees deur goed en kwaad te ken, het hy gesê. (Gen 3:5). Spiritisme leer dat die mens 'n progressiewe wese is; dat dit sy bestemming is om van sy geboorte af tot in ewigheid te vorder

tot godheid. En verder, dat elke verstand oor homself sal oordeel en nie 'n ander nie. Die oordeel sal korrek wees, omdat dit 'n oordeel oor self is. Die troon is binne-in jou. ‘n Spiritiste-leraar, toe sy “geestelike bewussyn” in hom opgewek is, het gesê: “My medemense was almal ongevalle halfgode. En ’n ander een het verklaar: “Enige regverdige en volmaakte wese is Christus.”

So het Satan dus die plek van die geregtigheid en 555
volmaaktheid van die ewige God, die ware voorwerp van aanbidding, die plek van die volmaakte geregtigheid van Sy wet, die ware maatstaf van die mens, met die sondige, dwalende aard van die mens self vervang as die enigste voorwerp van aanbidding, die enigste reël van oordeel of maatstaf van karakter. Dit is nie opwaartse vordering nie maar afwaarts.

Dit is ‘n wet van beide die intellektuele en geestelike aard dat deur te aanskou, ons verander word. Die verstand pas hom geleidelik aan by die onderwerpe wat hy toegelaat word om te bepeins. Dit word gelykgestel aan waaraan dit gewoond is om te koester en te eerbiedig. Die mens sal nooit hoër styg as sy maatstaf van reinheid, goedheid, of waarheid nie. As die eie-ek sy hoogste ideaal is, sal hy nooit iets hoër bereik nie. Inteendeel, hy sal voortdurend laer en laer sink. Slegs die genade van God het mag om die mens te verhef. Aan homself oorgelaat, sal sy gang onvermydelik afwaarts sink.

Vir die selfbevredigende, genotsugtige, wellustige mense 556
kom spiritisme in ’n minder subtiele vermomming voor as vir die meer verfynde en intellektuele persoon; hulle vind dit wat in ooreenstemming met hul neigings is, in die growwer vorms. Satan bestudeer elke aanduiding van swakheid in die menslike natuur en hy neem waar wat se sonde elke individu geneig is om te pleeg en dan sorg hy vir voldoende geleentheid om die neiging tot sonde te bevredig. Hy verlei mense tot onmatigheid in dinge wat op sigself wettig is, sodat hulle deur onbeheerstheid hulle liggaamlike, geestelike en morele kragte

verswak. Hy het en vernietig steeds duisende deur hul toegewing aan hartstogte en het sodoende die hele natuur van die mens te verdierlik. En om sy werk te voltooi, verklaar hy deur geeste dat "...ware kennis die mens bokant die wet plaas;" en dat "...wat is, is reg;" dat "...God nie veroordeel nie..." en dat "...alle sondes wat gepleeg word, onskuldig is." As die mens dus gelei word om te glo dat begeerte die hoogste wet is, dat losbandigheid vryheid beteken en dat die mens slegs aan homself verantwoordelik is, is dit geen wonder dat verdorwenheid en aftakeling aan alle kante gesien word nie. Menigtes neem met gretigheid leringe aan wat hulle vrylaat om die aanmoedigings van die vleeslike hart te gehoorsaam. Die leisels van selfbeheer word op die nek van wellus gelê, die krag van die verstand en siel word aan die dierlike neigings onderwerp en Satan vang triomfantlik duisende wat beweer dat hulle volgelinge van Christus is in sy net.

Maar niemand hoef deur die leuenagtige bewerings van spiritisme mislei te word nie. God het genoeg lig aan die wêreld gegee om hom in staat te stel om hierdie valstrik te bespeur. Soos reeds aangetoon is, is die teorie wat die grondslag van spiritisme vorm, in stryd met die duidelikste Skrifuitsprake. Die Bybel verklaar dat die dooies niks weet nie en dat hulle gedagtes vergaan het; dat hulle geen deel het aan enigiets wat onder die son gebeur nie; hulle weet niks van die vreugde of hartseer van diegene wat vir hulle die dierbaarste op aarde was nie.

Verder, het God alle sogenaamde kommunikasie met die geeste van afgestorwenes uitdruklik verbied. In die dae van die Hebreërs was daar 'n groep mense wat beweer het, net soos spiritiste vandag, dat hulle met die dooies kommunikeer. Maar die "geeste van afgestorwenes," soos hierdie besoekers van die geesteswêreld genoem word, is volgens die Bybel "...geeste van duiwels..." (Vergelyk Lev 19:31; Ps 106:28; 1 Kor 10:20; Openb 16:14.) Om met die geeste van afgestorwenes om te gaan, was ‘n gruwel vir die Here en was streng, onder straf van die dood,

verbied. (Lev 19:31; 20:27.) Die blote benaming heksery word tans met minagting bejeën. Die bewering dat mense met bose geeste kan praat, word as ‘n fabel van die Donker Eeue beskou. Maar spiritisme het honderde duisende aanhangers, eintlik miljoene en het selfs wetenskaplike kringe en kerke binnegedring en guns onder beheerliggame en selfs koninklike howe gevind — hierdie reuse bedrog is slegs ‘n herlewing, in ’n nuwe vermomming, van die heksery van ouds wat veroordeel en verbied is.

Al was daar geen ander bewyse van die ware aard van spiritisme nie, behoort dit vir Christene genoeg te wees dat die geeste geen verskil maak tussen geregtigheid en sonde, tussen die edelste en reinste apostels van Christus en die mees korrupte dienaars van Satan nie. Deur voor te stel dat die mees laagste mense in die hemel is en daar hoog verhewe is, sê Satan aan die wêreld: “Dit maak nie saak hoe sleg jy is nie; en of jy God en die Bybel glo of nie. Lewe soos jy wil; die hemel is jou tuiste.” Die spiritistiese leraars sê feitlik: “Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die Here en in hulle het Hy ‘n behae; of waar is anders die God van die reg?” (Mal 2:17). Die woord van God sê: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak, en die lig duisternis.” (Jes 5:20). 557

Die apostels, soos verpersoonlik deur hierdie leuenagtige geeste weerspreek dit wat hulle, terwyl hulle op die aarde was, deur die ingewing van die Heilige Gees geskryf het. Hulle ontken die Goddelike oorsprong van die Bybel en vernietig daardeur die grondslag van die Christen se hoop en doof die lig wat die weg na die hemel wys, uit. Satan laat die wêreld glo dat die Bybel blote fiksie is, of ‘n boek wat by die kinderjare van die ras pas, maar dat dit ligtelik opgeneem moet word, of as verouderd verwerp moet word. En hy hou spiritistiese manifestasies in die plek van die Woord van God voor. Hier is ‘n kanaal wat totaal onder sy beheer is; op hierdie wyse kan hy die wêreld laat glo wat hy wil. Die Boek wat hom en sy volgelinge veroordeel, plaas hy in die skaduwee, presies waar hy dit wil hê; hy maak die

Verlosser van die wêreld uit as ‘n gewone mens. En net soos die Romeinse wag by die graf van Christus leuenagtige gerugte versprei het wat die priesters en owerstes in hulle mond gelê het om Sy opstanding te weerlê, so probeer diegene wat in spiritistiese verskynsels glo, dit te laat blyk dat daar niks wonderbaarliks aan die omstandighede van ons Heiland se lewe is nie. Nadat hulle sodoende gepoog het om Jesus op die agtergrond te skuif, vestig hulle die aandag van mense op hul eie wonderwerke en verklaar dat dit die werke van Christus ver oortref.

Dit is waar dat spiritisme tans van gedaante wissel en dat dit 558
'n Christelike voorkoms aanneem om sommige van die meer afstootlike kenmerke daarvan te bedek. Maar die uitlatings vanaf platforms en die pers is reeds vir baie jare aan die publiek bekend en hierin word die ware karakter daarvan ontbloot. Hierdie leerstellings kan nie ontken of weggesteek word nie.

Selfs in huidige vorm, is dit, ver van meer aanvaarbaar as voorheen te wees, werklik meer gevaarlik omdat dit 'n meer subtiele misleiding is. Waar dit voorheen Christus en die Bybel verwerp het, gee dit tans voor om albei te aanvaar. Maar die Bybel word op ‘n wyse vertolk wat dit aanvaarbaar vir die onbekeerde hart maak, terwyl die plegtige en belangrike waarhede daarvan van nul en gener waarde gemaak word. Liefde word as die hoof kenmerk van God beskou, maar dit word afgekraak tot soetsappige sentimentalisme en maak weinig onderskeid tussen goed en kwaad. Die geregtigheid van God, Sy veroordeling van sonde en die vereistes van Sy heilige wet word bedek. Die mense word geleer om die Dekaloog as dooie brief te beskou. Aangename, betowerende verdigsels boei die sinne en lei daartoe dat mense die Bybel as die grondslag van hul geloof verwerp. Christus word net so gewis soos voorheen verloën; maar Satan het die oë van die mense so verblind dat hulle nie die misleiding kan raaksien nie.

Daar is min mense wat ’n ware besef van die misleidende krag van spiritisme en die gevaar om onder die invloed daarvan te kom, besef. Baie mense bemoei hulle uit blote nuuskierigheid daarmee. Hulle glo nie werklik daarin nie en die gedagte dat hulle hul aan die beheer van geeste oorgee, sou hulle met afgryse vervul. Maar hulle beweeg op verbode terrein en die magtige vernietiger oefen sy mag teen hulle wil, oor hulle uit. As hulle net eenkeer oorgehaal kan word om hulle gedagtes aan sy leiding te onderwerp, hou hy hulle gevange. Dit is onmoontlik om in hul eie krag van die betowerende, aanloklike spel weg te breek. Niks behalwe die krag van God, wat deur die ernstige gebed van geloof verleen word, kan hierdie verstrengelde siele verlos nie.

Almal wat aan sondige eienskappe van karakter toegee, of 559
'n bekende sonde opsetlik koester, nooi die versoekings van Satan uit. Hulle skei hulle van God en van die waaksaamheid van Sy engele; wanneer die bose sy misleiding voorhou, is hulle sonder verdediging en word ‘n maklike prooi. Diegene wat hulself sodoende in sy mag plaas, het min besef van waar hierdie weg sal eindig. Nadat hy hulle ondergang bewerk het, sal die versoeker hulle as sy werktuie gebruik om ander tot ondergang te lok.

Die profeet Jesaja sê: “As hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel — moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie? moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en na die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie!” (Jes 8:19, 20). As mense net so bereid was om die waarheid aangaande die aard van die mens en die toestand van die dooies, wat so duidelik in die Skrif uiteengesit word, te aanvaar, sou hulle die werking van Satan met krag en tekens en wonders van die leuen in die aansprake en verskynsels van spiritisme sien. Maar in plaas daarvan om die vryheid wat so aanneemlik vir die vleeslike hart is te verloën en sondes wat hulle koester te laat vaar, sluit menigtes hul oë

vir die lig en, ongeag waarskuwings, gaan hulle voort, terwyl Satan sy strikke vir hulle stel en hulle sy prooi word. "Omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie..." daarom "...sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo." (2 Thes 2:10,11).

Diegene wat die leerstellings van spiritisme teëstaan, val nie slegs mense nie, maar Satan en sy engele aan. Hulle het in 'n stryd met die owerhede en magte en teen bose geeste in die lug betree. Satan sal nie een sentimeter grond prysgee tensy hy deur die mag van hemelse boodskappers teruggedryf word nie. Die volk van God moet hom, net soos ons Verlosser, met die woorde: "Daar is geskrywe..." weerstaan. Satan kan tans, net soos in die tyd van Christus, die Skrif aanhaal en hy sal die leringe daarvan verdraai om sy dwalings te handhaaf. Diegene wat in tye van gevaar staande wil bly, moet self die getuienis van die Skrif verstaan.

Baie sal met die geeste van duiwels, wat hulself as geliefde 560
familielede of vriende voordoen en die gevaarlikste dinge verkondig, gekonfronteer word. Hierdie besoekers sal 'n beroep op ons teerste gevoelens doen en wonderwerke verrig om dit wat hulle voorgee te handhaaf. Ons moet gereed wees om hulle met die Bybelse waarheid te weerstaan, dat die dooies niks weet nie en dat diegene wat op hierdie wyse verskyn, die geeste van duiwels is.

"Die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel..." (Openb 3:10) is voor ons. Almal wie se geloof nie in die Woord van God gevestig is nie, sal mislei en oorwin word. Satan werk "...met allerhande verleiding van ongeregtigheid..." om beheer oor die mensekinders te verkry en sy misleiding sal voortdurend toeneem. Maar hy sal slegs sy doel bereik as mense vrywilliglik aan sy versoekings toegee. Diegene wat ernstig op soek is na kennis van die waarheid en daarna streef om hul siele deur gehoorsaamheid te reinig en sodoende te doen wat hulle kan

om hulself vir die stryd voor te berei, sal in die God van die waarheid 'n gewisse verdediging vind. "Omdat jy die woord van My lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar..." is die belofte van die Heiland aan ons (Openb 3:10). Hy sal eerder elke engel uit die hemel stuur om Sy volk te beskerm, as om een siel wat op Hom vertrou, oor te laat om deur Satan oorwin te word.

Die profeet Jesaja beskryf die groot misleiding wat oor die 561
goddelose sal kom en hulle sal lei om te glo dat hulle veilig van die oordele van God is: "Ons het 'n verbond met die dood gesluit en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gesel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek." (Jes. 28:15). Onder die klas wat hier beskryf word, word ook diegene wat in hulle hardnekkige onboetvaardigheid hulself met die versekering troos dat daar geen straf vir die sondaar sal wees nie ingesluit; dat die ganse mensdom, ongeag hoe korrup hulle is, tot die hemel verhef sal word om soos die engele van God te word. Maar nog meer nadruklik, is diegene wat 'n verbond met die dood en 'n ooreenkoms met die hel sluit, wat die waarhede wat die hemel as verdediging vir die regverdiges in die dag van benoudheid voorsien het te versaak en toevlug tot die leuens wat deur Satan in die plek daarvan aangebied word te neem, naamlik die misleidende aansprake van spiritisme.

Die blindheid van die mense van hierdie generasie is onbeskryflik. Duisende verwerp die Woord van God as onwaardig om te glo en aanvaar met gretige vertroue die bedrog van Satan. Twyfelaars en spotters veroordeel die bekrompenheid van diegene wat vir die geloof van die profete en die apostels stry en laat hulleself weglei van die plegtige verklarings van die Skrif aangaande Christus, deur die verlossingsplan en die vergelding van die verwerpers van die waarheid te bespot. Hulle gee voor om baie jammer te wees vir mense wat so bekrompe, swak en bygelowig is om die aansprake van God te erken en die voorskrifte van Sy wet te

gehoorsaam. Hulle openbaar soveel sekerheid van hulle saak, asof hulle inderdaad 'n verbond met die dood en 'n ooreenkoms met die hel gesluit het – asof hulle 'n onoorbrugbare, ondeurdringbare versperring tussen hulle en die wraak van God opgerig het. Niks kan hulle vrese opwek nie. Hulle het hulself so volkome aan die versoeker oorgegee, so nou met hom verenig en is so deeglik met sy gees deurdrenk, dat hulle geen krag en geen geneigdheid het om uit sy strikke te ontsnap nie.

Satan is lank reeds besig met voorbereidings vir sy laaste 562
poging om die wêreld te bedrieg. Die grondslag van sy werk is gelê deur die versekering wat hy aan Eva in Eden gegee het: “Julle sal gewis nie sterwe nie ... As julle daarvan eet, [sal] julle oë oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken” (Gen 3:4,5). Hy het stap vir stap die weg vir sy meesterstuk van bedrog deur die ontwikkeling van spiritisme voorberei. Hy het nog nie sy doelwit ten volle bereik nie; maar hy sal dit in die laaste oorblywende tyd bereik. Die profeet sê: “Ek het ... drie onreine geeste soos paddas sien kom ... Dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die Almagtige God.” (Openb 16:13,14). Behalwe vir diegene wat deur die krag van God bewaar word, deur geloof in sy Woord, sal die hele wêreld onder die geledere van hierdie dwaling opgesweep word. Die mense word spoedig tot ‘n noodlottige gerustheid aan die slaap gesus, waaruit hulle slegs deur die uitstorting van die toorn van God gewek sal word.

So sê die Here God: “Ek sal die reg tot ‘n riglyn maak, en die geregtigheid tot ‘n skietlood; en die hael sal die leuendak wegruk en die water die skuilplek wegspoel. En julle verbond met die dood sal uitgewis word en julle verdrag met die doderyk nie standhou nie; as die golwende gesel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word.” (Jes 28:17,18).

Hoofstuk 35 563

# Gewetensvryheid Bedreig

Romanisme (Katolisisme) word tans deur Protestante met veel groter guns bejeën as in vorige jare. In die lande waar Katolisisme nie hoogty vier nie en pousgesindes die weg van versoening volg om invloed te verkry, is daar ‘n toenemende onverskilligheid aangaande die leerstellings wat die hervormde kerke van die pouslike hiërargie skei; die mening dat ons per slot van rekening nie so wyd verskil oor lewensbelangrike aspekte soos wat gemeen is nie en dat geringe toegewings van ons kant 'n beter verstandhouding met Rome sal teweegbring, wen veld. Daar was ‘n tyd toe Protestante die gewetensvryheid wat hulle so duur gekoop het, baie hoog op prys gestel het. Hulle het hulle kinders geleer om van die pousdom af te sien en was van mening dat harmonie met Rome dislojaliteit teenoor God is. Maar hoe wyd verskil die menings wat tans uitgespreek word!

Die verdedigers van die pousdom verklaar dat die kerk belaster is en die Protestantse wêreld geneig is om die verklaring te aanvaar. Baie mense dring daarop aan dat dit nie reg is om die kerk van vandag te oordeel oor die gruwels en ongerymdhede wat haar heerskappy gedurende die eeue van onkunde en duisternis gekenmerk het nie. Hulle verskoon haar ontsettende wreedheid dat dit as gevolg van die barbaarsheid van die tyd was en dat die invloed van die moderne beskawing haar sentimente verander het.

Het hierdie mense van die aanspraak op onfeilbaarheid, wat 564
vir agthonderd jaar deur hierdie hooghartige mag aangevoer is, vergeet? Ver van hierdie aanspraak prys te gee, word dit sedert die negentiende eeu met groter positiwiteit as ooit tevore bevestig. Waar Rome beweer dat die kerk “...nooit fouteer het...” en volgens die Skrifte “...nooit kan fouteer nie...” (John L von Mosheim, *Institutes of Ecclesiastical History*, boek 3, eeu

11, deel 2, hfst 2, para 9, aantekening 1), hoe kan sy die beginsels wat haar in vorige eeue beheer het, versaak?

Die pouslike kerk sal nooit van haar aanspraak op onfeilbaarheid afstand doen nie. Al die dade wat sy in haar vervolging van diegene wat haar leerstellings verwerp het gepleeg het, hou sy as reg voor; en sal sy nie dieselfde optree as die geleentheid hom voordoen nie? Laat die beperkings wat tans deur die sekulêre regerings opgelê is, verwyder word en laat Rome weer tot haar vorige magsposisie herstel word en daar sal 'n spoedige herlewing van tirannie en vervolging wees.

‘n Bekende skrywer sê die volgende oor die houding van die pouslike hiërargie met betrekking tot vryheid van gewete en van die gevare wat veral die Verenigde State bedreig as Rome in haar beleid slaag:

“Daar is baie wat geneig is om enige vrees vir Rooms-Katolisisme in die Verenigde State aan bekrompenheid en kinderagtigheid toe te skryf. Sulke mense sien niks in die houding en beleid van Katolisisme wat vyandig teenoor vrye instellings is nie, of vind niks onheilspellend in die groei daarvan nie. Laat ons in die eerste plek enkele van die grondbeginsels van ons regering met die van die Katolieke Kerk vergelyk.

“Die grondwet van die Verenigde State waarborg vryheid van gewete. Niks is meer kosbaar of meer fundamenteel nie. Pous Pius IX het in sy omsendbrief van 15 Augustus 1854 gesê: ‘Die belaglike en foutiewe leerstellings of lawaai ter verdediging van gewetensvryheid is ‘n verpestelike dwaling — ‘n plaag wat die meeste van alle plae in 'n staat gevrees moet word.’ Dieselfde pous het in sy omsendbrief van 8 Desember 1864 ‘...die banvloek uitgespreek oor diegene wat vryheid van gewete en godsdienstige aanbidding voorstaan,’ asook oor ‘...almal wat beweer dat die kerk nie geweld mag gebruik nie.’

“Die vreedsame toon van Rome in die Verenigde State 565
impliseer nie ‘n verandering van hart nie. Sy is verdraagsaam

waar sy hulpeloos is. Biskop O'Connor sê: 'Godsdiensvryheid word bloot verduur totdat die teenoorgestelde, sonder gevaar vir die Katolieke wêreld uitgevoer kan word.' Die aartsbiskop van St. Louis het eenkeer gesê: 'Kettery en ongeloof is misdade; en in Christenlande, soos byvoorbeeld Italië en Spanje, waar al die mense Katolieke is en waar die Katolieke godsdiens 'n wesenlike deel van die wet van die land uitmaak, word dit soos ander misdade gestraf.' ...

"Elke kardinaal, aartsbiskop en biskop van die Katolieke Kerk lê 'n eed van getrouheid aan die pous af waarin die volgende woorde voorkom: 'Ketters, skismatici en rebelle teen ons genoemde heer [die pous] of sy opvolgers, sal ek tot my uiterste vervolg en te teëstaan.'" — Dr Josiah Strong, *Our Country*, hfst 5, par 2-4. *[Sien bylaag vir reggestelde verwysings].*

Dit is waar dat daar opregte Christene in die Rooms-Katolieke gemeenskap is. Duisende in daardie kerk dien God volgens die beste lig wat hulle het. Hulle het nie toegang tot die Woord van God nie en daarom kan hulle nie die waarheid onderskei nie. *[Gepubliseer in 1888 en 1911. Sien bylaag].* Hulle het nog nooit die kontras tussen 'n lewendige diens van die hart en blote vorms en seremonies gesien nie. God bejeën hierdie siele met medelydende teerheid, wat opgevoed is in 'n geloof wat misleidend en onbevredigend is. Hy sal ligstrale deur die digte donkerte wat dit omring laat dring. Hy sal die waarheid, soos dit in Jesus is, aan hulle openbaar. En baie sal nog hul posisie by Sy volk inneem.

Maar die Roomse stelsel is geensins vandag meer in 566
ooreenstemming met die evangelie van Christus as in enige vroeëre tydperk in haar geskiedenis nie. Die Protestantse kerke verkeer in groot duisternis, of hulle sou die tekens van die tye bespeur. Die Roomse kerk is verreikend in haar planne en werkmetodes. Sy maak gebruik van elke instrument om haar invloed en mag uit te brei ter voorbereiding op 'n hewige en meedoënlose stryd om beheer van die wêreld te herwin, om

vervolging te hervestig en om alles wat deur Protestantisme vermag is, ongedaan te maak. Katolisisme wen veld aan alle kante. Kyk na die gewildheid van haar kolleges en kweekskole in Amerika, wat so wyd deur Protestante ondersteun word. Kyk na die groei van ritualisme in Engeland en die gereelde oorloop na die geledere van die Katolieke. Hierdie dinge behoort almal wat die suiwer beginsels van die evangelie koester, te verontrus.

Protestante het hulle met die pousdom bemoei en dit begunstig Katolieke; hulle het kompromieë aangegaan en toegewings gemaak wat selfs pousgesindes verbaas het en hulle nie kon verstaan nie. Mense sluit hulle oë vir die ware karakter van Katolisisme en vir die gevare wat as gevolg van haar oppergesag begryp moet word. Mense het nodig om wakker geskud te word om die toenaderings van hierdie uiters gevaarlike vyand van burgerlike en godsdienstige vryheid te weerstaan.

Baie Protestante verkeer onder die indruk dat die Katolieke godsdiens onaantreklik is en dat dit uit 'n lewenslose en betekenislose reeks van seremonies bestaan. Hulle vergis hulleself Alhoewel die Roomse godsdiens op bedrog gebaseer is, is dit nie ‘n growwe en lomp bedrog nie. Die godsdienstige diens van die Roomse Kerk is 'n indrukwekkende seremonie. Die pragtige vertoning en plegtige rituele fassineer die sintuie en maak die stem van rede en gewete stil. Die oog word gestreel. Pragtige kerkgeboue, imposante optogte, goue altare, versierde tempels, seldsame skilderye en pragtige beeldhouwerk, spreek die mens se liefde vir skoonheid aan. Ook die oor word gestreel; die musiek is onoortreflik. Die ryk klanke van die orrel, vermeng met die melodie van baie stemme soos dit deur die hoë koepels en pilaargange van haar groot katedrale uitswel, kan nie anders as om die sinne met ontsag en eerbied te beïndruk nie.

Hierdie uiterlike prag en praal en seremonies wat slegs die sonde-belaste siele uitlok, is ‘n bewys van innerlike korrupsie. Die godsdiens van Christus het nie sulke aantreklikhede nodig om dit aan te beveel nie. In die lig wat vanaf die kruis skyn, is die ware godsdiens so rein en lieflik, dat geen uiterlike versierings die waarde daarvan kan verbeter nie. Dit is die skoonheid van heiligheid, ‘n sagmoedige en stil gees, wat van waarde by God is. 567

‘n Skitterende voorkoms is nie noodwendig ‘n teken van suiwer, verhewe, gedagtes nie. ‘n Hoë begrip van kuns en verfynde smaak kom dikwels by mense wat aards en sinlik is voor. Hierdie dinge word dikwels deur Satan aangewend om die mens van die noodsaaklikhede van die siel te laat vergeet, om die toekomstige en ewige uit die oog te verloor en om van hul ewige Helper weg te draai en slegs vir hierdie wêreld te lewe.

‘n Godsdiens wat uit uiterlike dinge bestaan, is aantreklik vir die onwedergebore hart. Die praal en seremonies van die Katolieke aanbidding het ‘n verleidelike, betowerende krag, waardeur baie bedrieg word; en hulle beskou die Katolieke Kerk as die poort van die hemel. Niemand behalwe diegene wat hul voet stewig op die fondament van waarheid geplant het en wie se harte deur die Gees van God vernuwe is, is teen haar invloed bestand nie. Duisende wat nie ‘n eksperimentele kennis van Christus het nie, sal gelei word om die vorms van godsaligheid sonder die krag te aanvaar. So ‘n godsdiens is presies wat die massas begeer.

Die aanspraak van die kerk op die reg om sonde te vergewe, laat die Katoliek vry voel om te sondig; en die ordonnansie van belydenis, waarsonder geen kwytskelding verleen word nie, is ook geneig om vryheid om te sondig te skenk. Die een wat in belydenis voor ‘n gevalle mens neerkniel en die geheime gedagtes en verlangens van sy hart ontbloot, verlaag sy menswees en degradeer elke edele instink van sy siel. Wanneer hy sy sondes aan ‘n priester, 'n dwalende sondige sterfling en 568

te dikwels verdorwe met wyn en losbandigheid ontbloot, verlaag hy sy maatstaf van karakter en word hy as gevolg daarvan besoedel. Sy gedagte aan God word tot die gelyke van 'n gevalle mens verlaag; want die priester staan as verteenwoordiger van God. Hierdie vernederende belydenis van 'n mens tot 'n mens is die geheime bron waaruit baie van die kwaad wat die wêreld besoedel en vir die uiteindelike verwoesting voorberei het, gevloei het. Tog is dit vir hom wat selfbevrediging koester, aanneemliker om aan 'n mede-sterfling te bely as om sy siel voor God te ontbloot. Dit is vir die menslike natuur aanneemliker om belydenis te doen as om sonde te versaak; dit is makliker om die vlees met sak en as, brandnekels en pynlike kettings te kasty as om die vleeslike begeerlikhede te kruisig. Swaar is die juk wat die vleeslike hart bereid is om te dra eerder as om vir die juk van Christus neer te buig.

Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die Roomse Kerk en die Joodse Kerk ten tye van Christus se eerste koms. Terwyl die Jode in die geheim elke beginsel van die wet van God vertrap het, was hulle uiterlik streng in die nakoming van die gebooie wat hulle met vereistes en tradisies belas het en wat gehoorsaamheid pynlik en swaar gemaak het. Net soos die Jode beweer het dat hulle die wet eerbiedig, beweer die Katolieke dat hulle die kruis eerbiedig. Hulle verhef die simbool van Christus se lyding, terwyl hulle in hulle lewens Hom, wat dit verteenwoordig, ontken.

Katolieke plaas kruise op hul kerke, op hulle altare en op hulle klere. Orals word die kentekens van die kruis gesien. Oral word dit uiterlik vereer en verhef. Maar die leringe van Christus is onder 'n massa sinnelose tradisies, valse vertolkings en streng vereistes begrawe. Die Heiland se woorde aangaande die dweepsugtige Jode, is met groter krag van toepassing op die leiers van die Rooms-Katolieke Kerk: "Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger

verroer nie.” (Matt 23:4). Pligsgetroue siele word in gedurige vrees vir die wraak van ‘n beledigde God gehou, terwyl baie van die hooggeplaastes van die kerk in weelde en sensuele plesier lewe.

Die aanbidding van beelde en relikwieë, die aanroep van 569
heiliges en die verheffing van die pous, is instrumente van Satan om die aandag van die mense van God en van Sy Seun af te trek. Om hulle ondergang te bewerkstellig, poog hy om hulle aandag van Hom deur wie hulle alleen die verlossing kan verkry weg te lei. Hy sal hulle na enige voorwerp verwys wat die Een kan vervang wat gesê het: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee.” (Mat 11:28).

Dit is Satan se voortdurende strewe om die karakter van God, die aard van sonde en die werklike kwessies wat in die groot stryd op die spel is, te verdraai. Sy drogredenasies verminder die verpligting van die Goddelike wet en skenk aan mense vryheid om te sondig. Terselfdertyd lei hy hulle om valse opvattings van God te koester, sodat hulle Hom met vrees en haat, eerder as met liefde beskou. Die wreedheid inherent aan sy eie karakter, skryf hy aan die Skepper toe; dit word in die godsdienstige stelsels beliggaam en uitgedruk in die wyses van aanbidding. Sodoende word die verstand van mense verblind en Satan beveilig hulle as sy werkkragte om oorlog teen God te voer. Deur verdraaide opvattings van die Goddelike eienskappe, is heidense nasies gelei om menslike offers te bring, wat glo nodig was om die guns van die Godheid te verseker; en afskuwelike wreedhede is onder die verskillende vorms van afgodediens gepleeg.

Die Rooms-Katolieke kerk, wat die vorme van heidendom en Christendom verenig en, soos die heidendom, die karakter van God verdraai, het dit vir gebruike wat nie minder wreed en weersinwekkend is nie, aangewend. In die dae van Rome se oppergesag, is daar instrumente van marteling gebruik om mense tot aanvaarding van haar leerstellings dwing. Die

brandstapel was daar vir diegene wat nie aan haar eise wou toegee nie. Daar was slagting op 'n ongekende skaal wat nooit bekend sal word totdat dit op die oordeelsdag oopgevlek word nie. Hoogwaardigheidsbekleërs het geleer om onder Satan, hulle meester, middele te bedink om die wreedste moontlike marteling uit te voer, sonder om die lewe van die slagoffer te beëindig. In baie gevalle is hierdie helse proses tot die uiterste grens van menslike uithouvermoë herhaal, totdat die natuur die stryd gewonne gegee en die lyer die dood as 'n heerlike bevryding verwelkom het.

Dit was die lot van Rome se teenstanders. Vir haar 570
aanhangers, het sy die dissipline van die gesel, honger en die foltering van alle bedenklike soorte liggaamlike straf gehad. Om die guns van die hemel te verseker, het boetvaardiges die wette van God oortree deur die wette van die natuur te oortree. Hulle is geleer om die bande wat Hy gevorm het om die mens se verblyf op die aarde te seën en te verbly, te verbreek. Die kerkhowe bevat miljoene slagoffers wat hulle lewens bestee het aan vergeefse pogings om hulle natuurlike geneenthede en elke gedagte en gevoel van medelye met hul medemens, wat volgens hulle aanstootlik vir God was, te onderdruk.

As ons die vasberade wreedheid van Satan, wat vir honderde jare lank, nie onder diegene wat nog nooit van God gehoor het nie, maar in die hart en regdeur die hele Christendom gemanifesteer is wil verstaan, hoef ons net na die geskiedenis van die Katolisisme kyk. Die vors van die bose bereik deur hierdie reuse stelsel van bedrog, sy doel om oneer aan God en ellende vir die mens te bring. En as ons sien hoedat hy daarin slaag om homself te vermom en sy werk deur die leiers van die kerk te verrig, sal ons beter kan verstaan waarom hy so 'n groot weersin in die Bybel het. As daardie Boek gelees word, sal die genade en liefde van God geopenbaar word; daar sal gesien word dat Hy geeneen van hierdie swaar laste op

mense lê nie. Al wat Hy vra, is ‘n gebroke en verslae hart, ‘n nederige, gehoorsame gees.

Christus het in sy lewe geen voorbeeld gestel vir manne en vroue om hulself in kloosters op te sluit om hulle vir die hemel geskik te maak nie. Hy het nooit geleer dat liefde en medelye onderdruk moet word nie. Die Heiland se hart loop oor van liefde. Hoe nader die mens tot sedelike volmaaktheid kom, hoe skerper word sy sintuie, hoe skerper is persepsie van sonde en hoe dieper is sy medelye met die geteisterde. Die pous maak daarop aanspraak dat hy die plaasvervanger van Christus is; maar hoe vergelyk sy karakter met die van ons Verlosser? Was Christus ooit bekend daarvoor dat hy mense na die gevangenis of die pynbank gestuur het omdat hulle Hom nie as die Koning van die hemel vereer het nie? Is Sy stem ooit gehoor dat Hy diegene wat Hom nie aangeneem het nie ter dood veroordeel? Toe Hy deur die mense van ‘n Samaritaanse dorpie beledig is, het die apostel Johannes verontwaardig gevra: “Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het?” (Luk 9:54). Jesus het sy dissipel met ontferming aangekyk en sy harde gees veroordeel deur te sê: “Die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.” (Luk 9:56). Hoe anders is die gees wat deur Christus geopenbaar word as die van sy beweerde plaasvervanger!

Die Roomse Kerk bied tans 'n regverdige front aan die 571
wêreld, met verskonings vir haar rekord van afskuwelike wreedhede. Sy het haarself in Christelike klere geklee; maar sy is onveranderd. Elke beginsel van die pousdom wat in die vorige eeue bestaan het, bestaan steeds vandag. Die leerstellings wat in die Donker eeue bedink is, word steeds gehandhaaf. Laat niemand hulself mislei nie. Die pousdom wat Protestante nou so geneig is om te eer, is dieselfde wat die wêreld in die tyd van die Hervorming regeer het, toe die manne van God in gevaar van hul lewe opgestaan het om hulle ongeregtigheid bloot te stel. Sy besit dieselfde trots en arrogante aanname wat oor

konings en vorste geheers het en die prerogatiewe van God vir haarself opgeëis het. Haar gees is tans nie minder wreed en despoties as toe sy menslike vryheid verbrysel en die heiliges van die Allerhoogste gedood het nie.

Die pousdom is presies wat die profesie verklaar het dat dit sou wees, naamlik die afvalligheid van die laaste dae. (2 Thes 2:3,4). Dit is deel van haar beleid om die karakter aan te neem wat haar doel die beste sal bereik; maar onder die wisselende voorkoms van 'n verkleurmannetjie, verberg sy die onveranderlike gif van ‘n slang. “Geloof behoort nie by ketters of persone wat van kettery verdink word nie” verklaar sy. — Lenfant, *History of the Council of Constance*, vol 1, bl 516. Sal hierdie mag wie se geskiedenis vir ‘n duisend jaar met die bloed van die heiliges geskryf is, nou as deel van die kerk van Christus erken word?

Dit is nie sonder rede dat die bewering dat Katolisisme minder van Protestantisme verskil as vroeër aangevoer word nie. Daar het ‘n verandering plaasgevind; maar die verandering het nie in die pousdom plaasgevind nie. Katolisisme lyk vandag inderdaad baie na hedendaagse Protestantisme; maar dit is omdat Protestantisme sedert die dae van die hervormers so ontaard het!

Namate die Protestante die guns van die wêreld gesoek het, 572
het valse welwillendheid hulle oë verblind. Hulle sien nie in dat dit nie reg is om goed van kwaad te dink nie; en die onvermydelike gevolg sal wees dat hulle uiteindelik kwaad van alles wat goed is sal dink. In plaas daarvan om ter verdediging van die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is, te staan, vra hulle Rome as’t ware om verskoning vir hul onbarmhartige mening van haar en vir hul bekrompenheid.

‘n Groot klas, selfs van diegene wat nie gunstig teenoor Rome gesind is nie, het min besef van die gevaar van haar mag en invloed. Baie mense dring daarop aan dat die intellektuele en morele duisternis wat gedurende die Middeleeue geheers

het, die verspreiding van haar dogmas, bygelowe en verdrukking bevoordeel het en dat die toename in intelligensie van die moderne tye, die algemene verspreiding van kennis en toenemende vryheid in godsdienssake, ‘n herlewing van die onverdraagsaamheid en tirannie van Rome sal belet. Selfs die gedagte dat so ‘n toestand van sake in hierdie verligte tye kan bestaan, word as belaglik afgemaak. Dit is waar dat groot lig, intellektueel, moreel en godsdienstig, tans op hierdie generasie skyn. Deur die oop bladsye van God se Heilige Woord, is lig uit die hemel op die wêreld gewerp. Maar daar moet onthou word dat hoe groter die lig, hoe groter die duisternis van diegene wat dit verdraai en verwerp.

‘n Biddende studie van die Bybel sou die ware karakter van die pousdom aan Protestante toon en dit sou hulle met afsku daarvan weerhou; maar vele is so wys in hul eie verwaandheid, dat hulle geen behoefte het om nederig tot God te nader sodat hulle in die waarheid gelei kan word nie. Alhoewel hulle trots op hul verligtheid is, is hulle onkundig oor beide die Skrif en die krag van God. Hulle moet op een of ander wyse hul gewete sus en soek die middel wat die minste vernederend en geestelik is. Wat hulle begeer, is ‘n metode waardeur hulle van God kan vergeet, wat as ‘n metode om Hom te onthou voorgehou kan word. Die pousdom is goed aangepas om aan hierdie behoeftes te voldoen. Dit is vir twee klasse van mense, wat byna die ganse wêreld omvat, voorberei — diegene wat deur hul eie verdienste gered sal word en diegene wat in hulle sondes gered sal word. Hierin lê die geheim van haar mag.

Daar is getoon dat 'n dag van groot intellektuele duisternis 573
gunstig vir die sukses van die pousdom is. Maar daar sal nog getoon word dat ‘n dag van groot intellektuele lig ewe gunstig vir die sukses daarvan is. In die verlede toe mense sonder die Woord van God en sonder ‘n kennis van die waarheid was, was hulle oë verblind en duisende was vasgevang en het nie die net wat voor hulle voete oopgesprei was gesien nie. In hierdie generasie is daar baie wie se oë deur die fel glans van menslike

bespiegelinge, “wetenskap valslik so genoem” verblind word; hulle kan nie die net onderskei nie en loop so maklik daarin, asof hulle geblinddoek is. Dit was God se voorneme dat die intellektuele vermoë van die mens as 'n gawe van sy Skepper beskou moes word en in diens van waarheid en geregtigheid aangewend moes word; maar wanneer hoogmoed en ambisie gekoester word en die mens sy teorieë bo die Woord van God verhef, kan intelligensie groter skade as onkunde aanrig. So sal die valse wetenskap van vandag, wat geloof in die Bybel ondermyn, net so suksesvol wees om die weg vir die pousdom met al sy aangename vorme wees, soos wat die weerhouding van kennis met die aanvang van die weg tot sy verheerliking in die Donker Eeue was.

In die beweging wat tans in die Verenigde State aan die gang is om die steun van die staat vir die instellings en gebruike van die kerk te verseker, volg Protestante in die voetspore van Katolieke. Nee, wat meer is, hulle is besig om die deur vir die pousdom oop te maak om die oppergesag wat sy in die Ou Wêreld verloor het, in Protestantse Amerika te herwin. En wat groter betekenis aan hierdie beweging gee, is die feit dat die hoofdoel daarvan die verpligte onderhouding van Sondag is — ‘n gebruik wat sy oorsprong in die Rooms-Katolieke kerk het en wat volgens haar, die teken van haar gesag is. Dit is die gees van die pousdom — die gees van gelykvormigheid aan wêreldse gebruike, die verering van menslike tradisies bo die gebooie van God, wat die Protestantse kerke deurdring, is en lei tot dieselfde werk van verheffing van die Sondag, soos die pousdom voor hulle gedoen het.

As die leser die werkkragte wat in die komende stryd 574
aangewend gaan word, wil verstaan, hoef hy maar net die rekord van die middele wat Rome vir dieselfde doel in die vorige eeue aangewend het, na te gaan. As hy wil weet hoe Katolieke en Protestante wat verenig is, teenoor diegene wat hul dogmas

verwerp sal optree, laat hom die gees wat Rome teenoor die Sabbat en die verdedigers daarvan geopenbaar het, sien.

Koninklike dekrete, algemene rade, kerk-ordonnansies wat deur sekulêre mag gehandhaaf word, was die stappe waarop die heidense feesdag sy ere-posisie in die Christelike wêreld bereik het. Die eerste openbare maatreël wat die onderhouding van Sondag afgedwing het, was die wet wat Konstantyn in 321 nC uitgevaardig het. *(Sien bylaag).* Hierdie dekreet het vereis dat die dorpenaars op die "eerwaardige dag van die son" moes rus, maar het landbouers toegelaat om met hul landboubedrywighede voort te gaan. Hoewel dit feitlik 'n heidense statuut was, is dit deur die keiser ná sy sogenaamde aanvaarding van die Christelike geloof afgedwing.

Omdat die keiserlike mandaat nie 'n voldoende plaasvervanger vir Goddelike gesag was nie, het Eusebius, 'n biskop wat die guns van die vorste gesoek het en wat 'n spesiale vriend en bewonderaar van Konstantyn was, aangevoer dat Christus die Sabbat na Sondag oorgedra het. Nie 'n enkele getuienis uit die skrif is as bewys getoon om hierdie nuwe leerstelling te staaf nie. Eusebius het self onwetend die valsheid daarvan erken en gewys op die werklike outeurs van die verandering. "Alle dinge..." het hy gesê, "...wat ook al ons plig was om op die Sabbat te doen, dit het ons oorgedra na die dag van die Here." — R Cox, *Sabbath Laws and Sabbath Duties*, bl 538. Maar die Sondag-argument, ongegrond soos dit was, het gedien om die mense aan te moedig om die Sabbat van die Here te vertrap. Almal wat deur die wêreld vereer wou word, het hierdie gewilde feesdag aanvaar.

Soos die pousdom stewig gevestig geraak het, is die 575
verheffing van Sondag voortgesit. Vir 'n tyd het die mense met hulle landbouwerk voortgegaan en nie kerk toe gegaan nie en die sewende dag was steeds as die Sabbat beskou. Maar geleidelik het daar verandering ingetree. Diegene wat in die heilige amp was, was verbied om op Sondae uitspraak te lewer

in enige burgerlike geskil. Kort daarna is alle mense, van watter rang ook al, beveel om hulle van gewone werk te weerhou met straf van 'n boete vir vry mense en geseling in die geval van slawe. Later is bepaal dat gegoede mense met die verlies van die helfte van hulle besittings gestraf moes word; en uiteindelik, indien hulle steeds hardnekkig was, sou hulle slawe word. Die laer klasse sou vir altyd verban word.

Wonderwerke is ook ingeroep. Onder ander wonders is vertel dat toe 'n landbouer sy grond op 'n Sondag wou ploeg en sy ploeg met 'n stuk yster wou skoonmaak, het die yster aan sy hand vasgesit en hy moes dit vir twee jaar saam met hom ronddra, "...in verskriklike pyn en tot groot skande..." — Francis West, *Historical and Practical Discourse on the Lord's Day*, bl 174.

Later het die pous opdrag gegee dat die priester van die gemeente, die oortreders van die Sondag moes vermaan en hulle moes gebied om na die kerk te gaan en hul gebede op te sê, sodat hulle nie 'n groot ramp op hulleself en hul bure sou bring nie. 'n Kerkraad, selfs Protestante, het die argument so aangewend dat, na aanleiding van die feit dat mense wat op die Sondag gearbei het deur weerlig getref is, dit as gevolg van die Sabbat moet wees. "Dit is duidelik..." het die prelate gesê, "...hoe verskriklik dit God mishaag as hulle hierdie dag verontagsaam." Daar is toe 'n beroep op priesters en predikante, konings en vorste en alle gelowiges gedoen "...om alles in hulle vermoë te doen om te sorg dat die dag weer in sy ere herstel word en dat dit vir die welsyn van die Christendom in die vervolg plegtig gevier moes word." — Thomas Morer, *Discourse in Six Dialogues on the Name, Notion and Observation of the Lord's Day*, bl 271.

Omdat die dekrete van konsilies onvoldoende blyk te gewees het, is die sekulêre owerhede gevra om 'n edik uit te vaardig wat vrees in die harte van die mense sou inboesem en hulle sou dwing om hulle op 'n Sondag van werk te weerhou.

Op ‘n sinode wat in Rome gehou is, is alle vorige besluite met groter krag en plegtigheid herbevestig. Hulle is in die kerklike wet opgeneem en deur die burgerlike owerhede deur byna die hele Christendom afgedwing. (Sien Heylyn se *History of the Sabbath*, pt 2, hfst 5, art 7).

Maar steeds het die gebrek aan skriftuurlike gesag vir die 576
onderhouding van die Sondag groot verleentheid veroorsaak. Die mense het die reg van hul leraars, om die positiewe verklaring van Jehova, “...die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God...” ter syde te stel, om die Sondag te eerbiedig, bevraagteken. Om te voorsien in die gebrek aan Bybelse getuienis, was ander hulpmiddels nodig. ‘n Ywerige voorstander van Sondag, wat teen die einde van die twaalfde eeu die kerke van Engeland besoek het, is deur getroue getuies van die waarheid weerstaan en sy pogings was so vrugteloos dat hy die land vir ‘n tyd verlaat het om na middels te soek om sy leerstellings te bekragtig. Nadat hy teruggekeer het, is daar aan die tekort voldoen en het hy meer sukses behaal. Hy het ‘n boekrol saamgebring wat hy beweer het van God self afkomstig was en dat dit die nodige opdrag vir die onderhouding van Sondag bevat het, asook skrikwekkende dreigemente om die ongehoorsames vrees in te boesem. Daar is beweer dat hierdie kosbare dokument, wat net so vals was soos die instelling wat dit ondersteun het, uit die hemel geval het en in Jerusalem op die altaar van St Simeon op Golgota gevind is. Maar eintlik was die bron waarvandaan dit gekom het, die pouslike paleis in Rome. Bedrog en vervalsings om die mag en welvaart van die kerk te bevorder, is in alle eeue deur die pouslike hiërargie geoorloof.

Die rol het arbeid vanaf die negende uur, dit is drieuur op 577
Saterdagmiddag, tot sonop op Maandag verbied; en die gesag daarvan is beweer deur baie wonderwerke bevestig te wees. Na berig is, was persone wat langer as die vasgestelde uur gewerk het, verlam. ‘n Meulenaar wat probeer het om sy mielies te maal, het in plaas van meel, 'n stortvloed bloed sien

voortkom en die meule het stilgestaan ten spyte van 'n sterk stroom water. ‘n Vrou wat deeg in die oond geplaas het, het gevind dat, alhoewel die oond baie warm was, die deeg nog rou was toe sy dit uithaal. ‘n Ander een wat die deeg gereed gehad het om te bak, maar besluit het om dit tot Maandag te laat oorstaan, het die volgende dag ontdek dat die deeg deur Goddelike krag in brode opgemaak en klaar gebak is ‘n Man wat op Saterdag, na die negende uur brood gebak het, het gevind dat, toe hy dit die volgende dag oopgebreek het, bloed daaruit gekom het. Deur sulke belaglike en bygelowige versinsels het die voorstanders van Sondag gepoog om die heiligheid daarvan te bevestig. — (Sien Roger de Hoveden, *Annals*, vol 2, bl 528-530).

In Skotland, soos in Engeland, is groter agting vir Sondag verkry deur ‘n deel van die ou Sabbat daaraan te verbind. Maar die tyd wat heilig gehou moes word het gewissel. In ‘n dekreet deur die koning van Skotland, is daar bepaal dat “Saterdag van twaalfuur af heilig beskou moes word...” en dat niemand van daardie tyd af tot Maandagoggend enige wêreldse sake mag doen nie. — Morer, *Dialogues on the Lord’s Day*, bl 290, 291.

Maar ondanks al die pogings om die heiligheid van Sondag te bewerkstellig, het pousgesindes self die Goddelike gesag van die Sabbat bely en die menslike oorsprong van die instelling wat dit vervang het, erken. In die sestiende eeu het ‘n pouslike raad duidelik verklaar: “Laat alle Christene onthou dat die sewende dag deur God geheilig is en dat dit nie slegs deur die Jode nie, maar deur alle ander mense wat beweer het dat hulle God aanbid, ontvang en onderhou is; hoewel ons Christene hulle Sabbat na die dag van die Here verander het.” — *Id*, bl 281, 282. Diegene wat aan die Goddelike wet gepeuter het, was nie onkundig oor die aard van hulle daad nie. Hulle het hulself doelbewus bo God gestel.

'n Treffende illustrasie van die beleid van Rome ten opsigte 578
van diegene wat nie met haar saamstem nie, word in die

langdurige en bloedige vervolging van die Waldense gesien, sommige van wie die Sabbat onderhou het. Ander het op dieselfde wyse as gevolg van hul getrouheid aan die vierde gebod gely. Die geskiedenis van die kerke in Etiopië en Abessinië is besonder betekenisvol. Te midde van die somberheid van die Donker Eeue, is die Christene van Sentraal-Afrika deur die wêreld uit die oog verloor en vergete en hulle het eeue lank die vryheid geniet om hul geloof uit te oefen. Maar uiteindelik het Rome van hulle verneem en die keiser van Abessinië is spoedig verlei tot 'n erkenning van die pous as die vikaris van Christus. Ander toegewings het gevolg. ‘n Dekreet wat die onderhouding van die Sabbat, onder die strengste strawwe verbied, is uitgereik. (Sien *Church History of Ethiopia*, bl 311, 312). Maar die pouslike tirannie het gou 'n juk geword wat so ondraaglik geword het, dat die Abessiniërs vasbeslote was om die juk te verbreek. Na ‘n heftige stryd is die Katolieke uit die land verban en die eertydse geloof is herstel. Die kerke was verheug oor hul vryheid en hulle het nooit die les wat hulle geleer het rakende die misleiding, die fanatisme en despotiese mag van Rome vergeet nie. Hulle was tevrede om in hulle afgesonderde land te woon, onbekend aan die res van die Christendom.

Die kerke van Afrika het die Sabbat gevier soos dit deur die pouslike kerk voor haar algehele afvalligheid gevier is. Terwyl hulle die sewende dag in gehoorsaamheid aan die gebod van God gehou het, het hulle hul op Sondag, in ooreenstemming met die gebruik van die kerk, van werk onthou. Met die verkryging van oppergesag, het Rome die Sabbat van God vertrap om haar eie sabbat te verhef; maar die kerke van Afrika, wat vir byna ‘n duisend jaar onbekend was, het nie in hierdie afvalligheid gedeel nie. Toe hulle onder die heerskappy van Rome gebring is, is hulle gedwing om die ware Sabbat te versaak en die valse te verhef; maar nadat hulle hul onafhanklikheid herwin het, het hulle weer die vierde gebod gehoorsaam. *(Sien bylaag).*

Hierdie verslae van die verlede openbaar duidelik die vyandskap van Rome teenoor die ware Sabbat en die verdedigers daarvan, asook die middele wat sy aangewend het om die instelling van haar skepping te eer. Die woord van God leer dat hierdie tonele herhaal sal word wanneer Rooms-Katolieke en Protestante in die verheffing van Sondag sal verenig.

Die profesie van Openbaring 13 verklaar dat die mag wat 579
deur die dier met die lamshorings voorgestel word sal "...maak dat die aarde en die wat daarop woon..." die pousdom sal aanbid, wat daar deur die dier wat "...soos 'n luiperd..." lyk gesimboliseer word. Die dier met die twee horings sal ook "...aan die bewoners van die aarde ... sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die..." dier en verder, "...hy maak dat aan almal, klein en groot en die rykes en die armes en die vry mense en die slawe 'n merk ... gegee word..." naamlik die merk van die dier. (Openb 13:11-16). Daar is getoon dat die Verenigde State die mag is wat deur die dier met die lamshorings voorgestel word en dat hierdie profesie vervul sal word wanneer die Verenigde State die viering van Sondag sal afdwing, wat Rome beweer die spesiale erkenning van haar oppergesag is. Maar die Verenigde State sal nie alleen in hierdie huldebetoon aan die pousdom wees nie. Die invloed van Rome in die lande wat voorheen haar heerskappy erken het, is nog lank nie vernietig nie. En profesie voorspel 'n herstel van haar mag. "Ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." (Openb 13:3). Die toediening van die dodelike wond dui op die ondergang van die pousdom in 1798. Verder sê die profeet: "Sy dodelike wond is genees en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan." Paulus stel dit duidelik dat "...die mens van sonde..." tot die tweede koms van Christus sal voortbestaan. (2 Thes 2:3-8.) Tot die einde van tyd sal hy die werk van misleiding voortsit. En die openbaarder, met verwysing na die pousdom, verklaar: "Al die bewoners van die

aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe ... geskrywe is nie.” (Openb 13:8.) In beide die Ou- en die Nuwe Wêreld sal daar hulde aan die pousdom betoon word deur die verering van Sondag, die instelling wat uitsluitlik op die gesag van die Roomse Kerk berus.

Sedert die middel van die negentiende eeu het studente van die profesieë in die Verenigde State hierdie getuienis aan die wêreld te gelewer. In die gebeure wat tans plaasvind, nader ons vinnig die tyd vir die vervulling van hierdie voorspelling. By Protestantse leraars is daar net so min Goddelike gesag en Skriftuurlike bewys vir die viering van Sondag, as wat die pouslike leiers wonderwerke versin het om in die plek van 'n opdrag van God te voorsien. Die bewering dat die oordele van God oor die mens besoek sal word vir die oortreding van die Sondag-sabbat, sal tref vir die ontheiliging van die Sondag-sabbat, sal herhaal word; daar word reeds daarop aangedring. En die beweging om die onderhouding van Sondag af te dwing is besig om vinnig veld te wen.

Wonderbaarlik is die Roomse Kerk se listigheid en slinksheid. 580
Sy kan vooruit sien wat sal gebeur. Sy wag haar tyd af en sy sien dat die Protestantse kerke hulde aan haar betoon deur die aanvaarding van die valse sabbat en dat sy besig is om voor te berei om dit af te dwing deur dieselfde metodes wat sy in vervloë dae toegepas het. Diegene wat die lig van die waarheid verwerp, sal steeds die hulp van hierdie self-aangestelde onfeilbare mag soek om ‘n instelling wat by haar ontstaan het te verhef. Hoe geredelik Rome sal wees om Protestante in hierdie werk tot hulp te kom, is nie moeilik om te sien nie. Wie verstaan beter as die pouslike leiers hoe om teenoor diegene wat aan die kerk ongehoorsaam is, op te tree?

Die Rooms-Katolieke Kerk, met al haar gevolge regdeur die wêreld, is ‘n magtige organisasie onder die beheer van en ontwerp om die belange van die pouslike stoel te dien. Aan haar

miljoene lidmate in elke land ter wêreld, word opdrag gegee om hulself gebonde in getrouheid aan die pous te hou. Ongeag hul nasionaliteit of regering, moet hulle die gesag van die kerk as die hoogste gesag beskou. Alhoewel hulle 'n eed van lojaliteit aan ‘n staat mag aflê, lê daar desnieteenstaande 'n eed van gehoorsaamheid aan Rome daaragter, wat hulle vrystel van elke belofte wat skadelik vir haar belange is.

Die geskiedenis getuig van haar listige en volgehou pogings 581
om met die sake van die nasies in te meng; en nadat sy 'n vastrapplek gekry het, haar eie doelwitte tot ondergang van mense en selfs pouse bevorder het. In die jaar 1204 het Pous Innocentius lll die volgende buitengewone eed uit Petrus II, koning van Aragon, getrek: “Ek, Petrus, koning van die Arragoniërs, bely en belowe dat ek my heer, Pous Innocentius, sy Katolieke opvolgers en die Roomse Kerk getrou en gehoorsaam sal wees en my koninkryk getrou sal bewaar in gehoorsaamheid aan hom, die Katolieke geloof sal verdedig en ketterse verdorwenheid sal vervolg.” — J Dowling, *History of Romanism*, boek 5, hfst 6, art 55. Dit stem ooreen met die bewerings aangaande die mag van die Roomse pous, dat dit “...geoorloof is om keisers te onttroon en dat hy onderdane van hulle eed van trou aan onregverdige heersers kan onthef.”—Mosheim, *Ecclesiastical History*, boek 3, 11e eeu, pt 2, hfst 2, art 9, aantekening 17*. (Sien ook bylaag nota vir bl 447).*

En laat dit onthou word, Rome roem daarop dat sy nooit verander nie. Die beginsels van Gregorius VII en Innocentius III, is steeds die beginsels van die Rooms-Katolieke Kerk. En as sy net die mag gehad het, sou sy dit nou met net soveel krag as die afgelope eeue in die praktyk toegepas het. Protestante is onbewus van wat hulle doen wanneer hulle voorstel dat die hulp van Rome ingeroep word vir die verheffing van Sondag. Terwyl hulle daarop ingestel is om hulle doel te bereik, is Rome daarop gemik om haar mag te herstel, om haar verlore oppergesag te herstel. Laat die beginsel eenmaal in die

Verenigde State vasgestel word dat die kerk die mag van die staat mag gebruik of beheer; dat godsdienstige nakoming deur sekulêre wette afgedwing kan word; in kort, dat die gesag van kerk en staat die gewete mag oorheers, dan is die oorwinning van Rome in hierdie land verseker.

Die Woord van God het ons teen die dreigende gevaar gewaarsku; laat dit verontagsaam word en die Protestantse wêreld sal spoedig leer wat die doelwit van Rome werklik is, slegs wanneer dit te laat is om uit die strik te ontsnap. Ongemerk neem sy in mag toe. Haar leerstellings oefen invloed in wetgewende lokale, in kerke en in die harte van mense uit. Sy stapel haar hoë en massiewe strukture in die geheime inhamme vanwaar sy haar vorige vervolgings sal herhaal. Sluimerend en niks vermoedend versterk sy haar kragte om haar eie doel te bevorder vir die tyd wanneer sy moet toeslaan. Al wat sy begeer, is ‘n uitkykpunt en dit word reeds aan haar gegee. Ons sal binnekort sien en ervaar wat die doel van die Roomse element is. Elkeen wat die Woord van God sal glo en gehoorsaam, sal daardeur smaad en vervolging op die hals haal.

 582

# Dreigende Konflik

Vanaf die begin van die groot stryd in die hemel, was dit Satan se doel om die wet van God omver te werp. Dit was om dit te bewerkstellig, dat hy in opstand teen die Skepper gekom het en hoewel hy uit die hemel gewerp is, het hy hierdie oorlogvoering op die aarde voortgesit. Die doel wat hy onwrikbaar nagestreef het, was om mense te mislei om God se wet te oortree. Of dit bereik word deur die hele wet omver te werp, of slegs een van die voorskrifte daarvan te verwerp, die gevolge sal dieselfde wees. Hy wat in een opsig oortree, betoon minagting vir die hele wet; sy invloed en voorbeeld is aan die kant van die oortreding; hy "...het aan almal skuldig geword." (Jak 2:10).

In 'n poging om minagting op die Goddelike insettinge te werp, het Satan die leerstellings van die Bybel verdraai en so is dwalinge opgeneem in die geloof van duisende wat bely dat hulle die Skrif glo. Die laaste groot konflik tussen waarheid en dwaling, is slegs die finale stryd van die jarelange geskil oor die wet van God. Ons betree nou hierdie stryd – 'n stryd tussen die wette van mense en die voorskrifte van Jehova, tussen die godsdiens van die Bybel en die godsdiens van versinsels en tradisie.

Die werkkragte wat teen die waarheid en geregtigheid in 583
hierdie stryd sal verenig, is reeds aktief aan die werk. Die heilige Woord van God wat aan ons oorgelewer is teen so 'n hoë prys van lyding en bloed, word maar min waardeer. Die Bybel is binne almal se bereik, maar daar is min wat dit werklik as 'n gids vir die lewe aanvaar. Ongeloof heers tot 'n kommerwekkende mate, nie slegs in die wêreld nie, maar ook in die kerk. Baie het die leerstellings wat die kern van die Christelike geloof vorm ontken. Die groot waarhede van die skepping, die sondeval, die versoening en die ewigheid van die wet van God, soos deur

geïnspireerde skrywers voorgestel, word feitlik in geheel of gedeeltelik deur ‘n groot gedeelte van die beweerde Christenwêreld verwerp. Duisende wat op hulle wysheid en onafhanklikheid roem, beskou dit as ‘n teken van swakheid om implisiete vertroue in die Bybel te hê; hulle meen dat dit ‘n bewys van voortreflike talente en geleerdheid is om die Skrif te betwis en die belangrikste waarhede te vergeestelik en weg te verduidelik. Baie predikante leer hul gemeentes en baie professore en onderwysers leer hul studente dat die wet van God verander of afgeskaf is; en diegene wat die vereistes daarvan nog as geldig beskou om letterlik gehoorsaam te word, word as 'n bespotting of met minagting beskou.

Deur die waarheid te verwerp, verwerp mense die Outeur daarvan. As hulle die wet van God vertrap, ontken hulle die gesag van die Wetgewer. Dit is net so maklik om ‘n afgod van valse leerstellings en teorieë te maak, as om 'n afgod uit hout of klip te vorm. Deur die eienskappe van God verkeerd voor te stel, lei Satan mense om ‘n valse besef van die karakter van God te kry. By baie word ‘n filosofiese afgod in die plek van Jehova gekroon; terwyl die lewende God, soos Hy in Sy Woord, in Christus en in die skepping geopenbaar word, deur slegs ‘n paar aanbid word. Duisende vergoddelik die natuur, terwyl hulle die God van die natuur verloën. Alhoewel dit in ‘n ander vorm bestaan, bestaan afgodery in die Christelike wêreld vandag net so gewis as wat dit in die dae van Elia onder antieke Israel bestaan het. Die God van baie beweerde wyse manne, filosowe, digters, politici, joernaliste — die god van die gepoleerde modieuse kringe, van baie kolleges en universiteite en selfs van sommige teologiese instellings – is weinig beter as Baäl, die songod van Fenicië.

Geen dwaling wat deur die Christelike wêreld aangeneem 584
word, val die gesag van die hemel meer blatant aan nie; niemand is meer direk teen die voorskrifte van rede gekant nie; niks is meer skadelik in die gevolge daarvan, as die moderne leerstelling wat so vinnig veld wen, dat God se wet nie langer

bindend vir die mens is nie. Elke nasie het sy wette wat respek en gehoorsaamheid vereis; geen regering kan daarsonder bestaan nie; en kan die mening dan toegedaan word dat die Skepper van die hemel en die aarde geen wet het om die wesens wat Hy gemaak te regeer nie? Veronderstel dat vooraanstaande predikante in die openbaar moes verkondig dat die wette wat hulle land regeer en die regte van sy burgers beskerm nie verpligtend was nie, dat hulle die vryhede van die volk beperk en daarom nie gehoorsaam moet word nie, hoe lank sou sulke mense op die preekstoel geduld word? Is dit 'n ernstiger misdaad om die wette van 'n volk te verontagsaam as om die Goddelike voorskrifte wat die grondslag van alle regerings is, te vertrap?

Dit sou baie meer konsekwent vir nasies wees om hul insettinge af te skaf en die mense toe te laat om te doen wat hulle wil, as dat die Heerser van die heelal Sy wet nietig verklaar en die wêreld sonder maatstawwe laat om die skuldiges te veroordeel of die gehoorsames te regverdig. Sou ons wou weet wat die gevolge sou wees as die wet van God tot niet verklaar word? Hierdie eksperiment is reeds probeer. Verskriklik was die tonele wat in Frankryk afgespeel het toe ateïsme die beherende mag geword het. Daar is toe aan die wêreld getoon dat met verwerping van die beperkings wat God opgelê het, die heerskappy van die wreedste tiranne aanvaar moet word. Wanneer die maatstaf van geregtigheid tersyde gestel word, is die weg vir die vors van die bose oop om sy mag op die aarde te vestig.

Oral waar die Goddelike voorskrifte verwerp word, hou sonde op om sondig voor te kom, of geregtigheid begeerlik. Diegene wat weier om hulle aan die regering van God te onderwerp, is heeltemal ongeskik om hulself te regeer. Deur hulle verderflike leringe word die gees van ongehoorsaamheid in die harte van kinders en jeugdiges ingeplant, wat van nature nie beheer wil word nie; en 'n wettelose, losbandige samelewing is die gevolg. Terwyl hulle met die

goedgelowigheid van diegene wat die gebooie van God gehoorsaam spot, aanvaar die massas gretig die bedrog van Satan. Hulle oorhandig die leisels aan wellus en beoefen die sondes wat die oordeel van God oor die heidene laat kom het.

Diegene wat die mense leer om die gebooie van God ligtelik 585
op te neem, saai ongehoorsaamheid om ongehoorsaamheid te maai. Laat die beheer wat deur die Goddelike wet opgelê word heeltemal verwerp word en menslike wette sal binnekort verontagsaam word. Omdat God oneerlike praktyke, begeerlikhede, leuens en bedrog verbied, is mense gereed om Sy insettinge as 'n belemmering van hul wêreldse voorspoed te vertrap; maar die gevolge van die afskaffing van hierdie wette, sou nie wees soos wat hulle verwag het nie. As die wet nie bindend was nie, waarom sou daar enige vrees wees om te oortree? Besittings sou nie langer veilig wees nie. Mense sou hul naaste se besittings met geweld afneem en die sterkstes sou ryk word. Die lewe self sou nie gerespekteer word nie. Die huweliksbelofte sou nie langer 'n heilige skans wees om die gesin te beskerm nie. Hy wat die mag het sou, as hy wou, sy naaste se vrou met geweld neem. Die vyfde gebod sou saam met die vierde tersyde gestel word. Kinders sou nie terugdeins om die lewe van hul ouers te neem as hulle daardeur die begeerte van hul korrupte harte kon verkry nie. Die beskaafde wêreld sou in ‘n horde van rowers en moordenaars omskep word en vrede, rus en geluk sou van die aarde wyk.

Die leerstelling dat mense van gehoorsaamheid aan die 586
wette van God vrygestel is, het reeds die krag van sedelike verpligting verswak en die sluise van ongeregtigheid oor die wêreld oopgemaak. Wetteloosheid, losbandigheid en korrupsie kom oor die wêreld soos ‘n oorweldigende vloedgolf. Satan is aan die werk in die gesin. Sy vaandel wapper selfs in beweerde Christelike huishoudings. Daar is afguns, kwaadwilligheid, skynheiligheid, vervreemding, wedywering, stryd, verraad van heilige vertroue en toegewing aan wellus. Die hele stelsel van godsdienstige beginsels en leerstellings wat die grondslag en

raamwerk van die samelewing moet vorm, blyk 'n wankelende massa te wees wat gereed is om in duie te stort. Wanneer die boosaardigste misdadigers weens hul oortredings in die tronk gegooi word, ontvang hulle dikwels geskenke en word daar aandag aan hulle geskenk asof hulle 'n benydenswaardige onderskeid bereik het. Groot publisiteit word aan hul karakter en misdade verleen. Die pers publiseer die oproerige besonderhede van ondeug en begin sodoende ander te lei in die praktyk van bedrog en moord; en Satan is verheug oor die sukses van sy helse planne. Die begeerlikheid van ondeug, die roekelose neem van lewe, die ontsettende toename van onmatigheid en ongeregtigheid van allerlei aard, behoort almal wat God vrees op te wek om te ondersoek wat gedoen kan word om die gety van boosheid te keer.

Geregshowe is korrup. Regeerders is met ‘n begeerte vir wins en ‘n liefde vir sensuele plesier besiel. Onmatigheid benewel die sinne van baie, sodat Satan hulle byna volkome beheer. Juriste, word omgekoop en mislei. Dronkenskap en brassery, hartstog, afguns en allerlei oneerlikheid word deur diegene wat die wet moet toepas, verteenwoordig. “So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark en wat reg is, kan nie binnekom nie.” (Jes 59:14).

Die ongeregtigheid en geestelike duisternis wat onder die 587
oppergesag van Rome geheers het, was die onvermydelike gevolg van haar onderdrukking van die Skrif; maar waar word die oorsaak van die wydverspreide ongeloof, die verwerping van die wet van God en die gevolglike korrupsie, onder die volle vlam van die evangeliese lig in 'n era van godsdiensvryheid gevind? Noudat Satan die wêreld nie langer onder sy beheer kan hou deur die Skrif te weerhou nie, gebruik hy ander maniere om dieselfde doel te bereik. Om geloof in die Bybel te vernietig, dien sy doel net so goed as om die Bybel self te vernietig. Deur mense te oortuig dat die wet van God nie langer bindend is nie, lei hy hulle, asof hulle geen kennis van die

gebooie het nie, daadwerklik tot oortreding. En tans net soos in vorige eeue, werk hy deur die kerk om sy planne te bevorder. Die godsdienstige organisasies van vandag het geweier om na die ongewilde waarhede, wat duidelik in die Skrif gesien word te luister en in die bestryding daarvan, het hulle vertolkings en standpunte aangeneem wat die saad van skeptisisme wyd gesaai het. Deur vas te hou aan die pouslike dwaling van natuurlike onsterflikheid en die mense se bewussyn in die dood, het hulle die enigste verdediging teen die misleiding van spiritisme verwerp. Die leerstelling van ewige foltering het daartoe gelei dat baie mense nie die Bybel glo nie. En soos die vereistes van die vierde gebod aan die volk voorgehou word, is dit duidelik dat die onderhouding van die Sewendedag-Sabbat gebied word; maar om hulleself van 'n plig wat hulle nie wil nakom nie te vrywaar, verklaar baie van die gewilde leraars dat die wet van God nie langer bindend is nie. So het hulle die wet saam met die Sabbat verwerp. Namate die werk van Sabbat-hervorming uitbrei, sal hierdie verwerping van die Goddelike wet om die aansprake van die vierde gebod te vermy, amper universeel word. Die leringe van godsdienstige leiers het die deur vir ongeloof, spiritisme en minagting van die heilige wet van God oopgemaak; en op hierdie leiers rus 'n verskriklike verantwoordelikheid vir die ongeregtigheid wat in die Christen-wêreld bestaan.

Tog het hierdie einste klas beweer dat die vinnige 588
verspreidende korrupsie grotendeels aan die skending van die sogenaamde "Christelike Sabbat" toegeskryf kan word en deur die onderhouding van die Sondag af te dwing, die sedes van die samelewing aansienlik sal verbeter. Hierdie bewering word veral in Amerika aangespoor, waar die leerstelling van die ware Sabbat die meeste verkondig is. Hier word die werk van matigheid, een van die belangrikste morele hervormings, dikwels met die Sondag-beweging gekombineer en die voorstanders van laasgenoemde gee voor dat hulle die hoogste belange van die samelewing bevorder; en diegene wat weier

om met hulle te verenig, word as vyande van matigheid en hervorming uitgemaak. Maar die feit dat ‘n beweging vir die bevestiging van dwaalleer gekoppel is aan ‘n werk wat op sigself goed is, is nie 'n argument ten gunste van dwaalleer nie. Ons kan gif vermom deur dit met gesonde voedsel te meng, maar dit sal nie die aard daarvan verander nie. Inteendeel, dit word gevaarliker gemaak, want dan is dit meer geneig om onbewustelik ingeneem te word. Dit is een van Satan se instrumente om net genoeg waarheid met dwaalleer te meng om dit aanneemlik te maak. Die leiers van die Sondag-beweging mag hervormings voorstaan wat die volk nodig het, beginsels wat in ooreenstemming met die Bybel is, maar terwyl hierdie dinge gepaard gaan met vereistes wat teenstrydig met die wet van God is, kan Sy diensknegte nie met hulle verenig nie. Niks kan hulle regverdig om die gebooie van God vir die gebooie van mense tersyde te stel nie.

Deur die twee groot dwalings, naamlik die onsterflikheid van die siel en die heiligheid van die Sondag, sal Satan die mense onder sy misleiding bring. Terwyl eersgenoemde die grondslag vir spiritisme lê, skep laasgenoemde 'n band van samewerking met Rome. Die Protestante van die Verenigde State sal vooraan wees om die hand oor die kloof te strek en die hand van spiritisme te gryp; ook sal hulle die hand oor die kloof uitsteek om die hand van die Roomse mag te neem; en onder die invloed van hierdie drieledige eenwording, sal hierdie land in die stappe van Rome volg om die regte van die gewete te vertrap.

Namate Spiritisme die nominale Christendom van die dag naboots, verkry dit groter mag om te mislei en te verstrik. Satan is self volgens die moderne orde van dinge, bekeer. Hy sal in die karakter van ‘n engel van lig verskyn. Deur middel van spiritisme sal wonderwerke verrig word, siekes sal genees word en baie wonders wat nie ontken kan word nie, sal verrig word. En aangesien die geeste geloof in die Bybel sal bely en respek

vir die instellings van die kerk sal betoon, sal hulle werk as ‘n manifestasie van Goddelike mag aanvaar word.

Die skeidslyn tussen belydende christene en die goddelose 589
bestaan byna nie meer nie. Kerklede het die dinge lief wat die wêreld liefhet en is gereed om daaraan mee te doen en Satan is vasberade om die twee groepe in een liggaam te verenig om sodoende sy saak te versterk, deur almal in die geledere van spiritisme op te neem. Pousgesindes wat spog dat wonderwerke onmiskenbare tekens van die ware kerk is, sal baie maklik deur hierdie wonderwerkende mag mislei word; en omdat Protestante die skild van waarheid verwerp het, sal hulle ook mislei word. Katolieke, Protestante en wêreldlinge, sal almal die vorm van godsaligheid aanvaar, sonder die mag daarvan en in hierdie samesmelting, sal hulle 'n groot beweging vir die bekering van die wêreld en die inlui van die langverwagte millennium sien.

Deur spiritisme kom Satan voor as weldoener van die mens, wat siektes van mense genees en bely dat hy ‘n nuwe en meer verhewe stelsel van godsdienstige geloof aanbied; maar terselfdertyd werk hy as vernietiger. Sy versoekings lei menigtes tot hulle ondergang. Onmatigheid onttroon die rede; toegewing aan sensuele hartstogte, stryd en bloedvergieting is die gevolg. Satan skep behae in oorlog, want dit wek die ergste hartstogte van die siel op en dit voer dan die slagoffers van die ondeug en bloed, die ewigheid in. Dit is sy doel om die nasies aan te spoor om teen mekaar te veg, want sodoende kan hy die gedagtes van die mense van die voorbereidingswerk om op die dag van God te kan staan, weglei.

Satan werk ook deur die elemente om sy oes van onvoorbereide siele in te samel. Hy het die geheime van die laboratoriums van die natuur bestudeer en hy gebruik al sy mag om die elemente te beheer vir sover as wat God hom toelaat. Toe hy toegelaat is om Job te teister, hoe vinnig was die vee en beeste en diensknegte en huise en kinders weggevee! Die een

ramp het op die ander soos in ‘n oomblik opgevolg. Dit is God wat Sy skepsels beskerm en hulle teen die mag van die verwoester beskut. Maar die Christelike wêreld het minagting vir die wet van Jehova getoon; en die Here sal doen wat Hy verklaar het Hy sal doen — Hy sal Sy seëninge van die aarde onttrek en Sy beskermende sorg van diegene wat teen Sy wet in opstand kom en ander dwing om dieselfde te doen. Satan het beheer oor almal wat nie spesiaal deur God beskerm word nie. Hy sal sommige bevoordeel en voorspoedig maak om sy eie planne te bevorder en hy sal moeilikhede oor ander bring en mense laat glo dat dit God is wat hulle teister.

Terwyl hy vir die mensekinders as die groot geneesheer wat 590
al hul siektes kan genees voorkom, sal hy siekte en rampe veroorsaak totdat bevolkte stede tot ruïnes en verwoesting gereduseer is. Hy is reeds tans aan die werk. In ongelukke en rampe op land en see, in groot brande, in hewige tornado’s en geweldige haelstorms, in storms, oorstromings, siklone, vloedgolwe, op elke plek en in duisend vorms, oefen Satan sy mag uit. Hy vee rypwordende oeste weg en hongersnood en ellende is die gevolg. Hy besoedel die lug met 'n dodelike smet en duisende vergaan deur die pes. Hierdie rampe sal al hoe meer gereeld en rampspoedig word. Die mens sowel as die dier sal vernietig word. “Die aarde treur, dit verwelk ... en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.” (Jes 24:4,5).

En dan sal die groot bedrieër mense oortuig dat hulle wat God dien, die oorsaak van al die onheile is. Die klas wat die misnoeë van die Hemel uitgelok het, sal al hul probleme op diegene wie se gehoorsaamheid aan die gebooie van God ‘n voortdurende bestraffing vir die oortreders is, oplê. Daar sal verklaar word dat mense God mishaag deur die oortreding van die Sondag-sabbat; dat hierdie sonde die rampe veroorsaak het en nie sal ophou voordat die onderhouding van die Sondag nie

streng toegepas word nie; en dat diegene wat die aansprake van die vierde gebod voorhou, sodoende eerbied vir die Sondag vernietig, beroerders van die volk is en wat hul herstel tot Goddelike guns en tydelike voorspoed verhinder. So sal die beskuldiging van ouds teen die dienskneg van God herhaal word en op dieselfde grond bevestig word: "En net toe Agab Elia sien, vra Agab vir hom: 'Is dit jy, jou beroerder van Israel?' Toe sê hy: 'Ek het Israel nie in beroering gebring nie, maar u en u familie, deurdat u die gebooie van die Here verlaat het en agter die Baäls aan geloop het'" (1 Kon 18:17,18). Soos die woede van die volk deur die valse beskuldigings opgewek word, sal hulle net soos afvallige Israel teen Elia opgetree het, teen die gesante van God optree.

Die wonderwerkende krag wat deur spiritisme geopenbaar sal word, sal 'n invloed teen diegene wat verkies om God liewer as die mens te gehoorsaam, uitoefen. Boodskappe van geeste sal verklaar dat God hulle gestuur het om die verwerpers van Sondag van hulle dwaling te oortuig en hulle sal beweer dat die landswette net soos die wet van God gehoorsaam moet word. Hulle sal die boosheid van die wêreld betreur en die getuienis van godsdienstige leraars bevestig dat die verlaagde sedelike peil deur ontheiliging van Sondag veroorsaak is. Groot sal die verontwaardiging wees teen diegene wat weier om hulle getuienis te aanvaar.

Die wonderwerkende krag wat deur spiritisme geopenbaar 591
word, sal 'n invloed teen diegene wat verkies om God eerder as die mens te gehoorsaam, uitoefen. Boodskappe van geeste sal verklaar dat God hulle gestuur het om die verwerpers van Sondag van hul dwaling te oortuig en bevestig dat die wette van die land as die wet van God gehoorsaam moet word. Hulle sal die groot goddeloosheid in die wêreld betreur en die getuienis van godsdienstige leraars bevestig dat die verswakte toestand van sedes deur die ontering van Sondag veroorsaak word.

Groot sal die verontwaardiging wees teen almal wat weier om hul getuienis te aanvaar.

Satan se beleid in hierdie finale konflik met God se volk, is dieselfde as wat hy gevolg het met die aanvang van die groot stryd in die hemel. Hy het beweer dat hy die stabiliteit van die Goddelike regering wou bevorder, terwyl hy heimlik alle pogings aangewend het om die omverwerping daarvan te verseker. En hy het die lojale engele van die einste werk wat hy so probeer verrig het, beskuldig. Dieselfde beleid van misleiding het die geskiedenis van die Roomse Kerk gekenmerk. Hy het beweer dat hy as die plaasvervanger van die Hemel optree, terwyl hy gepoog het om homself bo God te verhef en Sy wet te verander. Onder die heerskappy van Rome is diegene wat vir hulle getrouheid aan die evangelie gedood is, as boosdoeners uitgekryt; hulle is verklaar dat hulle in 'n bondgenootskap met Satan was; en elke moontlike middel is gebruik om hulle te smaad, om hulle in die oë van die volk en selfs vir hulself as die laagste kriminele te laat voorkom. So sal dit nou ook wees. Terwyl Satan poog om diegene wat die wet van God eerbiedig te vernietig, sal hy veroorsaak dat hulle as wetsoortreders beskuldig word, as mense wat God oneer aandoen en oordele oor die wêreld bring.

God dwing nooit die wil of die gewete nie; maar Satan se voortdurende toevlug om beheer oor diegene wat hy nie andersins kan verlei nie te kry, is dwang deur wreedheid. Deur middel van vrees of geweld, poog hy om die gewete te beheer en eer vir homself te verkry. Om dit te bewerkstellig, werk hy deur godsdienstige, sowel as sekulêre owerhede en beweeg hulle tot die toepassing van menslike wette in trotsering van die wet van God.

Diegene wat die Bybelse Sabbat eer, sal as vyande van wet 592
en orde uitgekryt word, omdat hulle die morele beperkings van die samelewing afbreek, anargie en korrupsie veroorsaak en die oordele van God op die aarde bring. Hulle gewetensbesware sal

as hardnekkigheid bestempel word, hardkoppig en minagting van gesag. Hulle sal van ontevredenheid teenoor die regering beskuldig word. Predikante wat die verpligting van die Goddelike wet ontken, sal vanaf die kansel die plig voorhou om die burgerlike owerhede wat deur God verorden is, te gehoorsaam. In wetgewende lokale en geregshowe sal diegene wat die gebooie bewaar, vals voorgestel en veroordeel word. ‘n Valse betekenis sal aan hulle woorde gegee word en die ergste konnotasie sal aan hul motiewe gegee word.

Soos die Protestantse kerke die duidelike, Skriftuurlike argumente ter verdediging vir die verwerping van die wet van God aanwend, sal hulle diegene wie se geloof hulle nie deur die Bybel kan omverwerp nie, die swye oplê̂. Alhoewel hulle hul oë daarvoor sluit, volg hulle tog tans die weg, wat tot die vervolging van diegene sal lei wat pligsgetrou weier om te doen wat die res van die Christelike wêreld doen om die eise van die pouslike sabbat te erken.

Die hoogwaardigheidsbekleërs van kerk en staat sal verenig om alle klasse om te koop, te oorreed of te dwing om Sondag te eerbiedig. Wette van verdrukking sal vergoed waar Goddelike gesag ontbreek. Politieke korrupsie vernietig liefde vir geregtigheid en waarheid; selfs in vrye Amerika sal heersers en wetgewers, ten einde openbare guns te verkry, toegee aan die gewilde eis vir 'n wet wat die onderhouding van Sondag verpligtend maak. Gewetensvryheid wat sulke groot opoffering geverg het, sal nie langer eerbiedig word nie. In die vinnig-naderende konflik sal ons die woorde van die profeet bewaarheid sien: “En die draak was vertoornd op die vrou en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” (Openb 12:17).

Hoofstuk 37 593

# Die Skrif as Beskerming

"Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie!" (Jes 8:20). Die volk van God word na die Skrif as beskerming teen die invloed van valse leraars en die misleidende krag van die geeste van duisternis gerig. Satan gebruik elke moontlike hulpmiddel om mense te verhoed om kennis van die Bybel op te doen; want die duidelike uitsprake daarvan maak sy misleiding openbaar. Met elke herlewing in die werk van God word die vors van die bose tot meer intensiewe aktiwiteit opgewek; hy wend tans sy uiterste pogings aan vir 'n finale stryd teen Christus en Sy volgelinge. Die laaste groot bedrog sal binnekort voor ons ontvou. Die Antichris sal sy wonderwerke voor ons oë uitvoer. Die vervalsing van die waarheid sal so eg lyk dat dit onmoontlik sal wees om dit te onderskei, behalwe deur die Heilige Skrif. Elke verklaring en elke wonderwerk moet aan hul getuienis getoets word.

Diegene wat poog om al die gebooie van God te 594
gehoorsaam, sal teëgestaan en bespot word. Hulle kan alleen in God staande bly. Om die beproewing voor hulle te kan verduur, moet hulle die wil van God soos in Sy Woord geopenbaar word verstaan; hulle kan Hom slegs eer as hulle 'n korrekte begrip van Sy karakter, regering en voornemens het en daarvolgens optree. Niemand, behalwe diegene wat die verstand met Bybelse waarhede versterk het, sal in die laaste konflik staande bly nie. Elke siel sal voor die vraag te staan kom: Sal ek God eerder as die mens gehoorsaam? Die beslissende uur is op hande. Is ons voete op die rots van die onveranderlike Woord van God geplant? Is ons bereid om vas te staan ter verdediging van die gebooie van God en die geloof van Jesus?

Voor Sy kruisiging het die Heiland aan Sy dissipels verduidelik dat Hy gedood moes word en weer uit die graf moes

opstaan en engele was teenwoordig om Sy woorde op hul verstand en harte te druk. Maar die dissipels was op soek na tydelike verlossing van die Romeinse juk en hulle kon die gedagte dat Hy, op wie al hul hoop gerig was, 'n onheilspellende dood sou ly, nie verdra nie. Die woorde wat hulle moes onthou, is uit hul gedagtes verban; en toe die tyd van beproewing kom, was hulle onvoorbereid daarvoor. Die dood van Jesus het hulle hoop so volkome vernietig asof Hy hulle nooit vooraf gewaarsku het nie. In die profesieë, word die toekoms net so duidelik aan ons geopenbaar soos wat dit deur die woorde van Christus vir die dissipels geopenbaar is. Die gebeure wat verband hou met die afsluiting van die genadetyd en die voorbereidingswerk vir die tyd van benoudheid, word duidelik weergegee. Maar menigtes verstaan net so min van hierdie belangrike waarhede asof dit nooit geopenbaar is nie. Satan is waaksaam om elke indruk wat hulle wysheid tot verlossing sal gee vas te vang en die tyd van benoudheid sal hulle onverhoeds tref.

Wanneer God waarskuwings aan mense stuur wat so 595
belangrik is dat hulle voorgestel word as engele wat te midde van die hemel vlieg om dit te verkondig, vereis Hy dat elke persoon met redenasievermoë, aan die boodskap gehoor sal gee. Die skrikwekkende oordeel wat teen die aanbidding van die dier en sy beeld uitgespreek is (Openb 14:9-11), behoort almal tot ‘n ywerige studie van die profesieë te lei, om te leer wat die merk van die dier is en hoe hulle kan voorkom dat hulle dit ontvang. Maar die massas wend hulle ore van die waarheid af en luister na versinsels. Die apostel Paulus het verklaar, terwyl hy vooruit gesien op die laaste dae: “Daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie.” (2 Tim 4:3). Daardie tyd het reeds aangebreek. Die meerderheid wil nie Bybelse waarheid hê nie, omdat dit inmeng met die begeertes van ‘n sondige, wêreldgesinde hart; en Satan voorsien die misleiding wat hulle verkies.

Maar God sal ‘n volk op die aarde hê, wat op die Bybel en die Bybel alleen, as maatstaf van alle leerstellings en die grondslag van alle hervorming sal staan. Die menings van geleerde mense; die afleidings van die wetenskap; die geloofsbelydenisse en besluite van kerklike rade, net so talryk en uiteenlopend soos die kerke wat hulle verteenwoordig; die stem van die meerderheid – nie een, of almal van hierdie dinge, moet as bewys vir of teen enige geloofspunt beskou word nie. Voordat ons enige leerstelling of voorskrif aanvaar, moet ons 'n duidelike “So sê die Here” as bewys daarvoor eis.

Satan poog voortdurend om die aandag op die mens in die plek van God te vestig. Hy lei die volk om na biskoppe, predikante en teologiese professore op te sien as hulle gidse, in plaas daarvan om die Skrif te ondersoek ten einde vir hulself te leer wat hul plig behels. Dan kan hy, deur die gedagtes van die leiers te beheer, die skare volgens sy wil beïnvloed.

Toe Christus die woorde van lewe kom spreek het, het die gewone mense graag na Hom geluister; en baie, selfs van die priesters en owerstes, het in Hom geglo. Maar die owerpriester en die leiers van die volk was vasbeslote om Sy leerstellings te veroordeel en te verwerp. Alhoewel hulle raadop was met al hul pogings om beskuldigings teen Hom te vind en alhoewel hulle nie anders kon as om die invloed van Goddelike mag en wysheid in Sy woorde te ervaar nie, het hulle hulself in vooroordeel omsluit; hulle het die duidelikste getuienis van Sy Messiasskap verwerp, anders sou hulle gedwing gewees het om Sy dissipels te word. Hierdie teenstanders van Jesus, was mense wie die volk van kleins af geleer is om te eerbiedig, voor wie se gesag hulle implisiet gewoond was om te buig. “Hoe is dit...” het hulle gevra, “...dat ons owerste en geleerde skrifgeleerdes nie in Jesus glo nie? Sou hierdie vrome manne Hom nie aanneem as Hy die Christus was nie?” Dit was die invloed van sulke leraars wat daartoe gelei het dat die Joodse nasie hul Verlosser verwerp het.

Die gees wat hierdie priesters en owerstes besiel het, word steeds deur baie mense wat 'n hoë beroep op vroomheid maak, geopenbaar. Hulle weier om die getuienis van die Skrif aangaande die spesiale waarhede vir hierdie tyd te ondersoek. Hulle wys na hulle eie getalle, rykdom en gewildheid en kyk met minagting neer op die voorstanders van die waarheid, as die minderheid, arm en ongewild, met 'n geloof wat hulle van die wêreld skei. 596

Christus het vooruit gesien dat die oordrewe aanname van gesag waarop die skrifgeleerdes en Fariseërs aanspraak gemaak het, nie met die verstrooiing van die Jode sou eindig nie. Hy het 'n profetiese siening gehad van die werk om menslike gesag te verhef om die gewete te beheer, wat 'n verskriklike vloek vir die kerk deur alle eeue was. En Sy vreesaanjaende veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs en Sy waarskuwings aan die volk om nie hierdie blinde leiers te volg nie, is as 'n vermaning aan toekomstige geslagte opgeteken.

Die Roomse Kerk behou aan die geestelikes die reg voor om die Skrif te vertolk. Op grond van die feit dat kerklike magte bevoeg is om God se Woord te vertolk, word dit van die gewone mense weerhou. *[Sien bylaag].* Alhoewel die Hervorming die Skrif aan almal beskikbaar gestel het, verhinder dieselfde beginsels wat deur Rome gehandhaaf word, menigtes in Protestantse kerke om self die Bybel te ondersoek. Hulle word geleer om die leerstellings van die Bybel te aanvaar soos dit deur die kerk geïnterpreteer word; en daar is duisende wat niks anders wat strydig met hul geloofsbelydenis of die gevestigde leer van hulle kerk is, hoe duidelik dit ook al in die Skrif geopenbaar word, durf aanvaar nie.

Ondanks die feit dat die Bybel vol waarskuwings teen valse 597
leraars is, is baie bereid om die behoud van hul siel aan die geestelikes toe te vertrou. Daar is vandag duisende beweerde belyers van godsdiens wat geen ander rede vir hul geloof kan gee as dat hulle so deur hul godsdienstige leiers onderrig word

nie. Die Heiland se leringe gaan byna ongemerk by hulle verby en hulle plaas implisiete vertroue in die woorde van die predikante. Maar is predikante onfeilbaar? Hoe kan ons ons siele aan hulle leiding toevertrou tensy ons uit die Woord van God weet dat hulle ligdraers is? 'n Gebrek aan morele moed om die gebaande weë van die wêreld te verlaat, lei baie mense om op die spoor van geleerde mense te volg; en deur hulle onwilligheid om dinge vir hulself te ondersoek, raak hulle hopeloos in die kettings van dwaalleer vasgevang. Hulle sien dat die waarheid vir hierdie tyd duidelik in die Bybel geopenbaar word en hulle voel die krag van die Heilige Gees wat met die verkondiging daarvan gepaard gaan; tog laat hulle toe dat die teenstand van die geestelikes hulle van die lig wegkeer. Al is die rede en die gewete oortuig, durf hierdie misleide siele nie anders as hulle predikante dink nie; en hulle individuele oordeel en hul ewige belange, word aan die ongeloof, trots en vooroordeel van ‘n ander geoffer.

Daar is baie maniere waarop Satan deur menslike invloede werk om sy gevangenes te bind. Hy verbind menigtes aan homself deur hulle met sydrade van liefde te heg aan die vyande van die kruis van Christus. Wat hierdie bande ook al behels, hetsy ouerliefde, filiaal, huweliksbande of sosiaal, die uitwerking is dieselfde; die teëstanders van die waarheid oefen hulle mag uit om die gewete te beheer en die siele wat onder hulle heerskappy is, het nie genoeg moed of onafhanklikheid om hul eie oortuiging van plig te gehoorsaam nie.

Die waarheid en heerlikheid van God is onafskeidbaar; dit is onmoontlik vir ons, met die Bybel binne ons bereik, om God deur verkeerde opinies te eer. Baie beweer dat dit nie saak maak wat iemand glo nie, solank sy lewe reg is. Maar die lewe word deur geloof gevorm. As lig en waarheid binne ons bereik is en as ons nalaat om die voorreg om dit te hoor en te sien te bevorder, verwerp ons dit feitlik; ons kies die duisternis eerder as die lig.

"Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood." (Spr 16:25). Onkunde is geen verskoning vir dwaalleer of sonde wanneer daar alle geleentheid is om die wil van God te ken nie. Veronderstel dat 'n man op reis is en 'n plek bereik waar daar verskeie uitdraaipaaie is, met 'n behoorlike padwyser wat aandui waarheen elke pad lei, as hy die padwyser verontagsaam en enige pad kies wat vir hom reg lyk, al is hy ook hoe opreg, sal hy waarskynlik op die verkeerde pad wees. 598

God het ons sy Woord gegee sodat ons met die leerstellings daarvan vertroud kan raak en self kan weet wat Hy van ons verlang. Toe die regsgeleerde na Jesus met die vraag gekom het: "Wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?" (Luk 18:18), het die Heiland hom na die Skrif verwys en gesê: "Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy?" (Luk 10:26). Onkunde sal nie jonk of oud verskoon nie en hulle sal ook nie van die straf van oortreding van God se wet vrygestel wees nie; want daar is in hulle hande 'n getroue weergawe van daardie wet en van die beginsels en aansprake daarvan. Dit is nie genoeg om, wat 'n mens dink reg is, of wat die predikant vir hom sê is reg, te doen nie. Sy siel se redding is op die spel en hy moet die Skrif vir homself ondersoek. Hoe sterk sy oortuigings ook al mag wees, hoe vol vertroue hy ook mag wees dat die predikant weet wat die waarheid is, dit is nie sy fondasie nie. Hy het 'n kaart wat elke rigting op reis na die hemel aandui en hy moet oor niks raai nie.

Dit is die eerste en hoogste plig van elke rasionele wese om uit die Skrif te leer wat die waarheid is en dan in die lig daarvan te wandel en ander aan te moedig om sy voorbeeld te volg. Ons moet die Bybel elke dag ywerig bestudeer, elke gedagte opweeg en die skrif met die skrif vergelyk. Met Goddelike hulp moet ons ons eie opinies vorm, waarvoor ons self aan God rekenskap sal moet gee.

Die duidelikste waarhede in die Bybel is deur geleerde mense betwyfel en in duisternis gehul, wat met die voorwendsel van groot wysheid leer dat die Skrif 'n mistieke, geheime en geestelike betekenis het wat nie in die taal wat gebruik word sigbaar is nie. Hierdie mense is valse leraars. Dit was aan hierdie klas wat Jesus gesê het: “Julle dwaal deurdat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie.” (Mark 12:24). Die taal van die Bybel moet volgens die duidelike betekenis daarvan vertolk te word, tensy ‘n simbool of figuur gebruik word. Christus het die belofte gegee dat “...as iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet...” (Joh 7:17). As 'n mens net die Bybel soos dit lees sou aanneem en as daar geen valse leraars was om hulle verstand te mislei en te verwar nie, sou ‘n werk verrig word wat die engele sou verbly en wat duisende der duisende wat tans dwaal, in die kraal van Christus sou inbring. 599

Ons moet al ons verstandelike kragte vir die bestudering van die Skrif inspan en moet ons beywer om, sover dit moontlik vir sterflinge is, die diep dinge van God te begryp; tog moet ons nie vergeet dat die toegewydheid en onderwerping van 'n kind, die ware gees van die leerder moet wees nie. Skriftuurlike probleme kan nooit op dieselfde wyse as filosofiese vraagstukke oorkom word nie. Ons moet nie die Bybel bestudeer met die selfvertroue waarmee so baie die wetenskaplike gebied betree nie, maar met 'n biddende afhanklikheid van God en 'n opregte begeerte om Sy wil te ken. Ons moet met ’n nederige en leerbare gees kom om kennis van die groot EK IS te verkry. Andersins sal bose engele ons verstand so verblind en ons harte so verhard, dat die waarheid geen indruk op ons sal maak nie.

Baie van die Skrifgedeeltes wat geleerde mense as verborgenhede beskou, of as onbelangrik oorslaan, is vol vertroosting en onderrig vir hom wat in die skool van Christus geleer het. Een van die redes waarom baie teoloë geen duideliker begrip van die Woord van God het nie, is omdat hulle

hul oë vir waarhede wat hulle nie wil gehoorsaam nie, sluit. ‘n Begrip van Bybelse waarheid hang nie soseer af van intellektuele krag wat aangewend word nie, maar van enkelheid van doel en ’n ernstige verlange na geregtigheid.

Die Bybel moet nooit sonder gebed bestudeer word nie. Die 600
Heilige Gees alleen kan die belangrikheid van dinge vir ons maklik verstaanbaar maak, of ons verhinder om waarhede wat moeilik is om te verstaan, te verdraai. Dit is die werk van hemelse engele om die hart voor te berei om die Woord van God so te begryp, sodat ons met die skoonheid daarvan bekoor sal word, gemaan word deur die waarskuwings en om deur die beloftes daarvan besiel en versterk te word. Ons moet die versoek van die psalmis ons eie maak: “Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit U wet.” (Ps 119:18). Versoekings lyk dikwels onweerstaanbaar omdat die een wat versoek is, weens verwaarlosing van gebed en die ondersoek van die Woord van God, nie die beloftes van God kan onthou en Satan met Skriftuurlike wapens kan konfronteer nie. Maar engele rondom diegene wat bereid is om in Goddelike dinge onderrig te word; en in die tyd van groot nood sal hulle daardie waarhede wat nodig is, in herinnering roep. So sal, wanneer die vyand soos 'n vloed instroom, die Gees van die Here 'n vaandel teen hom ophef.

Jesus het Sy dissipels belowe: “Maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.” (Joh 14:26). Maar die leringe van Christus moet reeds vroeër in die verstand ingeprent word, sodat die Gees van God dit, in tye van gevaar, in herinnering kan bring. “Ek het U Woord in my hart gebêre...” het Dawid gesê, “...dat ek teen U nie sal sondig nie.” (Ps 119:11).

Almal wat hulle ewige belange waardeer, moet op hul hoede 601
teen die intrede van skeptisisme wees. Selfs die pilare van waarheid sal aangeval word. Dit is onmoontlik om buite die

bereik van sarkasme, drogredes en die verraderlike pes van leerstellings van moderne ongeloof te bly. Satan pas sy versoekings by alle klasse aan. Hy val die ongeletterdes met 'n gespot en gesmaal aan, terwyl hy die geleerdes ontmoet met wetenskaplike besware en filosofiese redenasies, wat bereken word om wantroue of minagting vir die Skrif op te wek. Selfs jongmense met min ervaring matig hulle aan om twyfel in die grondbeginsels van die Christelike geloof te insinueer. En hierdie jeugdige ongeloof, vlak soos dit is, het 'n nadelige invloed. So word baie gelei om met die geloof van hulle vaders die spot te dryf en die Gees van Genade te smaad. (Heb 10:29). Baie lewens wat beloof ‘n eer aan God en 'n seën vir die wêreld in te hou, is deur die slegte asem van ongeloof besmet. Almal wat op die spoggerige besluite van die menslike rede vertrou en dink dat hulle Goddelike verborgenhede, kan verklaar en tot die waarheid kan kom, sonder die bystand van die wysheid van God, word in die strikke van Satan gevang.

Ons lewe in die mees plegtigste tydperk van hierdie wêreld se geskiedenis. Die lot van die aarde se wemelende miljoene sal binnekort beslis word. Ons eie toekomstige welstand, asook die saligheid van ander siele, hang af van die weg wat ons tans volg. Ons moet deur die Gees van waarheid gelei word. Elke volgeling van Christus behoort ernstig te vra: “Here wat wil U hê moet ek doen?” Ons moet ons met vas en gebed voor die Here verootmoedig en baie oor sy Woord peins, veral oor die tonele van die oordeel. Ons moet nou na 'n diep en lewende ervaring in die dinge van God soek. Ons het nie 'n oomblik om te verloor nie. Gebeurtenisse van lewensbelang vind rondom ons plaas; ons is op Satan se betowerde grond. Moenie slaap nie, wagters van God; die vyand skuil in die nabyheid, gereed om, indien jy sou laks word en sluimer, enige oomblik toe te slaan, om jou sy prooi te maak.

Baie mense word aangaande hulle ware toestand voor God 602
mislei. Hulle wens hulself geluk met die verkeerde dade wat hulle nie gedoen het nie, maar vergeet van die goeie en edele

dade wat God van hulle vereis, wat hulle nie nagekom het nie. Dit is nie genoeg dat hulle bome in die tuin van God is nie. Hulle moet aan Sy verwagting voldoen deur vrug te dra. Hy hou hulle verantwoordelik vir hulle versuim om al die goeie dinge te bereik wat hulle kon bereik het omdat Sy genade hulle versterk het. In die boeke van die Hemel word hulle aangeteken as 'n las vir die grond. Tog is die geval van selfs hierdie klas nie heeltemal hopeloos nie. Die lankmoedige Hart van liefde pleit steeds by diegene wat God se barmhartigheid geminag het en Sy genade misbruik het. "Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap en staan op uit die dode en Christus sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel ... en koop die tyd uit, omdat die dae boos is." (Efe 5:14-16).

Wanneer die tyd vir die toets aanbreek, sal diegene wat die Woord van God hulle lewensreël gemaak het, geopenbaar word. In die somer is daar geen merkbare verskil tussen die immergroen- en die ander bome nie; maar wanneer die winter aanbreek, bly die immergroen bome onveranderd terwyl die ander bome van hul blare ontsier is. So ook kan die leuenagtige belyer nie nou van die ware Christen onderskei word nie, maar die tyd is op hande wanneer die verskil duidelik sal blyk. Laat daar teenstand wees, laat dweepsug en onverdraagsaamheid weer heers, laat vervolging weer ontketen word en die halfhartige en skynheilige sal wankel en hul geloof versaak; maar die ware Christen sal vasstaan soos 'n rots, sy geloof sterker en sy hoop helderder as in die dae van voorspoed.

Die psalmis sê: "U getuienisse is my bepeinsing ... Uit U bevele kry ek verstand; daarom haat ek elke leuenpad." (Ps 119:99,104).

"Gelukkig die mens wat wysheid vind." (Spr. 3:13). "Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie." (Jer 17:8).

# Hoofstuk 38 603

## Die Finale Waarskuwing

"Na hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag en die aarde is verlig deur sy heerlikheid. En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls ... En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." (Openb 18:1,2,4).

Hierdie skriftuur verwys na 'n tyd wanneer die aankondiging 604 dat Babilon geval het, soos deur die tweede engel van Openbaring 14 gemaak is, herhaal sal word, met die aanvullende vermelding van die korrupsie wat die verskillende organisasies binnegedring het, wat Babilon gevorm het, vanaf die eerste keer wat daardie boodskap in die somer van 1844 uitgegaan het. Hier word die haglike toestand van die godsdienstige wêreld beskryf. Met elke verwerping van die waarheid, sal die gemoedere van die mense donkerder word, hulle harte verhard word, totdat hulle in 'n ongelowige gehardheid verskans is. In uittarting teenoor die waarskuwings wat God gegee het, sal hulle voortgaan om een van die voorskrifte van die dekaloog te vertrap, totdat hulle gelei word om diegene wat dit as heilig beskou, te vervolg. Christus word tot niet gemaak deur die minagting van Sy woord en Sy volk. Soos die kerke die leerstellings van Spiritisme aanvaar, gaan die beheer wat die vleeslike hart opgelê word verlore en die belydenis van godsdiens word 'n dekmantel om die grootste ongeregtighede te bedek. 'n Geloof in geestelike manifestasies maak die deur vir misleidende geeste en leerstellings van duiwels oop en sodoende sal die invloed van bose engele in die kerke ervaar word.

In die tyd waarop hierdie profesie van toepassing is, word van Babilon gesê: “Haar sondes reik tot aan die hemel en God het haar ongeregtighede onthou.” (Openb 18:5). Sy het die beker van haar ongeregtigheid volgemaak en sy staan op die punt om vernietig te word. Maar God het steeds mense in Babilon en voor die besoek van Sy oordele oor haar, moet hierdie getroues uitgeroep word, sodat hulle nie in haar sondes sal deel en van haar plae ontvang nie. Vandaar die beweging wat gesimboliseer word deur die engel wat uit die hemel neerdaal, die aarde met sy heerlikheid verlig en met ‘n sterk stem die sondes van Babilon aankondig. Gekoppel aan sy boodskap word die oproep gehoor: “Gaan uit haar uit, my volk.” Hierdie boodskap, saam met die boodskap van die derde engel vorm die finale waarskuwing wat aan die aardbewoners gegee sal word.

Vreeswekkend is die kwessie waarvoor die wêreld gebring sal word. Die magte van die aarde, verenig in stryd teen die gebooie van God, sal bepaal dat “...almal, klein en groot en die rykes en die armes en die vry mense en die slawe...” (Openb 13:16), volgens die gebruike van die kerk, sal voldoen aan die nakoming van die valse sabbat. Almal wat weier om dit na te kom, sal met siviele boetes gestraf word en uiteindelik sal daar verklaar word dat hulle die dood verdien. Aan die anderkant, eis die wet van God, wat die onderhouding van die Skepper se rusdag vereis, gehoorsaamheid en dreig met toorn oor almal wat die voorskrifte daarvan oortree.

Met die saak wat so duidelik aan hom voorgehou word, sal 605
elkeen wat die wet van God vertrap en menslike verordeninge gehoorsaam, die merk van die dier ontvang; hy aanvaar die teken van trou aan die mag wat hy verkies om in die plek van God te gehoorsaam. Die waarskuwing van die hemel is: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ’n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die

grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van Sy toorn." (Openb. 14:9,10).

Maar niemand sal deur die wraak van God getref word voordat die waarheid in sy verstand en gewete tuisgebring is en verwerp is nie. Daar is baie wat nog nooit 'n geleentheid gehad het om die spesiale waarhede vir hierdie tyd te hoor nie. Die verpligting van die vierde gebod is nog nooit in die ware lig voor hulle gestel nie. Hy wat elke hart lees en elke motief toets, sal niemand wat kennis van die waarheid verlang, mislei laat word aangaande die kwessies van die stryd nie. Die dekreet sal nie blindelings op mense afgedwing word nie. Elkeen sal genoeg lig ontvang om sy eie intelligente besluit te maak.

Die Sabbat sal die groot toets van getrouheid wees; want dit is die aspek van die waarheid wat veral gekonfronteer word. Wanneer mense voor die finale toets te staan kom, sal die onderskeid tussen diegene wat God dien en diegene wat Hom nie dien nie getref word. Terwyl die onderhouding van die valse sabbat in ooreenstemming met die wet van die staat, in stryd met die vierde gebod, 'n verklaring van trou aan 'n mag wat in stryd met God is sal wees, sal die onderhouding van die ware Sabbat, in gehoorsaamheid aan die wet van God, 'n bewys van lojaliteit aan die Skepper wees. Terwyl die een klas, deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse gesag, die merkteken van die dier ontvang, ontvang die ander klas, wat die teken van getrouheid aan Goddelike gesag kies, die seël van God.

Tot dusver is diegene wat die waarhede van die boodskap 606
van die derde engel aangebied het, dikwels as blote alarm-makers beskou. Hulle voorspellings dat godsdienstige onverdraagsaamheid die oorhand in die Verenigde State sal verkry en dat kerk en staat sal verenig om diegene wat die gebooie van God nakom te vervolg, word as ongegrond en absurd bestempel. Daar word met die grootste vertroue verklaar dat hierdie land nooit iets anders sal kan word as wat

dit was nie — die verdediger van godsdiensvryheid. Maar namate die saak van verpligte handhawing van die Sondag wyd en syd aangespoor word, kom die gebeurtenis wat so lank betwyfel is nader en die derde engel se boodskap sal ‘n uitwerking hê wat dit nie voorheen kon gehad het nie.

In elke geslag het God Sy diensknegte uitgestuur om die sonde in die wêreld en in die kerk te bestraf. Maar die mense wil strelende dinge hoor en die suiwer, naakte waarheid is onaanvaarbaar. Baie hervormers het in die aanvaarding van hulle werk besluit om groot versigtigheid aan die dag te lê in hul bestraffing van die sondes van die kerk en die volk. Hulle het gehoop om deur die voorbeeld van ‘n rein, Christelike lewe, die volk na die leerstellings van die Bybel terug te lei. Maar die Gees van God het op hulle gekom soos dit op Elia gekom het en hom beweeg het om die sondes van 'n goddelose koning en 'n afvallige volk te bestraf; hulle kon hulself nie daarvan weerhou om die duidelike uitsprake van die Bybel te verkondig nie, leerstellings wat hulle huiwerig was om aan te bied. Hulle was gedwonge om die waarheid en die gevaar wat siele bedreig, ywerig te verkondig Die woorde wat die Here aan hulle gegee het, het hulle sonder vrees vir die gevolge geuiter en die volk moes noodgedwonge die waarskuwing aanhoor.

So ook sal die boodskap van die derde engel verkondig word. 607
Namate die tyd aanbreek dat dit met die grootste krag verkondig sal word, sal die Here deur nederige instrumente werk en die denke van diegene wat hulself aan Sy diens wy, lei. Die arbeiders sal eerder deur die salwing van Sy Heilige Gees kwalifiseer as deur die opleiding van literêre instellings. Manne van geloof en gebed sal genoodsaak voel om met heilige ywer voort te gaan en die woorde wat God aan hulle gee te verkondig. Die sondes van Babilon sal geopenbaar word. Die skrikwekkende gevolge om die nakoming van die gebruike van die kerk af te dwing, die intrede van spiritisme, die heimlike, maar vinnige vooruitgang van die pouslike mag, alles sal ontmasker word. Deur hierdie ernstige waarskuwings sal die

mense wakker geskud word. Duisende der duisende, wat nog nooit woorde soos hierdie gehoor het nie, sal luister. Met verbasing sal hulle aanhoor dat Babilon die kerk is wat weens haar dwalinge en sondes geval het, omdat sy die waarheid wat uit die hemel aan haar gestuur is, verwerp het. Wanneer die mense na hulle vorige leraars gaan en gretig vra: “Is hierdie dinge so?” sal die predikante versinsels verkondig en hulle vrese en gewetes stil, deur vleiende dinge te profeteer. Maar omdat baie mense weier om tevrede met die blote gesag van mense te wees en op 'n duidelike “So sê die Here,” aandring, sal die gewilde bediening, net soos die Fariseërs van ouds, met woede gevul wees omdat hulle gesag bevraagteken word, die boodskap afmaak dat dit van Satan afkomstig is en die sondeliefhebbende menigtes aanhits om diegene wat dit verkondig te belaster en te vervolg.

Namate die stryd na nuwe terreine uitbrei en die gemoedere van die mense op die vertrapte wet van God gevestig word, raak Satan baie bedrywig. Die krag wat met die verkondiging van die boodskap gepaard gaan, sal diegene wat daarteen gekant is, woedend maak. Die geestelikes sal byna bomenslike pogings aanwend om die lig uit te sluit, sodat dit nie op hul kuddes kan skyn nie. Deur elke middel onder hulle bevel, sal hulle poog om die bespreking van hierdie lewensbelangrike vrae te onderdruk. Die kerk sal hom op die sterk arm van die burgerlike gesag beroep en Katolieke en Protestante sal in hierdie werk verenig. Namate die beweging vir die verpligte handhawing van die Sondag meer waaghalsig en beslis word, sal die wet teen die onderhouers van die gebooie ingeroep word. Hulle sal met boete en gevangenisstraf gedreig word en sommiges sal posisies van invloed en belonings en voordele aangebied word as aansporing om hul geloof te verloën. Maar hulle standvastige antwoord is: “Oortuig ons van ons dwaling uit die Woord van God” — dieselfde pleidooi as wat Luther onder soortgelyke omstandighede gemaak het. Diegene wat voor die howe gedaag word, sal die waarheid sterk verdedig en

sommige wat dit hoor, sal gelei word om standpunt in te neem om al die gebooie van God te onderhou. So sal die lig aan duisende gebring word wat andersins niks van hierdie waarhede sou geweet het nie.

Pligsgetroue gehoorsaamheid aan die Woord van God sal as 608
opstand hanteer word. Verblind deur Satan, sal die ouer hardheid en wreedheid teenoor die gelowige kind uitoefen; die meester of meesteres sal die gebod-gehoorsame dienskneg verdruk. Liefde sal vervreem word; kinders sal onterf en uit die huis verdryf word. Die woorde van Paulus sal letterlik vervul word: "Almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." (2 Tim 3:12). Aangesien die verdedigers van die waarheid weier om die Sondag-sabbat te eer, sal sommige van hulle in die gevangenis gewerp word, sommige sal verban word en ander sal as slawe hanteer word. Vir menslike wysheid lyk dit alles tans onmoontlik; maar namate die Gees van God van die mense onttrek word en hulle onder die beheer van Satan, wat die goddelike voorskrifte haat, kom, sal daar vreemde verwikkelinge plaasvind. Die hart kan baie wreed wees wanneer God se vrees en liefde verwyder word.

Namate die storm nader kom, sal 'n groot klas wat vertroue in die boodskap van die derde engel het, maar nie deur gehoorsaamheid aan die waarheid geheilig is nie, hul posisie laat vaar en by die geledere van die opposisie aansluit. Deur te verenig en met die gees van die wêreld besiel te word, het hulle tot 'n punt gekom waar hulle sake amper in dieselfde lig beskou; en wanneer die toets afgelê word, sal hulle bereid wees om die maklike, gewilde kant te kies. Talentvolle mense met 'n innemende geaardheid wat hulle voorheen in die waarheid verheug het, sal hul kragte gebruik om siele te mislei en te bedrieg. Hulle sal die bitterste vyande van hul voormalige broers word. Wanneer die onderhouers van die Sabbat voor die howe gebring word om verantwoording vir hul geloof te doen, sal hierdie afvalliges die mees doeltreffendste agente van Satan

wees om hulle vals voor te stel en te beskuldig en deur valse berigte en insinuasies, die owerheid teen hulle op te wek.

In hierdie tyd van vervolging sal die geloof van die 609
diensknegte van die Here beproef word. Deur na God en na Sy Woord alleen te kyk, het hulle die waarskuwing getrou gegee. Die Gees van God wat hulle harte beweeg het, het hulle gedwing om te praat. Met heilige ywer gestimuleer en met 'n sterk Goddelike dryfkrag, het hulle hul pligte uitgevoer sonder 'n koel berekening van die gevolge om aan die mense die woord wat die Here aan hulle gegee te verkondig. Hulle het nie hul tydelike belange opgeweeg en ook nie hul reputasie of lewens probeer beveilig nie. Maar, wanneer die storm van teenstand hulle oorweldig sal sommige, deur ontsteltenis oorweldig, bereid wees om uit te roep: “As ons die gevolge van ons woorde vooruit gesien het, sou ons geswyg het.” Hulle word van alle kante deur probleme ingesluit. Satan teister hulle met hewige versoekings. Die werk wat hulle aangepak het, blyk ver bokant hulle vermoë te wees. Hulle word met vernietiging gedreig. Die geesdrif wat hulle besiel het, is weg; tog kan hulle nie terugdraai nie. Dan, wanneer hulle ervaar hoe hulpeloos hulle is, vlug hulle na die Almagtige vir krag. Hulle onthou dat die woorde wat hulle gespreek het, nie van hulle afkomstig was nie, maar van Hom wat hulle beveel het om die waarskuwing te gee. God het die waarheid in hulle harte geplaas en hulle kon nie anders as om dit te verkondig nie.

Dieselfde beproewinge is al vir eeue lank deur die mense van God ervaar. Wycliffe, Huss, Luther, Tyndale, Baxter, en Wesley, het daarop aangedring dat alle leerstellings aan die Bybel getoets moet word en verklaar dat hulle alles wat deur die Bybel veroordeel word sou versaak. Met meedoënlose woede het vervolging teen hierdie manne gewoed; tog het hulle nie opgehou om die waarheid te verkondig nie. Verskillende tydperke in die geskiedenis van die kerk is gekenmerk deur die ontwikkeling van een of ander spesiale waarheid wat vir die noodsaaklikhede van God se volk op daardie stadium aangepas

is. Elke nuwe waarheid het sy weg teen haat en opposisie gebaan; en diegene wat met die lig daarvan geseën is, is versoek en beproef. In tye van nood gee God aan Sy volk spesiale waarhede. Wie durf weier om sulke waarhede te verkondig? Hy beveel Sy diensknegte om die laaste uitnodiging van genade aan die wêreld voor te lê. Hulle kan nie sonder gevaar vir hul eie siele swyg nie. Christus se gesante het niks met die gevolge te doen nie. Hulle moet hul plig uitvoer en die gevolge aan God oorlaat.

Namate die teenstand tot heftiger hoogtes styg, raak die diensknegte van God opnuut verward; want dit kom vir hulle voor asof hulle die krisis laat ontstaan het. Maar hul gewete en die Woord van God verseker hulle dat hulle op die regte pad is; en hoewel die beproewings voortduur, ontvang hulle krag om dit te verduur. Die stryd kom nader en raak heftiger, maar hulle geloof en moed styg in verhouding soos die nood toeneem. Hulle getuig: "Ons durf nie met God se Woord peuter en Sy heilige wet verdeel deur een deel noodsaaklik en die ander onbelangrik te noem, om die guns van die wêreld te verkry nie. Die Here wat ons dien, is in staat om ons te verlos. Christus het die magte van die aarde oorwin; en sal ons bang wees vir 'n wêreld wat reeds oorwin is?" 610

Vervolging in sy verskillende vorme is die ontwikkeling van 'n beginsel wat sal bestaan vir solank as wat Satan bestaan en die Christendom lewensbelangrike mag het. Niemand kan God dien sonder om teenstand van die leërskare van die duisternis teen homself te ontketen nie. Bose engele sal hom aanval, bang dat sy invloed die prooi uit hul hande sal neem. Bose mense, bestraf deur sy voorbeeld, sal hulle met die bose engele verenig in 'n poging om hom deur aanloklike versoekings van God te skei. As dit nie slaag nie, word 'n dwingende mag aangewend om die gewete te dwing.

Maar vir solank Jesus as Middelaar in die hemelse heiligdom optree, sal die beherende invloed van die Heilige Gees deur 611

heersers en die volk ervaar word. Dit beheer die landswette tot 'n sekere mate. Was dit nie vir hierdie wette nie, sou die toestand van die wêreld baie erger gewees het as wat dit tans is. Terwyl baie van ons regeerders aktiewe werkkragte van Satan is, het God ook Sy werkkragte onder die leiers van die land. Die vyand beweeg sy diensknegte om maatreëls voor te stel wat die werk van God baie sal belemmer; maar staatsmanne wat die Here vrees, word deur heilige engele beïnvloed om sulke stellings met onweerlegbare argumente teë te staan. So sal ‘n paar manne die kragtige stroom van boosheid in toom hou. Die teenstand van die vyande van die waarheid sal ingeperk word, sodat die boodskap van die derde engel sy werk kan verrig. Wanneer die finale waarskuwing gegee word, sal dit die aandag van hierdie leiers deur wie die Here tans werk trek en sommige van hulle sal die boodskap aanvaar en saam met die volk van God in die tyd van benoudheid staan.

Die engel wat verenig met die aankondiging van die derde engel se boodskap, sal die hele wêreld met sy heerlikheid verlig. Hier word ‘n werk van wêreldwye omvang en ongekende krag voorspel. Die Advent-beweging van 1840-44 was ‘n heerlike manifestasie van die krag van God; die boodskap van die eerste engel is na elke sendingstasie in die wêreld oorgedra en in sommige lande was daar die grootste godsdienstige belangstelling wat nog ooit sedert die hervorming van die sestiende eeu in enige land gesien is; maar dit sal deur die magtige beweging onder die finale waarskuwing van die derde engel oortref word.

Die werk sal soortgelyk wees aan die van Pinksterdag. Net soos die “vroeë reën” tydens die uitstorting van die Heilige Gees aan die begin van die evangelie gegee is om die kosbare saad te laat ontkiem, so sal die “laat reën” aan die einde daarvan gegee word om die oes ryp te maak. “En laat ons ken — laat ons dit najaag om die Here te ken; Sy opgang is so seker soos die dagbreek en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.” (Hos 6:3). “En julle, kinders

van Sion, juig en wees bly in die Here julle God, want Hy gee julle die leraar tot geregtigheid en laat op julle neerdaal die reën, die vroeë reëns en die laat reëns soos voorheen.” (Joël 2:23). “En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees ... En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.” (Hand 2:17,21).

Die groot werk van die evangelie sal nie met ‘n geringer 612
openbaring van die krag van God afgesluit word as met die aanvang daarvan nie. Die profesieë wat tydens die uitstorting van die vroeë reën met die aanvang van die evangelie vervul is, sal weer aan die einde daarvan met die laat reën vervul word. Hier is die “...die tye van verkwikking...” waarna Petrus uitgesien het toe hy gesê het: “Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus.” (Hand 3:19,20).

Dienaars van God, met hulle gesigte stralend en skitterend van heilige toewyding, sal hulle van plek tot plek haas om die boodskap uit die hemel te verkondig. Deur duisende stemme oor die ganse aarde, sal die waarskuwing gegee word. Wonderwerke sal verrig word, siekes sal genees word en tekens en wonders sal die gelowiges volg. Satan sal ook met leuenagtige wonders werk en hy sal selfs vuur uit die hemel voor die oë van die mense laat neerdaal. (Openb 13:13). Sodoende sal die aardbewoners beweeg word om standpunt in te neem.

Die boodskap sal nie soseer deur argumente oorgedra word, as deur die diepe oortuiging van die Gees van God nie. Die argumente is reeds aangevoer. Die saad is gesaai en nou sal dit opskiet en vrugte dra. Die publikasies wat deur sendingwerkers versprei is, het hul invloed laat geld, maar baie wat onder die indruk daarvan gekom het, is verhinder om die waarheid ten volle te begryp of te gehoorsaam. Nou sal die ligstrale orals

deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande wat hulle vasgehou het verbreek. Familie-betrekkinge en kerklike bande is magteloos om hulle langer vas te hou. Die waarheid is vir hulle kosbaarder as alle ander dinge. En ten spyte van die magte wat teen die waarheid verenig is, sal ’n groot getal hul plek aan die kant van die Here inneem.

## Hoofstuk 39 613

# 'n Tyd van Groot Benoudheid

"En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het, vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan." (Dan 12:1).

Wanneer die boodskap van die derde engel afsluit, pleit Genade nie langer vir die skuldige aardbewoners nie. Die volk van God het hulle werk volbring. Hulle het die "...laat reëns ... tye van verkwikking van die aangesig van die Here..." (Hand 3:19) ontvang en hulle is voorbereid op uur van beproewing voor hulle. Engele haas heen en weer in die hemel. 'n Engel wat van die aarde af terugkeer, kondig aan dat sy werk voltooi is; die finale toets is oor die wêreld gebring en almal wat hulle getrouheid aan die Goddelike voorskrifte bewys het, het die "...seël van die lewende God..." ontvang. Dan word Jesus se voorbidding in die hemelse heiligdom gestaak. Hy hef Sy hande op en sê met 'n luide stem: "Dit is volbring..." en die ganse leërskare van engele lê hul krone af terwyl Hy die plegtige aankondiging doen: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word." (Openb 22:11). Elke saak is vir die lewe of die dood beslis. Christus het versoening vir Sy volk gedoen en hulle sondes is uitgewis. Die getal van Sy onderdane is voltallig; "Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel..." (Dan 7:27) sal binnekort aan die erfgename van die saligheid gegee word en Jesus sal as Koning van die konings en Here van die here regeer.

Wanneer Hy die heiligdom verlaat, bedek duisternis die 614
bewoners van die aarde. In daardie vreesaanjaende tyd moet die regverdiges voor die heilige God sonder 'n Middelaar leef.

Die beperkings op die goddelose is opgehef en Satan het volle beheer oor die finale onboetvaardiges. God se lankmoedigheid is beëindig. Die wêreld het Sy genade verwerp, Sy liefde versmaai en Sy wet vertrap. Die goddelose het die grense van hulle genadetyd oorskry; die Gees van God waarteen hulle hul so aanhoudend verset het, is uiteindelik onttrek. Sonder die beskerming van Goddelike genade, is daar geen beskerming teen die bose vir hulle nie. Satan sal dan die aardbewoners in een laaste, groot teëspoed dompel. Namate die engele van God ophou om die hewige winde van menslike passie in toom te hou, sal al die elemente van stryd losgelaat word. Die hele wêreld sal in 'n hewiger verwoesting as wat oor Jerusalem van ouds gekom het, betrokke wees.

Een engel het al die eersgeborenes van die Egiptenare vernietig en die land in rou gedompel. Toe Dawid teen God gesondig het deur die volk te tel, het een engel die ontsettende vernietiging veroorsaak waardeur sy sonde gestraf is. Dieselfde vernietigende krag wat deur die heilige engele op bevel van God uitgevoer is, sal deur bose engele uitgeoefen word wanneer Hy dit toelaat. Daar is reeds magte gereed wat net wag op die Goddelike toestemming om oral oor wanhoop te saai.

Hulle wat die wet van God eer, sal daarvan beskuldig word dat hulle die oordele oor die wêreld gebring het en hulle sal as die oorsaak van die vreesaanjaende stuiptrekkings van die natuur en die twis en bloedvergieting onder die mense wat die aarde met wee vul, beskuldig word. Die mag wat met die laaste waarskuwing gepaard gegaan het, het die goddelose woedend gemaak; hulle woede word teen almal wat die boodskap aangeneem het ontketen en Satan sal die gees van haat en vervolging tot nog groter intensiteit aanblaas.

Toe God se teenwoordigheid uiteindelik van die Joodse volk 615
onttrek is, het die priesters en die volk dit nie besef nie. Alhoewel hulle onder die beheer van Satan was en deur die

afskuwelikste en mees kwaadwilligste hartstogte beïnvloed was, het hulle hulself steeds as die uitverkorenes van God beskou. Die bediening in die tempel het voortgegaan; offers is op besoedelde altare gebring en daagliks is die Goddelike seën oor ‘n volk, wat skuldig aan die bloed van die geliefde Seun van God was aangeroep en wat steeds getrag het om Sy diensknegte en apostels om die lewe te bring. Wanneer die onherroeplike besluit oor die heiligdom uitgespreek is en die lot van die wêreld vir ewig verseël is, sal die bewoners van die aarde dit ook nie besef nie. Die vorms van godsdiens sal steeds deur 'n volk van wie die Gees van God finaal onttrek is voorgesit word; en die sataniese ywer waarmee die vors van die bose hulle sal besiel vir die uitvoering van sy kwaadwillige planne, sal ‘n skyn van ywer vir God dra.

Aangesien die sabbat die spesifieke geskil in die ganse Christendom geword het en godsdienstige en burgerlike owerhede verenig het om die handhawing van die Sondag af te dwing, sal die volhardende weiering van ‘n klein minderheid om aan die gewilde vereiste toe te gee, hulself die spesiale voorwerpe van universele vervloeking maak. Daar sal aangevoer word dat die paar wat in stryd met ‘n instelling van die kerk en wet van die staat is, nie geduld moet word nie; dat dit beter is dat hulle ly, as dat hele volke in verwarring en wetteloosheid gewerp word. Dieselfde argument is baie eeue gelede teen Christus gebring deur die “...owerstes van die volk...”. Dit is voordelig vir ons, het die listige Kajafas gesê, “...dat één man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie.” (Joh 11:50). Hierdie argument sal afdoende blyk te wees; uiteindelik sal daar 'n dekreet teen diegene wat die Sabbat van die vierde gebod heilig uitgevaardig word, waarin hulle veroordeel word dat hulle die swaarste straf verdien en sal daar aan die volk die vryheid gegee word om hulle na 'n sekere tyd dood te maak. Romanisme in die Ou Wêreld en afvallige Protestantisme in die Nuwe, sal 'n soortgelyke weg teenoor diegene wat die goddelike voorskrifte eerbiedig volg.

Die volk van God sal dan in die tonele van verdrukking en benoudheid gedompel word, wat deur die profeet as die tyd van Jakob se benoudheid beskryf word: “So sê die Here: Ons het ‘n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! ... Waarom ... is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ’n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.” (Jer 30:5-7). 616

Jakob se nag van sieleangs, toe hy in gebed om verlossing uit die hand van Esau geworstel het, verteenwoordig die ervaring van die volk van God in die tyd van benoudheid. (Gen 32:24-30) Vanweë die bedrog wat hy gepleeg het om die seën wat vir Esau bedoel was van sy vader te verkry, moes Jakob vir sy lewe vlug omdat hy bang was vir die dodelike dreigemente van sy broer. Nadat hy baie jare in ballingskap deurgebring het, het hy op bevel van God met sy vrouens en kinders, kuddes en beeste, na sy geboorteland teruggekeer. Toe hy die grense van die land bereik, was hy met vrees gevul deur die tyding van Esau se aantog aan die hoof van ‘n groep krygers, ongetwyfeld met die doel om wraak te neem. Jakob se gevolg, ongewapen en weerloos het geblyk op die punt te staan om die hulpelose slagoffers van geweld te word. En by die las van angs en vrees is die verpletterende gewig van selfverwyt gevoeg; want dit was sy eie sonde wat hom in hierdie gevaar gebring het. Sy enigste hoop was op die genade van God; sy enigste verdediging was nou in gebed. Tog het hy niks van sy eie kant nagelaat om vir die onreg aan sy broer te vergoed en die dreigende af te weer nie. So moet die volgelinge van Christus ook, wanneer hulle die tyd van benoudheid nader, alles in hulle vermoë doen om hulself in die regte lig voor die mense te stel, vooroordele te ontwapen en die gevaar wat die gewetensvryheid bedreig, af te weer.

Nadat hy sy gesin weggestuur het sodat hulle nie sy nood kon aanskou nie, het Jakob alleen agtergebly om by God in te tree. Hy het sy sonde bely en met dankbaarheid die genade wat 617

God aan hom bewys het erken, terwyl hy met diepe nederigheid die verbond met sy vaders en die beloftes aan homself in die naggesig te Bet-el in die land van sy ballingskap bepleit het. Die krisis van sy lewe het gekom; alles was op die spel. In die duisternis en eensaamheid het hy aangehou om te bid en homself te verneder. Skielik is daar ‘n hand op sy skouer gelê. Hy het gedink dat dit ‘n vyand is wat sy lewe soek en met wanhopige krag het hy met sy aanvaller geworstel. Soos die dag begin aanbreek het, het die vreemdeling bomenslike krag gebruik; met sy aanraking het die voorgekom asof die sterk man verlam is en hy het hulpeloos, wenend en smekend sy antagonis om die nek geval. Jakob het toe besef dat dit die Verbondsengel was met wie hy geworstel het. Hoewel hy gebreklik was en die grootste pyn verduur het, het hy nie moed opgegee nie. Hy het vir lank onrus, berou en moeite oor sy sonde verduur en hy moes nou die versekering hê dat hy vergewe is. Dit het gelyk asof die goddelike besoeker wou vertrek; maar Jakob het aan hom vasgehou en vir ‘n seën gepleit. Die engel het gesê: “Laat my gaan, want die dag het gebreek...” (Gen 32:26), maar die patriarg het uitgeroep: “Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.” Watter vertroue, watter fermheid en deursettingsvermoë word hier vertoon! As dit 'n spoggerige, vermetele eis was, sou Jakob onmiddellik vernietig gewees het; maar dit was die sekerheid van iemand wat sy swakheid en onwaardigheid bely het, maar tog op die genade van 'n Verbondsgod vertrou het.

“Hy het met die engel geworstel en die oorhand gekry.” (Hos 12:5). Deur verootmoediging, berou en selfoorgawe, het hierdie sondige, dwalende sterweling die oorhand oor die Majesteit van die hemel gekry. Hy het sy bewende greep aan die beloftes van God vasgemaak en die hart van Oneindige Liefde kon die pleidooi van die sondaar nie afwys nie. As bewys van sy oorwinning en as aanmoediging vir ander om sy voorbeeld te volg, is sy naam verander van een wat 'n herinnering aan sy sonde was, na een sat sy oorwinning gedenk

het. En die feit dat Jakob die oorhand oor God verkry het, was die versekering dat hy die oorhand oor mense sou kry. Hy was nie langer bang om die woede van sy broer teë te kom nie, want die Here was sy verdediging.

Satan het Jakob voor die engele van God beskuldig en 618
aanspraak gemaak op die reg om hom weens sy sonde te vernietig; hy het Esau beweeg om teen hom op te trek en gedurende die patriarg se lang nag van worsteling, het Satan gepoog om ’n besef van sy skuld aan hom op te dring ten einde hom te ontmoedig en sy houvas op God te verbreek. Jakob was byna tot wanhoop gedryf, maar hy het geweet dat hy sonder hemelse hulp sou vergaan. Hy het opreg berou oor sy groot sonde gehad en hy het hom op die genade van God beroep. Hy sou nie van sy doel afgeskrik word nie, maar het aan die Engel vasgehou en op sy versoek met ernstige angskrete aangedring, totdat hy die oorhand verkry het.

Net soos Satan Esau beïnvloed het om teen Jakob op te trek, so sal hy ook die goddelose aanhits om die volk van God in die tyd van benoudheid te vernietig. En net soos hy Jakob beskuldig het, sal hy ook op sy beskuldigings teen die volk van God aandring. Hy beskou die wêreld as sy onderdane; maar die klein geselskap wat die gebooie van God onderhou, weerstaan sy oppergesag. As hy hulle van die aarde kon verdelg, sou sy oorwinning volkome wees. Hy sien dat heilige engele hulle beskerm en daaruit lei hy af dat hulle sondes vergewe is; maar hy weet nie dat hulle sake reeds in die hemelse heiligdom beslis is nie. Hy het ‘n akkurate kennis van al die sondes waartoe hy hulle verlei het en hy stel dit voor God in die mees oordrewe lig, wat aanvoer dat hierdie volk net so verdienstelik as hy is om van die guns van God uitgesluit te word. Hy verklaar dat die Here nie hulle sondes in alle regverdigheid kan vergewe en tog homself en sy engele kan vernietig nie. Hy eis hulle as sy prooi en eis dat hulle in sy hande oorgegee word om te vernietig.

Soos Satan die volk van God vanweë hulle sondes beskuldig, laat die Here toe dat hy hulle tot die uiterste beproef. Hulle vertroue in God, hulle geloof en standvastigheid sal ernstig getoets word. Soos hulle oor hul verlede terugkyk, sak hulle moed, want in hul hele lewe, kan hulle weinig goed raaksien. Hulle is volkome bewus van hulle swakheid en onwaardigheid. Satan poog om hulle vreesbevange, met die gedagte dat daar geen hoop vir hulle is nie, te maak; dat die vlek van hul besoedeling nooit uitgewis kan word nie. Hy hoop om so hulle geloof te vernietig sodat hulle aan sy versoekings sal toegee en hulle trou aan God sal versaak. 619

Alhoewel die volk van God met vyande wat op hulle vernietiging uit is, omring sal word, sal die angs wat hulle ervaar, egter nie as gevolg van ‘n vrees vir vervolging ter wille van die waarheid wees nie; hulle sal vrees dat hulle nie alle sondes bely het nie en dat hulle, as gevolg van een of ander defek in hulle lewe, nie die belofte van die Heiland verwesenlik sal sien nie: “Ek [sal] jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom.” (Openb 3:10). As hulle net die versekering van vergifnis kon hê, sou hulle nie vir marteling of die dood terugdeins nie, maar sou hulle onwaardig blyk te wees en hulle lewens as gevolg van hulle eie gebreke in karakter sou verloor, sou die heilige Naam van God gesmaad word.

Aan alle kante hoor hulle van sameswerings tot verraad en sien hulle die aktiewe werking van rebellie; en daar word 'n intense begeerte, ‘n ernstige hunkering in hul siel gewek, dat hierdie groot afvalligheid beëindig moet word en die goddeloosheid van die goddelose tot ‘n einde moet kom. Maar terwyl hulle by God pleit om die werk van rebellie teë te hou, is dit met 'n skerp besef van selfverwyt omdat hulle nie self meer krag het om die magtige gety van die bose te weerstaan nie. Hulle voel dat as hulle altyd al hulle vermoëns in diens van Christus aangewend het en van krag tot krag voortgegaan het, die magte van Satan minder mag sou hê om hulle te oorwin.

Hulle verootmoedig hul siele voor God en wys op hulle 620
berou van hul baie sondes van die verlede en bepleit die belofte van die Heiland. “Hulle moet My beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak.” (Jes 27:5). Hulle wankel nie in hul geloof omdat hul gebede nie onmiddellik beantwoord word nie. Alhoewel hulle in die grootste angs, vrees en ellende verkeer, staak hulle nie hul voorbidding nie. Hulle gryp die krag van God aan soos Jakob die engel vasgegryp het; en die taal van hul siele is: “Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.” (Gen 32:26).

As Jakob hom nie voorheen van sy sonde van die verkryging van die eersgeboortereg deur bedrog verootmoedig het nie, sou God nie sy gebed verhoor en sy lewe gespaar het nie. So ook in die tyd van benoudheid; indien die volk van God onbelyde sondes gehad het wat voor hulle verskyn terwyl hulle met angs en vrees gemartel word, sou hulle oorweldig word; wanhoop sou hulle geloof vernietig en hulle sou geen vertroue hê om tot God om verlossing te pleit nie. Maar terwyl hulle ‘n diepe besef van hulle onwaardigheid het, is daar geen verborge sondes, wat geopenbaar moet word nie. Hulle sondes is vooraf veroordeel uitgewis en hulle kan dit nie in herinnering roep nie.

Satan laat baie mense glo dat God hulle ontrouheid in die klein dingetjies oorsien; maar die Here toon in Sy optrede teenoor Jakob, dat Hy geensins die kwaad sal goedkeur of verdra nie. Almal wat probeer om hul sondes te verskoon of te verberg en toelaat dat dit onbelyd en onvergewe in die boeke van die hemel bly, sal deur Satan oorwin word. Hoe meer verhewe hul beroep en hoe eerbaarder die posisie wat hulle beklee, hoe ernstiger is hulle weg voor God en hoe sekerder is die oorwinning van hul groot teëstander. Diegene wat hul voorbereiding op die dag van God vertraag, kan dit nie in die tyd van benoudheid of op enige daaropvolgende periode bereik nie. Die sake van al diesulkes is hopeloos.

Daardie belydende Christene wat onvoorbereid tot daardie laaste skrikwekkende stryd kom, sal in wanhoop, hulle sonde in die grootste angs bely, terwyl die goddelose hulle oor hulle ellende verheug. Hulle belydenis van sonde is soortgelyk aan die van Esau en Judas. Diegene wat dié belydenis doen, is jammer oor die gevolge van hulle oortreding, maar nie oor hulle sonde self nie. Daar is geen ware berou en geen afsku vir sonde nie. Hulle bely hulle sonde uit vrees vir straf; maar, soos Farao van ouds, sal hulle weer terugkeer tot hul uitdagende houding teen die hemel indien die oordele van God verwyder sou word.

Die geskiedenis van Jakob is ook 'n versekering dat God 621
diegene wat mislei, versoek en in sonde verraai is, maar wat met opregte berou na Hom terugkeer het, nie sal verstoot nie. Terwyl Satan hierdie klas wil vernietig, sal God Sy engele stuur om hulle in die tyd van gevaar te vertroos en te beskerm. Die aanvalle van Satan is hewig en vasberade en sy dwalinge ontsettend; maar die oog van die Here is op Sy volk en Sy oor luister na hulle roepstem. Hulle ellende is groot; dit blyk asof die vlamme van die smeltkroes hulle wil verswelg, maar die Louteraar sal hulle soos goud wat deur vuur beproef is, te voorskyn bring. Die liefde van God vir Sy kinders gedurende die periode van hulle hewigste beproewing, is net so sterk en teer soos in die dae van hulle sonnigste voorspoed; maar dit is nodig dat hulle deur die smeltkroes moet gaan; hulle aardsheid moet verteer word, sodat die beeld van Christus volkome kan weerspieël word.

Die tyd van benoudheid en angs voor ons, sal 'n geloof vereis wat vermoeidheid, vertraging en honger kan verduur — ‘n geloof wat nie sal verswak nie, hoewel dit streng beproef sal word. Die proeftydperk word aan almal toegestaan om hulle vir hierdie tyd voor te berei. Jakob het die oorhand gekry omdat hy volhard het en vasberade was. Sy oorwinning is ‘n bewys van die krag van volhardende gebed. Almal wat, soos hy, God se beloftes sal aangryp en so ernstig en volhardend soos hy sal wees, sal slaag soos hy geslaag het. Diegene wat onwillig is om

self te verloën, om in sieleangs tot God te bid en lank en ernstig vir Sy seën te smeek nie, sal dit nie verkry nie. Worstel met God — hoe min weet wat dit beteken! Hoe min het hulle siele, met 'n intense begeerte en met al hulle krag, na God laat trek? Wanneer golwe van wanhoop wat nie in woorde uitgedruk kan word nie, oor die smeker kom, hoe min van hulle hou met onversetlike geloof aan die beloftes van God vas?

Diegene wat tans min vertroue het, loop die grootste gevaar 622
om onder die mag van sataniese dwalinge en die dekreet om die gewete te dwing, tot 'n val te kom. En selfs as hulle die toets kan deurstaan, sal hulle in die tyd van groot benoudheid, dieper in ellende en sieleangs gedompel word, omdat hulle nie die gewoonte aangekweek het om op God te vertrou nie. Die lesse van geloof wat hulle verwaarloos het, sal hulle dwing om onder die verskriklike druk van ontmoediging te leer.

Ons moet God nou leer ken deur Sy beloftes te beproef. Engele neem elke ernstige en opregte gebed op. Ons moet eerder van selfsugtige bevrediging afsien, as om gemeenskap met God te verwaarloos. Die diepste armoede, die grootste selfverloëning met Sy goedkeuring, is beter as rykdom, eerbewyse, gemak en vriende daarsonder. Ons moet tyd neem om te bid. As ons toelaat dat ons gedagtes deur wêreldse belange in beslag geneem word, mag die Here ons tyd gee, deur ons afgode van goud, of huise, of vrugbare landerye van ons weg te neem.

Die jongmense sou nie tot sonde verlei word as hulle sou weier om enige ander pad te betree as die een waarop hulle die seën van God kan vra nie. As die boodskappers wat die laaste plegtige boodskap aan die wêreld oordra, vir die seën van God sou bid, nie op ‘n kille, lustelose en lui wyse nie, maar vurig en in geloof, net soos Jakob, sou hulle baie plekke kon vind waar hulle kon sê: “Ek het God gesien van aangesig tot aangesig en tog is my lewe gered.” (Gen 32:30). Die hemel sou hulle as

vorste beskou, wat die mag het om by God en by mense te oorwin.

Die "...tyd van benoudheid soos daar nie gewees het nie..." (Dan 12:1) sal binnekort aanbreek en daarvoor sal ons 'n ervaring nodig hê wat ons nie nou het nie en wat vele te traag is om op te doen. Dit is dikwels so dat die afwagting van moeilikheid erger as die werklikheid is; maar dit geld nie vir die krisis wat voor ons lê nie. Die mees aanskoulikste aanbieding kan nie die omvang van die beproewing verteenwoordig nie. In daardie tyd van beproewing sal elke siel alleen voor God moet staan. "Al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red." (Eseg 14:20).

Nou, terwyl ons groot Hoëpriester vir ons versoening doen, 623
moet ons volmaaktheid in Christus nastreef. Nie eens deur 'n gedagte kon ons Verlosser onder die mag van versoeking gebring word nie. In menslike harte vind Satan die een of ander plek waar hy vastrapplek kan kry; die een of ander gekoesterde sondige begeerte waar sy versoekings hul krag kan laat geld. Maar Christus het van Homself verklaar: "Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie." (Joh 14:30). Satan kon niks in die Seun van God vind wat hom in staat sou stel om die oorwinning te behaal nie. Hy het die gebooie van Sy Vader bewaar en daar was geen sonde in Hom wat Satan tot sy voordeel kon gebruik nie. Dit is die toestand waarin diegene, wat in die tyd van benoudheid staande wil bly, gevind moet word.

Dit is in hierdie lewe dat ons die sonde deur geloof in die versoenende bloed van Christus moet versaak. Ons kosbare Verlosser nooi ons om by Hom aan te sluit, om ons swakheid met Sy krag te verenig, ons onkunde met Sy wysheid en ons onwaardigheid met Sy verdienste. Die voorsienigheid van God is die skool waarin ons die sagmoedigheid en nederigheid van

Jesus moet leer. Die Here stel voortdurend voor ons, nie die wyse wat vir ons makliker en aangenamer lyk nie, maar die ware doel van die lewe. Dit berus by ons om saam met die werkkragte wat die Hemel gebruik te werk om ons karakters aan die Goddelike model te laat voldoen. Niemand kan hierdie werk sonder die grootste gevaar vir hul siel verwaarloos of uitstel nie.

Die apostel Johannes het in 'n visioen 'n harde stem in die hemel hoor roep: "Wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (Openb 12:12). Vreesaanjaend is die tonele wat die hemelse stem hier weergee. Namate die tyd korter word, neem Satan se woede toe en sy werk van bedrog en vernietiging sal 'n hoogtepunt in die tyd van benoudheid bereik.

Skrikwekkende verskynsels van 'n bonatuurlike aard sal 624
binnekort in die hemele geopenbaar word as 'n teken van die wonderwerkende mag van demone. Die geeste van duiwels sal na die konings van die aarde en die hele wêreld uitgaan om hulle in misleiding vas te trek en hulle aan te spoor om met Satan in sy laaste stryd teen die regering van die hemel te verenig. Deur hierdie werkkragte sal regeerders en onderdane mislei word. Persone sal verrys en voorgee dat hulle Christus self is en aanspraak maak op die titel en aanbidding wat die Verlosser van die wêreld toekom. Hulle sal wonderwerke van genesing verrig en beweer dat hulle openbarings uit die hemel wat die getuienis van die Skrif weerspreek, ontvang het.

As die kroon van die groot drama van misleiding, sal Satan homself as Christus verpersoonlik. Die kerk het lank reeds bely dat sy na die koms van die Heiland as die voleindig van haar hoop uitsien. Nou sal die groot bedrieër dit laat blyk dat Christus gekom het. In verskillende dele van die wêreld sal Satan homself onder die mense as 'n majestueuse wese van skitterende heerlikheid manifesteer, wat aan die beskrywing

van die Seun van God wat Johannes in Openbaring gegee het, sal voldoen. (Openb 1:13-15.) Die heerlikheid wat hom omring, sal enigiets wat nog deur sterflike oë gesien is, oortref. ‘n Uitroep van oorwinning sal deur die lug weergalm: “Christus het gekom! Christus het gekom!” Die mense sal in aanbidding voor hom neerval, terwyl hy sy hande in seën ophef, soos Christus Sy dissipels geseën het toe Hy op die aarde was. Sy stem is sag en ingetoë, maar tog melodieus. In 'n sagte, deernisvolle toon, sal hy dieselfde genadige, hemelse waarhede wat die Heiland geuiter het, aanbied.; hy sal die siektes van die mense genees en dan sal hy in sy aangenome karakter van Christus, beweer dat hy die Sabbat na Sondag verander het en almal beveel om die dag wat hy geseën het, te heilig. Hy sal verklaar dat diegene wat volhard om die sewende dag heilig te hou, sy naam laster deur te weier om na sy engele wat met lig en waarheid na hulle gestuur is, te luister. Dit is die groot, byna oorheersende dwaling. Net soos die Samaritane wat deur Simon, die towenaar, bedrieg is, let die skare, groot en klein, op na hierdie towery en sê: “Hy is die groot krag van God.” (Hand 8:10).

Maar die volk van God sal nie mislei word nie. Die 625
leerstellings van hierdie valse Christus stem nie met die Skrif ooreen nie. Sy seën word uitgespreek oor die aanbidders van die dier en sy beeld, die einste klas op wie, verklaar die Bybel, die onvermengde wraak van God uitgestort sal word.

En verder, sal Satan nie toegelaat word om die wyse waarop Christus se koms gaan plaasvind, te vervals nie. Op hierdie punt het die Heiland Sy volk teen bedrog gewaarsku en die wyse van Sy koms duidelik voorspel. “Daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moet nie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms

van die Seun van die mens wees.” (Mat 24:24-27,31;25:31; Openb 1:7,1.). Daar bestaan geen moontlikheid om hierdie koms te vervals nie. Dit sal universeel bekend wees —die hele wêreld sal daarvan getuig.

Slegs diegene wat ywerige studente van die Skrif was en wat die liefde vir die waarheid ontvang het, sal teen die kragtige dwaling wat die wêreld gevange sal neem, beskerm word. Deur die getuienis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming bespeur. Die toetstydperk sal vir almal aanbreek. Deur die sifting van versoeking sal die ware Christen geopenbaar word. Is die volk van God tans so vas gevestig op Sy woord, dat hulle nie sal toegee aan die getuienis van hul sinne nie? Sal hulle in so ‘n krisis aan die Bybel en die Bybel alleen vashou? Satan sal, indien moontlik, hulle verhoed om hulself voor te berei om op daardie dag staande te kan bly. Hy sal sake so reël dat hulle weg versper word; hy sal hulle met aardse skatte verstrik, hulle swaar en moeisame laste laat dra, sodat hul harte met die sorge van hierdie lewe oorlaai sal word en dat die dag van beproewing hulle soos ‘n dief oorval.

Wanneer die dekreet deur die verskillende owerhede van 626
die Christendom uitgevaardig word, die beskerming van die regering van diegene wat die gebooie bewaar onttrek word en hulle aan diegene wat verlang om hulle te vernietig oorgelewer word, sal die volk van God uit die stede en dorpe wegvlug en hulle sal in groepe saamkom en op afgeleë plekke gaan woon. Baie sal skuiling in bergvestings vind. Soos die Christene van die Piedmont-valleie, sal hulle van die hoë plekke van die aarde hul heiligdomme maak en hulle sal God dank vir “...die rotsvesting...” (Jes 33:16). Maar baie van alle nasies en van alle klasse, hoog en laag, ryk en arm, swart en wit, sal in die mees onregverdigste en wreedste slawerny gewerp word. Die geliefdes van God sal lang, vermoeiende dae in kettings geknel, agter tralies in tronke opgesluit, tot die dood veroordeel en sommige waarskynlik in walglike, donker kerkers van honger omkom, deurbring. Geen menslike oor sal oop wees om hulle

gekreun te hoor nie; geen menslike hand sal bereid om hulle te help nie.

Sal die Here Sy volk in hierdie uur van beproewing vergeet? Het hy die getroue Noag vergeet toe die oordele oor die antediluviaanse wêreld besoek is? Het Hy Lot vergeet toe vuur uit die hemel neergedaal het om die stede van die vlakte te vernietig? Het Hy Josef vergeet toe hy in Egipte deur afgodedienaars omring was? Het Hy Elia vergeet toe die eed van Isébel hom met dieselfde lot as die Baäl profete bedreig het? Het hy Jeremia in die donker, somber put van sy gevangenis vergeet? Het Hy die drie waardiges in die vuuroond vergeet? Of Daniël in die leeukuil?

"Sion sê: Die Here het my verlaat en die Here het my vergeet! Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ék jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer." (Jes 49:14-16). Die Here van die leërskare het gesê: "...want wie julle aanraak, raak Sý oogappel aan." (Sag 2:8).

Alhoewel vyande hulle in die gevangenis kan werp, kan die 627
tronkmure nie die kommunikasie tussen hulle siele en Christus verbreek nie. Een wat elke swakheid raaksien, wat vertroud met elke beproewing is, is bo alle aardse magte; en engele sal in eensame selle na hulle kom en lig en vrede uit die hemel bring. Die gevangenis sal soos 'n paleis wees; want hulle wat ryk in geloof is woon daar en die somber mure sal met hemelse lig verlig word, soos toe Paulus en Silas om middernag in die tronk in Filippi gebid en lofsange gesing het.

God se oordele sal oor diegene wat Sy volk wil onderdruk en vernietig, besoek word. Sy lang verdraagsaamheid met die goddelose moedig mense in hulle oortreding aan, maar hulle straf is nietemin seker en skrikwekkend omdat dit lank uitgestel is. "Die Here sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gibeon om Sy werk te doen —

vreemd is Sy werk!" (Jes 28:21). Vir ons barmhartige God is die daad van straf 'n vreemde daad. "So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie." (Eseg 33:11). Die Here is "...'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou ... Wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe." Maar Hy sal die skuldiges "...nooit ongestraf laat bly nie ... Die Here is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die Here ongestraf bly nie." (Eks 34:6,7; Nah 1:3). Die Here sal, in geregtigheid, die ondergrawing van Sy gesag deur verskriklike dinge wreek. Die erns van die vergelding wat op die oortreder wag, kan uit die Here se huiwering om die reg uit te voer gesien word. Die volk wat Hy lank verdra en wat Hy nie wil straf totdat die beker van hulle ongeregtigheid vol is nie, sal uiteindelik die beker van die wraak van God wat onvermeng met genade ingeskink is, moet drink.

Wanneer Christus sy voorbidding in die heiligdom staak, sal 628
die dreigende onvermengde wraak van God op diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merkteken ontvang uitgestort word. (Openb 14:9,10). Die plae wat Egipte getref het net voordat God Israel verlos het, was soortgelyk aan die verskriklike en uitgebreide oordele wat oor die wêreld gaan kom net voor die finale verlossing van die volk van God. Die openbaarder sê in die beskrywing van hierdie geweldige plae: "Kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het." Die see "...het bloed geword soos van 'n dooie en al die lewende wesens in die see het gesterwe." Die riviere en die waterfonteine "...het bloed geword." Vreeslik soos hierdie toedienings is, is die oordele van God volkome regverdig. Die engel van God verklaar: "Ja, Here God, die Almagtige, waaragtig en regverdig is U oordele ... Want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet en U het vir hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien." (Openb 16:2-4,7,6). Deur die volk van God tot die dood te veroordeel, het hulle hul net so gewis aan

bloedskuld skuldig gemaak, asof hulle die bloed met hulle eie hande vergiet het. Net so het Christus ook die Jode van Sy tyd skuldig verklaar aan die bloed van al die heiliges wat sedert die dae van Abel vergiet is; want hulle was met dieselfde gees besiel en hulle wou dieselfde werk as die moordenaars van die profete doen.

In die plaag wat volg, word daar krag aan die son gegee "...om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte." (Openb 16:8,9). Die profete beskryf die toestand van die aarde gedurende hierdie vreeslike tyd, soos volg: "Die veld is verwoes, die akkerland treur;... Al die bome van die land het verdor; want beskaamd is die vreugde, weg van die mensekinders af ... Die graankorrels het weggekrimp onder hulle kluite, die voorraadkamers is verwoes ... Hoe sug die vee! Die troppe beeste is onrustig, want daar is geen weiveld vir hulle nie... Die waterstrome het opgedroog en 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer ... En die liedere van die paleis sal in dié dag weeklaag, spreek die Here HERE: 'n menigte lyke; hulle gooi dit oral neer. Stilte!" (Joël 1:10-12,17-20; Amos 8:3).

Die plae is nie universeel nie, anders sou die aardbewoners 629
heeltemal uitgewis word. Tog sal dit die afskuweliksste plae wees wat sterflinge ooit geken het. Al die oordele oor die mense voor die einde van die proeftydperk, is met genade vermeng. Die pleitende bloed van Christus het die sondaar teen die volle mate van sy skuld beskerm; maar in die finale oordeel word die grimmigheid van God sonder genade uitgestort.

In daardie dag sal menigtes die skuiling van God se genade wat hulle vir so lank verag het, begeer. "Kyk daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor. En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie vind nie." (Amos 8:11,12).

Die volk van God sal nie vry van lyding wees nie; maar terwyl hulle vervolg word en in ellende verkeer en terwyl hulle ontberings en aan 'n gebrek van voedsel sal ly, sal hulle nie oorgelaat word om te sterf nie. Die God wat vir Elia gesorg het, sal nie by een van sy selfopofferende kinders verbygaan nie. Hy wat die hare van hulle hoof tel, sal na hulle omsien; in die tyd van hongersnood sal hulle versadig word. Terwyl die goddelose van honger en die pes sterf, sal engele die regverdiges beskerm en in hulle behoeftes voorsien. Aan hom "...wat in geregtigheid wandel..." is die belofte gegee: "Sy brood word hom gegee, sy water is gewis." (Jes. 33:15,16). "Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die Here, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie." (Jes 41:17).

"Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie..." nogtans sal diegene wat die Here vrees "...juig in God..." (Hab 3:17,18); die God van hulle verlossing.

"Die Here is jou bewaarder; die Here is jou skaduwee aan 630
jou regterhand. Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie. Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar." (Ps 121:5-7). "Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met Sy vlerke en onder Sy vleuels sal jy skuil; Sy trou is 'n skild en pantser. Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, Here, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. Geen

onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie.” (Ps 91:3-10).

Tog, uit ‘n menslike oogpunt, sal dit lyk asof die volk van God binnekort hulle getuienis met hulle bloed sal moet verseël, net soos die martelare voor hulle. Hulle sal selfs begin vrees dat die Here hulle oorgelaat het om aan die hand van hul vyande onder te gaan. Dit is ‘n tyd van verskriklike sieleangs. Dag en nag sal hulle tot God roep om verlossing. Die goddelose sal juig en die honende vraag gehoor word: “Waar is julle geloof nou? As julle inderdaad die volk van God is, waarom verlos Hy julle nie uit ons hande nie?” Maar hierdie wagtendes sal onthou hoedat Jesus aan die kruis van Golgota gesterf het en hoedat die owerpriesters en owerstes spottend gesê het: “Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo.” (Mat 27:42). Soos Jakob, worstel almal met God. Hulle aangesigte gee uitdrukking aan hul innerlike stryd. Bleekheid is op elke gesig. Tog staak hulle nie met hul ernstige voorbidding nie.

Sou mense met hemelse visie kon sien, dan sou hulle die 631
skares van magtige engele gestasioneer oor diegene wat die Woord van Christus bewaar het, sien. Die engele het met medelydende teerheid van hul ellende getuig en hulle gebede gehoor. Hulle wag op bevel van hulle Bevelvoerder om hulle uit hul gevaar te ruk. Maar hulle moet nog ‘n rukkie wag. Die volk van God moet die beker drink en met die doop gedoop word. Die vertraging, hoe pynlik ook al vir hulle, is die beste antwoord op hul smekinge. Terwyl hulle poog om met vertroue op die Here te wag om te werk, word hulle gelei tot geloof, hoop en geduld, wat te min tydens hul godsdienservaring uitgeoefen is. Maar ter wille van die uitverkorenes, sal die tyd van benoudheid verkort word. “Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie? ... Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen.” (Luk 18:7,8). Die einde sal vinniger kom as wat mense verwag. Die koring sal bymekaar

gemaak en in gerwe gebind word vir die skuur van God; die onkruid sal in bondels gebind word vir die vure van vernietiging.

Die hemelse wagte, getrou aan hul vertroue, gaan steeds voort met hul wag. Alhoewel ‘n algemene dekreet die tyd bepaal het waarop die bewaarders van die gebooie gedood kan word, sal hulle vyande in sommige gevalle die besluit vooruitloop en probeer om voor die vasgestelde tyd hul lewe te neem. Maar nie een van hulle sal by die magtige wakers wat rondom elke getroue siel gestasioneer is, kan verbykom nie. Sommige sal aangeval word terwyl hulle uit die stede en die dorpe vlug; maar die swaarde wat teen hulle opgehef sal word, sal verbreek word en magteloos soos ‘n strooihalm val. Ander sal deur engele in die vorm van krygsmanne beskerm word.

Deur al die eeue heen het God deur heilige engele vir die bewaring en verlossing van Sy volk gewerk. Hemelse wesens het aktief deelgeneem aan die sake van mense. Hulle het in klere wat soos weerlig blink verskyn; hulle het in die vorm van mense, soos reisigers geklee, gekom. Engele het in menslike gedaante aan manne van God verskyn. Hulle het in die middag-hitte in die koelte van die akkerbome gerus, asof hulle moeg was. Hulle het die gasvryheid van mense aanvaar. Hulle het as gidse vir verdwaalde reisigers opgetree. Met hulle eie hande het hulle die vure op die altare aangesteek. Hulle het die deure van gevangenisse oopgemaak en die dienaars van God bevry. Gekleed In die gewaad van die hemel, het hulle gekom om die klip voor die Heiland se graf weg te rol.

Engele is dikwels in die vorm van mense in die vergaderings 632
van die regverdiges; en hulle besoek ook die vergaderings van die bose, soos hulle na Sodom toe gegaan het om 'n opname van hul dade te maak, om vas te stel of hulle die grens van God se verdraagsaamheid oorskrei het. Die Here verlustig Hom in genade; en ter wille van die enkeles wat Hom in opregtheid dien, hou Hy rampe in bedwang en verleng die vrede vir menigtes. Sondaars het min besef dat hulle hul eie lewens aan

die getroue mense, wat hulle graag bespot en verdruk, verskuldig is.

Alhoewel die heersers van hierdie wêreld onbewus daarvan is, was engele dikwels woordvoerders in hulle raadsvergaderings. Menslike oë het hulle gesien; menslike ore het na hulle oproepe geluister; menslike lippe het hulle voorstelle teëgestaan en hulle raad geminag; mensehande het hulle beledig en mishandel. In die raadsaal en geregshof, het hierdie hemelse boodskappers ‘n intieme kennis van die menslike geskiedenis aan die dag gelê; hulle het bewys gelewer dat hulle beter in staat is om die saak van die verdruktes te bepleit as die bekwaamste en welsprekendste verdedigers. Hulle het doelwitte verslaan en euwels verhoed wat die werk van God baie sou vertraag en groot lyding vir Sy volk sou veroorsaak. In die uur van ellende en nood trek die engel van die Here “...‘n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit.” (Ps 34:8).

Met ernstige verlange wag die volk van God op die tekens van hulle komende Koning. Wanneer die wagte uitgedaag word: “Hoe ver is dit in die nag?” kom die antwoord: “Die more kom, en ook die nag.” (Jes 21:11,12). Die lig skyn op die wolke bokant die bergtoppe. Binnekort sal Sy heerlikheid geopenbaar word. Die Son van Geregtigheid is op die punt om te skyn. Beide more en die nag is ophande — die aanbreek van die eindelose dag vir die regverdiges en die vestiging van die ewige nag vir die goddelose.

Terwyl die kinders van God met hul versoeke in gebed met 633
Hom worstel, skyn dit amper asof die sluier wat hulle van die onsienlike skei, weggetrek is. Die hemel gloei met die aanbreek van die ewige dag en soos die melodie van engelliedere, word die woorde gehoor: “Staan onwrikbaar in jou getrouheid. Hulp kom.” Christus die almagtige Oorwinnaar, hou 'n kroon van onsterflike heerlikheid na Sy afgematte soldate uit; en Sy stem kom deur die half-oop: “Kyk, Ek is met julle. Moenie vrees nie.

Ek is bekend met al julle smart; Ek het julle leed gedra. Julle veg nie teen onbeproefde vyande nie. Ek het die stryd namens julle gestry en in My Naam is julle meer as oorwinnaars.”

Die dierbare Verlosser sal hulp stuur presies wanneer ons dit nodig het. Die weg na die hemel is deur Sy voetspore geheilig. Elke doring wat in ons voete steek, het syne verwond. Elke kruis wat ons geroep is om te dra, het Hy reeds voor ons gedra. Die Here laat konflik toe om die siel op vrede voor te berei. Die tyd van benoudheid is ’n felle beproewing vir die volk van God; maar dit is die tyd vir elke ware gelowige om op te kyk en in geloof die boog van die belofte te sien.

“So sal dan die losgekooptes van die Here teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry; kommer en gesug vlug weg. Ek is dit wat julle troos! Wie is jy, dat jy bevrees is vir die mens wat moet sterwe en vir die mensekind wat oorgegee word soos gras? — dat jy vergeet die Here wat jou gemaak het ... dat jy gedurigdeur die hele dag bewe vir die grimmigheid van die verdrukker as hy dit daarop toelê om te verwoes? Waar is dan die grimmigheid van die verdrukker? Die in boeie gekromde word gou losgelaat en sal nie sterwend in die kuil neerdaal nie, en sy brood sal nie ontbreek nie. Maar Ek is die Here jou God wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis; Here van die leërskare is sy Naam! En Ek het my woorde in jou mond gelê en in die skaduwee van my hand jou verberg...”(Jes 51:11-16).

“Daarom, hoor tog dit, ellendige en jy wat dronk is, maar nie 634
van wyn nie! So sê die Here, die Here en jou God wat die saak van sy volk verdedig: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van My grimmigheid; jy sal dit verder nie meer drink nie. Maar Ek sal dit in die hand gee van die wat jou droefheid aandoen, wat vir jou gesê het: Buig, dat ons oor jou kan gaan; en jy moes jou rug maak soos die grond en soos ‘n straat vir die wat daaroor gaan.” (Jes 51:21-23).

Die oog van God wat deur die eeue heen gekyk het, was op die krisis wat Sy volk sou tegemoet gaan wanneer aardse magte teen hulle sal opstaan, gevestig. Soos die bannelinge in gevangenskap, sal hulle vrees vir die dood as gevolg van honger of geweld. Maar die Heilige wat die Rooi See voor Israel verdeel het, sal Sy magtige krag openbaar en hulle ballingskap verander. “Hulle sal My tot ‘n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep en Ek sal met hulle medelyde hê soos ‘n man medelyde het met sy seun wat hom dien.” (Mal 3:17). As die bloed van Christus se getroue getuies in hierdie tyd gestort sou word, sal dit nie, soos die bloed van die martelare, soos saad wees om ‘n oes vir God te lewer nie. Hulle getrouheid sal nie 'n getuienis wees om ander van die waarheid te oortuig nie; want die verharde hart het die golwe van genade soveel keer teëgestaan, dat hulle nie meer sal terugkeer nie. As die regverdiges nou as die prooi van hulle vyande aan hulle oorgelaat sou word, sou dit ‘n oorwinning vir die vors van duisternis wees. Die psalmis sê: “Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op ‘n rots.” (Ps 27:5). En Christus sê: “Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir ‘n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan. Want kyk, die Here sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek.” (Jes 26:20,21). Heerlik sal die verlossing wees van diegene wat geduldig op Sy koms gewag het en wie se name in die boek van die lewe geskryf staan.

Hoofstuk 40 635

# God se Volk Verlos

Wanneer die beskerming van menslike wette van diegene wat die wet van God eer onttrek word, sal daar in verskillende lande ‘n gelyktydige beweging vir hul vernietiging wees. Namate die tyd van die dekreet nader, sal die mense saamsweer om die gehate sekte met wortel en tak uit te roei. Daar sal besluit word om in een nag ‘n beslissende slag te slaan wat die stem van afkeur en teregwysing vir ewig sal stilmaak.

Die volk van God, sommige in tronkselle en ander in eensame skuilplekke in die woude en berge versteek, sal steeds om Goddelike beskerming pleit, terwyl gewapende manne in elke kwartier, deur 'n leërskare van bose engele aangehits, hulle voorberei vir die werk van vernietiging. Dit is nou, in die uur van uiterste nood, dat die God van Israel sal intree om Sy uitverkorenes te verlos. Die Here sê; “Die lied sal by julle wees soos in die nag as die fees gevier word en julle sal vrolik wees van hart soos die wat met die fluite loop, om te kom op die berg van die Here, na die Steenrots van Israel. En die Here sal Sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van Sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van ‘n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels.” (Jes 30:29,30).

Met uitroepe van oorwinning, bespotting en verwensings is 636
die skare van bose mense gereed om op hulle prooi af te storm, wanneer daar skielik 'n digte duisternis, dieper as die donkerste nag, die aarde oorval. Daarna span daar ‘n reënboog deur die lug, wat skitter met die heerlikheid van die troon van God wat lyk asof dit elke biddende groep omring. Die bose skare word skielik gestuit. Hulle spottende krete sterf weg. Die voorwerpe van hul moordende woede word vergeet. Met vreesaanjaende voorgevoelens staar hulle na die simbool van die verbond van God en smag daarna om teen die oorweldigende helderheid daarvan beskerm te word.

Die volk van God hoor ‘n helder, melodieuse stem wat sê: “Kyk op...” en met hulle oë na die hemel opgehef, sien hulle die boog van belofte. Die swart, dreigende wolke wat die uitspansel bedek het, het verdwyn en soos Stefanus kyk hulle standvastig op na die hemel en sien die heerlikheid van God en die Seun van die mens op Sy troon sit. In Sy Goddelike vorm sien hulle die tekens van Sy vernedering; en van Sy lippe hoor hulle die versoek voor Sy Vader en die heilige engele: “Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees.” (Joh 17:24). Weer word ‘n stem gehoor, musikaal en triomfantlik, wat sê: “Hulle kom! Hulle kom! Heilig, onskuldig en onbesoedeld. Hulle het die woord van My lydsaamheid bewaar; hulle sal onder die engele wandel;” en die bleek, bewende lippe van diegene wat aan hulle geloof vasgehou het, hef 'n oorwinningskreet aan.

Dit is middernag wanneer God Sy krag vir die bevryding van Sy volk openbaar. Die son verskyn en skyn in sy volle krag. Tekens en wonders volg vinnig opmekaar. Die goddelose kyk met verskrikking en verwondering na die toneel, terwyl die regverdiges die tekens van hul bevryding met plegtige blydskap aanskou. Alles in die natuur blyk ontwrig te wees. Die strome hou op om te vloei. Donker, swaar wolke kom op en bots teen mekaar. Maar te midde van die onstuimige hemele is daar een helder opening van onbeskryflike heerlikheid, waaruit die stem van God soos die geraas van baie waters gehoor word, wat sê: “Dit is verby!” (Openb 16:17).

Daardie stem skud die hemele en die aarde. Daar is ’n 637
magtige aardbewing “...soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so ‘n geweldige groot aardbewing.” (Openb 16:18). Dit lyk of die uitspansel oop en toe gaan en asof die heerlikheid van die troon van God daardeur flits. Die berge skud soos ‘n riet in die wind en ruwe rotse lê aan alle kante verstrooi. Daar word ‘n gedreun soos van 'n dreigende storm gehoor. Die see bruis verwoed. Die gedruis van ‘n orkaan word gehoor soos die stemme van demone op 'n

missie van vernietiging. Die hele aarde styg en swel soos die golwe van die see. Die oppervlak daarvan breek op. Dit lyk asof die fondamente daarvan meegee. Bergreekse sak weg. Bewoonde eilande verdwyn. Die hawestede wat soos Sodom weens hulle goddeloosheid geword het, word deur die verwoede waters verswelg. Die grote Babilon is voor God in gedagtenis gebring "...om haar te gee die beker van die wyn van die grimmigheid van Sy toorn." (Openb 16:19). Groot haelstene omtrent die gewig van 'n talent, doen hulle vernietigingswerk. (Openb 16:21.) Die trotsste stede van die aarde is laag gelê. Die majestueuse paleise waarop die groot manne van die wêreld hulle rykdom bestee het om hulleself te verheerlik, verbrokkel voor hulle oë. Gevangenismure word uitmekaar geruk en die volk van God wat daar in slawerny weens hulle geloof was, word vrygelaat.

Grafte word geopen "...en baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik." (Dan 12:2). Almal wat in geloof as gevolg van die boodskap van die derde engel gesterf het, kom verheerlik uit die graf om die vredesverbond van God met diegene wat Sy wet onderhou het te hoor. "Ook hulle wat Hom deursteek het..." diegene wat met Christus se sterwende sielsangs gespot en Hom uitgelag het en die vernaamste teenstanders van Sy waarheid en Sy volk was, word opgewek om Hom in Sy heerlikheid te aanskou en om die eer wat aan die lojale en gehoorsames toegedig word te aanskou. (Openb 1:7.)

Digte wolke bedek steeds die lug; tog breek die son nou en 638
dan deur en dit lyk soos die wraaknemende oog van Jehova. Hewige blitse kom vanaf die hemel en omhul die aarde in vuurvlamme. Bokant die geweldige gedreun, verklaar stemme, geheimsinnig en skrikwekkend, die ondergang van die goddelose. Die woorde wat uitgespreek is word nie deur almal verstaan nie; maar dit word duidelik deur die valse leraars verstaan. Diegene wat 'n ruk tevore nog so onverskillig,

grootpraterig en uitdagend was, so opgewerk in hulle wreedheid teenoor die volk van God wat die gebooie bewaar het, is nou deur konsternasie oorweldig en sidder van vrees. Hulle angskrete word bo die gedreun van die elemente gehoor. Duiwels erken die Godheid van Christus en hulle bewe voor Sy mag, terwyl mense in die grootste verskrikking neerval en om genade smeek.

Toe hulle in ‘n heilige gesig die dag van God aanskou het, het die profete gesê: “Huil julle, want die dag van die Here is naby; Hy kom as ‘n verwoesting van die Almagtige.” (Jes 13:6). “Gaan in die rots en steek jou weg in die grond vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van Sy majesteit ontwil. Die hoë oë van die mense sal verneder word en die hoogheid van die manne neergebuig word; en die Here alleen sal in dié dag verhewe wees. Want ‘n dag is daar vir die Here van die leërskare oor al wat trots en hoog is en oor al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word ... In dié dag sal die mens sy silwer afgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die Here en om die heerlikheid van Sy majesteit ontwil, as Hy Hom klaarmaak om die aarde te verskrik.” (Jes 2:10-12,20,21).

Deur ‘n skeuring in die wolke, skyn daar ’n ster waarvan die 639
skittering viervoudig in teenstelling met die duisternis verhoog is. Dit spreek van hoop en vreugde tot die gelowiges, maar van strengheid en toorn tot die oortreders van die wet van God. Diegene wat alles vir Christus opgeoffer het, is nou veilig, geborge in die skuilplek van die Here se tent. Hulle is getoets en voor die wêreld en die veragters van die waarheid het hulle hul getrouheid aan Hom wat vir hulle gesterf het betoon. 'n Wonderbaarlike verandering het oor diegene gekom wat aan hul onkreukbaarheid in die aangesig van die dood vasgehou het. Hulle is skielik van die donker en die verskriklike tirannie van mense wat in demone verander het, verlos. Hulle

aangesigte wat die afgelope tyd bleek, angstig en vervalle was, is nou gloeiend van verwondering, geloof en liefde. Hulle stemme styg op in ‘n triomfantlike lied: “God is vir ons ‘n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid!” (Ps 46:2-4).

Terwyl hierdie woorde van heilige vertroue tot God opstyg, trek die wolke terug en die sterrehemel word gesien, onuitspreeklik heerlik in kontras met die swart en toornige uitspansel aan weerskante. Die heerlikheid van die hemelse stad stroom deur die half-oop poorte. Dan verskyn daar 'n hand teen die lug met twee kliptafels wat saamgevou is. Die profeet het gesê: “Die hemele verkondig Sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel!” (Ps 50:6). Daardie heilige wet, die geregtigheid van God, wat te midde van donder en vlamme as lewensreël vanaf Sinai verkondig is, word nou aan die mense as die reël van oordeel geopenbaar. Die hand vou die tafels oop en die voorskrifte van die Dekaloog staan soos met ‘n pen van vuur geskryf. Die woorde is so duidelik dat almal dit kan lees. Dit word in herinnering geroep, die duisternis van bygeloof en dwaalleer word uit alle harte gevee en die tien woorde van God, kort, omvattend en gesaghebbend, word ter aanskoue van al aardbewoners geopenbaar.

Dit is onmoontlik om die afgryse en wanhoop van diegene 640
wat die heilige gebooie van God vertrap het, te beskryf. Die Here het Sy wet aan hulle gegee; hulle kon hulle karakters daaraan getoets het en hul gebreke besef het terwyl daar geleentheid vir berou en hervorming was; maar om die guns van die wêreld te verseker, het hulle die voorskrifte daarvan verwerp en andere ook geleer om dit te oortree. Hulle het gepoog om die volk van God te dwing om Sy Sabbat te ontheilig. Nou word hulle deur die wet wat hulle verag het veroordeel. Met skrikwekkende onderskeiding besef hulle dat hulle sonder

verskoning is. Hulle het gekies wie hulle wou dien en aanbid. “Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.” (Maleagi 3:18).

Die vyande van God se wet, van die predikante tot die minste onder hulle, het ‘n nuwe opvatting van waarheid en plig. Te laat sien hulle dat die Sabbat van die vierde gebod die seël van die lewende God is. Te laat besef hulle die ware aard van hul valse sabbat en die fondament van sand waarop hulle gebou het. Hulle vind dat hulle teen God geveg het. Godsdienstige leraars het siele na die verderf gelei terwyl hulle beweer het dat hulle hulle na die poorte van die Paradys te lei. Eers op die dag van finale afrekening sal dit bekend word hoe groot die verantwoordelikheid is van mense wat ‘n heilige amp beklee en hoe verskriklik die gevolge van hulle ontrouheid is. Eers in die ewigheid kan die verlies van een enkele siel na waarde geskat word. Vreeslik sal die ondergang wees van die aan wie God sal sê: “Gaan weg van My, jou bose dienskneg.”

Die stem van God word vanuit die hemel gehoor wat die dag en die uur van Jesus se koms aankondig en die ewige verbond aan Sy volk lewer. Soos die hardste donderslag dreun Sy woorde oor die aarde! Die Israel van God staan en luister met hulle oë na bo. Hulle voorkoms word met Sy heerlikheid verlig en skyn soos die aangesig van Moses toe hy van Sinai afgekom het. Die goddelose kan nie na hulle kyk nie. En wanneer die seën oor diegene uitgespreek word wat God vereer het deur Sy Sabbat te heilig, word daar ‘n magtige oorwinningskreet gehoor.

Spoedig verskyn daar in die ooste ‘n klein swart wolkie, 641
ongeveer so groot soos die helfte van ‘n man se hand. Dit is die wolk wat die Verlosser omring en wat lyk asof dit in die verte in duisternis gehul is. Die volk van God weet dat dit die teken van die Seun van die mens is. In plegtige stilte kyk hulle daarna terwyl dit nader aan die aarde kom en steeds ligter en heerliker word totdat dit ‘n groot wit wolk is, die onderkant soos ‘n

verterende vuur en bo-oor die reënboog van die verbond. Jesus ry voort soos ‘n magtige Oorwinnaar. Nou is Hy nie meer die “...man van smarte...” om die bitter beker van skande en wee te drink nie; Hy kom as Oorwinnaar van hemel en aarde om die lewende en die dode te oordeel. “Getrou en Waaragtig en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid ... En die leërs in die hemel het Hom gevolg.” (Openb 19:11,14). Met hemelse lofliedere vergesel die engele Hom, 'n groot ontelbare leërskare. Die uitspansel lyk asof dit gevul is met stralende gedaantes tienduisend maal tienduisend en duisende van duisende. Geen menslike pen kan die toneel beskryf nie; geen sterflike verstand is in staat om die luisterrykheid te begryp nie. “Sy majesteit bedek die hemel, en die aarde is vol van sy lof. En glans soos sonlig is daar.” (Hab 3:3,4). Namate die wolk steeds nader kom, sien elke oog die Vors van die lewe. Geen doringkroon skend nou sy heilige hoof nie, maar Hy dra ‘n kroon van heerlikheid. Sy voorkoms oortref die verblindende helderheid van die middagson. “En Hy het op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: *Die Koning van die Konings en die Here van die Here.*” (Openb 19:16).

Voor sy aangesig “...is alle aangesigte in bleekheid verander” (Jer 30:6); op diegene wat die genade van God verwerp het, val die skrik van ewige wanhoop. “Die hart versmelt en knieë wankel ... en die aangesig van hulle almal word bleek.” (Nahum 2:10). Die regverdiges roep bewend uit: “Wie kan bestaan?” (Openb 6:17). Die engele se lied is stil en daar is ’n tydperk van ontsaglike stilte. Dan word die stem van Jesus gehoor, wat sê: “My genade is vir jou genoeg.” (2 Kor 12:9). Die aangesigte van die regverdiges word verlig en vreugde vul elke hart. Die engele hef 'n hoër noot aan en sing weer terwyl hulle steeds nader aan die aarde kom.

Die Koning van die konings daal neer op ‘n wolk, in 642
vuurvlamme gehul. Die hemele word soos ‘n boek saamgerol, die aarde sidder voor Hom en elke berg en elke eiland word uit hul plekke verskuif. “Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur

verteer voor Sy aangesig en rondom Hom storm dit geweldig. Hy roep na die hemel daarbo en na die aarde, om Sy volk te oordeel.” (Ps 50:3,4).

“En die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vry mense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge en vir die berge en die rotse gesê: ‘Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van Sy toorn het gekom en wie kan bestaan?’” (Openb 6:15-17).

Die smalende gespot het opgehou. Leuenagtige lippe is stil gemaak. Die gekletter van wapens en die rumoer van oorlog, “...met gedreun en die kleed wat in bloed gerol is...” is stil. (Jes 9:4). Niks word nou gehoor nie, behalwe stemme van gebed en die geluid van 'n geween en klaagliedere. Vanuit die lippe wat so kort gelede nog gespot het, word die kreet gehoor: “Die groot dag van Sy toorn het gekom en wie kan bestaan?” (Openb 6:17). Die goddelose bid vir die rotse om hulle te bedek, eerder as om die aangesig van Hom wie hulle verag en verwerp het te sien.

Die stem wat selfs die ore van die dode deurdring, ken hulle. Hoe dikwels het daardie pleitende, sagte stem hulle nie tot bekering geroep nie! Hoe dikwels is dit in die aangrypende versoeke van ‘n vriend, ‘n broer, ‘n Verlosser gehoor! Vir die verwerpers van Sy genade is daar geen stem so vol veroordeling en so belaai met afkeur as die stem wat so lank met hulle gepleit het nie: “Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe.” (Eseg 33:11). O dat dit vir hulle die stem van ‘n vreemdeling was! Jesus sê: “Omdat ek geroep en julle geweier het, ek My hand uitgestrek en niemand geluister het nie; en julle al My raad nie opgevolg en van My teregwysing nie wou geweet het nie, daarom sal ek ook lag by julle ondergang, ek sal spot as julle verskrikking kom.” (Spr 1:24,25). Daardie stem wek herinneringe wat hulle sou

wou uitwis — waarskuwings wat verag is, uitnodigings wat geweier is en voorregte wat geminag is.

Daar is diegene wat Christus in Sy vernedering bespot het. 643
Met rillende krag kom die woorde van die Lydende nou in hul gedagtes op toe hy, deur die hoëpriester veroordeel, plegtig verklaar het: "Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel." (Matt. 26:64.) Nou sien hulle Hom in Sy heerlikheid en later sal hulle Hom aan die regterhand van Mag sien sit.

Diegene wat Sy aanspraak as die Seun van God bespot het, is nou sprakeloos. Daar is die hoogmoedige Herodes wat Sy koninklike titel gehoon en sy soldate gebied het om Hom as koning te kroon. Daar is die manne wat met goddelose hande die purper kleed op Hom geplaas het, die doringkroon op Sy heilige hoof geplaas het en in Sy weerlose hand die spottende septer geplaas het en met godslasterlike gespot voor Hom gebuig het. Die manne wat die Vors van die lewe geslaan en bespuug het, deins nou terug voor Sy deurdringende blik en probeer om van die oorweldigende heerlikheid van Sy teenwoordigheid weg te vlug. Diegene wat die spykers deur Sy hande en voete geslaan het en die soldate wat Hom in die sy gesteek het, sien hierdie tekens met verskrikking en verwyt raak.

Met die skrikwekkende helderheid herinner die priesters en owerstes hulself aan die tonele op Golgota. Met sidderende afgryse onthou hulle hoe hulle, terwyl hulle hul hoofde met sataniese vreugde geskud het, uitgeroep het: "Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom en ons sal in Hom glo. Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het." (Mat 27:42,43).

Hulle herinner hulleself duidelik aan die Heilige se gelykenis 644
van die landbouers wat geweier het om die vrug van die wingerd aan hul heer te lewer, wat sy diensknegte mishandel

en sy seun gedood het. Hulle onthou ook die vonnis wat hulle self uitgespreek het, dat die eienaar van die wingerd "...sal hulle 'n slegte dood laat sterwe." (Mat 21:41). In die sonde en straf van daardie ontroue mense erken die priesters en die ouderlinge hulle eie handelswyse en hul eie regverdige straf. En nou word daar 'n kreet van sterwensangs gehoor. Luider as die uitroepe wat deur die strate van Jerusalem gehoor is, toe hulle uitgeroep het: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!", weergalm 'n wanhopige geweeklaag: "Hy is die Seun van God! Hy is die ware Messias!" Hulle wil van die teenwoordigheid van die Koning van konings vlug. Hulle poog vergeefs om in die diep skeure van die aarde, verbrysel deur die stryd van die elemente, weg te kruip.

In die lewens van almal wat die waarheid verwerp, is daar oomblikke wanneer die gewete aangewakker word en wanneer die geheue martelende herinneringe aan 'n lewe van skynheiligheid oproep en die siel deur ydele spyt geteister word. Maar wat is dit in vergelyking met die berou oor die dag wanneer "...verskrikking kom soos 'n onweer en julle ondergang soos 'n stormwind!" (Spr 1:27). Diegene wat Christus en sy getroue volgelinge wou uitroei, getuig nou van die heerlikheid wat op hulle rus. Te midde van hulle verskrikking, hoor hulle die stemme van die heiliges wat met vreugde uitroep: "Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos." (Jes 25:9).

Te midde van die waggelende aarde, die weerligstrale en die gedreun van donder, roep die stem van die Seun van God die slapende heiliges te voorskyn. Hy kyk na die grafte van die regverdiges en lig dan Sy hande na die hemel en roep: "Staan op, staan op, staan op, julle wat in die stof slaap, staan op!" Oor die lengte en breedte van die aarde sal die dode daardie stem hoor en die wat hoor, sal lewe. En oor die hele aarde sal die voetstappe van die groot skare uit alle nasies, geslagte, tale en volke gehoor word. Uit die gevangenis van die dood kom hulle met onsterflike heerlikheid beklee te voorskyn en roep: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor

15:55). Dan verenig die lewende regverdiges en die opgestane heiliges hul stemme in ‘n uitgerekte, blye oorwinningskreet.

Almal kom uit hulle grafte voort in dieselfde gestalte waarmee hulle gesterf het. Adam, wat ook onder die opgestane skare is, is lank van gestalte met 'n majestueuse vorm, maar hy is kleiner as die Seun van God. Hy vorm ‘n treffende kontras met die mense van latere generasies; en hierin kan die groot ontaarding van die ras gesien word. Maar almal staan op in die lewenskragtigheid van ewige jeug. In die begin is die mens na die gelykenis van God geskape, nie net in karakter nie, maar ook in vorm en gelaatstrekke. Sonde het die goddelike beeld geskend en byna uitgewis; maar Christus het gekom om te herstel wat verlore was. Hy sal ons vernederde liggame verander om gelykvormig aan Sy verheerlikte liggaam te word. Die sterflike, verganklike vorm, wat van alle skoonheid ontneem en eens deur sonde besoedel was, word volmaak, heerlik en onsterflik. Alle letsels en gebreke word in die graf agtergelaat. Die verlostes sal herstel word na die boom van die lewe in die verlore Eden en sal tot die volle statuur van die ras in sy oeroue heerlikheid groei. Die laaste spore van die vloek van die sonde sal verwyder word en die getroues van Christus sal in die “...lieflikheid van die Here onse God...” verskyn en verstandelik, geestelik en liggaamlik sal hulle die volmaakte ewebeeld van hul Here weerspieël. O wonderbare verlossing! Lank oor gepraat, lank op gehoop, met gretige afwagting bedink, maar nooit ten volle begryp nie! 645

Die lewende regverdiges word “...in ‘n oomblik, in ‘n oogwink...” verander (1 Kor 15:52). Deur die bevel van God word hulle verheerlik; nou is hulle onsterflik en saam met die opgestane heiliges word hulle opgeneem, die Here tegemoet in die lug (1 Thes.4:17). Engele versamel die uitverkorenes “...uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.” (Matt 24:31). Klein kindertjies word deur heilige engele na hulle moeders se arms gedra. Vriende wat lank deur die dood geskei was, word herenig om nooit weer te

skei nie en met vreugdevolle liedere vaar hulle saam op na die Stad van God.

Aan weerskante van die wa van wolke is daar vlerke en onderaan lewende wiele; en as die wa opwaarts styg, roep die wiele uit, “Heilig,” en terwyl die vlerke beweeg, roep hulle ook uit, “Heilig” en die gevolg van engele roep: “Heilig, heilig, heilig, Here God Almagtig.” (Openb 4:8). En die verlostes roep uit: “Halleluja!” terwyl die wa na die Nuwe Jerusalem voortbeweeg.

Voordat die Heiland die stad van God binnegaan, skenk Hy 646
aan Sy volgelinge die embleme van oorwinning en Hy beklee hulle met die kentekens van hulle koninklike status. Die glinsterende geledere is in die vorm van ‘n vierkant rondom hulle Koning opgestel, wie se gestalte in majesteit hoog bo heiliges en engele uitstyg en sy aangesig vol sagmoedige liefde oor hulle skyn. Die blik van die ontelbare leërskare van verlostes is op Hom gerig en elke oog sien die heerlikheid van Hom van wie gesê is: “So misvormd was Sy voorkomste, geen mens meer nie en Sy gestalte was nie soos die van ‘n mensekind nie.” (Jes 52:14). Op die hoofde van die oorwinnaars plaas Jesus met Sy eie regterhand die kroon van heerlikheid. Vir elkeen is daar ‘n kroon met sy eie “nuwe naam” (Openb 2:17) en die opskrif, “Heilig aan die Here.” (Eks 39:30). In elke hand word die oorwinnaarspalm en 'n glinsterende harp geplaas. Dan, wanneer die bevelvoerende engele die toon aangee, speel elke hand die stringe van die harp met 'n behendige aanraking, ontwakende, soet musiek in ryk, melodieuse klanke. Elke hart word in onuitspreeklike verrukking meegevoer en elke stem word met dankbare lof opgehef: “Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid.” (Openb 1:5,6).

Die Heilige Stad is voor die verloste menigte. Jesus maak die poorte van pêrel wyd oop en die nasies wat die waarheid bewaar het, gaan binne. Daar sien hulle die paradys van God, die tuiste van Adam in sy onskuld. Dan word daardie stem, ryker

as enige musiek wat ooit op 'n sterflike oor geval het, gehoor: "Julle konflik is beëindig." "Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle toeberei is van die grondlegging van die wêreld af." (Matt 25:34).

Nou is die Verlosser se gebed vir Sy dissipels, vervul: "Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." (Joh 17:24). Christus stel diegene wat Hy met Sy bloed gekoop het, aan Sy Vader voor "...sonder gebrek voor Sy heerlikheid met gejuig..." terwyl Hy sê: "Hier is Ek en die kinders wat U My gegee het ... Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak." (Joh.17:12). O, die wonders van verlossende liefde! Die verrukking van daardie uur wanneer die ewige Vader die verlostes aanskou en Sy beeld in hulle sal sien, wanneer die wanklanke van sonde verban is, die verderf daarvan verwyder en die mens weer in harmonie met die Goddelike verkeer!

Met onuitspreeklike liefde verwelkom Jesus Sy getroue 647
kinders in die vreugde van hulle Here. Die Heiland se vreugde is om in die koninkryk van heerlikheid, die siele wat deur Sy pyn en vernedering verlos is, te sien. En die verlostes sal deel in Sy vreugde wanneer hulle, onder die verlostes, diegene sien wat deur hulle gebede, hulle arbeid en liefdevolle opoffering, vir Christus gewen is. Terwyl hulle om die groot wit troon bymekaarkom, sal onuitspreeklike blydskap hulle harte vul wanneer hulle diegene wat hulle vir Christus gewen het sien en sien hoedat hulle ander gewen het en deur hulle weer ander, almal na die hawe van rus gebring en daar hul krone aan Jesus se voete neerlê en Hom deur die eindelose siklusse van die ewigheid loof.

Soos die verlostes in die Stad van God verwelkom word, klink daar jubelende aanbidding in die lug op. Die twee Adams is op die punt om mekaar te ontmoet. Die Seun van God staan met uitgestrekte arms om die vader van ons geslag te ontvang — die wese wat Hy geskape het, wat teen sy Maker gesondig het en vir wie se sonde die tekens van die kruisiging deur die Heiland gedra word. Wanneer Adam die merktekens van die

wrede spykers sien, val hy nie sy Here om die hals nie, maar werp homself in vernedering aan Sy voete neer, terwyl hy uitroep: "Waardig, waardig is die Lam wat geslag is!" Met deernis rig die Heiland hom op en gebied hom om weereens die Eden-tuiste waaruit hy so lank verban was te aanskou.

Na sy uitsetting uit Eden, was Adam se lewe op die aarde met droefheid gevul. Elke sterwende blaar, elke slagoffer wat geslag is, elke smet op die mooi gesig van die natuur, elke vlek op die reinheid van die mens, het hom opnuut aan sy sonde herinner. Die sieleangs van berou was verskriklik toe hy die ongeregtigheid oorvloedig sien toeneem het en, in antwoord op sy waarskuwings, die verwyte wat op hom gewerp is as die oorsaak van die sonde, tegemoetkom. Met geduldige nederigheid het hy vir byna 'n duisend jaar die straf van oortreding gedra. Getrou het hy berou oor sy sonde gehad en in vertroue in die verdienste van die beloofde Verlosser, het hy met die hoop van 'n opstanding gesterf. Die Seun van God het verlossing vir die mislukking en die val van die mens gebring; en nou, deur die werk van versoening, is Adam weer tot sy vorige heerskappy herstel.

In vervoering met blydskap, sien hy die bome wat eens sy 648
vreugde was — dieselfde bome waarvan hy die vrugte in die dae van sy onskuld en vreugde versamel het. Hy sien die wingerde wat hy met sy eie hande bewerk het en dieselfde blomme wat hy met liefde versorg het. Sy gedagtes neem die werklikheid van die toneel in; hy begryp dat dit inderdaad Eden is wat gerestoureer is, nou liefliker as toe hy daaruit verban is. Die Heiland lei hom na die boom van die lewe, pluk van die heerlike vrugte en gebied hom om te eet. Hy kyk om hom heen en sien 'n groot menigte van sy gesin wat verlos is, in die paradys van God staan. Dan gooi hy sy glinsterende kroon voor die voete van Jesus en omhels sy Verlosser. Hy raak aan die goue harp en deur die gewelf van die hemel weerklink die triomfantlike lied: "Waardig, waardig, waardig, is die Lam wat geslag is en weer lewe!" Die gesin van Adam neem die noot op

en werp hul krone aan die Heiland se voete terwyl hulle in aanbidding voor Hom neerbuig.

Die engele wat oor die val van Adam getreur het en hulle verheug het toe Jesus na Sy opstanding na die hemel opgevaar het en die graf vir almal wat in Sy naam geglo het geopen het, getuig van hierdie hereniging. Nou sien hulle die verlossingswerk volbring en verenig hul stemme in die loflied.

Op die see van kristal voor die troon, die see van glas soos 649
met vuur vermeng, so luisterryk is dit met die heerlikheid van God, is die skare vergader wat "...die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam..." is. "...die Lam staan op die berg Sion en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe." En daar is "...'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag..." en die geluid "...van siterspelers wat speel op hulle siters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam." (Openb. 14:1-5). Hierdie mense, wat van die lewendes op die aarde opgeneem is, word beskou as die "...eerstelinge vir God en die Lam." (Openb 15:2,3). "Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom." Hulle het die tyd van benoudheid soos daar nie was vandat daar 'n volk was nie ervaar; hulle het die angs van die tyd van die benoudheid van Jakob verduur; en tydens die uitstorting van die oordele van God op die aarde het hulle sonder 'n Middelaar gestaan. Maar hulle is verlos want hulle het "...hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam." (Openb. 7:14). "In hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God." (Openb.14:5). "Daarom is hulle voor die troon van God en dien

Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan.” (Openb.7:15). Hulle het gesien hoe die aarde deur hongersnood en pessiektes wegkwyn, hoe die son die mense met groot hitte geskroei het en hulle het self lyding, honger en dors verduur. Maar “...hulle sal nie meer honger en meer dors hê nie en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei en God sal alle trane van hulle oë afvee.” (Openb 7:16,17).

Die uitverkorenes van die Heiland is in alle eeue in die skool 650
van beproewing opgelei en gedissiplineer. Hulle het die smal pad op die aarde bewandel; hulle is in die smeltkroes van beproewing gelouter. Ter wille van Jesus het hulle teëstand, haat en smaad verduur. Hulle het Hom deur heftige konflik gevolg; hulle het selfverloëning en bitter teleurstellings verduur. Deur hul eie pynlike ervaring, het hulle die boosheid van sonde, die krag, die skuld en die wee daarvan leer ken en dit met afgryse aanskou. ‘n Besef van die oneindige offer vir die genesing daarvan het hulle nederig in hul eie oë gemaak en hul harte met dankbaarheid en lof gevul, wat nooit deur diegene wat nog nooit geval het nie, waardeer kan word nie. Hulle het baie liefde, omdat hulle baie vergeef is. Omdat hulle deel gehad het aan Christus se lyding, is hulle geskik om saam met Hom in Sy Heerlikheid te deel.

Die erfgename van God het uit solders, hole, kerkers, skavotte, berge, woestyne en die grotte van die aarde gekom. Op die aarde was hulle behoeftig, geteister en mishandel. Miljoene is met hoon na die graf omdat hulle onwrikbaar geweier het om aan die misleidende aansprake van Satan toe te gee. In menslike tribunale is hulle as die laagste misdadigers veroordeel. Maar nou staan God “...gereed om te oordeel!” (Ps 50:6). Nou word die besluite van die aarde omgekeer. “Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem.” (Jes 25:8). “Hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die Here.” (Jes 62:12) Hy het beskik dat aan hulle “...sieraad

vir as, vreugde-olie vir treurigheid, ’n gewaad van lof vir ‘n verslae gees...” gegee sal word. (Jes 61:3.) Hulle is nie meer swak, geteister, verstrooi en verdruk nie. Voortaan sal hulle altyd by die Here wees. Hulle staan voor die troon, geklee in ryker gewaad as wat die mees geëerdes van die aarde nog ooit gedra het. Hulle word bekroon met glansryker krone as wat nog ooit op die hoof van aardse konings geplaas is. Die dae van pyn en geween is vir ewig beëindig. Die Koning van heerlikheid het die trane van alle gesigte afgevee; elke oorsaak van hartseer is verwyder. Te midde van die waai van palmtakke, hef hulle 'n loflied aan, helder, soet en harmonieus; elke stem neem die noot op, totdat die loflied deur die gewelf van die hemel uitswel: “Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!” En al die bewoners van die hemel reageer op die loflied: “Amen: Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid!” (Openb 7:10,12).

In hierdie lewe kan ons net begin om die wonderlike tema 651
van verlossing te verstaan. Met ons beperkte begrip, kan ons die skande en die heerlikheid, die lewe en die dood, die geregtigheid en genade, wat by die kruis ontmoet, oorweeg; maar, met die grootste mate van ons verstandelike kragte, kan ons nooit die volle betekenis daarvan begryp nie. Die lengte en die breedte en die diepte en die hoogte van die verlossende liefde, word maar dofweg begryp. Die verlossingsplan sal nie ten volle begryp word nie, selfs nie as die verlostes kan sien soos hulle gesien word en ken soos hulle geken word nie; maar deur die ewige eeue sal nuwe waarhede voortdurend voor die verwonderde en verheugde gees ontvou. Alhoewel die droefheid en pyn en versoekings van die aarde beëindig en die oorsake verwyder word, sal die volk van God altyd ‘n duidelike, intelligente kennis hê van wat hulle verlossing gekos het.

Die kruis van Christus sal die wetenskap en lied van die verlostes tot in ewigheid wees. In Christus verheerlik, sal hulle Christus gekruisig aanskou. Nooit sal daar vergeet word dat Hy,

deur wie se mag die ontelbare wêrelde geskape en deur die uitgestrekte ruimtes in stand gehou word, die Geliefde van God, die Majesteit van die hemel, wat graag deur gerubs en glansende serafs aanbid word, Homself verneder het om die gevalle mens op te hef nie; dat Hy die skuld en die skande van sonde, wat Sy Vader se aangesig vir Hom verberg het, verduur het, totdat die ellendes van 'n verlore wêreld Sy hart gebreek en Sy lewe aan die kruis van Golgota verpletter het. Dat die Skepper van al die wêrelde, die Beskikker van alle lotgevalle, Sy heerlikheid afgelê en Homself uit liefde vir die mens verneder het, sal die wonder en die aanbidding van die heelal vir ewig ontlok. Wanneer die nasies van die verlostes hul Verlosser aanskou en die ewige heerlikheid van die Vader op sy gelaat aanskou; wanneer hulle Sy troon wat van ewigheid tot ewigheid bestaan aanskou en weet dat Sy koninkryk geen einde het nie, hef hulle 'n verruklike lied aan: "Waardig, waardig is die Lam wat geslag is en wat ons verlos het deur Sy eie dierbare bloed!"

Die verborgenheid van die kruis verklaar alle ander 652
verborgenhede. In die lig wat vanaf Golgota straal, is die eienskappe van God wat ons eers met vrees en ontsag vervul het, lieflik en aantreklik. Daar word gesien dat genade, teerheid en ouerlike liefde met heiligheid, geregtigheid en krag saamsmelt. Terwyl ons die majesteit van Sy troon, wat hoog en verhewe is aanskou, sien ons Sy karakter in Sy genadige manifestasies en ons besef soos nooit tevore nie, die betekenis van daardie dierbare Naam: "Onse Vader."

Daar sal gesien word dat Hy wat oneindig in wysheid is, geen ander plan vir ons redding kon beraam nie, behalwe deur die offer van Sy Seun. Die vergoeding vir hierdie offer is die vreugde om die aarde met verloste wesens te bevolk, heilig, gelukkig en onsterflik. Die resultaat van die redding van die Heiland van die magte van die duisternis, is vreugde vir die verlostes wat deur die ewigheid tot die heerlikheid van God strek. En dit is die waarde van 'n siel, dat die Vader tevrede is met die prys wat

betaal is; en Christus self, wat die vrugte van Sy groot offer aanskou, is tevrede.

## Hoofstuk 41 653

# Verwoesting van die Aarde

"Haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou ... Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie en droefheid sal ek nooit sien nie, daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar rou bedrywe wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!" (Openb 18:5-10).

"Die handelaars van die aarde..." wat "...ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid ... sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versier met goud en edelgesteentes en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!" (Openb 18:11,3,15-16).

Dit is die oordele wat oor Babilon in die dag van die besoeking van die grimmigheid van God sal kom. Sy het die maat van ongeregtigheid volgemaak; haar tyd het aangebreek; sy is ryp vir vernietiging.

Wanneer die stem van God die gevangenskap van Sy volk 654
omkeer, is daar 'n verskriklike ontwaking van diegene wat alles in die groot stryd van die lewe verloor het. Terwyl die proeftydperk voortgeduur het, was hulle deur Satan se misleidings verblind en hulle het hul sondige weg geregverdig. Die rykes was trots op hul meerderwaardigheid teenoor

diegene wat minder bevoorreg is; maar hulle het hul rykdom verkry deur die wet van God te oortree. Hulle het nagelaat om die hongeriges te voed, die naaktes te klee, om regverdig te handel en barmhartigheid lief te hê. Hulle het gepoog om hulself te verhef en die hulde van hulle medemens te verkry. Nou is hulle van alles wat hulle groot gemaak het gestroop en hulle is behoeftig en weerloos. Met verskrikking aanskou hulle die vernietiging van die afgode wat hulle bo hul Maker verkies het. Hulle het hul siele vir aardse rykdom en plesier verkoop en hulle het nie probeer om ryk aan God te word nie. Die gevolg is dat hulle lewens ‘n mislukking is; hulle plesier het nou galbitter geword en hulle skatte korrup. Die winste van ‘n leeftyd word binne 'n oomblik uitgewis. Die rykes beween die vernietiging van hulle groot huise en die verstrooiing van hul goud en silwer. Maar hulle klaagliedere word deur die vrees dat hulle self saam met hulle afgode sal vergaan stilgemaak.

Die goddelose is met spyt vervul, maar nie weens hul sondige verwaarlosing van God en hul medemens nie, maar omdat God oorwin het. Hulle betreur die gevolge, maar het geen berou oor hul goddeloosheid nie. Hulle sou geen middel onbeproef gelaat het om te oorwin as hulle kon nie.

Die wêreld sien nou dat die mense wat hulle bespot en gehoon het en wat hulle wou uitroei, ongedeerd te midde van pes, storm en aardbewing is. Hy wat vir die oortreders van Sy wet ’n verterende vuur is, is vir Sy volk ‘n veilige vestig.

Die predikant wat die waarheid vir die guns van mense 655
versaak het, onderskei nou die aard en invloed van sy leringe. Dit is duidelik dat die alwetende Oog hom gevolg het waar hy op die kansel gestaan het, in die strate rondgestap het en met mense in die verskillende tonele van die lewe gemeng het. Elke emosie van die siel, elke reël wat geskryf is, elke woord wat geuiter is, elke daad wat mense in 'n toevlug van valsheid gerusgestel het, was soos saad wat gesaai is; en nou, in die ellendige verlore siele rondom hom, sien hy die oes.

Die Here sê: "Hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! — terwyl daar geen vrede is nie." (Jer 8:11). "Omdat julle met leuens die hart van die regverdige droewig gemaak het — terwyl Ek hom geen smart aangedoen het nie — en die hande van die goddelose versterk het, dat hy van sy slegte weg nie sou terugkeer, om hom in die lewe te hou nie — daarom sal julle geen bedrieglike gesigte meer sien en geen waarsêery meer drywe nie." (Eseg 13:22,23).

"Wee die herders wat die skape van my weide laat omkom ... Kyk, Ek besoek oor julle die boosheid van julle handelinge ... Huil, o herders, en skreeu en wentel julle in die as, julle maghebbers van die kudde; want vol is julle dae om geslag te word en Ek sal julle verbrysel en julle sal val soos 'n kosbare voorwerp. Dan sal daar geen toevlug wees vir die herders en geen ontkoming vir die maghebbers van die kudde nie." (Jer 23:1,2;25:34,35).

Predikante en mense besef dat hulle nie die regte verhouding met God gehandhaaf het nie. Hulle sien dat hulle teen die Outeur van alle regverdige wette in opstand gekom het. Die tersydestelling van die Goddelike voorskrifte het aanleiding gegee tot duisende bronne van boosheid, onenigheid, haat en ongeregtigheid, totdat die aarde een groot veld van stryd en een poel van korrupsie geword het. Dit is wat diegene wat die waarheid verwerp en gekies het om dwaling te koester, nou aanskou. Geen taal kan die verlange beskryf wat die ongehoorsames en ontroues voel vir dit wat hulle vir ewig verbeur het nie, naamlik die ewige lewe. Mense wat weens hul talente en welsprekendheid deur die wêreld aanbid is, sien hierdie dinge nou in hul ware lig. Hulle besef nou wat hulle deur oortreding verbeur het en val aan die voete van diegene wie se getrouheid hulle verag en bespot het en bely dat God hulle liefgehad het.

Die mense besef dat hulle bedrieg was. Hulle beskuldig mekaar dat hulle hul tot ondergang gelei het; maar almal verenig om hul bitterste veroordeling op die predikante te werp. Ontroue predikante het strelende dinge geprofeteer; hulle het hul toehoorders daartoe gelei om die wet van God tot niet te maak en diegene wat dit wou heilig, te vervolg. Nou, in hul wanhoop, bely hierdie leraars voor die wêreld hul werk van misleiding. Die skare is met woede vervul. "Ons is verlore..." roep hulle, "...en julle is die oorsaak van ons ondergang;" en dan val hulle die valse herders aan. Diegene wat hulle eens bewonder het, sal die verskriklikste vloeke oor hulle uitspreek. Dieselfde hande wat hulle eens met louere gekroon het, sal opgehef word om hulle te vernietig. Die swaarde wat die volk van God moes doodmaak, word nou gebruik om hul vyande te vernietig. Oral is daar stryd en bloedvergieting. 656

"Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die Here het 'n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose — aan die swaard het Hy hulle oorgegee." (Jer 25:31). Sesduisend jaar lank het die groot stryd gewoed; die Seun van God en Sy hemelse boodskappers het die stryd teen die Bose gevoer om die mensekinders te waarsku, te verlig en te red. Nou het almal hul besluite geneem; die goddelose het ten volle met Satan in sy oorlogvoering teen God verenig. Die tyd het aangebreek dat God die gesag van sy vertrapte wet moet bevestig. Die stryd is nou nie alleen met Satan nie, maar met die mense. "Die Here het 'n twis met die nasies." Hy sal hulle aan die swaard oorgee.

Die teken van bevryding is op diegene "...wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word..." geplaas. (Eseg 9:4). Die doodsengel gaan nou uit, soos in Esegiël se visioen verteenwoordig, as manne met wapens aan wie die opdrag gegee is: "Slaan dood grysaards, jongmanne en jongedogters en kinders en vroue tot vernietiging toe; maar raak aan niemand op wie die teken is nie en begin by My heiligdom." (Eseg 9:6). Die profeet sê, "Hulle het begin by die manne, die oudstes wat

voor die huis was." Die vernietigingswerk begin onder diegene wat beweer het dat hulle die geestelike voogde van die volk was. Hierdie valse wagters val eerste. Daar is niemand om hulle te bejammer of te ontsien nie. Mans, vroue, meisies en klein kindertjies vergaan almal saam.

"Die Here sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van 657
die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie." (Jes 26:21). "Dit sal die plaag wees waarmee die Here al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal 'n groot verwarring van die Here onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander." (Sag 14:12,13). In die waansinnige stryd van hul eie, heftige hartstogte en deur die skrikwekkende uitstorting van God se ongetemperde toorn, val die goddelose aardbewoners — priesters, owerstes en mense, ryk en arm, hoog en laag. "Die wat deur die Here verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie." (Jer 25:33).

Met die koms van Christus word die goddelose oor die ganse aarde uitgedelg — verteer deur die asem van Sy mond en verdelg deur die glans van Sy heerlikheid. Christus neem Sy volk na die Stad van God en die aarde word leeggemaak van sy inwoners. "Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners ... Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die Here het hierdie woord gespreek ... Want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde, en moet sy

bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur ‘n gloed verteer en bly daar min mense oor.” (Jes 24:1,3,5,6).

Die hele aarde is soos ’n verlate woestyn. Die ruïnes van stede en dorpe wat deur die aardbewing verwoes is, bome wat ontwortel is, ruwe rotse wat deur die see uitgewerp is, of uit die aarde self geskeur is, is oor die oppervlak versprei, terwyl groot openinge die plek aantoon waar berge hut hul fondamente geruk is.

Die gebeure wat die plegtige diens van die Versoendag 658
voorafgeskadu het vind nou plaas. Toe die bediening in die Allerheiligste afgehandel was en die sondes van Israel uit die heiligdom deur die bloed van die sondoffer verwyder is, is die sondebok lewendig voor die aangesig van die Here gebring en in die aanwesigheid van die vergadering het die hoëpriester al die “…ongeregtighede van die kinders van Israel en al hulle oortredinge, wat hulle sondes ook al mag wees…” op die kop van die bok gelê. (Lev 16:21). Op dieselfde wyse, wanneer die versoeningswerk in die hemelse heiligdom voltooi is, sal die sondes van God se volk op Satan geplaas word in die teenwoordigheid van God en hemelse engele en die leërskare van die verlostes; hy sal van al die boosheid waartoe hy die mense verlei het skuldig verklaar word. En soos die sondebok na 'n onbewoonde land weggevoer is, sal Satan na die verlate aarde, 'n verlate en somber wildernis, verban word.

Die openbaarder voorspel die verbanning van Satan en die toestand van chaos en verlatenheid waarin die aarde omskep sal word en hy verklaar dat hierdie toestand vir ‘n duisend jaar sal voortduur. Nadat hy die wederkoms van die Here en die vernietiging van die goddelose beskryf het, sê hy: “En ek het ‘n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ‘n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies

nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan vir ‘n kort tydjie ontbind word.” (Openb 20:1-3).

Dat die uitdrukking “afgrond” die aarde in 'n toestand van 659
verwarring en duisternis voorstel, blyk uit ander geskrifte. Oor die toestand van die aarde “In die begin...”, sê die Bybel: “Die aarde was woes en leeg en duisternis was op die wêreldvloed.” (Gen1:2). (Die Hebreeuse woord wat hier as “wêreldvloed” vertaal is, is in die Septuagint (Griekse) vertaling van die Hebreeuse Ou Testament weergegee deur dieselfde woord wat in Openbaring 20:1-3 as “afgrond” vertaal is). Profesie leer dat die aarde, ten minste gedeeltelik, weer na hierdie toestand teruggebring sal word. Die profeet Jeremia wat hierdie groot dag van die Here vooruit gesien het, het gesê: “Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk en daar was geen mens nie en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk en die land van tuine was ‘n woestyn en al sy stede was afgebreek.” (Jer 4:23-26).

Dit sal die tuiste van Satan met sy bose engele vir ‘n duisend jaar lank wees. Beperk tot die aarde, sal hy nie toegang tot die ander wêrelde hê om diegene wat nog nooit in die sonde geval het, te versoek en lastig te val nie. Dit is in hierdie sin dat hy gebind word: daar is niemand oor op wie hy sy mag kan uitoefen nie. Hy is heeltemal afgesny van sy werk van misleiding en vernietiging wat vir soveel eeue sy enigste vreugde was.

Die profeet Jesaja, wat die tyd van Satan se omverwerping vooruitgesien het, het uitgeroep: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel ... my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle

let op jou en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangene nie losgelaat het huis toe nie?" (Jes 14:12-17).

Vir sesduisend jaar het Satan se rebellie die aarde laat sidder. Hy het "...die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes." En hy het nie die gevangenes "...losgelaat huis toe nie." Vir sesduisend jaar het hy die volk van God gevange geneem en hy sou hulle vir ewig gevange gehou het as dit nie was dat Christus sy bande verbreek en die gevangenes vrygestel het nie.

Selfs die goddelose is nou buite bereik van die mag Satan 660
geplaas en saam met sy bose engele bly hy alleen agter om die effek van die vloek wat sonde gebring het te besef. "Die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis [die graf]; maar jy is gewerp, ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel ... Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk gedood." (Jes 14:18-20).

Duisend jaar lank sal Satan heen en weer op die verlate aarde ronddwaal om die gevolge van sy opstand teen die wet van God te aanskou. Gedurende hierdie tyd is sy lyding intens. Sedert sy val, het sy lewe van onophoudelike bedrywigheid hom geen kans vir bepeinsing gegee nie; maar nou is sy mag ontneem en hy word alleen gelaat om te besin oor sy werk sedert hy teen die regering van die hemel in opstand gekom het en met vrees en bewing die ontsettende toekoms wanneer hy vir al die boosheid wat hy verrig het sal moet ly en vir die sondes wat hy veroorsaak het gestraf sal word.

Vir die volk van God sal die gevangenskap van Satan blydskap en vreugde bring. Die profeet sê: "Op die dag as die Here jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel [verteenwoordig deur Satan] en sê: Hoe het die drywer nou

opgehou, opgehou die verdrukking! Die Here het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers, wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met ‘n agtervolging sonder verskoning” (Jes 14:3-6).

Gedurende die duisend jaar tussen die eerste en die tweede 661
opstanding, vind die oordeel van die goddelose plaas. Die apostel Paulus verwys na hierdie oordeel as 'n gebeurtenis wat op die tweede koms volg. “Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak.” (1 Kor 4:5). Daniël verklaar dat “...aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is...” toe die Oue van dae gekom het. (Dan 7:22). Gedurende hierdie tyd regeer die regverdiges soos konings en priesters van God. In Openbaring sê Johannes: “Ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee ... Hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” (Openb 20:4,6). Dit is in hierdie tyd, soos deur Paulus voorspel is, “...dat die heiliges die wêreld sal oordeel.” (1 Kor 6:2,3). Saam met Christus oordeel hulle die goddelose, vergelyk hulle hul dade met die wetboek, die Bybel en beslis elke saak volgens die dade wat in die liggaam geskied het. Dan sal die deel wat die goddelose moet ly, volgens hul werke toegeken word; en dit sal teenoor hulle name in die boek van die dood opgeteken word.

Ook Satan en die bose engele word deur Christus en sy volk geoordeel. Paulus sê: “Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie?” (1 Kor 6:3). En Judas sê dat “...die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar.” (Judas 6).

Aan die einde van die duisend jaar sal die tweede opstanding plaasvind. Dan sal die goddelose uit die dood

opgewek word en voor die aangesig van God verskyn vir die voltrekking van hulle vonnis. Daarom sê die openbaarder, nadat hy die opstanding van die regverdiges beskryf het: "Die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie" (Openb 20:5). En aangaande die goddelose verklaar Jesaja: "Hulle sal opgesluit word soos gevangene opgesluit word in 'n kuil, en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word." (Jes 24:22).

 662

# Die Stryd beëindig

Aan die einde van die duisend jaar keer Christus weer na die aarde terug. Hy word vergesel van ‘n leërskare van verlostes en deur 'n gevolg van engele bygewoon. Terwyl Hy met grootse Majesteit neerdaal, gebied Hy die goddelose ontslapenes om om hul lot te ontvang. Hulle kom uit, ‘n magtige leërskare, ontelbaar soos die sand aan die see. Wat ‘n kontras met diegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges was met ewige jeug en skoonheid beklee. Die goddelose dra die spore van siektes en dood.

Elke oog in daardie groot menigte is op die heerlikheid van die Seun van God gerig. Met een stem roep die goddelose leërskare uit: “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Luk. 13:35) Dit is nie liefde vir Jesus wat hierdie uitlating inspireer nie. Die krag van die waarheid dwing die woorde uit onwillige lippe. Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, kom hulle uit, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar geen nuwe proeftydperk om die gebreke in hul vorige lewens reg te stel nie. Niks sou hierdeur bereik word nie. ‘n Leeftyd van oortreding het hul harte nie versag nie. 'n Tweede proeftydperk sou, indien dit aan hulle geskenk was, net soos die eerste, beset word om die vereistes van God te ontduik en opstand teen Hom aan te hits.

Christus daal op die Olyfberg neer waarvandaan Hy ná Sy 663
opstanding opgevaar het en waar die engele die belofte van Sy wederkoms herhaal het. Die profeet sê: “Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U ... In dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word ... tot ‘n baie groot dal ... en die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die Here een wees en sy Naam een.” (Sag. 14:5,4,9).

Wanneer die Nuwe Jerusalem in sy skitterende prag uit die hemel neerdaal, sal dit op die plek wat vir die ontvangs daarvoor gereinig en gereed gemaak is, tot rus kom en Christus met Sy volk en die engele sal die heilige stad binnegaan.

Dan sal Satan hom vir die laaste magtige stryd om oppergesag voorberei. Terwyl hy van sy mag ontneem was en van sy bedrieglike werk afgesny was, was die vors van die bose ellendig en verslae; maar wanneer die goddelose dode opgewek word en hy die groot menigte aan sy kant sien, word sy hoop opgewek en hy besluit om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Hy sal al die leërs van die verlorenes onder sy vaandel orden en deur hulle sal hy poog om sy planne uit te voer. Die goddelose is Satan se gevangenes. Deur Christus te verwerp, het hulle die heerskappy van die rebelleleier aanvaar. Hulle is gereed om sy opdragte te ontvang en sy bevele uit te voer. Maar, getrou aan sy vroeëre slinksheid, erken hy homself nie as Satan nie. Hy beweer dat hy die prins is wat die regmatige eienaar van die wêreld is en wie se erfenis onwettig van hom weggeneem is. Hy stel hom aan sy misleide onderdane voor as ’n verlosser en hy verseker hulle dat sy mag hulle uit hul grafte voortgebring het en dat hy op die punt staan om hulle van die wreedste tirannie te red. In die afwesigheid van Christus verrig Satan wonders om sy bewerings te staaf. Hy maak die swakkes sterk en besiel almal met sy eie gees en energie. Hy stel voor om hulle teen die kamp van die heiliges aan te voer en om die stad van God in besit te neem. Met sataniese vreugde wys hy na die ontelbare miljoene wat uit die dode opgewek is en hy verklaar dat hy, as hulle leier, meer as in staat is om die stad omver te werp en beide sy troon en sy koninkryk te herwin.

Onder daardie groot skare is daar menigtes van die 664
langslewende ras wat voor die Sondvloed geleef het; manne van hoë gestalte en reuse intellek wat, onder die beheer van gevalle engele, al hulle vaardighede en kennis aan die verheffing van hulself gewy het; manne wie se wonderlike kunswerke daartoe gelei het dat die wêreld hul genialiteit

verafgod het, maar wie se wreedheid en bose uitvindsels die aarde verontreinig en die beeld van God oneer aangedoen het en veroorsaak het dat God hulle voor die aangesig van Sy skepping uitgedelg het. Daar is konings en generaals wat nasies verower het, dapper manne wat nooit 'n geveg verloor het nie, trotse, ambisieuse krygers, wie se nadering koninkryke laat sidder het. In die dood het hierdie mense geen verandering ondergaan nie. Wanneer hulle uit hul grafte uitkom, hervat hulle die stroom van hul gedagtes net daar waar dit opgehou het. Hulle word met dieselfde begeerte om te verower besiel soos toe hulle gesneuwel het.

Satan konsulteer met sy engele en daarna met hierdie konings en veroweraars en magtiges. Hulle kyk na die krag en menigtes aan hulle kant en verklaar dat die leër binne-in die stad klein is, vergeleke met hulle s’n en dat dit oorkom kan word. Hulle beraam planne om die rykdom en heerlikheid van die Nuwe Jerusalem in besit te neem. Almal begin dadelik om vir die geveg voor te berei. Vaardige ambagsmanne bou oorlogstuig. Militêre leiers, beroemd vir hulle sukses, organiseer die menigte in regimente en divisies.

Uiteindelik word die bevel gegee om voort te gaan en die ontelbare leërskare begin met hulle opmars — ’n leër soos nog nooit deur aardse veroweraars opgeroep is, of wat deur die gesamentlike magte van alle eeue sedert die eerste oorlog op die aarde oortref is nie. Satan, die magtigste van alle krygsmanne, lei die opmars en sy engele verenig hul magte vir hierdie finale stryd. Hy word deur konings en helde gevolg wat weer op hulle beurt deur die menigtes in groot afdelings, elke afdeling onder sy eie bevelvoerder, gevolg word. Met militêre presisie marsjeer die linies oor die ongelyke en gebroke oppervlak van die aarde na die stad van God. Op bevel van Jesus word die poorte van die Nuwe Jerusalem gesluit; en die leërs van Satan omsingel die stad en maak gereed vir die aanval.

Christus verskyn nou weer voor die aangesig van Sy vyande. Hoog bokant die stad, op 'n fondament van blink goud, is 'n, hoë en verhewe troon. Op hierdie troon sit die Seun van God en rondom Hom is die onderdane van Sy koninkryk. Die mag en majesteit van Christus kan geen taal beskryf nie en geen pen uitbeeld nie. Die heerlikheid van die Ewige Vader omvou Sy Seun. Die helderheid van Sy teenwoordigheid vul die stad, vloei uit tot buite die poorte en oorstroom die hele aarde met Sy glans. 665

Naaste aan die troon is diegene wat eens ywerig was vir die saak van Satan, maar wat soos stukke brandhout uit die vuur geruk is en hul Verlosser met 'n diepe, intense toewyding gevolg het. Volgende is diegene wat hul Christelike karakters te midde van leuens en ontrouheid vervolmaak het, diegene wat die wet van God geëer het toe die Christen-wêreld dit tot niet verklaar het en die miljoene van alle eeue wat vir hul geloof gemartel is. En agter hulle is "...'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale ... voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande." (Openb 7:9,10). Hulle stryd is beëindig, die oorwinning is behaal. Hulle het die wedloop voleindig en die prys behaal. Die palmtak in hul hande is 'n simbool van hulle oorwinning en die wit klere 'n simbool van die vlekkelose geregtigheid van Christus wat nou aan hulle behoort.

Die verlostes hef 'n loflied aan wat deur die hemel weergalm: "Heil aan onse God wat op die troon sit en aan die Lam!" (Openb 7:10). Engele en serafs voeg hulle stemme in aanbidding by. Terwyl die verlostes die mag en kwaadwilligheid van Satan aanskou, besef hulle soos nog nooit tevore nie, dat geen mag behalwe dié van Christus, oorwinnaars van hulle sou kon maak nie. In daardie ganse skitterende skare is daar niemand wat sy verlossing aan homself kan toeskryf asof hy deur sy eie krag en goedheid oorwin het nie. Daar word nie een woord gesê van wat hulle gedoen en gely het nie; maar die las

van elke lied en die hoofrede vir elke loflied is: Redding aan onse God en aan die Lam!

In die teenwoordigheid van die versamelde bewoners van die aarde en die hemel, vind die finale kroning van die Seun van God plaas. En nou, beklee met die hoogste majesteit en mag, spreek die Koning van die konings die vonnis oor die rebelle teen sy regering uit en voer Hy geregtigheid uit teen diegene wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het. Die profeet van God sê: "Ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." (Openb 20:11,12). 666

Sodra die boeke geopen word en die oog van Jesus op die goddelose gevestig word, word hulle bewus van elke sonde wat hulle ooit gepleeg het. Hulle sien presies waar hulle voete van die weg van reinheid en heiligheid afgewyk het en hoe ver hoogmoed en rebellie hulle in die oortreding van die wet van God gevoer het. Die verleidelike versoekings wat hulle, deur die toegewing aan sonde aangemoedig het, die seëninge wat verdraai is, die boodskappers van God wat hulle verag het, die waarskuwings wat hulle verwerp het, die golwe van genade wat hulle weerstaan het deur 'n hardkoppige, onboetvaardige hart — alles lyk asof dit met letters van vuur geskryf is.

Bo die troon word die kruis geopenbaar; en soos 'n panoramiese uitsig word die tonele van Adam se versoeking en sondeval en die opeenvolgende stappe in die groot plan van verlossing vertoon. Die Heiland se nederige geboorte; Sy vroeë lewe van eenvoud en gehoorsaamheid; Sy doop in die Jordaanrivier; Sy vas en die versoeking in die woestyn; Sy openbare bediening wat die hemel se seëninge aan mense ontvou het; die dae gevul met dade van liefde en 667

barmhartigheid, die nagte van gebed en die waaksaamheid in die eensaamheid van die berge; die sameswerings van afguns, haat en kwaadwilligheid waarmee Sy goedheid vergeld is; die ontsettende, misterieuse sieleangs van Getsémané onder die verpletterende las van die sondes van die hele wêreld; Sy verraad in die hande van die moorddadige gepeupel; die vreesaanjaende gebeure van daardie nag van afgryse — die weerlose gevangene, deur Sy geliefde dissipels verlaat, meedoënloos deur die strate van Jerusalem gehaas; die Seun van God wat met jubeling voor Annas gebring word, in die paleis van die hoëpriester, daarna in die regslokaal van Pilatus, voor die lafhartige en wrede Herodes, bespot, beledig, gemartel en veroordeel om te sterf — al hierdie dinge word duidelik uitgebeeld.

En nou, voor die wiegende skare, word die laaste tonele geopenbaar — die geduldige Lyer wat die pad na Golgota stap; die Vors van die hemel wat aan die kruis hang; die hoogmoedige priesters en die honende gepeupel wat met Sy doodsangs spot; die bonatuurlike duisternis; die sidderende aarde, die geskeurde rotse, die geopende grafte, wat die oomblik toe die wêreld se Verlosser sy lewe opgegee het aandui.

Hierdie aaklige skouspel verskyn presies soos dit was. Satan, sy engele en sy onderdane het geen mag om hulle van die prent van hul eie werk weg te draai nie. Elke akteur onthou die rol wat hy opgevoer het: Herodes, wat die onskuldige kindertjies van Betlehem laat doodmaak het om die Koning van Israel te vernietig; die lae Herodias, aan wie se skuldige siel die bloed van Johannes die Doper kleef; die swak weifelende Pilatus; die spottende soldate; die priesters en die owerstes en die waansinnige gepeupel wat uitgeroep het: “Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!” Almal aanskou die ontsaglikheid van hulle skuld en probeer tevergeefs om vir die Goddelike majesteit van Sy aangesig wat die glorie van son oortref weg te kruip, terwyl

die verlostes hul krone aan die voete van die Heiland werp en uitroep: “Hy het vir my gesterf!”

Te midde van die verloste skare, is die apostels van Christus, 668
die heldhaftige Paulus, die vurige Petrus, die geliefde en liefdevolle Johannes en hulle opregte broeders, saam met die groot menigte van martelare; terwyl, buitekant die stadsmure, met al die vuil en afskuwelike dinge, diegene deur wie hulle vervolg, opgesluit en gedood is, staan. Daar is Nero, die monster van wreedheid en ondeug, wat die vreugde en jubeling van diegene, wat hy eenmaal gemartel het en in wie se groot angs hy sataniese vreugde gevind het, aanskou. Sy moeder is ook daar om die gevolge van haar eie handewerk te sien; om te sien hoedat die bose karaktertrekke wat aan haar seun oorgedra is, die passies wat deur haar invloed en voorbeeld aangemoedig en ontwikkel is, vrugte in die vorm van misdade wat die wêreld laat sidder het, afgewerp het.

Daar is die pouslike priesters en prelate wat beweer het dat hulle die gesante van Christus was, maar die pynbank, die kerker en die brandstapel gebruik het om die gewete van die volk van God te beheer. Daar is die trotse pouse wat hulself bo God verhef het en hulle aangematig het om die wet van die Allerhoogste te verander. Dié wat voorgegee het om kerkvaders te wees moet rekenskap aan God lewer gee, iets waarvan hulle baie graag vrygestel sou wil word. Te laat besef hulle dat die Almagtige jaloers op Sy wet is en dat Hy die skuldiges geensins sal verskoon nie. Hulle sien nou dat Christus Hom met die lyding van Sy volk vereenselwig; en hulle voel die krag van Sy eie woorde, “Vir sovêr julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.” (Mat 25:40).

Die ganse bose wêreld staan tereg voor die regbank van God op die aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. Hulle het niemand om hul saak te bepleit nie; hulle is

sonder verskoning; en die vonnis van die ewige dood word oor hulle uitgespreek.

Dit is nou vir almal duidelik dat die loon van die sonde nie ‘n edele, onafhanklikheid en ewige lewe is nie, maar slawerny, ondergang en die dood. Die goddelose besef nou wat hulle deur hulle lewe van rebellie verbeur het. Die allesoortreffende en ewige heerlikheid is verag toe dit vir hulle aangebied is; maar hoe begeer hulle dit nie nou nie! “Dit alles...” roep die verlore siel uit, “...kon ek gehad het; maar ek het verkies om al hierdie dinge te verwerp. O, vreemde verdwaasdheid! Ek het vrede, geluk en eer vir ellende, oneer en wanhoop verruil.” Almal sien dat hulle uitsluiting uit die hemel regverdig is. Deur hulle lewens het hulle verklaar: “Ons wil nie hê dat hierdie Man [Jesus] as Koning oor ons regeer nie.”

Asof in 'n beswyming het die goddelose die kroning van die 669
Seun van God aanskou. In Sy hande sien hulle die tafels van die Goddelike wet, die insettinge wat hulle verag en oortree het. Hulle getuig van die uitbarsting van verwondering, verrukking en die aanbidding van die verlostes; en terwyl ’n golf van melodie oor die skare buitekant die stad spoel, roep almal met een stem uit: “Groot en wonderlik is U werke, Here God, die Almagtige; regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!” (Openb 15:3) En in aanbidding val hulle voor die Vors van die lewe neer.

Satan lyk asof verlam wanneer hy die heerlikheid en majesteit van Christus aanskou. Hy, wat eenmaal ‘n beskuttende gerub was, onthou die plek vanwaar hy geval het. ‘n Glinsterende seraf, “...seun van die môre...”; hoe is hy verander en hoe is hy verlaag! Van die raad waar hy eers vereer is, is hy vir ewig uitgesluit. Hy het gesien hoedat die kroon op die hoof van Christus deur ‘n magtige engel van hoë gestalte en majestueuse teenwoordigheid geplaas word en hy weet dat die verhewe posisie van daardie engel moontlik syne kon gewees het.

Sy geheue gaan terug na sy tuiste van onskuld en reinheid, die vrede en tevredenheid wat syne was totdat hy teen God gemurmureer het en afgunstig op Christus geraak het. Sy beskuldigings, sy rebellie, sy misleidings om die simpatie en ondersteuning van die engele te verkry, sy hardnekkige volharding om geen poging aan te wend om homself te herstel toe God vergifnis aan hom wou verleen nie — kom alles nou helder voor sy gees op. Hy beoordeel sy werk onder mense en die gevolge daarvan — die vyandigheid van die mens teenoor sy medemens, die ontsettende vernietiging van lewe, die opkoms en ondergang van koninkryke, die omverwerping van trone, die lang opeenvolgende oproer, konflik en opstande. Hy herinner hom aan sy voortdurende pogings om die werk van Christus teë te staan en die mens al hoe laer af te bring. Hy sien dat sy helse komplotte magteloos was om diegene wat op Jesus vertrou het te vernietig. Terwyl Satan sy koninkryk aanskou, die vrug van sy arbeid, sien hy net mislukking en ondergang. Hy het die skares laat glo dat die Stad van God 'n maklike prooi sou wees; maar hy weet dat dit vals is. In die verloop van die groot stryd is hy telkens weer verslaan en gedwing om in te gee. Hy ken die krag en die majesteit van die Ewige God maar al te goed.

Die doel van die groot rebel was altyd om homself te 670
regverdig en om te bewys dat die Goddelike regering verantwoordelik vir die opstand was. Vir hierdie doel het hy al sy mag en reuse intellek ingespan. Hy het doelbewus en stelselmatig te werk gegaan en met wonderbaarlike sukses groot menigtes daartoe gelei om sy weergawe van die groot stryd wat so lank aan die gang was, te aanvaar. Vir duisende jare het hierdie hoof van samesweerders valsheid vir waarheid afgesmeer. Maar die tyd het nou aangebreek dat die rebellie finaal verslaan en die geskiedenis en karakter van Satan bekend gemaak word. In sy finale poging om Christus te onttroon, Sy volk te vernietig en die stad van God in te neem, word die aartsbedrieër volkome ontmasker. Diegene wat met hom verenig het, sien nou die totale mislukking van sy saak. Christus

se volgelinge en die lojale engele sien die volle omvang van sy kragte teen die regering van God. Hy is die voorwerp van universele afsku.

Satan sien dat sy rebellie hom ongeskik vir die hemel gemaak het. Hy het sy kragte opgelei om teen God te verg; die reinheid, vrede en harmonie van die hemel sou vir hom die grootste marteling wees. Sy beskuldigings teen die barmhartigheid en geregtigheid van God is nou stilgemaak. Die smaad wat hy gepoog het om op Jehova te werp, rus nou geheel en al op homself. En nou buig Satan neer en bely die regverdigheid van sy vonnis.

“Wie sal U nie vrees nie, Here en U Naam nie verheerlik nie? 671
Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat U regverdige dade openbaar geword het.” (Openb 15:4). Elke vraag na waarheid en dwaalleer in die langdurige stryd is nou duidelik gemaak. Die gevolge van rebellie en die vrugte op die tersydestelling van die Goddelike insettinge is nou ten aanskoue van alle geskape wesens oopgestel. Die uitwerking van Satan se heerskappy, in teenstelling met die regering van God, is aan die ganse heelal voorgehou. Satan se eie werke het hom veroordeel. Die wysheid van God, Sy geregtigheid en Sy goedheid staan volkome geregverdig. Daar word gesien dat al Sy handelinge in die groot stryd geskied het met die oog op die ewige beswil van Sy volk en vir die beswil van al die wêrelde wat Hy geskape het. “Al u werke loof U, o Here en u gunsgenote prys U.” (Ps 145:10). Die geskiedenis van sondes sal tot in alle ewigheid staan as getuie dat die geluk van al die wesens wat Hy geskape het, in die wet van God opgesluit is. Met al die feite van die groot stryd voor oë, verklaar die heelal, beide die getroues en die opstandiges, eendragtig: “Regverdig en waaragtig is U weë, o Koning van die heiliges!” (Openb 15:3).

Voor die heelal word die groot offer wat die Vader en die Seun ten behoewe van die mens gebring het, duidelik

aangebied. Die uur het aangebreek dat Christus Sy regmatige posisie inneem en bo owerhede en magte en elke naam wat genoem word verheerlik word. Dit was vir die vreugde wat Hom voorgehou is, sodat Hy baie seuns tot heerlikheid kon bring, dat Hy die kruis verdra en die skande verag het. En ondenkbaar groot soos die lyding en skande was, nog groter is die vreugde en heerlikheid. Hy aanskou die verlostes wat na Sy ewebeeld herskep is, met die volmaakte beeld van die Goddelike op elke hart afgedruk, terwyl elke aangesig die ewebeeld van hul Koning weerspieël. Hy sien in hulle die resultaat van die moeite van Sy siel en Hy is tevrede. Dan, met 'n stem wat die versamelde menigtes van regverdiges en goddelose bereik, verklaar Hy: "Kyk wat het Ek met My bloed gekoop! Vir diesulkes het Ek gely en hiervoor het Ek gesterf, sodat hulle deur die ewigheid heen in My teenwoordigheid kan woon." En dan styg die loflied vanaf die wit-geklede skare op rondom die troon: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." (Openb 5:12).

Ondanks die feit dat Satan gedwing is om die geregtigheid 672
van God te erken en hom voor die oppergesag van Christus te buig, bly sy karakter onveranderd. Die gees van rebellie bars weer soos 'n magtige stroom los. Gevul met waansinnige woede, besluit hy om nie die groot stryd gewonne te gee nie. Die tyd vir 'n laaste wanhopige poging teen die Koning van die hemel het aangebreek. Hy haas hom te midde van sy onderdane en poog om hulle met sy eie woede te inspireer en om hulle tot onmiddellike stryd aan te spoor. Maar van al die ontelbare miljoene wat hy tot rebellie gelok het, is daar niemand wat sy oppergesag erken nie. Sy mag is op 'n einde. Die goddelose is met dieselfde haat teenoor God gevul wat Satan inspireer; maar hulle sien dat hulle saak hopeloos is en dat hulle nie teen Jehova kan seëvier nie. Hulle woede word nou teen Satan en sy werkkragte in die misleiding ontketen en met demoniese woede val hulle hulle aan.

Die Here sê: “Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van ‘n god, daarom kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal ... Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gerub wat beskut! ... Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien ... Jy het ‘n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.” (Eseg 28:6-8,16-19).

“Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun en die kleed wat in bloed gerol is, dien tot verbranding, ‘n prooi van die vuur.” (Jes 9:4). “Want die toorn van die Here is oor al die nasies en grimmigheid oor al hulle leërskare; Hy het hulle met die banvloek getref, Hy het hulle oorgegee om geslag te word.” (Jes 34:2). “Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën; en ‘n gloeiende wind sal die deel van hulle beker wees.” (Ps. 11:6). Vuur daal van God uit die hemel neer. Die aarde word opgebreek. Die wapens wat in die dieptes versteek is word opgelewer. Verterende vlamme bars uit elke skeur. Selfs die rotse brand. Die dag wat brand soos ’n oond, het aangebreek. Die elemente versmelt weens die intense hitte en ook die aarde en die werke wat daarop is, verbrand. (Mal 4:1; sien ook 2 Pet 3:10). Die oppervlakte van die aarde is een gesmelte massa, ’n uitgestrekte, siedende poel van vuur. Dit is die dag van oordeel en verderf van die goddelose “...‘n dag van wraak, ‘n jaar van vergelding in die regsaak van Sion.” (Jes 34:8). (Sien ook Spr 11:31).

Die goddelose ontvang hulle vergelding op die aarde. Hulle 673
sal “...‘n stoppel wees; en die dag wat kom sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare” (Mal 4:1). Sommige word in ‘n oomblik vernietig, terwyl ander baie dae ly. Almal word volgens hulle dade gestraf. Deurdat die sondes van die regverdiges op Satan oorgeplaas is, ondergaan hy nie alleen straf vir sy eie opstand nie, maar ook vir al die sondes wat hy

God se volk veroorsaak het om te pleeg. Sy straf sal baie groter wees as wat diegene ontvang wat hy mislei het. Nadat almal wat weens sy bedrog ten gronde gegaan het vernietig is, sal sy straf nog steeds voortduur. In die reinigende vlamme word die goddelose eindelik wortel en tak verdelg — Satan die wortel en sy volgelinge die takke. Die volle straf van die wet word uitgevoer; daar word aan die vereistes van geregtigheid voldoen; en die hemel en die aarde waar hulle dit aanskou, getuig van die geregtigheid van Jehova.

Satan se werk van verwoesting is vir ewig beëindig. Vir sesduisend jaar lank het hy sy wil uitgevoer, die aarde met ellende vervul en droefheid oor die ganse heelal veroorsaak. Die hele skepping het gesug en tesame in barensnood verkeer. Nou word die skepsels van God vir altyd van sy teenwoordigheid en versoekings verlos. “Die hele aarde rus, is stil; hulle [die regverdiges] breek uit in jubel.” (Jes. 14:7). ‘n Kreet van oorwinning en dank styg van die ganse lojale heelal op. “Die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae,” word gehoor, wat sê: “Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar” (Openb. 19:6).

Terwyl die aarde met die vlamme van verwoesting omhul is, is die regverdiges veilig in die heilige stad. Oor diegene wat in die eerste opstanding opgestaan het, het die tweede dood geen mag nie. Terwyl God vir die goddelose soos ‘n verterende vuur is, is Hy vir Sy volk beide ‘n son en ‘n skild. (Openb. 20:6; Ps. 84:11).

“Ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die 674
eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan” (Openb 21:1). Die vuur wat die goddelose verteer, reinig die aarde. Elke spoor van die vloek word uitgewis. Geen ewige brandende hel sal die vreesagtige gevolge van sonde aan die verlostes voorhou nie.

Net een herinnering aan die sonde sal oorbly: Ons Verlosser sal vir ewig die tekens van Sy kruisdood dra. Op Sy gewonde hoof, aan Sy sy, hande en voete is die tekens van die wrede werk van die sonde. Die profeet, terwyl hy Christus in Sy heerlikheid aanskou, sê: "Glans soos sonlig is dáár, ligstrale aan Sy sy; en dáár is die omhulsel van Sy krag." (Hab 3:4). Die deurboorde sy waaruit die bloederige stroom gevloei het wat die mens met God versoen het — daar is die Verlosser se heerlikheid, "...daar is die omhulsel van sy krag." Magtig om deur die offer van verlossing te red, was Hy dus sterk om geregtigheid uit te voer teenoor diegene wat die genade van God verag het. En die tekens van Sy vernedering is Sy hoogste eer; deur die ewige eeue sal die wonde van Golgota Sy lof en Sy mag verkondig.

"En jy, Skaapstoring, Heuwel van die dogter van Sion, na jou sal dit kom, ja die vroeëre heerskappy." (Miga 4:8). Die tyd het aangebreek waarna heilige manne met verlange uitgesien het sedert die vlammende swaard die eerste paar uit Eden verban het, die tyd om "...Sy eiendom te verlos." (Efe 1:14). Die aarde wat oorspronklik aan die mens as sy koninkryk gegee is, wat deur hom in die hande van Satan oorgelewer is en so lank deur die magtige vyand beset is, is deur die groot verlossingsplan teruggebring. Alles wat as gevolg van die sonde verlore gegaan het, is weer herstel. "Want so sê die Here ... wat die aarde geformeer en dit gemaak het — Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word." (Jes 45:18). God se oorspronklike doel met die skepping van die aarde word vervul, aangesien dit die ewige woning van die verlostes word. "Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon." (Ps 37:29).

Die vrees om die toekomstige erfenis te wesenlik te laat 675
voorkom, het daartoe gelei dat baie mense die waarhede wat ons daartoe lei om dit as ons tuiste te sien, te vergeestelik. Christus het Sy dissipels verseker dat Hy vir hulle wonings in die Vader se huis gaan voorberei. Diegene wat die leringe van die

Woord van God aanvaar, sal nie heeltemal onkundig aangaande die hemelse tuiste wees nie. En tog: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ‘n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.” (1 Kor 2:9). Menslike taal is nie by magte om die beloning van die regverdiges te beskryf nie. Dit sal slegs aan diegene wat dit aanskou bekend wees. Geen verganklike menslike verstand kan die heerlikheid van die paradys van God begryp nie.

In die Bybel word die erfenis van die verlostes ‘n vaderland genoem. (Heb 11:14-16.) Daar lei die hemelse Herder Sy kudde na fonteine van lewende waters. Die boom van die lewe gee elke maand sy vrugte en die blare van die boom is vir die genesing van die nasies. Daar is voortdurend vloeiende strome, helder soos kristal en langs hulle groei wuiwende bome wat hulle skaduwees op die paaie gooi wat vir die verlostes van die Here voorberei is. Daar rys die wyd-uitgestrekte vlaktes op in heuwels van skoonheid en verrys die hoë spitse van die berge van God. Op daardie vreedsame vlaktes, langs daardie lewende strome, sal die volk van God, wat vir so lank pelgrims en swerwers was, ‘n tuiste vind.

“My volk sal woon in ‘n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van onbesorgde rus ... Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie — van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof ... En hulle sal huise bou en bewoon en wingerde plant en die vrug daarvan eet: Hulle sal nie bou dat ‘n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ‘n ander dit eet nie ... My uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet.” (Jes 32:18;60:18;65:21,22).

“Die woestyn en die dor land sal bly wees; en die wildernis 676
sal juig en bloei soos ‘n narsing.” (Jes 35:1). “Vir ‘n doringboom sal ‘n sipres opgaan; vir ‘n distel sal ‘n mirteboom opgaan.” (Jes 55:13). “Dan wei die wolf by die lam en die luiperd gaan lê by die bokkie ... en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja ... Hulle sal geen

kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie...” sê die Here (Jes 11:6,9).

Pyn kan nie in die atmosfeer van die hemel bestaan nie. Daar sal nie meer trane wees nie, geen begrafnisstoete, geen tekens van rou nie. “Daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” (Openb 21:4). “En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; vir die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe.” (Jes 33:24).

Daar is die Nuwe Jerusalem, die hoofstad van die verheerlikte nuwe aarde, “...‘n sierlike kroon ... in die hand van die Here en ‘n koninklike tulband in die hand van jou God.” (Jes 62:3). “Sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.” (Openb 21:11). “En die nasies van dié wat gered word, sal in die lig daarvan wandel en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin.” (Openb 21:24). Die Here sê: “Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk.” (Jes 65:19). “Die tabernakel van God is by die mense en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” (Openb 21:3).

In die Stad van God sal daar geen nag wees nie. Niemand sal rus benodig of begeer nie. Daar sal geen vermoeidheid wees in die uitvoering van die wil van God te doen of om Sy Naam te prys nie. Ons sal vir ewig die varsheid van die oggend ervaar en ver van die einde daarvan wees. “En hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig.” (Openb 22:5). Die lig van die son sal deur ‘n glans, wat nie pynlik verblindend is nie, maar wat die helderheid van ons middagson onmeetbaar sal oortref, vervang word. Die heerlikheid van God en die Lam oorstroom die Heilige Stad met onverwelklike lig. Die verlostes sal in die sonlose heerlikheid van ewige daglig wandel.

“En ’n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here 677
God, die Almagtige, is sy tempel en die Lam.” (Openb 21:22).

Die volk van God is bevoorreg om in gemeenskap met die Vader en die Seun te verkeer. “Nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel.” (1 Kor 13:12). Ons sien die beeld van God, soos in 'n spieël weerspieël, in die werke van die natuur en in Sy handelinge met mense; maar dan sal ons Hom van aangesig tot aangesig sien sonder 'n verdoffende sluier tussenin. Ons sal in Sy teenwoordigheid staan en die heerlikheid van Sy aangesig aanskou.

Dáár sal die verlostes ken, net soos hulle geken word. Die liefde en medelye wat God self in die siel ingeplant het, sal daar die ware en soetste uitdrukking vind. Die suiwer gemeenskap met heilige wesens, die harmonieuse sosiale lewe met die geseënde engele en die getroues van alle eeue, wat hulle klere gewas en in die bloed van die Lam wit gemaak het, die heilige bande wat die hele gesin “...in die hemele en op die aarde...” (Ef 3:15) saamsnoer — dit dra alles by om die geluk van die verlostes te vorm.

Dáár sal onsterflike denke met onverganklike vreugde die nimmer-eindigende wonders van die skeppende krag en die verborgenheid van verlossende liefde bepeins. Daar sal geen wrede, bedrieglike vyande wees om die mense te verlei om van God te vergeet nie. Elke bevoegdheid sal ontwikkel word, elke bekwaamheid sal bevorder word. Die verwerwing van kennis sal nie die verstand vermoei of die energie uitput nie. Daar kan die grootste ondernemings voortgesit word, die hoogste ideale bereik en die hoogste ambisies verwesenlik word. En steeds sal daar nuwe hoogtes wees om te bowe te kom, nuwe wonders om te bewonder, nuwe waarhede om te begryp en vars voorwerpe om die kragte van gees, siel en liggaam uit te daag.

Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van 678
God se verlostes. Ongebonde deur sterflikheid, sal hulle na verafgeleë wêrelde vlieg — wêrelde wat met droefheid by die aanskouing van menslike ellende vervul was en wat met liedere van blydskap weergalm het oor die tyding van ‘n verloste siel.

Met onuitspreeklike vreugde deel die kinders van die aarde in die vreugde en wysheid van ongevalle wesens. Hulle deel in die skatte van kennis en begrip wat deur die eeue heen opgedoen is in die oorweging van God se handewerk. Met ‘n onbelemmerde visie aanskou hulle die heerlikheid van die skepping, sonne, sterre en stelsels, alles in hul aangewese bane wat rondom die troon van die Godheid beweeg. Oor alles, van die geringste tot die grootste, staan die Naam van die Skepper geskryf en in alles word die rykdom van Sy mag getoon.

En die verloop van die jare van die ewigheid, sal steeds ryker en nog heerliker openbarings van God en Christus bring. Namate kennis progressief is, sal ook liefde, eerbied en geluk toeneem. Hoe meer mense van God leer, hoe groter sal hulle bewondering van Sy karakter wees. Soos Jesus die rykdom van die verlossing en die verbasende prestasies in die groot stryd met Satan openbaar, sal die harte van die verlostes met vuriger toewyding vervul word en met meer verruklike vreugde sal hulle die harpe van goud bespeel; en tienduisend maal tienduisend en duisende der duisende stemme sal uitswel en met die magtige koor van lof verenig.

“En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!” (Openb 5:13).

Die groot stryd is beëindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van harmonie en blydskap klop deur die onmeetlike skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap, dwarsdeur die koninkryke van die onnaspeurlike ruimte. Van die fynste atoom tot die grootste wêreld, verklaar alle dinge, lewendig en lewensloos, in hul volmaakte skoonheid en vreugde, dat God liefde is.

# Bylaag

679

Hersienings aanvaar deur die E G White Trustees
November 19, 1956 en Desember 6, 1979.

## Algemene Notas

(Bladsynommers verwys na oorspronklike bladsynommers in kantlyn)

**Bladsy 50**. Titels: In ’n gedeelte wat in die Rooms-Katolieke kanon-wet vervat is, of *Corpus Juris Canonici,* verklaar Pous Innocent III dat die Roomse Pous “…die plaasvervanger op aarde, nie van ’n blote mens nie, maar van die ware God is…” en in ’n verduideliking van die gedeelte word verduidelik dat dit is omdat hy die plaasvervanger van Christus is, “...wat waarlik God en waarlik mens is.” Sien *Decretales Domini Gregorii Papae IX (Dekrete van die heer Pous Gregory IX)*, liber 1, *De Translatione Episcoporum, (aangaande die oordrag van biskoppe)*, titel 7, hfst 3; *Corpus Juris Canonici* (2e Leipzig uitg, 1881), art 99; (Parys, 1612), tom 2, *Decretales*, art 205. Die dokumente waaruit die dekrete bestaan, is deur Gratian versamel, wat omstreeks 1140 aan die Universiteit van Bologna onderrig gegee het. Daar het Pous Gregory IX by sy werk bygevoeg en dit hersien in ’n uitgawe wat in 1234 uitgereik is. In die daaropvolgende jare is ander dokumente van tyd tot tyd, met inbegrip van die *Extravagantes*, wat teen die einde van die vyftiende eeu bygevoeg is, met Gratian’s *Decretum,* in 1582 as die *Corpus Juris Canonici* in 1582 gepubliseer. Pous Pius X het die kodifikasie in die kanonieke wet in 1904 goedgekeur en die gevolglike kode het in 1918 in werking getree.

Vir die titel “Here God die Pous” sien ’n verklaring in die *Extravagantes* van Pous John XXII, titel 14, hfst 4, *Declaramus*. In ’n Antwerp-uitgawe van die *Extravagantes,* gedateer 1584, verskyn die woorde *“Dominum Deum Nostrum Papam”* (“Ons Here God die Pous”) in kolom 153. In ’n Parys-uitgawe gedateer

1612, verskyn dit in kolom 140. In verskeie uitgawes wat sedert 1612 gepubliseer is, is die woord *"Deum"* ("God") uitgelaat.

**Bladsy 50**. Onfeilbaarheid: Aangaande die leerstelling van onfeilbaarheid, soos deur die Vatikaanse Raad van 1870-71 uiteengesit, sien Philip Schaff, *Creeds of Christendom,* Vol 2, *Dogmatic Decrees of the Vatican Council,* bl 234-271, waar beide die Latynse en die Engelse tekste gegee word. Vir bespreking, sien die Rooms-Katolieke siening, *The Catholic Encyclopedia,* Vol 7, art "Infallibility," deur Patrick J Toner, ds; James Cardinal Gibbons, *The Faith of our Fathers* (Baltimore: John Murphy Company, 110e uitg, 1917), hfst 7, 11. Vir die Rooms-Katolieke opposisie teen die leerstelling van pouslike onfeilbaarheid, sien Johann Joseph Ignaz von Dollinger (skuilnaam "Janus") *The Pope and the Council* (New York: Charles Scribner's sons, 1869); en W J Sparrow Simpson, *Roman Catholic Opposition to Papal Infallibility* (Londen: John Murray, 1909). Vir die nie-Romeinse siening, sien George Salmon, *Infallibility of the Church* (Londen: John Murray, eerw *Education*, 1914).

Bladsy 52. Beeldaanbidding: Die aanbidding van beelde ... was 680
een van die korrupsies van die Christendom wat skelm en byna onopgemerk die kerk binnegedring het. Hierdie korrupsie het nie, soos ander ketterye, dadelik ontwikkel nie, want in daardie geval sou dit 'n besliste afkeuring en teregwysing teweeggebring het; maar onder 'n redelike vermomming, het dit die een praktyk na die ander in verband daarmee so geleidelik ingestel, dat die kerk diep deurdrenk is met praktiese afgodediens, nie net sonder enige doeltreffende opposisie nie, maar byna sonder enige besliste teenkanting; en toe daar uiteindelik gepoog is om dit uit te roei, was die boosheid te diep gesetel om toe te gee dat dit verwyder word … Dit moet herlei word na die afgodiese neiging van die menslike hart en die geneigdheid daarvan om die skepsel eerder as die Skepper te dien…

"Beelde en skilderye is eers in die kerke ingebring, nie om aanbid te word nie, maar om in die plek van boeke diegene wat nie kon lees nie te leer, of om toewyding in die gemoedere van ander te bewerkstellig. Hoever hulle ooit aan hierdie doel beantwoord het, is te betwyfel; maar selfs toe daar toegegee is dat dit 'n tyd lank wel so was, het dit spoedig opgehou om die geval te wees en daar is gevind dat skilderye en beelde wat in die kerke ingebring is, die denke van die onkundiges verduister het eerder as om dit te verlig; dat dit eerder die toewyding van die aanbidder afgebreek as verhef het. Dus, alhoewel dit bedoel was om die mense se gedagtes op God te rig, het dit hulle uiteindelik van Hom weggedraai tot die aanbidding van geskape dinge."—J Mendham, *The Seventh General Council, the Second of Nicaea,* Inleiding, Bl III-VI.

Vir 'n opname van die verrigtinge en besluite van die Tweede Raad Nicaea, 787 nC, wat byeengeroep is om die aanbidding van beelde in te stel, sien Baronius, *Ecclesiastical Annals,* Vol 9, bl 391-407 (Antwerp, 1612); J Mendham, *The Seventh General Council, the Second of Nicaea;* Red Stillingfleet, *Defense of the Discourse Concerning the Idolatry Practiced in the Church of Rome* (Londen, 1686); *A Select Library of Nicene and Post-Nicene Fathers,* 2e reeks, vol 14, bl 521-587 (New York, 1900); Charles J Hefele, *A History of the Councils of the Church, from the Original Documents,* B 18, hfst 1 afd 332, 333; hfst 2, afd 345-352 (T and T Clark Education, 1896), vol 5, bl 260-304, 342-372.

**Bladsy 53.** Die Sondagwet van Konstantyn: Die wet met betrekking tot 'n rusdag van arbeid, wat deur keiser Konstantyn op die 7e Maart 321 nC uitgevaardig is, lui soos volg:

"Al die regters, stadsmense en vakmanne, sal op die eerbare dag van die son rus. Mense van die platteland kan egter vryelik aandag aan die verbouing van hul landerye skenk, omdat dit gereeld gebeur dat geen ander dae beter aangepas is om die graan in die vore of die wingerdstokke in die loopgrawe te plant nie; sodat die voordele wat die Voorsienigheid bied, nie as

gevolg van daardie kort tyd vergaan nie."—Joseph Cullen Ayer, *A Source Book for Ancient Church History* (New York: Charles Scribner's sons, 1913), afd 2, per 1, hfst 1, art 59, g, bl 284, 285

Die oorspronklike in Latyn is in die *Codex Justiniani (Codex van* 681
*Justinianus)*, Lib 3, Title 12, Lex 3. Die wet is in Latyns en in Engels vertaal in Philip Schaff se *History of the Christian Church*, Vol 3, 3d periode, hfst 7, art 75, bl 380, voetnota 1; en in James A Hessey se *Bampton Lectures, Sunday*, Lesing 3, par 1, 3e uitg, Murray se druk van 1866, bl 58. Sien bespreking in Schaff, soos hierbo verwys; in Albert Henry Newman, *A Manual of Church History* (Philadelphia: The American Baptist Publication Society, drukwerk van 1933), ds red, vol 1, bl 305-307; en in Leroy E Froom, *The Prophetic Faith of Our Fathers* (Washington, DC: Review and Herald Publishing Assn, 1950), vol 1, bl 376-381.

**Bladsy 54.** Profetiese datums: 'n Belangrike beginsel in profetiese vertolking met betrekking tot tydprofesieë, is die jaar-dag-beginsel, waaronder 'n dag in profetiese tyd as 'n kalenderjaar in historiese tye gereken word. Voordat die Israeliete die land Kanaän binnegekom het, het hulle twaalf spioene vooruit gestuur om ondersoek in te stel. Die spioene was veertig dae weg en met hulle terugkeer, het hul verslag die Hebreërs die skrik op die lyf gejaag en hulle het geweier om op te gaan en die beloofde land te beset. Die gevolg was 'n vonnis wat die Here oor hulle uitgespreek het: : "Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul ongeregtighede dra, veertig jaar lank en m My teëstand gewaar word." (Numeri 14:34). 'n Soortgelyke metode om toekomstige tye te bereken, word deur die profeet Esegiël aangedui. Veertig jaar van straf vir ongeregtighede het op die koninkryk van Juda gewag. Die Here het deur die profeet gesê: "En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op." (Esegiël 4:6). Hierdie jaar-dag-beginsel het 'n belangrike toepassing op die vertolking van die profesiee van die

"Tweeduisend-driehonderd aande en môres…" (Daniël 8:14) en die tydperk van 1 260 dae, wat onderskeidelik aangedui word as "…'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd" (Daniël 7:25), die "...twee-en-veertig maande" (Openbaring 11:2;13:5) en die "…duisend-tweehonderd-en-sestig dae."(Openbaring11:3;12:6).

Bladsy 56. Vervalste geskrifte: Onder die dokumente wat tans algemeen as vervalsings erken word, is die "*Donation of Constantine*" en die "*Pseudo-Isidorian Decretals*" van uiterste belang. "Die '*Donation of Constantine*' is die naam wat sedert die Middeleeue tradisioneel toegepas word op 'n dokument waarvan beweer word dat dit deur Konstantyn die Grote aan pous Sylvester I gerig is, wat eers in 'n Paryse manuskrip, (*Codex lat 2777*) van waarskynlik die begin van die negende eeu gevind is. Sedert die elfde eeu is dit gebruik as 'n kragtige argument ten gunste van die pouslike aansprake en gevolglik is dit sedert die twaalfde eeu, die onderwerp van 'n kragtige twispunt. Terselfdertyd, deur dit moontlik te maak om die pousdom as 'n middel-tydperk tussen die oorspronklike en die Middeleeuse Romeinse Ryk te beskou en sodoende 'n teoretiese grondslag vir kontinuïteit te vorm vir die ontvangs van die Romeinse reg in die Middeleeue, het dit nie 'n geringe invloed op sekulêre geskiedenis gehad nie."—*The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge,* vol 3, art "*Donation of Constantine*," bl 484, 485.

Die historiese teorie wat in die "*Donation*" ontwikkel is, word 682 volledig in Henry E Cardinal Manning se *The Temporal Power of the Vicar of Jesus Christ*, Londen, 1862, bespreek. Die argumente van die "*Donation*" was skolasties van aard en die moontlikheid van vervalsing is vir die eerste keer genoem met die opkoms van historiese kritiek in die vyftiende eeu. Nicholas van Cusa was onder die eerstes wat tot die gevolgtrekking gekom het dat Konstantyn nie so 'n donasie gemaak het nie. Lorenza Valla van Italië, het in 1450 'n briljante demonstrasie van sy valsheid gelewer. (Sien Christopher B Coleman se *Treatise of Lorenzo Valla on the Donation of Constatine* (New York, 1927). Die geloof

in die egtheid van die "*Donation"* is vir 'n eeu langer lewendig gehou. Byvoorbeeld, Martin Luther het aanvanklik die verklarings aanvaar, maar hy het gou vir Eck gesê: "Ek verwerp hierdie verklarings" en aan Spalatin: "Hy [die pous] korrupteer en kruisig Christus in sy beskrywings en dit is die waarheid."

Daar word aanvaar dat daar vasgestel is dat: (1) die "*Donation"* 'n vervalsing is; (2) dit die werk van een man of periode is; (3) die vervalser van ouer dokumente gebruik gemaak het; (4) die vervalsing ongeveer tussen 752 en 778 ontstaan het. Wat die katolieke betref, het hulle die verdediging aangaande die egtheid van die dokument in 1592 met die Baronius, *Ecclesiastical Annals*, laat vaar. Raadpleeg beste teks, K Zeumer, in die *Festgabe fur Rudolf von Gneist* (Berlyn, 1888). Vertaal in Coleman se *Treatise*, waarna hierbo verwys word en in Ernest F Henderson, *Select Historical Documents of the Middle Ages* (New York, 1892), bl 319; *Briefwechsel* (Weimar red), bl 141, 161. Sien ook *The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge* (1950), vol 3, bl 484; F Gregorovius, *Rome in the Middle Ages*, vol 2, bl. 329; en Johann Joseph Ignaz von Dollinger, *Fables Respecting the Popes of the Middle Ages* (Londen, 1871).

Die "valse geskrifte" waarná in die teks verwys word, bevat ook die *Pseudo-Isidorian Decetals*, tesame met ander vervalsings. The *Pseudo-Isidorian Decretals* is sekere fiktiewe briewe wat aan vroeëre pouse van Clement (100 nC) aan Gregorius die Grote (600 nC) toegeskryf word, opgeneem in 'n negende eeuse versameling wat beweer dat dit deur "Isidore Mercator" gedoen is. Die naam "Pseudo-Isidorian Decretals" is sedert die verskyning van kritiek in die vyftiende eeu in gebruik.

Pseudo-Isidore het 'n versameling geldige kanons met die naam *Hispana Gallica Augustodunensis,* as grondslag van sy vervalsings gebruik, wat die gevaar van opsporing verminder, aangesien versamelings van kanons gewoonlik deur toevoeging van nuwe materiaal by die oue gemaak is. Dus was sy vervalsings

minder opmerklik wanneer dit met egte materiaal opgeneem is. Die valsheid van die Pseudo-Isidoriaannse versinsels word nou onteenseglik erken, aangesien dit deur interne bewyse, ondersoeke na die bronne, die metodes wat gebruik is en die feit dat hierdie materiaal voor 852 onbekend was, bevestig word. Historici is dit eens dat 850 of 851 die mees waarskynlikste datum vir die voltooiing van die versameling is, aangesien die dokument in 857 die eerste keer in die *Admonitio* van die hoofstad van Quiercy, aangehaal word.

Die outeur van hierdie vervalsings is nie bekend nie. Dit is 683
waarskynlik dat hulle voortspruit uit die aggressiewe nuwe kerk-denominasie wat in die negende eeu in Reims, Frankryk, gestig is. Daar is ooreengestem dat biskop Hincmar van Reims hierdie dekrete gebruik het in sy omverwerping van Rothad van Soissons, wat die dekrete in 864 na Rome gebring en aan pous Nikolaas I voorgelê het.

Onder diegene wat die egtheid daarvan betwis het, was Nicholas van Cusa (1401-1464), Charles Dumoulin (1500-1566) en George Cassender (1513-1564). Die onweerlegbare bewys van hul valsheid is deur David Blondel, 1628 deurgegee.

'n Vroeë uitgawe word in *Migne Patrologia Latina,* CXXX gevind. Vir die oudste en beste manuskrip, sien see P Hinschius, *Decretales Pseudo-Isidorianiae at Capitula Angilramni* (Leipzig, 1863). Raadpleeg *The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge* (1950), vol 9, bl 343-345. Sien ook H H Milman, *Latin Christianity* (Volumes), vol 3; Johann Joseph Ignaz von Dollinger, *The Pope and the Council* (1869); en Kenneth Scott Latourette, *A history of the Expansion of Christianity* (1939), vol 3; *The Catholic Encyclopedia,* Vol 5, art “False Decretals,” en Fournier, “Etudes sure les Fausses Decretals,” In *Revue D’Historique Ecclesiastique* (Louvain) vol 7 (1906), en vol 8 (1907).

**Bladsy 57**. *The Dictate of Hildebrand* (Gregory VII): Vir die oorspronklike Latynse weergawe, sien Baronius, *Annales*

*Ecclesiastici,* Ann 1076, vol 17, bl. 405, 406 van die Paryse drukwerk van 1869; en die *Monumenta Germaniae Historica Selecta,* Vol3, p 17. Vir 'n Engelse vertaling, sien Frederic A Ogg, *Source Book of Medieval History* (New York: American Book Co, 1907), hfst 6, art 45, bl 262-264; en Oliver J Thatcher en Edgar H McNeal, *Source Book for Medieval History* (New York: Charles Scribner's Sons, 1905), art 3, item 65 bl 136-139.

Vir 'n bespreking van die agtergrond van die *Dictate,* sien James Bryce, *The Holy Roman Empire,* Rev Ed, hfst 10; en James W Thompson en Edgar N Johnson, *An Introduction to Medieval Europe,* 300-1500, bl 377-380.

**Bladsy 59**. Vagevuur: Dr Joseph Faa Di Bruno definieer die vagevuur soos volg: "Die vagevuur is 'n toestand van lyding in die hiernamaals, waarin daardie siele, wat hierdie lewe verlaat het, nadat hulle van hul dodelike sondes ten opsigte van vlek en skuld en die ewige pyn wat hulle sou toekom kwytgeskeld is, vir 'n tyd lank aangehou word; maar wat weens hulle sondes nog 'n tydelike skuld moet vereffen; soos ook die siele wat hierdie wêreld, slegs skuldig aan vergeeflike sondes, verlaat het.."—*Catholic Belief* (1884 uitg.; drukverlof aartsbiskop van New York), bl 196.

Sien ook K R Hagenbach, *Compendium of the History of Doctrines* (T and T Clark uitg) vol 1, bl 234-237, 405, 408; vol 2, bl 135-150, 308, 309; Charles Elliott, *Delineation of Roman Catholicism,* B 2, hfst 12; *The Catholic Encyclopedia,* vol 12, art "Purgatory."

**Bladsy 59**. Aflate: Vir 'n gedetailleerde geskiedenis van die leer 684
van aflate, sien Mandell Creighton, *A History of the Papacy From the Great* chism to the sack of Rome (Londen: Longmans, Green and Co, 1911), vol 5, bl 56-64, 71; W H Kent, "Indulgences," *The Catholic Encyclopedia*, vol 7, bl 783-789; H C Lea, *A History of Auricular Confession and Indulgences in the Latin Church* (Philadelphia: Lea Brothers and Co, 1896); Thomas M Lindsay, *A History of the Reformation* (New York; Charles Scribner's Sons, 1917), vol 1, bl 216-227; Albert Henry Newman, *A Manual of*

*Church History* (Philadelphia: The American Baptist Publication Society, 1953), vol 2, bl 53, 54, 62; Leopold Ranke, *History of the Reformation in Germany* (2e Londense uitg, 1845), vertaal deur Sarah Austin, vol 1, bl 331, 335-337, 343-346; Bewaar, Smith, *The Age of the Reformation* (New York: Henry Holt and Company, 1920), bl 23-25, 66.

Aangaande die praktiese uitwerking van die leer van aflate gedurende die periode van die Hervorming, sien 'n referaat van Dr H C Lea, getiteld, “Indulgences in Spain,” gepubliseer in *Papers of the American Society of Church History,* Vol 1, bl 129-171. Aangaande die waarde van hierdie historiese kantlig, sê Dr Lea in sy openingsparagraaf: Ongehinderd deur die geskil wat tussen Luther en dr Eck en Silvester Prierias gewoed het, het Spanje rustig voortgegaan om die ou en gebaande weg te volg en om die onbetwisbare amptelike dokumente wat ons in staat stel om die saak in die suiwer lig van die geskiedenis te ondersoek.

**Bladsy 59**. Die Mis: Vir die leerstelling van die mis, soos uiteengesit by die Konsilie van Trent, sien *The Canons and Decrees of the Council of Trent* In Philip Schaff, *Creeds of Christendom,* Vol 2, bl 126- 139, waar beide Latynse en Engelse tekste gegee word. Sien ook H . Schroeder, *Canons and Decrees of the Council of Trent* (S. Louis, Missouri: B Herder, 1941).

Vir 'n bespreking van die mis, sien *The Catholic Encyclopedia,* vol 5, art “Eucharist,” deur Joseph Pohle, Bl vv.; Nikolaus Gihr, *Holy Sacrifice of the Mass, Dogmatically, Liturgically, Ascetically Explained,* 12e uitg (St Louis, Missouri: B Herder, 1937); Josef Andreas Jungmann, *The Mass of the Roman Rite, its Origins and Development,* van Duits vertaal deur Francis A Brunner (New York: Benziger Bros, 1951). Vir die nie-Katolieke siening, sien John Calvin, *Institutes of the Christian Religion,* B 4, hfst 17, 18; en Edward Bouverie Pusey, *The Doctrine of the Real Presence* (Oxford, England: John H Parker, 1855).

**Bladsy 65**. Die Sabbat onder die Waldense: Daar is skrywers wat beweer dat dit 'n algemene gebruik onder die Waldense was om die sewende-dag Sabbat te onderhou. Hierdie konsep het uit bronne ontstaan wat in die oorspronklike Latyn, die Waldense beskryf as dat hulle die *Dies Dominicalis,* of die dag van die Here (Sondag) onderhou, maar waarin die woord vir "Sondag" deur 'n gebruik wat uit die hervorming dateer, as "Sabbat" vertaal is.

Maar daar is historiese bewyse dat die sewende-dag Sabbat 685
deur die Waldense onderhou is. In 'n verslag van 'n inkwisisie voor wie die Waldense van Morawië in die middel van die vyftiende eeu gebring is, word verklaar dat baie van die Waldense "die Sabbat van die Jode" gevier het. — Johann Joseph Ignaz von Dollinger, *Beitrage zur Sektengeschichte des Mittelalters (Reports on the History of the Sects of the Middle Ages),* Munich, 1890, 2e pt, bl 661. Daar kan geen twyfel bestaan dat hierdie bron die onderhouding van die sewende-dag Sabbat aandui nie.

**Bladsy 65**. Waldensiese weergawes van die Bybel: Aangaande onlangse ontdekkings van Waldensiese manuskripte, sien M Esposito, "Sur quelques manuscrits de l'ancienne litterature des Vaudois du Piemont," In *Revue D' Historique Ecclesiastique* (Louvain, 1951), bl 130ff; F Jostes, "Die Waldenserbibeln," In *Historisches Jahrbuch,* 1894; D Lortsch, *Histoire de la Bible en France* (Paris, 1910), hfst 10.

'n Klassiek, deur een van die Waldense, Jean Leger geskryf, *Histoire Generale des Eglises Evangeliques des Vallees de Piemont* (Leyden, 1669), wat tydens die groot vervolging geskryf is en eerstehandse inligting met tekeninge bevat.

Vir die literatuur van Waldensiese tekste, sien A deStefano, *Civilta Medioevale* (1944); en *Riformatori ed eretici nel medio-eve* (Palermo, 1938); J D Bounous, *The Waldensian Patois of Pramol* (Nashville, 1936); en A Dondaine, *Archivum Fratrum Praedicatorum* (1946).

Vir die geskiedenis van die Waldense is van die meer onlangse, betroubare werke: E Comba, *History of the Waldenses in Italy* (sien latere Italiaanse uitgawe, gepubliseer in Torre Pellice, 1934); E Gebhart, *Mystics and Heretics* (Boston, 1927); G Gonnet, *Il Valdismo Medioevale, Prolegomeni* (Torre Pellice, 1935); en Jalla, *Histoire des Vaudois et leurs colonies* (Torre Pellice, 1935).

**Bladsy 77**. Edik teen die Waldense: 'n Aansienlike gedeelte van die teks van die pouslike proklamasie wat in 1487 deur Innocentius VIII teen die Waldense uitgereik is (waarvan die oorspronklike in die biblioteek van die Universiteit van Cambridge is), word in 'n Engelse vertaling weergegee in John Dowling's *History of Romanism* (1871 uitg), B 6, hfst 5, art 62.

**Bladsy 80**. Wycliffe: Die historikus het ontdek dat die naam 'Wycliffe' baie verskillende vorme van spelling het. Vir 'n volledige bespreking hiervan, sien J Dahmus, *The Prosecution of John Wyclyf* (New Haven: Yale University Press, 1952), bl 7.

**Bladsy 85**. Pouslike proklamasies: Vir die oorspronklike teks van die pouslike proklamasies wat Wycliffe in die Engelse vertaling uitgereik het, sien: J Dahmus, *The Prosecution of John Wyclyf* (New Haven: Yale University Press, 1952), bl 35-49; asook John Foxe, *Acts and Monuments of the Church* (London: Pratt Townsend, 1870), vol 3, bl 4-13.

Vir 'n opsomming van hierdie proklamasies wat aan die 686
aartsbiskop van Canterbury, aan Koning Edward en aan die kanselier van die Universiteit van Oxford gestuur is, sien: Merle D'Aubigne, *The History of the Reformation in the Sixteenth Century* (London: Blackie and son, 1885), vol 4, div 7, bl 93; August Neander, *General History of the Christian Church* (Boston: Crocker en Brester, 1862), vol 5, bl 146, 147; George Sargeant, *History of the Christian Church* (Dallas: Frederick Publishing House, 1948), bl 323; Gotthard V Lechler, *John Wycliffe and his English Precursors* (London: The Religious Tract Society, 1878), bl 162-164; Philip Schaff, *History of the Christian*

*Church* (New York: Charles Scribner's Sons, 1915), vol 5, pt 2, bl 317.

**Bladsy 104**. Raad van Constance.—'n Primêre bron van die Raad van Constance is Richendal Ulrich, *Das Concilium so zu Constanz gehalten ist worden* (Augsburg, 1483, incun). 'n Interessante, onlangse studie van hierdie teks, gebaseer op die "Aulendorf Codex," is in die Spencer-versameling van die New York se publieke biblioteek wat deur Karl Kup gepubliseer is, *Ulrich von Richental's Chronicle of the Council of Constance* (New York, 1936). See also H. Finke (ed.), *Acta Concilii Constanciensis* (1896), vol 1; Hefele, *Conciliengeschichte* (9 volumes), volumes 6, 7; L Mirbt, *Quellen zur Geschichte des Papsttums (1934); Milman, Latin Christianity,* vol 7, bl 426-524; Pastor, *The History of the Popes* (34 volumes), vol 1, bl 197ff.

Meer onlangse publikasies oor die raad is: K Zahringer, *Das Kardinal Kollegium auf dem Konstanzer Konzil* (Munster, 1935); Teol F Grogau, *The Conciliar Theory as it Manifested itself at the Council of Constance* (Washington, 1949); Fred A Kremple, *Cultural Aspects of the Council of Constance and Basel* (Ann Arbor, 1955); John Patrick McGowan, *D'ailly and the Council of Constance* (Washington: Katolieke Universiteit, 1936).

Vir John Huss sien John Hus, *Letters,* 1904; E J Kitts, *Pope John XXIII and Master John Hus* (London, 1910); D S Schaff, *John Hus* (1915); Schwarze, *John Hus* (1915); and Matthew Spinka, *John Hus and the Czech Reform* (1941).

**Bladsy 234**. Jesuïtisme: Vir 'n verklaring aangaande die oorsprong, beginsels en die doelstellings van die "Society of Jesus," soos uiteengesit deur lede van hierdie orde, sien 'n werk getiteld: *Concerning Jesuits,* geredigeer deur eerw John Gerard, S J, en in Londen gepubliseer, 1902, deur die Catholic Truth Society. In hierdie werk word gesê: "Die hoofbron van die hele organisasie van die vereniging, is 'n gees van volle gehoorsaamheid:

“Laat elkeen...’ skryf St Ignatius, “...homself oortuig dat diegene wat onder gehoorsaamheid leef, hulself toelaat om deur hul meerderes beweeg en gerig te word en deur Goddelike Voorsienigheid gelei te word, asof hulle 'n dooie liggaam is wat toelaat dat hy oral heen gedra word en op enige wyse behandel word, of soos 'n ou man se staf wat hom wat dit in sy hand hou, op enige wyse hoe hy ook al wil, bedien.”

“Hierdie algehele onderwerping is deur die motief daarvan veredel en behoort...” het die stigter voortgegaan, “...onmiddellik, blymoedig en volhardend te wees; ... die gehoorsame godsdienstige bereik dit wat sy meerderes aan hom vir die algemene welsyn toevertrou het met vreugde, in die versekering dat hy daardeur werklik in ooreenstemming met die Goddelike wil is.” – Die Comtesse R de Courson, in *Concerning Jesuits,* Bladsy 6.

Sien ook L E Dupin, *A Compendious History of the Church,* 16, ch 687
33 (London, 1713, vol 4, bl 132-135); Mosheim, *Ecclesiastical History,* 16e eeu, art 3, pt 1, hfs 1, par 10 (insluitend die aantekeninge); *The Encyclopedia Britannica* (9e uitg), art “Jesuits;” C Paroissen, *The Principles of the Jesuits,* ontwikkel in 'n versameling van aanhalings van hul eie outeurs (London, 1860—'n vorige uitgawe het in 1839 verskyn 1839); W C Cartwright, *The Jesuits, Their Constitution and Teaching* (London, 1876); E L Taunton, *The History of the Jesuits in England, 1580-1773* (Londen, 1901). Sien ook H Boehmer, *The Jesuits* (vertaling uit Duits, Philadelphia, Castle Press 1928); E Goethein, *Ignatius von Loyola und die Gegenreformation* (Halle, 1895); T Campbell, *The Jesuits, 1534-1921* (New York, 1922).

Bladsy 235. Die Inkwisisie: Vir die Rooms-Katolieke siening, sien *The Catholic Encyclopedia,* Vol 8, art “Inquisition” deur Joseph Blotzer, bl 26ff: en E Vacandard, *The Inquisition: A Critical and Historical Study of the Coercive Power of the Church* (New York: Longmans, Green and Company, 1908).

Vir 'n Anglo-Katolieke siening, sien Hoffman Nickerson, *The Inquisition: A Political and Military Study of its Establishment.* Vir die nie-Katolieke siening, sien Philip van Limborch, *History of the Inquisition;* Henry Charles Lea, *A History of the Inquisition of the Middle Ages,* 3 volumes.; *A History of the Inquisition of Spain,* 4 volumes en *The Inquisition in the Spanish Dependencies;* en H S Turberville, *Medieval Heresy and the Inquisition* (Londen: C Lockwood and Son, 1920—'n bemiddelende siening).

**Bladsy 265**. Oorsake van die Franse revolusie: Aangaande die verreikende gevolge van die verwerping van die Bybel en die Bybelse godsdiens deur die inwoners van Frankryk, sien H von Sybel, *History of the French Revolution,* B 5, hfst 1, art 3-7; Henry Thomas Buckle, *History of Civilization in England,* hfste 8 , 12, 14 (New York, 1895, vol 1, bl 364-366, 369-371, 437, 540, 541, 550); *Blackwood's Magazine,* Vol 34, nr 215 (November, 1833), bl 739; J G Lorimer, *An Historical Sketch of the Protestant Church in France,* hfst 8, par 6, 7.

**Bladsy 267**. Pogings om die Bybel te onderdruk en te vernietig: Die Raad van Toulouse, wat omstreeks die tyd van die kruistog teen die Albigense vergader het, het beslis: "Ons verbied leke om eksemplare van die Ou- en Nuwe Testament te besit ... Ons verbied hulle om die bogenoemde boeke in die volksmond te hê." "Die here van die distrikte sal die ketters nougeset in huise, hole en woude soek en selfs hul ondergrondse toevlugsoorde sal heeltemal uitgewis word.."— *Concil Tolosanum, Pope Gregory IX, Anno, hfst* 1229. Kanons 14 en 2. Hierdie Raad het tydens die kruistog teen die Albigense gesit.

"Hierdie plaag [die Bybel], het so uitgebrei, dat sommige mense 688
hul eie priesters aangestel het en selfs sommige evangeliste wat die waarheid van die evangelie verdraai en vernietig het en nuwe evangelies vir hul eie doel geskep het ... (Hulle weet dat) die prediking en vertolking van die Bybel absoluut verbode is vir die leke. *Acts of Inquisition,* Philip van Limborch, *History of the Inquisition,* hoofstuk 8.

Die Raad van Tarragona, 1234, het beslis dat: "Niemand mag die boeke van die Ou- en Nuwe Testament in die Romaanse teel besit nie en as iemand dit besit, moet hy binne agt dae na die bekendmaking van hierdie beslissing, dit aan die plaaslike biskop oorhandig, sodat dit verbrand kan word, of hy nou 'n geestelike of 'n leek is, totdat hy van alle agterdog gevrywaar word."—D Lortsch, *Histoire de la Bible en France,* 1910, bl 14.

Met die Raadsitting van Constance in 1415, is Wycliffe na sy dood deur Arundel, die aartsbiskop van Canterbury, veroordeel as "daardie pestilensie van verdoemende kettery wat 'n nuwe vertaling van die Skrif in sy moedertaal versin het."

Die verset teen die Bybel deur die Rooms-Katolieke Kerk het deur die eeue heen voortgeduur en het veral toegeneem tydens die stigting van die Bybelgenootskappe. Op 8 Desember 1866, het pous Pius IX in sy ensiklieke *Quanta cura,* 'n leerplan van tagtig dwalings onder tien verskillende opskrifte uitgereik. Onder opskrif IV vind ons die volgende: Sosialisme, kommunisme, geheime gemeenskappe, Bybelgenootskappe – pestilensies van hierdie aard moet met alle moontlike middele vernietig word.

**Bladsy 276**. Die skrikbewind: Vir 'n betroubare, kort inleiding in die geskiedenis van die Franse revolusie, sien L Gershoy, *The French Revolution* (1932); G Lefebvre, *The Coming of the French Revolution* (Princeton, 1947); en H von Sybel, *History of the French Revolution* (1869), 4 volumes.

Die *Moniteur Officiel* was die tydskrif van die regering tydens die revolusie en is 'n primêre bron wat 'n feitelike weergawe van die optredes van die gemeentes bevat, volledige tekste van die dokumente, ens. Sien ook A Aulard, *Christianity and the French Revolution* (London, 1927), waarin die verslag deur 1802 gevoer word – 'n uitstekende studie; W H Jervis, *The Gallican Church and the Revolution* (London, 1882), 'n noukeurige werk van 'n Anglikaan, maar wat voorkeur vir Katolisisme toon.

Aangaande die verhouding van kerk en staat in Frankryk tydens die Franse revolusie, sien Henry H Walsh, *The Concordate of 1801: A Study of Nationalism in Relation to Church and State* (New York, 1933); Charles Ledre, *L'Eglise de France sous la Revolution* (Parys, 1949).

Sommige hedendaagse studies oor die godsdienstige betekenis 689
van die revolusie, is: G Chais de Sourcesol, *Le Livre des Manifestes* (Avignon, 1800), waarin die skrywer gepoog het om die oorsake van die opstand vas te stel en die godsdienstige betekenis daarvan, ens; James Bicheno, *The Signs of the Times* (London, 1794); James Winthrop, *A Systematic Arrangement of Several Scripture Prophecies Relating to Antichrist; with Their Application to the Course of History* (Boston, 1795); en Lathrop, *The Prophecy of Daniel Relating to the Time of the End* (Springfield, Massachusetts, 1811).

Vir die kerk tydens die revolusie, sien W M Sloan, *The French Revolution and Religious Reform* (1901); P F La Gorce, *Histoire Religieuse de la Revolution* (Paris, 1909).

Aangaande betrekkinge met die pousdom, sien G Bourgin, *La France et Rome de 1788-1797* (Paris, 1808), gebaseer op geheime lêers in die Vatikaan; A Latreille, *L' Eglise Catholique et la Revolution* (Paris, 1950), veral interessant aangaande Pius VI en die godsdienstige krisis, 1775-1799.

Aangaande Protestante gedurende die revolusie, sien Pressense (red), *The Reign of Terror* (Cincinnati, 1869).

**Bladsy 280**. Die massas en die bevoorregte klasse: Oor sosiale toestande wat voor die revolusie in Frankryk geheers het, sien H von Holst, *Lowell Lectures on the French Revolution,* lesing 1; asook Taine, *Ancien Regime,* en A. Young *Travels in France*.

**Bladsy 283**. Vergelding: Vir meer besonderhede oor die vergeldende karakter van die Franse revolusie, sien Thos H Gill,

*The Papal Drama,* B 10; Edmond de Pressense, *The Church and the French Revolution,* b 3, hfst 1.

**Bladsy 284**. Die gruweldade tydens die skrikbewind: Sien M A Thiers, *History of the French Revolution,* Vol 3, bl 42-44, 62-74, 106 (New York, 1890, vertaal deur F Shoberl); F A Mignet, *History of the French Revolution,* hfst 9, par 1 (Bohn, 1894); A Alison, *History of Europe,* 1789-1815, vol 1, hfst 14 (New York, 1872, vol 1, bl 293-312).

**Bladsy 287**. Die Verspreiding van die Skrif: Volgens mnr William Canton van die Britse en buitelandse Bybelgenootskap in 1804, "...was al die Bybels wat in die wêreld bestaan in manuskripvorm of in druk op nie veel meer as viermiljoen bereken nie ... Die verskillende tale waarin die viermiljoen geskryf is, insluitende sulke vergange toesprake soos die Moeso-Gote van Ulfilas en die Anglo-Sakse van Bede, is ongeveer vyftig."—*What is the Bible Society?* Ds, red, 1904, 23.

Die Amerikaanse Bybelgenootskap het 'n verspreiding vanaf 1816 tot 1955, van 181 tot 481,149,365 Bybels gerapporteer. Hierby kan meer as 600,000,000 Bybels of Skrifgedeeltes gevoeg word, versprei deur die Britse- en Buitelandse Bybelgenootskap. In die jaar 1955 alleen, het die Amerikaanse Bybelgenootskap 'n totaal van 23,819,733 Bybels, testamente en gedeeltes van testamente, deur die hele wêreld versprei..

Die Skrif is vanaf Desember 1955, in geheel of gedeeltelik in 1,092 tale gedruk; en daar word voortdurend nuwe tale bygevoeg.

**Bladsy 288**. Buitelandse sendings: Die sendingwerk van die 690
vroeë Christelike kerk is eers in die moderne tyd gedupliseer. Dit het feitlik in die jaar 1000 uitgesterf en is deur militêre veldtogte van die kruistogte opgevolg. Tydens die era van die Hervorming, was daar min buitelandse sendingwerk, behalwe van die vroeë Jesuïete. Die piëtistiese herlewing het enkele sendelinge opgelewer. Die werk van die Morawiese kerk in die agtiende eeu

was opmerklik en daar was 'n paar sendinggenootskappe wat deur die Britte gevorm is, vir werk in die gekoloniseerde Noord-Amerika. Maar die groot herlewing van buitelandse sending het omstreeks 1800, "...die tyd van die einde..." (Dan 12:4) begin. In 1792 is die *Baptist Missionary Society* gestig, wat Carey na Indië gestuur het. In 1795 is die Londense Sendinggenootskap georganiseer en 'n ander vereniging in 1799, wat in 1812 die Sendinggenootskap van die Kerk geword het. Kort daarna is die Wesleyaanse Sendinggenootskap gestig. In die Verenigde State is die Amerikaanse Raad van Kommissarisse vir Buitelandse Sending in 1812 gestig en Adoniram Judson is daardie jaar na Calcutta gestuur. Hy het hom in die daaropvolgende jaar in Burma gevestig. In 1814 is die Amerikaanse Baptiste-Sendingunie gestig. Die Presbiteriaanse Raad vir Buitelandse Sending is in 1837 gestig.

"In die jaar 1800 ... was die oorgrote meerderheid van die Christene die afstammeling van diegene wat voor 1500 nC oorgewen is ... Nou, in die negentiende eeu, het 'n verdere uitbreiding van die Christendom gekom. Daar is nie soveel kontinente of groot lande vir die eerste keer betree soos in die voorafgaande drie eeue nie. Dit sou onmoontlik gewees het, want op al die groter landmassas van die aarde, behalwe Australië en onder al die talryke volke en in veral die gebied van 'n hoë beskawing, is die Christendom reeds voor 1800 nC ingestel. Wat nou plaasgevind het, was die verkryging van nuwe vastrapplekke in streke en onder volke wat reeds bereik is, 'n uitbreiding van ongekende omvang van beide die nuwer gebiede en die oueres en die toetrede van die Christendom tot die oorgrote meerderheid van sulke lande, eilande, volke en stamme, wat voorheen nie bereik is nie...

"Die verspreiding van die Christendom in die negentiende eeu was hoofsaaklik te danke aan 'n nuwe opwelling in die godsdienstige lewe wat uit die Christelike stukrag voortgespruit het ... Nooit, in enige ooreenstemmende tyd, het die Christelike stukrag aanleiding tot soveel nuwe bewegings gegee nie. Dit het

nog nooit so 'n groot invloed op Wes-Europese volke gehad nie. Dit was in hierdie oorvloedige krag wat die sendingonderneming uitgereik het, wat gedurende die negentiende eeu die getalsterkte en die invloed van die Christendom so vergroot het."— Kenneth Scott. Latourette, *A History of the Expansion of Christianity,* Vol IV, *The Great Century . 1800 nC -. 1914 nC* (New York: Harper & Brothers, 1941), bl 2-4.

**Bladsye 327, 329**. Profetiese datums: Volgens die Joodse 691
berekening was die vyfde maand (Ab) van die sewende jaar van Artaxerxes se regering vanaf 23 Julie, tot 21 Augustus 457 vC. Na Esra se aankoms in Jerusalem in die herfs van daardie jaar, het die dekreet van die koning in werking getree. Vir die sekerheid van die datum van 457 vC as synde die sewende jaar van Artaxerxes, sien S H Horn en L H Wood, *The Chronology of Ezra 7* (Washington, DC: Review and Herald Publishing Assn, 1953); E G Kraeling, *The Brooklyn Museum Aramaic Papyri* (New Haven of London, 1953), bl 191-193; The SDA Bybelkommentaar 3:97-110 (Hagerstown, MD: Review and Herald Publishing Assn, 1954, 1977).

**Bladsy 335**. Val van die Ottomaanse Ryk: Die impak van Moslem-Turkye op Europa na die val van Konstantinopel in 1453, was net so erg soos die katastrofiese verowerings van die Moslem-Sarasene gedurende die anderhalf-eeu na die dood van Mohammed op die Oos-Romeinse Ryk. Gedurende die hervormings tydperk, was Turkye 'n voortdurende bedreiging by die Oostelike poort van die Europese Christendom; die geskrifte van die hervormers is vol veroordeling van die Ottomaanse mag. Sedertdien is Christelike skrywers besorg oor die rol van Turkye in die toekomstige wêreldgebeure en kommentators oor profesie het die Turkse mag en die agteruitgang daarvan in die Skrif gesien.

Vir die laaste hoofstuk onder die profetiese "uur, dag, maand, jaar", as deel van die sesde basuin, het Josiah Litch 'n toepassing van die tydprofesieë uitgewerk en dat die Turkse

onafhanklikheid in Augustus 1840 beëindig is. Die siening van Litch kan volledig gevind word sy *The Probability of the Second Coming of Christ about AD. 1843* (gepubliseer in Junie, 1838); in 'n toespraak aan die geestelikes (gepubliseer in die lente van 1840; 'n tweede uitgawe met historiese gegewens ter ondersteuning van die akkuraatheid van die vorige berekeninge van die profetiese periode, wat tot met die val van die Ottomaanse Ryk strek, (in 1841 gepubliseer); en 'n artikel in *Signs of the Times and Expositor of Prophecy*, August 1, 1840. Sien ook artikel in *The Signs of the Times and Expositor of Prophecy*, February 1, 1841; en J N Loughborough, *The Great Second Advent Movement* (1905 uig), bl 129-132. Die boek deur Uriah Smith, *Thoughts on Daniel and the Revelation,* eerw red van 1944, bespreek die profetiese tydsberekening van hierdie profesie op bladsye 506-517.

Vir die vroeëre geskiedenis van die Ottomaanse Ryk en die agteruitgang van die Turkse mag, sien ook William Miller, *The Ottoman Empire and Its Successors,* 1801-1927 (Cambridge, Engeland: University Press, 1936); George G S L Eversley, *The Turkish Empire from 1288 to 1914* (Londen : T.Fisher Unwin, Ltd, 2e uitg, 1923); Joseph von Hammer-Purgstall, *Geschichte des Osmannischen Reiches* (Pesth: C A Hartleben, 2e uitg, 1834-36), 4 volumes.; Herbert A Gibbons, *Foundation of the Ottoman Empire,* 1300-1403 (Oxford: University Press, 1916); Arnold J Toynbee en Kenneth B Kirkwood, *Turkey* (Londen, 1926).

**Bladsy 340**. Die Bybel van die mense weerhou: Die leser sal besef dat die teks van hierdie volume voor die Vatikaanse Raad II geskryf is, met 'n ietwat veranderde beleid ten opsigte van die lees van die Skrif.

Deur die eeue heen blyk die houding van die Rooms-Katolieke 692
Kerk ten opsigte van die verspreiding van die Heilige Skrif in die volksmond-weergawes negatief te wees. Sien byvoorbeeld G P Fisher, *The Reformation,* hfs 15, Par 16 (1873 uitg, bl 530-532); J Cardinal Gibbons, *The Faith of Our Fathers,* hfst 8 (49e uitg,

1897), bl 98-117; John Dowling, *History of Romanism,* b 7, hfst 2, art 14; en b 9, hfst 3, art 24-27 (1871 uitg, bl 491-496, 621-625); L F Bungener, *History of the Council of Trent,* bl 101-110 (2e Edinburgh uitg, 1853, vertaal deur D D Scott); G H Putnam, *Books and Their Makers During the Middle Ages,* vol 1, pt 2, hfst 2, par 49, 54-56. Sien ook *Index of Prohibited Books* (Vatican Polyglot Press, 1930), bl IX, X; Timothy Hurley, *A Commentary on the Present Index Legislation* (New York: Benziger Brothers, 1908), bl 71; *Translation of the Great Encyclical Letters of Leo XIII* (New York: Benziger Brothers, 1903), bl 413.

Maar in die afgelope jare het 'n dramatiese en positiewe verandering in hierdie opsig plaasgevind. Enersyds het die kerk verskeie weergawes wat op grond van die oorspronklike tale voorberei is, goedgekeur; aan die anderkant het dit die studie van die Heilige Skrif bevorder, deur middel van gratis verspreiding en Bybelinstellings. Die kerk behou egter steeds die reg vir haarself voor om die Bybel in die lig van haar eie tradisie te vertolk en sodoende die leerstellings wat nie met die Bybelse leerstelling ooreenstem nie, te regverdig.

Bladsy 373. Hemelvaart-klere: Die verhaal dat die Adventiste klere gemaak het om op te vaar "...om die Here in die lug te ontmoet", is 'n versinsel van diegene wat begerig was om die Advent-prediking smaad aan te doen. Dit was met soveel ywer versprei, dat baie dit geglo het, maar noukeurige ondersoek het die valsheid daarvan bewys. Vir baie jare is 'n aansienlike beloning vir bewys dat een so 'n geval ooit plaasgevind het aangebied, maar geen bewys is gelewer nie. Niemand wat die verskyning van die Verlosser liefgehad het, was so onkundig oor die leerstellings van die Skrif, om te dink dat klere wat hulle kon maak nodig sou wees vir daardie geleentheid nie. Die enigste kleed wat die heiliges nodig het om die Here te ontmoet, is die geregtigheid van Christus. (Sien Jesaja 61:10; Openbaring 19:8).

Vir 'n deeglike weerlegging van die legende van die hemelgewaad, sien Francis D Nichol, *Midnight Cry* (Washington,

DC: Review and Herald Publishing Assn, 1944), hfst 25-27, en Bylae H tot J. Sien ook Leroy Edwin Froom, *Prophetic Faith of Our Fathers* (Washington, DC: Review and Herald Publishing Assn, 1954), vol 4, bl 822-826.

**Bladsy 374**. Die Chronologie van Profesie: Dr George Bush, professor in Hebreeuse en Oosterse letterkunde aan die Universiteit van New York, in 'n brief aan William Miller gerig en in die *Advent Herald* and *Signs of the Times Reporter,* Boston, Maart 6 en 13, 1844, het 'n paar belangrike toelatings gemaak, relatief tot sy berekening van die profetiese tye. Dr Bush het geskryf:

“Daar moet ook nie, soos ek dink, teen jouself of jou vriende 693
beswaar gemaak word dat jy baie tyd en aandag aan die bestudering van die chronologie van profesie bestee nie en dat jy baie moeite gedoen het om die aanvang- en sluitingsdatums van die lang tydperke te bepaal nie. As hierdie tydperk in werklikheid deur die Heilige Gees in die profetiese boeke gegee word, was dit ongetwyfeld met die bedoeling dat dit bestudeer moes word en waarskynlik, uiteindelik ten volle verstaan word; en niemand moet aangekla word van aanmatigende dwaasheid wat eerbiediglik gepoog het om dit te doen nie ... As ek 'n dag as 'n profetiese term vir 'n jaar neem, glo ek dat jy deur die deeglikste eksegese onderskraag word, asook die hoë name van [Joseph] Mede, Sir Isaac Newton, Bishop [Thomas] Newton, [William] Kirby, [James] Scott, [Alexander] Keith en 'n menigte ander versterk word, wat al lankal tot dieselfde gevolgtrekking as jy op hierdie punt gekom het. Hulle stem almal saam dat die hoof tydperke wat deur Daniël en Johannes genoem word, inderdaad gedurende hierdie era van die wêreld ten einde gekom het en dit sou 'n vreemde logika wees wat jou van dwaling sou oortuig as dit so prominent onder die aandag van hierdie vooraanstaande godsdienstiges is ... Jou resultate op hierdie gebied van die navraag, lyk nie vir my so van die pad af dat dit enige van die groot belange van waarheid of plig beïnvloed nie ... Ek dink dat jou fout in 'n ander rigting as jou

chronologie lê ... Jy het jou aangaande die aard van die gebeure wat sou plaasvind wanneer hierdie tydperke verstrek was, heeltemal misgis. Dit is wat die hoof- en voorkant van jou verduideliking te na kom.” Sien ook Leroy Edwin Froom, *Prophetic Faith of Our Fathers* (Washington, DC: Review and Herald Publishing Assn., 1950), vol 1, hfste 1, 2.

**Bladsy 435**. 'n Drieledige boodskap: Openbaring 14:6,7 voorspel die verkondiging van die boodskap van die eerste engel. Dan gaan die profeet verder: “En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon ... en 'n derde engel het hulle gevolg...” Die woord wat hier as “gevolg” weergegee word, beteken “gaan saam met hom”. Sien Henry George Liddell en Robert Scott, *Greek English Lexicon* (Oxford: Clarendon Press, 1940), Vol 1, bl 52. Dit beteken ook “om te vergesel.” Sien George Abbott-Smith, *A Manual Greek Lexicon of the New Testament* (Edinburgh: T and T Clark, 1950), Bl 17.Dit is dieselfde woord wat in Markus 5:24 gebruik word: “En Hy het saam met hom gegaan. En 'n groot menigte het Hom gevolg en Hom verdring.” Dit word ook gebruik in die verloste honderd-vier-en-veertig duisend, in Openbaring 14:4, waar daar gesê word: “...dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan…” Op albei hierdie plekke is dit duidelik dat die idee wat oorgedra moet word, is om “saam te gaan”, “in geselskap met”. In 1 Korintiërs 10:4,waar ons van die kinders van Israel lees dat hulle gedrink het “...uit 'n geestelike rots wat gevolg het...”, word die woord “gevolg” uit dieselfde Griekse woord vertaal en in die kantlyn staan “saam met hulle”. Hieruit leer ons dat die idee in Openbaring 14:8,9 nie bloot is dat die tweede en derde engele nie die eerste op daardie tydstip gevolg het nie, maar dat hulle saam met hom gegaan het. Die drie boodskappe is slegs een drieledige boodskap. Hulle is slegs drie in die volgorde van hul opkoms. Maar na hulle opkoms, gaan hulle onafskeidbaar van mekaar voort.

**Bladsy 447**. Oppergesag van die biskoppe van Rome: Vir die 694
belangrikste omstandighede in aanneming van oppergesag deur die biskoppe van Rome, raadpleeg Robert Francis Cardinal

Bellarmine, *Power of the Popes in Temporal Affairs* (daar is 'n Engelse vertaling in die biblioteek van die Kongres in Washington DC); Henry Edward Cardinal Manning, *The Temporal Power of the Vicar of Jesus Christ* (London: Burns and Lambert, 2e uitg., 1862); en James Cardinal Gibbons, *Faith Of Our Fathers* (Baltimore: John Murphy Co, 110e uitg, 1917), hfste 5, 9, 10, 12. Vir Protestantse outeurs, sien Trevor Gervase Jalland, *The Church and the Papacy* (London: Society for Promoting Christian Knowledge, 1944, 'n Bampton lesing); en Richard Frederick Littledale, *Petrine Claims* (London: Society for Promoting Christian Knowledge, 1899). Vir bronne uit die vroeër eeue van die Petrine-teorie, sien T Shotwell and Louise Ropes Loomis, *The See of Peter* (New York: Columbia University Press, 1927). Vir die valse "Donation of Constantine" sien Christopher B Coleman, *The Treatise of Lorenzo Valla on the Donation of Constantine* (New York, 1914), wat die volledige Latynse teks en vertaling gee en 'n volledige kritiek op die dokument en die proefskrif daarvan.

Bladsy 565. Aanhalings van Josiah Strong: In sy eerste uitgawe van *Our Country*, verwys Josiah Strong, sonder toegang tot primêre bronne, verkeerdelik na die uitsprake wat aan pous Pius IX toegeskryf is. Die korrekte verwysing vir die eerste aanhaling, is die ensiklieke brief van pous Gregorius XVI's van 15 Augustus, 1832. Die betrokke paragraaf word hier volledig aangehaal:

Vryheid van Gewete: "Hierdie skandelike bron van letterlike onverskilligheid gee aanleiding tot daardie absurde en foutiewe stelling wat beweer dat gewetensvryheid vir almal gehandhaaf moet word. Dit versprei ondergang in heilige en burgerlike aangeleenthede, hoewel sommige herhaaldelik met die grootste vermetelheid herhaal dat godsdiens voordeel daaruit trek. "Maar die dood van die siel is erger as die vryheid van dwaling", sou Augustine gewoonlik sê. Wanneer alle beperkings waardeur mense op die noue weg van die waarheid gehou word opgehef word, dring hulle aard, wat reeds tot kwaad geneig is, hulle tot ondergang. Dan word "die bodemlose put" waarlik

oopgemaak waaruit Johannes rook sien opkom het wat die son verduister het en waaruit sprinkane uitvlieg om die aarde te verwoes. Daarvandaan kom gedagtes van hervorming, korrupsie van jeugdiges, minagting van heilige dinge en heilige wette, met ander woorde, 'n pes wat dodeliker vir die staat is as enige ander. Die ervaring toon, selfs vanaf die vroegste tye, dat stede wat bekend is vir rykdom, heerskappy en glorie, vergaan het as gevolg van hierdie enkele euwel, naamlik onmatige vryheid van mening, vryheid van spraak en 'n begeerte na nuwighede." Soos gedruk in Claudia Carlen, Ihm, *The Papal Encyclicals, 1740-1878* (Ann Arbor, Michigan: The Pierian Press, 1990) 1:238.

Die tweede aanhaling moet toegeskryf word aan Pous Pius IX's *Syllabus of Errors*, wat sy ensikliese brief van 8 Desember 1864 vergesel het. Onder die 80 foute wat geanaliseer is, is die volgende: "24. Die kerk het nie die mag om geweld te gebruik nie en sy het ook geen tydelike mag, direk of indirek nie. Apostliese Brief '*Ad Apostoli- cae*,' Augustus 22, 1851.

78. Daarom is daar in sommige Katolieke lande deur wetgewing met wysheid besluit, dat persone wat in die land kom woon, die openbare beoefening van hul eie spesifieke aanbidding sal geniet. — *Allocution 'acerbissimum*,' September 27, 1852.

79. Daarbenewens, is dit vals dat die burgerlike vryheid van elke vorm van aanbidding en die volle mag wat aan almal gegee word, openlik en in die openbaar, makliker die sedes en gedagtes van die volk kan beskadig en versprei en die plaag van onverskilligheid propageer.— *Allocution 'Nunquam Fore*,' Desember 15, 1856."— Soos gedruk in Anne Fremantle, red, *The Papal Encyclicals in their Historical Context* (New York: G P Putnam's Sons, 1956), 146, 152.

Daar moet ook op gelet word dat die eed van getrouheid in die laaste paragraaf van die aanhaling uit Strong, die eed van die biskop was, nie een wat deur kardinale afgelê is nie.

**Bladsy 565**. Die Bybel weerhou van die mense: — Sien nota vir bladsy 340.

**Bladsy 578**. Die Ethiopiese kerk en die Sabbat: Tot nog baie onlangse jare, het die Koptiese Kerk van Ethiopië die sewende-dag Sabbat gehou. Die Ethiopiërs het ook Sondag, die eerste dag van die week, deur hul geskiedenis as 'n Christenvolk gehou. Hierdie dae is gekenmerk deur spesiale dienste in die kerke. Die onderhouding van die sewende-dag Sabbat het egter feitlik opgehou in die moderne Ethiopië. (Sien Pero Gomes de Teixeira, *The Discovery of Abyssinia by the Portuguese in 1520* (in Londen in Engels vertaal: Britse Museum, 1938), bl 79; vader Francisco Alvarez, *Narrative of the Portuguese Embassy to Abyssinia During the Years 1520-1527;* in die verslae van Hakluyt Society (London, 1881), vol 64, bl 22-49; Michael Russell, *Nubia and Abyssinia* (aanhaling van vader Lobo, Katolieke sendeling in Ethiopië in 1622) (New York: Harper & Brothers, 1837), bl 226-229; S Giacomo Baratti, *Late Travels into the Remote Countries of Abyssinia* (London: Benjamin Billingsley, 1670), bl 134-137; Job Ludolphus, *A New History for Ethiopia* (London: S Smith, 1682), bl 234-357; Samuel Gobat, *Journal of Three Years' Residence in Abyssinia* (New York: Ed. of 1850), bl 55-58, 83-98. Vir ander werke wat hierdie vraag aanraak, sien Peter Heylyn, *History of the Sabbath,* 2e uitg, 1636, vol 2, bl 198-200; Arthur P Stanley, *Lectures on the History of the Eastern Church* (New York: Charles Scribner's Sons, 1882), lesing 1, par 1; C F Rey, *Romance of the Portuguese in Abyssinia* (London: F H en G Witherley, 1929), bl 59, 253-297.